# JaHshua die Gesalfde leer:

# Die weg na EENHEID deur die LIEFDE

**Dogter van Sion Uitgewers en Drukkers:**
**Kameeldrif 225,**
**Milfoil Straat 1**
**Pretoria-Wes**
**Pretoria**
**WEBWERF: www.nuweopenbaring.co.za**
**Landlyn: 012 3764304**
**Sel No: 0781406677**

*In ons liefde en dank opgedra aan ons dierbare VADER in die Hemel, wie hierdie werk in SY Goedheid en Liefde aan ons geskenk het. Ons dank en eer U daarvoor.*

## DIE SEËN DEUR JAHSHUA GEGEE AAN DIE BOERE-VOLK

**Wees geseënd in die aarde deur My bloed gekoop.**

**Wees geseënd terwyl die Leeu aan julle sy loop.**

**Wees geseënd as in ootmoed die wiel draai**

**En die arend se gesang uitrys bo die kraai.**

**Edel is die volk, deur My Hand uitverkies,**

**Edel is die hart wat Liefde verkies.**

**Edel is die Man wat hart aan hande bind**

**En die kind wat opgroei, net deur My Bloed verbind.**

**Ek, die Begin en Einde hiervan spreek: Geseënd is die siel waarin My Brood nou breek.**

**Amein.**

## *Liefde vir die Skepping as spieël vir selfherkenning*

# Voorwoord

MY kind, EK, julle HEMELSE VADER, spreek met julle in julle innerlike wese.

Julle het hierdie boek opgetel en lees MY reëls vir julleself voor - miskien met 'n sekere mate van twyfel. Julle is geseënd, MY kinders, of julle met die pad wat julle hier aangebied word, saamgaan of nie; want daar is baie paaie wat na MY lei.

Hierdie boek kan julle help, sodat julle MY liefdevolle woord **in julle** kan hoor terwyl julle in stilte vertoef. MY verlange na julle is onbeskryflik. Hoor julle MY roepstem aan julle?

Staan op uit die stof van hierdie verbygaande aarde. Vind julle weg na onselfsugtige liefde, en wend so julle oë op na die hemel!

Julle ware tuiste is by MY. Deur onrustig te soek en te twyfel, bewandel julle hierdie aardse sfeer totdat julle rus, vertroosting en **veiligheid in MY gevind het.**

**Kom, moet nie huiwer nie, vertrek** op die weg om julle van die aardse gewig te bevry en haas julle na MY! Kyk, vol vreugde kom EK na julle toe om julle in Liefde te ontvang en julle huiswaarts te lei!

Dit maak nie saak waarheen julle paaie julle mag lei nie, julle sal MY ontmoet, asook MY winkende oproep wat sê: "Kom huis toe, MY kind!"

**Amein**

## *Liefde vir die Skepping as spieël vir selfherkenning*

# 1. Oefening

**Vergelyking van innerlike pad en bergwandeling aan die hand van die Meester - elke dag is 'n gawe van ELOHIM - Taak: Begin julle dag met my, JAHSHUA, DIE GESALFDE.**

1) EK, JAHSHUA, DIE GESALFDE het belowe: “Waar twee, drie of meer in MY Naam vergader, daar is EK in hulle midde.” So straal MY Liefde in julle harte in. Vloeiende genade oorstroom julle en hemelse engele van lig omring julle.

2) Julle het bymekaargekom om die weg van Liefde te bewandel. Voordat julle egter toestemming gee en voordat EK julle MY seën gee, **moet julle weet dat julle absoluut vry is in julle besluit om die weg te neem wat EK julle bied.** Julle is altyd vry om te kom en gaan, so vry soos Elohim, julle en MY VADER, Wie julle geskape het.

3) Liefde bewandel hierdie aarde. EK, JAHSHUA, DIE GESALFDE, is die Liefde van die VADER, een met HOM. Van HOM, het EK na julle gekom uit die wese van Liefde. EK het na hierdie aarde gekom en MY dissipels en almal wat na MY woorde wou luister, die weg van Liefde geleer.

4) EK het hierdie weg gevolg om ‘n voorbeeld te wees vir al MY mensekinders; en jy moet ook hierdie weg gaan soos EK, simbolies. In MY diepste hartseer, in MY pyn van die dood, het EK MY vyande vergewe: “VADER, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.” EK het hulle geseën. Tydens die oomblik van MY fisiese dood het MY Liefde elke menslike siel bestraal, ongeag of sy geïnkarneer is en of in die sieleleed is. En EK het haar ondersteun sodat die siel haar weg huiswaarts kon vind, en sodat die val tot 'n einde kon kom.

5) Daar is geen erger val as op hierdie aarde nie. Nou wandel MY Gees van Liefde weer op die Aarde en bestraal baie werktuie in die EK IS, werktuie wat MY woorde van die lig oor die hele aarde ontvang en dit nederig deurgee.

6) Dit is egter MY wil dat jy ook werktuigvry sal wees, want MY bron is in elke mens. Dit is net ietwat begrawe deur julle opvattings, opinies en voorbedagte rade, deur hierdie of die ander ding wat julle van die goddelike Oerliefde skei.

7) EK lei julle weereens tot eenheid, in die liefdesvibrasie van die skepping, net soos wat Elohim, die ewige SKEPPERGEES, dit vir SY gevalle kinders verwek het. EK sal julle lei tot eenheid met die minerale- en planteryk en met elke dier. Uiteindelik sal EK julle lei tot die Liefde vir elke mensekind.

8) Die mens oordeel werklik vinnig. EK herinner julle aan die owerspelige vrou wat gestenig moes word. Almal het alreeds die klippe in hul hande gehou en EK het gesê: “Sal hy wat sonder sonde is, die eerste klip gooi!” EK het na hulle gekyk, in hul harte gekyk, en hulle het hul koppe laat sak, die klippe op die aarde neergeplaas en vertrek. Mag dit vir julle 'n voorbeeld wees, aangesien hierdie aarde die laagste gevalle punt van die skepping is. Terselfdertyd is dit 'n wonderlike skolingsplaneet, waar die pad van die lig, die tuiste van die VADER-MOEDERGEES, **slegs in een inkarnasie vrygestel kan word,** indien MY kinders van goeie wil is.

9) EK leer julle die uitstralende Liefde, wat geen perke ken nie, wat haarself van niemand skei nie, selfs nie eens geestelik nie. EK leer julle Liefde, wat altyd vergewe, selfs al word jy onregverdig behandel. EK leer julle die soort Liefde waarmee julle jul hand na julle naaste kan uitsteek; **maar net as hy daarna uitreik, want elke kind het sy vrye wil**. EK [sal] julle oplei in julle sintuiglike waarnemings sodat julle ook die stille pleidooie [van hulp] sal kan hoor en sodat julle dit met aanhoudende gretigheid sal vervul.

10) EK leer jou hoe om jou vibrasie te verhoog, sodat jy met jou broers en susters van alle planete kan verenig. EK leer jou om die breedte en diepte van die kosmiese skepping binne jou te ondersoek en om jouself op te hef tot die vlak van die EWIGE HEILIGE LIEFDE, wat die VADER se Skeppingskrag is. EK leer julle om die buitewêreld te laat gaan, om van julle wese wat so menslik is, weg te kom en terug te keer na julle ware lewe - die lewe van die gees - om julle menslike bewussyn op te lig en dit in julle sielewese te plaas.

11) Soos wat julle nou is, is julle bewussyn nog steeds geanker in die menslike kleed, en julle identifiseer met hierdie liggaam. As gevolg hiervan ly julle pyn, hartseer en onverskilligheid. Dit is die berge en valleie van julle wesenlike toestand. Wanneer julle egter julle bewussyn verhoog tot julle ware sielebewustheid - op grond van MY krag en deur MY lering - sal die pyn stil word. En die Liefde [sal] vloei tussen jou broers en susters, sonder uitsondering. Dan sal die geestelike ore geopen word. Julle sal MY liefdevolle stem hoor roep en julle help, wat nooit sal sê: “MY kind, doen dit of doen dat nie;” maar wat jou altyd met jou vrye wil laat. Dit laat julle vrye wil ook toe om vryelik vir MY te besluit, vir die liggevulde opstyging; maar soms ook vir paaie wat lyk of dit na die diepte lei, want daar is een of meer oop rekeninge om af te handel vanuit vroeëre inkarnasies*. EK sal hom wat sy hand na MY toe uitsteek, vrylik en vanuit sy innerlike wese, opwaarts na Elohim, huiswaarts na die ewigheid dra. (**ons oneindige lewens as geesteswesens in die skepping*)

12) Die pad wat ons saam neem, kan, as julle dit verkies, vergelyk word met 'n berg wandeling. In die begin trap jy nog op sagte weivelde, met mos aan jou voete. Hier en daar sien jy 'n sonstraal wat jou aanmoedig: "Kom, bly op die pad!" Dan raak dit weer duisternis wanneer julle deur skadubome loop, totdat julle weer op die lande en weide uitstap. Ligte, helder stralende lig begroet julle. Daar is egter ook rotse in die pad wat julle laat struikel, rotse wat selfherkenning voorstel: 'Hier en daar kort ek iets. Hier en daar moet ek aan myself werk. VADER, ek is bly om dit te doen. U wys my struikelblokke uit. Met elke rots wat ek oorkom, pluk ek 'n geestelike blomblaar vir U, o VADER, sodat ek nie met leë hande by U tuiskom nie. Vreugdevol sal ek ook my metgeselle help met hul opgang en sal al diegene wat langs die kante van die pad staan, saamneem. ”

13) Nou kom die moeiliker bestyging. Die kranse word growwer en steiler. Baie beproewinge lê nog voor op pad. Mis kan intrek; jou geloof word getoets. EK, as julle gids, het jou aan MY klimtou. Het jy egter regtig vertroue en geloof in MY, dat jy MY sal volg met vaste treë, terwyl alles om jou niks anders is as mistigheid nie, 'n newel van wolke wat alle lig insluk? Is jou roep dan na MY? Is jou verlange na MY, of bly jy op die weg staan omdat jy bang is?

14) EK sal hom wat na MY toe kom, deur die newel van mis dra, en weereens sal 'n liefdestraal van die VADER se EWIGE SON sy kind begroet.

15) Die bestyging word nog steiler. Jy plaas die klimtou om jou medebroer of –suster, want jy wil nie die kruin alleen bereik nie, maar tesame, soos wat dit gebruiklik is by bergklimmers. Eers gaan die een vooruit, slaan die spyker in die krans, trek sy kamerade omhoog wat weer 'n paar treë voor hom uitgaan om weer 'n ander spyker in te slaan. Niemand wil eerste wees nie! Daar moet 'n gevoel van gelykheid in almal wees.

16) ELOHIM, DIE VADER het al SY kinders met gelyke gawes begiftig.

17) Moenie dit eis vir menslike dinge nie, want wat vandag jou menswees is, is die resultaat van oorsaak en gevolg.

18) ELOHIM is regverdig en verdeel SY gawes regverdiglik aan al SY kinders. HY skenk eweveel van SY LIEFDE aan elke kind en nie meer aan een as aan 'n ander nie. En so moet julle julleself ook nie verhef bo ander nie, ook nie jouself laer beskou as hulle nie, maar in die bewustheid van: "EK is 'n kind van die Ewige VADER, en om my is my broers en susters."

19) Dit is simbolies julle weg! Verder leer EK julle om julleself met julle broers en susters rondom die wêreld elke derde uur te verbind, sodat daar altyd rondom die aarde 'n konstante gebedsvibrasie is.(6 AM, 9 AM, 12 PM, 3PM ens.) EK leer julle om in die môre met MY te ontwaak, om die volheid van genade te ontvang, wat elke dag opnuut aan jou bring. EK leer julle om in die teenswoordige tyd te leef, nie in die toekoms nie en ook nie in die verlede nie.

20) Die verlede moet net betrag word sodat daardie dinge wat skeefgeloop het, reggestel kan word, en wat ookal in jou geberg lê van vorige inkarnasies, in die reine gebring kan word. Moet egter nie daarin verwyl nie, maar versoen alles met die teenwoordige!

21) Elke dag is 'n gawe van ELOHIM aan julle. - Neem die gawe aan! - EK leer julle om met MY in verbinding te bly en nooit weer na jou menslike terug te keer nie. Dit beteken om nie oor en oor so menslik te dink nie. EK leer julle om bo hierdie dinge te staan en sodoende 'n klein deeltjie van die Wysheid van die EWIGE HEILIGE VADER te sien.

22) Deur MY lering erken julle die groter samehang van alle dinge, wetende dat in wat ookal nog sal geskied, LIEFDE aan die werk is. DIE VADER bring SY kinders huis toe. SY LIEFDE straal. Wat ook al nie in hierdie LIEFDE vibreer nie, en nie deel is van SY Goddelike wette van ORDE is nie, word uit die siele gewerp - duisende jare, ja soms miljoene jare se ou haat. Dit wat julle nou wêreldwyd beleef, is die gevolge daarvan.

23) Tog sal julle die gebeurtenisse van hierdie tyd vreesloos in die gesig moet staar en julle bo tyd verhef tot in die ewigheid! Sien in alle dinge die verligting en werking van die Heilige LIEFDE, waardeur die siele hulleself reinig en die mensdom in lyding erken dat hierdie materie beëindig gaan word.

24) Maar DIE VADER berei vir SY kinders 'n geestelike aarde voor. Net soos wat EK 2000 jaar gelede die analogie gegee het en toe EK gesê het: "EK maak alles nuut. Daar sal 'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde wees waarop vrede en Liefde sal heers. Die leeu sal vreedsaam langs die lam lê. Die engele sal saam met MY onder julle woon en VREDE en LIEFDE sal in die kosmos heers." Vir hierdie tyd berei EK julle voor.

25) Geliefde broers en susters, EK gee julle ook die volgende **taak**, **om julleself te beproef of julle bereid is om met MY te wandel**, en of julle bereid is om die dag met MY te begin, om in en uit MY GEES te lewe, gedurende die dag in MY te rus en om jou dag in MY te beëindig. Dit is hoe julle jul absolute toewyding vir MY kan oefen!

26) Net jou "**ja**" vir MY moet ondersoek word, jou toestemming,

27) nie of jy dit kan of nie kan doen nie, want hierdie weg kan net stap vir stap bemeester word, soos wat 'n bergklimmer net langsaam die een voet voor die ander sit en nie die berg omhoog bestorm, net om dan volkome asemloos te bly sit en nie in staat is om verder te gaan nie. EK vra julle dus slegs aangaande die JA in jou innerlike wese.

28) As julle dit begeer, poog om elke oggend met MY te ontwaak. Skenk jou eerste gedagte aan MY!

29) Hierdeur, EK herhaal, stroom die volheid van GENADE na jou toe. As jy met hierdie wêreld is wanneer jy ontwaak, sal jy die stroom van hierdie geestelike gawe afsny en jou treë deur die dag sal traag wees. Probeer dit!

30) EK, JAHSHUA Messias, seën jou in die eenheid met ELOHIM, DIE VADER. MY hand rus op jou hoof. Ontvang MY LIEFDESKRAG! **Waarheen jou weg ookal mag gaan, EK is altyd aan jou sy.**

**Amein.**

### *Liefde vir die Skepping as spieël vir selfherkenning*

## 2. Oefening

**Die gees van JAHWEH deurloop die aarde, HY roep sy skape op om 'n kudde van Liefde te wees - om vreugde in ons hart te hê - oor nederigheid - Taak: Wy die eerste oomblikke van jou nuwe dag aan ELOHIM en probeer om met Hom verbonde te bly gedurende die eerste halfuur.**

1) Liefde weergalm in julle harte. Liefde weergalm in hierdie wêreld. Dit is die Liefde waarin EK, JAHSHUA Messias as mens gewandel het en waarin EK nou weer in die GEES wandel ten einde al MY eie te roep. Hulle is almal die wat die hemele verlaat het om MY te help, sodat daar weereens een kudde kan wees, met MY as die Herder, 'n kudde in die lig van Liefde! Daarom juig EK omdat julle hier byeengekom het om die weg saam met MY te wandel. EK is ontsettend bly dat julle julle ego's wil agterlaat en dat julle daarna streef om minder en minder ruimte toe te laat vir julle "menswees" om sodoende meer ruimte vir MY te maak, sodat EK hierdie aarde kan bewandel deur julle.

2) Voorwaar, EK sê vir julle, hierdie wêreld het so baie lig nodig! As julle gereed is, sal EK julle 'n baken van lig maak - stralend van Liefde - wat elke menslike hart om julle sal aangryp. Selfs nou, geliefde broers en susters, kan julle julleself nie ontwikkel sonder om al die wat saam met julle is, ook te help ontwikkel nie. As mense kan julle dit nie verstaan nie, maar dit is dieselfde as met 'n kers. Soos wat hy 'n donker kamer verlig, die duisternis verplaas na 'n donker hoek, so kan julle ook lig wees. So kan julle skyn, selfs nou, en as 'n klein vlammetjie, want julle mag julleself verloor in julle daaglikse roetine of omdat julle dink dat julle aan die begin van die weg is.

3) Ons bewandel nie hierdie aarde vir die eerste keer nie. EK het nog nooit MY kinders alleen gelaat nie. EK was nog altyd met hulle. Keer op keer was daar gemeenskappe van lig wat in MY GEES verenig het en MY GEES het hulle verlig en MY broers en susters voorberei op die huidige tyd. Dit is die vrolike tydperk van transformasie. Die lang nag kom tot 'n einde en 'n nuwe dag is alreeds besig om te breek.

4) Wanneer jy nou jou pad met MY stap, vergeet nie die vreugde nie. Wanneer jy oor jou eie menswees struikel - wanneer daar rotse in die pad is – vergeet nie die vreugde nie. Want elke rots van self-herkenning is 'n tree nader aan die VADERHART en beteken lig en vreugde vir jou, nie hartseer oor jouself nie.

5) Dink: "O my MEESTER, o my VADER, hier staan ek!"

6) Julle het vandag oor nederigheid gepraat en EK wil uitbrei: Geliefde broers en susters, julle ken MY gebod wat EK na die mensdom gebring het: "Jy moet JAHWEH jou ELOHIM liefhê bo alles en jou naaste soos jouself." Hierdie gebod van Liefde het drie aspekte. Wees vir ELOHIM, jou VADER lief bo alles. Wees vir jou naaste lief, dit is enige buurman. Jou naastes is al jou broers en susters. En wanneer jy hulle liefhet met jou hele hart, kan jy nie anders as om met hulle te werk vanuit jou innerlike wese nie. Herken dat jy ook nog steeds swakhede het en dat jy daardeur die swakhede van jou naaste kan verstaan en daardeur jou hand kan uitsteek na haar of hom. Nederigheid is om te herken dat almal jou broer en suster is. Nederigheid is om te buig voor elkeen as die kind van ELOHIM wie die VADER liefhet soveel as wat HY jou liefhet, en jy buig neer voor ELOHIM, jou Skepper binne-in jou naaste.

Nederigheid is: Om jouself nooit te verhef bo enigiemand nie, nie in gevoelens nie, nie in gedagtes, woorde of dade nie. Nederigheid is baie naby verbonde aan liefde. **Ware liefde is nederig**.

7) Jou naaste is egter nie net jou medemens nie. Jou naaste is ook die diere wat om jou is, dit is die hele skepping. Jy moet dit ook liefhê, want ELOHIM se lewensenergie is orals, die ewige heilige SKEPPER-GEES. Hoe benut die mens hierdie lewensenergie?-----

8) Die derde aspek is: Jy moet jouself liefhê. Aanvaar jouself, MY kind. Erken jouself met jou foute en jou swakhede! Strek jou hande uit na MY met die woorde van 'n kind: "Lei my, help my! EK is nie in staat om dit alleen te doen nie; O, U my vriend, MY broer, MY VERLOSSER. Maar met U hulp sal ek kan doen wat my ewige VADER van my verwag: Om lig te wees in die diepste duisternis."

9) EK omring jou met MY mantel van Liefde en plaas hom styf om jou skouers. Jy is beskerm, MY kind. Ja, EK neem jou in MY arms en dra jou oor die hoogste struikelblokke.

10) Hy wat na MY kom in hierdie Liefde is nederig, met sy hele hart, want hy weet dat voor ELOHIM, die Ewige Heilige SKEPPER, is hy maar 'n greintjie stof en tog 'n geliefde kind van HOM. So 'n persoon sal buig voor die ALLEEN-EEN in die salige toewyding aan ELOHIM, die VADER.

11) En so begin ons ons pad: Sigbaar sal EK julle na 'n pad vat met 'n sagte helling. Blomme glinster hier en daar in elke kleur, asof hulle jou groet, 'n begroeting vir die kind van ELOHIM! Julle beantwoord die begroeting deur julle uitstralende liefde. **Hierdeur buig jy voor die hele skepping en is een daarmee**. Die geur van die bloeisels, gedra deur die sagte wind, omring jou. Dit is vroeë more, want hy wat 'n berg wil klim moet vroeg begin.

12) Ja, geliefde broers en susters, DIT IS HOOG TYD! Laat jou oë die dale bekyk; jy sal vlinders en bye sien rondvlieg en jou blik gaan na hoër grond. Net soos die vlinders en bye, verlang julle om op te styg vanuit die stof van hierdie aarde, na die lug, na die lig.

13) Dit lyk egter somtyds vir julle asof julle oor die aarde kruip, of voortploeter soos 'n ruspe. Maar dit voel egter net so. Laat MY 'n vriend aan jou sy wees! EK IS die LIEFDE van die VADER. EK IS jou broer, maar soveel meer wil EK jou vriend wees. EK wil 'n vriend wees waarby jou gedagtes en gevoelens sal bly; 'n vriend wat hierdie helling saam met jou sal uitklim; wat jou die volheid van hierdie bloeisels sal wys; wat jou sig na bo sal lig, na die hemelsbloue hoogtes. EK wil die tipe vriend wees wat jou graag die skepping wil wys, soos wat ELOHIM dit bedoel het vir SY kinders; die skepping soos dit weer sal wees na die omvorming van hierdie aarde, die omvorming na die nuwe Aarde.

14) Julle is nou besig om julleself voor te berei. Aanvaar MY dus as die vriend aan jou sy en breek die hindernisse wat die mens teen ELOHIM opgestel het, wat nog deels oorblyfsels is van vorige inkarnasies.

15) Voor HOM, die ALMAGTIGE EWIGE ENIGE ELOHIM, is julle maar net spikkeltjies stof, soos wat EK gesê het. En steeds is jy SY kind, 'n deel van HOM. As VADER buig HY neer na jou toe. Regdeur die hele skepping gee HY HOMSELF aan jou om jou te dien in nederigheid. Verstaan die grootheid van hierdie gebeurtenis en kom in hierdie dienende liefde in, totdat jy ook niks anders as stromende, gewende Liefde is nie! Die son skyn; dit is 'n son van barmhartigheid van die OER-EWIGHEID, wat op jou skyn, wat jou roep. So kom, laat ons na die lig haas!

16) Tot die volgende keer en as jy wil, mag jy die volgende taak vervul, sodat jy die lewe in en met MY kan binnegaan:

17) Soos ons alreeds gesê het, begin jy die dag met MY. Wy die eerste oomblikke aan MY en daardeur aan ELOHIM jou VADER, want EK EN DIE VADER IS EEN. Wees dankbaar vir die nuwe dag. Maak nie saak wat nie, probeer om die verbinding met MY te behou vir die eerste halfuur. Dit beteken dat jy in hierdie dag sal instap terwyl jy in die innerlike tempel rus en in die lig van Liefde bly.

18) As jou eerste gedagte met MY is wanneer jy in die oggend ontwaak, is jy in hierdie son van barmhartigheid. Bly in daardie toestand, maak nie saak of die kinders huil nie, of die daaglikse werk wag nie, want jy mag dalk dinge hê wat gedoen moet word. Dit is jou pligte, maar doen dit met MY en jy sal in hierdie lig bly!

19) Soos wat jy jou daaglikse roetine van was en aantrek begin, bly in MY lig! Herken die suiwerende krag in die waterstraal, wat 'n gawe is van ELOHIM se energie. Wanneer jy in MY lig is, sal die water jou nie net van buite reinig nie, maar ook van binne. Dit verwyder al jou negatiewe gedagtes, jou onmin - want die werksdag is alreeds besig om op jou toe te sak - en dit spoel hulle weg. En alreeds is jy weereens in MY lig, ten spyte van jou haas.

20) Wanneer jy aansit aan die ontbyttafel, oordink die feit dat alles vir jou gegee is vanuit SY Barmhartigheid en Liefde. Seën die voedsel en bied dankgebede in stilte. EK wil nie hê dat julle soos die fariseërs moet wees wat 'n uiterlike vertoon gee om almal te laat weet dat hulle die pad met MY stap nie, o nee! Jy moet die pad onopvallend stap, kalm en stil - in jou innerlike wese – nie probeer om vir jou naaste te preek nie, maar om hom in stilte te seën.

21) Die lig straal vanuit jou, en **daardeur neutraliseer jy alle bestaande gifstowwe wat jou kos bevat**, aangesien die mens sy omgewing besmet het. Terselfdertyd gee jy ook aan die wat saam met jou ontbyt nuttig, ook 'n seëning vir hulle dag. Jy is besig om dit onopvallend te doen, in die stilte en nie net vir die wat by jou is nie, o nee! Liefde ken geen perke nie. Liefde deurdring die hele ruimte, dus sal jou naaste aangeraak word deur hierdie liefde. Die saad van lig is gestrooi en sal eendag begin uitspruit; want elke kind sal uiteindelik huistoe kom na ELOHIM.

22) As jy egter moet haas na jou werk en miskien die eerste uur in 'n publieke voertuig moet spandeer, het jy die geleentheid om lig te wees – onopvallend- tussen jou naastes op hierdie manier: ”O Vader, in U Naam seën ek al die wat saam met my in die strate van hierdie wêreld is.” Net een so 'n gedagte, en jou rit na jou werk is geseënd, sowel as vir al die wat ook op die pad is. Nie net die wat jy ontmoet nie, maar – geestelik - al jou broers en susters, want êrens is iemand op sy weg na die VADERHUIS.

23) Probeer om die dag te begin deur op hierdie manier in MY te rus. Jy sal daarna MY mantel van Liefde aanvoel, wat EK om jou skouers gehang het tydens die begin van ons staptog teen die berg op.

24) Skielik sal jy nie meer winter sien nie, sy kaal bome en bewolkte weer. Nee, jy sal aanvoel dat die lente naby is. En al sou daar so baie sneeu vanuit die lug val, al sou dit so yskoud en mistig wees, sal die lig jou dag bestraal. Geen uiterlike dinge sal die mensdom omvorm nie, maar slegs die mens, dit is, sy of haar siel binne-in. Sy (die siel) sal die uiterlike wêreld omvorm, na 'n lig vervulde wese. Hierdeur sal julle help met die omvorming na die nuwe aarde, in die nuwe lewe in. En julle sal nie meer dood en gebonde wees nie. Nee, julle sal ingaan in die ware en geestelike lewe saam met MY. Voel MY liefdesvibrasie, nou, op hierdie oomblik! EK open julle harte, lig oorvloei jou verlede, jou vorige inkarnasies! Aan die een wat slegte ervarings gehad het in verband met MY Naam, sê EK die volgende: Dit was nie EK nie. MY Naam was misbruik. EK IS LIEFDE, EK IS DIE VRIEND AAN JOU SY WIE jou nooit verlaat het nie; die Vriend Wat jou tot dusvêr vergesel het – al die pad van die huis af – deur die VADER se karakter van LIEFDE. Hierdie selfde Vriend sal terugkeer saam met almal van julle wat die ewige Liefde verlaat het.

25) EK plaas MY hand op jou hoof. MY Liefde straal. Voel die mantel van Liefde om jou skouers. Voel sy sagte aanraking. EK plaas dit om jou. EK seën julle en almal in die geestelike sfere wat MY woord hoor. O, wandel hierdie pad van Liefde saam met ons! EK seën almal wat MY woord lees. O, wandel saam met MY, huis toe na die VADER SE HUIS.

**Amein**

## *Liefde vir die Skepping as spieël vir selfherkenning*

# 3. Oefening

**Wanneer ons verander, verander ons naaste om ons - Meditasie: 'n Wandeling na die innerlike fontein van liefde met al ons verwante - Taak: Wanneer jy geïrriteerd voel, raak stil en gaan na die innerlike fontein van liefde - In die aand, deurdink die dag; vra vir vergifnis - Laat jou laaste gedagte by ELOHIM wees.**

1) Die mantel van liefde is om julle gesprei. EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, is vreugdevol in julle midde. Hierdie was 'n baie lewendige aand. Mag dit so lewendig bly en mag julle openlik en eerlik praat oor julle probleme. En julle sal sien dat elkeen van die ander kan leer, en dat julle jul wandeling sal kan voortsit in 'n goeie gees, terwyl julle mekaar help en ondersteun op die pad huis toe na ELOHIM.

2) Julle is alreeds in die middel van julle tog teen die berg op. Julle herken julle swakhede en sommige van julle doen dit met jul natuur. Gebruik hierdie natuur wanneer julle jul swakhede afbreek of wanneer julle dit omvorm. Julle natuur beeld ook vreugde uit, vreugde in die spoedige beweging na die lig van liefde.

3) 'n Persoon wat nooit openbaar wat in homself aangaan nie, 'n geslote persoon wat homself nie kan deel met ander nie, sal 'n moeilike tyd op die pad na die mees innerlike wese hê, want die houer van sy siel kan haarself nooit ledig nie. En by die alreeds bestaande probleme word net nog meer bygevoeg. En wanneer die siel uiteindelik nie meer langer in staat is om dit te dra nie, sal sy haar pyn op haar menslike wese aflaai, sodat hy of sy siek sal word.

4) Julle is bewus van die tipiese siekte wanneer daar byvoorbeeld woede aan jou maagwande vreet, ens. As jy egter vry en oop is, soos wat julle vandag in hierdie vergadering was, kan die siel haarself bevry van alles wat opgehoop het, selfs van die dinge wat aan haar behoort het vanuit vorige inkarnasies.

5) Alle emosies wat rustend binne-in die siel was, breek los in die persoon en sy woede vertoon homself rooi op sy voorkop. Verheug julle daarin, herken julleself en begin om te verander!

6) Wanneer jy verander, verander alles omtrent jou na 'n lig vervulde wese, na die geestelike. EK het julle die voorbeeld van die kers gegee, wat in 'n donker kamer skyn en selfs die laaste hoekie bereik, selfs al is die lig maar 'n klein flikkering. Dit skyn nietemin. En wanneer jy lig is, skyn jou lig in die harte van jou geliefdes en hulle reageer met liefde. Nie dadelik nie, want jy moet leer om nie terugbetaling te verwag vir elke liefdevolle aksie nie. Soms mag dit 'n lang tyd neem, want jou standvastigheid in "gee ter wille van liefde" word hier getoets. Dit sal nie vir jou moeilik wees as jy werklik liefde is nie.

7) Dit is julle taak om julleself te herken in alle emosies en om julleself oor en oor te toets: Waarom is ek kwaad? Al jou broers en susters om jou is jou spieëls wat EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, voor jou hou.

8) As jy in hierdie spieëls kyk, is dit EK Wat die spieël vashou, byvoorbeeld, wanneer jy omgekrap raak oor jou suster, wat jou maat is in hierdie aardse lewe, of jou kinders, of jou ouers ens. In werklikheid is dit altyd EK wat die spieël voor jou hou en jou wys deur jou naaste.

9) Dit is nie maklik om na jouself te kyk vir alle foute nie.

10) EK is baie bewus hiervan. Liewe broers en susters, dit is egter die pad, en jou foute is die baie klippe waaroor julle daagliks struikel,

11) sowel as oor julle eie ego. Die ego het nog verwagtinge teenoor sy of haar naaste of wil aan hom- of haarself dink sonder om vir die naaste om te gee. Of hy of sy kyk neer op iemand anders en vergeet dat elke een van julle op pad huis toe is na ELOHIM.

12) Kalmeer julleself en julle emosies, en plaas julle geliefdes, wat julle probleme gee, hier in ons midde. Hulle wandel saam met julle en nie net in hierdie lewe nie. Hulle het saam met julle gegaan deur die aardse lewe, altyd in verskillende verhoudings, maar baie kere.

13) Neem hulle geestelik aan die hand en vra vir vergifnis vir alles wat julle verkeerd gedoen het in hierdie lewe en selfs gedurende die verlede. Straal liefde en dankbaarheid uit na hulle! Neem hulle saam met jou op die pad huis toe na ELOHIM!

14) EK sê vir julle, geliefde broers en susters, EK wil geen fariseërs hê wat, aan almal wat wil hoor, uitbasuin: "EK stap die pad, wat doen jy?" Nee, tesame wil ons daarmee aangaan in stilte en kalmte deur die weg van hoogtes en dieptes, deur die weg van nog meer herkenning, en deur stap vir stap alles te omvorm wat nie in hemelse liefde vibreer nie.

15) Wanneer jou vibrasie een van woede en opgewondenheid is, is jy nie in die realm van hemelse liefde nie. En dit is dan dat jy uitsluitlik na jouself moet kyk vir die oorsaak, en nie na jou naaste nie. *Jy* moet verander!

16) Kom laat ons nou saam in 'n kort **meditasie** gaan saam met die wat julle (geestelik) in die sirkel ingebring het: Kom ons loop hand aan hand saam met almal wat in hierdie lewe julle moeders, vaders, kinders, of metgeselle is, saam met MY, JAHSHUA DIE GESALFDE. Laat ons tesame julle innerlike wese betree.

17) Hulle is in werklikheid julle broers en susters, want daar is slegs een Vader in die hemele en julle is almal SY kinders. As broers en susters van verskillende ouderdomme gaan ons nou in julle innerlike ruimtes in. Hier in die sentrum van julle harte, ontvou die wêreld van intuïsie haarself aan jou:

18) Verlig deur die lig, loop julle hand aan hand na die lig. Voor julle sien julle die uitgestrektheid van 'n weiding met baie blomme in 'n land met sagte rollende heuwels. 'n Stroompie sny golwend deur die groen gras en ons loop saam met gemaklike treë. Oor die sagte weiding van gras en bloeisels volg ons die stroom tot by sy bron, die fontein. Haar golfies kabbel vrolik.

19) Oorweeg nou al die probleme wat jy het met die broers en susters met wie jy hande vashou, en plaas al jou probleme in die water. Hierdie water spoel al die probleme weg. En hoe nader julle aan die bron kom, die fontein, hoe minder probleme is daar tussen julle, want die bron is Liefde. Die bron is ELOHIM, DIE EWIGE VADER-MOEDER-GEES, waarvandaan julle almal gekom het en die lewendigste suiwere liefde geleef het, sodat julle hierdie planeet kon betree met sy tekort aan vrede.

20) ELOHIM het nie hierdie planeet se gebrek aan vrede veroorsaak nie. Inteendeel, die wat van HOM af weggedraai het, het dit veroorsaak, daardie rebelle geestelike wesens wat net soos HY wou wees, en daarom 'n aparte skepping wou hê waaroor hulle kon regeer en domineer.

21) Hierdie skeiding het ook binne-in julle gebeur. 'n Vonk van skeiding van die Ewige Liefde lê ook binne jou. Plaas hierdie vonk in die water, en die water sal dit blus.

22) Wandel voort langs die spruit, wat nou smaller word. Hef jou oë na die lig wat neerskyn op jou. Kyk in die gesigte van jou broers en susters. Kyk in hulle stralende oë in! Hou hulle hande stywer vas, 'n handdruk van eenheid wat vêr bo hierdie wêreld uitstrek, vêr en wyd tot in die ewigheid in!

23) Nou is julle by die bron van die stroom, 'n helder opborrelende fontein. Plaas julleself reg rondom en voel die stromende, polsende liefde binne jou en jou broers en susters. Sien hoe die liefde opborrel in hierdie fontein, die liefde wat ELOHIM in al SY kinders se harte geplaas het.

24) En kyk nou na jou aardse lewe, jou woede, julle verskille van opinie en besef die nutteloosheid daarvan in die lig van die ewigheid. Herken, O MY geliefde, hoe dikwels jy jou dae self verwoes, in stede daarvan om die rivier van liefde toe te laat om deur jou te werk, ten einde almal saam met jou te neem in hierdie stroom van liefde!

25) Hierdie fontein in jou meditasie is in werklikheid binne-in jou. Sy is die stromende, gewende liefde..... Kom dan nou stadig terug na jou fisiese bewussyn.

26) Geliefde broers en susters, as julle wil, mag julle weer terugkeer na die bron van die fontein binne die volgende veertien dae. As jou **taak** mag jy gereeld na jou fontein terugkom, veral as jy voel hoe jou woede opbruis en wanneer jou are begin swel, want jy dink dat jou naaste geen oorweging

aan jou skenk nie. Dink dan veral aan hierdie kort meditasie oor die ewige stromende liefde binne-in jou. Wanneer jy met hierdie stroom in verbinding tree, sal die grootste golwe kalm word. Jy gaan vlugtig daarin en draai dan van die pad van menswees af na 'n geestelike lewe in en van MY.

27) Hou aan om in MY te bly gedurende die eerste halfuur van jou dag en probeer om met mekaar in verbinding te tree deur gebed gedurende die derde uur. Julle het maar net nodig om vlugtig aan mekaar te dink om mekaar te ondersteun, want julle het gesien hoe geeneen uitgesluit word van probleme nie. Probleme sal altyd daar wees, totdat julle die suiwerste liefde geword het. Oordink egter dat selfs EK nie eers die suiwerste liefde was totdat EK aan die kruis gehang het, toe EK MY vyande geseën het en MY liefde aan hulle, sowel as aan alle aardse kinders, gegee het.

28) In die aand wanneer julle gaan lê om te slaap, laat jou dag weereens voor jou afspeel en oordink die take wat EK aan julle gegee waarin julle julself moes toets en kyk hoe goed julle daarin gevaar het: Het ek probeer om ander te verander, of is ek besig om self te verander? Nadat jy jou gewete getoets het, laat jou liefde uitstroom, vra vir vergifnis en seën almal wat vandag jou spieël was. Seën almal wat jy daardie dag ontmoet het in die Naam van die VADER. Wees dankbaar teenoor hulle! **Slegs wanneer jy geleer het om dankbaar te wees, selfs vir iemand se gemene woorde aan jou, sal jy MY begin verstaan.**

29) Wat ookal gebeur, dit gebeur altyd ten beste vir jou.

30) Julle het julle hande uitgesteek na MY, en EK herhaal: Dit is EK WIE julle herhaaldelik ontmoet. Julle mag selfs dink dat duister magte julle weggehou het van julle pad; maar dit was maar net 'n toets wat jou gehelp het om stewiger geanker te wees in die Liefde. Met MY aan jou sy sal jy dit kan doen. Laat jou laaste gedagte in die aand oor MY wees, oor ELOHIM, die VADER, en mag jou danksegging vir die dag wat verby is, aan HOM opgedra word. Dus word die siklus voltooi vanaf die oggend tot die aand en vanaf die aand tot die oggend.

31) Julle is gebore uit Liefde en julle sal terugkeer na Liefde.

32) In die Naam van die VADER, seën EK julle en al daardie waarmee julle deur hierdie lewe gaan, sowel as al MY mensekinders op hierdie aarde.

**Amein.**

## *Liefde vir die Skepping as spieël vir selfherkenning*

# 4. Oefening

**ELOHIM is beide VADER en MOEDER - van alles wat ons omring, roep die SKEPPERGEES na ons - in elke atoom is HY die Liefde, die Beweging, die Krag, die Lewe – Die rots simboliseer goddelike GEDULD - Taak: Soek 'n klip, sy wil ons vriend wees.**

(*Nota: Die vraag is gevra of ELOHIM patriargaal is.)*

**1) EK IS DIE GOEIE HERDER, EK ROEP MY skape en MY skape ken MY stem. Is dit die stem van Liefde,** wat binne-in elkeen van julle weerklink en jou hart in die mees innerlike aanraak en haar liefdevol groet.

2) EK het elkeen van julle gelei en EK het elke een van julle geroep. Maak nie saak waar jy was nie, EK was met jou. En so, deur hierdie instrument, is EK tussen julle met MY woord van Liefde om sodoende saam met julle almal te gaan. Ons gaan hierdie deel van die weg tesame in gemeenskap, wat veronderstel is om saam te groei in Liefde en waarin elkeen die ander dra, deel wat hy of sy voel en hom of haar te help op die weg na die hemelse sfere, op die weg huistoe na ELOHIM, DIE VADER-MOEDER-GEES.

3) Geliefde broers en susters, voorwaar, EK sê vir julle: "Wie ookal die VADER hoor praat binne hom, weet dat altwee aspekte verenig is binne hom, onafskeidbaar. Die gees ken geen skeiding nie,

slegs hier, in (die wêreld van) materie, as gevolg van die val (van die engele). In die gees is daar slegs eenheid in die ewige, heilige, alles-verbindende Liefde. Al die kinders van die skepping, gebore uit hierdie een gees, vibreer in hierdie Liefde, insluitend jy, in jou mees innerlike wese. Binne ieder en elk van julle is die onverganklike suiwere gees wese, wat homself omvorm het na verskillende laer vlakke ten einde hierdie aarde te bewandel."

4) Moenie daaroor dink of jy geval het of ingestem het om die pad na die diepte te vat nie. Slegs een ding is belangrik vir jou en **dit is om nou te besluit vir die Liefde** en om jou eie menslike wese te beveg sodat dit weereens word wat dit eens was in die mees innerlike wese, LIEFDE.

5) Hy wat MY lewe bestudeer het – of dit nou in die Boek van boeke is of deur profetiese geskrifte (openbarings) – weet dat EK ook MY probleme gehad het om Liefde te wees, selfs al is EK die Liefde van die VADER, Wie Vlees geword het. EK moes die las op Myself neem, anders kon EK nie op die aarde bestaan het nie. Met ander woorde, EK moes MY vibrasie omvorm na 'n laer vlak. EK moes laag na laag aantrek, die kleed van menslike probleme met sy menslike foute en swakhede.

6) As JaHshua moes EK dit stap vir stap afgooi om sodoende na die Liefde te haas, wat EK is in MY mees innerlike wese, net soos julle, om daardie volmaakte LIEFDE in sy volmaaktheid te wees soos wat EK was aan die kruis. Dit was daar dat EK MYSELF (MY vloeiende, stromende Gees) gegee het en gesê het: "Vergeef hulle VADER, want hulle weet nie wat hulle doen nie." –

7) EK het hulle geseën en MY GEES opgegee.

8) Dit was op daardie oomblik dat EK weereens die suiwerste volmaakte Liefde was. En so wil EK julle bemoedig, geliefde broers en susters, om nie hartseer te wees wanneer julle weer en weer struikel en wanneer julle besef hoe vêr julle nog steeds van hierdie Liefde af is nie.

9) Die lewe op hierdie aarde bestaan altyd uit hierdie besluit tussen die selflose dienende Liefde en die menslike ego, wat daarna smag om te regeer in die krasste vorm deur oorlog, moord en doodslag.

10) Die lig van Liefde brand binne-in julle, anders sou julle nie gekom het nie, en julle sou julleself ook nie besig gehou het met MY woorde van openbaring nie.

11) Julle het MY roepstem gehoor en dit gevolg. So laat ons tesame gaan, sodat hierdie vlam van Liefde verder deur jou menslike wese uitstraal en almal aangryp wat in jou lewe en om jou lewe; in jou, want in die eenheid van die een GEES, is elke broer en suster ook binne-in jou. Die hele skepping is binne jou. As jy jouself van die wêreld onttrek vir 'n paar oomblikke, neem 'n meditasie posisie op en maak jou oë toe – soos wat jy nou doen – alle uiterlike dinge sal stil word en jy sal verstaan wat EK bedoel met hierdie woorde "Alles is binne-in jou."

12) EK lei jou na die heiligdom binne-in jou, die troon van ELOHIM jou VADER, Wie terselfdertyd jou MOEDER is, en EK ontsluit die bron van die fontein vir jou, waarin jy SY roepstem sal hoor.

13) EK is die LIEFDE, 'n deel van die VADER-MOEDER-GEES. En selfs hier mag die mens nie (die twee) skei nie, want in die gees is daar geen skeiding nie. EK en die VADER is een.

14) Julle is ook een in SY GEES. Slegs die menslike wese voel geskei van die ewige wese. EK het gekom om alle skeidings waardeloos te maak en om weer eenheid in Liefde in te stel, die eenheid tussen jou en die skepping, die eenheid tussen jou en jou naaste. Laat MY GEES van Liefde jou aangryp, en laat Sy jou opwaarts dra na ELOHIM, die ALLER-EEN (GEES).

15) Die tyd is krities en loop ten einde en dit is waarom EK jou verdere take gee. Om hulle na te kom, hang van jou vrye wil af. As jy egter kies om dit te doen, sal EK jou op elke tree van die weg help sodat jy MY teenwoordigheid meer en meer sal voel asook MY liefdevolle leiding.

16) Julle het alreeds vêr gevorder in die lering. EK wil julle terugneem na die begin. Die begin van ons staptog teen die berg op is makliker. Ons het oor die heuwelagtige weide gegaan, kom ons loop deur hulle en daar is die eerste klip van selfherkenning. Kom ons talm by hierdie klip.

17) Verbeel voor jou 'n magtige rotsformasie. Dit simboliseer die geduld van die VADER-MOEDER-GEES. Vanaf hierdie rotsformasie en van alles wat jou omring, wat deurtrek is van SY GEES, roep HY jou: "O, Kind, luister na MY! Sien, EK dien jou! Dra jy nie ook binne-in jou hierdie mineraal nie? Het jy

nie ook hierdie minerale nodig nie? Dien EK jou nie daarin nie? Kyk na die klip by jou voete, wat weggebreek het van die rotsformasie van MY oneindige geduld, wat jou geroep het. Kyk hoe EK jou dien met oneindige Liefde. MY GEES is fyn gemaal onder jou voete en tot stof gemaak."

18) Jy trap op MY en EK buig voor jou.

19) As daar nie rots onder jou voete was wat jou stewige ondersteuning gegee het nie, sou jy gesink het.

20) EK maal MYSELF fyn om te kan opstyg as mineral in die plante, wat julle dan eet sodat julle liggame versterk kan word en julle die spoorelemente gee wat julle nodig het om te kan leef. EK maal MYSELF op in die riviere en strome van hierdie aarde, sodat julle hierdie belangrike minerale kan inneem met elke koel slukkie water. Oraloor dien EK jou. EK is selfs in die huis wat jy gebou het en waarin jy leef, - EK is die harde soliede mineraal. Of dit nou deur mensehande gemaak is of van natuurlike klippe, MY GEES is in alle dinge, want EK IS die Liefde is elke atoom, EK is beweging, krag en die lewe.

21) Geliefde broers en susters, en so is julle taak vandag om 'n klein klippie te vind, gedurende jou staptog of in jou tuin of waar ookal. Dit sal 'n baie spesifieke klip of rots wees, want dit is jou klip, jou klein vriend.

22) Jy sal dit vind deur daaroor te struikel, met ander woorde – sodat jy dit nie misverstaan nie – jy sal hierdie klip sien en weet dat dit die een is.

23) Tel hom op, miskien laat jy water oor hom loop om die grond te verwyder. En nou is hy in die palm van jou hand, **dit is deel van die hemelse geduld, wat voor jou buig.** Hierdie klip wil jou klein vriendjie wees. Jy moet 'n verhouding met hom opbou, hou hom in jou hande een keer per dag en as jy wil, kan jy hom in jou sak dra waar ookal jy gaan, tensy jy oor 'n groot rots gestruikel het, luister na MY humor!

24) Hierdie vriendjie wil in jou die Liefde vir die hele minerale koninkryk laat ontwaak sodat jy die skeiding - ook hier - tussen jou en die skepping sal oorkom.

25) Hierdie klippie wil vir jou vertel waar hy vandaan kom. Gaan binne-in hom in en vra hom: "Waar kom jy vandaan?" Miskien deur beroeringe en dan woorde, sal jy selfs 'n antwoord ontvang. Met ander woorde, dit is beroeringe wat in woorde gevorm word in jou gedagtes. Dit is indrukke wat aan jou gegee word deur die klip. En miskien sal jy sy pad herken tot waar hy nou in jou hand lê. Bekyk nou jou klippie van naderby, want dit is 'n spesiale klip. Dit vertel jou iets van jouself. Bring hom na die volgende lering en dan sal ons oor die klip gesels en ontdek wat hy sê oor homself en oor jou. As jy dit wil doen, sal jy hom vind want: "Soek en jy sal vind… "

26) Deur hierdie tipe oefeninge sal jy jou weg van meervoudigheid weereens na eenheid vind. Jy begin met die eerste klein treetjie, deur 'n verhouding op te bou met die minerale koninkryk, wat jou dien. Hierdeur sal jy ook die weg vind na die SKEPPERGEES, Wie jou dien deur hierdie mineraal.

27) Nou sal EK van suster of broer na suster of broer gaan en MY hand op julle hoofde plaas, selfs aan hulle wat MY woord lees. MY Liefde vloei in julle in. Julle voel hierdie stroom. Mag hierdie stroom wyer in jou groei en 'n magtige, polsende gedagte word, wat homself sal verwesenlik:

28) VADER, UITEINDELIK, EK KOM HUISTOE NA U!

29) Elke een van julle ontvang MY geseënde krag op die oomblik van hierdie aanraking in die VADER se Naam. Maak nie saak waar jy gaan nie, EK, DIE LIEFDE IS MET JOU, JA BINNE-IN JOU.

**Amein.**

## *Liefde vir die Skepping as spieël vir selfherkenning*

# 5. Oefening

**Elke aardse wandeling is 'n pad via Golgotha -'n Oproep weerklink deur die Skepping: "Kind, kom huistoe!" - "Herken jouself, o mens..." - Taak: Elimineer die skeiding tussen jou en die rots - stuur liefde na die wêreld van minerale, en ons ontwikkel geduld met onsself en ons naastes.**

1) MY Liefde vloei in julle harte in, gryp julle gedagtes, julle vertwyfelinge asook julle innerlike pyn aan. Sy neem al julle swakhede en alles waarmee julle julleself belas het op hierdie aarde, sodat julle weereens nader aan die Lig van Liefde op julle pad kan kom.

2) EK IS JAHSHUA DIE GESALFDE! Julle is nog steeds vry om dit te glo of nie. Liefde het jou aan die hand en lei jou na die een doel, ongeag watter paaie julle mag vat. EK is waarlik die Mag en Krag van ELOHIM, die VADER, Sy Liefde wat mens geword het. Terselfdertyd is EK julle Broer, julle Vriend, die Bruidegom van julle siele. EK wil so naby aan jou wees, sodat al jou gedagtes, jou gevoelens en dade in MY, DIE LIEFDE rus. EK wil so naby aan jou wees, sodat dit nie meer jy is wat optree nie, maar EK wat hierdie aarde bewandel deur jou.

3) Wel, geliefde broers en susters, die vereiste is hoog. Julle kyk na julle planeet, julle kyk in die oë van julle broers en susters en sien haat, onvriendelikheid en onbedagsaamheid. Maar, steeds wandel elkeen van hierdie kinders aan MY hand, net soos jy. Aan MY hand loop hulle huistoe na die VADER, na volmaaktheid. Het EK nie gesê nie: "Word volmaak soos jou Vader in die hemele volmaak is?" EK het voor julle uitgeloop en die weg was nie maklik nie.

4) EK het MY dissipels liefde en nederigheid geleer en hulle het in MY die toekomstige koning, die regeerder van die mensdom gesien. En hulle teleurstelling was groot toe hierdie oënskynlike regeerder die pad via Golgotha geneem het.

5) Elke aardse pad, MY geliefdes, is die pad via die weg van Golgotha. Maar, hy wat MY aan sy sy voel, dra die kruis egter nie alleen nie.

6) Hy gaan nie meer gebuk onder die sware las nie, maar buig dankbaar in nederigheid en stap voort opwaarts teen hierdie berg en hy weet dat al die probleme wat op die aardse pad lê, maar slegs daar is tot genesing vir die siel en dat die menslike gewaad 'n gewaad van vreugde moet wees. Moenie onder die las van die kruis talm nie, maar stap saam met MY deur julle probleme en wees blymoedig. Ja, julle het julle las self gedra tot nou toe. Maar dra dit van hier af in die wete dat julle die kruis deel wat oor die hele aarde lê en dat julle help om dit te dra.

7) Selfs as jy gesondig het, van die oomblik af dat jy blymoedig jou hartseer en pyn aanvaar, aanvaar jy gewilliglik die laste van al jou broers en susters wat ook op die pad huiswaarts is na die VADER. Tesame en verenig met MY Krag sal julle dit makliker kan dra.

8) Maak nie saak waar jou broers en susters mag wees nie, maak nie saak watter geloof hulle in hulle harte dra nie, hulle is almal jou broers en susters. Daar is slegs een VADER in die hemel, maak nie saak watter Naam die mens HOM mag gee nie. HY, die ALLES-EEN (ELOHIM) het SY kinders lief! En vanuit hierdie Liefde het HY MY gestuur sodat EK julle kan toon dat die weg huiswaarts moontlik is.

9) EK was mens, nie net in die fisiese sin nie, maar EK was mens met al die foute en swakhede wat die mens het, wat EK gewilliglik op MYSELF geneem het, anders kon EK nie op Aarde bestaan het nie.

10) 'n Menslike kind wat volmaak is, het sy vibrasie so hoog gelig, dat die Aarde hom nie langer kan dra nie. Hy sal homself dan vergeestelik het en opgeneem word na ELOHIM. Hy sal dan die suiwer kind geword het wat julle almal eens was. En daarom het EK gesê: "Word volmaak soos wat julle VADER in die hemel volmaak is." Met ander woorde, streef elke dag opnuut na volmaaktheid.

11) Dit beteken egter ook dat julle julleself moet herken en erken wat julle nog steeds is. Slegs as jy jouself aanvaar soos wat jy is, kan jy vanaf daardie basis af verder ontwikkel en na die lig streef.

12) Daardie mense wat goeddoeners is en wat sê wat jy graag wil hoor en wat altyd vriendelik teenoor jou is, is jou die minste hulpvaardig. Mense wat vir jou die lewe moeilik maak is jou toetsgrond. Met hulle kan jy in liefde groei. Met hulle kan jy, die edelgesteente, jouself politoer; al die fasette kan blink gevryf word totdat die juweel, wat helder en duidelik skyn binne almal van julle, weereens sigbaar word.

13) EK herhaal: Die menslike gewaad moet 'n gewaad van vreugde wees, veral wanneer julle deur persoonlike pyn of hartseer gaan, wanneer hulle wat naby aan jou is, jou pyn aandoen tot in die diepste uithoeke van jou siel. Wanneer dit gebeur, dink aan MY. Die oomblik wat EK aan die kruis gehang het, was EK verenig met ELOHIM, MY VADER. En wanneer jy eendag by die heuwel van Golgotha staan, sal jy ook een met ELOHIM wees en daardeur een met MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, die LIEFDE, die Eersgeborene en Eersgesiene Seun. Terselfdertyd is jy dan een met die Skepper, want Liefde is die Skepper-Krag.

14) Die taal van die hemel is gevoel. Woorde is nie die taal van die hemele nie. Daarom kan woorde keer op keer misverstaan word. Maar wanneer jy leer om in jou wêreld van gevoelens in te stap, sal jy leer om die vibrasie van die spesifieke woord op te tel. En een enkele woord kan dus die hele hemel vir jou open. EK wil julle oplei om woorde deur gevoel te herken.

15) Toe EK hierdie wêreld bewandel het, het EK nie begeer dat MY woorde neergeskryf moet word nie, want die woord is lewend. Die woord lewe tussen julle, en het nog nooit opgehou om tussen julle te lewe nie. Dit het nog nooit opgehou om in jou innerlike wese te slaan nie, en om te klop en klop, totdat jy ook jou innerlike heiligdom sal betree en sal luister na die fontein wat in elkeen van julle opborrel. Die liefdevolle woord in jou is eenvoudig begrawe deur julle opvattings, opinies en kennis wat opgehoop het met die verloop van inkarnasies. Die liefdevolle Woord is ook begrawe deur skeidings wat die mensdom herhaaldelik teweegbring. In ELOHIM is alles een, julle is een, die hele skepping is een!

16) In ELOHIM is jy een met die kleinste klippie. SY krag van Liefde vibreer. SY GEES bestraal elke atoom. SY GEES is waarlik in en om jou, want daar is niks buite die goddelike GEES nie. Die hele skepping is binne-in jou, ELOHIM, die VADER HOMSELF met SY GEES.

17) Wanneer jy die wêreld van gevoel binnegaan, wanneer jy met die klippe praat en kommunikeer met bome, bosse en blomme en wanneer die diere jou vriende word en wanneer natuurwesens nie meer vir jou wegkruip nie, wanneer jy die liggevulde Wesens van die hemele sien, dan sal jy weet dat alles wat jy buite jouself sien, ook binne-in jouself is.

18) Wanneer jy nou aan jou klippie dink, dink dan dat daardie klippie binne-in jou is. Sy beeld straal binne-in jou, lewendig polsend, selfs al sou dit 'n klein stukkie beton wees. Is daar nie ook in hierdie deeltjie van die materie die energie van Liefde in beweging nie? In die sement gehul is lug, 'n lewendige drywende element, wat jou van die menslike denkproses wil wegneem, weg van die onenigheid. Kan jy nie die geroep van elke atoom in jou voel deur hierdie klippie as instrument in jou hand nie?

19) Dit is die geroep wat deur die hele skepping weerklink, wat jou ook duidelik sal aangryp in jou mees innerlike wese, 'n geroep wat sê: "Kind, kom huistoe!" In hierdie woorde lê die gevoelens om jouself te vervolmaak, lê die weg en word dit weereens een met alles wat die mens nog steeds skei.

20) Liefde bring bymekaar en dit bring jou by die onbelangrike klippie by jou voete. Wanneer jy jou gevoelens in die klippie plaas, straal die gevoel terug na jou van hierdie klippie af. As dit Liefde is, sal Liefde na jou toe terugstraal. As dit 'n afkeer is, sal dit ook na jou toe terugstraal. Ook hier kom alles weer saam na een punt toe. Binne-in jou is die makrokosmos – sowel as in die kleinste deeltjie, want in die GEES is daar geen skeiding nie, slegs eenheid.

21) Verbind met mekaar in Liefde. Stuur liefdevolle gedagtes na jou naaste, selfs al leef jy nie in eenheid met hom nie. Julle sal eendag 'n eenheid wees. Selfs al gaan julle paaie in afsonderlike rigtings, is dit paaie waarmee 'n broer en suster huistoe kom. Kom terug na die allesverbindende Liefde. Voorwaar, daar is baie boodskappers van lig wat in hierdie tyd op Aarde leef, boodskappers wat hierdie lig gebring het en dit keer op keer aan die mensdom geleer het. Na hulle het diegene gekom

wat voortgegaan het om aan die woord vas te hou, maar dit dikwels nie in die gees opgeneem het waarin dit geleer was nie en dit het tot misverstande gelei. Dit sal gebeur vir solank as wat julle nie die woorde in julle gevoelens plaas en na die ware betekenis agter die woorde kyk nie. Julle sal altyd soekend bly, solank julle slegs die woorde sien. Daar is genoeg woorde! Duisende biblioteke is vol daarvan. Maar wie lewe egter die Liefde?

**22)** **Wat EK julle leer**, MY geliefde studente, MY vriende, MY broers en suster, is die **eenvoudige lewe**. In **hierdie woord lê daar ook eenheid**.

23) EK leer julle om die eenvoudige lewe in momentum te plaas. En nou is daar honderde “as en maars” in julle gedagtes, maar EK antwoord julle egter dat dit altyd julle is wat verdeeldheid en onmin veroorsaak en nie ’n ander een nie. Solank as wat die mens altyd na ander sal kyk vir foute, het hy nog nie Liefde gevind nie. Maar, as die mens in sy naaste die kind van ELOHIM sien en wanneer hy sy eie swakhede in die foute van sy naaste sien, leer hy om hom met al sy foute te verstaan, deur sy eie begrypende natuur.

24) Hoe baie keer skei die mens homself nog steeds geestelik, selfs wanneer hy praat van verskillende gelowe? Is dit nie altyd dieselfde VADER wat SY kinders roep nie? Of dit nou ‘n natuurlike geloof tussen inheemse mense is, of ander boodskappers wat lig oor die hele aarde uitstuur, al het een meer lig as die ander? Verskillende vlakke van bewustheid moet tog aangespreek word. Mens kan nie ‘n suigeling leer lees nie. Vir ‘n suigeling verskyn die VADER in ’n inheemse geloof, vir ’n volwasse seun of dogter verskyn HY in sy naaste:

**25)** **Herken jouself, o mens en werk aan jouself, sodat jy volmaak kan word soos EK jou VADER volmaak is!** Sodat julle gevoelens onderrig kan kry, smeek EK julle om, as julle gewillig is, te kyk na hierdie klippie wat julle gevind het, hierdie klippie wat in julle hande geplaas is, ja, wat na julle toe gekom het as deel van julleself. Probeer om die **skeiding ongedaan te maak tussen hier, jou persoon en daar, die klippie**. Probeer, deur gevoel, om in eenheid te kom met die klippie deur jou liefdesvibrasie. Vir die **tweede week** kan julle hierdie **liefdesvibrasie na alle klippe** stuur wanneer julle in die natuur stap en ander klippe aan julle voete sien lê. Neem ‘n bietjie tyd en trek jou terug in ‘n stil hoekie. Maak jou oë toe laat die wêreld van minerale verbyvloei, vanaf die mees eenvoudigste of basiese klip tot die mees skitterende diamant. Voel dat alles ook binne jou bevat word, die geestelike edelgesteente, asook die geestelike substansie van die hele minerale koninkryk. Voel ook die VADER se oneindige geduld met SY gevalle kinders en met SY kinders wat gekom het om lig te wees op hierdie aarde en wat in die proses geval het.

26) Ontwikkel dan geduld met jou naaste, wat jou dalk mag omkrap en wat klippe op jou weg pak, en ontwikkel geduld met jouself! Jy wat nog nie jou klip gevind het nie, plaas jouself net vertrouend in MY hande, loop saam met MY deur die natuur en jou klippie, jou klein vriendjie sal aan jou getoon word.

27) Doen alles wat EK julle gesê het geheel en al vrylik en vrywillig, want die grootste gawe wat ELOHIM, die VADER aan SY kinders gegee het, is die vrye wil. Dit is die rede waarom daar lig en duisternis is, want SY kinders sal die lig kies, die dienende Liefde en nederigheid vanuit hulle vrye wil.

28) In die Naam van die VADER seën EK julle. Jy sal MY teenwoordigheid in jou innerlike wese voel. EK is altyd met jou, DIE LIEFDE, wat elke kind huistoe na die VADER lei, totdat hy eendag die rooshek sal binnegaan, vergesel van die hallelujah van alle engele wanneer hy of sy teruggekeer het na eenheid met Liefde.

**Amein.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 6. Oefening

**Put genot in die klein dinge wat daagliks aan julle geskenk word - die Meester het nie die dood geleer nie, maar lewe, die liefde - aanvaar jou laste en dra hulle geduldig, dan sal die juk gemaklik op julle skouers rus - die Meester is ons Vriend! Taak: Stel jou voor dat die Gees van die Meester altyd langs jou is as jou goeie Vriend.**

1) Voorwaar, EK JAHSHUA, DIE GESALFDE is ook jou innerlike Dokter en Geneesheer. EK maak alles heel wat nie vibreer binne die Goddelike Orde nie en daarom siek is. MY Liefde lei jou binne-in die Goddelike Wil, lei jou na duidelikheid in jou bewussyn sodat jy kan groei in herkenning en die ewige Goddelike Wysheid in jouself kan begryp. MY Liefde lei na die Daad om MY te volg en Geregtigheid (Erns) neem besit van jou; dan herken jy dat jou lewe in die NOU rus.

2) Dit wat verby is, behoort tot die verlede. Julle is in die HIER en NOU deur MY hand en MY lig verlig julle duister weë sodat julle deur MY gelei, met vaste treë deur nood en verdrukking kan loop. Julle is Geduldig met julleself en julle naaste, sodat jy hom binne die alles-vergewende Liefde sal plaas van ELOHIM, jou en MY VADER, met Wie EK een is, sodat Genade uiteindelik die haat kan oorwin.

3) MY geliefde vriende, **EK wil waarlik die vriend aan julle sy wees**, wat julle help om MY genesende kragte na julle te laat toestroom, sodat julle eindelik stewig in Liefde gevestig kan word.

4) ‘n Mens bied die lekkerste plek in jou huis aan vir ‘n vriend. Hy is altyd welkom in jou huis en alles wat jy het, is syne. Vir ‘n goeie vriend sal jy ‘n goeie maaltyd voorberei, jy sal vars blomme sny en die dag met hom spandeer. Hy is met jou oral waar jy is. Jy wys hom waar jy werk, jou beroep en jy bied hom ‘n stoel aan waar hy kan sit terwyl jy besig is. Jy dink egter aan hom en is heeltemal in verbinding met hom, selfs nadat jou werk afgehandel is.

5) Jy gaan in die natuur in saam met jou vriend. Jy nooi hom uit om ‘n ontwakende lentedag met jou deur te bring en in die aand gaan jy uit met hom, miskien om goeie musiek te luister of jy bly by die huis en steek ‘n kers aan. Jy speel die mooiste musiekstukke om ‘n glas wyn te geniet met jou vriend. Jou hele wese juig en is bly om by hom te wees.

6) MY geliefde skape, EK wil so ‘n goeie Vriend aan julle sy wees. En daarom, mag die volgende vir julle as ‘n voorbeeld dien vir die komende tyd: **EK IS JOU VRIEND!**

7) Selfs wanneer jy ontwaak, wees met MY soos wat jy sal wees met ‘n aardse vriend wat jy liefhet met jou hele hart. By jou ontbyttafel, bied MY ‘n stoel aan. EK is met jou, EK seën jou geliefdes en jou voedsel wat jy nou gaan eet. EK klim in die motor saam met jou. Is jou gedagtes met MY? EK sit waarlik langs jou! EK is selfs by jou werksplek! Wanneer jy in jou huis besig is, is EK ook naby jou. Wanneer jy mense ontmoet wat jou lyding besorg, troos EK, jou beste vriend, jou en EK sit MY arms om jou skouers, sodat jy op MY skouer kan huil. EK wil jou trane afdroog, laat MY net jou beste vriend wees.

8) Julle betree nou die dae van die ontwakende lente, maar saam met die lenteseisoen begin ‘n nuwe tyd ook vir julle. Die harde winter van haatdraendheid, oorlog en vernietiging moet terugtree, dit is in proses om verby te gaan. Lentetyd kan nie teruggehou word nie. Liefde, wat ook in julle ontwaak het, bewandel hierdie aarde. Kyk diep binne-in hierdie liefde en julle sal mense word wat waarlik kan sien.

9) Het haat nie voorheen julle sig verblind nie? Liefde open julle oë, liefde open julle ore, julle harte en lentetyd kom in julle lewens in. Lentetyd, wat EK IS, is die nuwe dag, is liefde, is ‘n nuwe begin.

10) EK het die weg via Golgotha geloop en die kruis het baie swaar op MY skouers gelê. Julle gaan ook die pad via Golgotha. EK vergesel jou egter op jou weg, MY geliefde.— EK herhaal: Julle is nie alleen nie. Wanneer julle geduldig julle lyding verduur, verduur julle dit in ‘n mate vir die hele wêreld,

sodat daar ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde kan wees. Weg sal al die lyding wees wat die mensdom aan mekaar, aan diere, plante en die ou Moeder Aarde toegedien het!

11) Wandel binne-in die skitterende Son van Liefde. Laat Sy jou aangryp en jou sodoende laat ontwaak tot nuwe lewe, sodat jy troos kan vind in jou lyding. Juig oor die baie klein gawes wat aan jou gegee word; die voëltjies wat vir jou sing, die blomme wat vir jou hulle klein koppies na die lig optel en hulle menige bloeisels oopmaak. Julle self is so ’n menigte, maar steeds in GODDELIKE eenheid, SY Skepping. Almal van julle is verskillend, geeneen is soos die ander nie, maar nie een oortref die ander in geestelike prag nie.

12) Kyk na die viooltjie, kyk na haar pragtige vorme en bemerk die geur wat sy uitstuur. Kyk dan na die tulp, sy ruik nie soet nie. Sy is ook nie klein en versteek soos die klein viooltjie nie. En dit is hoe dit ook met mense is.

13) Elke wese was geskep as ‘n individuele geestelike kind en was geseënd deur ELOHIM, die VADER, as SY kind. Dit is jou huis wat jou roep, die ewige huis wat julle harte verlig op Pasga oggend (In Duitsland - vertaler). Dit is DIE opstanding in MY, DIE LIEFDE.

14) Jou fokuspunt is nie die kruis wat jy dra nie, ook nie die kruispaaie van lyding nie, maar opstanding, die lewe. Liefde is lewe. **EK het nie die dood vir julle geleer nie, maar lewe, liefde.**

15) Ontwaak daarom vanuit julle doodse slaap. Wat EK bedoel is al die negatiewe gedagtes oor julle naaste, selfs daardie wat haat tot gevolg het. Ontwaak en sien die nuwe oggend van die seën van die Pasga, ‘n seëning wat julle ophef, maar nie kan solank julle dit nie wil hê nie. Alle krag stroom na julle toe in hierdie seën!

16) Bedink jou huidige wese en hou jou gedagtes dop.

17) Wees bewus van MY alomteenwoordigheid soos wat EK met julle gaan wandel gedurende hierdie volgende veertien dae, en in hierdie alomteenwoordigheid van ewige LIEFDE, ondersoek jou gevoelens en gedagtes oor en oor. En dan sal jy weet of die seëning van die Pasga-oggend jou sal kan verlig. Maak jou houer leeg, wat dalk met soveel “wêreldsheid” gevul is: “EK begeer dit en dat. EK moet nog so baie dinge doen voor die vakansie.” Volbring alles met MY en uit MY GEES en alles wat jy sal doen, sal deur MY lig verlig wees.

18) Op hierdie oomblik kan jou lot verander, subjektief, as jy ‘n ander sienswyse aanneem vanuit hoër insigte. O, sien dit vanuit die oogpunt van ‘n dogter, of ‘n seun van die ewig heilige VADER wat na die mens se lewe kyk, wat kyk na die skoolopleiding wat hy of sy moet deurgaan en dit aanvaar.

19) Aanvaarding word hier gevra, MY geliefde, **om te aanvaar en dit geduldig te verduur**.

20) So gou as wat jy hierdie standpunt aanneem, sal dit wat jy nou moet verduur, nie meer langer so swaar wees om te dra nie. Jy sal dit dan as ‘n draaglike las sien.

21) EK het hierdie aarde bewandel as ‘n menslike wese en voorwaar, EK verstaan jou. EK verstaan en lees jou gedagtes. EK ken jou hartseer, maar EK weet ook waarom dit moet gebeur.

22) “Wanneer jy, MY kind, gereed is om na jou verlede te kyk, sal EK jou wys waarom jy jou huidige las moet dra. Vooropgestel dat jy hierdie lot aanvaar en jy nie daarteen rebelleer nie.”

23) Net dan, MY vriende, kan MY liefde werk en die Wysheid van herkenning kan jou verlig en aan jou openbaar waarom jy in sulke nood beland het. As die mens kon weet wat hy sou veroorsaak in die toekoms, sal hy nie die moed gehad het om voort te gaan nie. Glo MY, dit is waarom dit goed is om nie die omvang van julle laste of skuld te ken nie. Die sluier van genadige liefde is daaroor geplaas en word net somtyds saggies opgelig, sodat die siel haarself kan bevry. Dit is die enigste rede waarom EK dit of dat aan julle verduidelik, of dit nou in drome, visioene of deur die Woord is.

24) Wanneer die siel haar lot oor die mens laat stort, bevry sy haarself van sy las. Wanneer hierdie las versoen is deur vergewende liefde, en hierdeur beklemtoon EK dat vergewende liefde die versoeningstyd verkort, sal die siel ook die gebeurtenis openbaar wat tot die skuld gelei het en alle laste sal dan opgelos word.

25) Wanneer julle die aardse liggaam afgeskud het, wanneer julle ingaan in die nuwe lewe op die nuwe aarde of hemel, sal julle in staat wees om julle verlede te oorsien en julle sal herken hoe

liefdevol ELOHIM se WYSHEID alle dinge gelei het. Dan sal julle jul koppe skud en vir julself sê: “ O VADER, hoe simpel het ek nie soms opgetree in my menslike gewaad nie! Selfs al het ek in my innerlike wese geweet dat niks met my kan gebeur wat nie gebaseer was op U Liefde nie, het ek daarteen gerebelleer en alles in my het geskreeu om haat en vergelding. O VADER, hoe onredelik was ek nie soms nie.”

26) Geliefde broers en susters, julle betree ‘n nuwe era in hierdie Nuwe Aarde. Die ou weë sal nie langer bestaan nie, hulle sal wegval. Want dan is dit MY koninkryk, ‘n koninkryk van die GEES. Wat ookal nou op julle skouers lê, is maar die sleutel tot hierdie koninkryk. Baie siele het hulleself nou met elke moontlike ding beswaar, terwyl hulle in die menslike gewaad was, sodat hulle MY koninkryk vrylik en vol vreugde kon binnetree.

27) Herken die liefde wat julle lei in alle dinge wat met julle gebeur. Glo hierdie in liefde en vertrou haar. Vertrou MY, jou vriend aan jou sy, die Bruidegom van julle siele en EK sal julle heelmaak! EK genees julle siele en ook julle liggame wanneer julle in staat is om liefde uit te leef en wanneer julle voortaan in hierdie liefde sal bly. Probeer om nie oor en oor te val nie! Moenie hartseer wees wanneer julle val nie, maar staan vreugdevol op.

28) EK herhaal weereens die **taak**, indien julle gewillig is: **Neem MY as jou vriend**, maar regtig, asof EK waarlik menslik hier langs jou is. Bied MY ‘n sitplek aan, groet MY langs jou en jy sal MY nabyheid voel. Dit is ‘n oefening wat veronderstel is om jou te help om ‘n innerlike verhouding met MY, DIE LIEFDE op te bou, Wie daar is om jou huiswaarts na die VADER te lei. Dit is ‘ n liefde wat haarself binne jou wil openbaar en wat met jou wil praat. Grawe die waterput oop deur liefde, die waterput wat begrawe is. Wanneer jy MY oor en oor geestelik groet as jou vriend, sal jy MY voel en EK sal in staat wees om jou te wys waar jy nog liefde kort. Vat MY dus saam met julle!

29) Alhoewel EK altyd met julle is, sal hierdie oefening julle help om ‘n ware diep en innerlike verhouding met MY te bou, netsoos wat jy dit kan hê met ‘n baie goeie mensevriend.

30) In die Naam van die VADER, vloei MY seëning in julle in. MY arm is om jou in diepe vriendskap en toegeneentheid. Polsend deur jou met diepgaande Liefde, gaan ELOHIM met jou indien jy gewillig is.

**Amein.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 7. Oefening

**Ons “vyande” berei ons pad na die lig voor. Hulle wys ons waar ons liefde kort. Hulle is ons spieëls. - Openbaring vir die nabye Pasga-viering - 'n Versoek: Verhef die kruis, wat oor die aarde lê as verdriet! - leer om jou naaste met deemoedige liefde te begryp - aanduidings van die dubbele siel – wend julle na die plantekoninkryk - Taak: Vir die eerste week, fokus julle aandag en liefde op die potplant, in die tweede week, laat julle liefde oorvloei na alle plante.**

1) EK is die LIEFDE VAN ELOHIM, JAHSHUA DIE GESALFDE, LIEFDE wat mens geword het. En jy sal jou weg terugvind na hierdie LIEFDE, wat EK in elkeen van julle is.

2) Was EK nie by julle in al MY Liefde nie, nie net gedurende die afgelope veertien dae nie, maar altyd? Het EK julle nie sagkens op al julle paaie gelei nie, ongeag waar hulle was?

3) En so lei EK julle na broers en susters waarmee julle julleself in liefde kan toets. Neem kennis dat net daardie naastes wie, volgens jou opinie, vir jou ‘n ergernis is, is daar om jou vooruit te help op die pad van liefde; want hulle wat aan jou liefde bring en uitsluitlik liefhet, is eenvoudig vriende op jou weg huiswaarts na die Vader.

4) Maar die oor wie jy egter struikel en wie jy as jou vyande beskou, dis hulle wat jou weg berei na die lig. Hulle wys jou waar jy nog steeds liefde kortkom, waar jy nie kan vergewe soos wat EK aan die kruis vergewe het nie. Hulle toon aan julle jul spieël waarin julle julleself kan sien en herken. Partykeer word die spieël op 'n baie growwe manier voor jou gehou. Dit is ook onderrig, MY geliefde, want in hierdie growwe kontras kan jy jou eie kleinere swakhede herken.

5) Ondersoek daarom die gevoelens wat jy teenoor jou naaste koester en wees versigtig wanneer hoogmoedige gedagtes jou aanval, soos: "EK is bly dat ek nie soos die of daardie een is nie." Laat EK julle aan die gebed van die fariseër en die tollenaar herinner. Die tollenaar het nederig gebuig, terwyl die fariseër al sy goeie dade opgenoem, terwyl hy gepraat het oor sy dankbaarheid teenoor ELOHIM, naamlik dat hy nie soos die tollenaar was nie.

6) MY geliefdes, om MY te volg is nie altyd maklik nie. Die pad wat EK voor julle uitgeloop het, is vol struikelblokke en EK is die EEN WIE hulle op jou pad sit. Net deur hulle kan jy groei en slegs deur hulle kan julle julleself vervolmaak en vordering maak na die alles-verbindende, nederige en gewende liefde, wat van haarself gee.

7) En nou kan jy sê: "MEESTER, U het ook harde woorde gebruik. Mag ons nie ook harde woorde gebruik nie?" EK antwoord jou : EK was ook mens soos jy en EK het vrywillig die las opgeneem. Want as EK die menslike gewaad aangeneem het sonder las, sou die Aarde MY nie kon vashou nie, EK sou verdwyn het. En so het EK vrywillig negatiewe karaktertrekke aangeneem, ten einde MY broers en susters in die duisternis te toon dat EK die duisternis kon oorkom, ten spyte van daardie eienskappe en sou nog steeds die lig van liefde bereik.

8) MY doel was die vergifnis in liefde, selfs teenoor die wat MY gemartel het. MY doel was die diepste nederigheid voor al MY broers en susters. EK het hierdie doel bereik.

9) Dit was nie die VADER se wil dat EK hierdie vernederende dood moes ly nie, maar die van MY broers en susters in die duisternis. Hulle het geglo dat EK nie in staat sou wees om menslike vernedering te verduur nie, want EK het soveel krag in MY gehad. Julle kan skaars die vernedering voorstel wat EK verduur het : Gegésel, bebloed, met 'n doringkroon op MY hoof en die kruis op MY skouers, het EK deur die gapende skare gestap. Selfs daar het EK hulle geseën. En EK het liefdevol na diegene gekyk wat geween het en MY gedagtes was met hulle: "Moenie ween nie, MY getroues, maar dra vreugde in julle harte, want EK toon aan julle dat liefde sal seëvier oor al die haat wat opgestook word teen MY." Liefde het geseëvier en dieselfde is waar vir julle.

10) Wanneer julle na die wêreld kyk, sien julle die kruis wat nog steeds simbolies gedra word waar daar oorlog, lyding en nood is. Waar ookal MY broers en susters sterf van honger en dors, word die kruis van liefde gedra. Selfs as hulle wat die kruis moet dra wanhopig word, is dit 'n deurbraak van die liefde, want die lang nag van duisternis kom tot 'n einde. 'n Hewige donderstorm sal nog oor hierdie aarde kom, simbolies gespreek, en die rollende donder sal gehoor word van die een einde van die aarde na die ander einde. Ja, die Aarde sal skud, want sy het al teveel haat en lyding gesien. Selfs sy wat julle dra, wil haarself bevry, wil haar haas na die Lig; want sy, julle Moeder Aarde, lewe en dra die kruis wat die mens baie swaar op haar geplaas het vir 'n heeltemal te lang tyd. Dit is julle taak om te help om die kruis van ewige lyding te omskep in die teken van oorwinning, die oorwinning van Liefde. Elkeen van julle kan help – met al sy of haar mag—om hierdie kruis as 'n teken van lig op te rig. Dit is 'n teken van lig wat die hemele met die aarde verbind sodat dit weereens kan wees soos wat dit eens was: EENHEID IN ELOHIM, die VADER en SKEPPER, van WIE julle almal ontstaan het. Net die mens ken skeiding, die VADER ken geen skeiding nie en ook nie EK nie, DIE LIEFDE VAN DIE VADER, JAHSHUA DIE GESALFDE.

11) Kyk daarom verby die pyn en sien daarin die draaipunt wat lei na die lig! En wanneer die aarde onder julle voete skud, hê begrip en stuur liefde na haar kant toe. Hy wat in liefde vibreer, sal nie nood ly nie, want die skepping buig voor die een wat liefhet. Ook sal hy wat in liefde lewe, alle krag ontvang ten einde ander te help in hulle tyd van nood. Hy sal in staat wees om diegene te help wat nog steeds vasklou aan dit wat van die aarde is (materie), wie dit nie wil laat gaan nie. Herken egter dat hierdie hulp nie deur woorde kom nie, maar deur dade van liefde, deur jou seënende gedagtes en jou begrip.

12) Wanneer iemand na sy tuisland soek, wanneer hy hunker daarna, herken hierin die verlange van die siel vir die ewige huis wat hy eens verloor het. Die mens lees die gevoelens van die siel verkeerd, maar hy verlang na iets wat al lankal verbygegaan het. Indien so 'n mens die grond van die oënskynlike tuisland sou betree, sal dit vreemd wees vir hom; 'n koelheid sal deur sy hart waai. Probeer om jou naaste te verstaan in hierdie voorbeeld. Probeer om verby die menslike omhulsel te kyk, kyk in sy siel in en herken die verlange wat in sy siel verborge is.

13) Probeer dus om jou naaste te lees in absolute nederige liefde en dan kan jy enigiemand aanvaar vanuit jou hart, wanneer hulle vanuit hulle mensheid optree. Jy sal dan verby jou eie mensheid groei, want dan is dit nie jou menslike persoon wat optree nie, maar die liggevulde GEES sal deur jou mens optree, met ander woorde, EK deur jou. Wanneer jy so handel, MY geliefde, sal jou strydende party stil word. Miskien sal 'n kortstondige rebellie kop uitsteek, 'n rebellie teen die lig van liefde, want jou liefdespyl het die innerlike sentrum van sy hart bereik. Daarna sal 'n stilte volg van een wat innerlik geskud is; want wanneer het hierdie mens ooit soveel liefde ontvang soos wat jy nou gegee het en altyd moet gee?

14) EK weet dat hierdie pad van liefde nie vir julle maklik is nie, dat dit 'n aanhoudende toetsgrond vir julle is en sal wees. EK herhaal egter: EK het die weg voor julle uitgegaan. Dood is nie aan die einde daarvan nie, maar lewe, opstanding. Aan die einde van die weg wil EK in julle opgestaan het! Julle is werktuie van liefde en so moet julle jul weg gaan, tussen donderweer deur, regdeur die laaste kort periode van 'n diep donker nag. Die môre is alreeds besig om aan te breek. Binnekort gaan die son aan die horison opkom en EK is die Son in MY wederkoms. En die môre wat aanbreek, is MY GEES WAT die Aarde nou deurkruis en talle werktuie laat ontwaak, sodat hulle MY koms kan aankondig.

15) Soos 'n basuingeklank gaan EK oor hierdie aarde kom in MY GEES. Ontwaak van hierdie wêreldse slaap! Bevry julleself van die boeie van die materie en draai julle innerlik na die lig wat in elkeen van julle is. Draai na MY, die eenheid met ELOHIM! Dit beteken nie dat julle niks moet omgee vir enigiets op die aardse vlak nie. Nee! Waar jou plek ookal is, dit is waar jy jou taak moet vervul met MY, vanuit MY en vanuit MY liefde!

16) Gebruik dit wat EK vir jou gegee met blydskap. Deel dit met jou naaste, maar moenie daaraan vasklou nie. En so is dit ook met jou broers en susters, wie vader, moeder, vennoot en kinders van jou is. Maak hulle vry in jou innerlike wese! Elkeen is 'n kind van ELOHIM en elke kind is op die pad huiswaarts. Hy moet die pad stap, al lyk dit nie vir jou so nie. Elke kind gaan op die weg van sy eie ervarings. Elke kind neem die pad terug van sy eie lotgeval, dieselfde pad waarmee hy in die duisternis beland het.

17) Uiterlik sal jy jou vader en moeder eer. Uiterlik moet jy sekerlik jou kinders, vriende en kennisse liefhê, maar moenie aan die mens vasklou nie. Laat hulle vry gaan, want in die wye uitspansel van die oneindigheid is daar so baie met wie jy alreeds die pad gestap het en almal is jou broers en susters, behalwe die een siel wat aan jou behoort: jou **dubbele siel** (jou ewige maat). Jy is een met hom of haar, een vlam voor die troon van ELOHIM, slegs nou geskei. Jy sal weereens jou weg na hierdie siel vind deur jou liefde vir die hele skepping. Wanneer jy die skeiding op hierdie aarde oorkom het, sal jy ook die skeiding oorkom van die siel met wie jy een is, altyd was en weer vir altyd sal wees.

18) Skeiding is net oënskynlik. Liefde sal jou lei na 'n bewustelike eenheid met jou dubbele siel.

19) Hierdie siel, wat aan jou behoort, sal ook al sy/haar liefde voor die voete van die EEN ELOHIM lê. Want in die suiwer hemele vergeet die geestelike wesens nie van ELOHIM bo die liefde vir hulle maats, soos wat dit hier op aarde gebeur nie. O nee, slegs aan EEN kom al die liefde toe!

20) Jou dubbele siel is een met jou. Sy kan slegs van jou geskei word op die menslike vlak. Op die geestelike vlak is daar een liefde wat opflikker na ELOHIM.

21) So groei daar eenvoudige take in liefde wat EK julle gee. Oorkom skeiding en herken dat die een die ander dien; dan sal julle nie kan leef sonder die minerale-koninkryk nie en nog minder sonder die plante-koninkryk. **Besef dat julle in simbiose lewe met die plante!**

22) Hulle gee hulleself aan julle as voeding. Hulle is die energiedraers wat sonlig in voeding verander en wat terselfdertyd aan julle die lug teruggee om in te asem en ook absorbeer hulle jul giftige afvalstowwe. Ja hulle doen selfs baie meer…

23) Wanneer julle die geestelike koninkryk betree van plante, hulle funksie en effek, sal julle in verwondering staan voor hierdie wonderbaarlike skepping. Hierdie skepping, in sy veelvoud en skoonheid, wat so onbeskryflik en groot is in sy diens aan die mens, sal julle waarlik net in nederigheid daarvoor laat buig.

24) Al die dinge wat die mensdom bereik het, wat siektes veroorsaak deur sy negatiewe gevoelens, gedagtes en dade, kan deur plante genees word wanneer die mens na liefde terugkeer. ELOHIM het plante vir elke siekte op hierdie aarde laat groei, **plante om SY kinders te help;**

25) want HY, die ALLEEN-ENIGE ELOHIM, weet hoe swaar die pad deur die duisternis is. HY weet hoe baie kere SY kinders sal val, terwyl hulle die toets van hulle vrye wil deurmaak en daardeur siektes optel. Hieroor het HY in SY genade en barmhartigheid aan SY mensekinders die oorvloed van genesende plante gegee. Dit is SY genadige hand wat HY sagkens oor ons hou en wat graag alle lyding van ons wil wegneem.

26) Wat doen die mens? Hy kla en huil en beskuldig ELOHIM... "Dit is alles SY skuld." Hoe dikwels gaan sulke gedagtes soos hierdie nie vanuit die aarde op nie…..? ELOHIM het aan SY kinders 'n oorvloedige bottende planeet gegee, met genoeg voedsel wat groei vir almal, ja meer as genoeg. Wat het die mens gedoen? Hoe bewys hy sy dankbaarheid vir hierdie gawe?

27) Hier is dus MY pleidooi aan julle: Gedurende die volgende veertien dae, betree die wêreld van die plante soos wat ons bespreek het. Kies een spesiale plant uit in jou huis, een wat jy baie spesiaal liefhet en gee aandag daaraan gedurende die eerste week!

28) Gedurende die tweede week moet julle hierdie liefde aan al julle plante gee in die huis en hou jul gevoelens dop. Vir een of ander van julle sal dit moontlik wees om die skeiding tussen plant en hom/haarself te oorkom en dit sal die maklikste wees vir julle met jul gunsteling plant. Dit is lewe en so is jy. Lewe is stromende krag en hierdie kragte word tussen julle uitgeruil. Julle sal hierdie krag ervaar wanneer julle vol liefde na julle plant draai.

29) Elkeen van julle het een- of twee keer die uitstralende krag van die woud in homself gevoel, die kalmte wat vanuit die bome voortkom. Soms voel dit of al jou probleme deur die bome geabsorbeer en verander word. Terneergedruk sal jy in die woud instap met sware treë. Hoe dieper jy in die woud instap tussen die bome in, hoe ligter word jou hart. Probeer dit wanneer die son jou roep en wanneer jy 'n verlange in jou voel om die beklemmende mure te verlaat en stap in die ontwakende lente in. As jy wil, neem dit ook aan as 'n taak.

30) Watter instruksie EK jou nou ookal gee, dit is slegs die begin van die weg na eenheid met die skepping. Moenie jou klein klippie vergeet nie, maar probeer om ook met die mineraleryk in verbinding te tree, of jou verbinding te verdiep, totdat jy suksesvol is, want voorwaar, **Liefde is eenheid en eenheid is liefde**- hierna wil EK julle lei.

31) Gaan dus vreugdevol in die komende dae in, nie met hartseer van hierdie wêreld nie, wat gebuk gaan onder MY dood.

32) Nee, dood is die mins belangrike ding op MY weg! Wat EK julle gebring het, is die lewe, is opstanding, is die oorwinning oor dood. Julle sal ook die dood oorwin, ontwaak tot lewe en voortgaan op jul weg in die vreugde van die opstanding!

33) EK seën julle in die Naam van die VADER, asook al diegene wat hulle weg begin het na die Lig, huis van die VADER

**Amein.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 8. Oefening

**’n Kykie in die suiwer Geestelike Huis - ELOHIM se Wese, genaamd Orde, Wil, Wysheid, Geregtigheid, verbonde aan die mineraal-, plant-, dierekoninkryke - asook van die natuurwesens - die ontwikkeling van die kind van ELOHIM – verduideliking van die val van (eens suiwer) wesens - Liefde van die SKEPPERGEES regeer ook in die aardse skepping, alles dien alles - julle het hierdie krag ook binne-in julle, d.w.s. om energie regstreeks van die son af te absorbeer – verantwoordelikheid tydens die draai van die tyd - daar is geen toevallighede nie, alles het 'n rede – wie sal op die nuwe aarde kan leef - Taak: Straal liefde toenemend uit in die plantwêreld in.**

1) EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, julle vriend en broer, is in julle midde en EK het na julle gesprekke geluister. Soms wil ons - EK en die engele wat jou vergesel - julle by die hand neem en julle uit julle menslike kleed uitlei, terug na julle ewige huis, sodat julle weereens die liefdevolle heerskappy van die Alles-Een SKEPPERGEES kan verstaan. Niks bestaan buite HOMSELF nie, alles is in HOM – een eenheid, een LIEFDE.

2) Die Aarde is ‘n flou weerkaatsing van die ewige huis, waar julle almal vandaan kom. Op die suiwer geestelike planete wat om MY Oer-Sentraal-Son gegroepeer is, is daar wêrelde van skeppings wat ryk is aan minerale, plante en diere. Hulle is veelvoudig en van ‘n onvoorstelbare skoonheid en alles buig voor die EWIGE.

3) As julle deur die natuur loop as suiwer geestelike wesens, buig elke plant voor julle in liefde en julle omhels hulle geestelik. Liefde stroom vanuit julle en verhoog dus die plant-kind na die sonlig; want in die ewige huis ontwikkel alles na die een doel en dit is om ‘n kind van ELOHIM te word.

4) Die mineraal ontwikkel in ‘n plant, assimileer met die dierekoninkryke ten einde na die natuurwese te streef wat haarself vervolmaak. Op die geskikte oomblik trek ‘n paartjie die geestelike wese aan, in ooreenstemming met die hemelse wette van aantrekking, ontvang die wordende kind van ELOHIM en gee hom/haar oor aan die ewige heilige VADER WAT die kind op Sy beurt sal seën.

5) Liefde stroom voort in alle sfere van lewe. So word die mineraleryk geassosieer met die sfeer van Orde, die planteryk met die sfeer van Wil, die diereryk met Wysheid en die natuurwesens met die sfeer van Geregtigheid (Erns). Hierdie is die wesenlike eienskappe van die KOSMIESE VADER. Hierdie eienskappe in die kind van ELOHIM moet nog vervolmaak word deur Geduld, Liefde en Barmhartigheid. Die basiese vibrasie van die reeds genoemde karaktertrekke van ELOHIM, Geduld, Liefde en Barmhartigheid word oorgedra na die mineraal-, plant-, dier-, en natuurryk deur die suiwer geestelike Seuns en Dogters van die ewige heilige VADER-MOEDER-GEES.

6) Net soos hier op Aarde, het die geestelike planete sagte heuwels en valleie, ander het bergreekse en ander is weer meer plat. Daar is ‘n verskeidenheid van lewensvorms te vinde. Die Skepping ken geen perke nie. Die geestelike wese wat op sy planeet wandel – sonder tyd en ruimte- gee homself in liefde aan die mineraal. Dit is nie harde materie soos wat op die Aarde gevind word nie, maar kan vergelyk word met edelgesteentes soos saffier, smarag en kwarts kristal, wat nie net die lig van liefde wat die geestelike wesens aan die minerale gee reflekteer nie, maar wat ook van binne af skyn. Vanaf al die fasette weerkaats die lig terug in diepe dankbaarheid.

7) Die plante wat voor elke geestelike wese buig, verlang vervolmaking. Die liefde wat aan hulle gegee word, laat hulle verder streef na die Oer-Oorspronklike-Lig. Soos wat die plant vorentoe streef, gee sy haarself in liefde aan die diere, byvoorbeeld ‘n bloeisel in haar skoonheid aan die skoenlapper, wat nie meer gebind is aan die geestelike oeroorspronklike rots nie, maar wat opwaarts vlieg, en slegs een verlange ken, naamlik om haarself te ontwikkel deur aanhoudend meer liefde te absorber om sodoende liefde te **wees** aan die einde van haar ontwikkelingspad. En so word die goddelike

eienskappe in die minerale, die plante en in die diere vervolmaak. Die suiwere wesens van die hemele van lig bied hulle hulp liefdevol en vreugdevol aan in hierdie ontwikkelingsproses. En weens die afwesigheid van tyd sien hulle die ontwikkeling voordat dit eintlik gebeur en weet hulle die volgende: Hierdie oorvloed van bloeisels sal eendag in 'n dier verander, wat vrede en liefde dra en wat van die ligwesens leer. Hulle sal die ligwesens toelaat om hulle te leer wat daar geleer moet word om hulleself sodoende te vervolmaak in die goddelike wil; wat die Vryheid gebruik wat gegee is om die karaktereienskappe van die goddelike wil te leer, daarvoor te buig en daarin te rus. Hulle leer alles omtrent Wysheid, aangesien hulle vrylik deur die skepping kan beweeg. Natuurwesens omring hierdie diereryke. Hulle is die feetjies, elwe en kabouters.

8) Alles vibreer in hierdie wonderlike liefdeseenheid van die ontwikkelende skepping soos wat hulle hulleself vervolmaak. (Dit gebeur) oor en oor, want die VADER se skepping is onbeperk en julle is almal deel van hierdie skeppingsgebeurtenisse. Julle kan ook mede-skeppers en mede-formeerders wees, want ELOHIM het ook alles in julle hande geplaas.

9) Die enigste ding wat aan die seuns en dogters van die suiwere hemele gevra was, was dat hulle sal ag slaan op die goddelike gebod van liefdesdiens. En dit het behels dat hulle hul vrye wil binne die WIL VAN DIE VADER moes plaas. Deur hierdie wet nie na te kom nie, het dit gelei tot die val. Die vrye wil het die wette van die Ewige teengestaan en het skeppings ontwikkel wat nie binne die suiwer gebod van liefde vibreer het nie.

10) Deur die aanhoudende handelinge van die teenpool, het die gevalle geestelike wesens 'n deel van die suiwer planeet tot 'n laer vlak verander, wat toe uit die hemele gewerp is saam met hulle, want hulle het weggedraai van die liefde van die VADER. Hulle het nie die gebooie van liefde gerespekteer nie wat sê: "die een sal die ander dien". Hulle het hulleself hoër as die skepping gestel en was dus nie meer in eenheid daarmee nie.

11) Deur oneindige tye wat nie eers bedink kan word nie, het die materiële kosmos haarself gevorm en ELOHIM sien SY kinders in die warm lawa van die rotsformasies soos wat die materiële wêrelde vorm begin aanneem het. In SY liefde het barmhartigheid begin vloei na SY kinders. Hy het gesê: " Laat daar lig wees vir MY kinders wat geval het! Laat daar lig wees en laat die waters van die aarde skei, laat daar plante groei en diere ontwikkel!"

12) Daarna het die natuurwesens vrywillig aangebied om na die Aarde te kom om die diere- en plantelewe te dien. Die ewige SKEPPERGEES het SY liefde in hierdie skeppings geplaas, sodat HY SY kinders kon roep deur almal van hulle.

13) En so roep ELOHIM jou deur die rotsformasies. HY roep jou deur elke plant: "Kyk hoe die plantwêreld jou dien, hoe hulle hulleself waarlik aan jou gee! Dit is EK, MY GEES wat HAARSELF gee, want daar is niks buite MY nie."

14) Selfs hierdie gebeurtenis van die val – met al sy gevalle wêrelde - is in MY, die EWIGE GEES. Maar MY liefde, Wie na al MY kinders deur alles geroep het, was nie gehoor nie. Die poging was aangewend om hierdie liefde te smoor.

15) In julle feëverhale en legendes is daar nog 'n sweempie van hierdie kennis van julle voorgeslagte. Hulle het nog MY geroep gehoor wat vanuit die rotsformasies voortgekom het. Hulle het nog MY Liefde gevoel wat na hulle gedraai het in die plante. Hulle het nog die diere as hulle vriende beskou.

16) Dit was eers later dat hulle begin het om hulle dood te maak. Na die eerste moord op Aarde het die bloed van die onskuldige wesens begin vloei. Maar oor en oor was daar egter altyd ligwesens (deur MY gestuur) wat MY roepstem kon hoor, wie al die natuurwesens kon sien en hoor en wie nie hulle ore gesluit het vir die klaaglied oor wat die mens aan die ou Moeder Aarde gedoen het nie.

17) Tydens die opleiding waardeur EK, JAHSHUA JULLE GESALFDE julle wil lei, wil EK julle innerlike wese open sodat julle weereens heldersiende en helder van gees kan wees. Dit is die geestelike sintuie wat binne julle aan die slaap is en wat wag op ontwaking.

18) Waarlik, die intellek van die mens probeer om die liefde van ELOHIM af te keer en nog steeds draai Liefde aanhoudend na die mens. Hoe meer die mens probeer om alles met sy verstand te verduidelik, hoe meer word hy verstrengel in sy eie verduidelikings. En uiteindelik sal hy moet erken dat daar slegs een verduideliking is:

19) DIE LIEFDE VAN DIE SKEPPERGEES REGEER IN ALLE DINGE, EN ALMAL DIEN DIE ANDER IN LIEFDE.

20) En net soos wat ELOHIM SY kinders in die skepping dien, moet die kinders ook weereens leer om te dien, sodat alles weer sal wees soos wat dit eens was. Julle het in die duisternis ingestap, maar nou stap julle weer die omgekeerde weg terug na die lig.

21) Terwyl sommige van julle ‘n paar tree voor die ander is op ‘n sekere gebied, is ander jou weer voor in ander gebiede en so kan julle mekaar help en kan julle daar wees vir mekaar.

22) Waarlik, julle liefde moet op dieselfde vlak vibreer as die van plante. Julle behoort nie meer verskille te maak nie. As julle nog steeds sommige meer liefhet as ander, kan dit julle dien as ‘n weg vir selfherkenning en kan deel wees van julle opleiding.

23) MY geliefde student, DAAR IS GEEN TOEVAL NIE.

24) Alles wat om jou gebeur, het sy oorsake, net soos in die voorbeeld hierbo: Plante verdroog en gaan dood, want ‘n mens is hartseer en hy kan die smart nie meer verduur nie. Hierdie voorbeeld dien om aan julle te toon dat julle geestelik met alles in verbinding staan. Die hartseer wat in jou is, word terselfdertyd op jou omgewing afgelaai. Nou moet jy jouself die volgende vraag vra: Is dit wat ek wil hê? Moet al hierdie lewe om my regtig sterf, omdat ek moeg is vir die lewe, sonder ‘n vriend en moeg van die gesukkel?

25) Wat is die lewe? Ondersoek hierdie vraag in diepte. Lewe is LIEFDE. HY wat liefhet, vergewe, net soos wat EK aan die kruis vergewe het. HY wat liefhet, het deernis met alles wat om hom is en hy ly saam met hulle. Daarom probeer hy aanhou glimlag ten spyte van sy pyn en probeer hy om liefde uit te straal. Terselfdertyd kan die skepping om jou makliker asemhaal, want net soos wat julle mede-skeppers in die ewige tuiste is, so kan julle ook help om julle direkte omgewing hier in die aardse lewe te vorm.

26) Julle is nie bewus van die krag wat binne-in julle is nie, MY getroues. Daarom leer EK julle die pad na die innerlike lewe, na die geestelike wese, die lewe.

27) Aan die einde van die weg wens EK dat MY broers en susters bewuste seuns en dogters van die ewige heilige VADER-MOEDER-GEES sal word, wat sal help om hierdie aarde in ‘n geestelike wese te verander. Sy het ‘n verhewe doel, maar jy het selfs nou al die krag daarvoor in jou.

28) Net soos wat plante sal bloei en groei onder die liefdevolle hande en selfs vreugde bloeisels ontwikkel op ‘n tyd wat hulle nie normaalweg blom nie, net omdat hulle die liefde aan die mens wil teruggee, kan julle jul medemens verander deur julle liefde. Hier is ‘n voorbeeld: Jy klim in ‘n bus, ‘n trein of huurmotor met ‘n glimlag op jou gesig en jy behandel jou medemens op ‘n vriendelike manier. Menige nors gesigte sal ophelder en jou vriendelike glimlag beantwoord. Selfs op so ‘n eenvoudige manier kan jy help om die mense van jou stad te verander en kan jy aan hulle van jou lig gee.

29) Julle kan eintlik help om die sterwende plante in die geestelike wese weer op te rig. Met die verloop van die onderrig wil EK julle by die punt bring waar julle in staat sal wees om julle oë te open vir hierdie geestelike gebeurtenisse.

30) Julle sien net ‘n bietjie van wat eintlik rondom julle gebeur. Julle kyk na ‘n tulp en sê: “O ja, sy is pragtig!” Julle sien nie hoe sy skyn en straal wanneer liefde van jou af na haar vloei nie. Op daardie oomblik is daar ‘n ligflikkering rondom hierdie tulp en hierdie flikkering sal jou omvou, want daar is ‘n uitruiling van energie tussen jou en die tulp. Die tulp dra sy eie noodsaaklike krag aan jou oor, vol vreugde, want sy het die krag direk vanaf die sonlig af verkry.

31) Die plantewêreld kan julle so baie leer, want julle het ook die krag om energie direk van die son af te ontvang, maar op die pad van evolusie het julle vergeet hoe om hierdie vermoë te gebruik. EK wil julle weer na al hierdie dinge terugbring. Daarom, MY geliefde broers en susters, probeer om weg te

kom van julle verstandsdenke en probeer eerder om die denke met die hart en gevoel te bekom. Die geestelike wêrelde sal nie vir julle oopmaak wanneer julle slegs jul verstand gebruik nie, maar hulle sal op julle sintuie en gevoelens reageer.

32) In die begin sal dit vir julle onnatuurlik voorkom om liefde te gee deur die bome langs die pad te groet en hulle te seën met die VADER se liefde soos wat jy verbyry. Maar hoe meer jy dit gaan doen, hoe meer sal jy poog om saam met die plantewêreld rondom jou te voel en hoe sterker sal jou gevoelens vir hierdie lewe begin word en binnekort sal jy agterkom dat daar 'n telepatiese kommunikasie tussen hulle en jou plaasvind. Op hierdie manier sal heldersiendheid en helderheid van gees, die geestelike sig, stap vir stap vir jou oopmaak.

33) Dit sal weereens wees soos wat dit eens was in die suiwer hemele. Gaan dus met vreugdevolle treë in die lig van liefde in en wees bewus van die verantwoordelikheid wat julle in hierdie tyd van oorgang dra, want julle is nie toevallig in hierdie aardse kleed op hierdie spesifieke tyd nie!

34) Wat ookal die menslike ding is wat jou nog pla op hierdie tydstip, die mensheid sal geleidelik verminder tydens die onderrig en die geestelike sal die meer gewigtige saak word en julle sal MY verstaan. Julle sal dan die groot verlange van die VADER vir SY kinders verstaan. Julle sal die pyn van die gemartelde wesens verstaan en die verlange van die KOSMIESE SKEPPER, sodat al die lyding moet eindig.

35) ELOHIM is nie verantwoordelik vir al die negatiewe gebeurtenisse op hierdie aarde nie, **maar slegs die mens**! En so **moet** die mens weereens al die negatiwiteit omvorm. Dit is die terugtog na die BRON, die terugtog na LIEFDE.

36) Liefde begrens haarself nie. Liefde word nie vasgebind nie. Liefde verbind eerder, koppel haarself. Liefde verbind met die klip langs die pad, met alle klippe, met die algehele mineraleryk en vibreer dus weereens binne die oorspronklike vibrasie van die goddelike Orde. Liefde verbind met die plantekoninkryk, met die bome, bosse, blomme, genesende plante en vrugte wat hulleself in liefde aan julle gee. Liefde verbind met die plante wat in die oervibrasie van die goddelike Wil vibreer en wat hierdie vibrasies in liefde aan julle oordra.

37) Liefde verbind met elke dier. Julle moet die diere wat mekaar nog seermaak hier op die materiële vlak, ook omskep, want die een vreet die ander. Dit is ook deel van julle take. Stuur dus liefde na die diereryk en 'n tier sal gras eet. Gras vernuwe haarself, sy gaan nie dood nie. Baie plante regenereer hulleself en gaan nie dood nie. En dit wat nogtans op die aardse vlak sterf, herrys na nuwe lewe op die geestelike vlak, nie in 'n harde materiële vorm soos wat julle dit op die aarde ken nie, maar gesuiwer. Deur julle liefdevolle gedagtes, gevoelens en dade veroorsaak julle die omvorming van alle dinge. Ons sal Ons deel doen om julle te help, maar julle moet die stappe self neem.

38) Deur die verbindende liefde vir die skepping, vir die mineraal-,plant- en diereryke en vir die natuurwesens wie steeds vir julle oë verborge is, is julle in die proses om te help met dit wat EK aan julle geopenbaar het, toe EK gesê het: "Kyk, EK maak alle dinge nuut. Daar sal 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wees. En liefde en vrede sal op hierdie aarde gevind word!" Slegs diegene wat hulle liefde in dade omgesit het, kan op hierdie nuwe aarde lewe, sowel as hulle wat gereed is om vergifnis te vra en wie almal vergewe, wie gereed is om weereens in eenheid met die skepping te leef en te werk. Die gewilligheid daarvoor is nou nodig, nie die volmaaktheid daarvan nie. Die ganse hemele is besig om julle te help, sodat julle die weg na die VADERHUIS kan terugvind.

39) Geliefde broers en susters, in die komende dae sal julle hierdie **taak** verrig in ooreenstemming met julle vrye wil. Mag julle weereens met die planteryk verbind, met hierdie deel van die skepping wat haarself vrylik gee aan die gevalle kinders, selfs al word sy voortdurend misbruik. Woude word aan die brand gesteek. Ruwe stewels vertrap haar paaie en haar bloeisels. Ter wille van wintersport, word hele stroke grond opgeoffer en die gras kan skaars nog groei waar die mens ookal sy plesier soek.

40) Dit is die ewige SKEPPERGEES Wie aan jou voete lê. Voel in jou siel en dankbaarheid sal opstyg wanneer jy die volheid van die bloeisels in die lente sien, ten spyte van die skade wat die mens voortdurend aan die skepping doen. Weer en weer stort sy haar gawes uit op so 'n ryke manier en vir

solank al, totdat die mens finaal daarin geslaag het om haar groei te stuit – en dit lê nog voor julle. Slegs dan sal die mens herken hoe groot die liefde van die SKEPPERGEES is.

41) In hierdie tyd wanneer die mens in die grootste nood sal wees, wanneer hy lug kort om asem te haal, wanneer sy daaglikse brood nie meer 'n sekerheid is nie, word hy getoon dat HY, die ALLES-EEN 'n nuwe Aarde vir SY kinders berei het, 'n geestelike Aarde en dat julle en baie saam met julle skeppend gewerk het om haar ten einde in 'n nuwe Aarde te omskep, dit is, almal van julle wat EK tans die liefde leer – wêreldwyd – sodat daar weereens een Herder en een kudde kan wees onder die banier van liefde.

**Amein.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 9. Oefening

**Oefening in die woud - plante verwag seëninge van die mens - Liefde is 'n sirkel: Van ELOHIM na kind, na skepping, na kind, en terug na ELOHIM - plante wat in verskeidenheid in ons omgewing verskyn, probeer iets aan ons vertel – 'n plant help die mens op talle maniere - die wêreld van plante is 'n wêreld van gevoelens - Taak: Kies' n spesifieke boom en ontwikkel liefde daarvoor.**

1) EK, JAHSHUA, JULLE GESALFDE, het julle na hierdie klein plekkie in die woud gelei. Daar is mos aan julle voete, vrugtedraende takke bot, bome omsirkel julle wie se takke laag buig voor 'n gemeenskap van liefdevolle kinders van ELOHIM en EK is tussen julle.

2) Het daar nie 'n wonderlike sonnige dag verbygegaan nie? Het daar nie ook 'n straal van JAHSHUA DIE GESALFDE, die ewige Son in die diepte van julle harte ingeskyn nie? 'n Mantel van Liefde word om julle geplaas en ten spyte van die koel aand, vloei daar warmte deur julle. Die warmte van liefde pols deur julle are.

3) Selfs al het die mens nog so baie vrae, en kan sekere dinge nie verstaan nie, weet die siel van geestelike korrelasie. EK, jou vriend en broer, verduidelik aan jou menslike wese die korrelasie sodat hy of sy in die vibrasie van liefde kan binnegaan, wat die siel alreeds in haar dra.

4) EK het gesê "Die skepping is 'n eenheid" en "Die een dien die ander." En so sit julle op die sagte mosagtige kussing of jy leun teen 'n boom. Die vibrasies van die plante om julle neig in liefde na julle. Eens op 'n tyd het julle deur hierdie plant ontwikkeling gegaan in die ewige huis. Julle het julleself vervolmaak en was geseën met die seëning van die Ewige VADER aan Sy kind. MY geliefdes, die plante wat julle omring voel dit aan.

5) Stel dit so voor: Die skepping dors na liefde, wat omtrent glad nie meer op hierdie aarde gevoel kan word nie, die heel minste in die plantekoninkryk. Geen dankgebed bereik meer die plante nie, selfs al gee hulle hulleself aan julle wanneer hulle vrugte dra. Geen liefdestraal bereik hulle nie en so het hulle verlange na liefde ontsettend toegeneem. Dit is die verlange om verder te ontwikkel.

6) EK het dinge van die ewige huis met julle gedeel. EK het julle byvoorbeeld gesê dat die suiwer geestelike wesens wat deur die skepping gaan, die minerale, plante en diere help om hulleself te vervolmaak in die basiese vibrasies van die eienskappe van ELOHIM, deurdat hulle hierdie skepsels met liefde bestraal.

7) Dit sal ook julle taak hier op aarde wees: Die plant, selfs die mos aan julle voete, dra hierdie basiese vibrasie van liefde wat inherent is aan die ewige wese. En nou soek dit hierdie selfde vibrasie in jou, die kind van ELOHIM. Dit is waarom die plant haarself na jou toe neig en wag op die stroom van liefdesverbinding, wat die kind van ELOHIM altyd uitstraal in die suiwer wêrelde.

8) Daar is maar net 'n paar hier op hierdie aarde wat in liefde voor die kleinste en laagste aspek van die skepping buig, of dit nou 'n grashalm is, of mos, of plante of kruie is. Die plant wil haarself aan

die kind van ELOHIM gee, want sy dra inherent hierdie oergevoel, naamlik “deur te gee sal ek stelselmatig ontwikkel na die een doel, en dit is om eerstens die groepsiel en dan die suiwer kind van ELOHIM te word.”

9) LIEFDE IS ‘N SIKLUS:

10) Liefde straal vanaf ELOHIM deur Sy kinders in die skepping in en vanaf die skepping straal liefde terug na die kinders, wie in diepe dankbaarheid voor ELOHIM buig; en daardeur gee hulle die liefde terug. Hier op aarde, is sy siklus ontwrig en julle, MY studente, sal die siklus weereens voltooi. Julle liefde vir die plante moet gelyk wees, maak nie saak of hulle bossies in jou tuin is en of hulle hulleself aan julle gee in die vorm van vrugte nie.

11) Liefde het geen perke nie en dit sluit die planteryk in. Selfs al raak die roos jou hart aan met haar soete geur en prag, dien die oënskynlik onbelangrike kruieplant langs die pad jou met dieselfde soort liefde. Want alles wat voor die kind van ELOHIM buig, buig daardeur voor sy Skepper. Die rede daarvoor is dat daar in elke kind van ELOHIM ‘n vonk van die ewige SKEPPERGEES is, want deur SY seën, MY geliefde, word ‘n deel van SY EIE SELF in die kind geplaas deur ELOHIM, die VADER-MOEDER-GEES.

12) En hierdie lig is bestem om aangesteek te word as ‘n vuur van liefde, selfs in die suiwer geestelike sfere waar die kind van ELOHIM in liefde dien. Die oomblik wanneer die kind ten volle ontwikkel is en ELOHIM se seën vir hierdie gebeurtenis ontvang, ontvang die kind – as toegif - ook sy of haar vrye wil en die geleentheid om hierdie wil te toets, - naamlik om te dien of om te onderdruk.

13) As die kinders, wie die weg deur die toets van die vrye wil geneem het, weer na ELOHIM teruggekeer het, sal daar dan nooit weer so ‘n val wees nie; want aangesien daar geen skeiding van die bewussyn in die suiwer wêrelde is nie, word die ervaring van die duisternis gestoor en kan dit in herinnering geroep word – in elke nuanse- vir die kinders van ELOHIM. Die gevalle broers en susters het daarom die weg vooruitgegaan vir hulle wat nog steeds hulle vrye wil wil toets. En hulle het duidelik aan hulle getoon waar so ‘n toetspad van oorheersing en onderdrukking heen sal lei.

14) Dit is waarom EK herhaaldelik aan julle sê: Moenie oordeel of veroordeel nie, sodat julle nie geoordeel of veroordeel sal word nie. Wees dankbaar vir die pad via die Aarde, en wees dankbaar vir almal wat die toetspad van die vrye wil neem deur die donkerste sfere. Soos wat julle in julle onderbewussyn die effek van hulle ervarings absorbeer, dien dit vir julle as voorbeeld.

15) Laat ons nou weer terugkeer na die planteryk: Julle liefde vir die plante vibreer op verskillende maniere binne-in julle. Maar die plante het egter die mens uitgekies. Ja, binne in hulle kan hulle voel of aanvoel watter tipe voeding of genesing die mens nodig het. Byvoorbeeld, die mens wie ‘n liefdesverbinding met die planteryk het, ontvang die sade van die genesende plant deur die wind. Die wind waai die sade in sy tuin in, sodat hy nie meer die plant hoef te pluk soos voorheen nie. In stede daarvan hoef hy net die genesende strome met dankbaarheid te absorbeer en nederig te buig en die plant te seën in die Naam van die SKEPPERGEES, die LIEFDE.

16) As julle in julle tuine rondkyk en deur die natuur stap en aangetrek word deur ‘n spesifieke plant, luister dan na jou innerlike en jy sal weet wat die plant aan jou wil gee, wat sy aanvoel wat jy nodig het en wat sy aan jou wil gee in dienende liefde, selfs voordat jy na die plant gekyk het.

17) Hier is ‘n voorbeeld: Jy loop deur ‘n park en jou oë vang ‘n bos rose. Sy staan voor jou in volle blom. Al was daar ook ander bosse wat ook in blom was, was dit hierdie een se blomme wat jou hart verbly het. En in jou innerlike wese voel jy aangeraak deur die manier waarop die delikate bloeisels die stam omring. Jy is nie bewus daarvan dat die plant haar liefde uitstort op jou en dat sy jou terselfdertyd genees nie, want jy is dalk besig om oor die skok van ‘n ongeluk te kom; of omdat jy dalk deur vrese belas word, waarvoor jy geen verduideliking het nie. Dit is maar net een voorbeeld vanuit ‘n duisend moontlikhede.

18) Elke plant wat in groepe voorkom in julle gebied, wat jy oor en oor bemerk, wil iets aan jou vertel. Sy wil jou help en iets aan jou uitwys.

19) Kom EK gee julle ‘n eenvoudiger voorbeeld: Nou blom die perdeblomme orals in julle weide. Een persoon sal die geel blom bemerk, sal dit geniet om die helder geel blomblaartjies van hierdie plant te sien. ‘n Ander persoon sal hierdie plant as ‘n onkruid beskou.

20) Hierdie plant simboliseer die lig, die son. Wanneer 'n positief geneigde persoon naby so 'n plant kom, sal daar ‘n uitruiling van genesende energieë wees, want die plant, die perdeblom (paardebloem), berg die sonenergie op om dit in liefde aan die sonhonger kinders van ELOHIM oor te dra na 'n lang winter sonder veel sonlig. Die plant wil iets soortgelyk aan julle uitdruk: “Laat daar lig wees in elke sel van jou liggaam, lig in jou siel!”

21) ‘n Ander persoon mag dieselfde plant sien as ‘n lastige onkruid en trek dit dan liefdeloos uit die grond uit. As hierdie persoon sy eie gedagtes kon beskou en hoe hy optree, nie net teenoor die plant nie, maar ook teenoor sy naaste, sal hy herken dat hy sy eie lig meer en meer onder sy voete vertrap.

22) So ‘n individu sit die lig om in aggressie, - die lig, die liefde van die VADER, wat huidig al die menslike kinders in toenemende mate verlig, deur die Oer-Sentraal-Son. Hy straal aggressie uit teenoor al wat lig en helder is in sy eie omgewing. Dit is waarom hy in woede uitvaar teenoor die plant, wat die vermetelheid het om die sonlig na hom toe te straal. In albei voorbeelde, wat die teenoorgestelde kante van mekaar is, kan jy die wye verskeidenheid van lig en duisternis sien.

23) EK het aan julle getoon dat die skepping julle in alle dinge wil dien, die liggaam sowel as die siel. Die plante help die siel, met haar mikrofyn substansies, om haarself te suiwer en om die las (die skaduwees) in die liggaam te plaas. Ander plante help weer die liggaam om die laste te dra en om homself te genees. Ander plante gee hulleself weer aan jou deur hulle gesonde voeding. Selfs al vergiftig die mens sy omgewing en beseer hy die planteryk daardeur, dien die planteryk nog steeds die kind van ELOHIM vanuit diepe liefde.

24) Daarom, MY geliefdes, herken die volgende: Elke plant het die reg om te bestaan. Selfs al moet julle hulle hier en daar vanuit julle tuine verwyder, oorweeg wyslik wat hulle aan julle wil sê, sodat julle julleself kan herken in die situasie, en EK sal julle help sodat julle jul houdings kan verander by wyse van julle herkenning.

25) Die voeding op die Nuwe Aarde, MY geliefde leerlinge, sal slegs bestaan uit wat die bome en struike vrylik aan julle wil gee. Die skepping op die geestelike aarde sal nie meer langer sulke growwe materiaal wees soos wat dit nou is nie, en julle sal verander word deur die liefdesuitstraling en deur julle pogings om dit te doen en julle sal weet waardeur en hoe die vrugte van die plante julle kan help en dien.

26) Solank as wat julle steeds hierdie aarde in julle swaar materiële kledingstukke bewandel en nog nie kan onderskei nie, omdat julle nog nie opgelei is nie, kan julle MY vra om julle in al julle dade te help. EK sal die gepaste gevoelens in julle harte plaas, sodat julle op die regte manier met die plantewêreld kan omgaan.

27) Want voorwaar sê EK vir julle, die wêreld van plante is ook ‘n wêreld van gevoel, net soos wat die hemelse taal een is van gevoel. Dit is dieselfde vir een plant aan ‘n ander, die taal van gevoel. Wanneer daar slegs liefde van jou af vloei na ‘n plant, kan jy hom nie seermaak nie. Maar as jy egter gemengde gevoelens het soos: “EK wil jou nie hier hê nie, plant. Jy versteur die orde in my tuin,” EK vermaan julle: “**Mens, herken jouself**, en ondersoek jouself waarin jy kortkom! Eers dan en slegs dan haal jy die plant uit jou tuin en probeer om by MY te wees en met MY krag in die liefdesvibrasie!

28) Vir die komende weke, geliefde leerlinge, sal EK met julle deur die planteryk stap en as dit julle wil is, kan elkeen ‘n **spesifieke boom** uitkies.

29) Weet dat elke boom baie energie dra en dat elke boom gewillig is om jou hierdie energie te gee terwyl sy, aan die ander kant, na liefde verlang, net soos wat jy na liefde verlang. Kies dus jou boom! Dit maak nie saak of sy in jou tuin is of êrens in die natuur nie. **Gee haar jou liefde**, en seën haar in die Naam van die VADER en probeer om ‘n aansluiting op te bou met hierdie boom!

30) Net soos wat jy met jou klein vriendjie, die klippie gemaak het, moet jy ‘n diep en vurige gevoel vir hierdie boom opbou. En net soos wat jy alreeds die stromende liefde vir jou klip gevoel het, selfs al

was dit maar ‘n stukkie beton, vervaardig deur ‘n mensehand, moet jy ‘n verhouding skep met jou groot vriend in die natuur, die boom!

31) Plaas jou hand om sy vel, die bas! Jy is ook met vel, wat jou beskerm, bedek. In jou vloei ook die rivier van liefde, net soos in die boom. Jy is ook, simbolies gesproke, met jou voete gewortel in die aarde, terwyl jy regop staan en kop omhoog, na die hemel loop. Die boom reik na die lig van die son en sprei haar naalde of blare om soveel as moontlik sonlig op te vang om dit om te sit vir jou as ’n gawe.

32) Jy moet ook meer ruimte vir jou siel maak, wat vergelyk kan word met die boom in soverre die siel jou kroon is. Julle kan dit doen deur julleself oop te maak waardeur die siel dan oor en rondom jou kop uitsprei, net soos die bloeisel, ja soos die takke en stingels van ‘n boom om die hoogste energie te ontvang, naamlik die liefde van ELOHIM.

33) Op hierdie stadium is jou siel nog steeds in jou liggaam, vir die grootste gedeelte. Solank as wat die mens steeds menslik bly en die siel met sy intellek beveg, vir solank kan sy haarself nie oor die menslike wese lig nie. Maar so gou as wat die mens egter terugkeer na sy hartsgevoel en dit toelaat om in en deur liefde te stroom, kan die siel oor die mens uitsprei, bo jou kop.

34) Laat dit julle **taak** wees: Stap bewustelik deur die skepping, sien die plante bewustelik om jou. Ontvang hulle in julleself en keer elke keer weer terug na jou **vriend, die boom**, om jou gevoelens op te lei! EK sal julle ook hierin lei en sal ook vir jou jou vriend toon. Dit is nou vir jou die boom waardeur jy jou eie groei kan dophou en sien hoe jy floreer.

35) Geliefde broers en susters, EK seën julle in hierdie klein sirkel, elkeen van julle, selfs die wat vandag nie hier kon wees nie. EK seën die van julle wat die pad met MY loop, naby en vêr, want EK sal hulle almal huistoe lei tot in die ewigheid in en weg van tyd en ruimte.

36) Voel nou MY hand op jou hoof. Voel geestelik die opening sodat jou siel haarself kan ophef en laat jou gevoelens opwaarts stroom na die hemele, wat bestraal is en bly deur die ewige son van die VADER-MOEDER-GEES! MY seëning vloei.

**Amein.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 10. Oefening

**O, jy boom, ek wil jou liefhê soos wat die Meester my leer om te doen – JAHSHUA DIE GESALFDE bemoedig ons - meditasie wat lei tot eenheid en liefde vir die boom van ons keuse – ten einde deur die vallei van trane te stap, ontvang ons alle krag vanuit die wortel, wat ELOHIM is - Taak: Dink na oor die wortelstelsel - waaraan hou ons nog vas - waar probeer ons ons krag vandaan kry.**

1) MY geliefde vriende, MY skape, EK JAHSHUA, DIE GESALFDE, julle Leermeester, asook julle broer en vriend, is tussen julle om julle ‘n bietjie te vertroos en om julle aan te sê om moed te skep. Julle gaan deur die vallei van trane en voorwaar, dit is ‘n v a l l e i v a n t r a n e. Net soos wat daar swaar reënwolke in die lug mag hang, net sulke swaar reëns was daar al baie dae in julle lewens en is daar nog steeds. Tog is die son egter bo die wolke en bo die wolke skyn hy helder en verhelder selfs die donkerste van dae. Geen wolk is so dik dat dit die lig kan keer om deur te breek nie. Neem hierdie as ’n gelykenis, as MY troos aan julle.

2) Selfs al glo julle dat julle net stadige vordering maak op die weg, wil EK julle bemoedig en vertel dat dit nie die geval is nie. Dit is beter vir julle om met klein treë vorentoe te gaan, as om te probeer om die doel te bereik deur vinnig vooruit te hardloop, net om reg voor julle doelwit uit te vind dat julle verby vele geleenthede gehardloop het, wat julle in staat sou gestel het om in liefde te groei.

3) Skrei dus voort op jou pad wat jy vreugdevol begin het en bly in hierdie vreugde, ten spyte van die probleme, wat julle glo julle nie kan oorkom nie, selfs al probeer julle hard.

4) MY vriende, een klein vonkie is genoeg om te ontbrand en 'n wydverspreide vuur te veroorsaak. Neem dit as simboliek en verbly julle! As die stroom van liefde nog nie uitbreek soos die son deur 'n dik wolk nie, is die taak nog steeds vervul met die eerste gedagte van "Jy is die boom wat ek wil liefhê soos wat DIE MEESTER my onderrig". Die vonk is aan die brand gesteek en hierdie aangesteekte vonk sal groei in MY lig en sal verder aan die brand gesteek word deur MY lig. Stap vir stap sal julle groei in die tipe liefde wat geen onderskeid maak nie. Vir julle in die aardse kleding, is dit nou moeilik om te verstaan en EK verstaan julle vertwyfelinge.

5) EK moes ook stadig na die liefde groei. Hoe kwaad was EK nie oor daardie broers van MY wat geld gewissel het in MY VADER se huis nie?! Het EK nie die geldtafels omgegooi nie? Het EK nie met die fariseërs en skrifgeleerdes geraas nie? En wat het EK aan die kruis gesê? "Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." Dit was die einde van MY pad op hierdie aarde.

6) Dit is ook julle doel, MY geliefdes. Hou hierdie doel in gedagte en gaan stap vir stap aan MY hand tot in die wonderlike koninkryk van allesomvattende en alles-verbindende eenheid, die verhewe Krag en Mag van Hemelse Liefde! Vandag mag jy steeds afgeskei voel van die klip, die bloeisel of boom maar voorwaar, EK sê vir julle, met die eerste gedagte, met die eerste vonkie van liefde wat jy stuur, is jy alreeds in die proses om die skeiding te oorkom. Jy skrei voort na eenheid met die skepping.

**7) Meditasie**: Gaan na binne deur die innerlike gevoel en ontvang die vibrasie van MY liefde vir elkeen van julle! Of jy nou na MY woorde luister en of jy dit lees, EK raak julle almal aan met die Lig van die Ewigheid waar alles Liefde is. En EK sal julle vir 'n oomblik uit julle verstandelike denke uitlig en sal jou ophef na die stromende genade van die SKEPPERGEES se eie hart.

8) Julle sien nou julle boom binne-in julleself. Binne-in julle vibreer die liefde vir hom, die liefde vir die klein baba boompie of die massiewe uitgegroeide boom, watter een jy ookal gekies het. Nou op hierdie oomblik voel jy wat EK bedoel wanneer EK aan jou sê: "Gee al jou liefde vir die boom!" Nou is jy een met hom. Jou bewussyn betree sy wortels, sy stam, sy takke en stingels, die blare... Jou vriend staan in die helder sonlig en verenig met jou. Dit is jou groei, jou ontwikkeling, jou vorentoe strewe na die ewige Son van Liefde, waarvan jy selfs nou jou krag kry. Jy kry dit via die wortels, want die lewe wat jy dra is van HOM. En simbolies reik jy hoog op saam met hierdie boom, met sy stingels, takke en blare. Jy reik verby die aarde, die hele kosmos, die hele skepping en verder, in ELOHIM, die VADER-MOEDER-GEES.

9) Voel die opwinding van jou siel! Voel hoe jou siel haarself ophef in 'n vreugdevolheid wat nie van hierdie wêreld is nie!

10) Nou, MY geliefde, sal EK jou terugbring na jou menslike wese. Op hierdie oomblik loop jy nog steeds deur die vallei van trane, **maar al die krag om uit te hou kom na jou toe vanaf die wortels** – die wortels wat binne-in jou is, **van die Goddelike vonk wat een is met ELOHIM.**

11) As die muur van wolke te dig is, onthou die **fontein van krag** en gaan daarheen. En jy sal die helder skynende son weereens deur die muur sien breek. Stap dus met goeie moed en hou aan om vordering te maak op die pad van liefde!

12) Daar is 'n gesegde tussen mense wat so gaan: "Soms kan jy die bos nie sien vanweë die bome nie," en dit moet nie so wees nie. Die pad huiswaarts na die VADER is 'n pad van blydskap. Ja, hier en daar is dit wel nie vir julle maklik nie en julle mag vra: "O MEESTER, hoe moet ek nou blydskap voel?" Dan sal jy uiterlik na die skepping kyk en jy sal weer die voëls hoor sing! Kyk binne-in 'n bloeisel se kelk of na die vars lower van die bome in die lente. As jy dankbaar is vir alles wat jy sien, sal jy, deur dankie te sê, weer lighartig voel. En wat dit ookal is wat swaar op jou skouers rus, dit sal nie meer as 'n las voorkom nie.

13) Die GEES VAN PINKSTER, MY geliefde, is die Gees van LIEFDE, saam met vreugde, die vreugde om diensbaar te wees. Hy wat dit verstaan sal aanhou om die pad te stap, gevul met krag en met die gees.

14) Mag julle die volgende aanneem as julle **taak**, indien julle gewillig is: EK het met julle gepraat oor die wortel en wil hê dat julle moet dink aan die gewortelde toestand. Herken, MY skape, dat die wortel met elke saak in ELOHIM lê. Al het die kind homself ook hoe vêr van HOM geskei, kry hy nogtans sy krag van HOM. Wat is dit wat jy glo jy na moet uitreik, met jou wortels hier op hierdie aarde? Waarna verlang die mens nog steeds? Ondersoek julleself en julle sal MY woorde verstaan: Wie ookal man, vrou, kind, ouers, ens meer liefhet as vir MY, is MY nie werd nie. Hy wat nie verstaan dat alle krag, selfs dit vir jou naaste familie, net van een bron afkomstig is nie, en hy wat nie dankbaar is vir die stroom van hierdie krag nie, het nog nie begin om na MY, die ewige liefdevolle GEES, te soek nie. Hy weet nog nie wat liefde is nie, 'n liefde wat haarself so oorvloedig aan jou gee dat dit onbeskryflik is. Dit is wat met hierdie woorde bedoel word.

15) Wat is dit wat die wortels van die mens probeer bereik op hierdie aarde? Waaraan klou hy nog steeds? Waaraan wil hy nog vashou? Waar wil hy sy krag vandaan kry, en herken hy nie dat alle krag net van die EEN (ELOHIM) af kom nie? Dink daaraan en gaan dan na jou vriend, die boom, met hierdie herkenning en kennis, en laat die vibrasie van die kort meditasie wat EK julle vandag gegee het, tot lewe kom. En julle sal MY woorde en betekenis verstaan!

16) MY seëning bestraal julle in die Naam van die VADER, sowel as almal wat saam met julle op die pad huiswaarts na die ewigheid is, tuis na die FONTEIN, na die DOEL, die VADER.

**Amein.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 11. Oefening

**Boom as simbool van lewe: Wortel, stam, takke, takkies, blare - alles in die skepping roep uit: blare roep uit van verlange, lentetyd – reën spreek van Liefde - Vasstaan in die aarde weerspieël standpunt - : Taak! Gaan in die natuur in! Raak stil, neem waar, luister innerlik, wees een met die skepping!**

1) Hy wat die geraas van die wêreld verlaat om die innerlike stilte te betree, hoor MY, die SKEPPERGEES in die stilte spreek vanuit die hele skepping. Hy hoor MY strelende woord in die ritseling van die blare, hy hoor MY roepstem: "Kom, MY kind van die skepping!" Hy sal die voëltjie in sy jubelsang vergesel: "JAHSHUA DIE GESALFDE, EK is op my weg huiswaarts na U!" Hy sal in die wind buig as hy oor 'n koring- of mielieland gly, sal buig net soos die are voor die ewige GEES, WIE HOMSELF GEE aan SY kinders in SY veelvoudigheid. Voorwaar, EK sê vir julle, alles dien as herkenning en verbreiding van julle innerlike bewussyn tot in die volheid van die kreatiewe gawes. Al wat julle moet doen, is om gewillig innerlik stil te raak en om die ewige SKEPPERGEES met jou te laat praat.

2) Aan die begin, MY geliefde studente, MY vriende, is die gekabbel van die fontein slegs 'n geraas vir julle. As julle egter stil raak in julleself, sal julle in julle introspeksie die gekabbel van die fontein hoor as die VADER se geroep na julle.

3) Aan die begin is jou vriend, die boom, maar net 'n boom, apart van jou. Jy probeer om in die vibrasie van liefde in te gaan en jy voel dat jy nog nie suksesvol gaan wees in hierdie vibrasie nie, maar wat nog steeds in sy beginfase is. Maar hoe meer jy in hierdie lewe ingaan in elke boom se lewenstroom, hoe meer laat jy die boom toe om deel van jou te word en hoe sterker sal die impulse van lig en die liefde vir die skepping word.

4) Julle het nagedink oor die wortels en aan julle eie gewortelde toestand. Die boom is die simbool van jou lewe, selfs in die stam, die takke, stingels, blare en vrugte. Wanneer jy na binne gaan, wanneer jy die tempel in jouself betree en jou boom oordink, sal sy jou toon waar jou swakhede in jou lewe lê:

5) Is die stam nog steeds regop, selfs al is sy geskud en geslaan deur die storms van die lewe? Is sy krom en kla en kerm sy? Is die takke wat na die lig strek, vol vreugde of hang hulle treurig

grondwaarts? Is die boom siek? Benodig sy jou hulp? Het jy sulke swakhede wat hemelse hulp nodig het? Staan jou boom in 'n stampvol tuin en kla die bure omdat sy die sonlig afkeer? Voel jy verdring waar jy is, of verdring jy jou buurman? Blokkeer jy hulle lig?

**6) MY SKEPPING SPREEK TOT JOU** op talle maniere MY vriend, net soos in die voorbeeld van die boom.

7) Vertoon jou boom haarself in haar oorvloedige bloeiwyses, of is jy liewer vir haar vrugte? Die bloeisels verteenwoordig die pad huistoe na die VADER, die vrugte is die herfs, die oes.

8) MY geliefde studente, net soos wat 'n jong boom goeie grond nodig het, het julle 'n stewige basis nodig. Jy het dit in ELOHIM gevind, anders sou jy nie hier gewees het of MY WOORD gelees het nie. Maar sodat die wortels sterk in die grond geanker kan word, moet daar baie storms en orkane verby sy stam waai en moet die klein boom van lewe geskud en geruk word, sodat sy stewiger en vaster in ELOHIM geanker kan word. Op hierdie wyse kan niks ooit die groeiende boom omgooi nie.

9) Voordat die boom vrugte kan dra, benodig sy bloeisels, wat die simbool van die verlange na ELOHIM is. Die mens herken dat hy slegs tevrede kan wees as hy die liefde wat hy van die skepping af kry, kan aangee.

10) Die vrugte ontwikkel uit die bloeisels. Hoe meer die mens van sy of haar egoïstiese denke af wegbeweeg, van sy begeertes en verlangens vir homself, en hy beweeg na die liefde en diensbaarheid wat haarself gee, net soos wat die SKEPPERGEES dit doen, hoe groter en meer word die vrugte.

11) Liefde kan vergelyk word met die reën wat die boom benat en hom met krag vul. Die krag styg op deur die wortels en die stam, na die takke, stingels, blare, tot in die vrugte in; en die mens begin om homself in hulle (die vrugte) te gee, elke jaar meer. Aan die einde van sy lewe, het die boom groot en magtig geword. Kragtig staan sy in die lig van die ewige heilige dienende liefde. En die siel kyk terug, vol vreugde en gaan voort om te dien in die sfere van die hiernamaals, totdat sy haarself vervolmaak het.

12) Nou roep EK julle terug na julle vriend, die boom, wie julle vir julleself gekies het. Staan geestelik langs hom. Voel jou weg tot in sy wortels, wat jou geestelike wortels is! Leun teen jou boom en toets hoe sterk hy staan in sy geloof en vertroue in ELOHIM! Hef jou oë na die takke, die stingels, die blare of naalde en wees vol vreugde!

13) Vreugde is 'n baie noue verbinding met liefde, want slegs hy wat vol vreugde op sy pad huiswaarts na die VADER is, is werklik lief vir ELOHIM. Hy, wie se motief vir die pad na selfbemeestering slegs ewige genot is en sy versekerde plek in die hemel slegs vir sy goeie dade is, het ELOHIM nie bo alles lief nie; want hierdie tipe liefde is nie onselfsugtig nie, maar het 'n egoïstiese doelwit. Wanneer so 'n persoon aandag sal skenk, sal hy gedurig sien dat daar vreugde kortkom op sy weg na die VADER. Hy mis die vreugde van: "Alles wat my nie omgooi nie, maak my sterker en help my om my swakhede en foute te oorkom. Dit help my om die storms van die lewe bo-oor my te laat waai, sodat ek die herfs van my lewe kan bereik wanneer ek vrugte sal dra!" Soos julle weet dra elke boom 'n tipe vrug, selfs 'n naaldboom.

14) MY geliefde vriende, die verhouding met jou boom het alreeds verander. Wanneer julle na MY woorde luister en aan julle boom dink, voel julle 'n sekere vibrasie tussen julle en hom en dit is nie van hierdie materiële aarde nie. Dit is 'n vibrasie van begrip, van verbind wees.

15) Die boom, wat julle dinge oor julleself leer, wat julle harte verbly met haar bloeisels, of wat vir julle vrugte, skadu en baie ander dinge bring, verleen aan julle geestelike vibrasies via sy geestelike aspekte.

16) Wanneer julle deur die natuur stap en die skepping aanskou, wanneer julle oë na die bloeisels kyk, of wanneer julle na hierdie boom of na daardie klip kyk en wanneer julle steeds in julle harte vra, byvoorbeeld, "O sê my, wat probeer jy vir my vertel, jou wonderlike, ligte geel bloeisel aan die kant van die pad? Wat wil jy vir my vertel, o boom, of jy, klein klippie in MY hand?" Dit is dan dat daar vibrasies van jou af na die skepping gaan. En die skepping is nie stil nie, maar gevoelens kom terug na jou vanaf hierdie skepping.

17) Sy is die SKEPPERGEES WIE met julle spreek en die gevoelens is die begin van HAAR stem wat met julle spreek. Soos wat julle op hierdie pad vorder, sal dit wat julle om julle het, nie meer dooie materie wees nie, nee**, ALLES LEEF en ALLES SPREEK TOT JOU IN JOU INNERLIKE WESE.**

18) In die lewe, wat orals pols en gelyktydig ook in julle vloei, sal die OERBRON VAN LIEFDE in julle na vore oopbars. Julle het liefde gegee en liefde kom dan weer na julle teruggestroom.

19) "MY kind, EK roep jou, EK, JOU ELOHIM IN JOU, WIL MET JOU SPREEK, WIL JOU SELF LEI HUISTOE, NA MY."

20) Dit is die pad wat EK leer.

21) Geliefde broers en susters, as julle in die natuur ingaan in die komende dae, wil EK graag julle gevoelens in die natuur sien instroom, soos wat EK dit aan julle beskryf het; in ooreenstemming met julle vrye wil.

22) As dit moontlik is, neem 'n halfuur en gaan in die natuur in, terwyl julle in die stilte is en in MY rus, julle vriend en broer! Terwyl julle met MY in verbinding is, wandel deur die natuur wat voor julle uitgesprei is met oneindige liefde as gras, as mos, as klippe, as blom, struik of boom en laat jou innerlike gevoelens, die vibrasie van liefde, bewustelik in die skepping invloei met MY hulp!

23) Kyk van naderby hoe die grashalms in die wind buig, hoe hulle hul hoofde buig. Kyk na die boomtoppe en luister wat binne-in jou gebeur. Luister na die ritselende blare en voel die liefde van die skepping wat na jou vloei! Gaan saam met MY op hierdie staptog wat jou sal leer om die skepping lief te hê, maar wat jou ook die menige plekke sal wys waar die mens die skepping vernietig het.

24) Jy sal weereens leer met en deur MY hoe om in eenheid met die skepping te kom; want dit sal julle lewe wees in die toekoms, wat op die nuwe aarde met en nie meer teen die skepping sal wees nie, maar op die nuwe aarde, wat haarself alreeds geestelik voor julle uitsprei, hoewel nog onsigbaar vir julle, aangesien julle nog steeds blind is daarvoor. Op die Nuwe Aarde sal julle een wees met elke klip aan julle voete, met elke grashalm, met elke bloeisel, elke boom, struik, ja, ook met elke dier.

25) Daar sal nie meer enige lyding wees nie, want die mens het herken dat hy ook moet dien, net soos die skepping. Hy leer dat hy vol vreugde moet dien, netsoos wat die ewige SKEPPERGEES HAARSELF gee aan HAAR kinders en hulle dien.

26) Mag julle in die komende dae ingaan met sulke nadenke. Selfs as menslike dinge nog steeds op julle druk, dink dan daaraan dat julle 'n opleidingspad stap waarin daar alle dinge aan julle gegee sal word waardeur julle moet groei in liefde.

27) Jy moet slegs gewillig wees om aan MY hand te stap en dan sal jy al hierdie toetse vining en maklik deurkom. Jy het alle krag in jou. MY liefde vergesel jou en EK sien uit na ONS uitstappies saam, deur alles wat MY SKEPPERGEES jou gee.

28) EK seën julle in die Naam van die VADER, hier in hierdie sirkel en EK seen almal wie die pad aangepak het huistoe na ELOHIM met MY, in vreugde en in liefde.

**Amein.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 12. Oefening

**Verbind met My, JAHSHUA DIE GESALFDE wanneer jy ontwaak - oorspronklike skrif geheim gehou rakende bepaalde kennis betreffende lewe - ontwikkel die innerlike gevoelens – gee aandag aan jou impulse! - hierdie is die laaste dae – innerlike fontein - sprokies en natuurgeeste: Ontwikkel hierdie wysheid!**

(*Nuwe broers en susters het by ons aangesluit, daarom die herhaling*)

1) EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, het julle by die naam geroep: Julle is MYNE. Waar julle ookal op julle paaie mag gaan, doen julle so deur MY hand, want EK het julle lief en julle het MY lief, selfs wanneer daar in julle innerlike wese nog steeds talle vrae is.

2) Wag 'n rukkie en alles sal vir julle beantwoord word; want soos wat EK deur hierdie werktuig spreek, so is EK die sprekende ELOHIM in elkeen van julle. Die OERHEILIGE FONTEIN is in jou innerlike sentrum, binne-in jou innerlike tempel. En sy vloei onophoudelik en gee haarself aan julle en sy wag vir julle om van hierdie fontein te drink. Julle kan slegs die waarheid **binne-in** julleself vind, en julle kan slegs die geestelike wêrelde **binne-in** julleself ontsluit. Slegs **binne-in julle** sal julle die weg vind na innerlike harmonie en stilte en julle sal vanuit hierdie harmonie optree by julle werksplekke. So is julle werkers in MY wingerd van liefde.

3) Hier op die aardse vlak kan 'n gemeenskap jou slegs op 'n ondersteunende manier help en sal meestal die "mens" bystaan, naamlik aan die persoonlikheid wat die tendens het om aan die wêreld vas te klou,. Maar deur die take wat EK julle egter gee, word julle gedurig tot in julle innerlike sfere gelei.

4) SO het EK julle ook gevra om met MY te verbind in die oggend wanneer julle ontwaak. Daardeur is julle in staat – met behulp van al die krag van die hemele- om dit te verwesenlik wat die siel beplan om te bereik. Maar, as julle ontwaak en julle gedagtes dadelik besighou met aardse sake soos werk en al die dinge wat die dag vir julle mag bring, het julle die stroom van ewige liefde onderbreek en julle sal nie meer ontvanklik wees daarvoor nie.

5) EK het julle gevra om MY as vriend aan julle sy te sien, as 'n geliefde gas aan WIE jy al jou aandag wil gee. MY geliefde studente, hierdie is oefeninge om julle te help om in julle sentrum te bly waar julle met die hemele verbind is.

6) EK het julle gevra om alles bewustelik te doen. Waar is jou gedagtes gedurende die dag? Is dit in jou sentrum? Is dit in julle innerlike tempel? Doen jy al jou werk vanuit daardie innerlike harmonie of is jy vasgevang in die wêreldse stormloop en gejaagde dade? Maak die wêreldse gebeurtenisse julle bang wanneer julle na die nuus luister? Is julle bang, dra jy vrees in jou?

7) O, kyk nou net, EK wil julle weglei van die menslike denkpatrone, EK wil julle lei tot binne-in julle innerlike tempels, na 'n uitkykpunt wat julle in staat sal stel om vanaf 'n hoër sigvlak te kyk.

8) EK, julle vriend en broer, wil aan julle verduidelik waarom dit of dat moet gebeur, waarom daar so baie lyding om julle is. EK wil oor liefde met julle spreek, wat na julle toe vloei vanaf die hele skepping. EK wil julle innerlike sintuie open, sodat julle hierdie wêreld nie meer net met julle uiterlike sintuie ervaar nie. EK wil hê dat julle moet ingaan in 'n realiteit met julle innerlike sintuie, wat aan julle sal toon dat die lewe wat julle nou lei, bloot 'n skaduagtige bestaan is. EK wil julle sig verskerp sodat julle jul naaste in liefde sal aanskou, in sy siel inkyk en nie meer sy uiterlike dade sal oordeel nie. EK wil julle binne-in die wêreld van die gees inlei.

9) Julle is gees!

10) Julle ware wese is gees! Die kleed wat julle nou dra, is maar net 'n bedekking vir die gees. EK wil julle weglei van julle menslike gevoelens, menslike denkwyse en menslike optrede tot in die lewe wat EK vir julle geleef het. Hierdie lewe van MY is bekend aan julle deur baie gelykenisse in boeke. Maar EK

wil julle ook in daardie lewe inlei wat gedeeltelik geheim gehou is, aangesien die ou geskrifte nooit geopenbaar is nie. Al julle vrae sou al lankal beantwoord gewees het, as die ou geskrifte geopenbaar was.

11) MY leerstelling van liefde is neergeskryf, nou wil EK dat jy dit in jou daaglikse lewe ervaar. Wanneer jy saam met MY deur die natuur wandel, wanneer jy jou deur jou dae met MY in verbinding lewe, sal julle gedurigdeur impulse van MY af ontvang – na die mate wat jy gewillig is om ernstig daarna te strewe om MY te volg. En julle sal julleself meer en meer herken in julle eie aksies en gevoelens wat nie altyd in die suiwer lig van liefde is nie.

12) Julle het genoeg kennis, MY geliefde leerlinge. Tallose biblioteke is gevul met boekekennis. Wat EK vir julle bring, is nie kennis nie, maar WYSHEID, deur die daaglikse uitleef van dit wat julle leer. Deur dit wat julle leer in dade om te sit, leef julle die werklikheid van die waarheid. Slegs op hierdie manier sal julle die innerlike wysheid vir julleself ontsluit en die waarheid herken binne-in julleself. EK SELF is die EEN wie julle altyd dieper in die EWIGE WAARHEID sal inlei, wat slegs begryp kan word deur die een wat liefde verwerklik deur haar uit te leef.

13) Kyk terug na die paaie wat jy tot dusvêr gestap het. Het jy baie verander? Vibreer jy in die liefde vir die hele skepping? Is daar ‘n stroming en ’n polsing in jou wat woorde nie kan beskryf nie?

14) Slegs elke nou en dan kan jy ‘n sensasie waarneem wat in jou siel opbruis wanneer jy byvoorbeeld ‘n sonsondergang by die see sien, of wanneer jy ‘n vallei onder jou beskou vanaf ’n bergtop. Tydens sulke oomblikke kan jy vaagweg die grootheid van die skepping van die ewige heilige ELOHIM verstaan. Dan, wanneer jy HOM in jou innerlike wese bemin, sal jy jouself in HOM wil verdiep.

15) EK wil julle na so ‘n toestand van lewe inlei, nie net vir oomblikke nie, maar vir ewig, want dit is saligheid, naamlik om in julleself te rus. Die kort oomblikke waarin julle dit kan waarneem, is dikwels ‘n toestroming van barmhartigheid van die liefdevolle hart van ELOHIM. Hierdie kort oomblikke is bedoel vir julle, sodat julle na die weg sal begin soek waar jy gedurig binne-in hierdie vibrasie kan bly. Want dit verhef jou bo die aardse gebeurtenisse en sal jou innerlike gevoelens open, sodat jy MY en die suiwer boodskappers van die hemele in jou innerlike sal kan hoor praat met jou.

16) Maar nou het julle nog steeds werktuie nodig. Maar dit is egter nou **die tyd van die laaste dae.**

17) In hierdie tyd word baie geroep om te getuig van die innerlike fontein en om mense te lei na die innerlike waarheid. En hulle is geroep om die mens weg te lei van bande. Moet MY nou nie verkeerd verstaan nie. EK praat nie van mense wat verbind is aan mekaar met goeie bande nie. EK praat van daardie wat in gebondenheid is. Gebondenheid is wanneer jy nie sonder iets kan klaarkom nie. Goeie bande is waar daar geen beperkings is nie, wanneer die verbinding die geestelike vlak bereik.

18) Skakel of verbind met MY, met MY in jou, en jy sal MY oproep hoor, net soos wat EK hierdie aand begin het: “EK het jou by jou naam geroep, jy is MYNE.”

19) Stap saam met MY die skepping in! Wees bewus van MY teenwoordigheid en EK sal jou die rykdom laat peil van geestelike gawes, wat EK, DIE LIEFDE, vir jou wil gee.

20) Elke klip wil sy storie vertel. Elke boom, elke bos gee van haar liefde vir jou; elke bloeisel langs die pad – bestraal deur die SKEPPERGEES VAN LIEFDE- wil voor jou buig. Maar helaas, julle voel nie hierdie liefdesensasie nie.

21) Julle sal die klein vliegies bemerk wat op julle sit tydens ‘n meditasie in stilte, maar die natuurwesens bly verborge vir julle. Tog is julle tydens sulke oomblikke omring deur die wesens van die aarde of van die lug.

22) Ontelbare natuurgeeste leef en is aktief rondom julle. EK wil al hierdie dinge tot julle beskikking stel.

23) Julle wandel blindelings deur hierdie wêreld. Dit was nie altyd so gewees nie, want hulle wat voor julle was, het hierdie wesens gesien, want hulle het in eenheid met die natuur gelewe. Maar in die laaste paar eeue het hierdie kennis egter verflou. Die mens het weggedraai van die wette van die natuur en selfs in opposisie met die natuur geleef, en haar geroep na julle het stil geword. Die mens

kon nie meer die wesens van die aarde, die lug, of water en vuur sien nie. Slegs feëverhale vertel nog van daardie dinge wat nie meer oop is vir die mens nie.

24) Julle is nie bewus daarvan hoe jammerlik julle weë is wanneer julle jul weë gaan terwyl julle koppe vol aardse, swaardrukkende gedagtes is nie. Julle wat die voorbeeld vir die natuurwesens moes gewees het, wie nog nie julle vlak van volwaardige kind van ELOHIM bereik het nie, - julle is minder bewus daarvan as hulle.

25) Die diere wat julle omring het hulle geestelike sintuie ontwikkel. EK herhaal, 'n hond 'weet' of jy ooit jou hand teen sy spesie gelig het, of dit nou in hierdie of in vorige lewens was. Sy gevoelens bind met jou siel. Die diere leef in die skepping en saam met die skepping, maar julle lewe daarteen sonder om dit te besef. As julle gewillig is, sal EK julle na 'n lewe saam met die skepping lei en EK sal vir julle jul innerlike wêrelde open. Die grootste gawe aan julle was julle vrye wil en maak nie saak wat julle mag besluit nie, in die laaste analise stap jy aan MY hand.

26) Mag MY vrede, die seëning in die Naam van die VADER in julle instroom. MY liefde omvou julle – EK herhaal – soos 'n mantel wat EK om julle skouers plaas. Voel julle siele en ervaar die stroom van Krag wat na julle kom vanuit die volheid van julle en MY VADER. Opgehef na 'n hoër bewussyn, gaan julle nou jul weg, vergesel deur MY en deur engele van lig.

**Amein.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 13. oefening

**'n Siel se geheue is ewige geheue - in die oerskepping: Lig en duisternis – skoolplaneet aarde en wêreld rondom ons verander in liefde - kyk met jou geestelike oë - Liefde is oorwinning - DIE GEES VAN DIE MEESTER waai in alle gemeenskappe, elke gevoel, elke gedagte, elke daad, is 'n skeppingsdaad.**

1) MY geliefde vriende, EK, JAHSHUA, DIE MESSIAH is in julle midde. EK was teenwoordig by julle gesprekke, en het soms met erns geluister was met tye geamuseerd. EK het geluister en in julle siele ingekyk en sodoende in julle wesenlike dieptes in.

2) Dit wat nou julle menslike wese voorstel is die resultaat van verskeie inkarnasies. Alles wat in die geheue bank van julle siele gestoor is, nie net in hierdie lewe nie, vorm julle teenswoordige wese. EK sal dit in meer diepte aan julle verduidelik.

3) Soos wat julle in die skool geleer het, is daar aan die basis van jou brein, met sy selle, die breinstam waar al die outonome verwerkingsprosesse plaasvind en die serebellum en dan die serebrum. EK wil nie die biologiese prosesse verder bespreek nie, maar eerder aan julle ware geheue uitwys.

4) Jou siel, wat hierdie skool op hierdie planeet verskeie kere deurgeloop het en verskeie verskillende omhullings gehad het, het niks vergeet nie. Sy het nie vergeet nie en sal nie – tot in alle ewigheid- ooit iets vergeet wat sy ervaar het nie. Selfs vanaf haar eerste bevrugting van die oerskepping, van haar wese as geestelike rots, daarna plante- en toe dierelewe, ken die siel haar samestelling wat afstam van die verskillende elemente vanuit die natuurryke. Sy ken haar samestelling en weet ook dat sy eens op 'n tyd die **suiwer hemele** bewoon het in die vorm van 'n natuurgees. Die siel weet dat sy aan die een kant met die suiwer geestelike skepping geassosieer was en met ELOHIM se kinders aan die ander kant. Dit is hulle wat alreeds die seëning ontvang het, wat hulle oorspronklike kinders van ELOHIM gemaak het, of hulle wat van die eerste goddelike skeppings afgekom het, voor die natuur-koninkryke, naamlik die basiese en toe die ontwikkelende koninkryke eers bestaan het. Al hierdie kennis is gestoor binne-in hierdie goddelike vonk, die gees in die siel, insluitende haar afdaling na die dieptes, maak nie saak wat die rede was nie.

5) Julle het **in julle ‘n ewigdurende geheue –** volgens die betekenis van julle woorde **– ewigdurend.** Niks gaan verlore nie, geen gevoelens, geen gedagte, en geen dade nie. Alles is vir ewig gestoor. En alles wat jy nou voel, as die menslike wese wat jy nou is, is ‘n som van alles wat gestoor is. Maar die onbederfbare suiwer gees binne julle, is bedek deur die omhullings van inkarnasies van die verlede.

6) Soos wat jy die Aarde herbetree vir ‘n addisionele lewe, word die herinneringe van vorige inkarnasies van jou menslike wese weggeneem as ELOHIM se daad van genade tot jou voordeel, maar EK sal dit later verduidelik. Jou gevoelens en ervarings word egter nie van jou af weggeneem nie. Dit is die gevoelens en ervarings opgedoen vanuit jou vorige inkarnasies, want dit word in jou siel gestoor en word deur die siel aan die mens oorgedra. Dit is hoe sy tot onmiddellike affiniteit (aantrekking) en antipatie (afstoting) kan kom.

7) Waarom hou jy onmiddellik van iemand en het jy ‘n afkeer van ander? Waarom hou jy van ‘n sekere land en het ‘n afkeer aan ‘n ander? Duisende en duisende van sulke sensasies en gevoelens beheer jou as mens. Sulke negatiewe sensasies en gevoelens, wanneer hulle negatief is, moet omvorm word na die positiewe.

8) Nou adresseer EK weereens polariteit (duisternis en lig): Die VADER se liefde het die moontlikheid van lig en duisternis in ELOHIM se oerskepping bepaal, andersins was die VADER se skepsele nie in staat om ’n vrye wil te hê, of die wil om vrylik tussen lig en duisternis te kies nie. Beide was daar om deur die geskape wesens ondersoek te word, of dit nou hulle was wat uit die natuur-koninkryke opgekom het, of hulle wat eerste geskape is. Lig was net so aanloklik soos duisternis; dit was die verskil tussen die twee pole: Om te dien en te buig in liefde, of om hulleself te verhoog en te sê: “ EK is meer as jy, ek wil jou nie dien nie. Kyk wat ek met my eie krag kan doen!”

9) ELOHIM het aan SY kinders skeppende krag gegee – elkeen van julle besit dit. Maar elke kind moet egter in homself besef dat hy hierdie gawe van ELOHIM moet gebruik om die skepping in liefde te dien en nie om dit te onderdruk nie. Nóg mag ELOHIM se kind ook nie sy of haar naaste verdruk nie. Dit word aan die kind oorgelaat om self tot hierdie besef te kom.

10) Die basiese vraag vir die eerste wesens van die skepping was as volg: Is ELOHIM, ons ewige SKEPPER ELOHIM oor ons, of is ons SY gelykes? Kan ons nie alles doen wat die VADER doen nie? Kan ons nie alles doen wat die eersgesiene en eersgeborene SEUN, DIE SKEPPER-GEES, DIE LIEFDE, kan doen nie? “Kyk wat kan ons doen”, het hulle gesê, “Waarom moet ons dien?”

11) Hulle het nie herken dat ELOHIM HOMSELF aan SY kinders in die skepping gegee het nie, dat HY SELF DIEN IN DIE SKEPPING NIE. En dit was die VADER se bedoeling vanaf die begin, naamlik om te dien. Hulle het nie herken dat alles wat hulle geskep het – wat julle ook kan skep – op die ou end deur die krag van die ALLES-GEES gedoen is nie. Hulle het gedink dat hulle alles KAN doen deur hulle eie krag.

12) ELOHIM , die VADER laat sy kinders toe, sodat hulle hul vrye wil kan ondersoek. Hulle moes die lig en die duisternis ondersoek om die lig te kan verstaan. Hulle wat altyd in die lig was, kon nie die skoonheid, grootheid en volheid van die lig begryp nie. Maar die wat die dieptes van die duisternis ondersoek het, het geweet wat dit beteken om in die lig te wees.

13) En nou is julle op hierdie aarde uit jul eie vrye wil. EK sê vir julle, dit is ‘n wonderlike planeet. Die intrinsieke deel van hierdie planeet was ‘n geskenk aan die eerste gees wat geval het, Satana. Dit was ‘n geskenk van ELOHIM aan Satana vanaf die tyd toe sy nog in die suiwer hemele was en dit het haar eie planeet geword. Sy het haar saam met haarself die ander die diepte ingetrek. En nie net hierdie planeet nie, maar ook al die materiële sterrewêrelde wat julle om julle sien. Ontelbare wesens het saam met haar na die dieptes gekom om ondersoek in te stel. Vandag, geliefde broers en susters, gebruik EK bewustelik die term **om die dieptes te ondersoek**. Nadat hulle hul weg gebaan het deur die oneindige wydtes, sal hulle terugkeer deur middel van hierdie planeet en saam met hulle, almal van julle.

14) Wat EK julle vandag wil leer is om geestelik na hierdie planeet te kyk. Wat het die eerste ruimtevaarders julle vertel toe hulle die wydte van die sterrehemel aanskou het en die blou planeet

gesien het? In die middel van die kosmos, ‘n blou planeet! Is dit nie wonderlik nie? Julle aarde het saam met Satana van die hoogste mees liggevulde hoogtes gesink na die swartste geestelike nag en sy het nog steeds haar geskenk gebly, selfs hier in die gevalle gebied. Alles wat julle op hierdie aarde het, is maar ‘n flou weerspieëling van die vorige wese.

15) En wanneer julle leer om dit, wat vol lig was, in sy lig te sien en nie meer as duisternis nie, sal julle MY verstaan. O, kyk maar om julle. Gee die skepping haarself nie aan julle nie? Julle sal dalk wil sê: Ja, hier by ons is dit so, maar op die verskeie kontinente is daar honger en nood. EK antwoord julle so: Nie deur die wil van ELOHIM nie, maar is alles deur die mens gedoen.

16) Die aarde is in Satana en haar volgelinge se hande geplaas as hulle klein paradys. “Wanneer jy gereed is,” het die VADER gesê, “Om te inkarneer en oor hierdie planeet te wandel, hierdie skool, kan julle terugkeer huistoe. Maar helaas, Satana het in die wydte van die skepping, wat sy haar eie genoem het, ingekyk en geantwoord, “Nee!” saam met haar al haar volgelinge. Hierdie “Nee” het deur al die eons ge-eggo en EK het die woorde gespreek: “Dit is volbring” aan die kruis. Maar toe was die planeet nie meer wat die VADER eens aan SY nou gevalle kind gegee het nie.

17) Wat nou om julle is, is wat die mens geskep het. Kyk na die jammerlike betonmure van julle stede! Warm asfaltstrate, dikwels nie ‘n boom of plantheining êrens nie. Die mens is egter stadig maar seker besig om sy denkpatroon te verander en te midde van die asfalt-woestyn veg ‘n boom om te oorleef. Steeds gee die boom haarself aan al daardie mense wat in die asfalt-woestyn leef. En soms voel iemand wat verbyloop selfs haar stroming: ‘n Stukkie natuur in die middle van hierdie woestyn, ‘n begroeting van moeder aarde. Kan julle nie medeskeppers wees nie? Is dit nie julle plig om die strate en huise weer groen te maak nie, om weer plante in julle huise in te bring nie? Die plante juig omdat hulle julle kan dien. O, herken dat julle deel is van hulle, dat julle in julleself elemente van die plante-, die mineraleryk en selfs die natuurwesens dra – **alles is binne-in julle!**

18) Laat EK julle herinner aan julle siel se geheue! Julle is die kroon van die skepping, ‘n volmaakte skepping van ELOHIM, ‘n kind van die VADER met vrye wil om te besluit, asook met skeppingskrag oorgedra deur die SKEPPER. Dit is aan julle oorgelaat om die aarde te formeer op so ‘n wyse dat niemand honger ly nie en dat julle weereens in liefdevolle gemeenskap sal bly en dat daar eenheid sal wees. Julle behoort met mekaar te lewe en nie teen mekaar nie. Moet egter nie aan vêrafgeleë plekke dink nie, maar dink aan jou eie omgewing. **Verander die wêreld om jou en die aarde sal sigbaar vir julle verander!**

19) Dan sal julle ervaar dat alles wat julle omring julle met vreugde sal dien. Dit sal egter nie gebeur wanneer julle dinge op ‘n eiesinnige wyse gaan doen nie, - dit is wanneer julle ‘krag wil uitoefen’ op die ou manier van die gevalle kinders. Al kan julle leer hoe om die krag te ontwikkel om geeste aan julle gehoorsaam te maak en kan julle dit uitoefen, omdat julle die krag in julleself dra, moet julle weet dat alle krag en mag teen julle sal draai in julle volgende inkarnasie of in die een daarna. Wee hom wat sulke paaie betree het en wie die skepping aan hom onderdanig gemaak het deur dwang. Hy het inderwaarheid ‘n pyl uitgestuur wat ‘n wentelbaan sal voltooi en hom met volle krag in die rug sal tref. Alles wat gedwing was om hom te gehoorsaam, sal in opstand kom en teen hom draai.

20) Aangesien die mens die kroon van die skepping is, kan hy – deur die krag van sy geoefende gedagtes – die skepping regeer. Deur die goddelike wette egter, sal elke krag en mag teen die gebruiker draai om van hom te onttrek. Dit sal hom vervolg in die volgende inkarnasie ten einde alle bose dade aan hom terug te gee wat hy aan die skepping en al sy wesens gedoen het deur sy eiesinnige dade. So ‘n persoon sal dan siek in sy verstand en gees ronddwaal in geestelike institusies (agter tralies) en sal uiteindelik leer dat oorwinning nie deur dwang behaal word nie, maar uitsluitlik deur liefde.

21) Miskien het die reeds genoemde siel nie daardie inkarnasie gekies nie, aangesien hy of sy onwillig was om te leer. Die siel was aan haar vrye wil oorgelaat en was toegelaat om dit te gebruik. Maar helaas, hulle teen wie die siel oortree het, is nou sigbaar vir die siel en rondom die siel en dit is waarom sy in ’n kranksinnige toestand opgeëindig het. Met hierdie woorde, laat EK dit net daar.

22) Geliefde vriende, voorwaar, EK smeek julle, wandel met MY, die miskien bergagtige pad van liefde! Gaan saam met MY, stap vir stap! Probeer asseblief, want dit word alles aan jou oorgelaat! Selfs as jy aan die begin nog uit jou verstand optree, sal jou verstand mettertyd plek maak vir die gevoelens van jou hart.

23) EK laat jou hierdie paar sekondes van genade beleef, waartydens jy gevoel het asof jou hart van vreugde moes bars. Dit was EK wat jou vir twee dae lank in hierdie bui laat loop het, ten einde na jou uit te roep: 'Broer, suster, EK is die weg. EK sal jou lei na die EEN na wie jy verlang. Dit is dieselfde pad wat EK geloop het, die weg van Liefde, die weg van nederigheid, soos wat ek dit oor en oor geleer het.

24) EK was mens, met al die gevoelens wat hy op hierdie aarde voel. Vrywillig het EK dit op MY geneem en vrywillig het EK dit stap vir stap oorwin. EK het ook gereeld getwyfel. EK het geworstel met die sprekende ELOHIM in MY, WIE vir MY gesê het HY is MY VADER. EK het al die twyfel ervaar wat julle nou het en nog moet ervaar. Net soos EK egter daardeur gewerk het, sal julle ook daardeur werk. Die voorvereiste is jou wil. En nou kom EK terug na wat EK heel aan die begin van hierdie skoolpad gesê het. Die houding van: "Ja, MEESTER, ek sal met U wandel." word van jou vereis. Daarom is die voorvereiste slegs jou "ja" en jou bereidwilligheid om te probeer. Dan sal EK jou lei na die Liefde, WIE EK IS.

25) Hierdie uitstappie na die skepping, soos wat EK dit voorgestel het, behoort aan julle die natuur deur MY oë te wys. Wanneer julle saam met MY wandel, sal EK deur julle wandel. Wanneer EK deur julle wandel, wandel julle nie as mense nie, maar as dit wat julle in werklikheid is, Seuns en dogters van ELOHIM, die kroon van die skepping. Dan sal julle nie met menslike oë kyk nie, maar met geestelike oë.

26) Julle kan 'n mierpaadjie beskou en julle sal die diertjie aanskou wat 'n stuk hout groter as homself dra. Waar kom hierdie krag vandaan? Met die grootste ywer werk dit om hierdie deel van die skepping rondom elke hindernis te dra. 'n Ligte sensasie kom in jou op: EK het ook die mag, ek is ook op die weg. Net soos wat die mier gretig skarrel met sy las op pad na die nes, is ek ook op pad na die VADERHUIS, terwyl ek al my laste dra. As die klein mier dit kan doen, kan ek ook. En jy voel al amper nie meer jou las nie. Vreugde kom in jou hart in. Weereens was EK weer aan die werk in julle. Hierdie was bloot net as voorbeeld vir julle bedoel.

27) EK wil graag saam met julle stap, nie net op hierdie pad wat EK vir julle voorgestel het nie, maar deur julle hele lewe; want EK wil alle lig aan julle wys; al die dinge wat julle in die chaotiese toestand van duisternis vergeet het. Die lig is slegs deur die mens vergeet, let wel, want die siel dra alle lig, alhoewel sy oorskadu word deur al die hartseer en diepste behoefte van menige inkarnasies. Sy word verblind deur die stryd om die daaglikse brood, sodat julle nou nog net een gedagte het: "Nooit weer nie, o Meester, ek het genoeg gehad! Oral waar my oë kan sien, is daar moord en dood, lyding en nood. "

28) En EK kan net so antwoord: EK het ook hierdie aarde bewandel en tot by die laaste treë van Golgota het EK hierdie aarde geseën. Met elke tree het EK liefde na haar uitgestraal, en EK het gesien wat sy eens was. In die siele van daardie gevalle broers en susters wat hul vrye wil wou verken, het EK die herinnering aan die gedagte oopgemaak van hoe mooi hierdie planeet eens was. En dit sal weereens so wees soos wat EK dit belowe het: Daar sal vrede onder die mens wees, vrede in die dierewêreld. **LIEFDE SAL OORWINNEND** wees, in jou en deur jou en deur elke enkele een.

29) EK het hierdie aarde liefgehad, ook vandag nog en EK bewandel haar geestelik. Julle moet haar ook liefhê, want sy is waarlik 'n geskenk aan julle van die VADER, 'n geskenk van die vrye wil. Wil julle marionette wees of waarlik **kinders** met ELOHIM se erfenis in julle? Kyk op hierdie wyse na die aarde asook jou pad en jy sal MY verstaan. Julle sal verstaan waarom julle op haar loop. Dan sal julle die nood en lyding in 'n ander lig sien.

30) Daar is nie stagnasie of terugwerking soos wat julle dink nie, inteendeel: Die GEES van Liefde waai oral, in alle gemeenskappe, in alle godsdienste, al sal hewige gevegte hier en daar ontstaan. Onthou, slegs daar waar onverskilligheid is, kan liefde nie groei nie. Waar daar ookal twis en bakleiery is, sal die mense eendag moeg word vir alle gevegte, en die verlange sal ontwaak. Hierdie verlange

wat binne elke siel geplaas is, is die verlange na vrede en liefde. Al hierdie gevegte wat die aarde regeer, word voortgebring deur verhoogde liguitstraling, die bestraling van liefde.

31) Selfs wanneer die aarde bewe deur aardbewings, wanneer klimaatsveranderinge plaasvind, wanneer magtige storms stede en dorpe oorval, wanneer groot hittegolwe die mensdom teister en brande heers, werk die omvormende liefde steeds hier. Almal wat bereid is om in liefde in te gaan, kan sien dat daar binne die materiële vuur 'n geestelike brandende vuur is wat suiwer. Terwyl jy deur die vlamme kyk, sal jy die nuwe wese sien wat EK vir jou en jou saam met MY voorberei het! Met elke liefdevolle gedagte wat aan die huidige skepping gegee word, is julle terselfdertyd mede-skeppers van die nuwe geestelike Aarde. En so is dit ook in julle hande, dit wil sê, in die hande van alle mense wat op hierdie aarde woon, hoe die reiniging bereik sal word en in watter graad dit sal plaasvind.

32) Julle weet dat daar 'n soort suiwering moet plaasvind, maar met watter intensiteit die aarde gaan terugveg, lê in julle eie hande, omdat julle mede-skeppers is. Julle is nie net mede-skeppers van julle direkte omgewing nie, maar ook van alle aardse gebeure.

33) Elke gewaarwording, elke gedagte is 'n skeppingsdaad!

34) Laat dit MY slotwoorde wees. Dink daaraan! MY liefde, MY vrede, MY krag en mag vloei na julle toe in die Naam van die VADER om julle te ondersteun in julle daaglikse werk, in julle beroepe en sal julle help wanneer julle ook al gereed is om hierdie hulp te aanvaar.

**Amein.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 14. Oefening

**Dit is goed dat julle niks weet oor julle vorige inkarnasies nie –Ons GESALFDE praat van die probleme wat Hy gehad het terwyl Hy die aarde bewandel het in JAHSHUA - om 'n rolmodel te wees - ons kan slegs dit oordra wat ons self verwesenlik het! – om jou eie vibrasie-frekwensie te verhoog! - Wat ons ookal pla van ander, is ook nog steeds binne-in ons - elke dag omskep ons 'n negatiewe frekwensie tot 'n positiewe! gevalle wesens het ELOHIM se wonderwerke (diereryk) verander - tuiskoms – om die weg te vind van die 'ek' na die 'jy' en 'ons' - Taak: Om n band te vorm met die wêreld van die diere.**

1) Voorwaar, dit is MY vreugde wat nou in julle harte uitstraal, al was julle gesprekke plegtig en vol somber gedagtes. EK, JAHSHUA, DIE GESALFDE verstaan julle en EK stap saam met julle gedurende julle tye van beproewing.

2) Toe EK hierdie aarde bewandel het, moes EK ook deur hierdie fase gaan. Dit was die tydperk voor MY openbare onderrigting. EK het gevoel hoe MY VADER se krag deur MY pols. EK het geweet dat EK sou moes uitgaan om MY broers en susters Liefde te leer, EK, 'n eenvoudige man van die volk. EK het nie bekwaam gevoel om hierdie taak uit te voer nie, en daarom het EK gedurende vele eensame ure geworstel met ELOHIM, MY VADER, die ure in die woestyn, wat soms tot dae, selfs weke uitgebrei het. EK kon MY uitkykpunt nie herken nie. EK kon nie verstaan waarom EK hierdie aarde moes bewandel nie, waarom EK ruimte moes gee aan dit wat onomwonde in MY op die punt was om uit te breek nie. EK het gevas en gebid, EK het gehuil en gesmeek. EK was alleen, en almal wat MY liefgehad het, kon MY nie verstaan nie en EK kon hulle nie verstaan nie.

3) Hierdie tyd van voorbereiding was MY grootste innerlike stryd. EK moes met Myself worstel ten einde die woorde te kon spreek: "O MY VADER, laat U wil geskied." Eers toe EK hierdie sin uitgespreek het en toe EK dit as 'n realiteit in myself bewerkstellig het, deur alles wat EK tot hiertoe was, aan ELOHIM oorgegee het, toe eers het goddelike liefde, wat tot dan in MY geslaap het, volledig deurgebreek. EK is verander, en EK het onder die mense begin uitgaan en alles begin leer wat EK in MY gevoel het en wat EK van toe af daagliks verwerklik het, naamlik DIE LIEFDE.

4) En aangesien EK daarna begin streef het om die Liefde elke sekonde van MY lewe uit te leef, het MY broers en susters MY verstaan, **want julle kan slegs die dinge aan julle naaste oordra wat 'n alreeds realiteit in julleself geword het**. Al die ander is hol woorde. Hulle sal hom nie beïndruk of aanraak nie, en hulle sal hom ook nie interesseer nie.

5) EK was 'n leraar en tot aan die einde het MY studente MY in baie dinge nie verstaan nie. Maar alles wat EK egter geleer het, is deur MY lewende voorbeeld in hulle as 'n vonk van liefde aangesteek. En hierdie vonk het deur die jare in krag toegeneem, daarom kon die GEES van die Pinkster gebeurtenis oor MY dissipels kom en hulle gevul met die krag vanuit die hemele, selfs toe EK nie meer onder hulle was nie. Ook hulle het uitgegaan om Liefde te leer soos wat EK dit geleer en geleef het.

6) Elkeen van julle is op hy of sy se plek geplaas, MY geliefde broers en susters, hetsy hier in hierdie kring of waar julle ookal mag wees, 'n plek wat die siel vir haarself gekies het. Op hierdie plek van jou kan jy die bloeisel tot volle bloei bring, op grond van julle inspanning.

7) Jy is energie. Jou siel vibreer op 'n spesifieke frekwensie. Hierdie frekwensie kan verhoog word op grond van LIEFDE. Hierdie vibrasie-frekwensie raak julle omgewing. Almal wat dieselfde vibrasie-frekwensie het en wat met julle harmoniseer, hetsy hoog of laag, word daardeur aangespreek. Dit is waarom hulle harte open vir julle wanneer julle oor julle persoonlike ervarings praat. Julle het hul hart oopgemaak met julle vibrasie-frekwensie. Julle het julleself (vir hulle) oopgemaak. Julle het 'n verhouding met julle naaste begin deur van die 'ek' na die 'julle' en die 'ons' te gaan. Dit is nou aan julle oorgelaat om weer julle vibrasie-frekwensie en sodoende die frekwensie van die hele sirkel te verhoog

8) Dit is nie so moeilik - soos wat dit vir julle mag lyk nie - om te alle tye liefde te wees nie. In die begin sal julle dalk net in staat wees om naasteliefde in die gees te stuur, soos wat EK dit aan julle verduidelik het, want julle naaste kan negatief ingestel wees teenoor julle. Hierdie gedagtes is nog nie liefde nie (soos wat julle liefde geestelik stuur), omdat julle gewaarwordinge steeds die van weerstandigheid is, of dat julle nie met julle naaste saamstem nie. Maar as julle bereid is om die ligstraal 'liefde' te stuur en begrip te hê en alles te vergewe, dan sal julle, MY geliefdes, by julle naaste uitkom. Dit sal op die allerminste die frekwensie van liefde in julle naaste aanraak en laat vibreer.

9) Slegs deur en deur, as julle voortgaan om julle naaste te verstaan, as julle hom of haar aanvaar met al sy maniere, optrede en dinge te sien, wanneer julle deur hom sien en sy ware wese, sy siel raaksien, sal die gevoel van liefde op hande wees.

10) Hier is 'n voorbeeld: Julle het groot probleme om met 'n kollega oor die weg te kom. Hy plaas rotse op julle pad. In werklikheid is dit vir julle 'n manier om na die lig op te styg, want as julle slegs sonnige dae in julle lewens gehad het, sou die stryd voor die oorwinning nie daar gewees het nie, en daarom sou die kans om te oorkom en liefde te word nie daar wees nie. Wanneer 'n ander negatiewe gevoelens na julle toe bring, is dit baie moeiliker om iemand se swakhede te oorkom, as wanneer iemand met liefde na julle toe kom. Wanneer julle julleself egter oorwin, het julle waarlik 'n groot stap gemaak na die lig van die ewigheid, na ELOHIM. Hoekom? Slegs op grond van julle naaste se optrede en deur julle naaste nie terug te betaal met dieselfde munt nie.

11) Solank as wat julle voel dat julle moet terugkom met 'n soort terugbetaling, volg julle MY nie. Op daardie oomblik, wanneer so 'n gewaarwording in julle opkom, dink aan MY en aan MY pad na Golgota. Die Vader sal julle beloon met 'n straal van barmhartigheid direk vanaf Sy VADERHART, sodat julle die menslike aspek van julle medemens, met wie julle sukkel, kan verstaan deur sy siel te herken. Miskien sal julle sien dat hy ongelukkig is, dat hy platgeslaan is oor dit of dat, miskien omdat hy nie sy bevordering by die werk gekry het nie. Het elke persoon op hierdie aarde nie sy of haar probleme nie?

12) Kyk nie na die menslike kant van julle naaste nie**, maar waak telkens wanneer julle geïrriteerd voel teenoor julle naaste.** Maak telkens weer die verbinding met julleself en kyk wat is die werklike irritasie in julleself, want dit het te make met die wet van "soortgelyke vibrasie". Die optrede van julle naaste sou julle nie gesteur het as julle nie dieselfde vibrasie-neigings gehad het nie! Julle het 'n frekwensie uitgestuur en die resonansie word na julle terug gereflekteer, of andersom.

13) Julle is energie en energie vibreer, en alle mense rondom julle is in 'n sekere vibrasie-harmonie of disharmonie. Dit geld nie net vir mense nie, maar ook vir die hele skepping. Alles vibreer en alles het resonansie. MY geliefde vriende, as julle die betekenis van hierdie woorde verstaan, sal julle ook die weg verstaan wat EK julle leer. **Dit maak nie saak watter negatiewe ding julle moontlik bereik het nie, julle het dit eerste uitgestuur**. Daarom leer EK julle die stapsgewyse transformasie van alles wat negatief is na die liggevulde toestand. Terselfdertyd het EK dinge uit MY eie lewe gedeel om julle te troos en om julle die volgende te laat weet: “Dinge kan nie van die een dag na die volgende verander nie. Die pad huiswaarts na die VADER is 'n pad wat julle stap vir stap moet neem.”

14) Indien julle besluit om elke dag een negatiewe resonansie in 'n positiewe te omskep, doen julle baie. EK leer julle die liefde vir die skepping, omdat daar nie soveel negatiewe resonansies uit die plantwêreld na julle sal terugkeer nie, as wat julle byvoorbeeld sal ervaar vanuit die dierewêreld, aangesien die mensdom erg daarteen oortree het. Dink net aan die baie diere wat pyn en lyding aan die hand van mense gely het.

15) EK het gesê: Dit is goed dat julle niks van julle vorige inkarnasies weet nie, want elke lewe behoort nuut vir julle te wees met 'n nuwe kans. Benut hierdie nuwe kans! Nie net is jou lewe 'n nuwe kans nie, maar elke dag is, MY geliefde studente! Elke dag is 'n nuwe geleentheid om dit vroliker te omvorm as die dae vantevore, terwyl julle kragtiger na die lig van die liefde wandel as die vorige dag.

16) Wat julle so onrustig maak, is julle soeke na die innerlike middelpunt, is julle soeke na MY, na die eenheid met ELOHIM. Uitbreiding van bewussyn is slegs een frase daarvoor. Hierdie uitbreiding van bewussyn word nie uiterlik bedoel nie, maar lê binne-in julle. Wanneer julle in innerlike harmonie ingaan, wanneer julle in vrede met julself is, wanneer julle julself aanvaar het soos wat julle is, en wanneer julle voortgaan vanaf hierdie sentrum, die tempel binne julle, sal julle vol vreugde wees. En die vibrasie-frekwensies wat julle uitstuur, sal vol lig en vreugdevol wees. So kom die liggevulde wese en vreugde terug na julle. Dit is 'n proses wat tyd neem, dit groei stadig en standvastig. EK het bloot gevra vir julle "ja", vir julle bereidwilligheid om te probeer. As julle bereid is, draai dan na MY toe as julle vriend en broer aan julle sy. EK is nie die vêraf ELOHIM nie. EK IS DIE LIEFDE in jou, so naby dat jy dit nie eers kan begryp as die mens wat jy is nie.

17) Julle is nie in staat om MY vibrasie van liefde op te neem nie. Daar was oomblikke in julle lewe toe julle MY intensief aan julle kant kon voel. Dit was oomblikke van genade. Dit was MY oproep aan julle, die verlange van die VADER, deur MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, vir Sy kind. Nou word dit aan julle oorgelaat om hierdie ure van genade daagliks vir julle te laat leef.

18) Dit sal nie julle as mens wees wat hierdie aarde sal bewandel nie, maar EK deur julle sal wandel. Byvoorbeeld: EK deur julle sal dan deur die ouetehuise gaan. En dit sal gebeur dat MY GEES VAN LIEFDE saam met julle deur die ouetehuise sal wandel en almal sal aanraak wat aan hul beddens vasgekerker is, sodat hulle siele hul sal verheug. Miskien is die gedagtes van die mens alreeds vertroebel, nie meer in staat om 'n duidelike gedagte vas te hou nie, maar die siel verheug haar egter en is bly om die afsluiting van die toets, die wandeling op aarde, te nader.

19) Deur julle oë sal EK met liefde kyk na diegene wat aan julle toevertrou is. Deur julle tonge sal EK praat met die studente (skoolonderwysers word spesifiek hier aangespreek) en met siekes. Deur julle hande sal EK julle broers en susters seën, julle gesinne, julle kinders en julle familielede. EK leef in en deur julle, en julle leef in MY GEES. Dit is die doel, MY vriende!

20) Op pad na hierdie doelwit moet menige stryd gewen word, net soos wat EK dit moes oorkom. EK het die weg vir julle geleef. Volg MY! Erken dat hierdie pad via die aarde vir julle 'n wonderlike pad is, en sê 'ja', ja vir die plek waar julle nou is! Niks gebeur sonder dat julle uit vrye wil daarvoor voorberei het nie, sodat julle alles kan bereik wat julle beplan het om te doen. Sodoende doen julle die wil van ELOHIM wat sy kind roep en hom huistoe wil bring. Hierdie tuiskoms beteken vir julleself dat die ego gekruisig moet word, en dat die kinders die weg sal vind van 'ek' na 'jy', na 'ons'.

21) Laat ons dus voortgaan met die opleiding: Selfs wanneer ons die plantewêreld verlaat en die koninkryk van die diere binnetree, mag julle gewaarwordinge en gedagtes aanhou terugkom na die planteryk, wat haarself telkens weer aan julle gee. Mag julle die simboliek herken wat julle omring!

Want elke ding is 'n simbool, dit is EK in jou wat aan jou alles verklaar. Vir nou doen EK dit deur gevoelens, maar binnekort sal EK dit in die woord doen.

22) Weet julle waarom julle oë nou net die dig toegemaakte knop aanskou? Julle oordink dit bedagsaam ... en julle herken julle eie steeds geslote wese. En julle sal dus goed doen as julle aanhou let op wat die minerale-koninkryk julle wil vertel. Julle kan byvoorbeeld oor 'n klip struikel of sien dat dit daar lê. Kyk mooi daarna. Julle moet groei in 'n liefdevolle verhouding met die omliggende skepping en met haar taal. Dit is ook die uitbreiding van bewussyn, en hierdie uitbreiding gebeur ook maar net binne-in jouself.

23) Laat MY nou saam met julle vorder na die diereryk. EK het julle voorheen geleer dat die mensdom die diereryk verander het deur sy gewaarwordinge en optrede en selfs die dood in die dierewêreld gebring het. Julle taak vir die komende weke sal wees om te verstaan hoe dit kon gebeur het. Kyk om jou na die diereryk!

24) Daar is 'n opmerking in julle kring gemaak dat daar selfs in die dierewêreld baie baklei en stryd is oor die rangorde. En selfs wanneer 'n voël sing, doen hy dit slegs om sy gebied af te merk. Wanneer EK saam met julle deur die natuur sal stap, in die wêreld van die diere, sal julle verskillende ervarings beleef. 'n Voël sal op 'n tak sit voor julle en op so 'n wonderlike wyse begin sing, soos wat julle dit nog nooit gehoor het nie. ‘n Jackdaw (Europese kraai) in die berge, wat julle slegs herken aan sy krysende geroep, kan die tak nader en grondboontjies uit julle hand pluk, kan julle met ’n skuins koppie aanstaar en begin sing met 'n klank wat nie van hierdie wêreld is nie. ‘n Hert wat jou in die bos ontmoet, sal nie dadelik bang weghardloop nie, maar sal stilstaan en selfs 'n paar tree na jou toe loop en jou vraend aankyk.

25) Die wêreld van die diere is ELOHIM se wonderwerk. Hierdie wêreld is gereed om julle te dien; dit is dieselfde in die oer-skepping, in die ewige hemele van die suiwer wêrelde. Die kollektiewe van dieresiele het vrywillig ingestem om die dieptes in te gaan ten einde die mens te dien en 'n vriend vir hom te wees. Selfs deur hulle wou die ewige SKEPPER-VADER Sy kinders roep. Deur hulle oë wou Hy na julle kyk en deur hul eienskappe wou hy julle vermaan.

26) Die gevalle wesens kon egter die diereryk vanuit die wêreld van reinheid nie vir lank verduur nie. Hulle het hul wese met geweld verander, in ooreenstemming met hul idee van hoe die skepping moet wees. En tog, as julle in die oë kyk van die diere wat julle dien, kon die gevalle wesens hulle nie heeltemal verander nie. Dink aan die getrouheid van 'n hond, hoe hy by die graf van sy meester waak. Of dink aan die geduld van skape of julle ander plaasdiere, die lasdiere.

27) MY vriende, loop saam met MY die diereryk binne, en kyk - vir die komende veertien dae - na hierdie koninkryk met MY oë, nie met menslike oë nie. Want deur en deur wil EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, jou wegneem van jou negatiewe denke, gevoel en toneelspel; want selfs in die diereryk is MY wette van vibrasie aktief. Enige vibrasies wat julle na die diereryk bring, sal noodwendig ook vanuit hierdie koninkryk na julle toe terugkom!

28) Wanneer die mens ontwikkel, MY kind, sal hierdie ontwikkeling tot liefde die dier insluit, en die diere rondom hom sal verander, omdat hulle ook deel is van die ontwikkeling en die daaropvolgende verandering. Selfs die kleinste diere sal julle gehoorsaam. Vlieë mag miskien om jou swerm, maar sal jou nie steek nie. Miere sal julle versoek gehoorsaam en sal ophou om deur julle huis te loop. Vlieë sal julle binnenshuis begroet. Julle sal die vensters vir hulle oopmaak. Hulle sal dit verstaan en sal deur die venster wegvlieg. 'n Vlinder sal julle toelaat om haar te vang, want sy het haar weg in julle huis verloor. Sy laat jou toe om haar in die sonlig in te dra. Dankbaar sal sy julle een, twee of drie keer omsirkel, dan sal sy na die volgende bloeisel vlieg.

29) EK het 'n wêreld van baie wonderwerke vir julle voorberei. Is julle bereid om saam met MY hierdie koninkryk van wonderwerke binne te tree? Hier word vir julle 'ja' in julle hart gevra. EK sal jou na hierdie wêreld inlei en jou weglei van jou 'ego-self' na die 'ons', na die eenheid met jou omgewing, met die skepping, met jou naaste en met alles wat jou omring. Wandel dus saam met MY in ooreenstemming met die gedagtes wat EK in julle harte geplaas het.

30) En so seën EK jou in die Naam van die VADER en raak jou aan met MY Liefde - voel dit aan! - en EK sal MY woord van openbaring nou beëindig met hierdie pleidooi: "Kom, liewe broer, kom liewe suster, kom saam met MY en wandel in die lig van die alles-verenigende liefde".

**Amein.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 15. Oefening

**Alles is 'n geskenk vir herkenning - elke dier toon ons iets oor onsself - vegetarianisme maar sonder dwang - diere bestaan uit 'n kollektiewe siel - dra liefde in die diereWêreld in – Taak: Neem 'n dier as jou vriend – oggendgebed**

1) By ELOHIM is alles een. Julle vibreer in HOM en EK, JAHSHUA DIE GESALFDE SY LIEFDE, is in julle midde. Dit was EK al van die begin van julle vergadering. Ja, EK is altyd by julle, aan julle sy. EK stap jou weë totdat jou weë MY weë is, totdat jou menslikheid met jou siel versmelt en EK, JAHSHUA DIE GESALFDE deur jou kan werk, "is" kan wees deur jou. Want voordat EK in alle mag en glorie sal verskyn en vir julle sigbaar sal wees - soos voorspel is – sal EK hierdie planeet deur MY eie loop en die slapendes wakker maak. Julle het julle hand in Myne geplaas, en sodoende stap julle saam met MY op die pad na die lig, die pad van liefde.

2) Julle gesprekke was werklik alles omvattend. EK wil julle nog dieper inlei, vêr buite julle menslike denke, EK wil julle lei binne-in geestelike kennis, wat julle sal verkry vanuit ELOHIM se Wysheid, solank julle bereid is om te streef om die take wat EK julle gee, met al julle welwillendheid uit te voer. Alleen so kan EK julle na julle siel se wêreld van gevoelens lei. Alleen so kan EK die geestelike sfere vir julle open, om sodoende julle bewussyn uit te brei. Liefde is die sleutel tot die uitbreiding van julle bewussyn. Slegs op hierdie manier sal julle verder kan gaan as julle swaar menslike liggaam. Slegs deur Liefde sal julle die kennis verkry wat op Wysheid gebaseer is. Dit is geleefde kennis en ervare kennis. Slegs sodoende kan julle die volgende hoër vlak [vir julleself] ontsluit wat julle soms kan aanvoel, alhoewel julle dit nie kan sien nie.

3) Laat EK julle antwoord rakende julle gesprek oor die **natuurgeeste**, die geeste van die aarde, water, lug en vuur. Voorwaar, alles is lewendig en alles wil met jou in liefde vibreer. Alles wil vir julle oopgaan, en in julle omgewing is daar 'n sekere verwagte spanning in die hele skepping. Asof daar gesê word: Wanneer, o kind van ELOHIM, sal jy bereid wees om met ons saam te werk, gereed om saam met ons na die geestelike koninkryke te stap ten einde die materiële, die minerale, die plant- en diereryk te help?

4) Die natuurgeeste kan net soveel doen. Hoe dikwels het hulle nie die mens om hulp gevra nie? Tog het laasgenoemde blind en doof geword vir hul wêreld. Dit is die rede waarom daar baie vreugde in julle omgewing is; want hulle sien hoe julle lig uitstraal, die lig van die liefde wat vir hulle sê: Hier is 'n kind van die Allerhoogste wat hierdie aarde bewandel - en sy ontwaak. Die natuurwesens wag hierop. Hulle wag om saam met julle om die ou aarde na die nuwe wese te omvorm. EK sal op 'n ander geleentheid meer hieroor praat. Ons sal op 'n later tydstip intensief deur die koninkryk van die natuurgeeste gaan, sodat julle hulle sal leer ken en liefhê, sodat julle meer kan leer oor hul aktiwiteite en met hulle saamwerk.

5) 'n Voorvereiste, MY vriende, is dat julle liefde vir die mineraleryk sal ontwikkel - soos wat julle reeds begin voel het vir die plantlewe, wat nog verder sal moet verdiep. Julle moet probeer om **alle plante ewe lief te hê**, of dit nou 'n eenvoudige grassprietjie langs die pad is, en of dit nou 'n pragtige boom is, wat aan julle baie appels voorsien. Die gras bedien julle net soveel as die appelboom. Die bloeisel verbly julle, of dit nou mooi is soos 'n roos, 'n lelie en of dit nou klein en onopsigtelik is soos 'n madeliefie, 'n viooltjie of 'n vergeet-my-nie. Alle plante spreek die oproep uit: "O kind van ELOHIM,

moet ons nie vergeet nie! Gee ons julle liefde en omvorm ons ook tot in die volgende hoër wese, deur die liefde wat julle aan ons gee! ”

6) Verdiep dus ook hier julle liefdesgevoelens en let op die verskille wat julle nog steeds voel teenoor verskillende plante. Julle sal julleself herken in die verskillende plante, want alles word aan julle gegee vir julle eie selfherkenning. Soos julle weet, is erkenning die eerste stap in die rigting van verbetering. Hoe gereeld het julle nie hierdie woorde gehoor nie? Maar hulle is geldig! As julle meer van 'n roos hou as van die onbeduidende madeliefie onder julle voete, kan julle julself afvra of julle nie opsien na diegene wat iets spesiaals voorstel nie. Of sien julle julself egter as 'n roos in die Vader se tuin. Vra jouself dus af waarom jy nie 'n madeliefie wil wees nie, en indien wel, waarom nie? Waarom wil jy nie 'n grassprietjie wees nie? Waarom nie 'n perdeblom nie? Stel hierdie vrae aan jouself! Dit was 'n kort herinnering aan die koninkryk van die plante.

7) Laat ons nou saamloop na die koninkryk van die diere:

8) Daar is soveel spesies in die **diereryk**, en in elkeen is daar die geleentheid om julleself weer te herken. Elke dier wat julle lewenspad kruis, toon aan julle iets van julself. Die ram langs die pad toon aan jou jou eie hardkoppigheid. Die voël wat reguit teen 'n glasvenster vlieg, teen materie vlieg en dan 'n rukkie roerloos op die vloer lê, heeltemal in skok totdat sy skielik wegvlieg, is 'n simbool vir jou. Die kat wat die boom klim en die voëlnes bekruip, simboliseer jou. Wat wil julle wegskeur vanuit die veiligheid van sy nes? Waar bekruip jy iets of iemand? Op watter punt is die aspek van die jagdier in julle? Of is jy die vreesagtige voëltjie wat in sy nes bibber en vreesagtig die aanval afwag?

9) Julle het gepraat oor vegetariese voedsel. Roofdiere sal jou pad kruis en ander diere reg voor jou doodmaak totdat jy sal ophou om jouself met diere te voed, al beperk jy dit tot die minimum. EK wil egter bevestig waaroor julle as 'n groep gepraat het. Wandel saam met MY, en die vleeslike neigings wat julle ontwikkel het gedurende die verloop van inkarnasies, asook deur julle opvoeding en wat geleer is, selfs in hierdie lewe, sal verminder. Hulle sal julle op julle liefdesweg verlaat, sonder dat julle fanaties sal moet stry teen die drange van julle 'menslike' wese.

10) Asseblief, EK smeek julle, plaas altyd julle ontwikkeling in MY hande! Streef daarna, maar dwing julleself nie daarin nie. Dink aan die diere en hul lyding, wat plaasvind deur die optrede van mense op hierdie aarde. As julle menslike wese egter nog steeds kort-kort smag na dierevoeding, gee daarvoor in, net nie in volle mate nie, maar net soveel as wat nodig is om die drang te bevredig. Soos wat julle op julle pad van liefde vorder, sal julle voeding stap vir stap verander. Hierdie verandering is nie beperk tot enige beperkte tydsduur nie. Selfs as julle hierdie skolingsweg heeltemal geslaag het, sal die laaste julle vergesel solank as wat julle hierdie aarde sal bewandel. Want dan leef EK in julle in die WOORD, en sal julle telkens lei deur die swakhede van julle menswees. Alles wat julle hier leer, sal julle vergesel en julle weer en weer help en ondersteun.

11) Niks moet deur dwang gebeur nie, want MY geliefde broers en susters, geweld het niks in gemeen met liefde nie. Julle moet alleenlik ter wille van Liefde verander. Julle liefde, wat die minerale koninkryk binnestroom, verander haar vibrasie en verhoog dit. Die liefde wat na die planteryk vloei, sal julle eendag dankbaar kan ontvang van al die vrugte wat hulle vrylik aan julle sal gee. Die liefde vir die diere sal julle bevry van julle 'menslike' hunkering na dierevoeding. Slegs hierdie soort liefde is ware vryheid. Alles anders is bloot iets waartoe julle julself dwing en wat vroeër of later sal sorg dat julle drange daarvoor sal terugkeer.

12) Julle liefde vir die mens sal julle wys op julle eie foute en swakhede, want in alle dinge sal julle altyd eers na julle eie negatiwiteit kyk, wat julle sal verander en dan julle naaste in die lig van liefde as broer of suster sien. Indien hy ooit so negatief optree, soos gesien vanuit ’n menslike persepsie, herhaal EK: Julle sal leer om deur die menslike deel te kyk na sy siel en julle sal verstaan waarom hy nie anders kan optree nie.

13) Terug na die koninkryk van die diere, julle het herken dat daar diere is wat julle afstoot, omdat hulle julle op die een of ander manier skade kan berokken. Julle het gepraat van muskiete, perdebye en ander diere ... Aan die ander kant het julle genoeg gevorder in julle ontwikkeling dat die spinnekop aan die plafon jou nie meer steur nie. Inteendeel, jy sien hom as jou vriend. Slegs wanneer julle die

**dierewêreld as die wêreld van julle vriende** voorstel en sodoende in hierdie konsep ingroei, sal julle die liefde vir alle diere wek, selfs vir diegene wat julle parasiete noem.* Die rede is dat julle jul eie swakhede deur die diere sal herken, wat net dan julle pad gekruis het. **Alles in die skepping is jou spieël!** ***(*Sien gedig oor spinnekop aan einde van boek)***

14) Die dierewêreld het homself op hierdie aarde waarlik vrylik aan julle oorgegee. In hul eie spesies verteenwoordig die diere 'n kollektief, 'n kollektiewe siel. Toe hy in die eens suiwer huis was, het hierdie siel-kollektief besluit om die gevalle kinders van ELOHIM hier op aarde te dien. Want Sy is die Gees van Liefde wat in die hele skepping vibreer. En hierdie Gees van Liefde vibreer ook in die diere-kollektiewe, dieselfde diere-kollektiewe wat van die geestelike vlak na die aardse geval het. Hulle het dit gedoen in ooreenstemming met hul evolusionêre moontlikhede, dit wil sê in ooreenstemming met julle TEORIE VAN EVOLUSIE; waardeur hierdie teorie nie korrek is nie, vooropgestel dat alle ander diersoorte uit die enkele sel-amoebe ontwikkel het, deur oorlewing van die sterkste. In stede daarvan, met die toenemende moontlikhede om lewe op hierdie aarde te wees, het die ewige SKEPPERGEES daardie diere-kollektiewe bestraal wat hulleself bereid verklaar het om die aarde binne te gaan. Dit is waarom die ontbrekende skakel tussen die aap en die mens nooit gevind sal word nie. Want die mens het nie uit die eensellige amoebe ontwikkel nie, ook nie die ander diersoorte nie. Die geestelike impuls het van ELOHIM af gekom, van die SKEPPER van LIEFDE, Wie EK is. En hierdie impuls het evolusie gelei en het **nuwe dierspesies in die lewe geroep**. Daarbenewens het die skeppende krag van die voormalige gevalle ligwesens ook 'n rol gespeel.

15) Soos wat EK vroeër aan julle verduidelik het, het hulle hul negatiewe stralingskrag in die diere geplaas wat pas ontwikkel het, en het die suiwer geestelike bestraling verander deur hul eie bestraling. Dit is waarom julle nou versoek word om hierdie transformasie te vernietig, om liefde in die wêreld van die diere te bring, sodat vrede ook waarlik in die diereryk kan wees, en sodat die leeu waarlik langs die lam kan lê, en die kat langs die voël. Julle kan selfs nou al inklim en deelneem aan die wonderlike werk om hierdie wêreld te vergeestelik. Selfs nou kan julle liefde wat na die diereryk uitstraal, alles verander wat nou nog pyn en hartseer vir die dierewêreld veroorsaak.

16) MY vriende, dit is nodig om die vibrasie stap vir stap te verhoog en om die vibrasie van die materiële vlakke af te transformeer na die van die geestelike vlakke.

17) Materie is die energie met die laagste vibrasie. Deur julle krag van Liefde is julle in staat om hierdie energie te verhoog. En hoe meer gereed julle is om meer liefdestraling in julleself op te neem, hoe meer liefde-energie vanuit ELOHIM se volheid sal in julle eie innerlike vaartuig instroom. Julle houer behoort van alle mensheid leeggemaak te word voordat sy haarself met die Krag van Liefde kan vul. Hierdie proses vind plaas deur julle foute en swakhede te herken en deur dit weg te werp. Dan sal ELOHIM sorg vir die vulling van julle houer met oorvloedige mate, terwyl julle jul eie liefde daarby voeg. Sodoende betree julle 'n lewe wat so ryk sal wees aan gawes, dat jou huidige lewe hartseer en duister sal voorkom wanneer jy later daarna sal terugkyk.

18) Wees dus bly, MY geliefde, en wandel die diereryk binne, ten volle bewus van die krag wat julle in julle het. En as julle wil - elke taak wat EK aan julle gee, is in ooreenstemming met julle vrye wil - **gebruik enige dier wat julle wil hê as julle vriend,** of dit nou in julle onmiddellike omgewing is of nie. Gebruik enige dier waaraan julle nou dink, dit sal julle vriend wees! Dink dan aan hierdie vriend vir die volgende veertien dae op 'n baie liefdevolle manier! Probeer om totaal in sy wese deur te dring, en probeer herken waaraan hy jou aan jouself herinner en waar daar ooreenkomste tussen jou en hom is. Op hierdie wyse bou julle 'n besonder noue verhouding met die dier op wat julle so lewendig voor julle oë sien! Soos gewoonlik sal EK julle vergesel.

19) MY liefde en MY vrede stroom na julle en almal wat die pad van liefde saam met julle loop, wêreldwyd. Dit is onbelangrik of hulle hulself Christene noem of gelowiges is van 'n ander geloof. Wat belangrik is, is net die liefde wat in hul lewens geleef word.

20) In hierdie liefde is hulle een met MY, DIE LIEFDE, en sodoende wandel hulle saam met MY. Voel julleself dus in eenheid met al daardie broers en susters van julle en breek die mure van beperking en vooroordeel heeltemal af! Daar is slegs een gesin, die familie van ELOHIM DIE VADER, WIE OOK MOEDER VIR JULLE IS. Ons is almal Sy kinders! Sy seën stroom na julle toe en roep julle op om huistoe te kom. **Amein.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 16. Oefening

**Dier-menslike verhouding: Alles is vibrasie, wat gevolg word deur resonansie - diere neem jou siel-vibrasie waar - vra vergifnis vir diere - herkenning van die meervoudigheid van die wêreld van diere – lering aangaande aansteeklike siektes: As julle nie in liefde vibreer nie, verswak julle immuun-weerstand en die mens word siek - metamorfose [in die kringloop van die menslike bestaan]**

1) Vanuit die ewige huis, straal die suiwer geestelike hemele liefde, vrede en vreugde na julle uit. Alles wat vurig met julle verbind is, stuur aan julle hierdie liefde, vrede en vreugde vanuit die kring van julle naasbestaande geestelike families. EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, is die Een Wie julle lei op liefdespaaie, wat julle siele van alle laste sal verlos, sodat julle weereens kan verenig met diegene wat julle liefhet en oor julle besorg is.

2) My geliefde vriende, om elke keer na die aarde toe te kom, is elke keer 'n moeilike besluit. Elkeen van julle het egter hierdie wandeling, sowel as vorige wandelinge, bewustelik aangepak. Julle het die aardse kleed aanvaar. Julle was bewus van wat gedurende hierdie wandeling in tyd en ruimte na julle toe sou kom, en tog het julle ingestem, selfs vir die hartseer, wat voorheen in hierdie kring bespreek is. Ek sê vir julle, julle het oneindig baie lyding deurgemaak, want **boodskappers van die lig** ly hier in die ryk van die duisternis. Met 'n brandende verlange van hulle siele bewandel hulle die aarde en soek, totdat hulle MY, die GEES VAN LIEFDE gevind het; en dan ook herken - in die menslike kleed - waarom en waartoe die siel ingestem en haar woord gegee het.

3) Alreeds, toe julle die realm van die planteryk verlaat en na die diereryk gaan, bemerk julle dat dit moeilik is **om LIEFDE te wees**; want die diere, wat verander is deur die negatiewe vibrasies van die broers en susters van die val, kan nie anders nie as om hierdie negatiwiteit aan die mense oor te dra nie.

4) Daar is diere wat skade aan mense sal berokken, maar slegs aan diegene wat hulle voorheen skade berokken het. Alles is vibrasie. Enige vibrasie wat uitgestuur word, sal 'n sekere resonansie veroorsaak.

5) Wat hulle gewaarwording betref, is die diere julle vêr vooruit. Intuïtief is hulle in staat om uit julle siel se vibrasie te lees as en wanneer julle jul hand teen een van hul spesies opgelig of mishandel het. Alle diere voel jou siel se vibrasie aan. Dus, wanneer julle julself [geestelik in meditasie] in die diereryk onderdompel en een spesifieke diersoort val julle aggressief aan, vra om vergifnis en los die pyn op wat julle voorheen aan hierdie diere-kollektief toegedien het. Voortaan sal sulke diere vriendelik wees teenoor julle, want hulle sal julle balanserende liefde aanvoel wat julle so aan hulle gestuur het.

6) As julle dus deur diere skade gely het, moet julle die oorsake binne-in julself soek, ongeag hoe ernstig julle beseer is. Parasiete reageer ook op julle vibrasie. Julle is energie en julle stuur voortdurend vibrerende impulse. Die diere sal sulke golwe van vibrasie nader, in die positiewe sowel as in die negatiewe sin.

7) As veral muskiete julle steek, het dit met julle te doen. Hoe gereeld het julle jul hande teen hulle opgehef en doen julle dit nou nog? Daardie diere sal voortgaan om rondom julle te swerm totdat julle julleself herken, binne-in gaan en leer om hierdie lewe ook lief te hê, ongeag in watter vorm sy haarself openbaar, hetsy deur die vlieg of deur die olifant. Die lewe is gees, die lewe is liefde, en elkeen wat lewe vernietig, staan die liefde teë en is dus deel van die oorspronklike val gebeurtenis.

8) Geagte broers en susters, Ek weet dat dit moeilik is vir julle om MY woorde te begryp, en dat julle geleidelik in hierdie gedagtegang sal moet kom. Want julle het soveel parasiete en ongediertes om julle, of dit nou bakterieë is of die grootste muis wat julle tulpbolle opvreet.

9) Alle diere is aan die mens gegee vir hul genot. Die mens self het veroorsaak dat van die diere in sy vyande verander het. En die een wat hierdie ontwikkeling veroorsaak het, word nou versoek om hierdie vyandigheid weereens in vriendskap te omskep.

10) Laat ek bakterieë gebruik as voorbeeld. Lewe sou nie moontlik gewees het sonder bakterieë nie, want julle het hulle nodig. Hulle leef saam met julle in simbiose, help julle in die mees innerlike uithoeke van julle liggaam en sonder hulle kan julle nie bestaan nie. Daar is egter skadelike bakterieë wat julle kan siek maak.

11) En vra julleself nou af: Waarom is daar mense wat telkens omring word deur siek mense wat aan baie aansteeklike siektes ly, sonder dat hulle daardeur siek word? Besef dat hulle die mense onbaatsugtig in liefde dien.

12) Liefde is die hoogste vibrasie. Bakterieë kan hulle wat in liefde vibreer, nie aanval nie! Hierdie mense wat hul dienste onverbiddelik aan siekes en lydendes verleen, dink nie meer aan hulself nie, maar dink voortdurend aan en doen alles ten behoewe van hul naaste. Aangesien hulle nie eers tyd het om oor ou dinge te tob nie, kom negatiewe gedagtes amper nie by hulle op nie. Want een enkele negatiewe gedagte is genoeg om 'n vibrerende kanaal te skep, sodat bakterieë die mens kan binnedring en hom siek maak. Een enkele negatiewe gedagte is al wat nodig is!

13) Julle liggaam is egter goed toegerus wanneer julle vibrasie oorwegend liefde is. As julle in hierdie geval een negatiewe gedagte het, sal julle vinnig genoeg daarmee kan wegdoen om nie beskadig te word nie. As julle nie in liefde vibreer nie, verswak julle immuunstelsel en sal julle menswese siek word. Soveel vir die aansteeklike siektes

14) Daar is 'n aantal ander soorte lyding wat dikwels vrywillig aanvaar word, veral deur boodskappers van lig. Dit is die fisiese gebreke en soortgelyke dinge. Die siel het dit aanvaar om 'n las vir iemand anders te dra wat die duisternis wou verken, sodat hy of sy die lig van liefde vinniger sou kon bereik. Want die stralende lig van so 'n vrywillig gedrae las van swaarkry, sal so helder skyn hier op aarde, dat sy strale tot in die donkerste diepte sal reik en dit sal 'n ander kan beweeg om om te draai.

15) Terug na die diere, hulle veelvuldigheid kan telkemale simboliek vir julle wees, soos wat ek al vantevore gesê het. Elke dag sal julle 'n ander dier ontmoet. Soms word jy omring deur diere wat in die tuin op die grond kruip. Is julle gedagtes op daardie oomblik swaar en naby aan die grond? Klou hulle aan die grond vas? 'n Ander keer sal jy net vlinders en voëls sien wat die lug deurtrek en jubel soos die kiewiet. Let op julleself, is julle dan nie ook vry nie, vry in julle innerlike, net soos die kiewiet? As 'n hond woedend vir jou blaf, het jy nie net dan veroordelende gedagtes oor jou naaste gehad wat die dier by jou opgetel het nie?

16) Daarom, besef julle dat nie net vibrasies van vorige inkarnasies na die diere oorgedra word nie, maar dat julle hele gedagtewêreld haarself aan hulle openbaar. Wie 'n mak dier het, weet waarvan ek praat. Jy hoef net te dink: "Ek gaan die hond vir ’n wandeling neem," en alreeds hardloop die hond vir die leiband en vir die deur, terwyl hy sy stert met blydskap waai.

17) Kyk na die diere, en julle sal sien dat hulle 'n stil telepatiese kommunikasie met julle voer, selfs die perdebye wat julle pruimbome nou geniet. Dit is die gedagtegolwe wat na julle toe kom, soos: “O sien, ons hou ook van dieselfde dinge wat julle graag wil eet. Deel asseblief die vrugte van julle tuin met ons! ” Julle het miskien 'n glas limonade op julle tafel, en alreeds is hulle hier, geroep deur die soetheid, en julle kan die gedagtegolwe voel wat sê: 'Ons het nou iets soets nodig, sodat ons deur die herfs kan kom.”

18) Diere soos muskiete, wat julle as julle vyande beskou, sal na julle gedagtes luister en julle nie meer aanval nie. Hulle sal om jou heen vlieg en dan wegvlieg, en jy sal hulle in die stilligheid seën; want nou is dit nie meer nodig dat hulle jou moet aanval nie.

19) Herken julleself in die veelheid van die dierewêreld, wat die SKEPPERGEES VAN LIEFDE, Wie EK IS, aan julle gegee het om julle vriende te wees! Hy het hulle aan julle gegee as julle vriende, deur wie hierdie SKEPPERGEES julle telkens liefdevol vermaan. En daardeur wys Hy julle al julle eie eienaardighede, wat julle nog steeds in julle binneste dra; nie net die negatiewes nie - verstaan

asseblief my humor - maar ook die positiewes. Wees verheug oor daardie stralende eienskappe wat julle in die dierewêreld ontdek!

20) Is die dienende liefde nie baie, baie groot nie, veral in daardie gebied?

21) Neem julle raad van die mier: Sy hele lewe word net aan een doel gewy, dit is om die hele kolonie te dien! Hou die bye dop ... dit is dieselfde. Dien baie diere julle nie in 'n nederige liefde nie, ten spyte daarvan dat die mensdom veral daardie diere mishandel?

22) Dit is raar dat 'n os 'n boer met sy horings deur die lug sal gooi. Dink aan al die dinge wat moes gebeur het, voordat een so ’n mak dier wraak sal neem vir al die lyding van sy spesie. Geen os sou 'n mens ooit aangeval het, as die mens nie die diere sou skend deur hulle dood te maak nie.

23) In die komende tyd sal ek aan julle sy wees wanneer julle deur die diereryk wandel. En as julle wil, **kan julle hierdie eerste week aan die diere van die grond wy! Gee hulle julle liefde!** Onthou: As die grond nie gewemel het van allerhande wurms en bakterieë nie, sou niks op aarde gegroei het nie.

24) Besef hiermee hoe liefde in diepe nederigheid dien, 'n liefde wat onder julle voete uitsprei sonder om eers raakgesien te word. En wanneer julle die grond omkap, of met 'n graaf omdolwe, hoe dikwels het julle 'n wurm in die helfte gesny? Selfs hierdie wurm is lewe. Die pyn daarvan beteken egter nie die dood nie, maar dis pyn, wat dieselfde is. Hierdie pyn kom met 'n uitroep in die kollektiewe veld van die diere in. Dit is die kollektiewe veld van dienende liefde, 'n liefde wat absoluut dien.

25) Julle kan die tweede week **wy aan die diere wat op die aarde woon, die soogdiere, asook die insekte en miere.** Fokus op alles wat op die aarde en in die aarde kruip. Weereens - straal julle liefde aan hulle uit.

26) Alles wat gebring word om oor julle pad te kom, deur My die LIEFDE, toon aan julle 'n prentjie van julleself. Julle sal voel dat julle alreeds in hierdie tweede week vryer op hierdie aarde wandel.

27) Hier sal julle ook die soogdiere ontmoet wat in retrospek karma veroorsaak by die mens deur hulle aan te val. Wanneer julle sulke dinge raaksien, straal julle liefde uit na die diere-kollektief, sodat julle enige negatiewe siele-vibrasie wat nog in julle was, kan oplos. Miskien het jy ’n plaas besit en moes talle diere doodmaak, want jy het nie van beter geweet nie.

28) Mag julle oë in die **derde week** gerig wees op die hemel en julle aandag gevestig op **alle diere wat - net soos die voëls - in staat is om hulself vrylik bo hierdie aarde uit te lig,** na die lig; net soos die muggies wat in die son dans, en soos die vlinder wat met die grootste gemak van blom tot blom fladder.

29) Dink aan die ooreenkoms, die voorbeeld van die skoenlapper, wat ontwikkel vanaf die kruiper wat eens op die grond gekruip het. Julle gaan ook deur 'n metamorfose. Jy is ook soms soos die kruiper, kruip moeisaam voort en is deur stof bedek.

30) Die tyd sal aanbreek dat julle in 'n byna versteende toestand sal verkeer, nie vorder of agteruit sal gaan nie, terwyl julle nie weet watter kant toe julle moet draai nie, en tot ELOHIM sal roep om SY hulp. Dan kom 'n tydperk waartydens julle die gevangenisstraf in julle menslike kleed met spesiale helderheid sal voel. Dit sal 'n tyd wees waarin dit sal lyk asof niks vorentoe of agtertoe beweeg nie, wanneer julle nie sal weet wat om te doen nie. Dit is 'n tyd waarin julle na ELOHIM sal uitroep, wanneer julle die gevangenis van die menslike kleed met spesiale helderheid sal voel: Dit sal ten tye van rou en nood, siekte en pyn wees.

31) Wanneer julle hierdie stadium deurgegaan het, sal julle jul vlerke uitsprei in die sonlig van liefde, in die sonstraal wat julle aangegryp het. Met verbasing sal julle om julle kyk, julle vlerke wyd uitsprei en na die lig opstyg.

32) Julle, my vriende is op hierdie oomblik besig om julle vlerke te sprei. Julle is nog steeds ietwat verras en kyk onseker in die stralende lig in wat julle omhul. En ek roep tot julle: "Helaas, vlieg!" Maak julle los van die bande van hierdie aarde, van hierdie swaarmoedigheid en styg op na die LIEFDE Wie EK IS! ”

33) In die vierde week kan julle heeltemal draai na die dier wat vrees en verskrikking in julle veroorsaak, wat julle naar maak, en probeer eerstens net om liefde vir hierdie dier te stuur. Probeer dit telkens in my Liefdeslig te plaas! Miskien sal julle nie dadelik slaag nie, maar aangesien Ek, die LIEFDE, aan julle sy is en julle deurdring met My krag, sal julle ook hierdie liefdeskrag word, solank julle gewillig saam met My kan wandel.

34) Die afsku en vrees wat julle vir die spesifieke dier voel, sal julle al dieper in die lae van julle siel lei. Julle sal die oorsake van hierdie gevoelens op die regte tyd herken - sommige dadelik en ander later. Deur julle erkenning, sal julle afgryse verdwyn en julle sal die suiwerste liefdesgevoelens teenoor hierdie diere-kollektief voel; want selfs hierdie dier is lewe, dit is liefde.

35) En sodoende help julle daadwerklik om alles wat binne die diereryk, wat voorheen met negatiwiteit na julle gekom het, te transformeer en met lig te vul. Julle is medeskeppers van die nuwe Aarde. Julle is mede-skeppers van die diere, wat lank gelede - toe hulle nog vry rondgeloop het in die suiwer geestelike wêrelde - ingestem het om hulself gesamentlik aan julle te gee in dienende liefde, as julle vriende, as metgeselle op die weg. Wees verheug oor hierdie verhewe taak, naamlik om die veranderde diereryk na sy suiwer geestelike wese te kan terugbring!

36) Nog 'n paar woorde rakende 'n ander onderwerp, wat, laat ek dit met julle menslike woorde uitdruk, in my hart is. As julle na die media van vandag kyk, moet nie veroordeel of oordeel nie, al is die mens hoe venynig. Probeer om My liefde in daardie negatiewe gevoelens te plaas, wat uit menslike opvattings en denkwyses ontstaan het! Dink altyd daaraan dat alles wat gebeur, sy oorsake het, en dat niks ooit met iemand gebeur, wat hy of sy nie in die laaste ontleding veroorsaak het nie!

37) En om dit nog een keer te beklemtoon: Die huidige oortreder van iemand se lyding is gemartel of vermoor, sodat hy of sy nou optree op die manier waarop die media berig, wat hy ook al voorheen ervaar het. Probeer om die gelykstellingsaspek in alles raak te sien.

38) Soos wat ek aan julle meegedeel het, hierdie keer is dit van kritieke belang. Aangesien elke gedagte kreatiewe energie is, moet julle daarop let dat julle gedagtes altyd deur liefde gedra word! Al is julle nie in staat om te verstaan hoe die mens so wreed kan optree nie, smeek ek julle om liefde in al julle gedagtes te plaas. Stuur woorde van seën in My VADER se Naam, al voel jy dit nog nie in jou menslike hart nie. Hierdie geseënde woorde van julle innerlike wese is genoeg om al die verskriklike dinge wat nou ongebreideld op hierdie aarde voortwoeker, te beëindig. Mag daar uiteindelik lig wees - sodat die laaste uur kan voltooi - lig vir die ewige dag van Liefde en Vrede. Dus seën Ek julle en al my menslike broers en susters in hierdie hele aardse sfeer in die eenheid met ELOHIM, die VADER-MOEDER-GEES. Die liefde omhul julle, die liefde vergesel julle. Wees daarom ook liefde!

**Amen.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 17. Oefening

**Diere: Daar is geen fout [oneerlikheid] in hulle nie - die kollektiewe sonde van die mens rakende die diereryk - om alle diere ewelief te hê - om hulle te verhoog na die volgende hoër vibrasie - begin en eindig die dag deur jouself met ELOHIM te belyn – plaas jou wese in ELOHIM se hande - Gedig: Liefde vir die spinnekop**

1) MY geliefde vriende, EK groet julle en EK is in julle midde. Vrede en Liefde stroom voort uit MY hart, stroom in julle in en versterk julle op jul pad. Hierdie pad lei na ’n volging van MY pad, wat EK voor julle uitgeloop het. En net soos wat EK in MY jeug gestap en geleer het, stap vir stap om ELOHIM MY VADER binne-in MY te hoor, het EK, deur HOM, geleer om die liefde vir alle wesens te ontwikkel op dieselfde manier wat julle nou hierdie pad gaan stap.

2) Dikwels het Ek die wildernis alleen opgesoek, met die klippies langs die pad gespeel, blomme, gras, bome en bosse geniet en ELOHIM gedank vir die vrugte. EK het die taal geleer van die natuur en die skepping om MY. EK het in die harte van die diere ingekyk en het begin om hulle besonder lief te hê. EK het dit baie vroeg besef dat die mens anders praat as wat hulle dink. MY wêreld van waarnemings was baie ontwikkeld en so het EK die mens se geveinsde natuur aangevoel. Hulle woorde was soet soos heuning, maar hulle gedagtes was bitter soos gal. Maar wanneer EK na die diere gegaan het, het EK een gevoel met hierdie deelsiele, want daar was geen defekte daarin nie. Wanneer hulle doodgemaak het, het hulle dit vir honger gedoen. Ek het van ELOHIM, MY VADER, Wie My verlig het, geweet dat doodmaak slegs deur die gevalle geeswesens in die dierewêreld ingebring is.

3) Met My wese in die realm van die SKEPPERGEES, kon EK duidelik herken dat die karaktereienskappe wat die mensdom op die diere geprojekteer het, nie voortgekom het vanuit die negatiewe realm nie, maar dit was op hulle afgeforseer deur die mensdom self. Daardie diere wat aan die mens as hul vriende gegee is, is gou gejag en doodgemaak en hierdeur is droefheid in die hele skepping ingebring. Hierdie droefheid het toe ook oor die mensdom gekom.

4) Alle lyding wat nog ooit aan die skepping toegedien was, moet omvorm word deur die mens. Dit is waarom EK julle volkome Liefde leer, wat julle nou nog nie eers ten volle kan begryp nie. Vir te lank, hopeloos te lank, het die mens die skepping teengestaan en het nie met die skepping saamgeleef nie, maar teen die skepping en het die diere teëgestaan.

5) Selfs as julle in hierdie lewe nie meer vleis eet nie en selfs vis weier, is julle nog steeds besig om die gemeenskaplike las van die mensdom te dra, wat hulle teen die diere gepleeg het. EK sal dit beter aan julle verduidelik:

6) Julle is op hierdie aarde in gemeenskap met die hele mensdom. Ineen geskakel deur vibrasie, is julle – in die laaste ontleding – besig om saam met mekaar na die ewige tuiste te stap. **Julle is soos een enkele liggaam**, waar elke persoon 'n sel van hierdie liggaam is. **Wanneer 'n persoon, dus 'n sel van hierdie liggaam, pyn besorg aan enige dier, dra die hele liggaam die las van hierdie daad.** Dit is julle taak om die liefde binne-in julle te ontwikkel; want deur op hierdie pad van liefde voort te gaan, word gedagtes van liefde versterk, sodat die selle van hierdie hele liggaam (die menslike ras) wat nog steeds pyn besorg, aangeraak deur die liefdesvibrasie wat julle uitstuur. En geleidelik word hulle sondige selle ook omvorm.

7) Julle sien byvoorbeeld die effektiwiteit van hierdie wet oor die hele aarde, dat die idee van natuurbeskerming en bewaring nou 'n belangrike saak is. Daar is byvoorbeeld die kwessie van bewaring en beskerming van spesies, om 'n veilige hawe vir hulle te vind om hulle van uitwissing te bewaar; die bekommernis om diere weer daar te hervestig waar hulle eens geswerf het en vele ander soortgelyke pogings. 'n Paar jaar gelede het die mensdom min omgegee of 'n dier oorleef het of nie. Maar helaas het meer van my menslike broers en susters ontwaak tot die liefde en begin besef dat met elke dier wat uitsterf, 'n deel van die mensdom ook daardeur vernietig word.

8) Moet My nie misverstaan nie, die siele van diere, asook die van die mens, lewe vir ewig. Hulle is van ELOHIM, DIE SKEPPERGEES, wat van ewigheid af bestaan en tot in ewigheid sal bestaan, behalwe dat hulle omvorm word en opgaan deur al die verskillende vorme van wesens, tot in hoër bewussyn vlakke en opwaarts neig na 'n meer liggevulde wese, totdat hulle die status van Kind van ELOHIM bereik het. Van daar af is hulle bestem om hulle ontwikkeling voort te sit - tot in alle ewigheid - want die lig van Liefde is oneindig. Daarom is die indompeling van die wese in die lig van die GODDELIKHEID oneindig.

9) Laat ons terugkeer na die aarde en die skepping, wat nou in die proses van transformasie is: Diere wat uitsterf sal op die nuwe aarde herrys in 'n geestelike vorm. En daardie mense, wie hulle in liefde na die diere gewend het, al was hulle nie in staat om hulle uitsterwe te keer nie, is die mede-skeppers van die spesifieke vergeestelikte dierspesies. Hierdie spesies sal nie meer doodmaak soos wat hulle dit op aarde gedoen het nie, maar sal in stede daarvan na die lig van die ewigheid draai en sal in liefde met mekaar lewe. Dit beteken nie dat die mens nou nie die geveg moet voortsit om die

spesies te bewaar nie, want deur hierdie geveg vir die diere, word liefde omvorm in dade. Die bekommernis oor die diere is liefde wat haar liggevulde effek sal hê en wat hulle sal lei tot hul verdere ontwikkeling.

10) Alles wat die mens tot die vlak van die gevalle sfere omvorm het, is nou weereens in sy hande geplaas – ten einde die proses terug te draai.

11) Dit is waarom EK julle vra om julle na die diere te wend, veral daardie aan wie julle nie julle liefde kan betoon nie. Want die karaktereienskappe, wat op hulle geplaas is deur die mens, is ook nog steeds in julle en moet deur julleself omvorm word. Sodra daardie negatiewe eienskappe verander is, omvorm is, sal julle in staat wees om julle volkome liefde ook na daardie dier uit te brei. Selfs al het 'n dier jou lelik beseer in 'n vorige lewe, of hierdie lewe, het hierdie dier slegs gewelddadig opgetree omdat jy hom eerste gemartel of doodgemaak het; want geen dier op hierdie aarde sal 'n mens seermaak wanneer hy of sy onskuldig en vry van enige las teenoor die diereryk is nie.

12) Die tier sal by die voete van 'n liefdevolle mens lê en gras uit sy hande eet. Die giftige slang sal homself mak opkrul om sy of haar voet en sal sy tong liefderyk uitsteek om met jou kontak te maak. En in die teenwoordigheid van 'n liefdevolle persoon sal geen dier 'n ander seermaak nie.

13) Besef, MY geliefde studente, dat julle aan die begin van julle weg is, wat die LIEFDE VIR ALLE WESENS IS! Wanneer jy nie liefdevol optree nie, is daar iets omtrent jouself wat jy nie liefhet nie! Waar jy nie liefhet nie, herken jy jouself nie. EK, jou vriend en broer stap saam met julle op hierdie weg van liefde en toon aan julle die swak punte van julle menslike wese en ook van julle siele, sodat die siel smetloos en suiwer kan word en sodat alles wat nog in julle sluimer (as swakheid) kan uitvloei deur die mens.

14) Waarom dink jy dat jy al hoe meer op die diere afkom waarvoor jy bang is of nie van hou nie? EK gaan julle vra, in ooreenstemming met julle vrye wil, om die volgende veertien dae julleself na daardie diere te wend en jou eie innerlike wese te ondersoek rondom die redes waarom jy verskille maak tussen sekere diere, in die kwaliteit van die liefde wat jy uitreik na hulle. Waarom is sekere mense liewer vir 'n hond as vir 'n kat, vir die voëltjie meer as die spinnekop?

15) Solank as wat die diere vlug wanneer hulle jou sien, straal jou vibrasies strome van verdediging uit, in plaas van liefde. Slegs wanneer all diere naby julle bly, maak nie saak watter spesie nie, is julle in die liefdesvibrasie en het julle die eerste vlak van liefde bereik. Die tweede vlak is dat julle alle diere rondom julle sal oplig na die volgende hoër vibrasie. Jou kat sal byvoorbeeld dan nie meer muise vang nie. Jou hond sal vreedsaam wees teenoor alle ander diere en sal nie meer 'n kat of eekhorinkie vang nie, maar sal - deur julle werk van liefde - in eenheid met alle ander diere kom.

16) Daardie diere wat mekaar nou nog steeds doodmaak, sal deur julle liefdesvibrasie omvorm word en sal 'n ander voeding inneem in die toekomstige era. Hulle sal nie meer ander diere beseer nie, omdat die vibrasie wat die mens van vandag sal oordra aan die diere, verander het in liefde. Aangesien liefde die sterkste krag is, sal die diere wat om julle is, opgehef word deur julle krag van liefde en sal omvorm word (tesame met alle ander dinge) ten einde in 'n vergeestelikte bestaan op die nuwe aarde te kan ingaan.

17) Verstaan MY, MY geliefdes, en besef ook hier die verhewe taak wat aan julle opgedra word! Deur hierdie oefeninge te doen wat EK julle gee, sal julle stap vir stap in hierdie verhewe taak ingroei.

18) Moenie jou onvermoë om lief te hê oordink nie, maar tree op soos wat EK dit aan jou leer! Stuur gedagtes van liefde, selfs al kan jou hart nog nie met daardie gedagte konnekteer nie! Die gedagte is die begin van hierdie liefdesweg en as jy daarby bly, sal die gedagte in die gevoel daarvoor oorgaan. Die gevoel sal sterk en kragtig in jou groei sodat jy selfs die rot liefdevol sal kan omhels, selfs al is jy nou nog bang vir hom, solank jy net binne jou een is met hierdie wese se vonk van lewe in die skepping, met hierdie deel-siel.

19) Indien julle bang is vir rotte of muise, vra julleself af, watse gedagtes flikker nog steeds deur julle koppe? Is dit negatiewe gedagtes van daardie soort wat hulle nog nie aan julle bekendgemaak het nie, sodat julle nie eers van hulle bewus is nie? Skenk volgende keer aandag daaraan en julle sal julleself in die spesifieke dier herken!

20) Probeer hierdie oefening met al daardie diere waarvan julle nie hou nie! Verbind hulle met die eienskappe wat julle aan die dier toedig en soek na daardie eienskappe in julleself! Ons sal daaroor praat wanneer ons weer bymekaar kom, en julle sal sien dat julle alreeds baie van julle vrees in hierdie kort tydjie verloor het; want jy, die 'menslike wese', het geestelik gewerk aan wat ookal nog dormant in jou siel was. EK help julle individueel hiermee, elke enkele een van julle, EK julle vriend en broer.

21) Besef dat liefde wêreldwyd geleer word, in die baie klein gemeenskappies, deur MY en ander boodskappers van lig, sodat daar 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde sal wees waarop menslike wesens in eenheid, liefde en vrede met die skepping sal lewe. Julle is nou besig met die voorbereiding van hierdie wonderlike era wat op hande is. Kom dus saam met MY en voer die stappe uit wat na liefde lei.

22) EK vra julle, in ooreenstemming met julle vrye wil, om voort te gaan om nog meer in lyn te kom met MY, julle broer.

23) Hou ywerig aan om julle gedagtes te beheers wanneer julle in die môre ontwaak en rig die gedagtes na MY in eenheid met ELOHIM die VADER en stuur jou eerste straal van liefde in hierdie wêreld in, aan al jou menslike broers en susters sowel as aan die hele skepping.

24) Dit is 'n gedagte wat nie meer as 'n halfminuut hoef te duur nie. Hierdie gedagte word kragtig verlig, omspan die aarde en verbind met alle gedagtes van dieselfde kwaliteit en keer weer terug na julle en vervul julle met vermeerderde liefdeskrag wat oorspronklik deur julle uitgestuur is. Versterk hierdie gedagte selfs regdeur die dag en wanneer julle ookal kan, stuur liefde en vrede in hierdie omgekeerde wêreld in, na al die plekke in nood, na al die plekke van oorlog waar broer teen broer veg!

25) EK vra julle; versterk die gedagtes van vrede, want voorwaar, EK sê vir julle dat daar met elke soortgelyke gedagte vrede nader aan julle sal kom en al hierdie lyding sal finaal eindig. **Probeer om liefdevol en vreedsaam te wees in julle onmiddellike omgewing**, selfs al het julle nog nie met die lering begin nie, wat julle sal wys waarom julle nie van een persoon soveel hou as van 'n ander nie. Begin alreeds nou om selfs die een wat nie baie van jou hou nie, lief te hê, want die tyd stap aan en liefde word benodig!

26) Wanneer jy in die rusfase van jou dag ingaan, wanneer jou dag kalm word, laat MY toe om jou te herinner om die dag geestelik voor jou te laat verbygaan en om jou naaste (die mensdom) en jou sekondêre naaste (die diere) om vergifnis te vra waar dit ook al van toepassing is. En plaas weereens jou wese in die hande van die VADER, in MY hande, sodat jou siel, wat 'n paar tree voor jou 'menswese' is, haarself mag verhoog bo die gewig van die aardse lewe en sodat sy kan help - op geestelike vlak - om die lyding te verminder en liefde te bring na waar sy nodig is.

27) Jou siel slaap nie wanneer jou liggaam rus nie, want wanneer die liggaam in sy diepe slaap val, bevry die siel haarself. Die siel lig haarself op, nog steeds verbind met die welbekende silwerdraad, en - afhangende van watter gedagtes jy gehad het toe jy aan die slaap geraak het - help jou siel MY en die suiwer geestelike wesens met die verskillende take wat verband hou met die transformasie (van die aarde en sy realm) en met die tuisbring van alle siele. Indien die mens baie vas met sy ego gebind was, kan hierdie siel van geen hulp vir MY wees nie.

28) Dink aan MY woorde, MY geliefde studente, MY vriende, MY skape! MY liefde en seëninge is met julle en almal wat saam met julle stap - asook almal wat regoor die aardse sfeer is; want alle mensekinders is verbind aanmekaar deur die band van eenheid, soos wat EK dit aan julle verduidelik het aan die begin van hierdie aand. Een sel staan vir almal en almal staan vir een. Julle is 'n gemeenskap en EK bewandel hierdie aarde geestelik en maak al daardie selle wakker wat voorberei is, sodat hulle sal ontwaak tot die GESALFDE-LIG en na liefde sal strewe.

**Amen.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 18. Oefening

**Gevoelens is die taal van die siel, liefde is die mondstuk - ervaar eenheid met die skepping - die oorspronklike inheemse Amerikaners: Hul lewensstyl, hul lot - die wêreld van natuurwesens - Taak: Herken die simbool van die vuur as suiwering - 'n gedig: Geliefde Vader**

1) Tweeduisend jaar gelede, toe EK, JAHSHUA, DIE GESALFDE MY dissipels om my vergader het op hierdie planeet, en toe Ek hulle die betekenis van Liefde geleer het, het hulle MY ook met groot oë aangekyk en vir MY gesê; "Ons sal nooit kan glo wat U ons vertel nie." EK het hulle geantwoord:

2) "O, MY dissipels, julle moet nie net glo nie, maar tot kennis kom deur julle eie ervaringe."

3) Geloof, hoop en liefde word vereis aan die begin van dissipelskap. Om te glo wat Ek julle leer, om te hoop dat al die veranderinge wat Ek leer verwesenlik sal word in ieder en elk deur Liefde. Dit is hoe die student - met die verloop van sy of haar vele ervarings - vanaf geloof kom na herkenning, dan tot kennis, en dat al die vele vrae wat sal opkom tydens sy geestelike reis, hulleself sal beantwoord in die innerlike wese van die student. Dit gebeur wanneer hy, dit wat hy geleer ken het, verwesenlik het.

4) EK het julle by die hand gevat - deur Liefde - EK het julle na die klip, die plant en die dier gelei, want die mens kan nie bestaan sonder hierdie dele van die skepping nie, hierdie mede-geskapenes. Omdat die mens op die punt staan om sy mede-geskapenes geheel en al te vernietig, bewandel EK nou die aarde wêreldwyd geestelik, en EK werk deur MY eie in hierdie moeilike maar terselfdertyd, heuglike tyd.

5) Wêreldwyd en in alle gelowe is MY GEES van LIEFDE effektief, want hierdie aarde moet weereens opgerig word, al die pad boontoe tot in die suiwerste van sfere, die ewige hemele, deur die einste mense wat eens veroorsaak het dat die Aarde so diep geval het soos wat sy het.

6) Op hierdie oomblik leef julle nog steeds binne jul menslike bewussyn. Julle weet van julle siele, julle weet dat alle gevoelens, wat voortstroom vanuit die mens, nie van die persoonlikheid uitvloei nie, maar eerder vanuit die siel self. Hierby bedoel EK gevoelens soos vreugde en dankbaarheid, maar ook hartseer en pyn. **Gevoelens is die taal van die siel.** Deur hierdie skoling van Liefde lei EK julle na hierdie taal, want julle sal weereens leer om die skepping te verstaan. Want niks in die skepping is dood nie, alles is vol lewe; alles word verlewendig en pols deur die alomteenwoordige SKEPPERGEES. Niks is buite HOM nie, alles is binne-in HOM, DIE ALLES-ALLEEN.

7) Wanneer julle deur Liefde in die siel se wêreld van gevoelens binnegaan, open daar 'n hele nuwe vlak van bestaan vir julle, wat tot op hede nog toe was vir julle. Dit is 'n sfeer wat nie vergelyk kan word met die huidige toestand van aardse bestaan nie. Dit is 'n sfeer waar julle die eenheid met die skepping intensief kan ervaar, sodat niks meer van julle geskei is nie. Alles is ook binne-in julle, of dit nou die klip, die plant of die dier is. Julle sal een wees met alles daarvan, want alles word deurdring met dieselfde goddelike asem.

8) Julle en daarby bedoel EK die hele menseras, staan op die punt om hierdie vlak van bewustheid binne te gaan. Dit is die rede vir al hierdie lyding op Aarde, want al hierdie nood en pyn wat eens deur die mens veroorsaak was, moet nou vereffen en daarom opgelos word. Kom EK gee julle 'n voorbeeld in hierdie kring:

9) Deesdae word die verowering van 'n kontinent gevier. In MY Naam word miljoene mense doodgemaak, menslike wesens, MY dissipels wie in eenheid met die natuur geleef het. Want voorwaar, EK sê vir julle dat geen klip van een plek na 'n ander verskuif is alvorens die natuurlike inwoners nie eers toestemming van die klip gevra het nie. Hierdie menslike wesens was dankbaar vir alles wat aan hulle toegestaan was en hulle het die taal van die plante en diere verstaan. Hulle het geen siekte geken nie en waarom?

10) Die plante het met hulle gekommunikeer en hulle het geweet watter plante vir beserings gebruik kon word en watter plante gebruik kon word om koors te bestry en baie meer dinge. Hulle het nie diere gejag vir die liefde van doodmaak nie, maar het dit net gedoen wanneer die natuur nie genoeg groente of vrugte kon lewer om te eet nie. Hulle het die dier gedank wat homself aan die mens gegee het. Dit was hoe daardie inwoners geleef het.

11) 'n Deel van hulle wysheid word nou nog steeds aan julle oorgedra, 'n wysheid wat die wêreld van die natuurwesens ingesluit het, soos wat hulle dit ervaar het. Julle sal ook tot kennis kom deur julle ervarings, tot ’n geloof wat meer sal wees as net 'n geloof, een wat 'n wete sal wees.

12) In MY Naam is die inwoners van daardie kontinent byna uitgewis. Selfs vandag word hulle uitgedruk deur die witmense, uitgedryf en onderdruk, verag weens die kleur van hulle velle en ook vir hulle lewenstyl in die natuur.

13) En nou vra EK julle, met watter mense is EK meer in MY GEES van LIEFDE, met hulle, of met die wat hulleself Christene noem en wie met die swaard in hulle hand vermoor het? Voorwaar sê EK vir julle, dat hy wat met die swaard veg, sal ook deur die swaard vergaan. Julle ken hierdie 'woord' vanuit die 'skrif'; hierdie 'woord' het waarheid, veral in hierdie tyd.

14) Almal van hulle wat die swaard in daardie tyd gedra het, is nou onder daardie swaard. Dit is die rede waarom daar soveel lyding en nood op hierdie aarde is. Almal van hulle wat in MY Naam tereggestel is, het nou in ander gelowe bymekaar gekom en opponeer hierdie Christendom.

15) EK IS WAT EK IS, een met ELOHIM, die VADER, SY LIEFDE. EK is binne elke volk van hierdie aarde en leef in MY GEES waar Liefde ookal verwesenlik word. Liefde is die hoogste Krag. Die omvorming na 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde word vervul deur hierdie Krag. Die ou dinge het verbygegaan, vrede en liefde sal bestaan en julle sal dan op hierdie vlak van bewustheid wees wat julle tot nou toe nie met julle menslike verstande kan begryp nie. Maar deur die beoefening van hierdie liefdevolle en seënende gedagtes, sowel as julle gevoelens en dade, sal julle in staat wees om dit te bereik.

16) Die volgende stap waardeur EK julle wil neem in hierdie skoling, is die treë tot in koninkryke wat julle nie kan sien nie. Huidig loop julle deur hierdie wêreld en is blind vir hierdie koninkryke. Maar as julle gewillig is om julleself nog meer in die daad van liefde in te dompel, sal die sluier tussen julle en die **natuurwesens** nie meer daar wees nie. Want weet dat wat julle feëverhale julle ookal oor feetjies, kabouters en baie ander dinge sê, is nie feëverhale nie. Inteendeel, dit is die ervarings van heldersiende voorouers en ook van heldersiende mense wat vandag nog leef, en wat die natuur dien in en vanuit die Liefde van die SKEPPERGEES.

**17) Niks is sonder lewe nie**, nóg 'n wolk, nóg die winde en ook nie vuur of water nie. Orals word julle omring deur natuurgeeste wat net wag vir meer mense om tot hulle wêreld te ontwaak. Want wie ookal in eenheid met die skepping leef, sal die blindings voor sy oë verloor. Want dan sal hy die wonderlike wêreld van die dienende wesens sien in die natuur koninkryke.

18) Elke plant, elke boom het natuurgeeste wat hulle versorg. Elke bos word ondersteun in sy groei deur die liefdevolle geestelike hande van die natuurgeeste. Die winde word verlewendig deur die geeste van die lug wat die sade opvat en hulle vêr saamdra, sodat hulle kan groei en floreer op die aarde om julle te voed met hulle groen voedingstowwe.

19) Diere kan die natuurwesens sien. Wanneer jy hulle dophou, sal jy aan hulle optrede kan waarneem dat hulle iets sien wat jy nog nie kan sien nie. Nog nie, MY geliefde studente.

20) EK wil die wêreld van die natuurgeeste naby aan julle bring, sodat julle hierdie skepping ook kan leer ken en daardeur die eerste stap kan gee in 'n meer geestelike wêreld in. Dit is 'n stap wat julle uit julle growwe materiële wese sal lig. Selfs die klein vlam van 'n kers (wys na 'n kers in die kamer) word bewoon deur 'n klein gees van vuur. Op die presiese oomblik wanneer 'n lig aangesteek word, vlieg 'n klein gees baie vinnig na hierdie lig en hou sy delikate handjies beskermend reg rondom hierdie lig. Hy is een met hierdie vlam.

21) Julle moet ook een met hierdie lig word en so sal dit julle taak wees vir die volgende veertien dae, indien julle gewillig is, om van tyd tot tyd 'n lig aan te steek. Staar in hierdie lig in, selfs al kan julle

nog nie die gees van vuur sien nie. Herken die simbool in die vuur - dit is reiniging - en EK sê vir julle: Die wêreld brand, want reiniging betrek die hele aarde.

22) En wanneer julle julleself in hierdie vlam indompel, vra EK julle om met hierdie reinigingsproses te verenig met liggevulde gedagtes en om dit voort te stuur na alle krisisgebiede! Waarlik, EK sê vir julle: Geestelik is julle op daardie selfde oomblik tussen vegtende mense en julle kan vrede en liefde na daardie plek bring.

23) Daar sal vrede wees op hierdie aarde, vrede in alle menseharte en julle is geroepe om te help om hierdie vrede te laat plaasvind - selfs al het jy die gevoel dat daar in die middel van die oorlogsterrein nog steeds hier en daar mense doodgaan, ten spyte van die seëninge wat jy uitstuur, ten spyte van jou gedagtes van liefde en vrede wat jy orals heen probeer versprei. EK sê vir julle dat die siel hierdie impuls van krag sal ontvang, selfs terwyl die mens besig is om te sterf en sal besef dat daar samehorigheid, eenheid moet wees en nie opposisie en onenigheid nie.

24) En wanneer julle deur die natuur stap, probeer om die natuurwesens te voel! Tel weereens jou klein klippie op, jou klein vriend. Op daardie oomblik wat jy hom in jouself inneem, skakel dan ook met die gees van die berge, waarvandaan die klip sy oorsprong het en van wie hy geskei is. Of jy kan met die siel van die aarde verbind in wie se bergplek hierdie klip veilig bewaar was, as deel van 'n massiewe rotsformasie.

25) Alles is GEES, nie net GEES van die asem van ELOHIM nie, maar ook GEES in SY skeppings - en die VADER se gedagtes van liefdeskepping is ontsaglik veelvuldig.

26) Wanneer jy na jou spesiale boom wandel, die een aan wie jy al jou liefde gegee het, wees dan ook bewus van die feit dat ook hy bewoon word deur 'n natuurwese. Verbind geestelik met hierdie gees en jou bewussyn sal bo jou growwe materiële kleed uitrys, verby die menslike wese.

27) MY geliefde studente, stap saam met MY deur die oestyd van die jaar en haar vallende blare en wandel saam met MY deur die skepping van hierdie aarde, wat besig is om voor te berei om in haar winterslaap in te sink en bevry haar net voor die winter op hande is.

28) Julle is in die proses om julleself te bevry, en die (simboliese) slaap van winter met sy wit sneeubedekking, O MY geliefde, dit is die sagte sluier van reinheid wat julle om julleself plaas, sodat julle van hierdie suiwerheid kan intrek wanneer julle herontwaak tot nuwe lewe. Dit is 'n meer geestelike lewe as die vorige ene wat jy geleef het, 'n lewe van liefdeseenheid met die skepping, met julle broers en susters, maak nie saak wat hulle geloof, volk of ras is nie. Almal is kinders van die ewige heilige OERVADER.

29) In SY Naam seën EK julle, sowel as al MY broers en susters van hierdie aarde en hulle wat in die siel geklee is. En EK seën ook die natuurkoninkryke. Baie van hierdie wesens is rondom julle in die vrolike verwagting dat julle gou sal ontwaak tot hulle bestaan.

**Amein.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 19. Oefening

**Herfs: Herinneringe aan verganklikheid. - uiterlik donker, introspektief en liggevul in ons innerlike – bemeestering van ons gedagtes - ontwaak tot bewustelike lewe - meditasie: In na die middelpunt van die aarde, in die oervuur - dank en hulp aan moeder aarde = 'n nuwe taak**

1) MY geliefde kudde, EK het julle by julle naam geroep en julle het na MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, die goeie HERDER, gekom.

2) Waarlik wil EK julle vriend en broer wees en wil die paaie saam met julle stap - soos gewoonlik. Hierdie is paaie wat direk huiswaarts lei, sonder ompaaie, tuis na ELOHIM, MY en jou VADER met Wie

EK een is. Selfs al sou julle hier en daar ronddwaal in die weide van die lewe om hierdie of daardie sappige grassie en blom te pluk, gaan - hardloop daarna en pluk hulle. Julle sal des te vinniger terug wees aan MY sy; want die verlange in julle harte lei julle keer op keer terug in MY arms in. En julle sal voortgaan op die pad van ligklowing, selfs nog nader aan MY wees.

3) EK ken MY skape en MY skape ken MY! **Maak nie saak watter geloof hulle is nie, hulle sal MY aan MY liefde herken.** EK IS DIE LIEFDE VAN DIE VADER, waardeur HY - DIE ALLEEN-ENIGE (ELOHIM) hierdie Aarde bewandel het in MY, JAHSHUA VAN NASARET. Dit is hierdie liefde wat julle tot dusvêr gelei het, vanaf die suiwer ewige tuiste in die suiwer hemele al die pad tot hier, tot binne-in hierdie gemeenskap. En dit is daardie liefde wat julle al die pad tot by julle doel, die BRON, sal lei.

4) In hierdie seisoen van die stormagtige herfsmense, MY aangenome kinders, herdenk hulle wie hulle vooruit gegaan het na die lewe hierna.

5) Alles in die natuur herinner hulle aan dinge wat verbygaan, asook die nuwe wordende; want waar ookal die blare na die aarde toe dwarrel, kan julle alreeds sien dat die takke hulle blomknoppe ontwikkel vir die ontluikende lewe in die lente.

6) So moet julle ook nou julle gedagtes beskou in hierdie stiller tyd van die jaar. Julle moet hierdie gedagtes dophou vir wat hulle is, **sodat julle meesters kan word van julle gedagtes** en sodat hulle nie onbeteueld uit julle sal stroom en gedaantes en vorme skep nie, of hulle nou positief of negatief is.

7) 'n Bewustelike lewe, MY geliefde vriende, is van die uiterste belang want huidig bewandel die mense hierdie aarde onbewustelik of, met ander woorde, in 'n slapende toestand. Net soos wat MY dissipels geslaap het toe EK hulle gevra het om "Bly wakker en bid saam met MY", slaap so baie van MY menslike broers en susters.

8) EK roep uit na almal: "Ontwaak, ontwaak tot bewustelike lewe! Ontwaak en bid saam met MY in hierdie kritiese tye, maar ook in tye van blydskap en omvorming na 'n nuwe en wonderlike era!"

9) Bewustelike denke beteken dat julle MY - en dus ELOHIM - julle eerste gedagtes sal gee in die oggend, soos wat EK julle geleer het. Bewustelike lewe beteken ook dat jy al jou denke in die volmag van die lig plaas, oor en oor, maak nie saak waarmee jy besig is op daardie tydstip nie.

10) Hoeveel nuttelose gedagtes maal daar nie in julle dikwels sware koppe nie? Hoeveel liggevulde gedagtes van vrede en liefde kan jou hele wese oplig en jou menslike wese kragtig verlig?! Herken, MY geliefde studente, dat julle gevoelens en julle **gedagtes affekteer** julle hele menslike liggaam, en natuurlik nog meer julle dade. Maar selfs julle gevoelens en gedagtes affekteer julle.

11) Kom EK gee julle 'n voorbeeld: Jy word wakker in die oggend. Dit is stormagtig buite. Die reën hamer teen die ruite. Die dag is donker en grou. Miskien was jou gedagtes met MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, met ELOHIM DIE VADER, maar jou tweede gedagte was "Wat se mislike weer het ons nie! En nou moet ek uitgaan? Dis aaklig!" -- Hoeveel kere dink julle nie op hierdie manier nie?

12) Dadelik veroorsaak hierdie gedagtes dat jou gemoed sink, jou bewussyn vertroebel en dit maak jou onentoesiasties. Dus sal hierdie dag, wat so wonderbaarlik in gebed en in lig begin is, afgetrek word deur hierdie gedagtes na 'n laer vlak van bewussyn. Jou liggaam sal dadelik in hierdie laer vibrasie begin vibreer. Depressiewe gedagtes, nie net joune nie, maar ook die van ander wat op dieselfde vibrasievlak is, sal na jou toe vlieg en jou bekragtig in jou slegte bui.

13) Hoe anders kon so 'n reënerige, donker dag begin geword het? Jy kyk na buite; dit is nog steeds donker en grys. Die 'mens' kan nie help om hierdie somber duisternis te sien nie. Maar probeer dan op daardie oomblik om die positiewe aspekte in hierdie reën te sien; Het die natuur nie hierdie reën ontsettend nodig nie? Het die natuur nie die storm nodig, sodat hy die blare van die bome kan afwaai sodat nuwe bloeiselknoppe in die lente kan vorm en nuwe blare kan groei nie? Het die natuur nie koue dae nodig, ja ys en sneeu en die kalmte van die winter nie?

14) Net soos wat die natuur hierdie dinge nodig het, MY geliefdes, so het julle ook die donker dae nodig. Hulle is net uiterlik donker. In jou innerlike wese kan hulle salig en liggevulde tye van nadenke wees. Hulle kan tye wees waartydens jy jou kan terugtrek van die raserige wêreld van die somer, van vrolikheid en genot en wat jou kans gee om bestek te neem van die afgelope jaar.

15) Watter van jou goeie voornemens of projekte kan jy nog steeds vervul in die oorblywende maande of dae voor die Nuwejaar op jou is? Jy het verseker voornemens gemaak aan die begin van die jaar, het hierdie of daardie projek beplan en hoe gou het die tyd nie verbygegaan nie - eintlik vir jou weggehardloop.

16) Nou het jy hierdie tyd beskikbaar om oor jou lewe na te dink, want hierdie storm nooi jou nie na buite om in die reën rond te loop nie. In stede daarvan bly jy binnenshuis in die veiligheid van jou huis.

17) Neem dan 'n brandende kers, want lig is die simbool van jou innerlike lig, doen ’n bestekopname en onderdompel julleself in die stilte van jul innerlike tempel. Jou innerlike tempel naby jou hart is nie net 'n klein kamertjie nie, maar dit is die hele skepping. Julle kan nog steeds nie die feit begryp dat alles in julle is nie.

18) Net soos wat julle die kerslig binne-in julle kan neem waarna julle eers uiterlik gekyk het, so is dit met jou klein vriend, die klippie, so is dit met die boom en haar pragtige blare wat van kleur verander het in die herfs; in jou is ook elke dier en waarlikwaar alles. Eers probeer jy om dit met jou intellek te sien, met jou gedagtes, maar later sien jy hierdie lig, hierdie kers binne-in jou, met jou geslote oë. Dit vul jou hele wese, sowel as al die ander dinge.

19) En met jou voortdurende uitbreiding van die bewussyn - slaan ag op die betekenis van die woord **bewussynsuitbreiding** - word jou innerlike tempel van liefde groter en wyer, totdat sy alles bevat, die klippe by jou voete, die aarde waarop jy loop, elke grashalm, elke blom, elke bloeisel, elke boom, elke struik, elke dier, die natuurwesens, alle mense, maak nie saak wat die kleur van hulle vel is nie en maak nie saak watter eienaardighede hulle het nie. Oorvloedige liefde stroom na alles, 'n liefde wat alreeds GODDELIK is, want sy maak nie meer onderskeid nie; want hierdeur is jy alreeds in eenheid met die suiwer engele van die hemele. Maar, julle het egter nog weë om te gaan tot dan, 'n kort afstand wat ONS saam sal stap, as julle gewillig is, MY geliefde skape.

20) Ons het Ons aandag aan die natuurwesens gegee, die geeste van vuur. Met hierdie onderrig gaan julle gelyktydig deur julle reiniging. Die reiniging van julle menslike ego gebeur sistematies totdat die mens waarlik die siel bedien. Nou is dit nog die teenoorgestelde vir die meeste van MY mensekinders; Die siel word geforseer om die 'mens' te dien.

21) Stap vir stap maak jy jou siel los, sodat sy hierdie aarde kan bewandel met haar vloeiende wit kleed aan, wie alle laste op die 'mens' afgegooi het, wie dan al daardie dinge uitgewerk het, want die siel het na die aarde gekom om almal te bedien, liefdevol en in eenheid met alle ligwesens. En dan, MY geliefde, sal alles die siel liefdevol dien en dus ook vir die 'mens' wie homself onderwerp het aan sy siel. Maar dit vereis egter nog 'n paar stappe.

22) In 'n vlugtige **meditasie** wil EK julle nou lei tot in die mees innerlike Aarde, na die OERVUUR, 'n vuur wat weer eendag haarself sal verenig met die EWIGE HEILIGE VUUR van die suiwer hemele, die OERENERGIE van die lewe, wat liefde is.

23) Julle voel die aarde, die planeet waarop julle staan met julle voetsole. Geestelik, en aan MY hand onderdompel julle julleself daarin, regdeur die dieptes van die rotsformasies, deur die waters en tot in die vurige lewe van die OERBEELD van julle moeder Aarde, tot in haar diepste siel.--

24) Vlamme omring julle. Maar dit is nie aardse vlamme nie, maar geestelike vlamme. Dit is die geestelike vuur van verlange, die verlange van jou verouderende moeder Aarde, die verlange om weereens in die geestelike sfere opgeneem te word. Op hierdie oomblik is sy nog steeds die planeet met die laagste vibrasie, maar wat tog geheilig is deur die LIEFDE wat die aarde bewandel het in JAHSHUA VAN NASARET, WIE EK IS. Net soos julle het Ek die aardse kleed aangetrek. En op dieselfde wyse waarop EK eens die klei van die aarde teer gestreel en gesê het: "O Moeder Aarde, kyk, die tyd van verlossing kom nader, jou siel sal EK ook laat opwek saam met almal wat eens die dieptes ingegaan het met die doel om die sfeer van duisternis te verken." Op dieselfde manier moet julle liefdevolle gedagtes uitstraal terwyl julle midde-in die geestelike aardse-vuur is, dink daarom;

25) "O Moeder Aarde, ons menslike liggame was vanuit jou gevorm, ons dank jou. - Ons, jou kinders in die vleeslike kleed, bring aan jou die liefde van die hemele, vrede en die Goeie Boodskap; kyk, in

ons brand die lig van verlossing, nie net in ons nie, maar ook in baie van ons broers en susters, want die tyd van omvorming kom nader. Al die pyn wat ons jou aangedoen het - deur die geslagsregisters van die mensdom - sal binnekort ophou. Saam met JAHSHUA DIE GESALFDE sal ons help om jou opwaarts te dra na die volgende hoër sfeer, tot in die nuwe wese, tot in ’n hoër vlak van vibrasie. Jou geestelike vuur is ons geestelike vuur, want in ons brand ook die verlange, die verlange om huiswaarts te keer."---

26) Keer nou terug na julle liggame. Julle voel nog steeds die vibrasie aan julle voetsole. Julle voel die eenheid met die planeet Aarde, geestelike eenheid.

27) As julle gewillig is kan julle hierdie **oefening** herhaal met julle woorde in die komende veertien dae. Daardeur sal julle geleidelik groei tot eenheid met die Skepping.

28) MY vreugde is met julle. MY liefde seën julle in die Naam van die VADER, julle en alle menslike wesens en siele. Nou plaas EK MY hand op julle hoofde en spreek julle toe: " MY skape, voel die aanraking deur MY, julle HERDER! EK seën julle en die pad wat voor julle lê. - MY vrede sy met julle!"

**Amein.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 20. Oefening

**Die siel se doel en die mens se voorwaardelike vrye wil - die geestelike kragte vloei, veral meer in die donkerder tyd van die jaar – voorbereiding vir MY fees - verdiep julleself in die wêreld van die natuurgeeste! - raak aktief in die goddelike uurwerk van dienende liefde, waar julle ook al op aarde geplaas is!**

1) Donker is die nag, mistig en koud. Maar tog sal hy wat nie deur hierdie duisternis gaan nie, nie die warmte en die lig van die son waardeer nie. Daarom MY geliefdes, het die VADER SY kinders ’n vrye wil gegee, sodat hulle vinnig deur die duisternis kan gaan en vrylik na die lig kan terugkeer. Nooit sal daar weer duisternis wees nie, want die duisternis was deur die hele ewigheid ondersoek en is omvorm na lig.

2) Julle wat deur hierdie donker nag stap, het baie ure van julle lewens gely in die diepste wanhoop en swaarmoedigheid. Daar was bitterheid in julle, nie net teen mense nie, maar ook teenoor ELOHIM, want julle is geleer dat HY, DIE EWIGE LIEFDE, straf. MY skape, nou sien julle egter die silwer rand aan die horison, want die rooi dag breek en die eerste strale van liefde sprei uit oor die stil donker môrelug.

3) EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, is hierdie lig, tesame met almal wat gedagtes van liefde, vrede en seëninge op aarde uitstuur. EK bewandel hierdie aarde geestelik deur hierdie mense en dus ook deur jou, wat besluit het om MY pad te volg. Selfs al sou daar dorings tussen die rotse wees wat julle mag beseer van tyd tot tyd, MY skape, is EK, DIE GOEIE HERDER, met julle om julle wonde te genees wanneer julle op daardie oomblik na MY toe kom.

4) Want EK kan julle slegs help as julle MY daarom vra. Daar staan geskrywe: "Vra en dit sal aan jou gegee word!" As jy nie gevra het nie, sou die deur nie vir jou oopgemaak gewees het nie, want volgens die wet van vrye wil, sal die deur nie toegelaat word om vir jou oop te gaan nie.

5) Dit is dieselfde met die voortstap op die innerlike pad van herkenning. Julle is absoluut vry rakende julle besluit om op die pad te bly.

6) Maar dit is egter die siel se vryheid. Die "mens” het hierdie vryheid maar net voorwaardelik. Waarom? Toe jy maar 'n baba was, het die siel die vleeslike kleed binnegetree met sekere verwagtinge, hoe sy haar lewe wou vorm in hierdie liggaam, wat te doen sou hê met wat sy wou kom leer en vervolmaak. Die siel het dus 'n doel voor oë gehad. Nou het die mens die keuse om die **siel te volg** maar ook om **die siel teë te staan**, maar net vir 'n sekere tydperk. Omdat die mens die beginsels

van die siel opponeer- onthou dat die siel daarna streef om die lig te bereik - sal daar afwykende vibrasies tussen die siel en mens wees. En hierdie afwykings sal hulleself uitdruk as kwale, slegte gedagtes, depressie en, as hierdie "werking teen die siel" aanhou, selfs in siekte. Daarom is die vrye wil van die "mens" voorwaardelik.

7) Dit beteken nie dat mens elkeen wat siek is moet sien as iemand wat teenstrydig met sy siel leef nie; want dit sal die mens mislei om neer te kyk na hulle wat ly aan siektes of kwale. Besef dat daar wel uitsonderings is, dit is, dat daar broers en susters is wie die laste van hulle naastes op hulleself neem, net soos wat EK die kruis van die wêreld op MY skouers geneem het, sodat MY broers en susters nie so swaar hoef te dra nie en die lig makliker kon bereik. **Moet dus nooit oordeel en veroordeel nie.**

8) In hierdie tyd van introspeksie, terwyl julle voorberei vir 'n fees wat opgedra is aan MY geboorte, moet jy, MY geliefde, nie teveel met die uiterlike wêreldse strewe identifiseer nie. Julle moet eerder aan MY woorde dink en probeer om met jou siel te identifiseer en met dit wat sy wou bereik in hierdie aardse lewe. Weet dat die stroming van die geestelike kragte veral baie sterk is in hierdie sogenaamde "donker tye" (seisoen) van die jaar. Hy wat homself oopmaak vir hierdie kragte, hy wat homself meer deurlaatbaar maak vir die liefde van ELOHIM en ontvanklik word daarvoor, kan 'n volheid van genade ontvang en dit oordra aan hulle wie vir hom belangrik is. EK sê vir julle, MY skape, julle geliefdes is meer geseënd met hierdie hemelse gawes, as met enigiets van materiële waarde.

9) Maar selfs 'n uiterlike geskenk kan seëning bring, as dit met liefde uitgekies word en dit die seëning van die gewer dra. Maar bedink altyd die volgende: Wat is enige aardse geskenk in vergelyking met die volheid van die VADER se LIEFDE? Daar sal lig wees op die Aarde, lig in al die harte van die mensekinders, lig in al die wanhopiges. Daar sal lig en vrede wees in diegene wat vrede kort, lig en liefde in die harte van al die vlugtelinge wat deur die ervaring gaan waar hulle hulleself afvra: Wat en waar is huis op hierdie aarde? Slegs deur hierdie ervaring besef die mens dat die Aarde nie huis is nie, maar dat ewigheid die huis is, huis is die ewige wese.

10) EK vra julle dus om die komende weke retrospeksie te doen. Ontvang die volheid van liefde, beginnende nou dadelik en elke dag 'n bietjie meer. Maak julle aardse houers leeg van al julle menslike bekommernisse en nood. Ledig julleself van alle hartseer en negatiewe ervarings. Ledig dit deur liefde en open julle houers sodat die volheid aan julle gegee kan word. En wanneer julle jul paaie saam met MY bewandel en keer op keer met MY verbind, sal julle ontwaak tot 'n bewustelike lewe in MY en met MY. Laat MY die vriend aan jou sy wees. Laat Ek saam met jou stap deur die skynbare donker dae, sodat hulle geheilig kan word deur julle denke, gevoelens, dade en julle spraak in en van MY GEES van LIEFDE.

11) Wanneer julle gereed is om met MY in hierdie GEES te wandel, sal die natuurgeeste se wêreld van gevoelens nie meer vreemd wees vir julle nie. Wanneer die oggendmis in die strate, velde en woude verdig, sien dit dan as die simbool van die sluier wat tussen julle aardse wêreld en die geestelike lê. Slegs die son van liefde is nodig om die mis te laat lig. Dit vat net jou son, want elkeen van julle behoort 'n son te wees, en die mis sal verdwyn. Dan sal die geestelike wêreld nie meer vir jou verborge wees nie, naamlik die geeste van die elemente van vuur, water, grond en lug. Ja, want dan sal die geestelike wêreld - wat jou tans beskerm en met liefde omring - nie meer vir jou verborge wees nie.

12) Deur hulle aan te voel, sal julle jul eerste kontak maak, MY geliefde studente. Byvoorbeeld: as jy in die mis inkyk, is daar nie dansende waternimfies in hulle vogtige element nie? Voel julleself in hulle wêreld in, soos wat hulle hul hande sagkens uitsprei in die mis, oor die blare wat geval het, ten einde die geestelike proses van omvorming te bevorder: Blare val na die aarde om voeding vir die bome te wees, vir bosse, grasse en blomme. Voel aan hoe alles beweeg en werk sodat nuwe lewe weereens in die lente kan ontwaak! Dompel julleself in die toweragtige wêreld van die natuurwesens! Toweragtig - dit is wat julle dit noem - is die chemiese prosesse aan die werk.

13) Die verstand glo dat dit so gebeur. Maar weet dat niks sonder die geestelike krag kan gebeur nie. Waar hierdie krag ookal nie aan die werk is nie, is daar ledigheid, stagnering en niks gebeur nie. Net soos ’n horlosie, kom alles tesaam, een wiel wat die ander dien. Die kleinste meganiese part vervul sy funksie, net soos die groot son wiel en 'n baie groter een, jou naaste naaste, jou sentraalson in jou omgewing; Met jou naaste naaste, bedoel EK (die son) glad nie vêr nie - kosmies gesien - maar vir julle mense heel onverstaanbaar. Julle sal ook julle plek in hierdie GODDELIKE horlosie inneem en liefdevol dien. Julle behoort julleself saggies neer te vly, soos 'n blaar wat van 'n boom afval in die wind van die VADER se liefde. En julle behoort SY wil toe te laat om julle te waai na waar ookal julle in liefde kan dien. Dit is julle **taak**.

14) EK seën julle, elke liewe een van julle in hierdie sirkel, en elkeen - naby en vêr - wie hierdie pad vreugdevol saam met julle stap, die pad van hierdie Liefdesonderrig, en EK seën elkeen, want op die ou end stap almal na die dieselfde doel, ELOHIM, DIE HEILIGE OERVADER. MY vrede sy met julle. Engele vergesel julle.

**Amein.**

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 21. Oefening

**Is ons marionette of soos stukke op die skaakbord? - hoofde word gespeel - die jagters word gejag - die magtiges word aangedryf deur hul vrese - Vraag: Deur wie word hulle gespeel? Antwoord: ELOHIM leer: “Vader, ek het geleer dat U krag beteken om ander in liefde te dien” - aktiwiteite van natuurwesens - wetenskaplikes ken nie die werk en weef, omvorming en transformeer deur die hande van die natuurgeeste nie - verklaring - betekenis van sprokies en mitiese verhale (feetjies, elwe, kabouters en devas) - die aarde is 'n planeet van suiwering - om weg te kom van die ‘ek’ na die ‘jy'.**

1) Die vrede van die hemele roep uit na julle. EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, is in julle midde. Geamuseerd deur julle verbale gevegte, kyk ons, wat van die gees is, na julle menslike gedagtes. Vol oortuiging sing julle die woorde van liefde, hoedat EK julle in die eenheid met ELOHIM DIE VADER inlei. Maar die EWIGE ALLEEN-ENIGE (ELOHIM) lei egter nie net vir julle nie, maar lei al SY kinders, elkeen op sy eie individuele pad. Laastens, die Krag van Liefde regeer dus, selfs al buig hierdie Krag van Liefde diep voor elke kind.

2) Julle het daarop uitgegaan om hierdie geheim te verstaan. Julle het kosmiese wydtes [en breedtes] deurloop om die duisternis hier, in die sfere van die gevallene, te ondersoek, en om 'n lig te wees in hierdie duisternis, toegerus met die volheid van hemelse gawes, wat liefde, barmhartigheid, geduld, begrip, sagmoedigheid en nederigheid behels. Julle ontvang van die goddelike volheid en julle vra die vraag: "Is ons nie almal marionette op hierdie Aarde wat beheer en vorentoe en agtertoe gestoot word soos skaakstukke op 'n skaakbord nie?" Kan julle die humor in MY woorde optel? Elkeen van julle is 'n kind van die ALLERHOOGSTE! Hoe vergeet julle jul ware wese terwyl julle in jul menslike kleed is?

3) Wie kan dit waag om hierdie kind van ELOHIM rond te stoot? EK sê vir julle: Niemand nie, want hierdie kind van die ALLERHOOGSTE het die absolute vrye wil, en het uitgegaan om van sy vrye wil gebruik te maak as 'n liggevulde wese. Maak nie saak wie voor julle staan nie, MY geliefde studente, hulle is almal julle broers of susters, wie net soos jy, die huis verlaat het om die lengtes en breedtes van hierdie skepping te deurkruis ten einde die duisternis te ondersoek - ook vir julle - sodat julle nie elke moeilike weg self hoef te bewandel nie.

4) Maak nie saak wat op hierdie planeet gaan gebeur nie, Liefde sal oorwin!

5) Toe MY voet hierdie aarde betree het, het EK geweet dat daar dorings in MY pad sal lê. En EK, die **LIEFDE**, het hierdie pad vrywillig gestap. EK het hulle toegelaat om oor MY te skaterlag en MY te bespot, hulle wie geglo het dat hulle bemagtig was in die gevalle sfere.

6) Besit hulle regtig die krag? Kyk om julle, waar het hierdie krag hulle heen gelei? EK plaas MY gevoelens in julle harte: Weens onkunde word die magstreek, die Aarde, sistematies verwoes. Hierdie krag gaan homself vernietig.

7) Wie regeer hierdie wêreld? - Dit is ELOHIM die VADER Wie, in SY oneindige liefde, SY kinders toelaat om te doen wat hulle wil, totdat hulle hul verkeerde dade herken deur hulle ervarings en tot die daaropvolgende besef sal kom, waarna hulle weer die terugtog huiswaarts sal neem.

8) Krag lei tot verderf. Krag is eenvoudig 'n vlugtige opvlamming van 'n oënskynlike onderwerping van ander, selfs die onderwerping van die materie. Ek sê "oënskynlik", want hierdie krag sal in homself ineenstort. As julle na die geskiedenis kyk, sal julle die ineenstorting van groot koninkryke bemerk.

9) EK sê vir julle: " Hy wat ryk is aan aardse rykdom sal môre arm wees."

10) Vele ryk mense wat in hierdie aarde ingekom het, met die harde en vaste oortuiging om die weelderige lewe vir die goeie deug van ander in te span, sal in die hiernamaals baie hartseer wees wanneer hy na sy aardse lewe kyk en sien dat sy siel nie in staat was om sy menslike wese te regeer of te domineer nie. Hy sal sy swakheid diep berou, as die mens die aardse goedere misbruik het vir sy eie voordeel en welstand en selfs om sy naaste te onderdruk. Hy het weer karma gevolge in werking gestel, wat in 'n volgende bestaan ’n uitwerking sal hê.

11) MY geliefdes, besef dat die hemele dikwels ingee vir die krag op hierdie Aarde om liefde te help om 'n deurbraak te maak. EK sê vir julle, die engel boodskappers was eens geïnkarneerde heersers, en hulle 'mensheid' het geen aandag geskenk aan die verligting van die siel, wie die menslike wese vermaan het en selfs by hom gepleit het nie. Weereens het die mens sy krag misbruik. Hy het vergeet dat hy sy krag wou gebruik om liefde te help om 'n deurbraak te maak, want hy het gedink dat hy, as heerser, makliker sou slaag. Hierdie is altyd enkele gevalle van die noodlot en vir elke siel word dit geleer, voordat hy of sy die Aarde betree, sodat sy vir die Aarde liefde en vrede kan bring. Die siel word geleer en voorberei vir die feit dat krag 'n groot versoeking vir die siel in die menslike kleed is maar nog steeds gryp die siel na hierdie krag. Dus loop sy deur die ervaring en leer onderdanigheid.

12) In herkenning lê die krag homself neer voor die troon van die ALLERHOOGSTE en sê: "**VADER, EK HET GELEER DAT U KRAG BETEKEN OM TE DIEN IN LIEFDE** terwyl ek met die vlees beklee is, ook om nederig neer te buig voor elke medemens. Ek het geleer, o VADER, dat dit nie moontlik is in die kleed van 'n heerser nie. Daarom sal ek weereens in 'n ander inkarnasie gaan. En ek sal leer om nederig lief te hê, soos 'n eenvoudige mensekind en soos duisende en duisende ander mense. As moeder, as vader met 'n eenvoudige beroep sal ek U kind wees in die kleed van nederige liefde en ek sal werk waar ek ookal sal woon en ek sal dít uitstraal wat U, o VADER, in my geplaas het as my erfenis."

13) Kyk om julle op hierdie aarde; kyk in die gesigte van die regeerders en kyk in die gesigte van die biljoenêrs, hulle wat julle glo die toutjies trek! Deur wat word hulle voortgedryf? Hulle is nie meesters oor hulleself nie, o nee. Dit is hulle vrese wat hulle voortdryf, hulle verlange na meer en meer; om hulle magsposisies verder uit te brei, want daar kan dalk net iemand wees met nog groter mag wat hulle posisie kan oorneem. Hulle pad is een van rusteloosheid sonder vrede. Julle dink dat hulle hul gewetens kan stilmaak? O nee, hulle is rusteloos en sonder stilte om hulle gewetens stil te skreeu, wat inderdaad hulle sondigheid aan hulle toon. Gedurig deur rys daar beelde op vanuit die siel en forseer hulleself op die mens af - aaklige visioene wat op die mens afgegooi word deur die siel. Hulle is nie die wie julle dink hulle is nie, diegene wie die jagters is en die reëls maak nie. Inteendeel, hulle is die wat gejag word, nie meer meesters van hulle eie spel nie, totdat hulle besef dat hulle op die verkeerde pad is op hulle jagtog en dat hulle op die ou end diegene is wie gejag word.

14) Op die wyse wat julle hier vergader, MY geliefdes, kan julle julself in stilte dompel, na julle innerlike wese luister en verbind met jou eie siel. En die geestelike wêreld kan jou aanpor, kan jou aura binnedring, sodat alle duisternis en onduidelikheid jou verlaat. Vreugde styg op in jou en jy voel

die teenwoordigheid van die hemele wat in jou ontwaak. Net wanneer jy wil kan jy die hemele nader aan jou bring.

15) Maar diegene wie julle glo die outoriteit uitvoer, kan dit nie doen nie. Plaas julleself in hulle gevoelswêreld. Dink vir 'n oomblik aan hulle vrese en aan hulle volgende skaakskuif, wat hulle vooruitbeplan, net om ’n heel ander uitkoms te hê, wat altyd net groter en groter eise aan hulle stel: **Die oënskynlike poppemeester word gespeel.**

16) Nou vra julle met reg die vraag: Deur wie word hy gespeel? En julle glo dat die duisternis of die krag wat die duisternis ondersoek daaragter sit. EK sê egter aan julle, dit is ELOHIM, die EWIGE WIE daaragter sit. Laat hulle wat kán, dit begryp; want dit is SY liefde wat die kind so bestraal dat hy die weë neem wat hy wil, selfs al is dit die verkeerde weë. Dit is die VADER WIE onophoudelik roep sodat die jagter die gejagte word. Maak nie saak waarheen hy gaan nie, die VADER is daar, roepende na hom. Maak nie saak watter slim skuif die klein menslike wese volgende mag maak nie, die VADER weet dit alreeds voor die tyd, want niks is verborge vir HOM nie en HY lei SY kind sagkens. HY lei SY kind sonder om sy vrye wil van hom te ontneem, maar op 'n beskermende manier. HY beskerm SY kind en lei hom deur al sy ervarings op die verskillende weë wat die kind self gekies het vanuit sy vrye wil. En al hierdie verskillende weë sal op die ou einde almal inmekaar vloei tot in die een weg, die weg wat huiswaarts lei.

17) Laat Ons Onsself wend na 'n ander onderwerp, kom ons betree die natuurryke wat die mensdom in liefde dien.

18) Voorwaar, alles wat julle as natuurlike gebeurtenisse beskou - plante en blomme wat groei en floreer, die verwelkingsproses - dit word alles deur die helpers van die natuur oorsien. Hulle werk hand aan hand om die lewenskragte van ELOHIM se wesenlikhede - Orde, Wil, Wysheid en Geregtigheid op te vang en hulle lei hierdie strale tot in die mineraal-, plante- en diereryke en hierdeur help hulle om die basiese vibrasie van alle lewende dinge te verhoog.

19) Onsigbaar vir julle en dus in die geheim, soos alchemiste sal EK sê, transformeer hulle die chemiese substansies.

20) Die mens het eksperimente uitgevoer om 'n plant te ontneem van 'n sekere substans wat sy nodig het vir haar groei. Die mens het toe gewag om te sien of die plant in elk geval sou groei. Verbaas het hy gesien dat die plant, ten spyte van hierdie afwesige voedingselement, tog gegroei het. Toe die plant ondersoek was, was daar gesien dat die element inderdaad in die plant teenwoordig was, alhoewel sy nie in staat was om die substans deur die gefilterde lug of grond in te neem nie. Die wetenskaplikes was verdwaas toe hulle gekonfronteer was met hierdie raaisel: Hoe kon die plant hierdie substans vervaardig het?

21) Julle wetenskaplikes weet niks van die wewing en werking, groei en omvorming met behulp van natuurwesens nie, vir wie daar nie so iets soos ondeurdringbare mure bestaan nie. As dit in die wil van ELOHIM is dat die plant moet groei, sal die plant groei. Maar as dit in die wil van **ELOHIM** is dat die plant vooruit moet gaan, sal sy dit doen.

22) Hier vra EK julle ook om nie terug te gly in julle "menslike denke" nie. Die mens blameer homself vir die afsterwing van die plante, en hy **het** vir die grootste deel werklik daarvoor gevra. Maar EK sê vir julle dat die lewenskrag geheel en al van die **SKEPPERGEES** af kom, WIE se krag **LIEFDE** is. Hierdie lewenskrag onderhou die plant vir so lank as wat die **SKEPPERGEES** dit so wil hê. Wanneer **HY** SY lewenskrag terugneem omdat 'n ander tydvak tot 'n einde gekom het, sal die natuurwesens nie eers meer inmeng nie, want dit is nie binne die wil van die **EWIGE LIEFDE** is nie. Dink ook geestelik hieroor!

23) Indien die mens nie teen die aarde gesondig het nie, sou hierdie ou Aarde van julle, tesame met haar plante, minerale en diere, ja met julle almal, aan die einde van die tye nog steeds omvorm gewees het. Of dit nou op hierdie manier of op 'n ander manier gaan plaasvind, die tyd van omvorming is vasgestel. Selfs dit, MY geliefdes, word aan julle gebring in die feëverhale en mites.

24) Julle het oor die feeverhale Sneeuwitjie, Hansie en Grietjie en oor die mistieke interpretasies van hierdie feëverhale gepraat. Julle is almal Sneeuwitjies! Julle moes afskei en het julle eie weë

gegaan. Julle is ook Hansie en Grietjie. Dit is nie die slegte stiefma of die ouers wat julle verwerp nie. Hulle is maar net die simbool vir die proses van naelstring afsny: Nou MY kind, gaan op jou eie weg. Gaan soek dit, want slegs deur julle ervarings, deur julle herkenning, sal julle leer om die ewige lig van LIEFDE te waardeer.

25) En so trek julle deur die sewe berge van Orde, Wil, Wysheid, Geregtigheid, Geduld, Liefde en Barmhartigheid. Hierdeur vervolmaak julle julleself in die wese en eienskappe van ELOHIM en sal aan die einde van julle weg besef dat in die goddelike sin, krag eenvoudig maar net beteken om in liefde te dien. So dien julle of die kabouters of die heks. Julle dien en die versoekings van die wêreld benader julle. Bemeester die versoekings, net soos wat EK dit bemeester het. Elkeen van julle bewandel MY weg as MY dissipel. Wanneer julle eers deur die toetse gegaan het, sal julle 'n oënskynlike dood ervaar, net soos Sneeuwitjie in die mistieke feëverhaal. Dit is die verloëning van jou hele wêreldse wese, en EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, is die EEN Wie MY bruid met 'n soen wakker maak om vir die hele ewigheid wakker te bly. Jy het tuisgekom Sneeuwitjie, tuis na die koninklike paleis van die ewige tuiste, die BRON.

26) Hansie en Grietjie dien ook as broer en suster. En hier is die versoekings alweer. Die heks is die simbool van dit wat sekulêr is, wat in die vuur verbrand en opgelos moet word, sodat die ompad deur die bos die weg word wat huiswaarts lei.

27) Aarde is die planeet van suiwering. Laat die vuur jou suiwer sodat jou skatte wat jy saamneem nie edelgesteentes is nie, wat die lig sal insluk, maar dat hulle die lig van liefde duisendvoudig sal reflekteer.

28) Moenie hierdie skatte verloor deur nog verder na skatte te soek nie, maar hou julle oë op julle doel gerig, op julle huis en stap op hierdie aardse pad van julle totdat julle by die water kom, by die oorgang na die volgende hoër vlak, die vlak van die GODDELIKE WIL!

29) Voorwaar My liewe vriende, julle voorvaders het die skatte van die geheime mistieke betekenis van julle feëverhale en mites geken. Hulle was nog in staat om die feë, elfies, kabouters en devas te sien en hulle was verheug oor hulle vriende uit die natuurkoninkryke. Hulle het nog by hulle gewoon. Dit is ook aan julle vertel in 'n mistieke verhaal oor die kabouters wat die mens met hulle werk gehelp het. Selfs vandag is al die natuurkoninkryke gereed om die mensdom te dien met diep en toegewyde liefde.

30) Wat doen die mens? Hy stap nie net onverskillig deur die velde en graslande nie. Hy versprei sy duister gedagtes en vertroetel sy ego... dink oor julleself, in hoeverre MY woorde nog op julle van toepassing is! Is julle ook sulke duister figure wat die woude regeer, of is julle treë lig en veerkragtig wanneer julle stap, en neig julle sintuie en gedagtes na die hemele?

31) Voorwaar, alles voel en gewaar saam met julle. Wanneer jy lig om jou versprei, sal lig ook na jou toe stroom. Maar wanneer jy duisternis om jou versprei, deur jou duister gevoelens, gedagtes, woorde en dade, sal jy ook verbind met al die duisternis wat nog die aarde regeer.

32) Terselfdertyd sal jy ook die energieveld van die gejagte een binnegaan, soos wat EK aan julle onthul het aan die begin van vandag se openbaring. As jy graag vry wil wees, **wees lig** en jou bewussyn sal deur jou menslike liggaam versprei en verby tot in die kosmos, soos wat EK alreeds aan julle verduidelik het, en tot in die oneindige wydtes en breedtes van die skepping. Alles is binne-in julle **en alles dien julle en julle aan hulle. Dit is dan wanneer julle geestelike leiers is.** Verstaan julle die verskil? Nou kan julle ook verstaan waarom ons geamuseerd was oor julle woorde en oor julle besprekings.

33) Wees dan lig, lig van die VADER SE LIG en liefde van SY LIEFDE! Omvorm julleself na die liggevulde wesens en daarmee saam sal alles hulleself ook omvorm. Vergeet jou persoonlikheid (die menslike wese), draai na die "ONS". Ondersoek julleself in watter mate die "ek", die ego nog op die voorgrond is. Word die 'ONS' en betree die eenheid van hemelse omgang met alle engele en alle geeste wat streef na die lig van liefde.

34) MY seëning sy met julle en met almal - naby en vêr - wat onderweg is op die paaie wat huiswaarts lei tot in die VADER SE HUIS. **Amein**.

## *Die skepping as spieël vir selfherkenning*

# 22. Oefening

**Karma - hoe ons hierdie sterk band (slawerny) met die aarde kan oorkom - dit is moeilik vir die magtiges om op die reguit en smal pad te bly - pad van die skeermeslem - tyd en ruimte is 'n manifestasie van die val gebeurtenis - 'n wonderwerk - om helpers in die wingerd te wees, die oes het begin - voorbereiding vir die heilige nag - binnegaan in jou innerlike tempel, versier haar met kerse van liefde - liefde vir die medemens - herken julleself – verken jou persoonlikheid**

1) My vriende! EK roep julle want, waarlik, EK is so naby aan julle soos net 'n vriend na aan 'n vriend kan wees. Die goeie vriend help, die goeie vriend staan jou by, maar HY maak jou ook bewus van jou swakhede en foute en daardeur, paaie wat onnodig is vir jou om te vat.

2) Besef dat karma-paaie nie noodwendig geneem hoef te word nie. Sekere oorsake wat eens daargestel is, kan deur liefde in 'n ander inkarnasie herstel word. Indien hierdie regstelling nie plaasvind nie, sal die wet van karma begin om 'n effek te hê: Wat jy ookal saai, sal jy maai.

3) Maar selfs tydens die oestyd, MY geliefde vriende, sal EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, aan die sy wees van die een wat homself in hierdie proses herken en wie vergewende liefde uitgee; want hierdeur neem hy die weg wat EK voor hom gegaan het.

4) Die oomblik wanneer julle ernstig begin streef na MY dissipelskap, kan EK 'n groot deel van julle karma-las uitvee, weens julle uitlewing van Liefde. EK het hierdie krag deur MY VADER se barmhartigheid ontvang. Ook dit is krag (*Vergelyk oef. 21*), krag wat elkeen van julle in julleself dra. Dit is die verhewe krag van Liefde en Barmhartigheid. Hierdie geaktiveerde krag is so sterk dat dit baie oortredings kan uitvee - hierby bedoel EK karma-sade wat gesaai was. Dit beteken dat die eerste ontkieming van hierdie karma-saad omvorm word na 'n saad van liefde, blydskap en begrip, op grond van die KRAG VAN BARMHARTIGHEID.

5) Waarlik, alle krag word aan julle gegee - is dit nie wonderlik nie? Die oomblik wanneer julle jul gebondenheid aan 'n sekere gebeurtenis of gebeurtenisse van 'n ander inkarnasie herken, word julle die Krag van Liefde gegee om hierdie gebondenheid te omvorm na 'n GODDELIKE verbintenis in en vanuit eenheid.

6) Wanneer enige medemens probleme ondervind en wanneer julle dan gevolglik glo dat dit nodig is om hom te kritiseer, is dit altyd julle probleem, en julle verdien dan self die kritiek. Daar is geen uitsonderings nie.

7) Hier, op hierdie aardbol kan julle nie volmaaktheid verkry nie, selfs al herinner EK julle gedurig daaraan om volmaak te word, soos wat julle VADER in die hemele volmaak is! Hierdie volmaaktheid, MY liewe studente, kan nie verkry word op die vlak van Orde nie. Julle sal nie volmaak word alvorens julle nie vir ELOHIM, julle BRON, bereik het nie.

8) Solank as wat julle nog nie een is met die ewige Liefde, met die absolute Barmhartigheid en die onbeperkte Geduld nie, solank as wat julle julleself nog nie vervolmaak het in die GODDELIKE Eienskappe nie, hierby bedoel EK die vervulling van alles in en om julle in GODDELIKE ORDE, MY vriende; want vervolmaking beteken ook om al julle begeertes en julle wil binne die WIL van ELOHIM te plaas, ja jou hele self; want so lank as wat julle nie julle bewussyn bo julle menslike bestaan, bo alle vlakke, kan uitlig nie - dit uitbrei verby die materie en uitreik tot binne-in die geestelike wêrelde, totdat alles waarlik binne julle is; so lank as wat julle nog nie die GODDELIKE Wysheid ontwikkel het in die diepe herkenning van julle ontwikkelende bewussyn nie, so lank as wat julle nie GODDELIKE Geregtigheid herken, deur hierdie Aarde in geregtigheid en regverdigheid te bewandel nie, tot dan, MY vriende, sal die Aarde julle gebonde hou.

9) Die hele materiële wese trek en sleep julle nog steeds, weerspieël aan julle jul materiële begeertes en opvattings. Gedurende hierdie tyd val die mens voortdurend, keer op keer. Mag hy homself en sy oortredings herken, sodat hy nader kan kom, 'n verdere klein treetjie kan kom aan sy vervolmaking op grond van sy herkenning.

10) Slegs wanneer julle hierdie vier vlakke van bewussyn ten volle ontwikkel het, wat genoem word Orde, Wil, Wysheid en Geregtigheid, is julle nie meer aardsgebonde nie en kan julle julleself ophef verby die materiële vlak en uiteindelik streef na die geestelike en na die ewige Lig van Volmaaktheid. Julle vermag dit uiteindelik deur Geduld, Liefde en Barmhartigheid, en hierdie laaste drie word die EIENSKAPPE van ELOHIM genoem. Die hemelse lig bestraal julle, sigbaar en die engele is met julle in hulle wonderlike glans. En hulle is tussen julle en dra julle na die ewige huis - deur middel van hierdie vlakke van bewussyn. Hierdie "dra na bo" word gedoen deur julle te vervolmaak in dienende liefde, want liefde, MY vriende, is die ondersteunende element van ELOHIM se hele Wese en al SY Eienskappe. Liefde is die lewe; liefde is die krag en mag van die skepping.

11) In die aardse sfere, binne die materiële wese, is die weg baie smal en dit word nog smaller hoe hoër jy reik en hierdie smal weg word ook baie glibberig. EK is egter aan jou sy, EK is altyd die lig op jou weg. As julle gewillig is om op hierdie lig te steun, om die hand te neem wat die lig na julle uitsteek, dan kan die rand ook maar so smal en die pad so glibberig wees as wat hy maar wil en julle mag selfs hier en daar glip of gly, dit sal altyd EK wees wat julle sal vang. En wat is EK? Weereens, EK IS LIEFDE.

12) "EN die WOORD het vlees geword en het onder julle gewoon." Die Woord van die skepping en die Krag van die skepping het 'n klein mensekind binnegekom en het ’n woning gemaak onder hulle. As julle aan hierdie liefde vasklou, wat kan met julle gebeur?

13) Maar as jy egter glo dat jy moontlikerwys alleen kan voortstorm op hierdie weg, sal jy dit dalk selfs kan regkry om 'n groot deel van hierdie nou weg te vorder, met ’n groot hoeveelheid hoëdraad kundigheid; maar as jy slegs op jou eie krag alleen staatmaak en nie nederig in liefde buig nie en dus daardeur nie MY hand wil vat nie, sal jy sekerlik val, alvorens jy nie hierdie vier vlakke ten volle binne-in jou ontwikkel het nie wat Orde, Wil, Wysheid en Geregtigheid is. Eers dan sal jy die "val-gedagtes" wat graag ander wil domineer en beheer agterlaat. Eers dan tree die krag van aantrekking van GODDELIKE Geduld, Liefde en Genade in werking. Dan kan niks en niemand meer hierdie krag van aantrekking van jou af wegneem nie.

14) Daarom is hierdie sfeer van Orde, hierdie lewe hier op die growwe materiële wêreld dus terselfdertyd vir julle 'n wonderlike geleentheid om te leer. Want hier is alle perspektiewe oop vir julle. Julle kan honderde weë neem. As julle verlang na die liefde, na lig, sal al hierdie weë na die een doel lei. As julle gedagtes en gevoelens nog steeds styf verbind is met julle ego, deur ander te beheer en te domineer en om die sfere van duisternis nog verder te ondersoek, sal julle nog steeds na die lig beweeg, want selfs hierdie paaie - en EK benadruk dit aan julle - sal in die laaste analise ook na die lig lei.

15) Selfs hulle wat nie die weë wat EK noem "verkenning van die duisternis" stap nie, kan die ervarings vir hulleself laat werk wanneer hulle dit gebruik vir selfherkenning. Nie elke kind hoef die bitterste weë te stap en die diepste dieptes te betree nie, aangesien bewussyn universeel is en aangesien elke geskape kind inderdaad aan hierdie bewussyn kan deelneem en leer daaruit en nie nodig het om elke liewe weg te stap nie. Ook dit is 'n geskenk van ELOHIM, die VADER aan Sy kinders, in wie se hande HY ook die vrye wil geplaas het as die hoogste geskenk van almal.

16) Hierdie hande kan werklik beide verrig, aan die een kant krag vashou wat deur die aardbol of die septer voorgestel word en aan die ander kant te gee in dienende liefde, waaruit seëninge en genesing sal voortstroom.

17) Beide kan ondubbelsinnig inmekaar gekoppel word, die een met die ander. Baie van julle, jy jouself, of een of die ander onder julle, het op weë van mag gegaan, met die septer en die aardbol in die een hand en seëninge gegee met die ander. Weet egter dat hierdie tipe weg die moeilikste van

almal is. Dit is die glibberigste pad van almal, naamlik wanneer die mense buig voor die maghebber en hom verhoog tot hulle god.

18) Hoe moeilik is dit dan vir die mens in die kleed van die maghebber, om die liefde oor te dra wat sy volk aan hom bring, om dit oombliklik oor te dra aan die EEN aan WIE alle mag toekom. Hoe vinnig voel die 'mens' bekragtig deur sy krag en begin hy dink: 'Is ek nie die Seremoniemeester van hierdie Aarde nie? Almal buig voor my woord. Wie weet of daar ooit 'n ander mag buite my mag is, een wie bo my is?" Alreeds is die verderflike gedagte gebore, wat sê:

19) "Ek is groter; ja ek is die enigste krag en mag, want buite my is daar niks nie, want niemand het HOM, die ALLEEN-ENIGE (GOD) nog ooit gesien nie."

20) Geliefde studente, herken hoe maklik dit is om te val en besef ook hoe diep 'n mens kan val! Nog steeds is selfs die ergste val net 'n ander pad huistoe na die VADER. Dit is hoe HY, die EWIGE elkeen van SY kinders sien: Op pad huiswaarts na HOM. En dit is hoe julle elke medebroer en -suster moet sien, want almal is op hulle pad huistoe na die BRON. Al is daar ook hoe baie haat wat na die oppervlak van die siel gestoot word en al druk dit homself uit in en deur die mensdom, is dit die produk van al die negatiwiteit wat opgebou het oor miljoene jare sedert die val. Dit is vir julle 'n ondenkbare lang tydspan, maar voor GOD is dit maar slegs 'n oogwink.

21) Tyd en ruimte is maar net 'n manifestasie van die gebeurtenis van die val, dit is slegs 'n manifestasie van die materiële wese.

22) Nou keer julle weer terug na die oneindigheid, tree vir tree verlaat julle tyd en ruimte. En dit maak nie saak hoeveel julle vashou - in julle menslike toestand - aan die konsep van tyd nie, tyd is alreeds nie meer wat dit was nie, want die vibrasie rondom julle sentraalster (die son) het ontsaglik toegeneem. Dit beteken dat die snelheid van die sonspoed en die van die Melkweg - wat rondom 'n senter van die versamelende liefde van ELOHIM wentel- ontsaglik toegeneem het. En hierdie snelheid, hierdie spoed sal vermeerder tot zero-tyd, vinniger as lig. Die VADER is in SY LIEFDE besig om SY kinders te versamel, HY bring hulle huistoe en saam met hulle, die materiële wese.

23) MY geliefdes, vir julle is dit 'n wonderlike gebeurtenis. Want julle sal lewe, werk en help te midde van hierdie gebeurtenis. Berei julleself nou voor vir hierdie tyd van enorme uitbreiding van die bewussyn! Laat die beperkings van julle menslike wese vêr agter julle. Open julleself vir die enigste krag, wat julle sal help om hierdie nuwe bewussyn te betree en dit is die dienende liefde! EK steek MY hand uit na julle en smeek julle: "Kom, stap saam met MY, en alles van julle sal hulleself omvorm na dit wat vol lig is!"

24) Ons sal die onderrig in die natuurryke verlaat en sal Ons na 'n nuwe vlak wend. Op hierdie vlak sal julle ’n terugblik gee aan julle huidige lewens, deur julleself terug te neem na julle kinderlewe, julle jeug en volwasse jare, altyd progressief in stappe van drie jaar. Dit is, julle sal die kinders dophou, jeug en volwassenes en hulle gebruik as katalisator vir julle eie verlede. Want EK sal alles na vore bring wat diep verborge binne-in julle siele lê - elkeen volgens sy of haar strewes en begeertes. As jou stappe na dienende liefde van die voortvarende tipes is, sal EK jou vasgryp met MY liefde en jou skud en ruk totdat jou siel alles loslaat vanuit die diepste vlakke.

25) Saam sal ons die pad deur die spieëlbeeld van jou naaste neem deur die weg van selfherkenning. Waar dit ookal nodig sal wees, sal EK jou vorige inkarnasies wys, miskien in droombeelde, sodat jy jou gedrag beter sal kan verstaan. EK sal jou ernstig lei deur jou foute en swakhede, indien jy gewillig is; maar dit sal altyd aan jou vrye wil oorgelaat wees of jy wil voortgaan met MY op die weg, wat, EK herhaal, ook jou eie weg via Golgotha is, naamlik om almal in liefde te vergewe wat julle uittart en bespot en almal in liefde te dra, sodat die hemele ook vir jou naaste geopen kan word, deur jou lewe en deur jou eie omvorming.

26) Slegs deur die liefde wat in jou daaglikse lewe uitgeleef word, sal jy die ou (moeder) Aarde en jou medemens kan omvorm. Wees die werkers in MY wingerd! Die oes van hierdie wingerd het alreeds begin.

27) Julle het min tyd om na te dink oor hierdie nuwe tree wat Ons saam sal bewandel. Moenie dat die gehaas van jou daaglikse lewe jou gevange neem nie en moenie dat die glans van die materie jou

verblind nie! Julle het die eerste skugtere stappe gemaak op 'n pad van lig, want, geestelik gesien, is hierdie smal pad wat julle nou stap liggevul. Vergesel deur engele van die hemele, stap julle na julle doel. Hierdie eerste skugtere treë wil nou gestabiliseer word, wil langer word, wil meer vooruitgang maak en jou nader aan die toppunt bring.

28) Tog sal julle nie dadelik na julle doel gaan nie; want voordat die toppunt bereik word, sal die liefde jou aanmaan om om te draai en af te kyk na die bergpad om almal by te staan wat nog agter jou is en terselfdertyd saam met jou na vervolmaking terugkeer - en dit is 'n menslike uitdrukking, want in die ewigheid bestaan tyd nie.

29) Gebruik daarom die oorblywende dae wyslik, ter voorbereiding van Kerstyd! Betree die stilte van jou innerlike tempel in die sentrum van jou hart! Steek die kerse aan – uiterlik, sowel as in die innerlike wese van julleself! Verminder julle daaglikse aktiwiteite, selfs deur die dag en betree julle innerlike kamer, al is dit net vir 'n paar sekondes! Nou sal Krag na julle toe stroom wat julle sal aanhelp. Berei julleself voor vir MY geboorte binne-in julle! Wil julle nie hierdie innerlike Tempel versier - met kerse van onselfsugtige liefde, met getrouheid, geloof en vertroue nie? Sal julle nie die strooi van liefde in MY krip sit nie? Liefde, wat jy aan jou naaste gee sonder om vergoeding te verwag?

30) (EK praat van 'n) liefde wat voor jou naaste buig, wat selfs gawes gee aan diegene wat hulle nie goedgesind is nie. Wil julle nie probeer om die strooi van selfbemeestering en oorwinning van die ego in MY krip plaas nie? Mag julle innerlike Kersfees helder skyn in die lig van hierdie kerse, in die helderheid van liefde, sodat EK tot lewe in julle kan ontwaak, al is dit maar net aanvanklik die krag van 'n suigeling ?

31) MY vriende, met die groei van liefde en julle vermoë om liefde te gee, sal EK julle meer en meer van MY gawes vanuit MY volheid gee; want EK mag julle net soveel gee as wat julle van MY vra om te gee, soveel as wat julle in staat is om te absorbeer op daardie tydstip. Indien julle innerlike tempel verstop en opgestop is met julle eie begeertes en indrukke, wat kan EK julle aanbied? Julle innerlike wese moet eers geledig word.

32) Skep 'n heilige plek binne-in julle, 'n gewyde plek, sodat die seëninge van die ALLERHOOGSTE aan julle gegee kan word in die HEILIGE NAG, in die volheid daarvan wat julle kan absorbeer. EK gee alle krag aan julle, alle liefde. Wat is julle bereid om vir MY te gee?

33) MY vriende, geseënd is julle in die Naam van die VADER. Vrylik het julle gekom en vrylik verlaat julle hierdie plek. Niemand kan die innerlike vryheid van julle afneem wat aan elke kind gegee word nie. **Amein**.

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

# 23. Oefening

**Is ons bereid om U dieptes te laat ondersoek? Is ons bereid om ons swakhede en foutiewe gedrag te herken en weg te werp? - is ons bereid om ook ons naaste te help, sodat ook hy sy doel kan bereik? - geen ontmoeting is toevallig nie, dit is leiding - die siel stem in met haar karma - siele wat nog nie die weg huiswaarts gevind het nie, kies magsposisies - die woorde van JAHSHUA as voorbeeld, probeer dit begryp – om mededraers van die wêreld se kruis te wees- pynlike beskouing van die duisternis - elke weg van ons naaste dien ook tot herkenning vir ons - na die terugkeer van Satana (as 'n suiwer kind van ELOHIM) sal daar nooit weer 'n val van 'n geesteswese wees nie - die betekenis daarvan om in retrospek te kyk na ons huidige inkarnasie - afhanklikheid: selfliefde - naasteliefde - toewyding aan ELOHIM - Taak: Kyk na 'n baba en toets jou gewaarwordinge - mediteer daaroor.**

1) MY vriende, EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, groet julle aan die begin van 'n nuwe hoofstuk in tyd en ruimte. EK groet julle vanuit die Liefde-Verhewendheid, vanuit die Liefde-Mag en Liefde-Krag.

2) Met hierdie Krag en Mag steek EK MY hand uit na jou as vriend en sal die weë lei via jou wese in die gebeurtenisse van tyd en ruimte. EK verlig julle siele en al die sluiers wat julle om die rein kind van die VADER geplaas het, deur julle aardse lewens. Indien julle wil, sal EK julle toon, in julle drome, in ontmoetings met ander en in visioene, wat ook al nodig sal wees vir julle ten einde julle karma-skuld te vereffen. Hierdie skuld, MY geliefde, word altyd verlig deur MY Liefde en Barmhartigheid.

3) Julle het geluister na 'n uittreksel van die terugkeer van die gevalle kind Satana (uit die boek van Anita Wolf: "Ur-Ewigkeit in Raum und Zeit" wat handel oor die bekering van Satana) Die woord is waarlik versigtig en bewustelik in julle harte geplaas, want julle is ook op die weg huiswaarts, elke een van julle op sy besonderse manier.

4) Die weg huistoe, MY geliefde skape, is nogal steil, maar tog lei dit deur welige grasvelde, maar ook is daar soms nogal groterige rotse in julle pad. Hierdie klippe waarteen julle julleself kneus en waaroor julle val, is altyd julle ego, dis julleself. Om dit te verstaan moet EK die LIEFDE VAN DIE VADER verduidelik, wat SY tuiste in julle gemaak het. Deur die krag van die Goddelike Wysheid wil EK sekere kennis aan julle oordra - maar dit hang egter slegs af van julle vrye wil.

5) Is julle bereid dat julle dieptes ondersoek word? Is julle bereid om julle swakhede en foute te herken? Is julle bereid om van hierdie swakhede en foute ontslae te raak? Is julle bereid om die liefde, vrede en die inwonende, goddelike seënende krag in julle, die wêreld in te dra, sodat julle nie meer alleen sal wandel nie; sodat julle nie sal probeer om die kruin, die VADER SE HUIS wat julle doel is, alleen te bereik nie, maar om almal aan die linker- en regterkant van die pad saam te neem, ingevolge die wet van Liefde en Barmhartigheid?

6) Ten einde julle broers en susters saam te neem, vereis werk aan julleself: **Julle moet leer om julleself lief te hê soos wat julle op hierdie oomblik is!** Eers wanneer julle julself aanvaar, julle foute en swakhede ingesluit, kan julle begin om julle naaste lief te hê. Want wanneer jy jouself verstaan en jou eie dieptes ondersoek het, sal jy ook jou naaste verstaan. Op daardie oomblik sal jou bewussyn in 'n verhoogde staat wees en sal dan met die bewussyn van jou naaste vibreer en jy sal dan sy huidige optredes verstaan, vanuit die vlak van goddelike wysheid en herkenning.

7) Dan sal julle herken dat elkeen van jou naastes na die ewige doel op pad is. Jy sal herken dat sy bepaalde swakhede ook jou swakhede is. Jy sal erken dat sy goeie karaktereienskappe, dus die goeie, ook in jou lê: Want niks op hierdie aarde is heeltemal negatief nie, niks en niemand nie. Elke

mensekind dra in die diepste bestaan van sy siel die GODSVONK, die erfenis van die kindskap van ELOHIM, aan hom gegee deur die seëning van die ewig heilige VADER.

8) Wanneer julle met hierdie herkenning wandel, oor al die klippe en rotse wat in julle pad lê, en julle pas so 'n rots oorkom het, dan sal die lig van die hemele julle bestraal, die Lig van ELOHIM se genade, SY Liefde en Barmhartigheid. Terselfdertyd deurstraal die Lig van ELOHIM se Barmhartigheid almal wat saam met julle wandel, of dit by die huis, jul omgewing, by jul werksplek, selfs in publieke vervoermiddels is.

9) Erkenning: Geen ontmoeting is toevallig nie, **ALLES IS LEIDING!** 'n Glimlaggende blik van 'n naaste is alreeds die oorsaak van een van jou negatiewe gedagtes wat opgelos word, 'n gedagte wat jy eenmaal na hom toe gestuur het. **Elke blik, MY geliefde, elke liefdevolle woord, elke gedagte affekteer jou persoonlike lot.**

10) Soos wat ek julle geleer het, is julle die bouers van julle eie lot, nie net dit wat deel uitmaak van vorige inkarnasies nie, maar is julle ook elke oomblik bouers van julle huidige en toekomstige lot.

11) Laat EK dit aan julle verduidelik: Die siel weet alreeds wat gaan gebeur. Alles is in haar geskrywe. Rondom die GODSVONK, die suiwer kind van die hemele, is alle inkarnasies in fyn sluiers ingelê. En hierdie versluierde GODSVONK word siel genoem. Alle vorige aards afgelegde lewensweë, sowel as die weë deur die sieleryke, met al hul gevoelens, gedagtes, woorde en dade, is in die sluiers ingegraveer. Wat julle nou is, is die somtotaal van dit alles. Wat julle nou ookal dink, voel en doen kom vanuit die impuls van julle siele.

12) Vanuit die volheid van die VADER se Barmhartigheid en Liefde stroom daar genoeg genade na elke kind wat op die pad huiswaarts is, wat die kind in staat stel om die somtotaal van sy verlede te transformeer na 'n liggevulde huidige daad. Hierdie 'stap na die VADER' word uitgebeeld in die gelykenis van die verlore seun. Alles is in julle hande geplaas. As MY aardse kinders dit maar net kon begryp!

13) Natuurlik kan menige siel in die aardse kleed nie meer losbreek van haar karmiese dilemma nie en is onder groot karmiese druk. Maar dieselfde siel was egter gewillig om hierdie selfde karma aan te neem, vir almal wat swaar gewond was in die oorlog, of wie doodgevries het, almal wat in motorongelukke gesterf het of diegene wat die res van hulle aardse lewens met swaar beserings moet saamleef, almal van hulle wat julle kan sien deur swaar karma getref is, stem saam oor hulle lot.

14) In die hiernamaals is hierdie siele hieroor onderrig, het hierdie onderrig aangeneem en daarom ook hulle lot hoe hulle hul karma sou uitwerk, want so 'n siel is op die pad huistoe. Weens die vrye wil, sal 'n siel wat nog nie gereed is om huistoe te kom nie, na 'n lewe in die aardse kleed soek sonder onderrig en verklarings, sal soek na 'n aardse kleed bedeeld met krag en mag, sodat hy of sy kan regeer, domineer en andere beheer, soos wat dit gebruiklik is by daardie kinders van die val wat weggedraai het van die Ewige Liefde.

15) Maar eendag sal die tyd vir omdraai egter vir elke kind aanbreek. Eendag sal EK, DIE LIEFDE WAT MENS GEWORD HET, staan voor MY kind en hom roep om huistoe te kom. Eendag sal elke kind die kruis op homself neem, die kruis wat hy vir homself veroorsaak het. Om hierdie kruis op te neem word gedoen vanuit eie keuse, want dit is so voorgeskryf in die wet van vryheid. Elkeen wat sy karma dra doen so uit sy vrye wil. Bedink My woorde goed!

16) Diegene wat mag uitoefen op hierdie aarde, wat 'n roekelose lewe leef, is nog steeds teen MY. Hulle probeer om hulle lot in ooreenstemming met hulle opvattings te verskuif, soos skaakstukke op 'n skaakbord wat hulle vorentoe en agtertoe beweeg - om julle eie woorde te gebruik. Tog sal die wit koning eendag voor hulle staan, wanneer al die ander alreeds die bord verlaat het, die laaste een wat teen MY is en hy sal voor 'n hopelose situasie te staan kom.

17) Hierdie deel van die tuiskoms is vandag aan julle voorgelees. Hierdie hopelose situasie word deur MY Liefde en Barmhartigheid bestraal, want EK bring al die verlore skape terug na die VADERHUIS, ja EK dra hulle huistoe in MY arms. Al die ander skape laat EK agterweë om die een skaap te soek, ten einde hierdie een skaap te red uit die dorings, waar hy verlore en beseer was, om hom huistoe te bring.

18) EK kan slegs met julle spreek in julle menslike woorde. Julle moet die inherente gevoelens van die woorde waarneem.

19) Julle is by die kruispad en het besluit om **MEDEDRAERS van DIE WÊRELDKRUIS** te wees. Sommige onder julle dra alreeds die kruis sonder om dit te besef. Wat beteken dit om 'n mededraer te wees? Dit beteken om ook die karma van die wat nog nie hulle karma aangeneem het nie, wat nog nie die weg na die lig wil neem nie, op jou rug te dra. Op dieselfde manier help die ligdraers om Satana se kruis saam met haar te dra. Julle almal help om dit te dra. Dit is waarom dit nie so swaar op haar skouers rus nie; sy voel nie meer die swaar las van haar skuld wat sy op haarself gehoop het deur haar val nie. In plaas daarvan voel sy vreugde, vreugde want hierdie laaste eon in tyd en ruimte nader sy einde en die tuiskoms (van almal) is voorhande. Net somtyds, wanneer sy in die duisternis in staar en al die lyding en pyn sien, oorweldig die pyn van die wêreld haar.

20) Deur die liefde wat julle uitstuur, sonder om presies te weet waarheen hierdie helder strale heen gelei word, deur die seëninge wat julle versprei sonder om te weet na wie dit vloei, word sy vertroos. Sy sien dat julle almal ook die kruis dra van al die wat nog steeds teen die Liefde is. Met elke gedagte, met elke liefdesgevoel, met elke liefdesdaad penetreer daar 'n helder straal in die steeds donker siele in, waar hulle hulleself ookal mag bevind. Dus staan julle in die gees langs MY, die GOEIE HERDER, en julle help om die verlossingswerk te voltooi vir die verkenning van die vrye wil. Daar is nie een wese in die hemele wat, met verloop van eons, nie hierdie aarde bewandel het nie, ten einde lig te wees vir die gevallenes, ten einde lig te wees vir al daardie wat hulle vrye wil verken het.

21) Bedink MY woorde voordat julle jul naaste wil kritiseer! Hierdie naaste stap die baie moeilike pad van die verkenning van sy of haar vrye wil. Jy hoef nie self in die sloot te lê nie, jy hoef nie alleen deur die pyn te gaan nie, ander mense loop die pad saam met jou, net soos wat jy gaan saam met ander en vir ander en net soos wat Ek via Golgotha gegaan het vir almal.

22) Begryp die gedagte van eenheid in hierdie woorde! Maak nie saak watter weg jou naaste kies nie, jy hoef nie dieselfde weg te gaan nie, solank jy net die herkenning inwin dat sy spesifieke pad weglei van die lig, na die duisternis.

23) EK herhaal weereens: Julle hoef nie die verkenning van 'n ander persoon se vrye wil ten volle te smaak nie, maar sy weg kan jou dien as 'n kans vir herkenning. Wanneer julle hierdie woorde van MY verstaan, sal julle waarlik dankbaar wees vir elke klip of rots wat in julle pad lê, op jou weg na die kruin.

24) As jou naaste jou beledig en beskimp, het jy 'n sekere vlak van bewussyn in hom aangeroer wat jou met hom verbind; anders sou hy jou nie beledig het nie. Jy sê: "Hoe moet ons al ons bande met ander oplos wanneer ons nie eers van hulle weet nie?" O MY geliefde skape, indien julle al hierdie bande in volle detail sou geken het, al die gebeurtenisse wat daarmee verbonde is, sou julle ontmoedig gewees het en sonder krag om maar een voet voor die ander te sit, want voor julle sou daar so 'n berg gewees het, dat dit vir julle onoorkombaar sou lyk.

25) Dit is waarom dit 'n baie wyse inrigting is van die Barmhartigheid van die VADER Wie julle almal ewe liefhet, dat die verlede vir julle bedek is en dat SY Liefde en Barmhartigheid julle altyd 'n nuwe begin gee, sodat alles wat was, opgeklaar kan word deur een enkele leeftyd.

26) Julle weet dat daar alreeds baie menslike rasse was - baie meer en baie verder terug in tyd as wat die wetenskaplikes beweer. Baie boodskappers van die lig het afgedaal na die gebeurtenisse van die val van die materiële wêrelde met die goeie voorneme om van hulp te wees, selfs tienduisende jare gelede. In ooreenstemming met die goddelike wette van gelykheid, moes hulle oorsprong vanuit die lig bedek word. Dus was die kind van lig in staat om af te dwaal en sy weg in die duisternis te verloor. Elke kind wat gewaag het om die tree (om af te daal na die duisternis) te neem, was eers ingelig oor die moontlike uitslag.

27) In ruil vir een kind van die lig wat na die aarde gekom het, was 'n kind van die val ook die geleentheid gegee om hoër te styg na die meer liggevulde sfere, ten einde te ervaar wat hy eens verloor het. Indien die kind van die lig in die duisternis geval het en gevolglik daar moes bly, dan moes die gevalle kind ook weer terug, [na afloop van sy verblyf in die meer liggevulde sfere]. Die

herinnering aan die wêrelde van die lig het egter gebly, en die verlange na die huis was wakker gemaak. Die kind van die lig het deur die sfere van die val beweeg. Maar die verlange na die huis het egter nooit doodgegaan nie en hulp was oombliklik beskikbaar, in ooreenstemming met die wet van vrye keuse. Maar as die kind van die lig egter nie vir hierdie hulp gevra het nie, sou die hemele moes terugstaan en die kind toelaat om voort te gaan op sy eiesinnige reis.

28) Hierdie gebeurtenisse het waarlik gebeur met sommige van julle wat hierdie woorde van MY hoor of lees. Maar intussen, MY geliefdes, weet elke boodskapper van die lig, egter van sy erfenis. Hierdie deurgronding, om 'n kind van die lig te wees en om gedurende die eindfase te help met die verlossingswerk om julle broers en susters weer huistoe te bring, is so sterk in almal van julle, dat die eiesinnige weë eenkant toe geskuif word.

29) Na die tuiskoms van die reine kind van ELOHIM word alle weë wat deur die duisternis gelei het, vir ewig in die ewige bewussyn gestoor en kan deur alle geestelike wesens opgeroep word. Dit is waarom daar nooit weer ’n val 'n geestelike wese sal wees nie, want al die moontlike weë deur die duisternis is alreeds deurvors en geneem en die herkenning daarvan kan opgeroep word.

30) EK, die LIEFDE, het op Golgotha met die woorde "Dit is volbring!" soveel lig en stootkrag aan julle geskenk, dat julle nou nader aan julle oorspronklike taak gebring kan word, naamlik om die eiesinniges huistoe te bring en om weereens 'n lig te wees vir hulle in die duisternis, indien julle gewillig is. Deur MY "Dit is volbring!" het EK die eiesinnige weë van julle afgeneem, sodat julle My nou aan MY sy kan help met die groot werk om al die VADER se kinders weer tuis te bring.

31) EK praat nie net van die tuisbring van al ELOHIM se kinders nie, maar ook van alle materiële- en deels-materiële wêrelde, die algehele materiële wese. Deur die Krag van die Mag wat in die hande van ELOHIM se kinders geplaas is, kan julle nou materie omvorm na suiwer Ligwese, waar dit lank gelede ontstaan het. Soos julle weet is materie niks anders as die hoogste vibrasie wat omvorm was na 'n laer vlak nie.

32) Wanneer julle in hierdie onderrigtingsklas terugkyk na julle huidige inkarnasie, het dit slegs een betekenis, en dit is dat julle die somtotaal van alles wat was moet verstaan; dat julle julleself sal verstaan en liefhê en dat julle uit hierdie liefde die weg sal vind om julle naastes lief te hê en te verstaan en om daardeur te leer om ELOHIM, julle VADER bo alles lief te hê.

33) As jy jouself nie liefhet nie, hoe sal jy ELOHIM dan kan liefhê, Wie jy nie kan sien nie? As jy jou naaste nie liefhet nie, hoe sal jy ELOHIM dan kan liefhê, Wie jy nie kan herken nie? Deur die liefde vir die skepping, wat ELOHIM reflekteer, - selfs in die aardse bestaan, deur die liefde vir julleself, wat ook die goddelike reflekteer; deur die liefde vir die naaste, wat ook ELOHIM reflekteer, sal julle die weg na hierdie groot allesvergewende en allesbegrypende Liefde vind, wat geen grense en geen beperkings het nie en wat nie mure oprig nie. Dit is 'n liefde wat julle nie met julle huidige bewussyn kan verstaan nie, maar wel kan peil.

34) Kom saam met MY, MY vriende, steek julle hande uit na MY! As julle MY eerste vraag met 'n vreugdevolle "ja" beantwoord het, sal EK al die klippe en soms ware rotse wat in julle weg is, saam met julle oorkom. EK sal julle oor hulle dra indien julle gewillig is en julle sal die weg na hierdie grenslose liefdeseenheid meer en meer vind.

35) En nou sal julle **taak** die volgende wees, volgens julle vrye wil:

36) Begin nou om julle lewens te ontrafel, om dieselfde rede wat EK aan julle verduidelik het, deur na 'n **suigeling te kyk**, dus 'n kind wat so pas een sfeer vir 'n ander verruil het en die aardse kleed aangeneem het. Neem ’n suigeling aan van, dalk 'n paar weke, 'n paar maande, maar nog onder een jaar. As dit vir jou moontlik is, kyk in die oë van die kindjie, seën hom, en daardeur seën jy al die klein kindertjies wat die Aarde betree het!

37) Selfs al word die seëning nog in die [vlak van] verstand uitgespreek, probeer om jou hart in die seënende woorde te plaas, deur te dink aan watter tipe lewe hierdie kleintjies hulle "ja" gegee het, net soos wat julle ook eens julle "ja" gegee het. Laat ons op hierdie stadium na julle toe kom.

38) Op 'n aand wanneer daar stilte om jou is, wanneer jy jou van die uiterlike wêreld teruggetrek het, dink dan aan hierdie suigeling! As jy nie een kan vind in 'n stootwaentjie in die supermarkte of op die skouers van 'n vader of moeder nie, kyk dan na foto's van julle kinders op daardie ouderdom of selfs na jou eie foto en neem die indruk van die suigeling in jou innerlike wese in! Of die kind huil, en of hy rustig is, neem die indruk in jou eie innerlike wese in, sowel as jou eie gevoelens terwyl jy na hom kyk. Neem dit alles in jou innerlike in.

39) In hierdie stil uurtjie sal jy onthou wat jy as suigeling ervaar het. Hierdie gevoel sal jou terugneem na jou eie babatyd; ja dit sal jou selfs verder lei, indien jy hierdie stap in alle erns saam met MY sal neem. Jy sal die gevoelens ontvang wat jy gehad het toe jy die aarde betree het.

40) As jy hierdie oefening meer gereeld beoefen, altyd in verbinding met die seëning en liefdesuitstraling na alle babas van hierdie aarde, sal EK in staat wees om verskeie sluiers vir jou te lig, indien hulle vir jou belangrik is. Gebaseer op al die gevoelens wat kan verander, sal jy getoon word dat jy die Aarde betree het met 'n hele aantal gevoelens. Terselfdertyd sal jou siel al die baba periodes laat gaan, indien jy gewillig is.

41) Laat EK dit weereens aan julle verduidelik sodat julle beter kan verstaan: Jou siel bevry haarself tree vir tree van al die sluiers wat sy om haarself geplaas het, en daardeur om die suiwer GODDELIKE VONK te ontvang, indien julle hierdie stappe van onderrig saam met MY sal neem.

42) So kan dit die geval wees dat jy bewustelike drome het. Dit kan ook so wees dat dit nie belangrik is vir jou huidige kennis nie en dat jy in die oggend ontwaak en weet dat jy gedroom het, maar nie die inhoud daarvan kan onthou nie. Wanneer dit gebeur, kom dan oombliklik na MY nadat jy ontwaak het, met die gevoel wat jy gehad het toe jy wakkergeword het, of dit nou angs, vertwyfeling, hartseer of soortgelyke dinge is, netsoos wat EK julle geleer het.

43) EK sal MY seënende hand op jou plaas en sal alle gewaarwordings van jou neem van enige negatiewe soort van vorige aardse wandelinge, vanaf jou kindertyd. EK sal hulle sagkens van jou afneem, want jou siel moet vry word, heeltemal vry in die lig van Wysheid, van herkenning wat uitgestraal word deur geduld, liefde en barmhartigheid, sodat EK jou kan gebruik, MY geliefde, in ooreenstemming met jou vrye wil, soos wat jy eens belowe is.

44) Die onderrig wat nou begin word, is 'n nuwe hoofstuk. Wanneer julle die volgende tree neem, maak seker jy neem dit in volle erns. Julle kan julle indrukke en ervarings ook kortliks neerskryf. Dit sal julle hier in die gemeenskap help wanneer dit lyk of julle jul indrukke nie alleen kan hanteer nie. En dit help wanneer jy daardeur werk en tot herkenning kom waarom jy juis hierdie spesifieke indrukke ingeneem het in jou ontwakende bewussyn.

45) EK vra julle almal om mekaar hiermee te help. Hierdie instrument, [waardeur hierdie woorde gegee word], sal meer en meer na die agtergrond moet verskuif en net MY woord gee. Julle sal almal moet grootword en mekaar help en bystaan, **want julle is almal kinders van die VADER wat eweveel geliefd is, toegerus met dieselfde gawes, geen kind word bevoordeel of benadeel nie.**

46) Wanneer julle rondkyk op hierdie groot wye aarde, dink aan MY woorde. Elke kind dra binne hom die GODDELIKE VONK met dieselfde krag en mag, liefde, geduld en barmhartigheid en is gevul met die GODDELIKE ORDE om ELOHIM se WIL te doen en om te groei in SY kennis tot in alle ewigheid. Watter sluier ookal rondom jou of jou naaste is, vra EK julle: Moet nie na die sluiers kyk, tensy julle dit doen vir julle eie selfherkenning nie, dan sal julle in liefde groei vir almal en alle wesens.

47) So seën EK julle en elkeen in die Naam van die VADER met WIE EK een is. Wees **LIEFDE** in hierdie nuwe hoofstuk van tyd en ruimte. Dra **VREDE** in julle en stuur **SEËNINGE** in die wêreld in. **En vervolgens IS daar LIEFDE, IS daar VREDE en alles is GESEËND**, want tyd is verganklik.

**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

# 24. Oefening

**Belangrikheid daarvan om jou kindertydperk in retrospek te beskou - gewaarwordinge wat ons gehad het toe ons hierdie aarde binnegekom het - die siel van die baba is dikwels nog in paradysagtige sfere - rede vir die emosie van hartseer - waar daar droefheid is, is daar suiwering, is daar 'n tuiskoms - die aarde is 'n uitstekende skolingsplaneet - elkeen wat liefde uitleef, is ‘n ware gelowige, hy volg MY JAHSHUA, ongeag wat sy godsdienstige geloof is - oop handpalms tydens gebed - laat genesingstrale vrylik vloei - sodat gevoelens (taal van die siel) lewendiger kan word - tydens slaap (kleindood) in die tussentydse sfere ten einde te help met die huistoe bring - belê in klein notaboekie**

1) Deur die terugskouing van julle babatyd, is daar 'n vae voorstelling in julle gewek van hoe dit eens in die hemelse sfere was en hoe dit weer sal wees. Behoedsaam het EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, julle gelei oor die vlakke van julle ontwikkeling hier in die aardse realm en daarby het EK julle gelei na julle opdrag, wat julle in jul innerlike wese oproep, want die VADER roep SY kind: "Kom, MY seun, MY dogter, kom huistoe deur te volbring wat jy belowe het."

2) Dit is waarom julle hierdie gevoel het dat engele julle omring – want dit is so!

3) Nie net het julle beskermingsengele julle hierheen vergesel nie, hier is talryke siele teenwoordig van die tussensfere, aangesien hulle hierheen gebring is ten einde, saam met julle, die liefdesleer te verstaan en om dit selfs in die tussensfere te verwerklik, om daardeur die vlakke opwaarts te neem na die VADER SE HUIS.

4) Wanneer jy na 'n slapende baba kyk, sal jy baie dikwels 'n glimlag op sy gesiggie sien, terwyl sy siel nog steeds in die paradysagtige sfere is. Hierby bedoel EK nie die suiwer hemele nie, maar die tussensfere, wat bedoel is vir daardie kinders van MY wat probeer het om in vorige inkarnasies in liefde te leef. Die tussensfere bevat ook suiwer geestelike wesens, net voordat hulle die laer sfere moet ingaan en uiteindelik die diepte, ten einde 'n aardse inkarnasie aan te neem vir die doel om die kruis van die wêreld te help dra.

5) Vanuit vorige openbarings weet julle dat menige ligwesens vanuit die suiwer sfere nou besig is om te help. Nou, tydens die eindfase van die groot werk van Huistoe bring in die wingerd van liefde, wil hulle help om die menigte van kinders tuis [na die VADER] te bring.

6) Meer nog, wanneer julle julleself meer intensief besighou met die opdrag van julle suigelingskap, alles binne julle vrye wil, sal sensitiewe sfere vir julle geopen word en julle bewussyn sal oopmaak vir gebeurtenisse wat in vorige inkarnasies plaasgevind het. Afhangende van hoe lank julle in die tussensfere gebly het tussen julle inkarnasies, sal julle herinneringe minder of meer intensief in julle ontwakende bewussyn ingaan.

7) En daarby, soos wat julle dit alreeds ervaar het en soos wat EK dit voorheen vir julle gesê het, het julle by tye in die oggend ontwaak in 'n toestand van hartseer en julle het korrek opgetree deur na MY toe te kom met julle hartseer. Julle sien, dit is nie net die hartseer van hierdie of een van jou ander suigelingskappe wat oor jou gekom het nie, wat afstam van die feit dat julle die paradysagtige sfere verlaat het, ten einde een addisionele aardse inkarnasie te herhaal. Dit is terselfdertyd julle eie sensitiwiteit, wat die aarde se rou aanvoel, die vibrasie van rou op die hele aarde en al die wesens wat op haar leef.

8) In jou innerlike wese het jy 'ja' geantwoord op die vraag om die kruis van die wêreld te help dra, en hierdie bereidheid om dit te doen, wek in jou die smart en lyding op wat plaasvind op hierdie planeet en al die lewensvorme op haar.

9) Eers later word die smart vir jou verander in vreugde en sal jou bewussyn uitbrei verby hierdie aarde, en uit hierdie kruis van smart en lyding, sal daar 'n kruis van Vreugde ontwikkel, wat die brug tussen MY gevalle kinders en MY mees innerlike hart sal vorm. Soos wat Ek alreeds vir julle gesê het, sal julle dan hierdie kruis in 'n liggevulde toestand sien, met trappe voorsien. Wanneer julle hierdie vlak bereik het, word alle voortdurende lyding in vreugde omvorm, die vreugde van die tuiskoms; want waar daar ookal lyding is, daar is ook reiniging, tuiskoms.

10) Loop tree vir tree aan MY hand, want almal om julle het 'n ander bewussyn - een van julle is meer oop vir 'n spesifieke rigting en ander is meer oop vir 'n ander een. Dit word nie bedoel om waarde te bepaal nie - dit is hoe julle mekaar inderwaarheid kan help. As julle almal op dieselfde vlak van bewustheid was, hoe sou julle enigsins van hulp en bystand kon wees vir mekaar?

11) Herken dat die Aarde hierdie wonderlike skolingsplaneet geword het, hierdie Aardskool, want tallose vlakke van bewussyn ontmoet hier. Herken deur MY Wysheid dat in die tussensfere, soort by soort lewe! Julle het alle moontlikhede hier op Aarde. Dit is ook waarom die Ewige Waarheid ook beter verstaan kan word op hierdie Aarde in die veelvuldigheid van die verskillende gelowe.

12) Wanneer julle al die waarhede van alle gelowe, in alle gemeenskappe en vanuit alle boeke van wysheid tesame neem, sal julle baie fasette van die groot edelsteen van ewige heilige waarheid hê, en nie net een nie. **Oraloor, in alle gelowe, in alle gemeenskappe skyn MY Lig van Wysheid, en oral kan die terugtog huistoe betree word deur eenheid – EN DEUR DIE LIEFDE, WIE EK IS.**

13) Toe EK oor die Aarde gegaan het as JAHSHUA, het EK geen nuwe geloof geleer nie. EK het uitdruklik gesê: "EK het nie gekom om die wette van Moses tot niet te maak nie, maar om hulle te hou en te verdiep. EK het gekom om julle liefde te leer en s l e g s die LIEFDE." **Hy wat liefde uitleef, is 'n Christen en hy volg MY, maak nie saak wat sy geloof mag wees nie.** Slegs wanneer julle en almal van julle wat hierdeur aangespreek voel, die weg na eenheid gevind het, kan die ewige Jerusalem verhoog word in gees en sal uiteindelik die terugkerende kinders kan ontvang.

14) Sommige van julle het geborge gevoel as baba, gedra deur liefde. Hier het die siel alreeds verstaan dat EK, die ewige, ALLEEN ENIGE IN JAHSHUA DIE GESALFDE, MY kind dra. Die LIG wat jou gedurende meditasie omgeef, is MY Liefdeslig. As JAHSHUA wil EK waarlik jou vriend en broer aan jou sy wees; want EK weet hoe moeilik die pad somtyds vir julle kan wees voordat dit die stralende trappe van vreugde geword het.

15) Gedurende jou babatyd was jou siel meer met die paradysagtige tussensfere verbind as met jou liggaam. Dit is waarom die baba soveel meer slaap as die kind wat groter word en daarna minder en minder slaap nodig het. Gedurende slaap, wat ook die 'kleindood ' genoem word, onttrek die siel haarself, selfs nou, ten einde die tussensfere te besoek en om daar te help met die werk van die tuiskoms.

16) Hoe meer jy in jou taak ingroei, hoe meer sal jou bewussyn verhoog, hoe sterker sal die krag van jou siel word en sy kan in die ontwakende bewussyn op verskeie vlakke in liefde dien.

17) Herken, MY geliefde Vriende, hoe wonderlik hierdie weg is! Herken dat selfs in treurigheid en smart is die Vreugde daarin verborge, soos wat EK dit aan julle getoon het.

18) Herken dat jou siel nog deels net so hulpeloos is as wat babas is, maar sy wil haarself bevry van al die obstruksies wat mens genoem word, ten einde op te groei en haar bewussyn uit te brei sodat sy die menslike fisiese dop kan verlaat. Sy wil uitbrei en wyd word in die wydtes van die skepping, en alles in liefde omvou. Herken dat, vandat jy met hierdie skoling begin het, jy jou siel toelaat om in klein inkremente te ontwikkel, ten einde dit te bereik wat jy eens belowe het.

19) Om hierdie rede moet julle mekaar help en vryer word in julle gebede, want alreeds deur julle gebede begin MY lig te vloei, wat julle innerlike wese sal laat verhoog en verlig. MY gawes word daardeur in julle gewek, wat julle dan vrylik kan aangee aan hulle wat saam met julle is.

20) Deur julle gebed, begin MY eerste skugtere "EK IS BINNE-IN JOU" in jou oprys. Wanneer jy jou hande oopmaak, wat jou toelaat om die lig van liefde, wat in elkeen van julle woon, om as lig oor die hele aarde te vloei, sal julle 'n polsing in julle hande voel, julle sal warmte voel. Dit is MY uitstralende

liefdeskrag wat ook deur jou wil vloei in die vorm van genesende strale. So baie dinge op Aarde het genesing nodig; alles wat beseer is aan die linker- en regterkant van jou pad, of dit nou geestelik of liggaamlik is, [is in genesingsnood]. Mag julle daar van hulp en bystand wees! - Voel die kloppende krag wat deur julle vloei! - Laat MY in en deur julle vloei! Waarlik, die hemele is in julle midde!

21) Indien julle gewillig is, versterk die stroming van MY genesende krag in en deur julle meditasie! Laat EK ook deur julle bid in meditasie! Laat jou siel met MY spreek in meditasie! Laat jou siel jubel, loof en prys met dieselfde vreugde wat jy gehad het as baba!

22) Maak weereens ruimte vir die gevoelens in jou! In jou vroeë jeug was jou gedagtes, asook die intellek, nog nie deel van jou nie. Dit is eers later op jou gelê. Want jy het nog in die wêreld van gevoelens geleef, jy het in die taal van die hemele geleef. Laat hierdie taal weereens plek in jou vind! Waarom dink julle het Ek gesê: "As julle nie soos die kindertjies word nie, kan julle die koninkryk van die hemele nie binnegaan nie?"

23) EK het alreeds aan julle verduidelik dat dit nie beteken dat julle kinderagtig moet word nie, maar kinderlik, met kinderlike gemoedere, vol vertroue, in volle oorgawe in kosmiese geborgenheid, ten volle geliefd. Hierdeur sal julle die weg na die liefde vind, vir julleself, op enige ouderdom.

24) Miskien sal dit vir jou moontlik wees om so 'n salige glimlag van 'n baba te siene te kry, wat nou net saggies deur MY geskud word, allegories gespreek. Miskien sal die glimlag van die slapende kind deur die versperrings breek wat jou intellek vir jou geskep het en jy sal weer toegang hê tot die ervaringswêreld van jou siel, met die taal van die hemele.

25) Dit is julle taak tot volgende keer en EK spreek weer die dagboekie aan, want dit sal julle help om met mekaar te werk in die gemeenskap.

26) MY Liefde en Barmhartigheid sy met julle almal en neem julle sagkens by die hand as Vriend, as Broer, maar ook as VADER en lei julle huiswaarts na MY. MY seëning raak julle aan julle hoofde, sag en koel soos 'n briesie. MY seëning vloei na julle, julle siele. Sien die verlossende Lig wat julle huistoe lei na die VADER SE HART! MY seën vloei regoor die hele Aarde.

**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

# 25. Oefening

**Selfs ys en sneeu word as simbool vir ons getoon - verduideliking - baba is 'n gelykenis vir ons om ons oorgawe te toon - ons moet dit ook beoefen en onsself binne ELOHIM se wil plaas - ons veroorsaak ons eie probleme - om totale vertroue in ELOHIM se leiding te ontwikkel - Taak: Kyk na die kind tussen drie en ses jaar oud en ontleed jou gevoelens, mediteer daaroor**

1) Ysige koue het op die natuur neergedaal oor julle breedtegraad en ysig is dit ook in die innerlike van so baie mense. Julle landskap is egter oortrek met 'n stralende wit poeieragtigheid wat die lig van die son weerspieël en dit terugkaats in die atmosfeer in.

2) Selfs gedurende hierdie yskoue tye is EK, julle goeie Vriend JAHSHUA DIE GESALFDE, aan julle sy. Herken die simboliek in hierdie beeldspraak, MY geliefde studente. Die son, MY LIEFDE, het jou vasgegryp terwyl ys bevrore lewe is, star en koud. Maar hoe langer die son egter op jou skyn en hoe langer hy jou bestraal, hoe meer sal hierdie ysige koue wyk. Die yskristalle sal smelt en weer in water verander, netsoos wat dit in die natuur gebeur.

3) Water skenk haarself om lewe te bring en laat die natuur groen word en blom. So word ook die ys in julle opgelos en bevry sal julle die diepte van die dal herken en hom verlaat om na die Lig van LIEFDE te wandel. Soos wat die ys smelt en water word, sal julle versag, nadat julle deur die dal

gegaan het en bereid sal wees om julle eie ego te herken en julleself in liefde oor te gee en liefde uit te leef.

4) Slegs hierdie weg sal julle lei na die lig. Slegs hierdie weg sal julle oplig vanuit die nag se duisternis, uit die diepte van die dal, uit die ysige koue. Dit is MY weg, wat EK vir julle vooruit gelewe het en wat julle met MY sal herlewe in die komende tyd.

5) Julle gemeenskap is 'n gemeenskap van liefde en dit beteken absolute eerlikheid met mekaar. Julle wil tog nie langer met maskers voor julle gesigte deur die lewe loop nie en dus deur die lewe gaan soos in die sogenaamde karnavaltyd nie? Verwyder die maskers en toon julleself soos wat julle is, want dit is hoe julle "ja" sê vir julleself en begin om julleself te aanvaar en lief te hê. Eers wanneer jy by die punt van die dal aangekom het, waar jy jouself aanvaar soos wat jy in jou huidige bewussyn beweeg, het jy begin om jouself lief te hê; en die rustelose mens hou dan op om buite homself te soek en gaan sy innerlike wese binne om MY, die BRON van alle wesens, in homself te vind.

6) Die gemeenskap kan slegs vir jou die weg aanwys en jou ondersteun, maar jy moet hierdie stap na MY self neem, vanuit jou innerlike wese. Hierdie stap kan niemand jou leer nie, niemand kan die poort na jou innerlike self oopmaak behalwe jyself nie; en wanneer jou hulpgeroep op sy hardste is, dan is EK die naaste aan jou. Moenie van julleself wegvlug en julleself bluf om te dink dat julle na MY soek nie. Julle sal MY nie uiterlik vind nie, maar slegs binne julleself!

7) Die hulp met die eerste tree op die weg na die innerlike wese kan op velerlei wyses deur talryke Ligwesens wat oor hierdie Aarde gaan, gegee word. Maar die deurtog deur die poort na jou innerlike wese kan egter net jy self doen. Waarom peins en oordink julle nog? Laat EK julle 'n gelykenis gee:

8) Terugvoer na jou suigeling tydperk en na die verskeie inkarnasies is gelyktydig ’n opdrag om jou aan jou lot oor te gee soos 'n suigeling; want daar is geen ander keuse nie, nie vir jou en nog minder vir die suigeling. Julle het self julle weg bepaal [in die lewe] en julle bepaal dit elke keer opnuut. Jy sal die pad baie makliker kan stap as jy vinnig stap. 'n Suigeling kan nie weghardloop nie, hy is aan sy ouers verbind in voorspoed of verderf. Julle is nou volwassenes en het self kinders. Beoefen die eienskap van oorgawe aan jou lot wat jy self gekies het en plaas jouself daardeur in die leidende wil van ELOHIM! Wees soos 'n sneeuvlokkie in die wind van Liefde! Laat sy jou hierheen en daarheen waai, en gee jouself vreugdevol aan jou lot oor deur te aanvaar wat kom en laat die son van liefde jou bestraal.

9) Word water en skenk jouself en nuwe lewe sal ook in jou ontspring!

10) 'n Suigeling kan maar soveel skop en skreeu as wat hy wil, julle as ouers weet dat dit alles tevergeefs is. Selfs wanneer julle in julle huidige bewussyn rebelleer, maak julle net julle lewens moeiliker. Aanvaar dit en plaas jou hand in Myne en EK sal jou na jou innerlike wese lei, na die poort waar jy herhaaldelik sal klop en dink dat niemand sal oopmaak nie. Maar dit is alreeds oop, want die lig het jou alreeds aangeraak. Andersins sou julle nie hier gewees het, of MY woord gelees het en dit in julle harte ingeneem nie.

11) Neem mekaar geestelik by die hand en help mekaar, ondersteun mekaar! Dan sal julle oë open vir die poort van innerlike lig wat alreeds oop is en julle sal in die lig sien dat EK in julle is. EK leer julle om die weg na julle innerlike wese te vind. EK leer julle om van die skaduwees wat julle nog omgeef ontslae te raak en EK help julle daarmee met MY Genade en Barmhartigheid. Deur MY "dit is volbring" het EK 'n groot deel van julle kruis op MYSELF geneem. Waarom kla julle dan so onder die oorblywende las?

12) Julle is gebore in 'n land wat min of meer na al die uiterlike sorge vir julle lewensonderhoud omsien, julle het 'n dak oor julle kop. Julle het die krag van ELOHIM ontvang om deur julle handewerk julle brood te verdien en byna niemand het nood nie. Herken die genade, MY geliefde studente, dat julle binne hierdie sekuriteit in staat is om alle moontlikhede na julle toe aan te trek op julle geestelike pad na julle innerlike wese, om die weg te vind na die innerlike lig, om julle BRON te vind.

13) Erken dit wanneer julle die ernstige nood sien wat op hierdie Aarde heers, dat dit julle self is wat dikwels julle eie probleme veroorsaak.

14) Hierdie is ernstige tye. EK het julle by julle name geroep, julle is MYNE. EK het julle geroep want julle het eens lank gelede belowe om MY te dien en hierdie **DIENS IS LIEFDE**. Hierdie LIEFDE is geen soetigheid nie, net soos wat MY pad nie soet was nie, maar bitter.

15) Tog het Ek steeds vreugdevol saam met MY dissipels gestap tydens die jare van onderrig. MY eerste wonder wat EK volbring het, het by 'n bruilof plaasgevind waar EK water in wyn verander het. -

16) O, sien ook selfs hierin MY voorbeeld. **Vreugde en LIEFDE**, so het EK julle geleer, is 'n onverbreekbare span. Hy wat nie liefde ontwikkel nie, gaan sonder vreugde oor hierdie aardse bestaan. Maar hy wat egter liefde ontwikkel, dit is, hy wat die weg na onselfsugtigheid vind, word ook vergesel deur vreugde.

17) Hierdie vreugde sal tot sy beskikking wees, selfs in tye van bitterheid en nood, as 'n stralende krag, as sterkte om deur die bitterheid te stap en die lig te bereik, deur die duisternis stap vir stap te oorwin.

18) Slegs met klein treë sal julle julleself kan en baie klein treë maak een grote op. Wanneer julle dan na 'n tyd terugkyk, sal julle hierdie tree herken en julle sal die baie kleiner treë sien, toe julle met julleself en met die skadu's van die verlede geworstel het. Die duisternis sal trek en pluk aan die wat na die lig streef, want die duisternis wil julle in hulle sfere hou.

19) MY geliefde studente, MY vriende, elkeen van julle gaan deur verskillende fases. Geloof, sy is die tweede eienskap wat EK wil aanspreek, glo in MY. Hou 'n bietjie langer uit, in ooreenstemming met julle eie vrye wil, net soos 'n kind wat diepe vertroue moet leer, sodat hy later in sy lewe sy weg kan vind. Indien hy nie daarvoor bemagtig was nie, sou sy latere lewensweg sy grootste las word. Daarom sal julle ook weer die **OERVERTROUE IN DIE GODDELLIKE LEIDING ontvang - OERVERTROUE. HY, DIE ALLEEN-ENIGE ELOHIM, DIE OERVADER, MET WIE EK EEN IS, bring julle tuis na die BRON**. Ongeag welke leed of probleme julle nou op die oomblik mag ly, hou net aan MY vas!

20) As julle dus gewillig is, wil EK die onderrig uitbrei. Die opdrag rakende die suigeling moet julle uitvoer en verdiep! Saam sal EK julle begelei en aan julle 'n kind toon van onder die derde lewensjaar indien julle gewillig is. Hierdie kind sal ook 'n brug na julle eie verlede wees en sal die gaping oorbrug na alle kinders van daardie ouderdom. Seën die kleintjies van hierdie Aarde wat in hierdie moeilike tyd besluit het om 'n vleeslike liggaam aan te neem!

21) Seën die kleintjies wat tot en met hul derde jaar nog steeds 'n verhouding met 'ons' het, tipies van die siele-gemeenskappe! Hulle praat nog nie in terme van "ek wil" nie, maar praat van hulleself in die derde persoon. Dit beteken dat die siel nog nie haarself met die liggaam identifiseer nie. Die siele beweeg eerder nog in die geestelike sfere en sien nog steeds liggevulde wesens om hulle en die wêreld is nog stil. Met die voortskrydende ouderdom sal die kind ingroei in hierdie wêreld en in die self of ego in - "Ek wil!"-

22) Ondersoek julleself, MY vriende, in watter mate julle julleself nog steeds gevange hou in julle eie-wil, julle ego-wil. Oefen ook om na die wêreld te kyk deur die oë van die kleintjies! Probeer dit en seën al hierdie kinders wêreldwyd, soos wat EK gesê het! Deur hierdie seënende gedagtes, sal julle oë geopen word, selfs al het julle hulle tot nou toe geslote gehou vir die innerlike lig. Want met elke gedagte wat julle spandeer, - nie aan julleself nie, maar aan julle naaste, - sonder om iets terug te verwag, sal julle ook die binding van julle ego, asook julle nog heersende eie-wil, ook genoem ego-wil, losmaak.

23) Daarom stap EK tree vir tree saam met julle en EK belowe julle dat die deurbraak na die lig, wat LIEFDE is, moontlik sal wees binne 'n baie kort tydperk. Julle het julle vrye wil om die opdragte wat EK julle gee te doen of nie te doen nie.

24) As jy jouself in 'n dal bevind, roep na MY sodat EK jou uit die diepte kan optrek. Moenie ophou om na MY te roep nie en glo in MY hulp! Want as jy aan die een kant na MY roep en aan die ander kant glo dat jou geroep onverhoord gaan bly, neutraliseer jy outomaties jou geroep na MY. Dit sal dieselfde wees asof jy glad nie geroep het nie. EK kan net MY hand aan die kind reik wat vol vertroue soos 'n klein kindjie sy hand in MYNE lê, om die eerste treë in die lewe te maak, in die liefde in. Hoe

onbeholpe, MY geliefdes was julle eie eerste treetjies nie? Let ook daarna op, want soms doen julle dit nou nog. Maar met elke verdere tree groei julle vertroue op die weg na volkome Liefde.

25) MY seëning en innerlike Vrede vloei na julle almal. MY LIEFDE vergesel julle.

**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

# 26. Oefening

**Om stap vir stap te ontwikkel, eerder as haastig, anders sou ons baie misloop - die kind leef in eenheid tot op die ouderdom van drie, hy/sy is nie eers geskei van die skepping nie - die eerste "ek wil" bring skeiding voort - die "rooidraad" wat ons van vorige inkarnasies saamgebring het, toon homself - Taak: Kyk hoe 'n kind tussen een en ses, hê interaksie daarmee het en toets jou gevoelens, peins daaroor**

1) Glimlaggend is EK in MY gees in julle midde, met 'n glimlag vol mildheid, vol goedheid en vol liefde. Vanuit MY na julle stroom die eenheid van die geestelike wese, omsluit julle en hef julle na 'n hoër bewussyn op sodat julle MY, JAHSHUA JULLE GESALFDE, beter kan verstaan en MY Woorde nie net woorde bly nie, maar toelaat dat dit in julle harte opgeneem word en in dade omgesit word.

2) Vanaf die oomblik wat julle julle hande bereidwillig in MYNE geplaas het, het alles skoling geword, was dit ’n oefening vir julle. Julle sal geen tree in julle daaglikse lewens gee sonder MY, julle vriend en broer aan julle sy nie, waar EK julle MY ondersteuning herhaaldelik gee op die pad huiswaarts en na die lig. Baie van MY hulp gaan ongemerk by julle verby. Maar met julle aanhoudende vooruitgang op die geestelike weg, julle bewussyn-opleiding in gevoelens, sal die taal van die siel en die taal van die GEES, meer en meer versterk word en julle sal herken dat baie dinge wat daagliks op julle weg kom, aan julle gegee was om julle te help.

3) Wanneer julle bymekaarkom, hier of êrens anders in die verskillende gemeenskappe, of as jy die onderrig alleen lees en wanneer jy die WOORD verwerklik, is dit maar net 'n fraksie van dit waaruit die eintlike leiding bestaan. Niks wat in jou lewe gebeur is sonder betekenis op jou weg huistoe nie. Alles is bedoel as 'n kans op herkenning, wat julle na goddelike Wysheid lei. Selfs 'n klippie langs die pad is soveel meer en is daar vir 'n rede. Want met elke tree wat jy neem via selfbemeestering, breek die ligstraal van herkenning vanuit die goddelike Wysheid selfs nog meer kragtig deur tot in jou grotbestaan, totdat sy jou eendag heeltemal oorneem, en jy sal verwonderd rondom jou kyk en wonder wat het van die grot en die mure geword, mure waarteen jy gedurigdeur gestamp het in die verlede.

4) Hierdie ontwikkeling geskied stap vir stap, dit is waarom ons dit vandag beklemtoon dat die h e l e menslike wese herken moet word, net soos wat hy of sy in realiteit is, nie net die liggevulde en blink kant van hom nie, maar ook die skaduwees. Beide maak die somtotaal van julle huidige bewussyn op. Jy kan slegs bou op albei dele.

5) As julle slegs die lig kon sien, MY geliefdes, sou julle na hierdie lig gestreef het en almal miskyk wat saam met julle stap. Julle sou net julle eie egos wou tevrede stel en net voor die doel, terwyl julle in die stralende lig staan, sal julle besef dat die hele weg tevergeefs was, omdat die weg Liefde gekort het. Sommige onder julle het hierdie weg na die lig vir homself gestap. Nou is julle weereens in die aardse kleed, maar hierdie keer behoort julle rondom julle te kyk.

6) Hierdie "rondom jou kyk" beteken ook om jou eie skaduwees te herken, want slegs wanneer jy jou eie skaduwees sien wat na jou weerspieël word deur jou naaste, kan jy begin verstaan en deur die begrip begin jy liefkry.

7) As jy 'n negatiewe eienskap in jou naaste ontdek, ondersoek jouself om te sien waar hierdie balk wat verwyder moet word, regtig lê! Wanneer jy hierdie balk [jou eie] herken, sal jy in staat wees om begrip te hê vir die splinter in jou naaste se oog. Jy sal nie meer jou broers en susters oordeel en veroordeel en jouself bo hulle verhef nie. In stede daarvan sal jy eerder herken dat julle almal op die weg huiswaarts na die VADER is. Deur hierdie herkenning kan julle jul hande na mekaar uitsteek en die weg saam bewandel in goeie gees.

8) In hierdie onderrig wat EK julle huidig leer, is julle besig om julle vroegste kindertyd te bekyk. En saam met die taak om julle kindertyd te onthou, word julle gelyktydig die sleutel in die hand geplaas wat die raaisel van julle huidige lewens sal oplos. Met sommige van julle is dit byvoorbeeld vrees en selfs angs wat gereflekteer word in die gesiggie van die tien dae oue babatjie. Dit is die angs van die gekose pad wat die kind nou net begin het. In 'n ander voorbeeld het jou herinneringe jou gebring tot waar jy onder die tafel weggekruip het vir die grootmense, wat beteken dat jy bang was vir die growwe realiteit van hierdie lewe op die planeet Aarde.

9) Op driejarige ouderdom, lewe die kind nog eintlik nog in die hemelse wêrelde deur die genade van die VADER. Hy is nog nie heeltemal geskei van die skepping nie, maar die regressiewe herinneringe wys dat die kind alreeds uit die wêreld van die grootmense getree het, met die begeerte om so groot te wees soos hulle, met die begeerte om die begrensings te oorkom wat hierdie aanvaarding van die aardse liggaam meegebring het en om finaal daarbo uit te groei.

10) Al julle vroeëre kindertyd ervarings reflekteer alreeds julle pad na lewe. Met die voortsetting van die onderrig sal julle herken dat die begin van die "rooidraad" homself begin wys het in julle vroegste kindertyd, en dat die mense om jou 'n taak gehad het, naamlik om die "rooidraad", wat jou deur jou hele lewe vergesel, te versterk, sodat jy jou lewenstaak sal herken.

11) Selfs al verstaan julle nie nou MY woorde baie goed nie, sê EK aan julle dat hierdie "rooidraad" na die verlede baie vêr terugreik na baie inkarnasies. Want almal wat jou by die hand geneem het gedurende die huidige lewe en wie jou vergesel het, maar wat ook by tye jou pad geblokkeer het, is ou kennisse waardeur EK julle help om julle doel te bereik. Hierdie "rooidraad" lei jou na jou doel, dit is, om 'n innerlike edelsteen te word, die stralende kristal van die GEESTELIKE KIND, wie elke ene van julle is.

12) Julle gaan alreeds deur die skepping met ander oë as voorheen en daardeur nader julle weer die tyd toe julle nog met MY verenig was. Eers toe julle ouer geword het, gedurende die latere kinderjare, het julle meer en meer skeidings veroorsaak. Julle het die eenheid, waarvandaan julle gekom het - naamlik die werklikheid - verruil vir illusie en dus skeiding.

13) Tog bestaan eenheid ook egter hier in die materiële realm. Hierdie eenheid vind jy wanneer jy jou "menslike wese" vind, in die eenheid van die negatiewe en positiewe pool, dus wanneer jy lig en duisternis binne-in jouself herken en jy hierdie lig en duisternis bevestig. Deur die herkenning van die duisternis in jou, sal jy dan begrip hê vir almal wat nog steeds die duisternis in hulleself beveg.

14) MY getroue studente, dit is nie altyd maklik om in die spieël van die negatiewe eienskappe van jou naaste te kyk om jouself daardeur te herken nie. Maar die oomblik wanneer jy egter die stap van selfherkenning neem, lê jy ook jou ego stap vir stap af.

15) Wat is die ego dan? Die ego is jou huidige "menslike" persoonlikheid. Elke mens probeer om homself in die beste lig te plaas. Onbewustelik sal hy ander mense verlaag en hy sal altyd nog mense vind wat slegter is as hyself. Hierdeur beskerm hy sy ego soos 'n skat en versterk dit. Maar wanneer hierdie skat van hom afgeneem word en die mens daar nakend en kaal staan, soos wat hy in werklikheid is - beroof van sy pragtige bekleding, waarmee hy homself getooi het deur neer te kyk na hulle wat nog vêr benede hom is - dan is dit 'n baie harde les om te herken dat: "Ek is niks. Voor U, o VADER ek is niks en nie werd om U kind te wees nie. En tog dank ek U VADER dat U my U seun noem, dat U my U dogter noem. Gewillig reik ek U my hand om die stappe te neem om weereens U suiwer Seun of Dogter te word."

16) Wie op hierdie manier dink is nederig van hart en sal in liefde voor alle broers en susters neerbuig wat net soos hy worstel op die weg na die huis en in die lig. Wie so dink volg MY.

17) EK herinner julle weer aan die gelykenis wat Ek julle gegee het van die egbreekster. Hoe dikwels is julle nog gereed om, simbolies, die klip op te tel en na jou naaste te gooi? Julle sal hierdie gelykenis keer op keer teëkom in julle lewens in hierdie of in een of ander vorm, want die mens probeer altyd om ander te oordeel en te veroordeel, sodat hy homself beter of meer verhewe kan laat lyk as sy naaste.

18) Wanneer julle dit herken, is julle weereens in deemoed en kan verdere stappe na die lig neem. En die vlugtige onderbreking, die val, die struikeling, sal gou vergete wees. Die pad na die huis van VADER is Liefde, is deemoed.

19) Nou breek die tyd weer aan, my geliefde vriende, om MY weg oor Golgotha te betrag. Dit is die voorbereidingstyd vir die opstanding van MY GEES in julle.

20) Ook julle, elke een van julle, gaan sy weg via Golgotha.

21) Elke een van julle moet 'n steunpilaar vir sy naaste wees, soos wat Ek 'n steunpilaar vir julle is. Want deur MY "Dit is volbring!" het EK hierdie ondersteuning aan alle siele gegee, die Vonk van Verlossing, hetsy aan die siele in die menslike kleed of aan diegene in hul sielekleed, sodat hulle uiteindelik hul reis huiswaarts kon begin. MY daad van verlossing het die terugkeer na die onbewuste toestand verhinder, waarvan laasgenoemde in voor-Christelike godsdienste geleer is. Dit sou beteken het dat alle siele bestem was om op 'n gegewe tydstip op te los, omdat die boosheid evolusie sou laat omdraai, dit wil sê, die mens sou geïnkarneer het in die vorm van dier, ens.

22) Deur MY en ook die VADER se liefde en deur MY daad te Golgotha, was hierdie negatiewe ontwikkeling gestuit. In stede daarvan het MY en MY VADER se liefde in alle siele ingevloei, ten einde hulle te ondersteun en om 'n einde te maak aan 'n nog meer wydverspreide val. Die mensdom het die bodem bereik. Het EK, die LIEFDE, nie na hierdie aarde gekom nie, sou die mens se "ontwikkeling" agteruitgegaan tot by die vorm van 'n dier. Dus moet julle ook ondersteunend wees teenoor julle broers en susters, net soos wat EK dit vir julle geleef het. Wanneer julle gereed is om te help, wanneer julle bereid is om julleself op te gee ten einde Lig te wees vir ander op hulle weg, sal julle enige en alle hulp van die hoogste Bron ontvang sodat julle jul doel kan bereik.

23) Aangesien EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, julle lei, sal julle weet hoe om julle naaste te help selfs al sou hierdie hulp soms streng wees sodat hy kan ontwaak uit die slaap van hierdie wêreld. EK lei julle en gee julle die regte impulse sodat julle lig kan wees op die weg van julle naaste en nie duisternis nie, omdat julle 'n geveg wil vermy. Om met jou naaste te veg kan ook liefde beteken...'n geveg wat nie in toorn geveg word nie, want dan sou julle julleself weereens moes herken, maar 'n geveg wat op 'n liefdevolle vasberade manier geveg word.

24) Herken dat jy nie 'n kind help wanneer aan al sy begeertes voldoen word nie en wanneer hy alles kan doen wat hy wil. Jy kan jou kind soveel as wat jy wil teen die wêreld daarbuite beskerm, maar eendag sal dieselfde wêreld voor hom staan en dan het jy nie jou kind daarvoor voorberei nie. 'n Liefdevolle gevolglike aksie is van hulp tydens kinderopvoeding, want dit toon aan hom perke waaroor hy nie mag gaan ten einde ander mense se gevoelens seer te maak nie.

25) Presies so is dit met jou hulp aan jou naaste: Gebruik altyd liefdevolle gevolge, maar altyd in verband met die inspanning om julleself terselfdertyd te herken, veral wanneer jy 'n sekere emosionele vibrasie in jouself bemerk, tesame met die liefdevolle strengheid wat jy wil meedeel; want hierdie emosionele uitbarsting wys na die balk in jou eie oog.

26) Julle het die vreugdevolle nuuskierigheid van 'n kind beskryf en verstaan asseblief MY humor hierin, wanneer EK sê dat hierdie vreugdevolle nuuskierigheid julle ook moet vergesel in julle lewens op julle weg na die lig, want waarlik, EK wil nog baie dinge aan julle verduidelik en wys. Die skepping wil haarself aan julle openbaar, **sodat julle kan herken dat alles, selfs in die materiële realm, 'n onafskeidbare eenheid is**. Elkeen van jou roeringe is vibrasies wat jy uitgestuur het, wat soortgelyke vibrasies sal opsoek, vibrasies wat ooreenstem met joune, maar ook met al die ander wat ewe negatief is, selfs al het hulle niks met jou te doen nie.

27) Of dit nou roeringe [emosies] of aksies is, alles kom bymekaar op die GEESTELIKE VLAK, en aksie bring 'n reaksie voort!

28) Vind saam met MY eers eenmaal hierdie eenheid in julleself. Nou is die tyd daarvoor! Dan sal julle die afgelope onderrig baie beter verstaan waarin EK julle die liefde vir die skepping verklaar het. Dan sal julle verstaan waarom veral die klein klip soveel aan julle moes oordra, en waarom julle veral hierdie plant bo die ander een verkies, en waarom julle nie van hierdie of daardie dier hou nie. Alles reageer met julle, alles is een.

29) Laat Ons die onderrig voortsit: Neem nou die **kindertyd van die derde tot sesde jaar na geboorte** aan. Weereens sal EK julle lei na 'n kind van daardie ouderdom. Soos voorheen, seën al die kinders van daardie ouderdom. Hierdie kind sal julle ook lei na julle eie innerlike wese. EK sal julle jul innerlike wêreld toon, sodat julle julself beter kan verstaan in julle huidige ouderdom.

30) Iewers tussen die derde en sesde lewensjaar het jy die "ons-toestand" verlaat en die "ego-toestand" binnegetree. Waarom? Julle het julleself afgeskei van die illusie van die materie, deur te voel: "Hier is ek en daar is my ouers. Hier is ek en daar is my speelgoed. Hier is ek, dit is myne. Ek wil." Begryp dat hierdie aarde die laagste punt van die val is! Met jou eerste "Ek wil," het jy jouself buite die VADER se wil begewe en het die vibrasie van hierdie aarde, die vibrasie van die gevalle sfeer, aangeneem.

31) Dink bietjie na of jou wil na die eerste "ek wil" nie sterker en sterker geword het nie en of jy ander toegelaat om jou te regeer. Nie een is die korrekte middeweg nie.

32) Soos wat jy die onderrig voortsit, sal jou wil van "ek wil" na "VADER, dit is goed soos U dit wil!" oorgaan. Gelyktydig word julle ook van die GODDELIKE KINDSKAP bewus, waartydens julle sê: "DIE VADER het my lief soos ek is. Ek hoef HOM nie te geval nie. Ek hoef nie SY marionet te wees nie. Die VADER se LIEFDE is altyd dieselfde. Maak nie saak wat ek doen nie, die VADER het my lief."

33) Miskien moes jy as kind die liefde van jou ouers koop - as EK dit so grof kan uitdruk - deur goeie gedrag. Jy het baie gou geleer met die eerste "ek wil" wat die mense in jou omgewing van jou wou hê. Jy het hulle óf teengestaan óf toegelaat om jou te onderdruk sodat hulle van jou kon hou. Hierdie optrede het veroorsaak dat die siel meer en meer aan die menslike wese vasgeketting geraak het. Nou is dit hoog tyd om hierdie kettings los te maak. Die eerste kettings is vasgemaak tussen die derde en sesde jaar van die kind se lewe. Die kettings van eiewilligheid moet ook herken en losgesny word, afhangende van hoe jy opgetree het.

34) Julle bemerk dat hierdie ouderdom nie so vaag in julle bewussyn is nie. Deur gevoelens kan julle meer onthou as in die eerste drie jaar van julle kindertyd, want met die ontwaking van die eie-ego, ontwaak die mens ook, sowel as die bewussyn van die aardse kind. Mag julle omvorm word van aardse kind na die KIND VAN ELOHIM!

35) Dit is die rede waarom EK julle smeek om hierdie verlede tyd, wat julle nog steeds kan onthou, in julle te herleef in 'n aand-meditasie in die stilte, sodat julle jul kettings kan herken, die eerstes wat jou siel aan jou menslike wese gebind het.

36) As die herinneringe aan 'n moeilike kindertyd jou hartseer maak, herleef dit dan net kortliks in jouself en kom na MY toe met jou pyn en EK sal jou help om te vergewe. Julle het hierdie moeilike begin van julle aardse weg self gekies. As jy as kind baie gely het, wou jy dit bewustelik so gehad het, want as 'n kind kan jy nie teen jou karma veg nie. As volwassene sou jy in staat gewees het om ter enige tyd jou rug op jou karma te draai. En enige tyd kon jy as volwassene gesê het: "Ek wil nie meer nie!"

37) Wanneer die een wat jou baie hard toets jou tot jou uiterste perk gebring het, kan jy sê: "Tot hiertoe en nie verder nie!" Jy stap dan weg en plaas jou lot eenkant, waardeur dit nie opgelos word nie, maar sal in 'n volgende inkarnasie gedra moet word. Sodat dit nie sou gebeur nie, het vele siele 'n baie moeilike kindertyd gekies. Dit is waar vir almal wat vol emosie terugdink aan hulle kindertyd en nie hulle ouers of die wat hulle grootgemaak het, kan vergewe nie. EK sal julle help, as julle gewillig is om nie net MY woorde te lees of te hoor nie, maar om dit ook in julle harte in te neem en tot innerlike vrede te kom met daardie mense wat jou sleg behandel het gedurende jou kindertyd.

38) Bekyk weereens die kinders van hierdie aarde, en meet jou eie lot aan hulle s'n. Hoeveel lyding word nie veral verduur deur die kleintjies van baie lande van hierdie aarde nie, oneindige lyding. Wil jy

help om hulle pyn te dra? Wil jy help sodat die lyding tot 'n einde kan kom en vrede oor hierdie aarde kan kom? Kom dan, breek die kettings en herken jouself as deel van die geheel en hierdeur sal jy in staat wees om ander te help om liefde te verstaan!

39) MY seën sy met julle. Wanneer julle terugtrek na julle innerlike wese vir 'n stil meditasie, selfs al is dit net vir kort oomblikke, sal EK julle met al MY liefde en seënende krag bestraal. Kom dus en soek gedurig die eensaamheid weer en weer, eenheid met MY, eenheid met die GEES VAN LIEFDE.

**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

# 27. Oefening

**Om gedragspatrone en denkpatrone te herken en op te los - ons is die bouers van ons lot - om kalmte en selfbeheersing te leer – om alles vanuit 'n hoër standpunt beskou - die siel bevry haarself deur drome - Taak: Kyk na 'n kind tussen die ouderdom van ses en nege en mediteer daaroor.**

1) MY geliefde skape, EK, die GOEIE HERDER, JAHSHUA DIE GESALFDE is in julle midde met vreugde. Ek het julle gesprek gehoor, Ek bestraal julle met MY GEES, en julle het MY lig ontvang in julleself met nuwe moed en het mekaar gehelp in die loop van die aand. Dit is hoe dit moet wees: Mag die een die ander help om sy las te dra. Dit is hoe julle saamgroei in ware kameraderie en innerlike konneksie, wat julle sal vergesel deur julle hele lewe, selfs lank nadat julle uiterlik geskei het.

2) Vandag het julle intensief in die besonderhede van verskeie probleme ingegaan en julle het dit gedoen met MY GEES. EK sal dit vir die broers en susters herhaal wat nie in hierdie sirkel teenwoordig was nie, maar wat nogtans die pad saam met julle stap, hetsy in al die verskillende gemeenskappe of selfs alleen.

3) Julle het besef dat in julle kindertyd, tussen die derde en sesde jaar, die "rooidraad" al hoe meer ontwikkel het, dieselfde een wat nou nog steeds as 'n volwassene teenwoordig is. Julle het herken dat julle 'n verskeidenheid van verskillende gedragspatrone aangeneem het en dat julle gedagtes in julle geplaas het vanaf die vroegste tye af tot nou. Hierdie gedagtes omring julle soos 'n dik muur wat net wag om deur julle opgelos te word, sodat julle lewe vorentoe kan beweeg na meer liggevulde tye in die toekoms.

4) Laat EK julle 'n beter voorbeeld gee, sodat julle beter kan verstaan:

5) 'n Kind word gebore gedurende tye van oorlog. Die moeder is met angs vervul want sy vrees die komende tyd. Hierdie angs word nou afgedruk op die nuwe vormende lewe en op die siel, wat nou gereed maak om te inkarneer. Wanneer op die aarde, probeer die kind die moeder se liefde te wen deur besonder goed te wees, soos wat EK alreeds aan julle verduidelik het. Hierdie gedrag gaan voort tot in die teenswoordige lewe. Die mens sukkel nog steeds met hierdie patroon: "Niemand hou van my nie, tensy ek liefdevol optree." Hierdie gedagtepatroon wat jou styf toevou, lok reaksies uit: Soortgelyk trek soortgelyk aan. Daarom sal jy aanhoudend mense na jouself aantrek wat sonder liefde is en wie – met dieselfde motiewe as jy – hulle van die samelewing onttrek het om te voorkom dat hulle teleurgesteld raak deur enigiemand. Mag hierdie voorbeeld julle help.

6) Dit is dus nodig vir elkeen van julle om sy 'rooi draad' te vind, wat keer op keer jou optrede of gedrag bepaal. Jy moet probeer om hierdie gedrag te verander met MY krag en daardeur die donker muur om jou op te los, deur die herkenning van onbaatsugtige liefde en deur te probeer om jou medebroers en -susters lief te hê, sonder om iets van hulle te verwag.

7) Hierdie houding van verwagting is nog steeds deel van baie van MY kinders, MY skape. Solank as wat die kind enigiets verwag, sal hy impulse uitstuur wat dinge van ander verwag. Maar selfs al

stuur jy jou verwagtings subliminaal, sal hulle ‘n reaksie uitlok in jou naaste wie ook met sy eie ego sukkel, naamlik ‘n opponerende reaksie. Slegs wanneer broers en susters die innerlike weg tesame gaan, kan die opponerende party die prosesse herken en dus sy reaksie verander, soos wat hy homself herken in die spieël van sy naaste. In die “wêreld daarbuite” egter, is daar nog steeds baie wat nie dieselfde weg as julle neem nie en wat keer op keer op jou aksie sal reageer.

8) Hierdeur wil EK sê dat julle waarlik die bouers van julle eie lot is, maak nie saak waar jy in hierdie wêreld is nie, in jou familie, in jou beroep of op die pad. Jy sal altyd mense na jou toe aantrek wat op dieselfde vibrasievlak is as jy. Dit is waarom jy opmerkings baie ernstig opneem soos: “Maak nie saak waar ek kyk nie, almal lieg en bedrieg;” of, “ek het nog niemand ontmoet wat goed bedoel nie.” Hierdie en soortgelyke stellings toon voorbeelde van iemand se houding in daardie rigting.

9) Ondersoek julleself, MY skape, wat is die stellings of frases wat julle in jul daaglikse lewe gebruik? Ondersoek julle eie houdings teenoor die omringende wêreld!

10) In die raarste gevalle is daar net sonskyn oral rondom jou. In die raarste gevalle is almal rondom jou vol liefde en goedheid – en dit is ‘n goeie ding, MY skape; want indien laasgenoemde die waarheid was, sou jy volmaak gewees het en aan die einde van jou pad. **Herken julleself in julle spraak, MY geliefdes! Herken julleself deur julle gedagtes! Herken julleself selfs deur julle gevoelens.** Die maskers is afgehaal. Vandag het julle mekaar hier op ‘n wonderlike vry en oop manier gevind, en in hierdie Vryheid het julle jul probleme tot ‘n groot mate herken. Waar daar ookal klein vertwyfelinge in julle herkenning is, sal Ek, julle broer en vriend, julle oor hierdie of daardie struikelblok lei, totdat julle later nie meer buite julleself is nie, maar vreugdevol sal erken: “O Vader, hoe maklik is alles nie en hoe moeilik het ek dinge vir myself gemaak op die weg na die lig, na U, vanuit my die verlange na U.”

11) MY getroues, as die weg na Golgotha so moeilik was, sou Ek dit nie as voorbeeld vir julle almal gegee het nie. Die weg is so eenvoudig: Julle moet DIE MEESTER jul ELOHIM bo alles liefhê en julle naaste soos julleself! Laat EK julle herinner: Drie gebooie in een. En hy wat een van hierdie drie weglaat, is nie op die weg huistoe na die lig nie, maar beweeg in sirkels en soek en soek sonder om die doel te vind wat so duidelik en eenvoudig aan julle verduidelik is in hierdie een sin.

12) Wanneer julle “ja” sê aan julleself, wanneer jy jou naaste liefhet, wanneer jy hom vergewe, en EK bedoel vir alles wat met jou gebeur het – vanuit die herkenning dat niks met jou kan gebeur wat jy nie self veroorsaak het nie – dan kom jy in kontak met daardie verhewe, gewyde Liefde wat sê: “ Jy moet JAHWEH jou ELOHIM bo alles liefhê;” want deur jou naaste sal die oogklappe van jou oë afgehaal word. Jy sal nie meer in mure vashardloop nie, maar sal siende word. Die mure sal tuimel, die lig sal inkom en die VADER sal SY kind toeroep: “MY seun, MY dogter, EK het vir julle gewag. Ek het julle keer op keer geroep. Ek het julle altyd geantwoord wanneer julle na MY geroep het, maar julle het MY nie gehoor nie. “Kom nou!” En in groot blydskap sal julle die pad in die lig met uitgestrekte arms betree, waar julle al diegene wat aan die regter- en linkerkant van die weg staan, bymekaar sal maak en sal saambring na die BRON.

13) Want voorwaar, Ek sê vir julle, ‘n ontwaakte kind van ELOHIM kan ‘n duisend ander laat ontwaak vanuit hulle wêreldse slaap, kan vir hulle 'n voorbeeld wees en kan hulle op die weg na die ewigheid help, na die Lig.

14) Aan die begin van die kursus het EK julle geleer dat julle jul dag met vreugde moet begin. Daardie sin het ‘n bietjie vergete geraak. Jy moet elke dag as ‘n geskenk aan jou sien. En nie net die dag nie, maar alles wat dit gebring het. Die skepping en al jou medemense is ‘n geskenk aan jou. As jy jouself met elke dag identifiseer en dit as ‘n geskenk vanuit MY hand sien, sal jy nie meer doelwitte soek wat in die toekoms lê nie. In stede daarvan, sal jy elke oomblik bewustelik lewe, van en met MY. Hierdie bewustelike lewe, MY skape, bring die sonskyn in jou dag. EK kan jou so baie dinge van jou omgewing toon wat jou kan help met jou huidige bewussyn. Ek het met julle gedeel dat MY leiding nie net aan die werk is binne hierdie sirkel nie, maar word meer en meer aktief wanneer jy jou weg alleen in die wêreld gaan, met wat jy ookal bewustelik gekies het om aan te pak terwyl jy nog steeds in die sieletoestand was. Ek ontmoet jou deur ontelbare geleenthede wat jou aanhelp wanneer jy jou hande vertroulik in Myne plaas.

15) Herken dat jy selfbeheersing [ontspanne aanvaarding] moet leer op die weg na die Lig, 'n tipe aanvaarding wat alles wat na jou toe kom, vanuit 'n hoër sienswyse sal bekyk. Julle het gepraat van om julle Hoër Self te bekyk. Julle kan dit ook vertaal deur te sê: "Dit is EK in jou Hoër Self Wie jou waarlikwaar dophou, somtyds deurdat EK MY kop skud wanneer jy so in jou menslike gewaad sukkel. Maar nog steeds glimlag EK altyd en steek EK MY hand uit na jou en sê: Maar waarlik, die kind moet dit alleen deurgaan, want hy glo dat dit so is." Hoekom word jy nie een met jou Hoër Self en met MY, JAHSHUA DIE GESALFDE nie?

16) Indien julle sal aanhou strewe om aan julleself te werk en so ywerig met mekaar deel soos vandag, dan sal hierdie pad – wat alreeds vorder soos wat julle deel van die bergreeks oorkom, hoewel klipperig – 'n pad van vreugde wees, want jy kom tree vir tree nader aan die kruin en omdat die lig alreeds op julle skyn, sal al julle vrae beantwoord word en wysheid aan julle gegee word.

17) As julle gewillig is, sal ons die volgende ouderdomsvlak aanvat, **vanaf die sesde tot die negende jaar**. Teen daardie tyd begin die kind die huis verlaat om vir die heel eerste keer skool toe te gaan, tensy hy kleuterskool bygewoon het, en die ernstige tyd van sy lewe begin. Jy het nie net begin skoolgaan nie, maar moes ook dissipline leer gedurende daardie tyd. Van daardie oomblik af aan was dit nie meer moontlik om binne jou eie opvattings te leef soos voorheen nie, maar jy moes voor die wil van ander buig. Vir baie van julle het dit 'n sekere mate van pyn veroorsaak. Wie nie teen daardie tyd al geleer het dat daar altyd mense sal wees wat dinge oor jou besluit nie, moes dit toe leer. Daar kon jy jouself ook bekyk of jou rooidraad voortgaan. Was jy die goeie, goed aangepaste kind, of het jy teen die wil van die hoër mag gerebelleer? Hiermee bedoel ek jou onderwysers.

18) Is lewe in sigself maar net een aanhoudende voorbeeld vir jou weg terug na die BRON toe nie? Dink daaroor, keer op keer was daar mense wat goed bedoel het, maar jy het hulle nie verstaan nie, want jy was nog nie in staat om die gedagtes van 'n volwassene te verstaan nie. Hoe dikwels het jy as 'n kind gerebelleer, of het jy eenvoudig ingewillig, sonder die regte herkenning, dat alles in jou beste belang bedoel was. Gee spesiale aandag aan hierdie aspek wanneer jy oor hierdie vlak nadink. Ondersoek jou herinnering van wat jy gevoel het teenoor daardie mense wat jy ontmoet het gedurende die tyd tussen ses en nege jaar en maak moontlike negatiewe herinneringe skoon deur jou huidige herkenning.

19) Doen terselfdertyd die oefeninge wat Ek jou geleer het en dit is, kyk vir 'n kind van daardie ouderdomsgroep, herken jouself in hom, soos wat julle vroeër bespreek het en seën alle kinders van hierdie ouderdomsgroep! Met hierdie seëning sal jy alle konflikte oplos wat nog in jou siel rus en weereens nie net van jou kinderlewe in hierdie lewe nie, maar ook van vorige lewens.

20) EK lei julle ook deur drome. Moet egter nie te veel van hulle maak nie. Julle was reg om vergifnis te vra waar ookal dit van toepassing was en julle hoef dan nie meer aandag aan die droom te gee nie, maar om dit in MY hande te plaas. Want besef dat wanneer jou siel haarself skoonmaak van vorige laste, wat baiekeer deur drome bereik kan word, sodat julle nie nodig het om julleself lank met julle drome besig te hou nie, maar wetende dat "Jou siel besig is om haarself los te maak."

21) Sou herinneringe in jou verskyn van tye lank gelede, moet dan ook nie te diep in hierdie vorige inkarnasies ingaan nie. Vra om vergifnis waar nodig en vergewe ook en plaas die droom en daarmee jou vorige lewe op die altaar van MY Liefde. Ek sal jou kop streel en sal jou las van jou afneem indien jy jouself belas het. Ek neem dit van jou af, want jy is gewillig om dit deur die krag van die liefde te delg. Aangesien liefde die sterkste krag is, is liefde in staat om enigiets wat jou bind en jou vasgemaak hou aan die aardse gebeurtenisse, op te los.

22) Sommige van julle het die pad via Golgotha alreeds een- of twee keer gestap. Dit moet ook 'n hulp wees vir jou, om te weet dat jy alreeds in 'n mate al jou skulde betaal het. Moet dus nie aan die herinneringe wat in jou opkom vasklou nie, maar lewe in die hier en nou, selfs sou EK jou bewustelik na jou kindertyd lei. Lewe in die hier en nou ten spyte daarvan, aangesien die verlede homself in die hier en nou weerspieël.

23) EK is die GOEIE HERDER. EK lei julle, MY skape, oor die weg van elke steil helling, EK lei julle na die helder bergstroom, na die water van lewe wat EK IS, sodat julle julleself kan verfris met elke teug

van hierdie lewe en in wysheid en herkenning mag groei om daardeur versterk voort te gaan op julle weg. EK IS altyd met julle. MY seëning vou julle almal toe. EK IS die lig wat vir julle skyn en wat vir julle die weg uit hierdie doolhof toon. Volg MY!

**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

## 28. Oefening

**Oor die kerk instelling - ook daar is ligdraers aktief - verklaring van die simboliek in kerklike optrede (soos doop, ens.) – vergewing wanneer negatiewe ervarings ons belas, want oorsake was gefundeer in vroeëre inkarnasies - hartlike belydenis en berou, met die wil om nie die oortreding te herhaal nie, ervarings met ELOHIM - kyk na die goeie wat die kerke gedoen het: Liefdevolle oorgawe tot die dood toe, toewyding aan hul medemense, deel hul eie gawes met hul naaste - herken die fundamentele rede vir die Christendom - van nou af aan sal daar die geestelike kerk van liefde wees, want in en deur liefde sal alle godsdienste mekaar vind (bymekaarkom) - Taak: Kyk na kind tussen nege en twaalf, mediteer daaroor**

1) Toegevou in die vibrasie van gebed, in die liefde vir alle mense wat nog ooit jou pad gekruis het en verder as al daardie broers en susters van jou op hierdie aardbol, is die geestelike wêreld veral naby aan jou. EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, is in julle midde.

2) Ek het julle deur julle gesprekke gelei en EK is verheug hoe openlik julle met mekaar was. Ek kan dit slegs aan julle beskryf, want julle kan nie sien hoe julle siele bevry is deur die gebeure van hierdie aand nie. Herkenning sal dieper groei en skuldgevoelens sal oplos.

3) MY geliefde skape, EK roep julle dus vandag bewustelik, in verband met die Christelike gemeenskap, wat in hulle hande die herder se staf as heersende septer vashou.

4) Deur MY woorde herken julle dat Ek die wêreldse mag duidelik sien en dit nie goedkeur nie. Op die manier waarop julle hierdie mag se doelwit uitgewerk het, sal Ek julle deur MY openbaring wys dat die geestelike taak ook hierdeur vervul sal word en dít nie in die vêrafgeleë toekoms nie, want die herkenning sal toeneem dat daar slegs een Herder op hierdie aarde is. Die Herder het nog nooit SY skape verlaat nie, maar het hulle in hulle mees innerlike wese geroep, en hulle vergesel waar ook al hulle afsonderlike paaie hulle heen gelei het – selfs deur die institusionele kerk.

5) Die fokuspunt van hierdie aand was om julle verlede te reinig, om julle skuldgevoelens op te klaar wat julle ontwikkel het as gevolg van julle opvoeding in die realm van die Christelike kerke deur die sogenaamde belydenis ("confession"), want julle het nog nie al julle sondes bely nie. Hierdie **sogenaamde** sonde was 'n las op julle harte tot vandag toe en EK lê klem daarop: Die sogenaamde sonde of skuld.

6) Julle het ook gesê dat julle hierdie god wat die kerk geskep het onteer en dat julle nie daardie god eer nie. Nietemin is dit ELOHIM Wie ook vereer word in daardie kerk.

**7) Dit is ELOHIM Wie** die klein kindertjies seën wanneer hulle ingebring word – soos julle glo- na die doopdiens, al is laasgenoemde nie korrek nie, omdat die kinders nie eers gevra was wat hulle verkies nie. Maar as julle dieper in die sekulêre simboliek van die doop inkyk, sal julle agter die uiterlike dade, agter die uiterlike skyn, die een VADER, die een ELOHIM herken Wie julle kan eer, selfs as kerk-Christen. Verstaan MY reg: Dit is die VADER Wie SY kind seën wat die wêreld van hierdie aarde binnekom, en wat aangebied word deur sy gelowige ouers aan HOM, aan HOM die ALLER-EEN, selfs as daar agter daardie geloof ook die sogenaamde oersonde lê wat nog weggewas moet word.

8) Maar wanneer jy na die simboliek kyk, sal jy die GEES van liefde en lewe herken. Die water vloei oor die klein koppie as simbool van die geestelike lewe, in die teken van die kruis: “Jy, klein kindjie, wees ‘n Christen. Kom in die gemeenskap in van die wat MY, die MEESTER, volg, en wie die liefde uitleef.” En wat julle ookal ervaar het gedurende die latere jare met mense wat hulleself priesters noem, is deels jou eie verlede wat na jou gekom het. Die siel het bewustelik die ontbinding van sy karma op ‘n jong ouderdom gekies, want as kinders kan julle dit nie beveg nie. As volwassenes draai julle eenvoudig julle rug op daardie kerk en sê dat julle niks meer met haar te doen wil hê nie.

9) Besef dat julle in hierdie verband eenvoudig julle rûe gedraai het op julle eie skaduwee! Hierdie skaduwees kan nie opgelig word alvorens julle nie gewillig is om daarna te kyk, en as julle gewillig is, om diegene wat teen julle gesondig het in hierdie huidige inkarnasie, met ‘n eerlike hart te vergewe. Wees egter ook gewillig om vergifnis te vra van almal wat julle beseer het toe julle die priesterkleed gedra het.

10) Aangesien julle soekers na ELOHIM is, verseker EK julle dat julle nie net in hierdie inkarnasie hierdie pad begin het nie, maar julle was soekers in voriges ook. Sedert julle die hemele verlaat het, was julle ywerig besig om na die lig terug te keer. Hierdie soeke moes via die kerk-institusie gaan, aangesien daar geen ander geleentheid was nie, tensy julle besluit het om ELOHIM in ‘n natuurlike godsdiens te soek. Hoewel dit egter vir baie van julle te primitief gelyk het, het julle dit as julle groot taak ingesien om hierdie kerk te help om sy weg terug te vind na sy oorspronklike posisie, dit is, om weereens ‘n kerk van die innerlike wese te wees en ‘n gemeenskap waar elkeen sy naaste help.

11) Maar toe julle egter self die posisie van leierskap bereik, het julle vergeet van julle vorige voornemens, want om mag in jou hande te hou sonder om dit (hierdie mag) te misbruik, is baie moeilik.

12) As julle nog steeds probleme het om julle emosies onder beheer te hou, bied EK MY hulp aan julle. Kom na MY, EK IS LIEFDE. EK IS HY Wie julle keer op keer geroep het. Selfs in hierdie institusie was EK DIE EEN wat jou telkens aangeraak het deur die simboliek in daardie institusie, die EEN WIE jou via gevoelens geroep het, wat die taal van die siel is, en WIE in die laaste analise jou die weg getoon het in die huidige inkarnasie, sodat jy die weg kon vind na die OERKERK, wat lewendig binne-in jou is.

13) MY getroue studente, dit was mense wat mense verhoog het op die troon. Dit was mense wat eer bewys het aan mense, want hy of sy het MY GEES nagemaak. Met die gevolg dat die institusie bietjie vir bietjie gevorm is en wat haar eie lewe ontwikkel het en haarself belas het in latere eeue. Maar soos wat EK egter alreeds genoem het, kan jy deur jou emosies agterkom of jy betrokke was.

14) EK wens vir jou ‘n wye, liefdevolle hart om alles te verstaan en alles te vergewe! Deur jou begrip en vergifnis van die skuldiges in jou huidige lewe, vergewe jy terselfdertyd jouself vir jou skuld van vorige inkarnasies.

15) Herken jou skuldgevoelens wat kom van die streng godsdienstige opvoeding, wat geen waarheid gehad het nie, want jou sogenaamde skuld is geen sonde voor MY nie, WIE LIEFDE IS, want julle wette tel nie by MY nie. By MY is daar slegs een wet, die wet van Liefde.

16) Slegs wanneer julle teen die wet van liefde gesondig het, het julle julself belas. Daar is egter terselfdertyd vir julle die geleentheid om dinge reg te maak deur liefde te gee.

17) Dit wat jou swaar belas, byvoorbeeld enige gebeurtenis waar jy weet dat jy die wet van liefde verbreek het, sonder om by magte te gewees het om dit te kan verander, omdat jy nie meer die geleentheid het om vergifnis te vra, of om dit reg te stel nie; al sulke sake word deur die genade van jou VADER vergoed, Wie die hele tyd aan die werk is.

18) Op dieselfde oomblik wat julle eerlik en met baie berou om vergifnis vra, word julle laste van julle siele weggeneem. Slegs in baie ernstige of swaar gevalle sal julle van aangesig tot aangesig gebring word – in die siele-sfere – met die een wie julle swaar belas het, sodat die siel die geleentheid gebied kan word om julle te vergewe.

19) Weet dat in die lig van die ewigheid die toe-eiening van skuld of sondigheid baie keer baie anders lyk! In die lig van die ewigheid sien die VADER die kind wat 'n poging aanwend om te verander en sal HY SY hand uitsteek na die gevallene en sal hom of haar ophelp.

20) Dit is nie nodig vir 'n uiterlike belydenis nie! Die belydenis van die hart, die boetvaardigheid en berou en die wil om nie die oortreding te herhaal nie – al hierdie tel by ELOHIM, die ewige VADER. Daarom is baie kerkwette nie MY wette nie. Nogtans is EK, JAHSHUA DIE MEESTER ook in daardie kerke.

21) Watter soort ELOHIM sou EK wees – in die eenheid met die VADER – indien Ek nie ook binne-in hierdie institusies sou werk nie, as daar nie ook ontelbare geïnkarneerde boodskappers van lig was nie, wat al hierdie institusies terug sal lei na wat hulle eens was, naamlik die toegewyde liefde vir MY, JAHSHUA DIE GESALFDE. Dit was toewyding tot die dood; om die mens te offer ter wille MY Naam; die toewyding tot hulle medemens, om gawes met hulle naastes te deel sodat hulle ook nie daarsonder hoef te wees en nie honger moes ly of koud moes kry nie.

22) Herken die fundamentele rede vir die Christendom! Hierdie oerrede is selfs nie in die kerke stil nie en was nooit stil nie. Selfs gedurende die haglikste tye van hierdie institusie, was daar mense wat probeer het om lig in die vreeslike duisternis te bring, 'n duisternis wat ontstaan het deur diegene wat teen die liefde gekant was en steeds daarteen gekant is, deur diegene wat die duisternis wou verken. Waar daar lig is, My geliefde studente, is daar ook duisternis. En oral waar daar baie lig is, is daar ook baie duisternis

23) MY skape, julle sal dit self voel tydens julle voortgesette staptog op hierdie weg; want hoe meer jou wese met lig gevul is, hoe sterker sal jou ervarings wees van hulle wat jou teenstaan en hoe groter sal ook jou worstelstryd wees.

24) Maar teen daardie tyd sal jy egter genoeg versterk wees en sal die stryd oorwin, net soos wat MY kerk, die OERKERK, met oorwinning uit die stryd sal tree.(Daar sal wees) EEN HERDER EN EEN KUDDE, maak nie saak wat die godsdiens, die velkleur, of die nasie is nie.

25) Daar sal 'n KERK VAN LIEFDE wees. Al die getroues sal hulle hande uitsteek na mekaar, want net liefde sal julle onderhou en sal julle in 'n nuwe wese inlei. Hierdie herkenning sal kom, want EK lei al MY skape op die hele Aarde.

26) In die verlede het EK aan julle gesê: "Moenie veroordeel en oordeel nie!" Wanneer julle oordeel en opinies het oor andere, oordeel julle julleself. Dit is waar in alle sfere van julle daaglikse lewens. Wanneer julle ongeregtigheid oordeel, doen selfondersoek om te sien hoe baie kere julle ander onregverdig behandel! Wanneer julle siniese of wrede mense oordeel, sonder om julleself af te vra waarom hulle so geword het, is julle steeds self binne die sfeer of vibrasie genaamd sinisme of wreedheid. Ondersoek julleself versigtig! Kyk na julleself want julle is in die midde van julle oefening!

27) Nou kom EK terug na die begin van hierdie openbaring, 'n oefening wat julle siele vry maak van alle laste soos skuldgevoelens. Plaas hulle almal op die altaar van liefde in jou mees innerlike wese! Daar brand die vuur van HEMELSE ORDE helder. Alles wat nie in orde is nie, sal in hierdie helder lig oplos, solank as wat julle gewillig is om die wanorde in julleself te herken en dit oor te dra aan die vlamme van liefde. EK sal julle daarmee help. – Selfs deur jou drome sal EK jou toon waarom jy oordeel en veroordeel – sovêr as wat dit nodig is. Maar weet dat dit nie maklik is om in die verlede in te kyk nie. EK adviseer sekere mense om eers om vergifnis te vra.

28) Want as julle nie gebruik maak van julle eie skadukant nie, deur julleself in die weerkaatsing van julle naaste te sien nie – en selfs as dit die instelling is - dan kan julle 'n blik op die verlede kry; maar dit kan jou lei tot 'n toestand wat vir jou betreurenswaardig is. Want waarlik betreurenswaardige dinge het gebeur in die geloof om goed te doen. Dit is wys en barmhartig dat die verlede in julle huidige inkarnasie bedek is, sodat julle in staat kan wees om die nuwe weg vry en vreugdevol te loop. Hierdie nuwe pad is nie net julle nuwe lewe nie, maar ook elke dag wat julle as gawe ontvang.

29) Met elke dag kan julle dit oplos wat in die verlede lê, deur die besluit hier en nou te maak om julle emosies te stop, deur julleself daarin te herken. In die hier en nou los alle skuld en laste op, maak nie saak hoe swaar hulle eens was nie. Want, dink daaroor, dat julle in 'n ander inkarnasie dalk alreeds

begin het met die versoening van julle laste. Dit is nou net oorblyfsels wat binne julle vibreer, wat wys dat dit hoog tyd is om die siel te verlig en haar boeie los te maak.

30) MY getroues, dit is tyd, EK het julle nodig. Julle moet vry word, want deur julle bevryding kan EK julle na Wysheid lei, Wie die skepping aan julle sal openbaar en sal die mure laat inmekaarsak, wat tot nou toe nog steeds veroorsaak dat julle jul koppe daarteen stamp.

31) Maar solank as wat julle steeds deur die vuur van Orde loop, onwillig om orde te maak, sal julle siele gebonde wees. Dit is ook gebind deur julle eie wil – want dit moet ook geoffer word, sodat die ALLES-EEN, wat die eenheid is met MY, julle kan bestraal. Dus kan julle wysheid deur herkenning verkry binne 'n kort tydperk en EK kan jou SELF by jou hand neem, elke iedere een van julle, en jou dieper in die sfere van jou siel inlei en na die hoër sfere van bewustheid, vanwaar jy dan kan werk en van hulp kan wees. Dus kan daar net een HERDER en een kudde wees.

32) Mag julle nou die volgende drie jaar aanvat, soos wat julle met die ander gedoen het. Julle weet hoe, gaan net dieper met die oefeninge, EK smeek julle; want hoe dieper en meer bewustelik julle dit gaan uitvoer, hoe meer sal die siel haarself bevry van al haar ekstra ballas wat sy nog steeds saam met haarself dra.

33) MY geliefde skape, EK JAHSHUA DIE MEESTER, GEE JULLE KWYTSKELDING vir alles wat julle aan MY oorhandig. MY liefde en MY begrip is grensloos. Mag julle liefde en begrip ook grensloos word!

**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

# 29. Oefening

**Christelike geloof = die geloof van bevryding deur geloof – om Christen te wees beteken om liefde te leef vanuit die individuele geestelike persoonlikheid ... – om Christene wees beteken om nederig te buig en diegene te vergewe wat ons allegories kruisig ... - ELOHIM kyk nie na nie godsdienste, na gemeenskappe nie, maar sy liefde skyn eweveel op al sy kinders - Taak: Kyk na tieners van 12 tot 15 jaar, mediteer daaroor**

1) MY geliefde skare dissipels, EK, JAHSHUA JULLE GESALFDE, wil julle graag bymekaarmaak en julle uit julle menslike denkprosesse uitlei en julle GEES bevry tot in die vryheid wat liefde bring. Hierdie weg sal julle eerstens lei deur julle swakhede, asook deur julle selfherkenning en sal julle bring om julle self in julle naaste te sien, naamlik jou spieëlbeeld in hulle.

2) Toe Ek hierdie aarde bewandel het as JAHSHUA het EK MY dissipels deur vele gelykenisse geleer. Dikwels het hulle nie MY woorde verstaan nie, want hulle het nie na die betekenis agter die woorde gekyk nie.

3) Wanneer Ek julle in die huidige tyd deur die skoling lei, is dit julle taak om julle lewens simbolies te betrag en agter elke stasie te beskou: Waarom het jou lewe hierdie roete geneem en nie 'n ander een nie? Wat het jou gevorm? Watter tipe gedragspatrone het jy ontwikkel en hoe kan jy die geestelike vryheid bereik wat EK jou leer?

4) In alles wat julle wedervaar, MY geliefde skape, is dit EK wat julle op die weg van herkenning lei. Wanneer julle die alreeds besproke twaalf jare van julle aardse lewens bekyk het, moes julle die "rooidraad" gevind het wat julle teruggehou het tot in die huidige inkarnasie. Dit is van hierdie rooidraad waarvan julle julleself moet lossny. Want soos wat EK alreeds aan julle verduidelik het, reik hierdie draad terug - na vele inkarnasies in sommige van julle. Mag die verlede homself oplos in die lig van die teenswoordige tyd, in die lig van die weg wat jy huidig ingeslaan het.

5) Weereens het julle gesels oor institusies, oor velerlei gelowe wat hulleself van die ander onderskei en glo dat hulle alleen alle waarheid besit. Julle het egter ook, deur jou suster wat in die boeddhistiese geloof grootgeword het, gehoor van ’n ander geloofsgemeenskap wat nie hulle gelowiges inperk nie en hulle in vryheid laat.

6) Julle, MY geliefdes, het bewustelik die Christelike geloof gekies vir hierdie inkarnasie, die **GELOOF VAN BEVRYDENDE LIEFDE**. Alhoewel die liefde ook in alle ander godsdienste op hierdie aardbol geleer word, tog word die individualiteit van die geestelike kind daar ontken, selfs al was die kind geseën deur die VADER en hierdie individualiteit was Sy gawe aan hom. Selfs al het hy gekies om alle dieptes te verken en eendag teruggekeer het na die ewige huis, na die suiwer geestelike wese, behou hy hierdie individualiteit, alhoewel dit weer in die eenheid met ELOHIM en sy wet van dienende liefde sal wees.

7) EK, DIE LIEFDE VAN ELOHIM HET MENS GEWORD, het na hierdie aarde gekom om julle hierdie "Goeie Boodskap" te bring. Voor my laaste tree na Golgota en voor My Liefdesdaad, was wat vooraf geprogrammeer was, die ontbinding van die hele skepping en selfs die van die kinders in die GODDELIKE WESE.

8) Toe hierdie gebeurtenis sigbaar geword het, toe die ontbinding van die skepping aangebreek het, was dit die VADER wat deur MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, na die aarde gekom het om sy kinders te ondersteun om hulle te red van hierdie ontbindingsproses. Ontbinding was die doel van die destydse sogenaamde sataniese magte. ELOHIM DIE EWIGE sou hierdeur verslaan gewees het; alles wat geval het, sowel as al die suiwer geestelike wêrelde wat deur die Liefde geskep is, sou ontbind moes word. Maar, volgens die VADER se Wet van Liefde kon dit eenvoudig net nie gebeur het nie.

9) HY het SY kinders by hulle name geroep, en hulle moes hierdie naam in alle ewigheid dra as individuele geestelike persoonlikhede.

10) Met MY: "Dit is volbring" op Golgotha, het die GEES VAN LIEFDE oorgevloei en HAARSELF aan alle mense en siele in die reinigingsfere geskenk, ten einde ondersteuning aan hulle te gee en daardeur is die proses van ontbinding wat aan die gang was tot ’n halt gebring.

11) Dit was MY taak as die mens JAHSHUA. DIE VADER in MY het hierdie taak volbring. In SY Liefde het HY het Homself aan al SY kinders gegee ten einde hulle huistoe te bring: “Dit is Christendom.”

12) Om 'n Christen te wees beteken: "Om Liefde te lewe as individuele Geestes-Persoonlikheid vir alle ewigheid!"

13) Die omvang van hierdie sin sal julle eers verstaan wanneer julle, MY skoliere, teenoor ander gelowe te staan kom, wat julle sal ontmoet en vir julle as proef gegee sal word om te bewys dat julle die toets deurgekom het en waarlik verstaan wat dit beteken om 'n Christen te wees.

14) Om ’n Christen wees is: "Om in deemoed voor diegene te buig en hulle te vergewe wat julle aan die kruis vasspyker en julle spot, tot die dood toe."

15) Dit onderskei julle van alle ander gelowe. Hierdie liefde sal seëvier! Hierdie liefde sal voor elke een van julle broers en susters buig in die diepste deemoed wat sê: "O my broer in wie ELOHIM woon, ek is onwaardig om jou skoenrieme los te maak."

16) Waarom het EK julle die simbool van die voetewas gegee? Waarom het EK MY dissipels gevra om MY toe te laat om hulle voete te was? Verstaan julle die simboliek agter daardie woorde, nie net die nederigheid waarmee EK voor al MY dissipels gebuig het nie? EK, Wie een was met MY VADER in MY mees innerlike wese en nog steeds is, het selfs die voete van die dissipel gewas wat MY 'n paar ure daarna aan MY vyande uitgelewer het, en EK het ook voor hom neergebuig. Dit is Christenskap.

17) En mag julle ook so voor elke naaste neerbuig, maak nie saak hoe hy teenoor jou optree nie. Sien die goddelike in hom, bekragtig dit wat goed is in hom, selfs al dink jy dat jy slegs negatiewe dinge in hom kan vind!

18) EK herinner julle: Dit wat negatief na julle toe aangestroom kom, is dit wat in julle emosies opgewek is en is die weerkaatsing van julle aangesig, julle spieëlbeeld. So moeilik as wat dit baie keer vir julle is om te verstaan - tog is dit so.

19) Waarlik, EK sê vir julle: "Soveel as wat iemand onder julle verlang na die siel met wie hy 'n dubbelpaar is voor ELOHIM, DIE EWIGE, net soveel verlang DIE VADER na elke enkele kind." Soveel as wat jy – soos wat jy in jou droomvisioen gesien het, - na jou dubbelmaat gesoek en hom in verskeie inkarnasies uit die duisternis gelig het, net so soek en roep DIE VADER na jou deur MY, JAHSHUA JOU GESALFDE.

20) Voor HOM is julle almal gelyk. HY die ALLES-EEN kyk nie na die godsdienste nie, of na die godsdienstige gemeenskappe nie, maar SY son van liefde bestraal alle kinders gelykmatig, maak nie saak waar hulle hulleself mag bevind nie, of hulle in die “wêreld” is, of vasgevang in 'n magtige posisie, of op die weg huistoe.

21) Julle ken die GELYKENIS VAN DIE VERLORE SEUN, waarin die vader hom met uitgestrekte arms na die seun haas en dan 'n fees berei vir die een wat teruggekeer het na die huis. Julle was ook verlore hier in die aardse sfeer en verloor julleself telkens in julle menslikheid, en dink negatiewe dinge oor julle naaste, terwyl die negatiewe dinge in julself lê.

22) Nog eenmaal sê EK vir julle : "Jou naaste is net jou spieël. Jou eie negatiwiteit weerspieël homself in jou naaste. "Erken, MY getroues en hoor, deur alle dinge, die roepstem van die VADER na SY kind, na SY verlore Seun of Dogter!

23) "Soos in die hemel, so ook op die aarde!" Volg MY verduidelikings: EK bring aan julle die boodskap dat EK weer na MY VADER gaan om 'n feesmaal voor te berei vir julle tuiskoms. Dit was MY "Goeie Boodskap" aan julle gewees en is vandag nog steeds so.

24) EK het nie die ontbinding na ’n newelagtige geestelike vorm gepredik nie, maar EK het gespreek or die feit dat daar baie wonings in MY VADER se huis is en dat EK vir julle plek berei vir julle tuiskoms. Waarlik, soos wat dit in die hemel is, so is dit op die aarde en soos dit op die aarde is, so is dit in die hemel, al is laasgenoemde, die hemel in die toestand van die hoogste vibrasie. Alles wat julle op julle Aarde sien, is vibrasie wat af getransformeer is na die laagste vlak. En alles wat julle rondom julle sien, is ook teenwoordig in die geestelike sfere, maar van 'n onbeskryflike skoonheid.

25) Jy het gepraat van 'n droomgesig waarin 'n ENGEL sy hand na jou reik. Julle word almal deur hulle begelei, nie net in julle drome nie. In eenheid met MY omring die liggevulde wesens van die hemele julle en hulle begelei julle en beskerm julle en is met julle in alle probleme. Ja, hulle lei selfs hierdie probleme na julle toe, sodat julle julleself kan herken in die swakhede en foute van julle naaste, sodat julle nie net aspekte van julle ligkant sien nie, maar ook daardie van die skadukant. Eers wanneer julle beide kante kan herken, het julle begin om na die lig te streef.

26) Andersins, MY getroues, sal julle net so slaap soos MY dissipels op die Olyfberg geslaap het. Andersins, MY getroues, sal julle waarlik julle weg hier op Aarde omslaap en die hele inkarnasie sal dan vrugteloos wees. MY geliefde skape, daar is nie meer baie tyd oor vir julle nie.

27) Daarom, net soos My dissipels op die Olyfberg, word elkeen van julle geroep om te ontwaak en homself te herken in sy emosies. Julle word geroep om julle skaduwees te omvorm na liggevulde wese!

28) Bevry sal julle aanstap en wanneer julle ookal terugkyk na die moeilike tye, sal dit nie meer so moeilik lyk nie. Probeer die volgende: Kyk bewustelik terug na julle kinderjare en die probleme wat julle daardie tyd ervaar het. Julle sal glimlag oor sommige moeilike dinge van daardie tyd en in latere jare sal julle glimlag oor die moeilike dinge wat julle nou het.

29) Wandel dus saam met MY deur die skaduwees ook, na die EWIGE LIG, na bevryding van julle vasgekettingde Hoër Self. EK sal julle op hierdie weg lei! Hier en daar sal daar klippe wees! Maar hoe meer klipperig die pad, des te meer bevry en ligter sal julle siele wees wanneer julle die weg oorwin het.

30) So kan julle die **volgende drie jare** aangryp en terugstap na julle **jeug**. Betrag weer 'n kind van daardie ouderdom, soos wat julle tevore gedoen het en ondersoek julleself; ondersoek wat so 'n kind in die huidige tyd aan julle wil oordra. Wat sou julle van hierdie kind kon optel deur die gewaarwordinge wat julle gevoel het toe julle na hom gekyk het?

31) EK gee hierdie opdrag aan julle sodat julle die weg na die diepte van julle siele kan vind, ten einde al die verborgenhede en gekodeerde gebeurtenisse te open, gedeeltelik ook van lank vergange tye, sodat julle die GEES VAN LIEFDE vrylik kan dien terwyl julle jul toekomstige weë bewandel.

32) Neem MY weg via Golgotha ook aan as jou weg. Maar bly egter nie te lank by die verskillende stasies nie, maar stap flink aan - terwyl jy die simboliek sien - sodat jy nader aan die opstanding van die kind van ELOHIM kan kom, die Seun of Dogter van die VADER, nader aan MY OPSTANDING IN JOU!

33) MY Vrede en MY Liefde sy met julle, begelei julle elke dag en roep julle altyd oor en oor: "MY skape, kom, bly by MY, moenie die weg in hierdie wêreld verloor nie. Bly by MY in die boesem van die GEES!"

**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

# 30. Oefening

**Die weg deur middel van selfherkenning is doringagtig - oefen om die wet van karma te leef deur allesvergewende liefde - onbaatsugtige liefde sonder verwagting - leef in die oomblik, want die verlede dien slegs vir selfherkenning, die toekoms lê in ELOHIM se hand**

1) MY vriende, julle het MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, julle hand gereik en is ywerig om die weë te bewandel waarop EK julle voortaan sal lei. Maar, hierdie weë is egter gedeeltelik steil en lei oor vele rotse en klippe, rotse en klippe wat julle menslike ego beteken.

2) Julle het jul hande na MY gereik ten einde terug te draai, om julle lewens tot dusvêr in die lig van liefde te betrag en om vorentoe te gaan saam met MY, WIE DIE LIEFDE is, immer nader aan die vervolmaking van die liefde in julleself. Die weg het julle aanvanklik deur die liefde vir die skepping gelei - want dit is maklik om die klip, die plant en die dier lief te hê. Dit is veel moeiliker om te leer om jou broer en suster lief te hê waarin jou ego weerspieël word.

3) Die weg deur selfherkenning is vol dorings. Maar bekyk jou pad en die dorings beter! Sien jy nie die rose wat blom nie? Met elke selfherkenning pluk jy een wonderskone wit bloeisel, wat haar heerlike geur versprei en jou daarmee omhul; want dit is jou huis wat sy geur oor jou blaas en nader aan jou kom deur hierdie roos. Dit is jou geestelike tuiste binne-in jou - ELOHIM jou VADER - met Wie ek een is.

4) Moenie by die dorings stilstaan nie, moenie te lank by hulle vertoef nie, maar pluk die roos en stap verder!

5) Julle het oor die **Wet van Karma** gepraat. Voorwaar EK sê vir julle: Geen kind van die VADER sou ooit in staat gewees het om weer huiswaarts te keer alvorens hy nie alles wat hy veroorsaak het, tot op die laaste druppel bloed versoen het nie. Maar die VADER se genade vloei na julle om julle te help.

6) Wanneer julle julleself herken en bereid is om alle huidige probleme in die lig van hierdie selfherkenning te betrag, dan sal die Genade van ELOHIM julle omvou, simbolies, in die geur van die roos, en sal julle al die krag gee om deur julle huidige lot te stap en geduldig te verdra wat gedra moet word.

7) Wanneer julle te midde van 'n karmiese gebeurtenis staan, het julle die keuse om hierdie karma op te los, of om dit te verdiep. Julle sal dit verdiep deur voortdurende getwis. Julle verdiep dit deur mekaar seer te maak.

8) Julle verlos karma deur mekaar te vergewe en miskien, deur julle onderskeidelike weë te gaan, terwyl julle mekaar met liefde omvou, want hy sou nie jou pad gekruis het, as jy vry was van enige

karmiese skuld (sonde) nie. Slegs Liefde verlos [hierdie dinge], net vergifnis los dit op. Hierdie twee kan nie geskei word nie, want ware liefde vergewe alles. Ware liefde laat die ander begaan en is verhewe bo menslike belange. Solank die mens nie in staat is om hierdie ware liefde teenoor sy naaste uit te leef nie, moet hy daarop bedag wees dat die ander selfs nog meer verstrik kan word in sy Karma, wat dan weer deur beide van hulle opgelos moet word.

9) Waarom leer EK julle so intensief oor hierdie vergewende liefde? Waarom het EK selfs aan die kruis gespreek: "VADER vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie?" Julle weet nie waarom julle medemens so optree en nie andersom nie. Julle kan nog nie in hulle siele inkyk nie, julle ken nie hulle karma nie.

10) Want solank as wat julle nog oor hierdie Aarde stap, blind vir hierdie gebeurtenisse, sal julle nie in staat wees om julle naaste te verstaan nie. Om hierdie rede moet julle **alles vergewende liefde toepas,** totdat julle hierdie verstandhouding deur julle eie toenemende wysheid bereik het.

11) Laat ons saam deur julle kindertyd stap, deur julle jeug. Gedurigdeur ontmoet julle kinders en jong mense wat spieëls is vir julle kindertyd en jeug. Keer op keer sal julle - as julle gewillig is - julleself in julle broers en susters kan betrag, want eers wanneer julle geleer het om julleself te verstaan, kan julle jul naaste verstaan.

12) Solank as wat julle julleself nie leer ken het nie, sal julle nie begrip vir julle naaste hê nie. Solank as wat julle julleself nie liefhet soos wat julle huidig is nie, kan julle nie julle medebroer en -suster liefhê, of aanvaar soos wat hulle is nie. EK sal julle altyd teruglei na hierdie twee sleutelsinne, want hulle is die rotse in julle pad waaroor julle sal moet navigeer.

13) MY geliefde vriende, selfverwerkliking is nie verwerkliking van die geestelike pad na ELOHIM wanneer dit nie terselfdertyd bydra tot die ontwikkeling van jou medemense in jou omgewing nie. Indien jy slegs vir jouself die pad in die lig stap, sonder - dit moet asseblief simbolies verstaan word – om jou hande uit te steek ten einde jou naaste saam te neem, dan wandel jy die weg tevergeefs.

14) Ek verwys na 'n lering van wysheid in een van die groot wêreldgelowe, die soeke na verligting, wat al baie jare aangaan. Verligting het nie na die man in eensaamheid gekom nie. Die wyse man het nie die verligting bereik alleen vir homself nie, nee, verligting het gekom toe die wyse man na die volk gedraai het en hulle saamgeneem op sy pad na verligting.

15) Dit het EK ook onderrig toe Ek hierdie Aarde bewandel het. Liefde sprei hande uit, maak die arms en die hart wyd, ten einde almal saam te neem wat links en regs aan die kant van die pad staan.

16) MY geliefde studente, EK hoor julle geroep: "Meester, hoe kan ek geestelik vorder terwyl ek vasgevang sit met my menslike probleme?” Ek antwoord julle so: "O sien, hierdie menslike probleme moet op die pad na die lig wees. Daar is noodsaak vir dorings, klippe en kranse, want slegs so wandel jy opwaarts. Of jy nou in die skaduwees, of in die lig staan, of jy in pyn en lyding verkeer, of in vreugde, julle het altyd 'n keuse. EK is bereid om julle in die skaduwees te help, om lig in die duisternis te wees, om julle alle krag te skenk om deur die skaduwees te gaan tot in die Lig, sodat julle bevry kan word om opwaarts te wandel."

17) EK spreek tot julle in simbole en gelykenisse, omdat hulle hul daartoe leen om beter onthou te word. Alles wat om julle is, wil julle in gelykenisse help. Maak nie saak wat om julle gebeur nie, daar is geen toevallighede nie. Alles is vir julle as hulp geskenk.

18) Julle het vandag vertel dat julle al julle liefde aan 'n boom gegee het, 'n yew [vrugdraende boom] maar dat die boom in elk geval doodgegaan het. Wat se soort liefde was dit? Het hierdie liefde die verwagting gehad dat die boom aan die lewe moes bly? Daarom, was die liefde voorwaardelike liefde? Of was dit die soort liefde wat gesê het: "Meester soos wat dit U wil is. As dit U wil is dat die boom moet groei en gedy, laat dit dan so wees. As dit U wil is dat sy lewenskrag terugtrek en die boom vergaan, sal ek dit ook aanvaar en nog steeds al my liefde gee, terwyl ek weet dat nie een liefdestraal tevergeefs is nie."

19) Liefde en haat raak nie verlore nie, maar die een kan die ander uitbalanseer. Dink altyd daaraan dat julle gedurig in die toestand van balansering is, elke dag, elke uur opnuut. Geen gebeurtenis is toevallig nie!

20) Laat EK julle 'n voorbeeld gee: Jy betree 'n openbare vervoermiddel. Indien jy kan glimlag en al die mense daar seën, kan jy met daardie glimlag en seën, ’n negatiewe karmiese knoop losmaak, wat jy voorheen in 'n gemeenskap geskep het. Jy kan miskien selfs 'n aantal individuele sake oplos of ontknoop, van die soort wat nie te swaar op jou siel rus nie.

21) Erken dan dat elke onvriendelike blik, elke onvriendelike woord, ja selfs elke onvriendelike gedagte teenwoordig is! Hierdie is geestelike kragte wat julle geskep het en wat julle self moet losmaak; want dit is noodsaaklik dat alle lae vibrasie-kragte omvorm word na positiewe en liggevulde kragte.

22) Staan nou kortliks stil en kyk net na vandag: Hoeveel negatiewe gevoelens, gedagtes, woorde en dade het in hierdie kort tydsduur voorgekom?...

23) EK skenk julle nou MY liefde, MY krag en laat ons nou saam deur hierdie dag wandel, indien jy gewillig is, en laat ons elke negatiewe gevoel, elke negatiewe gedagte, woord en daad oplos. Deur hierdie liefde, wat sterker is as alles wat negatief is, straal jy oor jou eie negatiewe skepping, wat jy nou oplos in hierdie wêreld en in die hiernamaals. Deur dit te doen, gaan julle reguit in die wêreld in en help julle sodoende julle broers en susters om ook hulle negatiewe dinge op te los, want dit is om 'n Christen te wees: Jy sal die las van jou naaste op jouself neem en hom daardeur help dra.

24) EK sal nou stilbly. Wandel kortliks saam met MY op hierdie dag in ’n seënende wyse.

25) Netsoos wat julle hierdie dag in lig ingedompel het, deur MY vloeiende liefde in julle, so is julle ook in staat om julle verlede te verander na liggevulde energie. Waarom bedruk gister julle en ontneem dit julle van al julle krag? Lig dit uit die dieptes van julle siele omhoog saam met MY en herken in gister die treë deur jou skaduweeagtige wese. Jy hoef niks meer te doen nie, want julle leef en handel in die hier en nou!

26) Elke oomblik stel EK julle voor die besluit "Vir MY of teen MY?" Vir MY beteken dit om voort te gaan op die pad na die lig. Teen MY beteken om aan te hou om die pad in die skaduwees te volg. Beide paaie lei uiteindelik na die lig, maar die pad in die skaduwees is baie moeiliker.

27) MY geliefde skape, EK is die GOEIE HERDER aan julle sy. Maak nie saak watter weg julle kies nie, EK begelei julle orals, want EK is in julle.

28) EK IS altyd bereid om julle die verkwikkende drank te gee van MY helder fontein van MY GEES. EK reik julle die beker, maar julle moet self besluit om haar aan te neem. EK kan julle slegs MY hulp aanbied, maar julle moet dit self aanvaar weens die wet van die vrye wil.

29) Daar is vele weë na die lig, en elke weg, MY geliefde, het sy regmatigheid. Daarom kan niemand van 'n ander sê: "Hierdie een gaan die verkeerde weg" nie - niemand nie!

30) Solank as wat julle hierdie Aarde as ’n menslike wese bewandel, sal daar altyd ompaaie wees wat deur julle menslike ego veroorsaak word. Julle sal oor hulle struikel en selfs val, maar EK sal MY hand na julle uitsteek en julle ophelp. Julle moet slegs MY hand aangryp.

31) Om te bly lê, MY getroues, en om gevries te bly in jou huidige toestand en alle ander mense te beskuldig omdat jy op die grond lê, beteken dat jy in die koninkryk van die skaduwees agtergebly het en stilstaan in jou ontwikkeling. Staan op, wandel verder en moenie op een plek bly stilstaan nie! Die hier-en-nou verander elke sekonde. Om om te draai beteken om nou die hier-en-nou elke sekonde opnuut met MY en MY krag te lewe.

32) Wandel dus saam met MY, MY getroue klein kudde en almal van julle wat by Ons aansluit buite hierdie gemeenskap. Lewe in die hier-en-nou elke oomblik en probeer om in hierdie oomblik te bly, dus om nie in die toekoms of in die verlede te verwyl nie. Môre lê in die hand van ELOHIM, wat HY liefdevol oor julle hou. Gister het gedien tot selfherkenning, of jy dit gebruik het al dan nie, want elke oomblik bring aan julle nuwe herkenning. Wandel dus deur MY woorde in julle te laat weerklink en verdiep hulle, sodat julle die GODDELIKE WYSHEID kan binnegaan, Wie meer en meer in julle sal oopgaan. EK seën julle.

**Amein.**

## LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID

# 31. Oefening

**Ons het ons kinderjare verlig - nadenke – om ons ouers te verstaan- kyk na ons (eie) jeug - Taak: Beskou die erns van tieners - maak die innerlike waterbron wakker - let op jou impulse**

1) MY Geliefde studente, EK, JAHSHUA DIE GESALFDE is in julle midde. EK het julle in hierdie aand begelei en het julle gesprekke direk en indirek gelei. Direk, deurdat EK deur julle gedagtes gespreek het en indirek deurdat EK julle siele aangeroer het en toegelaat het dat julle emosies na die oppervlak kom, sodat hulle sigbaar kon word vir die kring van broers en susters en sodat julle julleself in hulle kon herken.

2) Sien, gemeenskaplikheid help julle om mekaar af te skuur en te poleer. Dit help julle deurdat elkeen sy eie spieëlbeeld in sy naaste sien en ook waar die swakhede lê. In die wêreld onderdruk julle dikwels julle woede en herken nie die moontlikhede om selfherkenning in te win vanuit die spieëlbeeld van julle naaste nie.

3) In hierdie woorde van MY herken julle dat julle mekaar nog weerspieël, want as dit nie die geval was nie, sou julle nie die negatiewe eienskappe in julle naaste bemerk het nie en sou dit vanuit julle oogpunt 'n innemende eienskap gewees het en niks meer nie. Solank as wat julle, julle swakhede aan mekaar wys, soos vandag in hierdie sirkel, sal julle nog in ’n meerdere of mindere mate aan hierdie swakhede dra. En dit is goed so, want deur julle herkenning, sal julle hierdie swakhede meer en meer aflê, totdat daar net 'n flou skynsel daarvan op julle siele sal lê, 'n skynsel wat in julle sal bly vir die res van julle aardse lewens, omdat julle nie andersins in staat sal wees om hier in die sfeer van vibrasie te bly wat julle Aarde noem nie.

4) Hierdie klein swakhede kan egter as geen verskoning dien nie, want die skynsels waarvan EK spreek kan skaars waargeneem word, terwyl die swakhede waarvan EK spreek, gedeeltelik teenwoordig is in groot maat en nie in klein maat nie.

5) Die hoofde van julle gesprekke van hierdie aand was baie uiteenlopend en het verskeie temas aangeraak. EK sal later na enkeles terugkeer. Nou sal EK die temas aanraak wat op hierdie tydstip vir julle verdere ontwikkeling die belangrikste is.

6) Die interaktiewe probleme tussen mense moet positief omvorm word sodat julle, MY geliefdes, mekaar nie meer verhinder op die weg na die lig nie, sodat elkeen sy weg vrylik kan wandel, sonder om gebonde te voel.

7) As julle probleme in julle families het, waarvan julle familielede - volgens julle insig - nog nie op die geestelike pad is nie, soek dan die blaam altyd by jouself, want - EK herhaal - as jy op die pad na die lig is en lig om jou uitstraal, sal hierdie lig aan almal wat saam met jou stap getoon word en hulle sal saam met jou na die lig ontwikkel.

8) Dit is die wet van liefde wat EK julle leer, sodat julle in die gees julle harte wyd sal oopmaak en julle arms sal uitstrek om almal wat julle maar moontlik kan, saam te neem tot in die Ewige Huis. Hierdie "saamneem" hoef nie deur woorde of deur versoeke om te oorreed te geskied nie. Nee, hierdie saamneem sal enkel alleen bereik word deur julle liefde wat haarself in dade gaan toon.

9) Wanneer julle liefde orals om julle uitstuur, sal liefde vroeër of later na julle terugkeer. Maar, MY geliefdes, moenie enigiets verwag van jou naaste nie, want anders is hierdie liefde maar slegs 'n middel tot 'n gewenste doel en nie ware liefde nie! Solank julle nog nie in staat is om suiwer, vrye liefde te gee wat geen vergoeding soek nie, bid vir MY hulp en EK sal julle bystaan saam met die engele in die hemel en julle deur gedagte-impulse rein, selflose hemelse liefde leer.

10) Kyk buite na die natuur en julle sal sien hoe sy haarself weereens rojaal aan julle gee met al haar bloeisels. Aan elkeen dieselfde maat! Ook julle sal so moet liefhê sodat julle geen onderskeid meer maak nie. Al is dit vir julle op hierdie oomblik in die mensekleed nog moeilik om te begryp, dink aan MY woorde wat EK gespreek het en wat destyds wat ook nie verstaan was nie: "Wie is MY moeder, Wie is MY broers?" Julle is almal moeders, susters en broers.

11) MY dissipels het MY nie verstaan nie en het gedink dat EK nie MY moeder liefgehad het nie. Maar vandag verstaan julle MY egter wanneer EK sê: "EK het julle almal ewe lief." Net soos wat die natuur haarself aan almal skenk – gee EK nog 'n voorbeeld: Net soos wat die son gelykmatig op almal skyn, net so het EK julle almal ewe lief. EK sien voorwaar die skaduwees in julle siele, maar tog kyk EK verby hierdie skaduwees en sien die suiwer KINDERS VAN ELOHIM in die ewige stralende Lig. Dit moet julle, MY geliefde studente, ook leer om te doen.

12) Maak nie saak oor wie julle gepraat het in hierdie kring nie, of dit nou ongemanierde kinders was, of die optrede van julle broers en susters. As julle soos EK na julle broers en susters sou kyk, met die goddelike uitstraling vanuit die sentrum van hulle siele, sou julle hulle swakhede en foute in 'n totale ander lig gesien het. En wanneer julle die volgende stap neem en julle naas hulle stel en julle eie swakhede en foute beskou, sal julle verder herken dat elkeen van julle aan julleself moet werk om hierdie oersentrum te bereik, want niemand van julle is beter as 'n ander nie. Watter swakheid een van julle ookal mag hê, die ander mag dalk nie daardie spesifieke swakheid hê nie, maar nogtans sukkel hy wel met ander gebreke.

13) Om nou die onderwerp te verander; wanneer julle na julle kindertyd terugkyk en julle ouers in ’n spieël betrag, sal julle mettertyd baie begrip en waardering ontwikkel vir hulle destydse situasie - en ook nie net vir wat in die verlede gebeur het en hoe hulle jou as kind behandel het nie, maar ook vir die huidige situasie.

14) 'n Moeder wat haar kind onder haar hart gedra het, sal hom altyd as haar kind beskou; dit is nou eenmaal die menslike aard. Eers wanneer die moeder die geestelike weg volg, sal sy erken: “Hierdie kind is my broer in die gees.” Maar, indien julle ouers nie die geestelike weg gevolg het soos wat julle dit volg nie - daarmee wil EK uitsluit dat julle glo dat julle ouers agtergebly het op die weg na die VADERHUIS - sal julle verstaan dat hulle nie anders kon optree as wat hulle opgetree het nie en dat dit nog ’n tydjie sal neem alvorens hulle sal erken: "MY seun of dogter bly agter in die aardse kleed, en ek verlaat hierdie wêreld, hierdie liggaam, ten einde 'n ander dimensie binne te gaan."

15) Sommige moeders kan hulleself nie van hulle kinders skei nie, nie eers in die sfere van die hiernamaals nie. Dan word hulle dikwels die moontlikheid gebied om hulle kinders verder in die gees te beskut en te lei vanuit die geestelike realm, totdat hulle ook die hiernamaals betree. Gedurende daardie tyd leer die engele hulle oor hulle verskeie aardse wandelinge in die menslike kleed en mettertyd begin hulle te verstaan dat hulle kind in die aardse realm hulle geestelike broer of suster is. Julle moet medelye hê met julle ouers!

16) Julle moet medelye hê met julle kinders! Wat die rooi draad aanbetref wat deur julle lewens geweef is, dit weerspieël julleself, veral in julle kinders of die kinders wat in julle sorg geplaas is (spesifiek kleuterskoolonderwyseresse ens.). Gee spesifieke aandag aan die kinders; MY geliefde, nie die wat stil en soet voor jou sit en na jou feëverhale luister nie, maar kyk spesifiek na daardie kinders wat hulle klein hofies uitdagend oplig en sê "Ek wil". Veral is dit daardie kinders wat jou eie self reflekteer, want jy straal hierdie self uit, anders sou die kind nie uitdagend gewees het nie.

17) Toe EK oor die aarde gegaan het, het dit gebeur dat daar 'n groep raserige kinders naby was en aangesien EK vele van MY dissipels wou leer, het MY mees getroue dissipels die kinders met hulle "raserige geskreeu" van MY af wou weghou. Laat EK julle herinner wat EK vir hulle gesê het: "Laat die kindertjies na MY toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van ELOHIM!"

18) Die kleintjies het om MY saamgedrom, het stilgeword in hulle kinderlike aanhoudende beweging en het na MY stem geluister, want EK het MYSELF skaars gereflekteer. MY siel was nie beswaar nie, buiten die min sagte sluiers waarvan EK aan die begin gespreek het. Maar julle, MY

geliefdes, laat julle ego's egter nog te kragtig uitstraal, en hierdie ego's word deur die kindertjies opgevang en word in hulle kinderlike onskuld weer na julle teruggekaats. En dit gebeur net wanneer dieselfde resonansie (dieselfde vibrasie) in beide die kind en die volwassene teenwoordig is.

19) As die volwassene in die lig van die liefde sou staan, sal geen kind in sy teenwoordigheid luidrugtig wees of binne sy eiewil nie. Laat EK julle herinner aan die oefening met die diere. Die wildste roofdier sal homself neerlê aan die voete van die sagmoedige en sal gras uit sy hand eet. Word sagmoedig en jy sal net sagmoedige kinders om jou vind! O sien, dit wie jy is, dus jou uitstraling, werk in op jou omgewing. Of dit nou in jou familie is, of in die werksplek, of op pad werk toe, - waar jy jou ookal bevind, jou uitstralingskrag oorskry alle grense soos wat jy dit nie vir jouself kan voorstel nie.

20) Verstaan, MY studente, dat julle deel van 'n netwerk is in die Skepping en so met mekaar verbind is! Of dit die klip aan jou voete is, die plante, die diere, of jou medemense, julle het 'n onsigbare verbinding met alle dinge en julle uitstraling, positief of negatief, gaan vêr verby hierdie verbindingskakels wat soos 'n netwerk uitgesprei is. Raak jou uitstraling dieselfde vibrasie aan, dan kom dit versterk na jou terug en dit is waar in beide positiewe of negatiewe uitstraling. Dit verklaar ook waarom julle volwasse kinders, wat vêr van julle af woon, nog steeds saam met julle wandel en julle met hulle wysheid oorbluf, wanneer julle na 'n lang tyd weer gemeensaam aan tafel sit.

21) Selfs wanneer julle uiterlik van mense geskei is, is julle tog steeds innerlik in verbinding met elke ander wese. Hierdie innerlike verbinding vanuit die eenheid van alle GODDELIKE WESENS, is ook die draer van die verskillende vibrasies.

22) As die vibrasie teen die GODDELIKE gerig is, sal dit na 'n tyd na jou terugkeer en jou tref met volle, selfs versterkte krag. Versterk, want dit het met gelyksoortige vibrasies verbind en weer na die sender teruggekom, want alles volg sy baan.

23) As jy glo dat jy toetse op jou weg kan vermy, mag dit dalk vir die oomblik so lyk, maar deur die reeds genoemde netwerk en innerlike verbinding, sal 'n soortgelyke toets na jou toe kom en jy sal voor dieselfde besluit te staan kom – naamlik om die toets te slaag, of om dit weereens te vermy en weereens te faal. Wees getroos, julle word altyd weer 'n geleentheid gebied. Totdat julle volmaaktheid bereik, sal julle van toets tot toets gaan en hulle slaag en met vermeerderde krag aan die anderkant uitkom.

24) Julle het die hoofstukke van julle lewens tussen die twaalfde en vyftiende jaar belig. Julle het die stap van kindertyd na jeug herken en sommige van julle het bewus geraak van die erns van hierdie stap.

25) Nou sal EK terugkom na MY woord: "As julle nie soos die kindertjies word nie, sal julle nie die koninkryk van die hemele ingaan nie." Sodat julle HIERDIE WOORD VAN MY nie verkeerd verstaan nie, verklaar EK die betekenis: Die kind leef nog in 'n sekere geborgenheid in die skepping en vir 'n groot deel nog in die veiligheid van sy ouerhuis. Besluite word vir die kind gemaak en hy gehoorsaam gewillig of nie. Maar met die intrede in die ouderdom van die jeug, sal die kind sy eie besluite begin neem.

26) Dit het julle uitgewerk in die voorbeeld van bevestiging. Daar is 'n besluit van jou verlang, wat sommige van julle as te vroeg in julle kindertyd beskou het. Julle het intussen op 'n ander tipe Christelike geloof besluit. (anders as katoliek) En indien julle aanhou op die gekose pad, is dit MY lering wat EK aan julle gebring het, naamlik: BEDIEN JOU NAASTE IN LIEFDE.

27) Die kind word in sy optrede nog gevorm deur die skepping wat hom omring. Hy ontdek die wêreld, ontdek die Aarde. Met toenemende ouderdom sal hierdie kinderlike bewussyn uitbrei, sal hy in dromery rondwoel en glo in die engele wat hom begelei, indien dit so aan hom vertel is. Die kind vertrou die woorde van sy ouers, onderwysers en ander wat deel is van sy lewe. Dit is hierdie vertroue waarvan EK spreek wanneer EK sê: "Word soos die kindertjies."

28) 'n Kind hou onvoorwaardelik vas aan die mense aan sy sy, vertrou sy vader, sy moeder en grootouers, dat alles wat hulle doen reg en goed is en dat hulle hom help. Dit is daardie vertroue wat jy net as kind het vir die wêreld van die grootmense, dit is wat dit beteken om kinderlik te wees.

29) As jy nie hierdie oer-vertroue as kind geleer het nie, sal jy dit moeilik vind om selfs ELOHIM jou VADER te vertrou en dus daardeur vir MY. MY WOORD wat jy nou hoor, sal net soos 'n wind wees wat nie jou dieptes penetreer nie, maar net verbywaai en verder gaan. Maar jy hoor en lees egter MY woorde en jy vertrou hulle soos 'n kind.

30) JY glo in ELOHIM die EWIGE VADER, wat SY hand beskermend oor jou plaas en jou lei op al jou weë, weë wat jy moet gaan om volmaaktheid te bereik. Selfs as jy nog steeds sekere paaie halsstarrig volg, volg jy hulle met kinderlike vertroue.

31) Hy of sy wie nie hierdie vertroue in hul kindertyd ervaar het nie, het groot probleme met die konsep van ’N VADER in die hemele. Dit is 'n konsep vir julle menslike wesens, want om DIE VADER, met WIE EK een is in SY volheid aan julle te verduidelik, is net nie moontlik nie. Verstaan daarom MY stelling: "As julle nie soos die kindertjies word nie," en dit beteken nie om as 'n baba agter te bly nie.

32) Die mens gaan voort op sy pad tydens sy jare van volwassewording. In die jeugtyd, wat julle herleef het tydens hierdie hoofstuk, het die wêreld van die volwassenes vir die eerste keer duidelik geword vir julle. Aan die een kant was daar die vryheid en aan die ander kant die ingeperktheid. Hoe wonderlik was dit nie om soos 'n kind te droom en te speel nie, tog het die erns van die lewe egter nou begin, soos wat julle in julle taal sê. Nou word daar getoon dat wat jy tot nou toe nie geleer het nie, nog moeiliker sal word om te leer. Nou vertoon jou gemerkte swakhede hulleself, daardie swakhede waarmee jy meer en meer gekonfronteer sal word wanneer jy byvoorbeeld 'n loopbaan sal betree.

33) Dus kan julle die volgende drie jaar as **opdrag** aanvaar vir hierdie twee weke, sodat julle aan die **erns van die begin oomblikke van hierdie jeugtydperk kan nadink**. Laat hierdie tydperk weereens in jouself afspeel en laat dit waaroor ons in hierdie gemeenskap gepraat het, selfs meer duidelik word vir jou. EK skenk julle MY LIG van herkenning vir hierdie taak sodat julle die proses om julleself te vind sal verdiep, sodat julle na die lig kan groei in 'n helderder bewussyn.

34) EK het nog soveel meer wat EK julle wil leer, soveel meer wat EK aan julle wil verduidelik. Ja, EK wil in elkeen van julle die innerlike fontein opwek, sodat julle nie meer 'n instrument nodig sal hê nie, maar dat julle sal ag slaan op die impulse wat na julle toevloei vanuit die fontein, Wie julle alreeds indirek lei en bietjie vir bietjie die direkte taal sal word. EK wil elkeen van julle op die weë lei wat julle self gekies het vir julle lewens. Voorwaar, MY geliefde studente, as julle probeer en voortgaan om aan julleself te werk soos wat julle dit gedoen het, sal Ons groot treë opwaarts neem op hierdie steil bergpad en die Son van Verligting sal jou aangryp en EK sal alles in jou opklaar en na die lig bring.

35) Leef waarlik in die hier-en-nou! Die verlede is net jul dienskneg, die toekoms is 'n geestelike doel, maar die hier-en-nou is jou onderwyser. EK herhaal dat jy elke oomblik kan besluit VIR die liggevulde netwerk van die wêreld rondom julle, of vir die aanhoudende verduistering van materie. Dit **lyk** maar net makliker om gemaklik in die duisternis te bly, om in die ou groef voort te gaan, as om hier-en-nou te verander, want eendag sal julle moet verander. Hoe meer julle in dieselfde ou groef bly, hoe moeiliker gaan dit word.

36) Wees dus nie bang om julleself te verander nie en probeer om aan te hou om vervul en versterk te leef met MY seënende krag! Kom, MY skape, MY geliefdes!

**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

# 32. Oefening

**Is vennootskappe moeilik? Het ons die verantwoordelikheid om hulle na die lig te verhef, want ook ons is nie volmaak nie? gebroke vennootskappe, moet ons alles met ons hele hart vergewe? Voorbeeld: Dit is die liefde wat geleef word - Taak: Dink hieroor na en werk in die volgende 3 jaar.**

1) MY geliefde studente, EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, begroet julle. Die vreugde van die hemele sy met elkeen van julle. Julle probeer met julle hele hart en tog gaan elkeen van julle sy persoonlike en eie weg na ELOHIM via die Aarde en EK gaan saam met julle.

2) Julle deurleef verskeie moeilike fases op die weg na die Huis in die Ewigheid, fases wat EK as JAHSHUA ook deurgestap het. EK het ook getwyfel oor MY taak wat in MY hart gegraveer was. EK het MYSELF ook nie goed genoeg bevind om voor die skrifgeleerdes te spreek nie, omdat EK uit 'n eenvoudige volk gekom het en hulle taal nie so kragtig was nie. EK het ook dikwels van MYSELF af weggehardloop na die eensaamheid, ten einde MYSELF weer te vind. EK het geween, gesmeek, was op MY knieë en het gebid, "O VADER in die hemel, help MY, staan MY by!" EK het die weg tot op die einde gegaan en julle sal dit ook gaan, met MY Krag en met MY hulp en julle sal die weg van liefde voltooi in die lig van die ewigheid.

3) In terugskouing van julle jeugtyd, het al julle drome weer ontwaak wat julle toe vir julle toekomstige lewens gehad het. Waarlik, julle wou die sterre uit die hemel gaan haal, julle wou iets groots tot uitvoer bring in die lewe wat voorgelê het, sodat die hele wêreld - EK beklemtoon die woord "wêreld" - trots kon wees op julle.

4) Julle wou julleself oplig uit die alledaagse, wou vry wees, want die siel reflekteer haar begeertes in die menslike wese in. In julle jeug was die sielskragte nog nie so begrawe soos wat dit somtyds tydens julle huidige ouderdom is nie. Dit is die rede vir julle begeertes. Alle dinge wat nie in die vorige inkarnasies tot uitvoer gebring is nie, het in hierdie tyd in die menslike bewussyn ingetree, deur die siel. Julle lewe lê weer voor julle en hierdie keer het julle julleself voorgeneem om: "Ek sal dit doen", en die mens poog weer om na die sterre te reik.

5) Tog lê die sterre aan julle voete, MY geliefde studente. Hulle is nie in die wye kosmos te vinde nie, maar is in julle midde. Reik uit na hulle! Reik uit na almal wat om jou is op jou pad na die lig. Hulle is almal innerlik helder stralend, nie net soos een ster of een son nie, maar ook soos duisende sonne en meer, net soos julleself. Slegs die menslike skaduwees, bekom deur 'n aantal inkarnasies, het hierdie lig bedek, en dit is julle wonderlike taak om hierdie sonne weer te laat skyn.

6) MY geliefde dissipels, alle mense, julle kinders, julle vennote, julle ouers, al julle bloedverwante, kennisse, vriende, ja selfs hulle met wie julle nog in tweedrag leef, is julle sterre. Laat hulle skyn, julle het die krag in julle, want julle is kinders van die ALLERHOOGSTE, kinders van ELOHIM. Bewustelik het julle hierdie aardse kleed aangetrek en die begeerte wat in julle opstyg en met tye nog kragtig is, is die siel se begeerte na volmaaktheid.

7) Hoe moet hierdie verlange in die mens gereflekteer word? Selfs die mens het die gevoel en glo dat hy sy talente in 'n spesifieke veld of kategorie moet uitdruk, dat dit hier en nou gedoen moet word en nie êrens of eendag in die verre toekoms nie.

8) Hier en nou, selfs al wandel julle - simbolies gesien - deur die woestyn, selfs al het julle twyfel en bid soos wat EK dit gedoen het, sal hierdie weg julle teruglei uit die woestyn en julle sal herken dat, ten spyte van al julle foute, tekortkominge en swakhede, is julle in die lig van die ewigheid, wat op elke plek en tyd skyn waarin dit geplaas is.

9) Julle het begin om die hemelse liefde te deurgrond, soos wat dit julle harte gevul het, toe julle teruggedink het aan julle eerste liefde. Die siel was toe ook nog redelik oop vir die uitstraling van die hoogste liefdespotensiaal, om een te wees met 'n wese wat haar sou vervolmaak, na wie die siel vir honderde of duisende jare gesmag het.

10) Wat ELOHIM verbind het, sal vir ewig hou en hierdie gevoel van ewigheid is gereflekteer in julle eerste aardse liefde. Daarom ook die rede vir julle treurigheid toe hierdie eerste liefde in twee gebreek het, gebreek het soos 'n glas wat op die vloer val en versplinter, tegelyk 'n simbool vir jou, dat op hierdie aarde en in hierdie materiële wese, niks vir ewig hou nie, maar alles is verganklik.

11) Jy het so sterk bewus geword van hierdie verganklikheid dat dit jou diep gepynig het. In latere jare het jy hierdie pyn oorkom, maar die verlange na die "jou" sal so lank in jou bly totdat jy weer herenig is. Een vlam voor die troon van ELOHIM, deur HOM beskou sedert alle ewigheid en tot in alle ewigheid, is jou **DUBBEL SIEL.**

12) Indien jy voortgaan op die pad van selfherkenning en meer en meer liefdevol word, wanneer jy begryp dat liefde waarlik geen doel agternajaag, behalwe om van haarself te skenk nie, sonder 'n houding van verwagting; wanneer jy jou liefde ontwikkel vir alle broers en susters, ongeag hulle swakhede en ongeag hoe hulle teenoor jou mag optree, dan is jou dubbel baie naby aan jou. Wanneer jy nie meer anders kan as om jou liefdevolle hart te laat uitstroom na die skepping nie, vanaf die kleinste van kreature tot die grootste en verby tot in alle universums, die omvouing van die ganse skepping, dan, MY geliefde kudde, is jou dubbel baie naby jou, maak nie saak of hy/sy sigself in die in die aardse kleed bevind soos jy, of in die geestelike sfere nie.

13) As jou dubbel in die geestelike sfere is en jy het jou standvastigheid deur menige toetse bewys op die weg na die lig, dan sal jou dubbelsiel aangewys word as jou BESKERMINGSENGEL. Aan die begin sal hy of sy hom of haarself nie aan jou openbaar nie, maar die liefde sal met soveel intensiteit na jou stroom, dat jy oombliklik diep in jou innerlike wese sal weet: "die siel by wie ek hoort sedert alle ewigheid en tot in alle ewigheid is naby my."

14) As hierdie siel in die aardse kleed is, sal 'n soortgelyke ding gebeur, want siele is ongebonde. Terwyl die mens slaap, sal hierdie twee siele mekaar in liefde vind, want selfs die geïnkarneerde dubbelsiel sal met dieselfde verlange as jy brand. Die een wie in liefde vordering gemaak het, sal sy siel soek wat aan hom behoort, ten einde haar te help. En wanneer hy haar gevind het, sal hy weet: "Ek het haar gevind," deur 'n droom of menslike ontmoeting. Dit is egter baie moeiliker wanneer beide mense mekaar ontmoet, want daar is 'n groot verskil of die goddelike kind, die Seun van die VADER, sy goddelike "jou" erken, die Suster in die lig, of indien beide voor mekaar staan in die aardse sfeer, terwyl hulle in 'n belaste toestand sou wees weens talle inkarnasies.

15) MY geliefde skape, maak nie saak hoe groot jou verlange na jou dubbel soms mag wees nie - EK herhaal - slegs deur die liefde vir jou naaste sal jy in staat wees om nader aan hierdie siel te kom.

16) Indien jy 'n baie moeilike maat aan jou sy het, is dit die grootste taak in die hier-en-nou om te leer om hierdie maat lief te hê, om hom te eer en om sy swakhede en foute met goedheid en begrip te aanvaar, in die bewussyn dat jy self nie vry is van foute en swakhede nie. Dit is maklik om saam met 'n maat te leef met wie daar geen probleme is nie, met wie alle vorige oorsake alreeds versoen is.

17) Jou lewe word baie moeiliker wanneer die gevolge (of vorige oorsake) nog in die proses van uitvloei is en die vennootskap 'n disharmoniese gang gaan. Die een wat die geestelike weg gaan, het dan die opdrag om hierdie moeilike vennootskap te verhef tot in die lig.

18) Neem kennis en slaan ag op die volgende: Die hemelse wette is geldig, selfs vir die huwelike van hierdie wêreld. Netsoos wat jy vir ewig verbind is aan jou dubbelsiel, vanaf alle ewigheid en tot in alle ewigheid, en altyd teenwoordig is in die VADER se gedagtes, so geld hierdie wet vir die aardse vennootskap, vir solank as wat jy in die aardse kleed bly.

19) EK weet en EK kan aan julle gedagtes sien wanneer julle terugkyk, dat wat EK aan julle verduidelik, nie maklik is om uit te leef nie. MY geliefdes, weet egter dat die liefde van die VADER altyd medelye het vir julle menslike gedrag en ook julle moet leer om dit in julle harte te vind om vol begrip vir julle broers en susters te wees!

20) Wanneer julle gebroke verhoudings agter julle geplaas het, ondersoek julleself of julle alles van harte vergewe het en of julle nog wrokke saamdra. As daar nog iets negatief in julle is, probeer om hierdie negatiwiteit op te los met MY krag en MY bystand, want die verlede, MY geliefde, moet losgemaak word, sodat jy vrylik na die lig kan stap! Die party wat die geestelike weg bewandel, moet in elke situasie die voorbeeld wees, want dit, MY geliefde, is liefde wat uitgeleef word.

21) Julle kan nie altyd reg laat geskied aan hierdie eis nie en ook hier sê EK weereens: MY en daarmee die van MY VADER se medelye sy met julle, so lank as wat julle steeds probeer om dit wat vasgemaak is, in die lig te bring.

22) EK het julle geleer dat dit julle was wat eens alles veroorsaak het wat met julle gebeur. Dit is nou julle taak om op te hou om meer oorsake te skep, en om eersgenoemde oorsake los te maak of op te los deur die gevolge nederig te dra en om liefde te gee wanneer iemand julle aanval en seermaak.

23) Wandel saam met MY en EK sal jou bevry van diepgaande ervarings uit vorige inkarnasies. Soos 'n vlugtige droom verskyn hulle in jou bewussyn - jy kan vra vir vergifnis en vergewe en jou siel sal vry wees. Is hierdie weg wat jy ingeslaan het nie wonderlik nie?

24) Selfs wanneer julle julself - figuurlik gesien - op 'n reis deur die woestyn bevind, is daar inderdaad iets aan die gebeur. Die klein wonderwerke, MY geliefdes, lê gestrooi om julle, so ontelbaar baie, maar julle sien dit net nie, omdat julle op die uitkyk is vir die groot wonderwerke, na die verligting wat julle soos 'n bliksemstraal moet tref en julle uit die aardse bestaan uitlig - maar waarheen? Herken die humor in MY woorde – [sou hierdie skielike verligting julle ophef] uit en weg van die hier-en-nou, weg van julle take wat julle vir julleself opgelê het? [waar wil julle hê moet dit julle heen neem?] Maak nie saak waarheen julle gaan nie, julle kan nie van hierdie selfopgelegde take weghardloop nie. As julle dit nie nou oplos (“solve”) nie, sal julle dit later doen, maar julle sal dit doen. Waarom nie nou nie? – Op hierdie manier kan julle jul reis vreugdevol voortsit.

25) Die vallei is nie so diep soos wat jy dink nie. Sien jy nie MY hand wat na elkeen van julle uitreik en julle wil optrek in hierdie denke van lig nie: "Ek is waar ek is, 'n kind van die ALLERHOOGSTE, gereed O VADER, om alles te vervul!"

26) Dink na oor hierdie woorde van MY en as julle gewillig is, neem as taak die volgende drie jare op! Gaan in 'n innige verbinding met MY deur die komende week en EK sal julle help in julle bepaalde situasie! MY liefde is altyd met julle. MY krag vul julle. MY seën deurstraal julle, en die lig van die hemele begelei julle.

**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

## 33. Oefening

**Monogame wese van liefde - 'n hemelse dubbelpaar kan 'n wese vanuit die sfeer van ontwikkeling trek - die Vader seën die wese en verhoog hom tot sy kind - die motiverende krag is skeppende krag - vereniging met 'n gade - Taak: Dink verstandig aan my woorde ! Betreding van jou volwassenheid.**

1) MY geliefde vriende, EK, JAHSHUA julle GESALFDE is soos gewoonlik van die begin van julle samekoms tot aan die einde in julle midde. Onbewustelik vir julle pols EK in julle siele in en hef die skaduwees op tot in die lig.

2) MY vreugde is met julle omdat julle in hierdie gemeenskap openlik en eerlik met mekaar praat en nie julle opinies onder 'n mantel van vroomheid versteek nie. Daardeur werk julle waarlik saam en ondersteun mekaar op die pad na die lig, na MY en dus na die VADER.

3) Waarlik, alles is julle s'n. Nie net is hierdie klein Aarde deur ELOHIM die VADER aan julle geskenk nie, maar ook alle wentelende planete, selfs daardie in die vêrste hemelse sfere, alles is julle s'n. Selfs die son, die middelpunt van julle planetêre stelsel, is aan julle geskenk. Julle ontvang krag van alle konstellasies. Elke planeet vervul sy taak as geskenk aan julle, om julle te handhaaf. En onder "julle" sluit EK almal in wat kinders van ELOHIM genoem word deur die SKEPPERGEES. Kyk in die dieptes en wydtes van die kosmos in, wat altyd dieper en wyer deur julle wetenskaplikes ondersoek word - alles is julle s'n. EN dit is maar net die sigbare skepping. Die onsigbare skepping word na ’n hoër mag verhef, dit is sewe maal sewe in syfers. En dit alles is julle s'n. ELOHIM skenk HOMSELF in SY **skeppingskrag** aan SY kinders. **EK skenk MYSELF in liefde aan julle**. En in die ewige koninkryke is daar nie meer hierdie terme van "myne" en "joune" nie, daar is slegs "ons koninkryk".

4) Dit is die VADER se krag en heerlikheid wat julle onderdompel en wanneer julle almal weer eendag tuis gekom het, sal dit ook "julle" koninkryk en "julle" krag en "julle" heerlikheid wees, waarin ELOHIM die VADER HOMSELF kan reflekteer tot in alle ewigheid. So het julle aandeel in die heerlikheid van ELOHIM. HY plaas SY skeppingskrag ook in julle hande en HY skep vreugde in die werk van SY kinders. Dan word die sin in die gebed van eenheid, wat EK julle geleer het en wat julle bid, "laat ons koninkryk kom" ewige gewyde waarheid.

5) Maar nou begrens julle julleself in die heerskappy van daardie kragte wat meer wil wees as ELOHIM, die ewige SKEPPERGEES. Erken dat die "val" slegs met hierdie gedagte begin het:

6) "Ek Satana, wil my eie koninkryk hê waarin ek oor my eie wil regeer." Sy het die liefde van die VADER misverstaan en wou nie insien dat HY, die ALLES-EEN deemoedig in SY liefde buig en nooit heers nie, dat HY uit deemoed Sy kinders hulle vrye wil geskenk het, om hulle in staat te stel om te besluit vir liefde of daarteen en het sy dus daardeur gekies om haar eie te domineer. Uit "aan ons behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid," het daar 'n gedeelde skepping ontstaan en julle sien nog steeds in julle aardse en materiële sfeer die uitwerking van die eerste "val gedagte".

7) Kyk na hierdie klein landjie (Joego Slawië) waar die verskillende volksgroepe wil heers of domineer. Almal veg om 'n stukkie land waaroor hulle wil heers. Is dit die LIEFDE wat ELOHIM, DIE VADER deur MY aan die kruis getoon het? In die hemelse sfere was die gedagte van skeiding nooit daar gewees nie. Hierdie gedagte bestaan slegs buite die suiwer geestelike wêrelde. ELOHIM DIE VADER sien julle almal in die sfeer van eenheid, in die lig van die ewigheid en dus ook EK, SY LIEFDE WAT MENS geword het. Watter deel van jou nou ookal die weg van ondervinding neem, is nie jou ware wese nie, maar dit is eerder verskeie skaduwees van die gees, skaduwees van die vrye wil wat aan julle geskenk is, en waardeur julle huidig gaan. Die geestesvonk is rein, die kind in jou is rein, die seun, die dogter is ewiglik rein.

8) In die Hemelse Huis is daar ook geestelike families, net soos hier in die aardse sfeer. Die vorige keer het EK met julle gepraat oor julle dubbelsiele. Vandag sal EK net kortliks raak aan die geestelike families en hoe hulle leef, maar later sal EK in meer detail daarop ingaan.

9) Die verhouding van die dubbelpaar in die lig van die ewige GODDELIKE LIEFDE, binne die seën van Die VADER, word deurstraal met die reinste van alle Liefdes, deur die hoogste mag van die Skepperkrag. Terwyl die dubbelpaar deur hierdie Skepperkrag omhul word, kan 'n wese uit die sfere van ontwikkeling aangetrokke raak tot die dubbelpaar. So 'n wese - met 'n soortgelyke vibrasie as die van die dubbelpaar – is vanuit die ontwikkelingsfere onthef, wat begin het met die geestelike mineraal, dan sy ontwikkeling voortgesit deur die geestelike plantewêreld, die geestelike diereryk en uiteindelik die van die natuurwesens (later meer daaroor).

10) Ek sal die wette daarvan later verduidelik. So 'n klein wesentjie wat - deur die geduld van die mineraal, die vreugde en prag van ’n plant en die wil van die diere deurleef het en ontwikkel het in 'n natuurwese [d.i. Elwe, kabouters, silfies] en wat alreeds sekere opdragte in die sfeer van die minerale-, plante- en diereryke uitgevoer het – sal so ’n natuurwese liefdevol ontvang en omgeef word met die seënende Krag van genade, terwyl van sy geestelike vader en moeder die kind-karakteristieke binne hierdie wese instroom.

11) Wanneer hierdie kragte, genoem “kinder-karakteristieke” tot versterking van geduld, liefde en barmhartigheid gedien het en dit voleindig is, bied die dubbelpaar ouers hierdie kind aan die VADER, en ELOHIM, die VADER seën hierdie wese en verhoog hom tot die status van SY Kind, Sy Seun, SY Dogter, terwyl die koor van alle reingeskape Kinders jubel. En vir hierdie [nuwe kind], wat bestaan het sedert die Oerbegin, alreeds as gedagte in die VADER se denke en wie nou die geestelike lewe betree het, alhoewel dit deur al die voorgenoemde stadiums moes gaan, is daar vir hierdie kind 'n wese wat vir hom of haar van voorafgaande ewigheid af voorbestem is. En na 'n sekere tydperk - gladnie te vergelyk met julle aardse tyd nie - sal hierdie voorafbepaalde wese en die voormelde [nuwe] Kind van ELOHIM saamgevoeg word ten einde nog 'n dubbelpaar [of: egpaar] te skep. Volgens verhewe wette sal hierdie twee mekaar aantrek, terwyl hulle in ELOHIM se gedagtes nog altyd een Dubbelvlam was.

**12) Die tyd in die geestelike realm is 'n groeifase in wysheid en liefde.** Die geestelike kind word in die wysheid van die hemele ingewy, volgens die vermoë van die vader en moeder. Die kind sal geestelike skole bywoon, en het vanaf die begin, soos julle ook, die vrye wil en vrye keuse. Vader en moeder is een eenheid en is onskeibaar in die gees.

13) In gees is die vroulike beginsel met meer dele van Geduld, Liefde en Barmhartigheid geseën, waarby die basiese Goddelike wese van Orde, Wil, Wysheid en Geregtigheid teenwoordig is, maar nie so beklemtoon nie. By die manlike beginsel is Orde, Wil, Wysheid en Geregtigheid sterk beklemtoon, terwyl Geduld, Liefde en Barmhartigheid die geseënde gawes van die VADER is, maar nie so beklemtoon is soos by die vroulike beginsel nie. Beide komplimenteer mekaar en is - **onskeibaar -** Geduld, Liefde en Barmhartigheid leer, behoed en lei in die Wysheid in. Orde, Wil, en Geregtigheid neem die groeiende kind van ELOHIM by die hand en toon aan hom die wydtes en breedtes van die kosmos, die wydtes en breedtes van die skepping en die take wat vreugdevol met dienende liefde vervul moet word. Maar, herken tog dat beide beginsels gelyk is! Een vlam voor die troon van ELOHIM. Niks is geskei in die ewige Koninkryk van Liefde nie.

14) Na hierdie kort beskrywing van die ewige huis, wat slegs menslik of in menslike vorm beskryf kan word, omdat julle nog nie in staat is om hierdie wonderlike gebeurtenis ten volle te begryp nie, laat Ons teruggaan na julle aardse bestaan, na die gebeurtenisse van die val.

15) Vir sovêr as wat julle kan terugdink was daar oorloë. Alle rekords berig daaroor, aanhoudende berigte van ’n verdeelde koninkryk, verdeel en in baie dele opgesny. Ja, selfs die Wysheid van ELOHIM verdeel, sny in stukke en split vele gelowe en almal glo dat hulle die een ware, korrekte geloof het.

16) Die mees heiligste gawe wat in die hemelse sfere aan die geestelike wesens geskenk kan word, is skepping, ingesluit die krag om te skep en wesens van onuitspreekbare skoonheid tot lewe te wek en om hulle as kinders na die ewige Heilige VADER te bring. Hierdie wonderbare krag en mag het hier op die aarde geval of tot op die vlak van diere gesink.

17) Diere sorg slegs vir die beskerming van hul spesies. Die mens weet nie dat die voortplantingskrag - ook hier in die aardse sfeer – geheilig [Apartgestel] is nie. Dit is skeppingskrag wat veroorsaak dat 'n kind vanuit 'n saadjie en 'n eiersel ontwikkel, 'n kind van ELOHIM, tot lewe gebring deur 'n rein geestelike wese, in sy bron suiwer, soos wat EK alreeds gesê het, slegs oorskadu deur sy wandeling in die eie wil om iets te wil wees en om rykdom en mag te hê en te heers.

18) MY geliefdes, EK weet dat dit nie vir julle maklik is om MY woorde ten volle in hulle dieptes te begryp, dit in julle te verwerklik en dus te verstaan nie. Maar as julle vanaand net 'n klein vonkie van die ewige heilige krag, wat in julle werk, saamneem huistoe, sal EK in staat wees om julle te lei en lei sal EK julle, totdat julle in staat is om die regte begrip te kry wat van die Wysheid af kom en wat aan julle openbaar sal word.

19) Die voortplantingskrag [seksuele dryf] in julle is heilig [Apartgestel], dit is die Skepper-krag. Wanneer jy, tesame met jou gade, hierdie seksuele dryf omvorm na liefde, deur julleself aan mekaar te gee in liefde, het julle die eerste stap geneem na hierdie heilige Skepper-krag.

20) Hoe meer jy jouself na MY wend in jou innerlike wese, hoe reiner sal jou liefde vir jou gade word. En, as daar nog verskeie maats [gades] vir jou is, sal jy stap vir stap herken dat die eenheid in die GEES VAN ELOHIM, in SY LIEFDE, slegs waarlik bereik kan word met een gade, want jy kan nie almal

liefhê, sonder om die ander seer te maak nie. En soos wat dit in die Hemel is, so sal dit ook op die aarde wees: Verenigde krag, wat in die liefde vir ewig na hoër sfere sal styg, totdat EK die hele tyd by julle teenwoordig kan wees, selfs gedurende julle liefdevolle vereniging (waarby julle selfs nie eers nou vir MY, of julle beskermingsengele kan wegstuur nie, want ONS is altyd teenwoordig.)

21) Herken, MY geliefde studente, dat julle verskeie vlakke bewandel! Die een het op hierdie gebied meer probleme, die ander minder, waarby die ander een weer meer probleme het op 'n ander gebied, wat alles van verskillende dinge afhang. EK lei julle en help julle, tesame met die Engele wat aan julle sye geplaas is.

22) EK plaas in julle harte die korrekte begrip: “Aan Ons behoort die Koninkryk”. Die oomblik sal kom vir elkeen wanneer sy pogings heelhartig en konstant sal wees en hy terugkyk en sê: "O Meester, hoe simpel was ek toe ek aan hierdie stuk materie vasgeklou het, terwyl U die hele skepping in my skoot geplaas het. O Meester vergewe my menslike denke!" Die ganse skepping behoort gelyk aan elkeen, 'n skepping waarvan julle geen voorstelling van die grootte of omvang kan bedink nie.

23) Nou kom EK terug na MY woorde aan julle in die begin. Kyk saam met julle wetenskaplikes na die wêreld van die sterre wat tot nou toe aan julle geopenbaar is. Nie net na die sterbeligte hemel wat julle met julle eie oë kan sien nie, maar ook verder, daar na waar dit nog sigbaar is vir julle sterkste teleskope. Kyk na die programme wat daaroor verslag doen, en EK sê vir julle dat julle nie hul einde sal vind nie, selfs al sou julle die spoed van lig vêr agter julle laat. Jy kan tot in alle oneindigheid reis en nog steeds nie die einde van die skepping vind nie. Julle weet dat tyd nie meer daar bestaan nie en julle, as geestelike wesens, sal nooit die einde van die skepping vind nie, want julle is ook konstant besig om [dinge] opnuut te skep en te vorm. Wanneer julle eendag al julle skaduwees afgegooi het, sal julle vir ewig skep, formeer en vorm. Want alle Vreugde en alle Mag sal dan aan julle geskenk word, alle heerlikheid sal dan in julle hande lê, want die VADER reflekteer HOMSELF in Sy kinders. Dit is SY LIEFDE, DIT IS EK. Groei dus in die “Aan Ons behoort die Koninkryk”.

24) EK seën julle, MY geliefde vriende. Dink wyslik na oor MY woorde en ook oor julle gesprekke wat deur MY gelei is! Dink aan die tyd van julle eerste betrekking, die begin van jou loopbaan en hoe jy daardeur die ouderdom van die volwassenes betree het! Ons sal van nou af aan ietwat groter treë neem, 5 jaar inkremente vir eers, later, teen die einde van hierdie geestelike lering, genoem “verken jou bewussyn” sal Ons inkremente van 10 jaar siklusse neem. Daarom [Taak], in die lig van MY woorde, laat die begin van julle loopbaanjare, asook julle huwelike verby julle vloei en werk getrou aan julleself, soos wat julle dit gedoen het!

25) MY Vrede en MY LIEFDE deurstraal julle. EK, DIE GOEIE HERDER, is in elkeen van julle.
**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

# 34. Oefening

**Wat ons lees, wat ons deur instrumente vertel word, toets dit aan jou eie gewaarwordinge, put self uit die innerlike wysheid - niks is toevallig nie, alles is reaksie en gebeur vir jou herkenning - vooroordele ontwikkel uit oordele - Taak: Ons bepeins oor hoeveel ons nog steeds veroordeel**

1) MY getroue studente, EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, julle vriend en broer straal met MY empatie, wat vanuit die liefde stroom, in julle menslike harte in. EK weet baie goed wat dit beteken om in 'n mense gewaad, met al sy swakhede, oor hierdie aarde te gaan. Dit is waarom EK benadruk dat alles wat EK julle in hierdie onderrig leer via die profetiese woord slegs 'n wegwyser is, maar bepaal nie die

weg nie, want julle is vry, absoluut vry. Elkeen van julle neem sy eie persoonlike weg in sy mees innerlike wese saam met MY.

2) Alles wat EK julle vertel het oor die Oertuiste, oor die gebeurtenisse van die val, wat Ek geleer het in die verlede of weer sal leer in die toekoms, is nie vir julle bedoel as 'n geloofsdogma nie. Julle is vry om MY WOORD aan te neem al dan nie, omdat Waarheid slegs in julleself as sulks erken kan word. Alles wat aan julle deur instrumente gebring word, moet julle eers self in julle innerlike wese beproef. Soos wat julle voortstap op die weg van lig, lei julle julself op in julle Aanvoeling sodat julle by die 'Weet' kan uitkom soos wat julle uit die innerlike fontein van Wysheid skep wat vir julle sal sê: "Dit kan ongeveer so wees soos wat dit beskryf is". Want julle kan nie met julle menslike verstand begryp en deurgrond hoe dit waarlik in realiteit is nie, MY geliefdes, nog minder kan julle dit peil, aangesien die allerheiligste waarheid in ELOHIM, die VADER te hoog vibreer [vir julle om te begryp].

3) Wat ook al aan julle oorgedra word, word gewoonlik omvorm na 'n ietwat laer vibrasie gevoel, wat weer deur hierdie skoling geleidelik hoër omvorm word en daardeur word die innerlike wysheid aan jou oopgemaak. Daarom is alles wat julle lees en hoor net aanvanklik die waarheid. Julle is geroepe om dit self in julle innerlike wese te deurvors en die wette van die skeppings self te ervaar, want alle wette verenig in die een [wet], wat Liefde heet.

4) Dit is belangrik vir julle huidige bewussyn om die goeie te hou en dit wat julle nog nie verstaan nie, opsy te sit. Konsentreer op daardie dinge wat julle help om jul ontwikkeling te bevorder.

5) So het elkeen van julle hy of sy se verskillende probleme, soos wat dit duidelik uitgekom het in julle gesprekke. Julle is bang oor julle kinders, vir die paaie wat hulle nog kan neem; dit is bekommernisse wat, soos wat julle dit herken het, julle eie kwessies is wat in die kinders weerspieël. Dan is daar die probleme wat julle met julle liggaam ervaar, wat steeds baie ooreenstem met hierdie kant van die lewe. Al hierdie dinge is deel van die rede dat die krag in die mens nog nie erken word as die Skepper-krag, wat van ELOHIM is nie

6) EK weet dat julle terugkyk op julle lewensweg en dat julle gedagtes van twyfel koester, soos hoe jy met jou verlede ooit MY ten volle bewuste navolger kan word en dit kan volbring wat EK volbring het en selfs meer. Die verlede is onbelangrik, die hier-en-nou, hierdie oomblik is die beslissende moment vir julle toekoms.

7) Soos wat EK reeds gesê het, die verlede is net belangrik in soverre julle erken dat julle sekere karaktereienskappe saamgebring het, wat alreeds in julle vroeëre kinderjare afgedruk is, en selfs versterk is met die verloop van julle lewensjare. Julle glo dat die skuld by die wêreld om julle lê, maar EK sê vir julle, dis nie die wêreld om julle wat dit veroorsaak het nie, maar julleself, want julle is die bouers van julle lot, van julle lewens. Want deur julle gedrag, selfs van kinderdae af, het julle onbewustelik julle ouers, oppassers, onderwysers en werkgewers gevorm. Dit is julle wat julle omgewing skep.

8) Julle is waarlik die bouers van julle lewens. Elke siekte, alles wat jy wedervaar het, het sy oorsaak in jou skepper-wil. [Waarvoor die mens angs het, kom verseker oor hom, want hy het dit met sy skeppingsgedagtes nadergetrek] So moeilik as wat dit vir julle is om hierdie te verstaan, tog is dit hoe dit is, want dit is ook ’n wet: **Die wet van die vrye wil.**

9) Laat ek vir julle 'n voorbeeld gee:

10) Jy veg vir jou selfvertroue. Alreeds in jou vroegste kinderjare is dit van jou af weggeneem deur jou dominante ouers. Jy het dit nie gewaag om hulle woord teen te staan nie en jy is nog steeds in jou innerlike wese in werklikheid nog die klein seuntjie of dogtertjie wat tot in die hier en nou sy/haar houding in die omgewing projekteer, en hierdie omgewing reageer op jou projeksies, net soos wat jy verwag het. As siel het jy vir dominerende ouers gesoek, sodat jy van vroeg af sou leer om jou nog baie sterk eiewil te tem en te leer om die wil van ander mense te aanvaar. Nou, in die mensekleed, terwyl jy die wil van jou ouers aanvaar het, het jy tog terselfdertyd die fout begaan om jouself onder die wil van alle mense te plaas. Dit beteken dat die pendulum dan nie in die goue middeweg balanseer nie, maar kom tot ruste aan die ander uiterste van jou wil. Jy het jouself in lyn gebring met die wil van jou omgewing.

11) Sodra jy dit erken het, kan jy jou situasie onmiddellik verander, deur bewus te word van die feit dat jy ’n KIND VAN ELOHIM is en ook dat jy gelyk is aan alle ander KINDERS VAN ELOHIM. Met MY krag en hulp sal jy dan baie vinnig leer dat jy geregtig is om jou wil te vervul, mits jy eers jou wil in die wil van ELOHIM geplaas het, vanuit ’n gevoel van vryheid, die wet van vryheid. Jou medemense sal dit aanvaar, sal jou 'ja' of 'nee' aanvaar en jy sal nie meer wankel tussen 'maar' en 'miskien' nie, maar jy sal jou duidelike grense gestel het en sal jou weg bewustelik gaan.

12) Jy kan ook hierdie “bewus wees” na jou kinders laat toestroom. Hulle is ook soos jy, gelyke kinders van die EEN VADER, wat ook hulle weë aan MY hand gaan. Skenk hulle hul innerlike vryheid! Hierdie vryheid is heeltemal anders as die uiterlike vryheid. Erken dat julle uiterlik julle kinders laat gaan en dat julle hulle as volwassenes sien, maar in hulle innerlike wese is dieselfde proses aan die gang soos met jou: Hulle is nog die klein seuntjie, die klein dogtertjie. Deur dit te doen, staan jy in die weg van jou kinders, jy weerhou hulle daarvan om hierdie selfvertroue te vind. Maak nie saak wat hulle ouderdom mag wees nie, julle moet hierdie selfvertroue so vroeg as moontlik aan julle kinders skenk, wat sê: "Ek is 'n kind van DIE ALLERHOOGSTE. My vader en my moeder ondersteun my net vir 'n kort rukkie. Ek sal myself ontwikkel."

13) Die liefde wat julle vir julle kinders gee deur hulle van die staanspoor af vry te laat en hulle nie as julle eiendom te beskou nie, maar as kinders van die EEN VADER en ELOHIM, sal hierdie liefde julle met julle aardse kinders verbind solank as wat julle hierdie aarde bewandel. Julle sal egter alles verloor waaraan julle probeer vashou, waaraan julle julleself ookal bind.

14) Die losmaak van die gebondenheid gebeur deur julle kinders op verskeie maniere. Hulle wil nie meer leer soos wat jy wil hê hulle moet nie, waardeur hulle bewustelik weë inslaan wat julle besorg maak, selfs vele ander weë. Hierdeur probeer hulle hulleself van jou distansieer en probeer om jou te wys dat hulle hul eie persoonlikheid is.

15) Glo MY, MY geliefdes, alles wat julle wedervaar, in die familie, by die werksplek of waar ookal, **niks is toevallig nie!** Alles is reaksie, alles geskied vir julle herkenning in julself, vir julle eie vooruitgang. Wanneer julle bewustelik deur julle dae wandel, kan die talryke leidrade wat julle ontvang julle gedurende elke oomblik help.

16) Elke mens, in watter situasie hy homself ookal mag bevind, is 'n kind van die ALLERHOOGSTE, en EK is teenwoordig in elke mens. En EK staan voor julle in julle broer en julle suster. Maak nie saak hoe hulle optree nie, al het hy na jou mening nie geslaag in hierdie lewe nie, EK ontmoet julle deur hierdie mense en toon aan julle die spieël, sodat julle julself daarin kan sien, terwyl julle ‘n oordeel vel. Want erken dat jy met elke oordeel, jouself oordeel!

17) Hoe dikwels oordeel julle jul medemens en selfs julle kinders? Met elke uitspraak, my geliefdes, verstewig julle die gedrag van julle medemens. Hierdie uitsprake veroorsaak bevooroordeeldheid en julle word dan self gevange geneem in hierdie vooroordele. Want jy etiketteer alle mense om jou, kompartementeer hulle en sien nie meer die lig wat uit hierdie mense vir jou skyn nie - en net vir jou - sodat jy daardeur tot herkenning kan kom.

18) Dink oor MY woorde na en kyk na jouself in die komende veertien dae. Kyk hoe dikwels jy nog jou naaste oordeel, hoe jy hulle klassifiseer, etiketteer, hoe jy nog glimlag oor sommige mense of oor hulle optrede struikel - en kyk dan na jouself!

19) EK vra julle om elke dag vyf tot tien minute of selfs langer te neem, om in die stilte van meditasie te sit en na die sentrum van GODDELIKE ORDE in julle te gaan. Hierdie sentrum is in die omgewing van die stuitjiebeen, skyn ’n sagte rooi, soos die rooi van 'n sonsondergang. Hierdie sentrum van die GODDELIKE ORDE help julle om julle innerlike wese te orden, bring julle gevoelens in die GODDELIKE LIEFDESORDE en help julle om julle gedagtes te oordink, woorde en werke in die lig van die GODDELIKE ORDE.

20) Moenie die innerlike Orde met die uiterlike orde verwar nie! 'n Voorbeeld: Iemand wat onderworpe is aan ’n drang om kompulsief en oordrewe hande te was of skoon te maak, oorsien 'n beslissende Probleem in sy innerlike wese, wat te doen het met hierdie Orde. Die innerlike Orde is om gevoelens, gedagtes, woorde en dade op te hef tot in die lig van Liefde. Dit is wat EK julle geleer het,

naamlik om die skepping en julle medemense lief te hê soos julleself. Julle sal oor en oor gekonfronteer word met hierdie GODDELIKE ORDE en wel tot aan die einde van julle lewens, want dit is die swaarste hindernis wat in julle pad staan.

21) Elke negatiewe gedagte, elke negatiewe gevoel versteur die innerlike GODDELIKE ORDE, versteur jou bewussynsentrum, wat dieselfde roteer [vibreer] as die wysers van jou horlosie, dieselfde bewussynsentrum wat jou verbind met die aarde aan jou voete. EK herhaal, met elke negatiewe gedagte, met elke negatiewe gevoel, en elke negatiewe woord, stort julle julleself in chaos en versteur julle die harmonie in en om julle. Hierdie chaos, wat deur jou aangehits is, het 'n oombliklike effek op jou omgewing, getrou aan die wet: "Vir elke aksie volg daar 'n reaksie". En hierdie chaos kom weer terug na jou, want jou omgewing weerspieël slegs jou innerlike wese. As jy in harmonie is, is alles om jou heen ook in harmonie. Vibreer jy in Liefde, dan sprei die Aura van jou GODDELIKE bewussyn-senter van Orde rondom jou en dra dit jou na die hoër vlakke van bewussyn.

22) So begin nou indien jy gewillig is, want jy is vry. Begin om baie ernstig jou gevoelens, gedagtes, woorde en dade te ondersoek en mettertyd sal jou aura deurstraal word en alle donker blitse van toorn en woede verloor. Dan sal EK deur jou kan werk en deur jou volbring wat EK alreeds volbring het en selfs meer.

**23) Terselfdertyd moet julle die volgende 5 jaar beskou!** Die tyd stap aan en EK wil voortwandel saam met julle, sodat julle MY in julle kan aanskou. Selfs nou lei EK julle deur impulse. Selfs nou hoor julle hier en daar MY liefdevolle woord in julle. Dit is MY wens om vrye broeders en susters te hê, wat verantwoordelik is vir hulleself en wat hierdie verantwoordelikheid met vreugde sal dra en daardeur te werk in die Lig van die Ewigheid, in LIEFDE.

24) Amein.

25) Die aand vorder, die nag het geval. Maar vir julle sal die innerlike Son skyn en meer en meer glansend word, 'n Son wat julle paaie sal verlig, selfs al lyk dit soms nog donker. Hierdie donkerte moet so wees, sodat julle kan leer om die Lig te waardeer. Die dieptes moet daar wees, sodat julle kan jubel oor die Hoogtes. Kom dus, laat ons die reis voortsit!

26) MY seën, MY Liefde en MY Vrede sy waarlik in en met julle.

**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

# 35. Oefening

**Empatie vir ons medemens vanuit die oogpunt van vandag - hartsgevoelens, die dronk broer op die parkbankie - herkenning van karmiese ooreenkomste - die reis van nederigheid van die dronk man en die geestelike aspek daarvan - liefdevolle toewyding aan ELOHIM los negatiewe dinge op wat moontlik miljoene jare gelede gebeur het - Taak: Herhaal die oefeninge, tyd tot die 35ste jaar**

1) MY geliefde vriende, EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, is tussen julle met MY WOORD van openbaring om julle te ondersteun en te help.

2) Kyk, julle huidige lewe, julle stoppunt in tyd en ruimte, is die somtotaal van al julle vorige ervarings in die verskillende inkarnasies. Jou s.i.e.l leef buite ruimte en tyd. In die siel is alles alomteenwoordig: die suiwerste van die hemel, die heiligdom van ELOHIM DIE VADER, huis, ewigheid, sowel as alle stasies met verminderde vibrasie en hul planete, tot by die huidige vlak van vibrasie, waaraan julle planeet behoort. Hierdie planeet van julle sal haarself in die komende tyd saam met julle en deur julle, uit hierdie vlak verhoog; ja, die transformasie duur selfs nou voort.

3) Wanneer julle terugkyk op julle lewens - soos wat julle in die verlede gedoen het - help dit julle om julleself beter te begryp en sodoende 'n beter begrip [empatie]vir julle medemens te hê; want as daar sekere jare se aardse tyd verbygegaan het, kan julle dit baie beter verstaan vanuit julle huidige perspektief, en dan kan julle vergoeding vir julle oortredinge gee; nie net vir oortredings van hierdie huidige lewe nie, [en moet asseblief nie vashou aan die woord 'oortredings' nie], maar vir alles wat in die siel gestoor is vanaf die begin van die val, terwyl julle deur die toenemende duisternis geloop het, regdeur tot vandag.

4) As julle voor die volheid van julle sielsindrukke sou gestaan het, sou julle bang gewees het en geglo het dat julle nooit met die lig van die liefde hierdie volheid sou kon binnedring nie. Daarom het EK, DIE LIEFDE VAN DIE VADER, na die aarde gekom om julle almal op pad huis toe te ondersteun en om aan julle liefde te leer deur middel van MY WOORD, wat slegs gedeeltelik in die boek van boeke opgeteken is; en nie net om aan julle liefde te leer nie, maar ook om aan julle die krag van liefde te toon, wat die sterkste krag is, 'n krag wat in staat is om alle duisternis te verlig.

5) As julle slegs een van julle eie karaktertrekke sou neem, wat nie in liefde vibreer nie, en hierdie eienskap met MY hulp omvorm in 'n liggevulde wese, sou 'n kettingreaksie hierdie omvorming volg. Dit sou ontbind - op daardie oomblik - enigiets wat ooit aan hierdie eienskap gekoppel was, en sou enige skuldlas wat met hierdie eienskap verband hou, van julle af neem.

6) Julle kan dieselfde gebeurtenis met verskillende aspekte besigtig. EK het verlede keer oor selfversekering gepraat. As julle MY woorde weereens noukeurig binne-in julle ontvang, sal baie van die vrae wat julle vandag nog het, opgelos word. Oral waar 'n 'rooi draad' met spesiale intensiteit egter voorkom, is daar gewoonlik 'n ander aspek [om na te kyk] as die een wat uiterlik vertoon. **Daar is altyd drie vlakke wat in ag geneem moet word:**

**7) Die eerste vlak is die van growwe materiële materie.** Dit is wat julle met julle vyf sintuie ervaar en begryp.

**8) Die tweede vlak is die sielsvlak**; dit is die somtotaal van alles wat die siel deurgemaak het sedert sy die suiwer hemel verlaat het.

**9) Die derde vlak is die geestelike**, die herkenning waarom die suiwer kind van ELOHIM die weg tot in die diepte gekies het en waarom dit hier en daar skaduagtig geword het. Net om julle 'n voorbeeld te gee, een van die redes kan wees om die gevalle wesens wat van dieselfde familie is, wie eens suiwer wesens vanuit die ewige huis was, te toon dat daar, ondanks die aangegroeide skaduwees, die pad na die lig altyd daar is.

10) Mag die verhaal van hawelose mense wat dronk op 'n parkbankie sit as voorbeeld dien:

11) Hier is ook drie vlakke om na te kyk: **Die suiwer materiële**: Jou menslike verstand vertel vir jou: 'Hierdie persoon is 'n goed-vir-niks; hy werk nie; hy drink net en sal nie aan die samelewing voldoen nie; en hy leef net vir homself." Hiermee maak julle die een oordeel na die ander. Julle kyk bloot na julle medemens met julle verstand.

12) As jy jou hartsgevoelens hierby voeg, **sal jy jou siel laat praat**. Julle probeer die persoon verstaan wat heeltemal dronk op die parkbankie sit. Julle dink na oor watter situasie hom aan die rand van so 'n afgrond kon bring. Julle kry hom jammer, en liefde stroom van julle na hom. Die siel het alreeds geleer, deur julle empatie, dat daar 'n karmiese korrelasie is en dat [julle] siel ook deur dieptes van verskillende soorte gaan en gegaan het.

13) Laat ons nou die **geestelike aspek** belig! Die geestelike aspek is nederigheid. Die suiwerste ligwesens tree voor ELOHIM die VADER en vra vir seëninge vir die pad deur die duisternis, ten einde lig [vir ander] te wees. Liefdevol vermaan die VADER SY kind en toon aan hom die probleme wat ook kan ontstaan. En aangesien alles in alle dinge vervat is, herken die kind die moontlikheid van sy eie val op pad na die diepte. Die liefde vir ELOHIM is egter so groot dat daar skaars een ligwese is wat nog nie hierdie weg deur die diepte geloop het nie. Aan die begin van hierdie weg is die ligwese nog steeds bewus van sy lig, en slegs deur homself dieper en dieper in die donker sfere te dompel, word die lig meer en meer bedek. Maar aangesien die suiwer kind van ELOHIM hom nog nie deur sy eie foute

belas het nie, is daar iets in hom wat hom nog nie vereenselwig het met die wêrelde waardeur hy gaan nie.

14) Let noukeurig op MY woorde hier. Hoe dieper hierdie kind van die lig homself in donker paaie dompel, hoe groter is die gevaar dat hy homself sal **verhef** [hoogmoed] **bo** die wesens wat in hierdie vlakke leef. Want om nie met daardie iemand te identifiseer nie, is dieselfde as om **hoogmoedig** te wees en wat eens die val veroorsaak het. En deur in die val-sfere [aarde] te wees, het die kind van die lig homself ook verdiep in die gedagte-, gevoelens- en daad-sfere van die val, en hy sal val. Indien hy nie sou val nie, sou hy nie in die dalende vlakke van vibrasie kon bly nie. Hy val. Die suiwer kind van die lig plaas 'n dop of skaduwee vir elke sfeer waardeur hy gaan, 'n sfeer wat van die lig af weggedraai het. Met hierdie dop kom die ervarings van die val-moontlikhede sowel as die val-ervaring self, en dit is die siel.

15) Wanneer so 'n kind van die lig besef dat hy hoogmoedig was, buig hy nederig voor ELOHIM, die VADER, want HY, die ALLES-EEN het hom hierdie oomblik van verligting, hierdie herkenning gegee. En sodat die kind van die lig werklik lig kan uitstraal, sal hy beweeg met die diepste nederigheid. Hy sal inkarnasies aanvaar wat hom sal lei na die afgrond van die mensdom. By baie erge dronk mense word so 'n reis van nederigheid uitgevoer. Dit is die geestelike aspek. Hy wat so diep geval het dat sy broers en susters hom kan vertrap – soos wat julle dit uitgespreek het - het met sy hele hart nederig geword.

16) En hy sal hom nooit weer bo enige van sy broers of susters verhef nie. Nou het julle 'n verduideliking vir julle eie probleme, hier en daar, om julle met hierdie aardse sfeer te identifiseer, en julle ken die agtergrond. Julle hoef nie deur alles te leef nie; sommige gaan voor julle uit, soos die broer op die parkbankie. Hulle dien julle as voorbeeld, en aangesien alles met alles verband hou en 'n eenheid in die gees vorm, **het julle die volle en algehele rykdom van ervaring van alle siele tot julle beskikking, indien julle wil**. Aangesien julle 'n vrye wil gegee is, is dit altyd julle keuse of julle bereid sal wees om die ervarings van ander te aanvaar en in nederigheid te buig, sonder om self die ervaring van die diepste neerstorting te hoef te maak nie.

17) MY geliefde studente, om 'n kind van die lig te wees, bring baie toetse, sodat hierdie lig suiwer en helder kan skyn, sodat elkeen van julle net liefde, sagmoedigheid en vriendelikheid na sy medemens sal bring, sonder enige oordeel: Straal liefde uit, vriendelikheid, medelye, sagmoedigheid en nederigheid, vanuit 'n volledig ontwikkelde geestelike bewussyn, die bewuste besef dat jy 'n seun of dogter van ELOHIM is. Kyk na julle verlede in hierdie lig en los julle huidige vrae ook op in die lig van MY woorde, in ooreenstemming met julle vrye wil, en mag MY woorde hulle uitwerking op julle hê. EK belowe julle dat toekomstige vrae in hierdie lig nie meer sal verskyn nie; want EK lei julle na julle innerlike wysheid, sodat julle alles rondom julle binne hierdie drie aspekte kan sien, en sodat julle dit nie meer met julle intellek, met julle verstand sal sien nie, maar dat julle die diepgaande verbintenisse sal herken.

18) Hierdeur sal julle groei tot ’n eenheid met die skepping, stap vir stap, in hierdie nuwe era waarvan julle aan die begin van die aand gepraat het, 'n tyd vol wonderwerke, wonderwerke vir die huidige ingesteldheid. In die toekoms sal dit egter net ’n saak van feite wees. Voorwaar, dit sal soortgelyk wees aan die begin van julle tydperk van industrie. Die een ontdekking sal op die ander volg; want kennis straal op alle vlakke uit, net soos die een uitvinding op die hakke van die ander [in die vorige eeu] gevolg het, en so bestraal 'n volheid van geestelike rykdom alreeds julle siele en druk met volle krag van die onderbewuste na die bewuste vlak.

19) Onbewustelik leef julle wat MY woord hoor of lees, reeds in die nuwe era, die era van die lig, die era van die gees, in die voorbereiding van die Nuwe Aarde, nou nog onbewustelik, maar spoedig bewustelik.

20) Baie nuwe tegniese vooruitgang sal julle help om eenheid met die skepping te herwin. Dit sal julle help om julle foute te herken, en julle sal die kans kry om die pad wat julle in die verkeerde rigting geloop het, in opposisie tot die skepping, gedeeltelik te volg wat julle moes volg, omdat julle hierdie ervaring nodig gehad het. EK sê “gedeeltelik”, want die proses kan nie heeltemal omgekeer word nie. Julle ou Moeder Aarde is ontneem van haar rykdom en dra in haarself die verlange om na

die gees te streef. Hierdie verlange sal in die komende tyd toeneem. Dit beteken [daar sal] gewelddadige skokke van die aardoppervlak wees, wat uiteindelik sal veroorsaak dat die Aarde haar aardse mantel sal laat bars, ten einde weereens suiwer geestelik te word.

21) Julle is nou in hierdie tyd van voorbereiding vir die Nuwe Tydperk. Julle sal voortgaan om julle broers en susters te help; want wêreldwyd sal 'n liggolf oor die aarde beweeg om al MY kinders, wie EK as JAHSHUA DIE GESALFDE aangeneem het, aan te raak totdat EK hulle weer as rein kinders aan die VADER kan oorgee. Hierdie golf van liefde is al besig om te woeker. Op die onbewuste vlak veroorsaak dit die groot onstuimigheid, wat julle herken as onluste onder die volke. Soos wat EK reeds aan julle verduidelik het, sal alles in hierdie proses van fermentasie op- en uitgeslinger word, want die siele is besig om hulleself te suiwer. Na hierdie reiniging van die siele, sal almal wat bereid is, na die lig van liefde gelei word. In hierdie lig, Wie EK is, sal daar vir 'n kort tydjie vrede onder mensdom wees. Slegs min mense sal in opstand kom, slegs min mense sal nie MY uitgestrekte hand neem nie. Dit sal dan julle wees wat aan MY sy sal staan om MY te help om al MY skape na nuwe weivelde te lei.

22) Mag julle julleself bevry van al die ballast van menslike strewe, sodat EK met MY krag van liefde deur julle kan vloei, weereens in ooreenstemming met julle vrye wil. Los die 'rooi draad' op, **gaan deur julle vrese**! As julle MY sal vra, sal EK bereid wees om julle in alle dinge verduidelikings te gee, hetsy deur drome of uiterlike gebeurtenisse; al wat julle hoef te doen is om in lyn te kom met MY, die Liefde.

23) Sal julle, MY geliefdes, die laaste oefening herhaal. Sal julle konsentreer in die bewussyn van GODDELIKE Orde, die stuitjiebeen streek, met 'n kort meditasie. Mediteer die feit dat julle bewustelik een is met julle Moeder Aarde; sodat julle nie tussen die wêrelde hoef te woon nie; sodat julle nie volkome met hierdie menslike lewe hier op aarde sal identifiseer nie, maar dat julle bewus sal wees van julle GODDELIKE status van die kind van ELOHIM. Neem die houding in dat julle met albei voete op die aarde gegrond is, en dat julle dankbaar die krag ontvang wat dit aan julle liggaam gee. Wees dankbaar vir elke tree wat julle op hierdie aarde kan wandel. Wees dankbaar vir alles wat met julle gebeur; want dit is hierdie planeet wat deur julle opgewek word tot die volgende hoër vibrasie, en wat gevolg sal word deur alle ander materiële hemelliggame; want ook hier sal daar 'n kettingreaksie wees, soos wat EK dit aan die begin van die aand aan julle verduidelik het.

24) Deur slegs een negatiewe eienskap te beveg deur liefde-toewyding vir MY, kan julle gebeure ontbind wat deels miljoene jare gelede ontstaan het. Nie net dit nie, om hierdie kenmerk deur jou liefdeswil op te los, inspireer ook jou medemens, aangesien alles verband hou met alles; want hy wat dieselfde negatiewe eienskap het, ontvang dan ook 'n geestelike impuls om hierdie negatiewe eienskap te probeer uitskakel, sodat julle hierdie lig tegelykertyd oor die hele aarde kan bestraal; en elkeen wat hiermee worstel, sal hierdie lig ontvang en sal daardeur versterk word in sy stryd. Dit is alles moontlik as gevolg van julle goeie wil.

25) Alles is so gekoppel aan alles, soos wat julle dit nie eers vandag kan peil nie. Die teug van jou asem, met ander woorde, reis deur die hele wêreld, soos wat EK alreeds gesê het. Dit is dieselfde met julle gevoelens, gedagtes en met elke woord. Dit beweeg nie net deur hierdie wêreld nie, alles wat julle uitstuur, reproduseer homself ook in ander, ten einde terug te keer na die bron [julle]; want ook dit is 'n goddelike wet.

26) Mag julle MY woorde oordink in julle harte en die volgende vyf jaar aanpak tot op julle 35ste jaar van julle lewe. As julle jonger as dit is, kyk na mense van daardie ouderdom en waak self in julle gewaarwordinge, gedagtes en in die lig en wet van die goddelike Orde, wat ook deur liefde uitgestraal word, soos wat EK julle die vorige keer geleer het.

27) MY seën en MY krag sy met elkeen van julle. [Julle het] vraag op vraag, MY geliefde studente, en EK wil hulle almal vir julle antwoord; want die goddelike Wysheid is onbeperk. Kom dus saam met MY na die dieptes van jou goddelike wese.

**Amein.**

# *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

## 36. Oefening

**Elohim laat toe dat wonderwerke gebeur, sien vir Lazarus - ons kinders as ons uitgebreide self - opvattings en opinies rakende julle kennisse - beïnvloed ander se wil - maak aardgebonde siele gereed om die lig te sien, deur gebed - Taak: Oordink My woorde in julle harte, laat hulle nie verdwyn nie**

1) MY geliefde vriende, MY broers, MY susters, EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, gaan op al die paaie saam met julle aan julle sy en dikwels gee EK julle vooraf woorde van begrip vir die dinge wat na julle toe gaan kom.

2) Daarom vra EK julle om MY woorde in julle lewendig te laat word, nie net om hulle as 'n geluid in hierdie aardse wêreld te hoor nie, maar om hulle in julle harte te graveer, sodat julle daaraan kan dink tydens tye van toetse en beproewing. [Dit is] beproewinge wat aan julle deur julle Hoër Self gegee word, wie na die lig van die ewigheid smag en daarna wil terugkeer. Deur middel van die instrument 'mens' vervolmaak die siel haarself deur en deur.

3) EK verstaan julle met al julle menslike emosies. EK het toegelaat dat MY leer van liefde in die boek van boeke opgeteken is, alhoewel, soos EK al baie beklemtoon het, is dit en die ander uitgelaat of bygevoeg. Uit die tradisionele skrywe besef julle tog dat EK as JAHSHUA 'n mens was, net soos wat julle mense is, opgesaal met al julle emosies, gevoelens en al die dinge waarmee julle nog sukkel en baklei.

4) Verstaan dat EK julle nie en miskien nooit sal kan sê om hierdie of die ander weg te gaan nie, as gevolg van julle vrye wil! Daarom kies EK woorde, baie keer lank voor die tyd, wat dan op 'n gegewe tydstip vir julle nuttig kan wees.

5) As JAHSHUA het EK ook gehuil. As JAHSHUA het EK ook bekommernisse gehad. Dink net hoe EK die nuus oor MY vriend Lazarus geneem het toe hy vlakke verander het. EK, DIE LIEFDE WAT MENS GEWORD HET, het gehuil, want op daardie oomblik was EK nie van MY grootsheid bewus nie, net soos jy. Ook jy besef nie jou grootsheid nie. Selfs as julle oor julle kinders bekommerd is, dink julle nie – nie op daardie oomblik nie - dat julle kinders in werklikheid kinders van die ALLERHOOGSTE is, toegerus met Sy krag en glorie, en wat Sy erfenis dra.

6) Dit maak nie saak watter weë julle kinders hier op die aardse vlak bewandel nie, julle as mens kyk net na hierdie een vlak, sonder om die siel of geestelike vlak te aanskou. Julle tree op soos wat EK in JAHSHUA opgetree het. Die verhaal wat aan julle vertel is, gaan egter verder: EK het gehuil omdat MY vriend nie meer hier was nie; vir MY as mens was hy nie meer sigbaar nie. Maar toe word EK bewus van MY krag, en kyk binne-in die VADER se Wil in MY; en EK het besef dat daar geen dood is nie en dat die skynbare dood slegs 'n lugspieëling van die aardse vlak is. En EK het gegaan en die liggaam beveel om weereens sy siel te ontvang. EK het die verrotte vlees genees, en MY vriend is aan MY en almal teruggegee.

7) Wat wil die boodskap julle vertel? ELOHIM in MY het hierdie wonderwerk verleen, en hierdie wonderwerk is aan julle oorgedra via die geskrewe woord, sodat julle kan besef dat die almag van ELOHIM bo alle dinge is.

8) In werklikheid, wat is dit wat verrot? Dit is GEES, wat besig is om homself te omvorm. Alles is GEES! Wat is dit wat veroorsaak dat julle kinders weë bewandel wat julle bekommer, of selfs beangs maak? Dit is die siel wat probeer om haarself na 'n hoër vlak te omvorm; dit is die dwingende GEES binne die siel.

9) Beskou MY moeder in die aardse kleed toe sy na die weg van haar Seun kyk: Hy kon 'n eerbare werk geleer het en hy het een geleer. Hy kon deur almal liefgehad en geëerd gewees het; in plaas

daarvan het hy as opstandige in die strate rondgedwaal, bedek met stof. Hy het diegene gekonfronteer, wie volgens die volk ELOHIM geëer het, die skrifgeleerdes en diegene wat aan die tempel verbonde was. Slange en adders het hy hulle genoem. MY moeder het gesien wat moes kom, want sy het die sterk hand van die magtiges herken, en sy het geweet dat haar seun vroeër of later 'n pynlike weg sou moes gaan.

10) Toe sy MY verwek het, is vir haar gesê: "Jy dra die Seun van ELOHIM binne-in jou." Toe die 'mens' egter die Kleintjie onder haar hart gedra en geboorte geskenk het, was HY haar kind, haar Seun. En sy het al die dinge gevoel wat moeders voel wanneer hulle hul kinders deur die lewe vergesel, wat net die beste vir hulle wil hê, maak nie saak hoe hulle optree nie. En dink dus aan MY moeder, “Miriam” genoem in die aardse kleed, wanneer jy bekommerd en bang is.

11) Aangesien daar in die GEES slegs eenheid en geen skeiding tussen die geestelike wesens is nie, kan julle ook in die aardse kleed na die Engel van Barmhartigheid, Pura, kom wat Miriam genoem word. En jy sal vertroosting en krag vind in jou bekommernisse en vrese. Vanaf die vlak van Barmhartigheid sal begrip na julle toe stroom - en dit is baie belangrik - 'n groter begrip vir die pad wat julle kinders kies, selfs al is hierdie pad ook hoe moeilik.

12) Om die stap van die menslike vlak na die sielsvlak te maak, is nie maklik vir 'n moeder in die aardse gewaad nie, wanneer sy sien en glo dat die kind, selfs al is hy of sy 'n volwassene, 'n afgrond benader nie. Dit is begryplik dat 'n moeder sal probeer om haar kind te weerhou van seerkry, dieselfde kind wat sy onder haar hart gedra het. Sy sal eerder self die afgrond wil afgaan as om haar kind te laat val. MY geliefde vriende, dit is egter nie die weg van liefde nie, wat verder reik as menswees. Waarvoor is julle kinders? Julle kinders is julle uitgebreide ego en wanneer julle uiteindelik leer om julle kinders vry te laat gaan, hetsy met MY hulp of met die hulp van die engele van Barmhartigheid, en hulle in die VADER se hande plaas, waarlik van binne, eers dan sal hulle die paaie gaan wat hulle wil gaan en moet gaan, vanuit hul eie vrye wil.

13) Solank as wat julle vaders en moeders vir hulle is, solank julle bande met hulle te sterk is, sal julle ’n hand daarin hê om hul paaie te bepaal, want onbewustelik bemoei julle jul met die weë van julle kinders. Julle verwagtinge en julle opvattings dwing julle kinders maar net om die een of ander weg te neem. Wat EK nou net vir julle gesê het, moet vanuit ’n geestelike beskouing gesien word. Beweeg MY woorde in julle harte, en sien ook MY liefdevolle begrip vir julle bekommernisse daaragter, sowel as MY vermaning!

14) MY geliefde skape, **gee julle kinders hul vryheid**! Hiermee bedoel EK egter nie net julle kinders nie, maar **ook julle lewensmaats**. [Ook bedoel EK nie] die uiterlike vryheid nie, maar die **innerlike vryheid**! Hoe beïnvloed julle steeds die pad van julle naaste? En laat MY nog 'n stap verder gaan, hoeveel beïnvloed julle nog steeds - al is dit onbewustelik - die weë van julle kennisse? Deur die opvattings en opinies wat julle oor hulle het, dwing julle hulle om in 'n sekere rigting te gaan. Indien die ontvanger van julle denkkrag, wat uit konsepsies en opinies bestaan, swak is, dit wil sê as hy geensins die aanslag van julle gedagtes kan beveg nie, dwing julle jul weg op hom of haar af.

15) EK leer julle oor die mag en krag van gedagtes. Keer op keer het EK daaroor gepraat, en tog is julle nog nie heeltemal bewus van wat julle gedagtes kan bereik nie. Julle doen ook soms dinge wat nie alleen uit julle wil kom nie, maar wat wel [gedagte-] inplantings was. Dit het te make met die vlakke van vibrasies. Julle ontvang vibrasies, maar terselfdertyd stuur julle vibrasies uit. As julle byvoorbeeld met 'n sekere vibrasie in lyn gebring is en nog nie regtig iets wou doen nie, miskien het julle net daaraan gedink om iets te doen, het julle by 'n golflengte van 'n sender gekom wat julle beïnvloed om 'n sekere daad uit te voer.

16) Jy is nie op hierdie planeet as 'n enkele individu nie, maar is deel van 'n netwerk, verbonde, soos wat EK julle reeds vertel het, met die natuur, met die skepping, sowel as met julle medemens, met elke enkele een. Daarom, MY getroues, bring EK MY leer van liefde aan julle almal! Want as julle gewaarwordinge, gedagtes en woorde deur die krag van liefde gedra word, sal julle dade ook op liefde gebaseer wees. En dan is jy op die vlak van liefdesvibrasie, vanwaar die bestraling van die engele en beskermgeeste dan plaasvind. Op hierdie vlak van vibrasie is alle geeste wat julle dien goeie geeste, of

dit nou engele is, of die natuurgeeste wat in liefde dien. En sodoende word julle terselfdertyd beskerm teen die vibrasies van 'n basis (laer) soort.

17) En nou sal EK die onderwerp verander en oor vibrasies van die basissoort praat. As julle, MY getroues, op die pad van liefde vorder, sal dit onder andere julle taak wees om diegene te help wat in die aardse sfere talm en nie in staat is om hulself daaruit te bevry nie, soos dit aan die begin van die aand bespreek is. Dit is inderdaad 'n wonderlike taak, want hulle kan julle sien, maar sien nie die lig nie, aangesien hulle hul oë daarvoor sluit. Julle kan hulle egter help om die lig te sien, deur julle gebede en deur julle liefde.

18) Wanneer julle, MY getroues, in liefde vibreer, is julle in MY beskerming en dus in die beskerming van die suiwer geestelike wêreld. In hierdie beskerming kan julle deur die diepste dieptes loop, waar julle broers en susters is wat nog die duisternis verken, en nie een haar op julle kop sal beweeg word nie. **Liefde ken geen vrees nie.** EK herhaal: "Liefde, ware liefde, ken geen vrees nie!" Vrees is 'n vibrasie van die aardse sfeer. Vrees maak julle kwesbaar, vrees word oorgedra na julle naaste, of hy of sy in die sfeer is wat nog vir julle onsigbaar is en of dit julle medemens rondom julle is. Liefde stroom na almal. Liefde weet dat ELOHIM die VADER SY kind huiswaarts sal dra; Liefde weet dat EK MY skape op MY skouers sal plaas, die skape wat vasgevang is in doringagtige takke, en dat EK hulle sal opdra na die lig van die ewigheid, binne na die lig van die Huis.

19) As vrese julle steeds beweeg, het EK ook empatie daarvoor; want EK as JAHSHUA het met MY vrese geworstel en gestry. Laat EK julle herinner aan die nag op die Olyfberg, alhoewel dit nie net daardie een nag was nie. Baie geleenthede is nie aan julle oorgedra nie, waar EK MY hande gewring het en verteer was met vrees vir die dinge wat op MY was, wat op MY skouers geplaas is, op MY, die mens JAHSHUA. EK het ook ure in wanhoop deurgebring, en EK het ook met die VADER getwis. EK het ook gesê: "Waarom EK?" Julle sien, EK was 'n mens en die GODDELIKE in MY was bedek, net soos ELOHIM in julle is, en julle nie daarvan bewus is nie. Dit was dieselfde met MY. EK HET DAARDEUR GEWORSTEL, en julle sal ook daardeur worstel.

20) Met MY krag wat hier vir jou is, met MY liefde wat jou dra en met die Barmhartigheid wat haar mantel oor jou plaas en jou omvou, sê EK: “O suster/broer in die aardse kleed, hoe goed verstaan EK jou. Krag en sterkte stroom na jou toe wanneer jy ELOHIM se wil laat geskied, wanneer jou gebed nie net 'n leidende pleidooi is nie, maar as jy in die diepste nederigheid buig en sê: “VADER, laat U wil geskied! Ek kan net in my onvermoë vra om die dieper verbindinge te verstaan. Tog VADER, Laat U wil geskied. ”

21) Sit ELOHIM se wil altyd op die voorgrond, wanneer julle jul broers en susters ookal wil help wat nog aan die aardse sfeer gebonde is in hul sielekleed. Die einste oomblik dat **julle** iets wil hê of iets wil bereik, is julle nie meer in 'n toestand van nederigheid nie. As **julle** glo, julle kan nou die armstes van die armes help, is julle vasgevang in val-gedagtes en nader die vibrasie van hierdie aardgebonde siele. Dit is die rede waarom baie mense wat vanuit hul goeie wil wil help, maar dan nie meer in staat is om van hierdie siele vry te kom nie. Hulle het nagelaat om **ELOHIM SE WIL** oor alle dinge te laat regeer, **in plaas daarvan om hulself bloot te sien as instrumente van sy deurdringende wil**, wat liefdevol effektief is.

22) MY geliefde vriende, MY skape, weereens sê EK, beweeg MY woorde in julle harte! Moet hulle nie bloot laat verdwyn nie, maar mag dit in julle ingeskryf word sodat hulle julle kan help wanneer julle dit nodig het. MY krag, MY liefde en MY seën sy met elkeen van julle, met al MY kinders! Amein.

23) Ek, Pura, genoem Miriam in die aardse kleed, is onder julle en met julle. Wanneer julle Ons roep, mag Ons julle help. Wanneer julle binne die vibrasie van Liefde is, kan Ons julle te eniger tyd help. Soek eers die Koninkryk van ELOHIM, want dan word die volheid, alles wat binne die wil van die VADER is, aan julle gegee! Wees meer en meer bewus van die eenheid van liefde! Ons, julle Susters en Broers van die lig, staan gereed om julle te help wanneer dit ookal toegelaat word. Want julle het julle vrye wil, en Ons respekteer dit. Voel dus veilig! Aanvaar Ons uitgestrekte hande en die Liefde van die VADER sal kan vloei na julle en julle naaste deur Ons. Julle is ligdraers en wanneer julle bewus raak van

hierdie taak, sal die lig vanuit julle omgewing uitstraal. So is Ons saam met julle en EK Pura, seën julle vanuit die vlak van die VADER se Barmhartigheid. Al Ons liefde sy met julle!

**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

# 37. Oefening

**Buig simbolies om die klip keer op keer te kry, dit word gepoleer deur liefde en nederigheid - rusteloosheid, ontevredenheid is weerkaatsings van die siel - die steil en smal pad na die kruin - veg vir nederigheid - Taak: Kyk na jou lewe, maar moenie in die verlede bly nie!**

1) Dit is vir MY, JAHSHUA DIE GESALFDE en almal wat saam met MY na julle toe kom en onder julle bly, 'n groot vreugde om julle so openhartig bymekaar te sien en om te sien dat elkeen van julle hard probeer op die weg na die lig, selfs al lyk dit asof julle soms in sirkels beweeg.

2) MY geliefde kudde, die treë wat julle gee is dikwels baie klein - hulle moet klein wees - want daar is baie dinge wat op julle weg lê wat gemis sal word indien julle te groot treë sou neem. Buig daarom in die grootste deemoed neer voor hierdie klein treetjies, reik MY julle hande en wandel bewustelik en sorgvuldig op hierdie weg wat nou en smal is, maar bestendig opwaarts lei!

3) Buk gedurig af en kyk na die klippe wat onder julle voete lê. Neem hulle in julle hande en dink na oor hulle. Wat stel die klippe wat voor op julle weg lê? Die klippe is hier simbolies vir die WOORD, vir Liefde wat EK julle in die harte plaas.

4) Elke woord is ingeskryf in julle siele. Wanneer julle met reuse treë voortstorm net om voor ander te wees, sal julle menige klein treetjies mis, menige WOORDE van Liefde en julle sal moet terugkeer op dieselfde weg om weer MY WOORD te bereik en deemoedig te buig, dit aan te neem, te ontvang en te oordink.

5) MY WOORD IS LIEFDE. Dit is julle taak om alles om julle, wat nie in die LIEFDE vibreer nie, op te lig in DIE LIEFDE in, deur te buk en die klip wat swaar in jou hand lê, te verhef na MY.

6) Die klip voel vir julle hard en solied. Julle herken die uitdrukking "sy hart is soos klip." Liefde laat hierdie klip versag, liefde deurstraal dit, liefde skep verbindings tussen julle harte, julle verstandsdenke en julle intellek. Die klip word deur Liefde en deemoed gepoleer. Hy verloor sy kante en hoeke, begin te blink en julle naaste reflekteer hulleself daarin. Dan sal julle in julle innerlike, in julle harte, al julle swakhede herken. In die klip, waaraan daar nog gearbei moet word, sien julle ook nog die swakhede van julle naaste wat nog in julle resoneer, dus julle eie swakhede.

7) Hoe meer hierdie klip LIEFDE word, des te meer blink en skitter hy en kry meer fasette soos 'n geslypte en gepoleerde diamant. Daardeur reflekteer hy nog meer in julle, en word die bereidheid tot selfherkenning nog groter en die deemoed word al hoe dieper, want jy sien: "O VADER, waar staan ek, U kind?"

8) In hierdie deemoed buig jy jou weer opnuut en sê: "VADER, nie ek nie, maar U deur my! Ek wil nie dinge in beweging bring nie, maar laat U, O VADER, die dinge volgens U wil beweeg, want wat ek in myself sien is soveel, dat dit my wil platdruk. Hoe kan ek selfs huistoe kom, O VADER, as U my nie U hand reik, en my nie met U oorgrote Barmhartigheid en U Allesomvattende Liefde oorlaai nie?"

9) Wanneer julle op hierdie wyse aan julle deemoed werk, sal daar al hoe minder (negatiewe dinge) in hierdie geslypte edelsteen in julle innerlike weerspieël. Nou begin MY LIEFDE daarin weerspieël, want deur julle bereidheid om julleself te verander en ook deur die daad van verandering, verander julle gelyktydig julle omgewing, wat innig met julle in verbinding is. Julle omgewing verander

saam in dieselfde klein stappies soos wat julle moeisaam, maar steeds opwaarts, stap. En wanneer julle na 'n tyd terugkyk, sal julle verbaas wees om vas te stel: "O MEESTER, U was reg. Die weg is nie meer so moeilik nie. Die probleme is opgelos. Liefde vibreer om my. Ek het geen probleme meer met my kinders nie. Ek het grotendeels in harmonie met my gade gekom. MY vriende en my kennisse draai meer en meer na my wanneer hulle in moeilike situasies is, en U, O MEESTER, kan hulle deur my help."

10) Dan kan hierdie innerlike steen vergelyk word met 'n helder diamant met min gebreke waarin die LIG van die Ewigheid, DIE LIEFDE, in die wydtes van hierdie aarde en die kosmiese ruimtes in weerkaats. Jy het dan jou bewussyn opgewek en sal nie meer langer gebonde wees aan die aardsmateriële manier van dink nie, maar het die verstand met die hart verbind en jou blik na die innerlike wydtes gerig, na die kosmiese wydtes en skeppings, wat EK julle graag in die skoot wil lê.

11) Hoe eng is julle horison nog. Wanneer EK julle beskrywings aanhoor, dan kom daar 'n vibrasie van gevoelens van julle af na MY toe, asof julle voel julle word in in 'n hok gevange gehou. Woedend ruk julle aan die ysterstawe en glo dat niks beweeg nie. Uiterlik sal daar ook niks in julle woede beweeg nie, MY geliefde studente, maar binne julle is daar baie beweging. Want julle reaksies het alreeds reaksies opgewek en lei julle - hoewel julle nog onbewus is daarvan - na nuwe omstandighede toe, wat julle einde ten laaste sal help om te herken dat die ysterstawe waaraan julle nou ruk, glad nie bestaan nie.

12) Slegs dit wat julle op daardie oomblik met julle aardse sinne ervaar bestaan vir julle. By sommige van julle ontwaak die geestelike sintuie nou en julle begryp hoër vlakke van bewussyn, maar julle moet dit ook nog aangryp. As jy nie jou hand gaan uitsteek nie, kan hierdie vlakke nie na jou toe kom nie, weens jou vrye wil. Nou hoor EK 'n uitroep: "Ek wil tog, MEESTER!" Maar dit is presies hierdie wil, jou wil, wat jou aan hierdie ysterstawe laat ruk.

13) Wat is die "wil"? Wat is die "vrye wil"? Wat is die "goddelike wil"?

14) Wanneer die siel die aardse liggaam betree, onderwerp sy haarself aan die wette van die liggaam. Sy het hierdie liggaam al vooraf opgebou. Die gene was alreeds gedeeltelik deur die geïnkarneerde siel bepaal. Byvoorbeeld, die siel wat geïnkarneer gaan word, bepaal byvoorbeeld welke gene dominant sal wees. Gebrekkige gene, swakhede, word deur die siel geïnduseer as gevolg van haar verswakte skeppingskrag wat weer veroorsaak was deur oortredings in vorige inkarnasies.

15) Dit wat julle vandag is, is eerstens die skeppingskrag in julle siele en tweedens is dit julle menslike wil, aangesien die siel haarself moet onderwerp aan die menslike wese en daarom aan die materie en die wil van die mens. Ook het die “mens” sy of haar vrye wil, maar ook net tot by 'n sekere punt.

16) As die siel se doel was om voort te gaan [na die materiële wêreld] om haar karma op te los en / of om 'n taak te vervul, en as dit in die huidige fisiese liggaam verhinder word, sal die siel daarna in opstand kom. Sy sal dit eers saggies doen en dan sterker. Die liggaam sal siek word, of daar sal 'n ongeluk wees. Julle glo dat toeval julle lot bepaal. Nee, die siel het via die 'mens', by wyse van materie, aktief geraak en die noodlot laat gebeur as gevolg van die vrye wil van die siel, sodat sy beter deur die 'mens' en in die rigting kan beweeg wat sy vir haarself beplan het.

17) Enige onrus in die mens, enige ontevredenheid, is ’n spieëlbeeld van die siel. Ook ongelukkigheid, of die verlange wat jy in jouself dra, dit alles kom vanuit die siel, asook vanaf diepere gevoelens wat die mens nie kan verklaar nie. Uiterlik lyk alles in orde, maar die diepste hartseer tref jou skielik, of 'n verlange wat nie begryp kan word nie. Waarom? Jou siel roep aandag na haarself.

18) Indien daar geen moontlikheid bestaan dat die siel haar doel kan bereik nie, dit is, om haar taak te volbring, ten spyte van leed wat die menslike wese ervaar, sal die siel haarself onttrek van hierdie aardse kleed en die lewe sal terugtrek. Al probeer die menslike wese hoe hard om aan die lewe vas te klou, sy wense en begeertes is verby. Hy of sy sal moet buig voor die noodlot en voel hoe die lewe hom verlaat. Hy moet homself oorgee aan die wil van die siel, moet voor haar buig, aangesien die siel 'n hoër vibrasie dra as die aardse kleed. Daarom sal die vrye wil van die “mens” dus tot niet gaan.

19) Nou, bo die wil van die siel, toring die GODDELIKKE WIL uit. Die GODDELIKKE WIL gee die kind egter 'n vrye hand. Die siel kan kies om die weg deur die duisternis of deur die lig te neem. ELOHIM DIE VADER het die siel ewe lief, wat die keuse ookal mag wees, en gee hom of haar altyd dieselfde krag en liefde. Behalwe, MY geliefde kudde, as hierdie skitterende juweel in julle innerlike wese bedek word deur lae van sonde en dit oor 'n tydperk van verskeie inkarnasies nie meer in staat is om die VADER se ligkrag - die lewe, die liefde op te neem nie en die siel verloor dan haar skeppingskrag.

20) Soos wat EK julle aan die begin gesê het, julle weg is om hierdie juweel te ontbloot of bloot te lê, behalwe vir die paar gebreke. Hulle moet daar wees sodat julle in hierdie aardse sfeer kan bestaan - sodat die skeppingskrag, Wie LIEFDE is, Wie EK IS, weereens effektief kan word in julle en sodat die verlangens en ontevredenheid gestil kan word.

21) Deur jou innerlike dryfkrag weet jy: Daar is soveel meer wat ek met my sinne kan verstaan en "ek wil nog meer verstaan!" Deur jou "ek wil" het jy alreeds oor jou struikelblok (tekort aan nederigheid) geval, want jou gedagtes moes gewees het: "VADER, nie ek nie, maar U deur my. Ek sal nie hierdie steil helling alleen bemeester nie - slegs met U hulp (kan ek alles doen)". Dit geld vir al julle probleme! As julle konstant bewus is van die feit dat julle uit julleself, uit julle menslike wese, niks kan doen nie - want die lewe is liefde, die lewe is GEES – en indien julle op hierdie wyse dink, dan probeer julle regtig om waarlik nederig te word.

22) LIEFDE GEE! Liefde laat die kind al die moeilike weë neem wat hy wil. Maar die kind hoef nie daardeur te gaan nie, en hoef nie deur alles te ly nie. Die kind kan selfs leer deur die lot van sy mede broer of suster. Tog wil menige van MY geliefde kinders, wat EK as MY EIE aangeneem het, ten alle koste deur elke ervaring gaan.

23) LIEFDE LAAT GAAN! MY lammetjie hardloop aan 'n lang halsband. Hy hardloop agter hierdie vlinder aan, dan agter daardie gogga, en staan miskien op die randjie van die afgrond, maar EK hou hom vas. Want hy wat homself op 'n tydstip na MY gewend het en MY sy naam hoor roep het - nie noodwendig in die menslike kleed nie, maar in die siel - wie EK by sy naam geroep het, is MYNE, waarheen hy ookal hardloop. Dit sal nie meer lank duur alvorens MY skapie weer aan MY sy sal staan en snoesig teen MY sal aanleun en EK hulle na die groen weivelde sal lei wat in Psalm 23 genoem word, wat julle vroeër aangehaal het.

24) Julle het nou nog 'n bietjie tyd waartydens julle MY WOORD kan oordink, en aan julleself kan rekenskap gee oor hoe julle dit wat aan julle gegee is, verwerklik het. EK sal altyd julle hulp en ondersteuning wees en saam met MY begelei die suiwer geestelike wêreld, al julle beskermgeeste en begeleiers julle en is hulle aan julle sy. Bedink waarom jy nog steeds aan die denkbeeldige ysterstawe ruk; waarom jy jouself nie vry en lig soos die Liefde, wat die Lewe is, verhef om bo die wolke te sweef nie?

25) Dink terug aan jou eerste Liefde! Hoe hoog jy destyds in die wolke was. EK het vir julle gedurende daardie skoolaand gesê: Die hemelse liefde vibreer binne julle. Dink daaroor na, waarom hierdie gevoel van ligtheid nog nie in julle lewens ingetree het nie en waarom julle treë nog so swaar is terwyl Ek, Die Goeie Herder, julle tog so naby is. Probeer ook, MY geliefde skape, om in julle innerlike te gaan en MY, JAHSHUA DIE GESALFDE in hierdie gepoleerde edelsteen te sien!

26) Moenie voor hierdie innerlike hek gaan staan wat net effens oop is nie. Moenie jou blik laat sak voor hierdie LIG wat na jou uitgestraal word, deur net na jou weerkaatsing en swakhede te kyk nie, maar steek jou hande uit na MY en sê: "MEESTER, met U kan ek alle weë bemeester, al is hulle ook hoe moeilik en doringrig. Ja, ek sien die rose wat tussen die dorings blom tot my vreugde."

27) Hou terugskouing, maar verwyl nie in die verlede nie en moenie verder beweeg met ou boeie aan nie, maar probeer om in die oomblik te leef, om die hier en nou te voel wat deur jou stroom, nie net die fisiese lewe nie, maar ook die geestelike uitstraling!

28) Oorweeg die drie vlakke wat altyd oordink moet word: Die menslike vlak, die sielsvlak en die geestelike vlak! Beweeg nou ook vanuit die menslike vlak met sekere, vaste treë in die sielsvlak in, sodat die "menslike wese" kan begin om die siel te dien en die sfeer van jou bewussyn daardeur verbreed word. Slegs op hierdie manier sal jy agter die skerms kan sien.

29) Voor alles kom die deemoed egter- EK herhaal dit met besondere nadruk - om neer te buig en jouself te herken in jou eie swakhede. In hierdie selfverdeemoediging en selfherkenning ontvang jy dan die krag, die ware lewe vanuit die skeppingsmag. Geleidelik aan word julle die moontlikheid gebied om wat julle nou reeds geestelik in verskeie sfere volbring, in julle menslike bewussyn op te neem, sonder om weer in julle ou trots en hoogmoed te verval, oor die grootse dinge wat julle kan vermag en oor alles waartoe julle in staat is - hoor asseblief die humor in MY woorde.

30) Dit is die Lewe, Liefde wat alles in julle en deur julle volbring, dit is die Skepper-Krag. Slegs dit moet julle doel wees, nie een of ander krag waarvan julle droom nie, kragte waarmee julle die wêreld uit haar skarniere sou wil lig nie. Julle het waarlik die krag in julle wanneer julle die GODDELIKE SEUN- of GODDELIKKE DOGTERSKAP in julleself herken het.

31) Nou, MY getroue kudde, dink hieroor na! MY seënende liefde sy met julle en al MY aardse kinders. Ook die, wie nie nou hier op die oomblik aanwesig is nie en hulle wat in die sielekleed deur hierdie lering stap, word aangeraak deur MY LIEFDE en is geseënd. Die seëning straal deur die ganse skepping.

**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

# 38. Oefening

**Wandeling - kort rus - terugkyk - julle eie swakhede en griewe - nederigheid verseël ons aura - kruisiging van die menslike ego - staan soos 'n rots in die branding - neem verantwoordelikheid - oor die louwarmes - gryp die tou aan, moet nie los nie - Taak: Dink wyslik na oor my woorde!**

1) MY geliefde vriende, ons is tesame op 'n bergwandeling en neem nou 'n kort ruspose waartydens ons weer nuwe krag kan skep. En ons sal ’n terugblik werp op die weg wat ons tot dusvêr bewandel het. EK, julle berggids, is by julle; en EK gee aan julle – geestelik - 'n verfrissende drankie. EK breek MY brood met julle en MY seënende krag stroom in elkeen van julle.

2) Julle kyk na die steil hange wat julle oorkom het. Julle sien julle mede-klimmers vir wie julle saam met MY - simbolies gesien - wag, want tesame wil ons die kruin, die doel, bereik. In kameraadskap wat op LIEFDE gegrond is, help elkeen die ander een: Een vir almal en almal vir een. As iemand 'n bietjie agterbly, omdat die weg op die oomblik 'n bietjies te moeilik lyk, help al die ander geestelik mee sodat hierdie steil hange oorkom kan word of miskien verbygegaan kan word.

3) So stroom die Liefdeskrag, wat EK julle met die Water van die Lewe geskenk het, van julle na al julle mede-klimmers aan julle linker- en regterkant (waar hulle ookal nou in die lewe staan), wat hulle saam met julle op die pad na die kruin bevind. Jy sien vanaf jou uitkykpunt die swarigheid wat jou mede-klimmers nog moet oorkom. Maar sien, om die kruin te bereik is daar altyd meer as een weg en die steilste, moeilikste pad mag jou wel vinniger by die doel bring, maar die spiraalvormige omweg lei ewenwel - op makliker paaie - na die huis!

4) Toe jy jou hand in MYNE geplaas het, het jy gelyktydig belowe om al jou ondersteuning en hulp te gee aan almal om jou, jou eggenoot, jou kinders, jou vriende en kennisse. Selfs wanneer tussenmenslike probleme opgelos moet word, is dit hulle wie EK vertrouensvol oor jou weë lei of toelaat dat hulle jou op jou weg vergesel. EK vertrou ook dat julle bereidwillig die laste van julle medemens sal dra, omdat julle dit belowe het.

5) Vanuit julle menslike oogpunt gesien is al julle gedeelde ervarings julle eie swakhede en afgronde, wat julle in hierdie klein ruspose sal ontgroei. Want wanneer julle opkyk na die doel, sal julle erken dat julle treë nou sekerder en vaster moet word, omdat die wandelpad oor 'n smal lysie

gaan waarvan EK julle alreeds vertel het. Inteendeel, julle sal so seker wees dat julle selfs in die digste misnewel sal voortstap, wetende dat EK julle vashou.

6) Bly nie in julle menslike swakhede staan nie, kyk nie na jou naaste deur aan hom al sy probleme uit te wys nie, maar soek by alles en in alles wat gebeur in jou eie weerspieëling!

7) EK is aan julle sy om julle deur hierdie ruspose te lei, waarvoor EK julle versterk het. Want sien, as julle nie geleer het om in die diepste liefde en deemoed voor julle medebroers en -susters te buig nie, hoe wil julle dan MY kragtige werktuie in die liefde wees?

8) Deemoed sluit die aura. Indien julle in die regte deemoed van die hart is, kan niks julle innerlike binnedring nie, want daar is niks (negatiefs) wat meer in jou kan resoneer nie. Moet egter nie hierdie hoogs geestelike toestand verwar met die menslike toestand waar jy jouself afsluit van jou naaste nie!

9) Jy kan jouself ook soos 'n eiesinnige kind gedra wat homself, soos met outisme, van die buitewêreld afsluit en alles afwys, omdat die kind nie op die weg wil leer nie. Outisme is 'n siekte, soos julle almal weet, en menige siel, wat haarself in vorige inkarnasies van ander afgesluit het deur haarself in haar dop terug te trek, net sodat hy niks van ander hoef aan te hoor nie, het sy siel so erg vasgeketting sodat hy in ’n paar inkarnasies verder ‘n groot probleem sal hê om met die buitewêreld, sy medemense, kontak te maak. Voordat die siekte van outisme intree, trek die siel haarself altyd terug, die wil-nie-aanvaar-nie en wil-nie-in-deemoed-neerbuig-nie.

10) Maar as julle egter deurstraal is en gloei van MY LIEFDE, bereid is om julle menslike ego aan die kruis uit te strek, dan sal julle innerlike Lig vêr verby julleself uitstraal en sal terselfdertyd 'n skerm teen alle negatiewe invloede oprig. Dan kan julle, in eenheid met MY, deur die donkerste sfere gaan en uit julle sal Liefde, en net Liefde, stroom, waar ookal haat, hoon en leedvermakerige gelag julle begroet. Voordat julle hierdie toestand kan bereik, is baie toetse nodig terwyl julle in die aardse kleed is. Hierdie beproewinge, liewe broers en susters, is julle naaste deur wie EK waarlik en waaragtig werk, om julle die spieël van julle hoogmoed te toon, sodat julle nie later in die duisternis sal struikel nie, en sodat julle die gehoon en gespot standvastig tegemoet kan tree.

11) Sien, daar sal tye kom waar jy soos 'n rots in die branding sal moet staan! Oral om julle is die aarde besig om te transformeer en alles transformeer hulself en dit wat nie wil transformeer nie, sal rebelleer. Dan sal julle deurvloei word van LIG, gevul met vertroue en geloof, en julle medebroers en -susters sal voor julle staan, gereed om klippe op te tel en julle te stenig met die woorde: "Waar is julle GOD wat al hierdie dinge toelaat? Hoe durf julle dit waag om aan 'n Hoëre Mag te glo, wat ons so pynig?" Sal julle dan in hierdie situasie, met MY LIG deurstraal, julle medebroers en -susters standvastig tegemoet kan loop, of 'n klip jou tref al dan nie? Sal julle alles kan aanvaar wat in 'n woedende en tierende skare broei as hulle julle heeltemal teëstaan?

12) EK sê vir julle, net soos wat EK op Golgota gestaan het en niemand MY leed kon aandoen, indien EK nie MY wil totaal in die wil van DIE VADER geplaas het nie, wetende dat dit wat gaan gebeur moes gebeur, sal daar ook niks met julle gebeur wat nie moet gebeur nie.

13) In hierdie tye sal ’n oplewing van wonderwerk op wonderwerk oor hierdie aarde gaan, want die een wat die klip optel, sal hom nie kan gooi nie, die een wat 'n stok dra om julle mee te slaan, sal nie daarmee kan slaan nie, die wat gewere op julle rig om julle te skiet, sal nie kan skiet nie. Want die LIG van die LIEFDE sal julle medemense met soveel mag oorvloei, dat hulle meegevoer sal word deur hierdie LIEFDE en meegesleur word in transformasie, as hulle maar net 'n liefdesvonkie in hulleself sal voel, selfs as hierdie liefde net gebaseer is in die verlange om slegs 'n klein deeltjie van julle geloof en vertroue in die toekoms te besit. Hulle word alreeds deur julle gehelp.

14) Maar hierdie krag kan julle slegs deurstroom en kan slegs genesing bewerk en kan slegs die skepping transformeer wat in die diepte ingesink het wanneer julle, MY getroue studente, julle menslike ego (wese) uit vrye wil aan die houtkruis uitgestrek het en deemoedig voor alle broers en susters gebuig het, ongeag hoe hulle hulleself teenoor julle gedra nie.

15) EK kyk in julle harte in en ken julle gedagtes. EK sal 'n voorbeeld neem uit julle gesprekke van vandag:

16) Is julle die akteurs of is dit julle medemense, want julle word gespeel en soos 'n bal heen en weer gegooi? Wanneer julle, MY geliefdes, julle verbind met MY verwissel julle die rolle - van gespeelde na speler. Van om gedryf te word na immer nuwe moeilikhede, na akteur wat sy probleme met MY en MY krag oorkom en hierdie krag gebruik om dit op te los.

17) Wat is MY krag? MY krag is liefde, nie julle menslike verstandsliefde nie, maar 'n Liefde wat sy naaste verstaan, gebaseer op jou eie belewenisse, 'n liefde wat meegevoel het, maar tog in goedheid grense stel, wat ook so moet wees, sodat jou naaste sy weg in die LIG in kan gaan en nie nog dieper in die maalgat van skuld, beskuldigings en blaam verstrik raak nie.

18) Dit is maar net een voorbeeld van vele. Verenig met MY, besit jy hierdie Liefdeskrag vir jou naaste, om hom nederig maar tog ferm te bejeën, liefdevol maar tog met beslistheid, om die verantwoordelikheid te dra as MY dissipel, wie Ek geroep het en wat bereidwillig sy swakhede op die altaar van die LIEFDE neergelê het om versterk daardeur te kom.

19) EK moes ook 'n besluit neem, en daar word ook gedurig van julle gevra om besluite te neem. Elke sekonde, elke oomblik staan julle voor die besluit: Vir MY, vir die LIG, vir JAHSHUA DIE GESALFDE, vir die oorwinning van "Daar sal 'n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde wees", of vir gemaksug, slap lê, en dus gevolglik in grys sfere verwyl - wat nog te sê- in donker sfere.

20) Hoe het EK dit gestel? "EK sal die louwarmes uitspoeg uit MY mond". Julle kan daaroor gaan oplees. Maar dit beteken nie dat EK julle van MY af wegstuur nie, maar dat julle self die gemaklike weg gekies het, wat julle in die "o so pragtige" wêreld laat bly en julle van julle ware self skei.

21) Dit is die rede waarom MY beproewinge daar is, beproewings wat jy in werklikheid vir jouself daarstel. Want toe jou siel in haar toekomstige lewe inkyk, het sy bewustelik sekere stasies uitgekies wat haar sou help om haar taak te volbring.

22) Soos wat EK alreeds aan julle verduidelik het: Die mens het gedeeltelik sy vrye wil. Hy of sy mag nog hierdie of daardie stasie ontwyk, maar die dag sal kom waar dit nie meer ontwyk sal kan word nie. Eendag sal hierdie “mooi” wêreld - en daarby bedoel EK die glans en die valse mag van hierdie aarde - grys en bedrieglik voorkom. Dan sal jy na jou kamerade op die bergpad kyk en vol verlange teen die bergwand opkyk, langs die klimtou - simbolies gesien -, opwaarts teen die bergagtige krans. En bo-op die kruin sal jy 'n gemeenskap sien wat op jou wag, en wat jou optrek en help totdat jy weer aangesluit het en weereens jou eintlike taak kan volbring.

23) Dit is die gelykenis van die werkers in MY wingerd. Maar wees versigtig om nie in die versoeking te val nie, deur te dink: "Ek het nog immers tyd om my besluit te neem"; want sien, jy weet nie hoe lank jou siel jou alreeds dryf nie, - net EK weet dit en dus ELOHIM, DIE VADER. In die aardse kleed weet jy nie wanneer die siel gaan sê "Dit is genoeg, ek wil nie meer nie.".

24) Dan nog 'n keer van voor af begin? Weereens al die menslike dinge deurleef? Nog 'n keer 'n suigeling wees, totaal en al oorgelewer aan uiterlike omstandighede? MY getroues, waarom nie hier en nou die klimtou met beide hande aangryp, en na 'n kort ruspose saam met die geselskap verder wandel nie? Want die tou het net 'n sekere lengte. Sien die simboliek hierin! Jou broer of suster of wie ookal aan jou verbind is, beskik ook net oor 'n sekere lengte tou en dit word aan jou oorgelaat om te help om die verskille te besleg. Ten einde laaste sal elkeen sy doel bereik, maar hoe dit bereik gaan word, bestem elkeen vir homself.

25) Dink wyslik na oor MY woorde! MY vreugde sy met julle. Weereens reik EK julle die beker met die water van die lewe. Ontvang dit simbolies en drink daaruit! Weereens reik EK julle die brood as geestelike voedsel. Eet daarvan en ervaar die versterking wat EK ook ontvang het toe EK die kelk op die Olyfberg aangeneem het!

26) Elkeen van julle is vry om hierdie kelk met MY te deel, is vry om met MY na volmaaktheid te stap. EK seën julle, MY geliefdes, hier en oral, julle wat beloof het om LIG te wees en wie ook nou alreeds is.

**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

# 39. Oefening

**Versterkende brood - stromende genesende kragte - 'n kers binne-in ons, ons sien die uitstraling van die vlam - die eerste klip, sy rande, groewe, die weerkaatsing - wanneer hartsgevoelens in harmonie is met die breinselle, word nuwe wette van skepping vir ons oopgemaak - Taak: Wees my instrument van liefde!**

1) MY geliefde vriende, julle wat julle vertrouensvol hier om MY geskaar het, wat na MY woorde luister en bereid is om hulle tot lewe wek: Waarlik, alles word gelei en so ook julle gesprekke.

2) Langsaam word julle op hierdie hoë rusplek verlos van die menslike probleme van julle alledaagse lewens - herken die simboliek hierin. Julle herken al hoe meer julle ware lewe, wat homself nie uitsluitlik deur die menslike liggaam toon nie, maar inteendeel altyd meer na die geestelike wys.

3) EK het julle brood ter versterking gegee, EK het dit met julle gebreek, en julle het uit die beker gedrink wat gevul is met water van die GEES. Daardeur het EK julle MY dissipels gemaak waardeur julle volgens julle eie vrye wil julleself kan verlos.

4) Op hierdie rusplek, o MY geliefdes, leer EK julle die strome van die genesende kragte. EK onderrig julle in die INNERLIKE WOORD, EK lei julle nog dieper in die eenheid met die skepping in. MY getroue studente, slegs vanuit hierdie eenheid kan julle vir MY werk in alle dinge.

5) Alles is met mekaar verweef. Die skepping dien julle en aangesien julle nou MY dissipels is, sal julle julleself ook moet bewys as dienaars van die skepping.

6) EK het julle geleer om julleself in klippe, plante en diere te herken, sowel as in julle medemens. En van nou af aan wil EK julle in die geestelike uitstraling van die skepping inlei, sodat julle die geestelike aspek in julleself kan oopmaak en daarmee verbind en selfs een daarmee word, die geestelike wat agter die klip, agter die materie is.

7) Voor julle brand 'n lig, 'n kers is aangesteek, en voor julle innerlike oog sien julle nie net die vlam nie, maar julle sien ook die uitstraling van sy lig, sy aura. Hierdie uitstraling van 'n enkele lig verlig 'n hele kamer, en die strale van die kerslig bereik selfs die donkerste hoeke.

8) Net soos wat hierdie lig homself versprei, so het elke geskape wese ook 'n stralekrans uit die ewige goddelike wese rondom homself. Julle opdrag is om julle nie nou meer met die materie te verbind nie, maar om julle siele-bewussyn met die geestelike wese van 'n klip te verbind, met die geestelike wese van 'n plant en met die geestelike wese van 'n dier, asook met die geestelike wese van jou medemens.

9) Wanneer julle julleself in hierdie gevoelens inoefen, sal die verskillende wêrelde naby julle, ja in julle, nie meer vir julle verborge wees nie, - dit is hulle wat naby is, maar hulleself in 'n hoër vibrasievlak bevind: Dit is al die natuurwesens wat julle omring, die engele wat julle begelei, die liggevulde siele wat julle beskerm en saam met julle leer om die geestelike kruin met geweld te neem en soos julle die enigste doel tegemoet gaan, naamlik die OORSPRONG, terug na die HUIS.

10) Dink aan jou eerste klip, hoe jy hom gevind het. Dink aan die stukkie muur wat jy gevind het, die stukkie materie wat jy saam met jou gebring het om hier aan almal in die vriendekring te wys, en hoe julle julleself in die skerp kante en hoeke van hierdie klip herken en ondersoek het, en sy lyne en groewe ondersoek het om die spieëlbeeld te sien wat aan jou gegee was daardeur. Die aard van hierdie taak, "die spieël van selfherkenning", sal jou begelei totdat jy jou bewussyn opwaarts na 'n hoër vlak getransformeer het. En dit beteken die oplossing van growwe materie.

11) Maar wat EK julle egter nou leer is om julle in die ware wese te dompel, in dit in wat GEESTELIK is. Voel jou klip aan! Met jou geestelike oog sien jy hom in 'n stralekrans voor jou, want hy word ook

met die SKEPPERGEES deurstraal, en EK JAHSHUA DIE GESALFDE wil jou in die eenheid met hierdie SKEPPERGEES inlei!

12) EK herinner julle daaraan, hoe diep die mineraal homself voor julle buig, om aan julle treë 'n vaste bodem te gee. Sal julle ook bereid wees om - simbolies gesien - julle menslike wese uit te strek in die diepste deemoed, soos enige klip onder julle voete? As jou antwoord ja is, dan jubel jy in die EENHEID van die GEES, dan jubel jy in die ware lewensvryheid; want nou is jy nog aan vele dinge gebind wat nog oorkom moet word. Julle is byvoorbeeld nog steeds aan julle aardse-materiële wette gebind. Hierdie klip sal so lank vaste materie vir julle wees, en sal klip op klip bly, 'n ondeurdringbare muur, totdat die krag van julle geestelike eenwording met die skepping dit deurdring, net soos wat die uitstralingskrag van die skepping julle nou deurdring, sonder dat julle eers daarvan bewus is.

13) Wanneer jy naby jou huisplante staan en jou hande liefdevol op hulle lê, sal jy ook hier die uitstraling kan voel, wanneer jy dit met jou hartsgevoel doen, met jou siel. Selfs die boom daar buite in die vrye natuur wil deur sy uitstraling met jou geestelike wese kommunikeer. En nie net hy nie, maar alles wil met jou verbind, die wind wat die gras en blare in beweging bring, die wolke aan die hemel, die sagte vallende reën en selfs die sonstrale.

14) Alles deurdring jou geestelik en wil jou bewussyn bereik. Eers wanneer jy geleidelik in die BEWUSSYN VAN DIE GODDELIKE SKEPPINGSEENHEID inbeweeg, kan dit vir jou oopgaan en sal jy wonderwerk op wonderwerk teëkom, wat dan nie meer 'n wonderwerk sal wees nie, maar die ware, die egte wese.

15) Julle lewe in 'n skaduwêreld, met skaduwette wat meer en meer hulle geldigheid verloor, selfs in julle veld van wetenskap. Tree weg van julle skaduwees deur julleself meer en meer van julle intellek los te maak en julle verstandsdenke met julle hartsgevoelens te verbind. Wanneer die hartsgevoelens in harmonie is met die breinselle, ontsluit nuwe wette van die skepping hulleself aan jou deur jou breinselle. Wette wat jou alreeds nou in jou wese aanraak en gedeeltelik bemerk word, alhoewel dit nog nie heeltemal deel is van jou daaglikse bewussyn nie.

16) EK wil julle graag in hierdie bewustheid inlei. Nie net vir 'n paar oomblikke nie; maar hierdie bewussynstoestand moet julle nuwe lewensfondament word! Weereens is die weg daarheen deur die liefde vir die klein, onbeduidende klippie, en deur die stukkie pleister of sement, wat 'n huis aanmekaar gehou het. Dit lei jou in die wederkerige wêreld van gee en neem in, 'n wedersydse verhouding wat van haarself in 'n harmonieuse vibrasiekring skenk. Hierdie harmonieuse vibrasie van liefde vir die skepping word gedurig deur jou eiewil versteur, en dit veroorsaak teenstrydighede in jou omgewing.

17) Die Liefde wat EK julle op hierdie rusplek leer, verbreed julle innerlike wese tot in die sfere van die GEES. Maar julle het altyd julle vrye wil om MY te volg al dan nie. So is dit julle **opdrag** dan, MY geliefdes, dat julle ten minste eenmaal daagliks sal **mediteer** om julleself **oor te gee aan hierdie vibrasie by die rusplek.**

18) Stel jouself in hierdie kring van broeders en susters voor, jy wil niks spesifiek hê nie, wetende net dat EK in julle midde is! Open jou hande en laat die krag van Liefde deur hulle na jou broers en susters stroom, na almal wat hulp nodig het, dan weer in die skepping in en oral waar jy voel daar Liefde benodig word.

19) Gaan dan weer in meditasie na die mineraleryk. Plaas jou hande op die klip - as jy hom nie meer het nie, lei EK jou na 'n ander klip (struikelblok) op jou weg; neem hom saam. Soos EK gesê het, plaas jou hand daarop en neem jou hand dan weer stadig weg! EK sal julle help en julle sal die uitstraling van hierdie klip voel. Beoefen dit meermale tot die volgende keer wat ons bymekaarkom.

20) Deur hierdie oefening van liefde sal EK die kragte van genesing in julle versterk, wat veronderstel is om deur julle na die skepping en na julle medemense toe moet vloei, want elkeen van julle is 'n werktuig van MY liefde.

21) "Wees MY werktuig van liefde!"

22) EK gaan nou in hierdie kring van mens tot mens. EK raak julle voorhoofde aan, die sentrum van die liefde, met MY hande. En EK raak ook julle handpalms aan waardeur die Liefde uitstraal. En julle, MY geliefde broers en susters, wanneer julle MY woorde lees, begeef julle in meditasie in, indien julle gewillig is en EK sal julle ook aanraak met MY krag en MY oproep:

23) "Wees MY werktuig van liefde!"

24) Mag slegs liefde vloei deur en oor julle breinselle, mag SY verbind met julle hartsgevoelens en uitvloei via julle handpalms ten einde weer te herverbind met die SKEPPERGEES in alles om die kringloop te voltooi. EK swyg nou - gee julleself oor aan julle gevoelens.- (Neem 'n ruspose vir hierdie meditasie-oomblik)

25) Geliefde broer, geliefde suster, kyk, EK plaas die grofmateriële skepping in julle hande! Ervaar die geestelike Lig daarin en hef die grofmateriële omhoog, bring dit terug, GEES tot GEES; omvorm dit deur MY en met MY krag, wat ook in julle die geestelike erfdeel is! Geliefde broer, geliefde suster, Liefde stroom deur julle in hierdie wêreld in van lyding en stryd. Wees JY 'n Trooster, wees JY 'n Lig in die duisternis, wees JY die houer wat met LIEFDE gevul is, wat altyd bereid is om te gee, te gee en nogmaals te gee, waar daar ookal 'n tekort aan liefde is, waar daar ookal transformasie nodig is!

26) Julle ervaar die sterk vibrasie binne-in julle. Laat dit vloei! EK IS **deur julle.**

27) MY seëning sy met julle en al MY aangenome aardse kinders. Bewaar hierdie inseëning in julle harte, sodat julle altyd bewus sal wees daarvan **dat EK julle hande sal gee wat tot seën van andere sal strek.**

**Amein.**

## *LIEFDE VIR DIE MEDEMENS — ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID*

# 40. Oefening

**Brood breek - handig julle verlede oor aan die Liefde van die MEESTER – wees sonder begeertes! - leef in die hede, dan sal julle die korrekte instrumente wees - voorbeeld: weersin - ruimte en tyd is lugspieëlings - die 'nou' is die ewigheid, is eenheid - Taak: Voel die hede aan in die uitstraling van 'n boom.**

1) MY geliefde skape by die rusplek in die hoogte, julle wat weereens om MY JAHSHUA DIE GESALFDE versamel het — vir die derde keer – EK breek MY brood met julle om julle te versterk, en EK reik aan julle die kelk met die lewende water, wat die lewe is, die liefde, die EK IS. Eet en drink en hou MY gemeenskap met MY.

2) Is die hede nie vol wonderwerke nie? Julle voel julle verlossing van die 'ou Adam' en julle vibreer in die lig van die Kosmiese Teenwoordigheid van die hemelse skepping, van alle engele en van almal van hulle wat op geestelike vlak saam met julle wandel. Julle rus in die OERVADER, in eenheid met SY Hart, Wie EK IS, DIE LIEFDE.

3) Simbolies het julle jul herinnerde verlede aan die vlamme oorgedra. Op daardie oomblik het EK julle die krag van MY sterkte gegee met MY aanvangswoorde en ook toe EK julle die brood aangereik het; om julle in staat te stel om alles wat nog deel is van die verlede en wat julle steeds raak, oor te gee aan MY liefde in hierdie Alomteenwoordigheid van ELOHIM.

4) Nou, MY skape, MY geliefde kudde, vra nie oor die toekoms nie, en ook nie oor die verlede nie, maar vir die oomblik, sodat EK, julle Vriend en Broer, in MY lig van Liefde alles kan ontbind wat julle op hierdie oomblik beweeg. Op hierdie manier sal julle gedagtes geen verwagting vir die toekoms weerspieël nie en sal julle nie dinge uit die verlede opgrawe nie; want MY krag sal julle help om die probleem van die oomblik op te los.

5) Wanneer julle jul voortdurend in die hede probeer inplaas, sal julle harde werk deur sukses bekroon word. Maar, weereens beklemtoon EK, raak vry daarvan om dinge te begeer; want elke begeerte is 'n toekomsverwagting! Selfs as julle wil help, en EK beklemtoon die woord 'wil', is dit 'n verwagting wat in werklikheid nie help nie; want as gevolg van julle wil en begeerte, kan EK nie deur julle werk nie.

6) Op hierdie plek van rus, MY geliefde, bestraal EK nie net julle liefdesbewussyn nie, sodat julle sal aanhou om op die aarde te wandel terwyl julle elkeen en elke ding seën, maar EK bestraal ook elke breinsel. Julle kan die bestraling in die area van die strottehoof voel. Dit is die geduld om in die hier en nou te bly, sonder enige begeertes. Vanuit hierdie geduld suiwer EK al julle opinies en opvattings, en julle sal in staat wees om julle naaste te antwoord met die regte woorde wat uit MY Gees kom, die oomblik wat julle so 'n taak opgelê word. Julle is instrumente van MY liefde wanneer julle in die hede leef; want in die hede leef nie jy nie, maar EK deur jou, in die eenheid met die hoogste geestelike bewussyn.

7) 'n Instrument waardeur EK MY werk doen, moet vry wees van alle opvattings en opinies, vry van alle oordele! Julle kan dit doen as julle in die hede leef. Hier is 'n voorbeeld: JY kom 'n medemens teë, en 'n golf van weersin oorspoel jou. Terselfdertyd besef jy: "Dit is my refleksie. Die naaste laat my net so voel omdat die foute wat EK in hom sien, nog in my is." Hierdie skynbaar lang denkproses loop sy gang in die hede, aangesien daar in die gees nie hierdie gevoel van [aardse] tyd is nie. Die gevoel kom vanuit die verlede, maar aangesien jy in die hede leef, weet jy dat dit die verlede is wat weerklink. En op dieselfde oomblik ontwaak die begeerte in jou om die verlede in liefde op te los. En voordat jy nog 'n gedagte kan vorm, begin die liefde vir jou naaste te vloei en om dit nog eens allegories te stel, het jy die muur van die verlede afgebreek en jou broer of suster in die Alomteenwoordigheid van ELOHIM opgelig tot Sy liefde.

8) As julle in die komende tyd na julleself kyk, sal julle MY WOORDE van vandag beter kan verstaan, want die duidelikheid van MY WOORDE in julle sal slegs groei in die voorbeeld wat geleef word. En slegs met julle geleefde voorbeeld sal julle vordering kan maak met die uitbreiding van julle bewussyn. Slegs deur daagliks opnuut te oefen, sal julle die wonderlike gebeure ervaar en deurleef om EEN met MY te word. Sodra julle die liefdestroom van die allerhoogste hemel, die allerhoogste bewussyn en vibrasie ervaar het, sal julle MY verstaan, want in die bewussyn van die absolute liefdesvibrasie ontbind die verlede onmiddellik, en in hierdie liefdesvibrasie is julle in eenheid, die eenheid van die ewige wese met jou broer en suster.

9) Ruimte en tyd is 'n dwaling. Julle het dit met mekaar gedeel in jul besprekings oor natuurwetenskap. Baie van julle fisiese wette bestaan slegs in julle denkprosesse. Maar wanneer julle jul gedagtes gebruik om die logika van MY WOORDE te ondersoek, sal die daad die ewige wese bewys en daardeur ook die ontbinding van al julle menslike opvattings.

10) Kyk, in die toekoms sal julle slegs in staat wees om MY instrumente te wees indien julle in die hede leef! In die verlede en op grond van die VADER se genade en barmhartigheid, het EK aan baie van MY instrumente MY kragtige liefde gegee, met die doel om die WOORD in MY Naam te gee, ten einde hulle hande op ander te plaas vir genesing. Hierdie instrumente van MY kon toe nog nie in die teenwoordigheid van ELOHIM bly nie, alhoewel hulle gevoel het dat ruimte en tyd van hulle onttrek word, tydens die oomblikke van die ontvangs van die verhewe WOORD VAN LIG, of tydens die handoplegging op 'n ander vir genesing. Sodra EK egter die vibrasie [van daardie oomblik] teruggetrek het, was MY instrumente weer vasgevang in tyd en ruimte, en verslaaf in hul eie denke, in hul opvattings en opinies.

11) Dit is egter nou die tyd waarin ruimte en tyd deur julle afgeskaf sal word. **NOU IS DIE EWIGHEID!** Die bestraling in hierdie materiële sfeer het toegeneem, in soveel intensiteit dat julle hierdie woorde nie net vandag kan verstaan nie, maar dat julle die mag het om dit volledig te verwerklik, met die voorwaarde dat julle moeite sal doen. Dan hoef julle nie meer te vra nie: "MEESTER, is wat hier gebeur, U wil of is dit myne?", want julle sal omvorm het van iemand wat vra, na iemand wat weet. Julle sal in die wil van ELOHIM vibreer, en die wil van ELOHIM sal homself

openbaar op elke oomblik in en deur julle. In die hede is jy in eenheid met die Allerhoogste Energie, is jy in eenheid met MY, Wie hierdie Allerhoogste Energie is: **LIEFDE, SKEPPERKRAG, LEWE**. Julle sal bereik wat EK bereik het; want julle neem weereens die erfenis op wat julle weggegooi het toe julle jul toestand van vibrasie in die onderste sfere verander het.

12) Hemel en hel, soos julle weet, is in die hier en nou. Dit is die toestand van julle wese. As jy om jou kyk, sien jy nou die gevolge van die sogenaamde hel, maar as jy slegs 'n paar letters verander, word 'hel' verander in 'helderheid', en dadelik is jy in die lig, in jou erfenis, in die hoogste vibrasies.

13) Die mens het soveel dinge met sy verstand, sy intellek geskep en hierdeur het hy vir homself grense geskep. Toe het hy selfs probeer om hierdie grense wetenskaplik te bewys. Maar aangesien alles in homself ingesluit is, kom die mens terug na die begin, want begin en einde ontmoet naatloos. Die grense wat die mens vir homself veroorsaak het, word ontbind wanneer die mens verstaan dat die wette wat die mens geskep het om sy omgewing te verstaan, nie bestaan nie.

14) In die hede en nou, in die hede, los julle julself uit die diensbaarheid van die verlede en die toekoms, uit die diensbaarheid van julle menslike ego's.

15) MY kind, JULLE IS ewig, soos EK IS.

16) En terwyl julle in hierdie hede is, wil EK julle uitstuur. In hierdie hede sal julle in MY Naam genees, sonder om gedagtes te hê wat wys na die toekoms. In hierdie hede spreek EK deur julle en MY GEES bestraal daardeur julle woorde. Hulle sal jou naaste aanraak - nie net in sy gedagtes nie, maar ook in sy innerlike wese. Ook hier moet julle vry wees van gedagtes wat na die toekoms wys; en op julle versoek die verlede in die lig van die hede oplos, dan sal julle vry van die verlede wees.

17) Jy is nou 'n vrye kind, MY suster, MY broer, 'n kind van die ALLERHOOGSTE. In die verlede was jy 'n mens, en in die toekoms sal jy 'n mens wees, maar in die hede is jy 'n kind, 'n Seun, 'n Dogter van die heilige OERVADER, geseën deur Hom, ewigbestaande tot in alle ewigheid.

18) EK het julle die taak gegee om na 'n klip te kyk, julle hand daarop te plaas en die geestelike uitstraling daarvan te voel. EK brei hierdie taak uit na die plantewêreld. In die hede, MY geliefde skape, sal julle die uitstraling aanvoel; in die hede is julle een met alles wat geestelik is. Julle sal nie meer blindelings deur hierdie wêreld van die GEES stap nie.

19) Veronderstel dat julle bereid is, besoek 'n boom en raak bewus van haar teenwoordigheid. Hierdeur raak julle verbind met MY, die liefde, die lewe. Terwyl julle in geestelike eenheid met alle wesens is, kom naby aan die stam van die boom en stel julle voor dat julle die lewensveld, wat terselfdertyd 'n liefdesveld is, binnegaan en draai dan weg van die stam. Beweeg uit haar liefdesveld uit met stadige treë! **Hierdie gewaarwording toon aan julle die bestraling van die boom**, en nie net haar bestraling nie, maar baie meer van haar gevoelens. 'n Hele golf daarvan sal julle in hierdie huidige toestand oorspoel en julle sal dit moeilik vind om hierdie gevoel van die hede in gedagtes uit te druk. Die gevoel is die oerfondament. Dit bring julle uit die intellektuele denke en in die hartsdenke in. Wanneer julle hierdie gevoel van die ligkrag van liefde-energie op hierdie vibrasievlak uitgeoefen het, sal julle brein nuwe seine waarneem. Dit stuur impulse na julle oë, en julle oë sien wat julle voel. Pasop egter vir wensdenkery wat op die toekoms gebaseer is.

20) Weet dat alles baie anders is as wat julle met julle huidige menslike verstand waarneem - want laasgenoemde regeer julle persepsie. In die hede sal julle ophou dink, want wat is gedagtes? Gedagtes kom uit die verlede en is gerig op die toekoms. **Wees is egter in die hede**, **en hierdie wese is gevoelens**.

21) Dit alles mag vir julle moeilik lyk. Dit is weer die menslike intellek wat alles probeer verstaan. Moenie probeer verstaan nie, maar voel julle weg in MY woorde, en julle sal dit deur gevoelens verstaan!

22) MY seën is altyd in jou en met jou en stroom altyd deur jou. **Jy IS**, MY kind, in die oomblik van ewigheid en beide is een!

23) En nou gaan EK na julle toe, na ’n ieder en elk van julle toe. Jy voel MY bestralende krag, die krag van Liefde, wat jou breinselle suiwer, jou strottehoof bestraal en wat jou MY woorddraer maak. **MY kind, EK IS die heilige OERWOORD in jou - vir en tot in alle ewigheid**

**Amein.**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 41. Oefening

**Beslissende vrae vir ons: Is jy, MY bruid, lief vir MY met jou hele hart? Mag elkeen homself in sy innerlike wese beproef - die oestyd het aangebreek - alhoewel selfs die dwase bruide hul doelwit sal bereik, maar die weg van die wyses is 'n reis in saligheid – om ’n bruid te wees is ’n toestand**

*[MISTIEK - die hartstogtelike strewe na die vereniging van die siel met ELOHIM ]*

1) MY geliefde vriende, EK JAHSHUA DIE GESALFDE is met julle hier in hierdie kring, asook met almal wat MY woorde lees en dit in hulle harte laat beweeg. EK IS met al MY skape regoor die ganse aarde.

2) MY geliefde vriende, julle wat julle hier om MY versamel het, wie bereid is om MY na te volg, EK vra julle hoe ernstig julle werklik hierdie weg wil bewandel? Weet dat julle nou by ‘n kruispad gekom het! Julle verlaat die pad van die student, geseënd deur MY krag, ten einde MY in alles na te volg. As julle MY lewe betrag, soos wat dit opgeskrywe is, weet julle wat dit beteken om MY na te volg.

3) Julle praat oor julle angste en sorge, julle berig oor julle belewenisse en EK, DIE LIEFDE, staan hier aan jou sy en kyk jou vraend aan:

4) Het jy, MY bruid, MY werklik lief met jou hele hart?

5) Buig jy in die diepste deemoedigheid en liefde voor ELOHIM, jou Vader?

6) Is jy bereid om die deemoed en liefde uit te leef?

7) Wil jy, o Bruid van MY Hart, MY volg en daardeur saam met MY aan die verlossingswerk meedoen?

8) Wil jy dit met MY, JAHSHUA DIE GESALFDE tot volmaaktheid bring?

9) Is jou gevoelens, jou gedagtes, jou woorde en jou werke met die lig van liefde deurstraal?

10) Is jy bereid, MY bruid, om ook die kruis van die wêreld op jou skouers te neem?

11) Dit beteken dat jy saam met MY die smart en pyn van jou medebroers en –susters op jouself sal neem, sonder om te mor, sonder om te kla, geduldig, deemoedig, maak nie saak wat die lotsbeproewing deur hierdie kruis van die wêreld op jou skouers gelaai word nie?

12) Sal jy, net soos EK, al jou medebroers en –susters van harte liefhê en in hulle die GODDELIKE vonk sien en jou deemoedig daarvoor buig, maak nie saak hoe jou medemens teenoor jou optree nie?

13) Sal jy jou Liefde in die skepping instuur en help om dít te transformeer wat in die laagste vibrasie ingebring is?

14) Is jy bereid, om hierdie vibrasie op te lig deur jou gevoelens, gedagtes, jou seënende dade sowel as deur liefde, sodat alles weer eendag kan terugkeer tot die toestand van hoogste, reinste vibrasie?

15) Sal jy in die hede met MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, leef, sodat EK jou elke oomblik met die saligste Liefde kan vervul?

16) Sal jy, MY Bruid, elke dag aan MY wy en jouself elke aand ondersoek of hierdie dag die wyding waardig was?

17) Want dit beteken dat jy jouself ten minste eenmaal per dag van die wêreld sal onttrek en met MY in meditasie verbind.

18) Want sien, MY bruid, EK het MYSELF ook, nadat EK die volk geleer het, altyd weer teruggetrek, waar EK skielik verdwyn het uit die sig van MY dissipels, omdat EK by ELOHIM, MY VADER, wou wees.

19) En jy sal ook GODDELIKE EENHEID vind in meditasie!

20) Dit is MY vrae aan julle. Dit is ernstig en wys die weg aan. As jy ook nie sovêr elke vraag met 'n onomwonde ja kan beantwoord nie, omdat die menslike kant sy regte eis, sê EK weer: "EK vra nie vir die volmaaktheid van die daad nie, maar dat jy sal probeer." Hy wie probeer, leef in die hede, leef in die nou, leef in en vanuit MY, en al MY Krag en Heil stroom julle in hierdie oomblik toe en sal julle help, dat die probeer in die daad sal verander.

21) Sien, die oestyd het vir julle aangebreek! EK benodig arbeiders in MY wingerd. EK sê weer dat julle absoluut vry is in julle wilsbesluit om MY na te volg op die pad van liefde, asook in die diepste deemoed, in dissipelskap met MY, of om tevrede te wees met die geestelike kennis wat aan julle gegee is in die verlede. Want wie ookal MY wingerd betree, betree gelyktydig die huwelikstoestand met MY, en die olie in julle lampe is die liefde wat julle uitleef.

22) Julle ken die gelykenis van die maagde. Maar weet tog, dat die deur ook vir die dwases oop sal bly, want ook hulle word deur MY huiswaarts gelei! Die weg sal moeiliker wees vir hulle, want hulle het almal genade van MY ervaar en hulle het nog steeds besluit om die weg van hierdie wêreld te gaan en die wêreld meer te gehoorsaam as die GEES. Tog is die BARMHARTIGHEID VAN DIE VADER deur MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, so oneindig soos die Liefde – ewiglik, voortdurend – sodat dit eendag ook die dwase maagde sal inhaal wie nog steeds 'n wêreldse pad wil stap. En die geroep van die Bruidegom sal dan gehoor word: "Kom tuis, en kyk, die wêreld is besig om op te breek, materie vergaan! Kyk na hierdie geestelike gebeurtenis, dit is ewig!

23) Die weg vir die wat besluit om ware Bruide te wees, sal ook nie maklik wees nie, want die mens sal homself in die diepste deemoed moet neerbuig, totdat hy of sy uitgestrek in die stof van die aarde lê. Dit moet simbolies verstaan word.

24) Dan egter, sal die weg in die Lig aan MY sy, vol vreugde wees, want MY teenwoordigheid sal vir MY bruid elke oomblik so bespeurbaar wees, dat sy haar weë in 'n stortvloed van geluksaligheid sal gaan. In hierdie geluksaligheid vloei die liefde na ELOHIM, die VADER met Wie EK een is, en na SY skepping – want alles is in en uit SY GEES – en daardeur vloei dit ook na alle medebroers en -susters. Hierdie Liefde deurstraal alle menslike swakhede en sal julle in staat stel om die geestelike gevoelens te ontsluit.

25) Selfs nou, MY geliefdes, voel jy die stroom van Liefde wat deur jou pols. Selfs nou verbind jou sielsbewussyn met die skepping, en die mens voel dit.

26) Dit is net die begin! Wanneer jy voortwandel saam met MY, wanneer jy vir die oomblik besluit, dan open jy die geestelike wêreld, die ware wese van die skepping, en jy groei in die GODDELIKE WYSHEID in en sal herken hoe alles in hierdie wonderbaarlike GODDELIKE EENHEID saamwerk. Dan sal jy nie meer besorg wees oor môre nie, ook nie meer oor wat aan jou of jou naaste behoort nie, want deur SY Wysheid herken jy hoe wonderbaarlik veilig en beskut elke kind sy treë maak op sy ervaringspad aan die Hand van DIE VADER, treë wat hom einde ten laaste huiswaarts sal lei.

27) Ewigheid is 'n toestand wat in jou sal ontsluit, dit is 'n geluksalige toestand. Selfs die sig van die Engele aan jou sy sal nie meer langer vir jou geslote wees nie. Inteendeel word die geestelike sig geopen, en jy sal herken hoe alle vlakke saamwerk – die materiële, sowel as die geestelike. Nog eenmaal: Daar is geen toeval nie; alles wat gebeur het betekenis. So kan elke oomblik jou oneindig baie meer leer – en kan julle in die GODDELIKE WYSHEID inlei.

28) Julle het nou 'n paar weke tyd om julle met MY versoeke vertroud te maak en dit vir julleself te beantwoord. Julle het tyd vir die besluit, want hierdie stap moet versigtig oordink word. Die gevolge van julle besluit het EK aan julle beskryf.

29) In hierdie komende weke sal Ek julle intensief begelei, en sal julle ook deur verskeie beproewinge lei waarin julle die toets sal herken, die toets wat aan elke dissipel van MY gegee sal word; - hetsy hy of sy werklik erns het met die weg na Bruidstatus al dan nie. Hy sal erken dat om ‘n bruid te wees, is ‘n toestand, ‘n toestand van die oomblik (om in die oomblik te lewe), die toestand van eenheid met MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, die Liefde, Wie werksaam wil word deur julle.

30) Gaan voort om julleself verder te verbind met die klip, plante, diere en met jou naaste en voel jou weg in die basiese vibrasie in van die ALLESOMVATTENDE-LIEFDE [ook: KOSMIESE LIEFDE], dus om een te wees met alle dinge. Julle is individue en tog is julle een met ELOHIM, die Lewe, die Liefde, met MY. Vroeër of later sal julle dit bereik wat EK van julle vra.

31) Dus, ondersoek julleself asseblief en laat julleself ondersoek word om daardeur tot herkenning te kom. EK IS so naby aan julle. EK IS op hierdie oomblik met jou in die eenheid van en met MY GESALFDE-VIBRASIE. Julle voel dit aan en julle hoor MY smeekroep: “Kom, kyk nie terug na die wêreld met sy valse skynsel nie, maar volg MY!”

32) MY seën deurstraal en begelei julle intensief deur hierdie komende tyd!

**Amein.**

## ***Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid***

# 42. Oefening

**Oorhandiging van die geestelike swaard, verduidelik hoe dit deur ons versier moet word - indien ons nederig is, sal die elemente ons dien - as ons hoogmoedig is, sal die elemente teen ons draai. (ek kan nie ontslae raak van die geeste wat ek geroep het nie) - leef in die oomblik**

1) MY geliefde Vriende, julle het vir MY besluit, JAHSHUA DIE GESALFDE, in julle mees innerlike wese, en MY vreugde sy met julle. Moet dus nie langer na jou 'mens' kyk nie, maar na jou jubelende siel, want jou siel is die een wat die 'mens' oorskadu en omhul met die lig van die ewigheid! Dit is nou jou siel wat mag het oor die mens. Deur jou 'ja' [aan MY] het jy jou siel die krag gegee, en EK kan daardeur werk.

2) Plegtig plaas EK 'n geestelike swaard in jou hande. Dit is vir jou die teken van die GODDELIKE WIL. Jy vibreer daarin, en daardeur vervul jy in die hier en nou die dienende liefde vir jou naaste en vir die skepping. Ontvang die geskenk uit MY hande! Jou nederigheid sal dit voortaan versier; jou liefde sal dit met juwele beklee. Jou trane, gestort vir liefde, sal skynende pêrels op die swaard wees. Dit is trane wat veroorsaak word deur die kruis van die wêreld, wat jy vrywillig op jou skouers neem; die trane is die van MY geestelike pyn wat nou joune geword het.

3) Jy dien die elemente aarde, vuur, water en lug, en die elemente dien jou in die mate waarin jy voor hulle buig; want alles is deurtrek met die Goddelike GEES. Hoe meer jy besef dat die geestelike eenheid in alle dinge lê, en hoe meer jy in die goddelike eenheid vibreer, hoe dieper gaan jy in die geheimenisse van die skepping in. Die skepping is gereed om met al haar liefde voor jou te buig. Sy wag op jou, want die transformasie sal deur jou plaasvind.

4) MY getroues, die asem van MY liefde vibreer in alle geskapene. Dit is alomteenwoordig. Hierdie asem is terselfdertyd MY Skepper-Krag en -Mag.

5) As jy die linkerhand oopmaak en vir hierdie krag vra, sal dit na jou toe vloei, en dit op elke oomblik. Elkeen wat met hierdie mag in hierdie aardse sfeer koppel, sal dit ontvang.

6) Dit kan vergelyk word met die son; dit skyn in dieselfde mate op die regverdiges en die onregverdiges. En so kan die krag en mag van MY asem deur die regverdige en die onregverdige ontvang word, en daardeur beantwoord EK jou vraag: Almal kan met hierdie skeppingsmag en -krag werk wanneer hy sy hele wese, sy gewillige denke en aanvoeling daarmee verenig.

7) MY Liefde, wat dieselfde is as MY Skepper-Mag en -Krag, kan ook misbruik word. Op grond van jou wil kan jy byvoorbeeld voorwerpe rondskuif; jy sal hulle en baie ander dinge kan materialiseer en dematerialiseer. Maar wanneer jy na die swaard in jou hande kyk, wat die GODDELIKE WIL simboliseer, weet jy dat enige soort dwang of geweld wat jy gebruik, nie gebaseer is op die GODDELIKE WIL nie. MY wil bestraal die skepping, die diere en die mens. MY wil genees die siele. MY WIL genees ook swakhede indien die mens die weg sal vind na MY, DIE LIEFDE, deur hierdie genesing, en as hy daardeur gereed is om deur te gee wat hy of sy ontvang het.

8) MY wil is dat MY liefde in dieselfde mate van julle na al julle medemense sal vloei, of dit nou julle spieëls is en dat hulle julle aan jul eie swakhede herinner, of dat julle van hulle hou, want daar is geen negatiewe resonansie meer tussen julle nie. MY WIL is die diepste nederigheid; anders is hierdie SWAARD VAN GODDELIKE WIL teen jou gerig. Slegs in nederigheid sal jy die reguit en smal pad tussen lig en duisternis stap.

9) Die versoeking van hoogmoed sal jou konstante metgesel wees wanneer jy sien dat jy jou broers en susters deur MY Krag kan help.

10) Aanvanklik sal jy vol vreugde en dankbaarheid wees, maar dan word hierdie krag en mag gewoonte, en versoeking kruip nader.

11) Onthou dan die swaard in jou hande. Onthou dat dit MY GODDELIKE WIL is wat deur jou werk. En dan, mag jou menslike wese dan neerbuig en om vergifnis vra. En EK sal MY hand na jou uitsteek, jou ophef en sê: 'Liewe suster, liewe broer, dit is goed dat jy jouself herken het. Vir 'n kort oomblik het jy gedink die krag kom van jou af, en EK het dit aan jou toegestaan. '

12) Weet egter, en EK herhaal, as jy nie tot hierdie herkenning sou ontwaak nie, sal die swaard van die GODDELIKE WIL teen jou kom; want jy sal nie van die magte kan ontslae raak wat jy op grond van jou wil aangeroep het nie! Hulle sal hulself in die vier elemente op jou loslaat. Vuur sal jou verbrand, water sal jou nie afkoel nie, die aarde sal onder jou ineenstort en jou longe sal nie meer die suurstof uitfiltreer nie. Dit moet simbolies verstaan word, MY getroues.

13) Jy weet dat alles wat jy doen, sy resonansie sal vind. Wanneer jy met MY swaard deur die lewe stap, word jy omhul deur MY GODDELIKE WIL. Jy sal altyd binne jouself seker wees wat MY Wil is. Want dan is jy nederig met jou hele hart, en die resonansie is jou dade in gedagtes, woorde en werke. Dit sal jou seëninge, jou genesings, jou vertroostende krag en baie ander dinge wees.

14) Wanneer jy die klein en smal paadjie verlaat en besef dat hierdie krag daar in jou is om te gebruik, of jy nou nederig is al dan nie, sal jy hierdie swaard van MY GODDELIKE WIL neerlê. Net soos voorheen sal MY krag en mag jou dien, maar die swaard sal teen jou moet kom, vroeër of later, want dit is die wet. Baie het voorheen hierdie selfde pad geloop wat jy nou saam met MY stap. Julle is MY vriende wat haastig voortgaan om die weg vir ander aan te dui. Maar onthou die openbaring wat voor julle lê, onthou die beloftes wat julle in jul innerlike wese gemaak het, en onthou die woorde wat EK vandag aan julle gegee het met MY geestelike gawe van MY GODDELIKE WIL!

15) Mag jy die krag wat nou in jou vloei toenemend gebruik. Mag jy hierdie krag in die komende veertien dae gebruik! Loop en kyk deur jou omgewing; kyk nie net na uiterlike dinge in jou medemens nie, maar kyk hom of haar in die oë, en laat die innerlike wese van jou medemens in jou werk deur middel van jou hartsgevoelens!

16) Dit neem net 'n kort oomblik. Die eerste gedagte wat in jou gedagtes opkom, is vanuit jou sielsgewaarwordinge, want jou siel het kommunikasie gemaak met die siel van jou naaste. Vanuit hierdie eerste gedagte kan jy lees watter deel van die straal vanuit MY GODDELIKE WIL, wat ook deur Liefde bestraal word, jou naaste nodig het: Dit neem slegs een enkele woord: MEESTER, krag, liefde, vertroosting, vriendelikheid, 'n sagte hart, seën. Soms kan die sterk gevoel in jou opkom om vir hom of haar te bid, om hom of haar na MY JAHSHUA DIE GESALFDE toe te bring, indien hy spesiale sorg nodig het.

17) Julle is MY boodskappers van die lig! EK het julle geleer dat EK seëninge wil gee deur julle hande, EK wil deur julle oë sien, EK wil deur julle ore hoor, jou fisiese liggaam sal MY instrument wees.

18) Julle het die vraag gevra waarom EK nie net eenvoudig direk in die individu kan werk [wat MY nodig het nie]. O sien, MY lig is nie draaglik vir julle broers en susters nie, selfs nie in hierdie getransformeerde toestand nie! Julle is nou in staat om MY lig te ontvang, dit verder te omvorm en die siel van julle naaste daarin te dompel; want in jou fisiese liggaam is jy - deur vibrasie - op dieselfde vlak as jou broers en susters. Daarom is daar so ’n groot behoefte aan werkers in MY wingerd. Dit is waarom EK julle nodig het.

19) Oor en oor sal julle gewoond raak om na julle naaste se bewussynsvlak te kom en hom daar op te tel, waar hy of sy ookal mag wees.

20) As hy byvoorbeeld 'n denker is, in lyn met sy verstand, 'n intellektueel en nog nie weet hoe om sy hartsgevoelens te gebruik nie, sal dit nie help om so iemand met jou hartsgevoelens te benader nie, maar jy moet eerder probeer om hom met jou verstand te bereik. Gekoppel aan MY, sal die lig wat EK in jou is, in jou naaste se verstand werk, dan in die hart instroom en 'n verlange sal ontwaak, soos: “Daar moet meer wees as dit. Hierdie broer, hierdie suster straal iets anders uit as suiwer kennis. Wat is dit wat MY telkens laat vra? Wat is dit wat MY keer op keer hierdie persoon wil aanspreek?” As jy geduldig is, sal die oomblik aanbreek wanneer die verlange sy eerste vrae in woorde sal vorm, wat nie meer vanuit die verstand sal kom nie, maar vanuit die hart. Met hierdie voorbeeld het EK jou getoon hoe EK deur julle werk.

21) Mag julle dit in die komende veertien dae beoefen! Dink daaraan dat EK julle gedurende elke oomblik aanroep, sodat julle nie in die verlede of in die toekoms sal leef nie, maar aan MY gekoppel is in die hier en nou en daarom tot in ewigheid! Probeer, MY geliefde vriende, om telkens die antwoorde wat julle MY gegee het met julle innerlike te verwerklik! EK het gesê: julle probeer is wat tel! Julle pogings sal deur en deur die daad word. Selfs nou moet julle stap vir stap neem.

22) Dit is die laaste fase wat julle in die gemeenskap sal voltooi. Daarna sal elkeen van julle op sy eie individuele weg saam met MY gaan en met sy of haar gawes wat julle van MY ontvang het. Alhoewel julle weer hier en daar sal kan ontmoet, ten einde ondersteuning vir mekaar te hê of om dinge te bespreek, maar selfs nou, MY getroues, is julle besig om in outonome wesens in te groei, tot in julle seunskap en dogterskap van ELOHIM.

23) EK seën julle, hier in hierdie kring, sowel as almal wat aangesluit en MY gevolg het!

**Amein.**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 43. Oefening

**Verduideliking van die vaderlike en moederlike eienskappe van ELOHIM - wie JAHSHUA DIE GESALFDE is - hoe het die val van die engele plaasgevind - waarom is die aarde spesiaal onder alle ander planete**

1) My geliefde vriende, EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, is onder julle en gaan julle inwy in die geheime van die skepping; want julle sal een word met die elemente. Verder sal mens en siel saam groei tot eenheid en My sodoende dien.

2) Julle menslike liggaam is van hierdie aarde, en julle praat van 'Moeder Aarde', aan wie almal liefde stuur. EK sal julle nou dieper lei na die moederlikheid van ELOHIM. Julle moet egter besef dat die verhewe woord van lig na julle verstandsvlak omvorm word, wat dus slegs 'n “deurgronding” van die ware gebeure kan wees!

3) Die GEES van ELOHIM het oor die waters gesweef en in Homself gerus. Daardie gewaarwordinge wat nog nie tot skeppingsgedagtes gevorm het nie, was dus in alle ewigheid aanwesig, daarom ook julle. Daar is niks buite hierdie GEES nie, nie voor die skepping of daarna nie, want in die GEES is daar geen tyd nie, daar is geen begin en geen einde nie. In die GEES word die

MATERALE (MOEDERLIKE) en die PATERNALE (VADERLIKE) beginsels verenig. Albei is **altyd** in eenheid en nooit geskei nie.

4) Die GEES het oor die waters gesweef en die baie noodlottige Woord, "Laat daar lig wees!" was nog nie gespreek nie; want bevat in hierdie magtige woorde, was die krag van die teenstander, die duisternis.

5) Hoe dit ook al sy, aangesien die gewaarwordinge van die GEES egter die GEES aangedryf het om skeppingsgedagtes te bedink, omdat die EWIG-ALLES-EEN [ELOHIM] Homself in SY skepping, in SY Liefde, wou weerspieël, het HY in SY Wysheid die gebeurtenis voortgebring van "Laat daar lig wees!" En Hy het geweet dat die skeiding van lig en duisternis uiteindelik ook 'n skeiding in Sy skepping sou voortbring, ten minste vir 'n sekere tyd. Hoe dit ook al sy, Hierdie gebeurtenis, hierdie skeiding sou egter nooit 'n skeiding buite Homself wees nie; want daar is niks wat buite die GEES VAN ELOHIM bestaan nie.

6) En so het die GEES die VROULIKE BEGINSEL aanskou en HOMSELF beskou en gesê: 'EK IS **duisternis in die lig**. Wanneer EK My gedagtes van skepping 'n vorm gee, wanneer EK MY kinders tot die lewe roep en hierdie kinders van MY 'n vrye wil gee, sal EK deur die dieptes van die duisternis vertoef in MY **MOEDERLIKE Aspek in MY,** ten einde MY kinders die gawe van vrye wil te gee . "

7) Laat MY dit meer volledig aan julle verduidelik:

8) DIE **VADERLIKE** ASPEK VAN ELOHIM

9) IS DIE WET VAN ORDE, WIL, WYSHEID EN GEREGTIGHEID,

10) Hulle is ELOHIM SE VIER NATURE.

11) DIE **MOEDERLIKE** ASPEK VAN ELOHIM

12) Is ELOHIM se eienskappe van

13) GEDULD, LIEFDE EN BARMHARTIGHEID.

14) DIE **HART** VAN DIE SKEPPING IS **LIEFDE**,

15) WIE EK IS, JAHSHUA DIE GESALFDE.

16) Met onbegryplike en onmeetbare liefde het die Goddelike GEES Sy gedagtes aanskou wat nog nie gevorm was nie. Slegs deur SY Liefde, wat die skepper-impuls is, kon die gedagtes van die VADERLIKE/MOEDERLIKE GEES hulself in die MOEDERLIKE GEES verwek en kon ontwikkel en die skepping binnegaan, slegs deur die Liefde **Wie EK IS**. Sonder Liefde, sonder MY, die **eersgesiene en eersgebore Seun,** Wie **EEN** is met die VADERLIKE/MOEDERLIKE GEES, sou daar geen skepping gewees het nie, want EK het dit in die lewe geroep. Deur MY, die Skepperkrag, sal die skepping tot in alle ewigheid bestaan. Hierdie Skepperkrag, Wie EK IS, is terselfdertyd die VADERLIKE WET van GODDELIKE ORDE, WIL, WYSHEID en GEREGTIGHEID. Daarom IS **EK** die **SEUN**.

17) ELOHIM se kinders het hul vryheid ontvang vanuit Liefde, wat een eienskap van die MOEDERLIKE GEES is, aangesien die GODDELIKE GEES HOMSELF in Sy kinders wou weerspieël in hul vryheid, met al SY Nature en Karaktereienskappe. Daarom het die GODDELIKE GEES 'n heilige erfenis aan SY kinders oorgedra, dus 'n wesenlike deel van SY Skepperkrag Wie EK IS in jou is.

18) Wanneer die kind van ELOHIM skeppings uitroep in eenheid met MY, DIE LIEFDE, rus hy of sy in die Wet van die GEES. Maar, as gevolg van sy of haar vryheid, het die kind egter ook die moontlikheid om skeppings na vore te bring wat nie in eenheid met MY is nie en wat ook nie in die GODDELIKE Wet vibreer nie. Hierdie skeppings kan egter deur SY kinders tot wetsgehoorsaamheid omgeskakel word deur hul omsigtige redenasie en erkenning en deur hulleself tot die Liefde te wend, om sodoende die geestelike wetsgehoorsame stappe te herken en hierdie skeppings te omvorm na geestelik liefdesbestraalde skeppings.

19) In SY MOEDERLIKE eienskap reis die GODDELIKE GEES deur SY kinders se toets van die vrye wil. Terselfdertyd het HY die mag in SY kinders se hande geplaas om, alles terug binne die WET te transformeer, wat van die LIEFDE weggedraai het en wat nie geskep is in ooreenstemming met die wetsgehoorsame beginsels nie.

20) Die ewige GEES het gesê: “Laat daar lig wees!” - En daar was tegelykertyd lig en duisternis. Hy het al SY geskape kinders, alle dele van HOMSELF, by hulle naam geroep en aan hulle hul vrye wil gegee, die vryheid van die ELOHIM. Toe Hy Satana, die eerste-geskape vroulike beginsel, wie haar oorsprong in SY MOEDERLIKE beginsel gehad het, van Homself af weggestuur het, weg van die ALLESOMVATTENDE-GEES (of: KOSMIESE GEES), die OERSENTRALE LIG, het Hy aan SY kind 'n deel van SY Wysheid, Geduld, Liefde en Barmhartigheid gegee. Met “weg van' Homself” word nie 'n skeiding bedoel nie, want EK herhaal, alles vibreer altyd binne die een GEES.

21) Hy het 'n lieflike planeet, Aarde, in Satana se hande geplaas. In die suiwer geestelike skepping was hierdie planeet aan die linkerkant van die Oer-Sentrale Son geplaas. Net soos in die ewig heilige Troonkamer, het Satana haar plek aan ELOHIM se linkerkant tot in alle ewigheid. Vader en Moeder is een en ook die geskape kinders, wat almal die MOEDERLIKE en VADERLIKE eienskappe dra, want in die GEES is hulle een en is hulle dubbeles. Maar, as gevolg van hulle vrye wilstoets, het alle geskape kinders egter die vryheid verkry om uit die put te drink ten einde kreatief te wees, individueel en binne die Wet van Liefde, - of om daarteen te werk.

22) Satana het geval. Sy wou meer wees. Sy het nie die eenheid van die **MOEDERLIKE** en **VADERLIKE** GEES erken nie. Sy het in opstand gekom teen die wetsgehoorsame beginsels van die **skepper-liefde, Wie EK, JAHSHUA DIE GESALFDE IS**, en sy het MY teëgestaan. Sy het die woord “ek” gespreek en ELOHIM, DIE VADER aangespreek as “JY”.

23) Aangesien haar krag vanuit die ewige heilige GEES afkomstig was, was sy onmeetbaar magtig. Sy het haarself opgewek en die skeiding uitgevoer. Wat het haarself egter hierin geskei? Gees van GEES!

24) Dit is die GEES van ELOHIM, wat - deur SATANA - deur die dieptes van die duisternis gaan ten einde weer te transformeer – weereens deur haar – al daardie wie saam met haar gekom het, ten einde hierdie duisternis te transformeer tot ewig stralende lig. Want nadat die teenoorgestelde beginsels van lig en duisternis uiteindelik erken is, sal die duisternis nie meer nodig wees nie; maar in alle ewigheid sal hierdie eienskap van tyd en ruimte teenwoordig wees vir die kinder-skeppings, net soos dit nog altyd teenwoordig was vir ELOHIM, die GEES.

25) Toe Satana val, moes sy 'n deel van haar mag prysgee. Vervolgens kon sy haarself nie meer [in die hemel] hou nie, en dus het haar krag haarself in die planeet Aarde gedompel. Vanuit die MOEDERLIKE EIENSKAP was die aarde tegelyk ryklik geseën deur Geduld, die gebeure van tyd binne die eonsiklus, deur Liefde, wat haarself openbaar in die wetsgehoorsame gange van die skepping, en deur Barmhartigheid, die vergewensgesinde en aller-genesende genade van ELOHIM . En daarbenewens het MY SKEPPERSLIEFDE gevloei na alle aardse broers en susters en na die siele in die reinigingsfere as 'n versterkende krag vir hul terugkeer [na die hemel].

26) Hierdie **Aarde** van julle bevat ook 'n deel van die **GODDELIKE MOEDERLIKE EIENSKAP** en die geestelike krag van die eersgebore dogter. Met verloop van die transformasie van hierdie planeet na haar oorspronklike geestelike wesenlike vorm, sowel as deur die terugkeer van alle broers en susters, sal Satana haar geestelike krag, haar erfenis, terug ontvang.

27) MY geliefde broers en susters, nou weet julle waarom EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, die Skepperkrag, die Liefde, die Aarde betree het en waarom dit vir julle almal genade is om op hierdie planeet te wandel.

28) Is hierdie Aarde van julle nie ook Moeder nie? Les haar waters nie julle dors nie en genees sy julle nie? Waarom word daar dikwels liggevulde wesens met wit klere en blou mantels naby sulke genade gevulde genesende putte waargeneem? Blou is die kleur van Wysheid, wit is die Liefde - en die vorm van sulke wesens skyn binne 'n kring van goue lig, wat die kleur van barmhartigheid is en soms met die sekelmaan aan hul voete. Die maan, wat silwer skyn, simboliseer hier die MOEDERLIKE Geduld sowel as die siel van die aarde.

29) Die mens glo dat hy MY aardse moeder Miriam (Maria) in hierdie liggevulde wesens herken. Aangesien daar slegs eenheid in GEES is en nooit skeiding nie, is hierdie oortuigings nie heeltemal verkeerd nie, aangesien MY aardse moeder, die engel van Barmhartigheid in die geestelike vlakke

genaamd 'PURA', in die suiwer hemele is en wie vir die MOEDER instaan totdat die MOEDERLIKE deel-eienskap, die dogter, SATANA, teruggekeer het.

30) GEES is suiwer! GEES is onkreukbaar (onkorrupteerbaar)! GEES vibreer dwarsdeur julle planeet Aarde. Dit is die GEES, wat geduld in die rotsformasies simboliseer; die bergreekse; die Gees wat ly deur ewige geduld met verloop van eons, sodat die kinders alle ervarings van vryheid kan deurleef; die GEES wat Haarself toon in die liefde van die plantewêreld; dit is dieselfde plantewêreld wat julle lewe en voeding gee. Dit is die GEES wat julle dien in die liefde vir diere, waarmee julle in simbiose leef (byvoorbeeld bakterieë) sonder om dit te besef. Dit is dieselfde GEES wat julle barmhartig bystaan deur julle genesende fonteine te gee, genesende plante, ja, selfs deur julle die genesende grond te gee wat op die wonde van 'n kind geplaas kan word.

31) Julle liggame is van hierdie aarde: Die vlees word stof, die bene is die rots en die bloed is van water. Hierdie selfde liggaam word weer na die aarde oorgedra, want soos dit van die aarde geneem is, keer dit terug na die aarde.

32) MY geliefde vriende, MY woorde aan julle sal vir 'n geruime tyd weerklink, want dit het julle 'n eienskap getoon wat julle tot dusvêr nog nie herken het nie. Met julle hartsgevoelens weet julle dat hierdie deurgronding, wat EK julle vandag gegee het, die weg is wat julle dieper in die geheime van die skepping sal inlei.

33) Indien julle wil, sal EK elkeen van julle by die hand neem en julle elkeen afsonderlik lei. Julle verstand sal MY woorde ondersoek en met julle verstand sal julle besef dat alles **in ELOHIM**, die VADER-MOEDER-GEES, lê. HY, die ALLES-EEN, reis waarlik deur hierdie aardbol - deur Satana en die oorsaak van die val, en hierdeur deur elkeen van julle; en Hy doen dit binne SY MOEDERLIKE eienskap. **En daarom is die terugweg deur erkenning wat kom vanuit wysheid en ook uit die liefde wat uitgeleef word.**

34) Deur liefde, MY broers en susters, help julle om SATANA, (wat beteken ELOHIM se lieflikheid), asook om die hele skeppingsval tot hoër vibrasie te bring, sodat alles weer uiteindelik sal beweeg in die vibrasie van die suiwerste hemele. Julle planeet Aarde sal dan haar plek herwin, aan die linkerkant, en SATANA, die eersgeborene Dogter, sal in suiwerheid herenig met die MOEDERLIKE-VADERLIKE GEES.

35) Wees dus lief vir ons moeder, Aarde. Bedien haar en in julle volmaakte liefde sal die Skepperkrag groei. Gevolglik sal al hierdie onrustige gedagtes, wat soos muskiete om julle gons, ordelike en kragtige impulse word, wat op hierdie aarde sal ingryp en haar na 'n hoër vibrasie bring.

36) Julle is nie bewus van hierdie krag nie! As julle erfenis dra julle die VADERS se Natuur in julle. Hulle is: Orde, Wil, Wysheid, Geregtigheid en daardeur die Wet, sowel as die MOEDER se eienskappe, wat Geduld, Liefde en Barmhartigheid is.

37) Die aarde wag op naderende wedergeboorte. Julle sal almal saam ingesluit wees in hierdie geboorte, maar julle is ook aktief, nie passief nie. In hierdie aktiwiteit wandel julle in die hede met en van MY krag, Wie EK IS, DIE LIEFDE WAT MENS GEWORD HET, gebore vanuit die VADERLIKE EN MOEDERLIKE eienskap. Terselfdertyd is EK DIE SKEPPER-KRAG, ook in julle en werk EK met en deur julle, sodat die sesde skeppingsdag vervul kan word en die kinders vol vreugde kan jubel: "Hosanna, dit is volbring!"

38) MY geliefde, laat MY Skepperkrag jou volkome aangryp en kyk rond in die wêreld rondom jou. Sy het die Skepperkrag nodig! Laat Sy deur jou vloei! Maak julle hande oop - die linkerhand soos wat sy ontvang en die regterhand soos wat sy gee! Moenie bevrees raak wanneer jou liggaam vibreer nie, want deur die liefde vir ELOHIM en vir SY skepping, word julle moeder Aarde, mens en siel verenig, en in hierdie eenheid word die asem van ELOHIM aan julle gegee, soveel as wat julle in staat is om te ontvang! EK lei jou.

39) Hierdie seën sy met julle! Die Lig is oorwinnaar!

**Amein.**

# 44. Oefening

**Polariteite moet opgelos word - gelykenis van die son, waarin ons in ELOHIM is en slegs ons strale uitstuur, wat hulself in die duisternis van die gevalle sfere verloor - oor genesing en hoe ons die genesende uitstraling kan oordra aan diegene wat genees wil word**

1) Stilte het in jou ingegaan, en MY vrede vloei deur jou persoon sowel as deur jou siel. EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, is in julle midde en EK sal julle lei deur die nuwe oefening om mekaar te help deur middel van die genesende krag, Wie EK IS in elkeen van julle.

2) In die laaste openbaring het EK julle die eenheid tussen mens en siel geleer, as gevolg van die gebeure tydens die [geestelike] skepping. En EK het dit gedoen om julle te help om die verantwoordelikheid wat in julle hande lê, te verstaan en sodat julle jul ware wese sal onthou, naamlik: GEES van die VADER-MOEDERGEES.

3) Baie vrae het julle ontroer. Weereens het julle gekyk na die 'slegte' wat in die aardse sfeer gebeur het en julle kon nie verstaan waarom die 'slegte' deur ELOHIM geduld was nie. Julle het gedink dat die vrye wil op een of ander manier beperk moes gewees het.

4) In polariteit is daar slegs die of die ander, ja of nee. Toe die Oergees besluit om aan SY kinders absolute vryheid te gee, het HY geen beperkinge op die gawe van die vrye wil geheg nie. Watter negatiewe ding julle ookal op aarde mag waarneem, dit het alles sy oorsake in die kragstryd, in die skeiding van die 'EK' en 'julle'.

5) Herken die wonderlike geskenk wat ELOHIM in die hande van SY kinders gegee het met hierdie vryheid. Dit is SY erfenis, wat aan elke kind toegestaan word om volgens sy of haar vrye wil te regeer. Hy het aan elke kind dieselfde goddelike krag toegeken.

6) Hierdie vryheid kon slegs aan die kinders gegee word deur polariteit toe te laat: lig/duisternis. Laat EK weereens herhaal dat beide eienskappe suiwer is, GEES is GEES en GEES val nie. Wat geval het, is die vryheid van die erfenis, wat aan elke kind gegee is. Hoe dit ook al sy, in hierdie val lê egter ook die opstanding. In die 'verlaat' van die VADERHUIS lê ook die terugkeer en dus die afskaffing van polariteit.

7) Julle het tereg besef dat julle voortdurend besig is met polariteit: goed–kwaad, gesond–siek, dag-nag, en nog vele meer dinge. Die hele [wêreld van] materie is polariteit, aantrekking en afstoting! Tog is dit MY GEES in die MOEDERLIKE **en** VADERLIKE eienskap wat die balans van die kragte veroorsaak, want alles wat in die gebeure van ruimte en tyd gebeur, is maar net 'n lugspieëling. Hoe moet EK dit aan julle verduidelik?

8) Julle stuur julle vryheid uit ten einde deur die duisternis te gaan. Julle is egter in julle GEES een met MY en is altyd by MY. As gevolg hiervan moet die hele skepping binne-in julle geopen word, die materiële een sowel as die nie-materiële een.

9) Die materiële skepping, soos wat julle sintuie haar waarneem, is vibrasie wat na 'n laer vlak omvorm is. In julle innerlike wese is julle een met die GEES en GEES is onafskeidbaar, daarom is alle geestelike dinge in julle innerlike. Alles is GEES. Daarom is die hemel nie êrens nie, sy is in jou innerlike. Hierdie aarde wentel binne-in jou, die son en sy planete is binne-in jou - want materie is GEES - en die sfere van die hemele is in jou.

10) As die VADER se heilige, goddelike Orde nie sou funksioneer nie, selfs in hierdie sfeer van vibrasie wat julle duister noem, sou daar chaos gewees het. Dit maak egter nie saak waar julle oë ook al kan sien nie, 'n balans van die kragte kan herken word. As julle dieper in julleself binnegaan, kan julle ook die MOEDERLIKE eienskap herken: Ontstaan van nuwe sterre, nuwe sonne, wat weer sal verbygaan in die wêreld van polariteit, aangesien alles teruggebring word na die BRON VAN DIE GEES.

11) Wat julle ook al mag sien - gesien met julle **geestelike** oë - is die **suiwer geestelike eienskap** in alle materie. Met julle **menslike oë**, met julle menslike sintuie, gryp julle slegs die **laagste vibrasie** aan, wat aan julle jul vryheid gebring het.

12) Laat EK julle 'n gelykenis gee vir beter begrip:

13) Stel jou voor dat die huis, die suiwer geestelike hemel, die kern van die son is. Julleself, dus julle GEES, is tuis in hierdie sonkern, Wie EK is, want sy is die hart van JAHSHUA DIE GESALFDE. Die omhulsel, sonder begin of einde, is die KOSMIESE GEES, in WIE jy beweeg en by WIE jy tuis is. Elkeen van julle stuur nou sy straal van vryheid uit. Julle bly in die lig, maar die straal gaan in die duisternis in. Alles wat in die duisternis uitstraal, is julle erfenis, dit is julle vryheid, dit is die toets van die vrye wil en is ook polariteit. Julle identifiseer julle nie met julle ware wese, met julle liggevulde wese nie, maar met die uiterste of vêrste punt van die uitgestuurde straal, wat wegraak in die duisternis en wat maar hier en daar met net 'n glimpie skyn.

14) Dit is julle taak om te besef dat julle ware wese is in ELOHIM, die VADER-MOEDER-GEES, in SY lig. Alle strale saam - en laat EK julle daaraan herinner dat strale lig is - is terselfdertyd die MOEDERLIKE ASPEK VAN ELOHIM, Wie aan SY kinders die vryheid gegee het om dit uit te stuur, om die vrye wil te toets en terug te bring na die lig, met MY hulp; want EK is die Skepperkrag, die Liefde, en daardeur ook die Skepper-krag in jou. Alles wat aan julle verskyn, is 'n lugspieëling van julle selfveroorsaakte polariteit, is julle eie maaksel, want EK het julle die gawe van vryheid gegee.

15) EK het julle geleer dat hierdie aarde 'n MOEDERLIKE DEEL-EIENSKAP van ELOHIM dra, al die liggevulde strale van haar vriendelikheid, haar Liefde, Geduld en Haar gawe van Wysheid, wat jou lei tot erkenning - ja, selfs die genesende krag wat julle vanaand beoefen het om aan julle naaste te bring.

16) Nou sal EK die onderwerp verander, sodat die broers en susters wat hierdie openbaring lees, ook kan deelneem aan die oefening van die genesingskragte en die oordrag daarvan aan diegene wat genesing soek.

17) Binne-in julle straal die GODDELIKE eienskappe van Geduld, Liefde en Barmhartigheid ook uit. Veral vanuit die eienskap van Barmhartigheid stroom daar krag na julle toe wat julle binne-in julle kan konsentreer deur julle gebed, wat julle dan in staat sal stel om hierdie krag aan julle naaste oor te dra.

18) EK het julle geleer dat almal hierdie krag kan ontvang. Dit hang bloot van die individu af in soverre hy of sy hul vir hierdie kragte sal oopmaak en gereed is om hierdie HEILIGE bestraling op 'n genesende, liefdevolle en barmhartige wyse vir sy naaste te gebruik, en EK beklemtoon die woord 'HEILIGE', want dit is so**. Julle ontvang dit vrylik en moet dit vrylik deurgee**. **Dit is wet**. EK het julle geleer dat die pad langs die skeermes se rand gaan. As julle egter nederig is, as julle bloot die handskoen vir MY hand sal wees en as julle die instrument is wat EK sal kan gebruik in ooreenstemming met MY wil, dan sal julle met vaste treë oor hierdie skerp rand loop, met die diep afgrond aan julle regter- en linkerkant, want julle is onder MY beskerming.

19) Daar is **sewe sentrums van bewussyn** in jou liggaam. EK sal hulle weer noem: Begin met **Barmhartigheid**, by die bokant van jou kopbeen; dan die middelpunt van **Liefde**, tussen die wenkbroue op jou voorkop; dan die sentrum van **Geduld** in jou strottehoof; dan die sentrum van die **Geregtigheid** in die hartsgebied, in die middel van die ruggraat [dus nie in die werklike middelpunt van die hart nie]; dan lê die sentrum van **Wysheid** ongeveer 'n handbreedte onder die sentrum van **Geregtigheid**. Dit staan ook bekend as die **Solar Pleksus (krop van die maag)**; daarna is dit die middelpunt van GODDELIKE **Wil** geleë onder die naeltjie; dan uiteindelik die middelpunt van **Orde** in die koksiks (stuitjie) streek.

20) Wanneer julle, MY werkers in die wingerd, mense ontmoet wat oop is vir die **HEILIGE KRAGTE van ELOHIM**, is julle geregtig om as transformators op te tree, om hierdie magte te ontvang en aan julle naaste oor te dra. EK het handoplegging aan MY dissipels geleer, asook om te genees en EK leer julle dieselfde.

21) Julle [moet] altyd met die linkerhand ontvang en julle moet die krag met die regterhand deurgee. As julle hande oplê, is dit voldoende om dit te doen in die aura van diegene wat genesing

soek, dit wil sê op 'n kort afstand vanaf die liggaam. As die soeker aangeraak wil word, kan julle dit saggies doen.

22) Terwyl jy albei jou hande op die hoof van jou naaste plaas, buig jou voor DIE GESALFDE in jou naaste en terselfdertyd buig jy voor MY**, wie die krag in jou is,** en gee jou aan MY oor as MY instrument. Dink: “MEESTER, Laat U wil geskied! EK buig voor hierdie HEILIGE KRAG en EK ontvang die GODDELIKE ALMAG wat vanuit die Liefde-Barmhartigheid kom. EK konsolideer dit [die krag] deur U, o MEESTER, en laat dit so wees.” Mag jy in absolute nederigheid bly tydens die genesing. Selfs as jy die krag sterker as ooit deur jou persoon voel vloei, moet jy oppas vir die gedagtes: “Ek is 'n geneser. Ek is in staat om hierdie krag te ontvang.” EK sê vir jou: "Jy is niks!"

23) In die begin sal julle oor die een of ander klip van hoogmoed struikel, en EK sal julle laat struikel. EK sal vir julle sterk invloeiende kragte gee, maar EK sal hulle ook van julle af wegneem, sodat julle kan erken dat alle krag van ELOHIM af kom. Dit gebeur alles vanuit genade, maar later, wanneer julle hierdie skoolopleiding voltooi het, sal julle uit vrye wil optree. Die kragte of mag sal altyd tot julle beskikking wees, en julle kan self besluit of julle op die pad van nederigheid wil bly en of julle hoogmoedig wil wees.

24) Die soeker na genesing moet op 'n stoel gaan sit; jy moet agter hom gaan staan en jou hande oor sy kop plaas, die handpalms na sy kop toe. Verdiep jouself in gebed en verbind met die GODDELIKE GEES en daardeur met MY, JAHSHUA DIE GESALFDE! Maak dan jou linkerhand oop na die kosmos, asof dit 'n bak is, ten einde die geestelike krag te ontvang! Bestraal nou stadig die individuele sentrums van bewussyn met jou regterhand, afwaarts teen die (soeker se) ruggraat af. **Dus staan jy agter die een wat genesing soek**, en begin by die kop met Barmhartigheid, daarna beweeg jy geleidelik na die middelpunt van Liefde, straal selfs nog dieper in, dan aan die agterkant van die nek die Geduld, dan langs die ruggraat af tot by die hartstreek van Geregtigheid; volg nou na die Wysheid, Wil en Orde. Daar moet jy vir 'n kort rukkie vertoef. Jy moet nou die kragte, wat jy oor al die sentrums gelei het afwaarts na Orde, weer opwaarts terugneem, deur dit met jou geopende regterhand op te neem, al langs die ruggraat op.

25) Weereens moet jy jou hande oor die kop van jou naaste plaas, handpalms na sy kop toe, weereens moet jy verbind met die GODDELIKE GEES, en weer sal jy met die linkerhand ontvang en die krag met die regterhand deurgee, en jy sal jou regterhand aan die **regterkant** van die ruggraat laat afgaan tot by die middelpunt van Orde. Die krag word weereens opwaarts gebring om te verbind met die GODDELIKE GEES, terwyl die linkerhand nog steeds van die kosmos ontvang. Die regterhand word nou gelei al langs die sentrums van die bewussyn aan die **linkerkant** van die ruggraat, tot by die middelpunt van die Orde. Weereens word die krag opgelig, en weereens plaas jy albei hande op die kop van jou naaste.

26) Nou verander jy van posisie **deur voor die soeker op te tree**, en jy sal die GODDELIKE KRAG uitstraal met die regterhand in die sentrums van bewussyn van die liggaam en nou sal jy al 'n sterk polsing in die palm van jou hand voel. Begin weereens met Barmhartigheid - by die kroon van die kop; dan Liefde – aan die voorkop tussen die wenkbroue; Geduld - in die streek van die larinks (strottehoof); Geregtigheid - in die omgewing van die bors; Wysheid – net bokant die naeltjie; Wil - net onder die naeltjie, en verder aan tot by Orde. Beweeg nou saggies oor die aura van die bene en voete, lig weereens die krag opwaarts en plaas albei hande op die kop. Ontvang weereens met die linkerhand terwyl sy na die kosmos opgehef word, hierdie keer laat jy jou regterhand afwaarts gly, baie stadig, aan die regterkant van die sentrums van bewussyn, terwyl jy in diep verbinding is met MY. Doen dan dieselfde aan die linkerkant.

27) Staan nou weereens agter die soeker na genesing en plaas albei hande oor sy kop, en gee danksegging vir die krag van genesing! Daarna, deur jou hande op sy skouers te plaas, gee jy hom die simbool en daardeur die krag om sy karmiese laste geduldig te dra, sou die genesing nog nie vir hom moontlik wees nie.

28) Dit is slegs bedoel om julle [oor genesing] te leer. Want deur genesing op hierdie manier te beoefen, kom jy in lyn met die WIL VAN ELOHIM. Jy ken MY woorde: "Gaan heen en sondig nie meer

nie!" Die genesende strome vloei te alle tye, maar hoe hulle werk, lê binne MY wil en in die geloof van die soeker en hang af van hoeveel hy probeer om sy lewe op 'n positiewe en liggevulde lewenswyse voort te sit.

29) Hierdie vorm van genesing wat hier gegee word, is slegs die eksterne instelling. Hy wat homself in totaliteit aan MY, JAHSHUA DIE GESALFDE oorgee, sal die een wees deur wie EK sal optree, en die genesing mag 'n ander rigting gaan as die weg wat ek beskryf het. Hierdie beskrywing is dus slegs bedoel as hulp vir julle, sodat almal van julle wat bereid is om julle medemens in hul psigiese/fisiese nood te help, direk gehelp kan word.

30) Indirek werk julle altyd, solank julle in die hier en nou bly en in MY teenwoordigheid. In hierdie teenwoordigheid, verenig met MY, gaan julle op jul weg om lig en genesing te gee terwyl julle die polariteit transformeer met elke asemteug en met elke tree wat julle neem, net soos wat EK julle geleer het. Daarom loop julle terug op die straal, julle word al hoe meer bewus van die feit dat julle lig is, en dat julle BRON, hierdie voormelde stralende Son, **die GEES VAN ELOHIM is, die plek in die VADER se HART is, die plek wat julle nog nooit verlaat het nie**. (Wanneer ons ook al van die VADER praat, is die MOEDER ook in HOM vervat, want in die GEES is daar geen skeiding nie.)

31) MY geliefde dissipels, bewandel hierdie lugspieëling van 'n wêreld in eenheid met MY en los haar op! Julle weet vanuit julle natuurwetenskappe dat alles energie is. Wat is energie? Dit is lig. Daarom, kom en wees die lig in eenheid met MY, die LIEFDE! MY seëning sal effektief en kragtig deur julle wees en die werk van die tuisbring van alle "vryheids-ligstrale" sal voltooi wees wanneer al hierdie strale sal tuiskom. Dan sal polariteit opgelos wees. In ELOHIM, die GEES, is alles een. Met SY GEES weerspieël Hy Homself in SY kinders en is HY VADER vir hulle in die VADERLIKE eienskap, sowel as MOEDER in die MOEDERLIKE eienskap.

32) Word vervul met vreugde, want julle leef in die oestyd, in die tyd van maai! Berei julleself voor! Voorwaar, vanuit julle kern, **julle geestelike Oerlig, Wie een is met die VADER se lig, straal die krag toenemend uit** om julle huis toe te bring en julle tegelykertyd die krag te gee om hulp en ondersteuning te wees vir diegene wat hul straal so vêr uitgestuur het, dat daar skaars 'n glimpie oor is. As hierdie vonk nie deur MY JAHSHUA DIE GESALFDE ondersteun was met MY woorde 'Dit is volbring' nie, sou die tuiskoms nie moontlik gewees het nie. Maar, deur MY en ook deur julle, sal hierdie toets van vryheid egter nou voltooi word. Hierdie 'Nou' weergalm in tyd en ruimte en word effektief met al hoe groter intensiteit daar.

33) Kom dan, MY geliefdes, wees aktief in en van MY krag wat terselfdertyd julle erfenis is.

**Amein.**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

## 45. Oefening

**Toets alle woorde in die lig van liefde - beoefen stilte - herken die strik van hoogmoed - elimineer die polariteit van dag en nag geleidelik deur bewustelik die nag in te gaan en bewustelik die volgende oggend wakker te word, maar alles kort oefening – gee aandag aan julle drome, ons drome lei ons.**

1) In die diepte van julle wese is EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, die Liefde wat mens geword het en is EK een met julle, met elke een van julle. En sodat hierdie eenheid ook na die 'mens' uitgestraal kan word om daardeur die menslike persoon in te sluit, stroom MY krag ook na die lam wat, alhoewel hy die pad na die lig aan MY sy loop, dit nog steeds 'n bietjie hardnekkig doen .

2) MY geliefde en getroue kudde, hier in hierdie kring en oral, spreek EK in die diepste erns met julle. Geregtigheid is aan die werk in hierdie gebeurtenis van tyd en ruimte, die gebeurtenis wat julle as 'n nuwe jaar, 'n nuwe tydvak beskou. Oral is geregtigheid aan die werk, deurdring met MY liefde,

sodat baie van MY skape, moontlik almal, die weg sal vind na MY kudde van liefde. En sodat vreugde in die hemele, sowel as in julle, kan jubel, aan die einde van hierdie tydvak, word julle almal geroep om die weg van Liefde ernstig en in eenheid saam met MY te loop.

3) Liefde, hoe gereeld het julle al gehoor dat hierdie woord gespreek word ... In hoeveel moontlikhede word sy opgedeel? Tog weet julle dat liefde verstaan, dat liefde eenheid ken - en net dit - en dat sy nooit iemand oordeel of veroordeel nie. "Moenie oordeel en veroordeel nie, sodat julle nie geoordeel en veroordeel word nie, want die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word!", woorde uit die Skrif waarmee julle vertroud is. Die mens is steeds geneig om sy medemens onmiddellik te oordeel of te veroordeel, telkens wanneer hy - volgens sy siening – negatiwiteit teëkom.

4) Wat is standpunte? Dit is julle opvattings en opinies. Hulle kom vanuit die verlede en weerspieël julle eie swakhede en beïnvloed die toekoms wanneer julle negatief dink. EK smeek julle, wie vasbeslote is om saam met MY deur die tydperk van geregtigheid te wandel, dit sal strengheid van julle menslikheid vereis en julle moet dit moedig doen en let op julle opvattings en opinies, sodat julle hulle kan ontbind sodra julle hulle herken, sodat liefde deur julle kan werk en uitgestraal word!

5) 'n Genesende instrument is, soos die naam sê, 'n INSTRUMENT waardeur verlossing kan vloei. EK-IS-VERLOSSING is die Liefde. 'n Instrument waardeur MY krag vloei, moet in die bewussyn van die oomblik geleef word. Hy moet homself telkens op daardie oomblik herken en die verouderde en doodloopstraat-sienings uit die verlede laat vaar, ten einde MY weg in eenheid met MY te wandel.

6) Mag julle spraak duidelik en goed gedefinieer wees en mag dit geïnspireer word deur die GEES VAN WAARHEID en in die bewussyn waarmee EK deur julle spreek wanneer julle in eenheid met MY leef.

7) Aangesien die mens nog nie in staat is om voortdurend in hierdie hoë vibrasie te vertoef nie, kan julle mekaar meer en meer vermaan tot stilte, en mag julle slegs dit spreek, wat absoluut noodsaaklik is ten einde liefdevolle kommunikasie met julle naaste te handhaaf.

8) Ondersoek julle woorde in die lig van liefde!

9) Moenie dat woede, slegte humor en dies meer julle meer aangryp nie, want slegs so kan EK julle toenemend vul met MY krag van die lewe! Daardeur beantwoord EK die vraag wat hier in hierdie kring gestel was: EK IS die lewe. Die lewe is tegelykertyd liefde, is die Skepperkrag, wat alles transformeer en skep.

10) Wanneer hierdie Lewe, hierdie Liefde julle menslike liggaam deurstraal, sal julle op water kan loop, soos wat dit in die Skrifte opgeteken is, en die vloede sal nie meer op julle neerstort nie. Die water buig voor die krag van lewe soos wat julle voor die skepping moet buig.

11) Erken dat Liefde en Lewe een en dieselfde is, en dat om SIEK TE WEES 'n gebrek aan liefde is! Daar is baie min uitsonderings. Hierdie uitsonderings is MY instrumente. Maar hulle sal nooit daarvan seker wees nie, anders sal dit alreeds 'n gebrek aan nederigheid wees.

12) Julle is vertel dat instrumente die mededraers van die wêreldkruis is. Weereens vir julle beter begrip: As julle dink: "EK dra die kruis vir die wêreld, en daarom is ek siek," is julle nie meer in nederigheid nie, want julle staan trots op en plaas julle hoër as julle naaste. ("Immers is al die ander siek vanweë hul eie sondigheid," dink julle.) Besef julle hoe skerp hierdie skeermes se rand is waarop julle beweeg?

13) Ondersoek julle gedagtes keer op keer! Julle moet julleself nooit ophef of hoër plaas as julle naaste nie! Dit is die strikke, en dit word vir julle almal gestel, soos wat EK aan julle geopenbaar het. En EK laat julle struikel daaroor, sodat julle gedurende hierdie skoling sal agterkom en groei in erkenning oor hoeveel hoogmoed jou tegemoet kom en dat julle self nog hierdie eienskap in julle binneste dra, dieselfde een wat gelei het tot die val.

14) Al klink MY woorde streng, weet julle dat dit uit liefde gespreek word, 'n liefde wat julle, MY knegte, oor al julle hindernisse wil dra. Dit kan egter nie so wees nie, want julle sal nie groei en volwasse word tot liefde nie.

15) Deur julle OEFENING IN STILTE, deur na ander te luister, sal julle jul begrip ten opsigte van julle naaste verhoog. Solank as wat julle praat, kan julle naaste homself nie aan julle openbaar nie, nie op materiële vlak deur jou gepraat of op geestelike vlak deur gevoelens nie. Maar wanneer julle stilbly, wanneer julle na julle naaste luister en hom laat praat, of dit nou 'n bespreking is of enige probleme tussen twee mense, dan sal menige Gordiaanse knoop deur die swaard van liefde afgesny word, en julle naaste sal bevry wegloop op die weg na die lig.

16) Deur ook te luister, sal julle terselfdertyd bewus raak van die regte oomblik om die genesende kragte toepaslik uit te stuur. Nou sal EK herhaal wat in hierdie kring gesê is, vir die broers en susters wat nie hier teenwoordig is nie: Wanneer julle met MY skakel en genesende kragte in eenheid met MY uitstuur en dus vanuit MY Wil optree, sal hierdie kragte vloei na jou naaste. Indien hy gereed is om dit te ontvang, sal hulle 'n uitwerking op sy siel hê - vir hom is dit meestal in die onderbewussyn - en ook op die liggaam, solank as wat dit moontlik en geestelik wetsgehoorsaam is.

17) Indien julle naaste nie gereed is om hierdie kragte te ontvang nie, en die besluit lê by die siel - weet julle dat die siel die skaduwee weergawe is van die suiwer geestelike vonk, die suiwer KIND VAN ELOHIM - as julle naaste dus nog nie gereed is om toe te laat dat liefde in homself werk nie, sal dit sy omgewing beïnvloed. Almal wat byvoorbeeld rondom hom is en gereeld met hom in kontak is, sal aangeraak word deur MY liefde. Deur die mense rondom hom kan die krag ook op die siel inwerk.

18) Liefde werk altyd op verskillende maniere. Sorg egter dat julle altyd die stuurders van liefde is, aangesien alles wat julle uitstuur, met groter mate na julle sal terugkeer! Alles is energie. Julle gedagtes is suiwerste energie, is skeppingskrag, soos julle weet. En hierdie energie werk in ooreenstemming met die GODDELIKE wet, julle hoef nie 'n gedagte te spandeer oor die effektiwiteit daarvan nie.

19) Let op dat julle nie oor een van die veelvuldige geplaaste strikke struikel nie, deur byvoorbeeld te dink: “O Meester, ek het al soveel liefde vir hom gestuur en steeds kan hy byna geen positiewe woord uitspreek nie. Hoe donker moet 'n siel tog wees wanneer geen liefde in hom kan werk nie, sodat selfs U hom nie eers sal kan verander nie, o Meester! --- En tog is dit EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, WIE hierdie skynbare duisternis na jou toe reflekteer, sodat jy jou hoogmoedigheid kan raaksien.

20) Weet jy regtig wat die toestand van sy innerlike is? Weet jy hoe hy voel, wat hy van 'n ander dink? Nee, jy weet dit nog nie! EK beklemtoon die woord 'nog', want hoe meer jy in die hede leef, in die nou in eenheid met MY, hoe makliker sal jy jou naaste herken. Jy sal byvoorbeeld veral in die oë van jou knorrige naaste kyk en sien dat hy knorrig is weens sy pyn, nie omdat hy nie van jou hou nie. Vol liefde moet jy so 'n lydende omhul. Jy moet broederlik saam met hom ly, sodat julle twee een hart en een siel kan word.

21) Daarom, besef julle dat julle werklik mede-modeerders is, mede-skeppers van julle eie onmiddellike omgewing, sowel as van die breër sirkel van hierdie aarde. Lig bring lig voort, duisternis gee meer duisternis. Wees dus MY lig!

22) EK wil kortliks 'n ander aspek aanraak. Julle dink nog steeds in terme van die polariteit van dag en nag. EK het julle geleer dat julle die dag saam met MY moet begin en ook die aand saam met MY moet afsluit. Deur hierdie verband word die dag geseën en ook die nag, waartydens die siel op verskeie vlakke werk terwyl die liggaam rus. Die bewustheid van die daaglikse gebeure behoort julle selfs gedurende die nag aan te gryp.

23) Julle weet dat EK julle ook lei deur julle drome. Die GEES het die mensdom nog altyd geleer by wyse van drome, en sou hulle die onderrig inhoud in die droom herken het, sou hulle ook bedags met die droomgebeurtenis kon werk. Julle het ook drome gehad wat die weg vir julle aangewys het. Hulle was soortgelyk aan die droom van die sewe vet en sewe maer koeie wat Josef uitgelê het [in die ou testament vir die Farao]. Om julle drome te interpreteer, is nog steeds vir julle moeilik, maar weet dat selfs die nag deel is van julle bewussyn. Uiteindelik sal julle bewustelik die nag instap, net so bewustelik uit die nag wakker word, en julle sal weet wat die nag julle geleer het.

**24) Mag julle dus aandag gee aan julle drome**. Vir hom wat dink dat hy nie droom nie, weet dat elke mens droom. Probeer dit onthou sodra julle wakker word. As julle nie kan nie, besluit om die droom wat veral vir julle belangrik was, na julle dag te neem! Die simboliek sal deur en deur aan julle verduidelik word. In hierdie simboliek sal julle herken waaraan julle nog moet werk, wat julle ook al ontbreek. Julle sal ook vertroosting en krag vanuit julle drome kry sodat julle bedags in MY voetspore kan volg.

25) Die bewussyn van dag en nag sal so vêr gaan dat, indien julle jul liggaam wil afgooi, julle presies sal weet wanneer dit sal wees.

26) En nou sal EK terugkom na die vraag van "wanneer". Net soos wat julle bewustelik die nag ingaan, sal julle uit die nag van die menslike bestaan kom [en wandel] na die lig van die ewigheid. Julle sal julle liggaam tot ruste lê, en julle sal julle sieleblik op MY rig, JAHSHUA DIE GESALFDE. Die hemele sal oopgaan en EK sal MY hand na julle uitsteek. Die engelekoor sal verheug wees en julle sal opstaan uit julle bed waarop nou slegs die materiële liggaam rus en julle sal saam met MY in julle ware wese wandel. Julle kan elke aand 'n klein voorstel hieroor ontvang, maar dit verg 'n bietjie oefening.

27) En so is julle geseënd, MY geliefdes, julle hier en almal in die hele aardse sfeer, al MY mensekinders, ongeag aan watter gemeenskap of godsdiens hulle mag behoort, ongeag watter ras of nasie, almal is veilig in MY, die LIEFDE, geseënd en gedra!

28) Wandel dus hierdie jaar van Geregtigheid met vreugde in! - Daar is geen teenstrydigheid in die GEES nie.

**AMEIN.**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 46. Oefening

**Maak die klein sirkulasie van liefde toeganklik deur julle toewyding aan MY - hoe onderskei ons tussen die eie-wil en die wil van ELOHIM - wat word bedoel met: Ook julle sal berge kan versit - ons is beeld van ELOHIM, maar nie dieselfde as ELOHIM nie - wat gebeur wanneer ons een met die skepping raak: Die water sal ons dra ... - om julle sender in lyn te bring met die hoogste frekwensie, naamlik Liefde**

1) In die stilte van jou hartkamer is EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, teenwoordig om van aangesig tot aangesig met jou te kan praat. Daar wag EK op jou antwoord, en EK wag dat jy die poort sal oopmaak wat na MY lig lei, wat vir jou sê: 'EK is bly, liewe broer, liewe suster, dat jy jou weg huis toe gevind het. EK is bly dat jy MY in jouself herken het, dat jy na MY woorde luister en nie meer buite jouself soek nie, maar dat jy alle waarheid binne MY in jouself vind." Met hierdie woorde wil EK elkeen van julle toespreek.

2) Die pad na MY is nie vêr nie, dit verg nie eens 'n groot tree nie, slegs julle toewyding aan MY. Nou, op hierdie oomblik sien julle weer die lig in julle binneste. Jou 'mens' sien MY stralende Krag van Liefde in elke sel van sy of haar liggaam raak; en al julle selle, selfs die siekes, belyn hulle met MY, maak soos 'n kelk oop om MY uitstralende en alles-transformerende Liefde geestelike te ontvang. In die stilte van julle innerlike harte is EK IS.

3) Van 'n instrument wat die aarde bewandel op 'n genesende wyse, word verwag dat hy/sy ook advies en hulp sal gee in woord en daad. Daarom is nie net die ontwikkeling en uitoefening van die genesende strome wat binne-in julle vloei nodig nie, maar terselfdertyd die opleiding en ontwikkeling van die spraakinstrument, want MY vriendelikheid, MY Liefde, MY genade wil deur julle vloei, selfs in die woord. Hiervoor sal julle vertroue in MY moet ontwikkel, en dit, MY geliefde kudde, verg oefening.

4) Wanneer julle stil word tydens julle meditasie, kan julle julself die volgende vrae afvra: "MEESTER, wie is ek? Waarom bewandel ek nou juis hierdie spesifieke paaie? ' -

5) Raak vry van enige buite-gedagtes, net soos wat julle dit met geestelike genesing geleer het. Mag julle selfs vry wees van gedagtes terwyl julle die pasgenoemde vrae vra, en mag julle liefdevolle toewyding aan MY julle alleen lei.

6) Aan die begin sal 'n brandende kers julle help met julle konsentrasie, want hierdie eksterne lig versimboliseer die Lig in julle – EK – maar ook julleself; want ook jy is gebore vanuit hierdie Lig, wat tegelykertyd Liefde is. Dit is die Skeppingskrag wat julle tot Sy skepping geroep het deur ELOHIM, die VADER, se gedagtes alleen.

7) Hierdie lig wat in jou siel instraal, help jou om die verbinding met MY te maak. Die bestraling vind plaas via die goddelike VADER-VONK van die suiwer ELOHIM-kind-verbinding, wat gesetel is aan die agterkant van jou kop.

8) Dit is waarom EK selfs 2000 jaar gelede MY dissipels geleer het om hande op mense te lê. Deur 'n aantal simboliese beelde, soos die Gees van Pinkster, soos verhaal in die Skrifte, weet julle hoe hierdie bestraling plaasvind.

9) Wanneer jy nou daarna streef om barmhartige Liefde uit te leef, vul die goddelike GEES - SY HEILIGE ASEM die hele kosmiese skepping - vloei dan op 'n gekonsentreerde wyse na jou siel toe en skakel met die OERLIG binne-in jou siel en verbind met jou ware wese. Van daar af vloei hierdie GEES verder na Liefde via die middelpunt van Barmhartigheid en verder na Geduld, geleë in die area van die larinks (strottehoof), verder na jou hartsentrum, die goddelike GEREGTIGHEID. In hierdie sentrum is MY GESALFDE-LIG effektief. Dit is die Verlosser-Vonk van MY Liefde, wat aan elke siel te Golgota gegee is met MY woorde “Dit is volbring” en was bedoel as ondersteuningskrag vir die siel op haar weg huiswaarts.

10) Aangesien julle poog om in barmhartige Liefde en nederigheid te buig, waar laasgenoemde die middelpunt van Geduld is, geleë naby die larinks en omdat julle bereid is om diensbaar te wees, kan die stroom van die hoogste Krag wat deur die VADER gegee word, met MY skakel in jou en sodoende die siel tot hoër vibrasie ophef.

11) Deur die vibrasie te verhoog, word die verbinding tussen die Hemel en die Aarde, tussen ELOHIM, die VADER en sy mensekind herstel. EK IS die LIEFDE van die VADER, en daarom is die verbinding met MY, DIE LIEFDE, ook weer hervestig.

12) Wanneer daardie 'klein sirkulasie' ontwikkel as gevolg van julle toewyding, ontwaak MY 'EK IS' ook in julle. EK IS die Liefde; EK IS die Lewe; EK IS die Krag; EK IS die Lig; EK IS die vloeiende Energie; EK IS die Woord wat vlees geword het, net soos wat julle gedoen het, en nadat die "Dit is volbring!" uitgespreek is, teruggekeer het na eenheid; waardeur EK die eenheid, soos gesien vanuit die 'mens', slegs skynbaar verlaat het. Julle bewandel ook net skynbaar hierdie lewensplan ten einde die ervaring van die 'vrye wil' met al sy moontlikhede te maak. Waarmee julle nie alle moontlike afgronde self hoef deur te gaan nie, maar julle kan leer deur die voorbeeld van julle broers en susters en kan herkenning en kennis vanuit hul ervarings verkry.

13) Herken! Almal wat liefde bely en wat liefde probeer uitleef, vibreer terselfdertyd in die GODDELIKE ORDE. Wie ookal Liefde uitleef, dink en handel in volle lig en sal daarop let om die wette van die skepping te onderhou. Hy buig voor die wil van die ALLERHOOGSTE, want hy weet uit sy herkenning van Wysheid dat die VADER in en deur MY die weg vir julle voorberei, en dat julle - terwyl julle in SY wil rus - alles sal ontvang wat julle nodig het. Voordat julle jul begeerte eers enduit bedink het, word dit vervul, solank dit binne die wil van die VADER lê.

14) Nou is dit vir die 'mens' dikwels moeilik om die Wil van die VADER te skei van sy eie wil. Maar EK sê vir julle, gesien vanuit die GEES, is dit baie maklik. Julle lei julle energieë in 'n sekere rigting, na 'n sekere doel. Gevoelens verskyn, wensdenkery begin en terselfdertyd - want in die GEES is daar net die nou en nie die een na die ander gebeurtenis nie – moet jy vashou aan die Wil van die VADER, net soos 'n sneeuvlokkie sweef saam met die wind, en julle leiding sal uit hierdie oomblik groei. Tree dus slegs op volgens die Wet en binne die Wil van die VADER.

15) Die probleme wat die 'mens' ervaar, is altyd omdat hy of sy geneig is om van die gebeure van die oomblik 'weg te tree' en eerder 'toekomsgerig' word. In stede daarvan om oor en oor bewus te

wees dat die oomblik tyd en ruimte oplos, dink die mens te veel aan die dag van môre en oor die gevolge van sy kreatiewe energieë. In stede daarvan moet hy of sy, sy of haar kreatiewe energie-van-die-oomblik in die VADER se Krag plaas. Sodoende verhoog hy hierdie energieë deur die hoogste invloei van Krag.

16) Waarom het EK aan MY dissipels gesê: 'Julle sal berge kan versit!?' Herken die simboliek, selfs in hierdie woorde! Om berge te versit beteken om die skynbaar onmoontlike uit te voer.

17) Alle mag en krag vanuit die Wil van die VADER is ook aan Sy kind gegee wat in die VADER se Wil leef en optree, daarom **laat so 'n kind 'dit' uitvoer en laat 'dit' gebeur.**

18) Byvoorbeeld, laat ons sê dat jy in jou denke iets oordink wat met jou sakebelange te doen het; jy wil iets bereik! Julle hoor aan die woorde dat **jy** iets wil bereik. Wat jy ook al bereik het, kon slegs gedoen gewees het volgens die mate van die Krag wat jy huidig in jouself ontwikkel het. Maar as jy die volgende woorde sou gebruik het: "Dit is hoe ek, as ’n mens, beoog het wat moet gebeur, maar VADER, ek plaas my begrip in U hande en versoek U om te doen wat die beste is!", dan sal die hele hemel aan julle kant wees, en die VADER se wil sal geskied, **SY Krag** sal effektief wees.

19) Om te groei tot in hierdie denkwyse, MY getroue kudde, het nog 'n bietjie oefening nodig, maar alles is in julle hande. Julle hoef slegs die program 'mens' met sy beperking te verander, en dit omruil vir die program: “Ek is 'n kind van die ALLERHOOGSTE, EK is GEES”. Wanneer hierdie gees werksaam raak as die hoogste Godgegewe energie, julle erfenis, die erfenis wat julle **ELOHIM-deelagtig** maak, maar **nie gelyk aan ELOHIM nie**; wanneer hierdie GEES in 'mens' aan die werk is en groei omdat julle Haar ruimte gee om te groei, sal julle hierdie planeet Aarde ophef tot in die volgende hoër vibrasievlak.

20) Julle is by 'n keerpunt van 'n nuwe tydvak, en julle voer die Liefde-opleiding uit, en besef dat die mens nie buite die skepping staan nie, maar dat hy 'n integrale deel daarvan is en dat alles in 'n verhouding staan tot alles. Deur hierdie erkenning behoort julle die **Krag te gebruik**, hierdie Allerhoogste energie, die dienende Liefde, deur te buig voor hierdie energie.

**21) Binne hierdie gedrag van nederigheid werk ELOHIM deur julle**. Alles buig dan voor hierdie GODDELIKE GEES, wat 'n onbeskryflike barmhartige liefdestraling is, want alles is een binne hierdie vibrasie. Hierdie bevestigende gedrag is die vloei van energie wat deur alles stroom en 'n sirkulasie skep waarin elkeen van die individuele parte 'n spesifieke plan vervul.

22) Wanneer julle deur die natuur wandel, rustend in hierdie einste gedagtes, is dit vir julle eenvoudig om 'n innerlike band te vestig met elke sandkorrel onder julle voete; 'n hartsverbinding met elke plant, elke klip, met elke dier en met alle natuurgeeste, in eenheid met alle dinge en met ELOHIM, DIE EWIGE, om Hom daardeur lof, eer en glorie te bring.

23) Kyk na die veelheid en veelsydigheid van die aardse skepping. Dit is maar 'n klein weerkaatsing, 'n blote vlagie van die ewige wese, slegs 'n weerkaatsing, ja, jy sien net haar donkerste skaduwees. Maar selfs in hierdie skaduwees herken jy die lig in haar veelsydige Liefde. Julle buig eenvoudig voor die natuur en is dankbaar dat julle daarop kan trap in die eenheid van hierdie LIEFDESGEES. Julle is dankbaar dat die natuur julle dien.

24) Wanneer julle byvoorbeeld in die woud is, klink die bome se groet bo in die wind as teken en antwoord aan julle: 'Dankie, o mensekind. Ons ontvang jou skeppingskragte en net soos wat jy ons bedank, bedank ons jou, sowel as die KOSMIESE SKEPPER en GEES, WIE ons en alles wat daar is besiel.’

25) Vir 'n klein rukkie het EK julle weggeneem uit julle menslike bestaan in hierdie nuwe denkwyse in, wat deur en deur julle gewoonte behoort te word; want die skepping spreek tot julle in die volheid van julle innerlike stilte, en daarom spreek die Lewe tot julle, die Liefde, en daarom EK JAHSHUA DIE GESALFDE, die Skepper-Krag.

26) Dan sal in hierdie stilte gedagtes deur jou breinselle stroom, wat jy weet nie vanuit jou ontstaan het nie. Alhoewel hulle miskien in my menslike brein gevorm het, is hulle vibrasie nie my menslike wese nie; maar is eerder GEES wat verbind met GEES.

27) In die stilte luister julle na hierdie gedagtes en later luister julle na die gevormde woorde, net soos wat hierdie instrument nou met 'n ontwaakte en waaksame verstand na MY woorde luister terwyl EK met julle praat.

28) Elkeen van julle dra MY oproep binne-in hom- of haarself, die oproep vanuit die mees innerlike hart, net soos wat ons aan die begin van die aand daarvan gepraat het. Maak julleself oop vir hierdie vloeiende sirkulasie van [MY] lig, na die lig in julle! Fokus al julle antennas op een en dieselfde sender!

29) Wat beteken dit? Kyk, as 'n mens in die verlede en in die toekoms lewe, het hy sy antenna in alle rigtings gerig, en sy krag vloei ook na alle rigtings en water alles op baie verskillende maniere af.

30) As julle egter saam met MY in die hede lewe, in die nou, dan word al hierdie klein rigting antennas bymekaargebring en word dan een groot ontvanger - en gelyktydig sendstasie. Wanneer julle heeltemal in lyn is met hierdie kortstondige liefdeskrag, kan julle die berge verskuif waarvan EK gepraat het, onder die voorheen beskrewe gedrag van dienende Liefde en buig in nederigheid.

31) EK moet egter hierdie sin allegories herhaal, en sal in die toekoms meer as een keer daaroor spreek, want julle is op julle aardse vlak ten einde julleself te omvorm vanaf 'n wêreld van heersers, 'n wêreld van die skynbare magtiges, na 'n wêreld van diensbaarheid [om ander te dien]. Hierdie Krag wat buig, is dus die sterker Krag en sal gedurende hierdie **periode van verandering** help om alles te transformeer wat hulself skynbaar geskei het op grond van die pad van herkenning en vrye wil.

32) Met eenvoudiger woorde: Julle help MY om al die 'verlore visse' in die net te bring, die eindpunte van die bestraling, wat allegories beskryf was as die son om sodoende al SY eie terug te bring na die VADER se hart; **en dit is lig, die duisternis word opgelos**, die Moederlike deel-aspek is weereens een met die Vaderlike eienskap; en alles vibreer weereens in die hier en nou en daarom tot in die ewigheid, wat die werklikheid is. Alle opposisie sal dan ontbind wees.

33) MY geliefde, mag jy dus in stilte hierdie twee vrae vra (sien hierbo), en mag jy na MY woord luister om dit te laat plaasvind, sonder dat jy iets wil hê vanuit jou eie wil. Indien daar geen antwoord deur jou pulseer nie, laat dit dan maar daar en herhaal die vraag. Hierdie oefening sal jou help om hierdie innerlike kalmte te bereik, hierdie kalmte wat effektief is in die hier en nou, in die oomblik. Skielik!, daar is die antwoord; en is baie duidelik in jou gedagtes en daarom voor jou innerlike oog: Jy het die weg na MY gevind en jou hand het uitgereik na die stroom, Wie EK IS, om die Water van die Lewe te ontvang en om dit [uit die put] te trek.

34) Groei in hierdie innerlike verbintenis met MY deur te poog vir hierdie stilte en kalmte!

35) Gee aandag aan julle drome, soos wat EK julle die vorige keer geleer het, want ook hier lei EK julle deur julle swakhede, wys aan julle jul menslik-aardse standpunt en toon aan elkeen van julle elke leertreetjie wat hy of sy nog moet oorkom.

36) Weereens straal MY lig kragtig in een en elkeen van julle innerlike harte. -

37) Voel MY op die vlak van Geregtigheid!

38) Voel MY in julle harte!

39) Lei die stroom in julle siel deur middel van die Liefdes-Sentrum,

40) By wyse van die Sentrum van Barmhartigheid!

41) Voel die stromende, seënende Krag!

42) EK IS IN EENHEID MET DIE VADER.

**Amein.**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 47. Oefening

**Oor liefde - oor vrees - die hoër self toets die mens - ons is almal verbind, onbewuste kommunikasie vloei deur middel van die verbindings - op hierdie manier word vibrasies van vrees, ens. Oorgedra**

1) “Mense dink, terwyl ELOHIM die voortou neem.” MY vraag aan julle is: Waarom, MY geliefdes, dink julle so baie? Is EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, nie die Krag in julle wat julle op elke oomblik kan help sodat julle die regte besluite neem nie?

2) Julle het 'n vrye wil; As julle egter in die oomblik, in die hier en nou leef, soos wat EK julle herhaaldelik geleer het, dan sal julle in MY Krag optree, sal julle optree met behulp van die hemele, van die hele suiwer-geestelike wêreld. Daarom beklemtoon EK telkens dat julle jul verlede- en toekomsgerigte denke moet laat vaar en eerder na die gebeure van die oomblik kyk. Die oomblik vereis al julle Krag. As julle egter aan die toekoms dink terwyl julle in die oomblik is, miskien as julle die toekoms gekontamineer met die verlede sien, hoe moet MY genesende Krag dan deur julle werk?

3) EK het julle deur die Skool van Liefde, deur die Skool van Herkenning gelei. Alle kennis is binne-in julle en julle kan dit te eniger tyd oproep. Wat nou begin het, is die tyd van die daad. Al wat julle nou weet, moet stap vir stap oorgedra word in die daad!

4) Ekstern het almal in julle lewens verskillende weë bewandel, maar in die innerlike wandel julle almal aan MY hand, ongeag of julle onlangs in hierdie kring gekom het al dan nie. Julle sou nie aan die begin van julle inkarnasie hierheen gelei gewees het, indien julle nie in hierdie hoofstuk van tyd en ruimte besluit het om julle belofte na te kom nie.

5) Die weë waarop elkeen van julle gegaan het, was en is vandag nog bedoel vir julle opvoeding. EK het die verlede van julle siele in julle 'mens' weerspieël, met inagneming van julle vrye wil, julle 'ja' aan MY en die pad van die lig. En die 'mens' het moedig die verskillende paaie geloop en dra gedeeltelik nog die skaduwees van die verlede. Let op MY keuse van woorde, EK het gesê: “Die skaduwees van die verlede.”

6) As julle in die hier en nou woon, as julle in die oomblik saam met MY leef, sal die skaduwees van julle menslike wese julle verlaat; want EK kan jou deurbrand met MY Krag, jou met MY Liefde vervul, en jy sal handel volgens die wet en in die wil van ELOHIM die VADER, met wie EK een is.

7) Alle vrae aangaande reg of verkeerd, of om dit of die ander te doen, is nie van die hier en nou nie. In stede daarvan is dit vrees uit die verlede wat die toekoms bepaal. EK weet, MY geliefde, dat die pad nie maklik is nie, dat jy met jouself sukkel, maar jy weet dat EK die pad voor jou uitgeloop het.

8) EK moes ook MY moeder laat gaan. EK weet dat dolke haar hart deurboor het; EK spreek allegories hier; want sy het gesien waarheen MY pad sou lei. Laat dit vir jou tot troos wees, liewe suster: EK het geweet van die pyn van MY moeder. Terselfdertyd het EK ook geweet dat EK die pad wat EK begin het, moes voortsit. EK het die woord van die profete geken, EK het geweet van MY einde aan die kruis. EK het die lyding in die oë van MY moeder gesien en kon dit nie help nie, want EK het gekom om die woord te vervul.

9) EK is die Liefde. Voel hierdie woord met sy trilling: **LIEFDE**! EK was lief vir MY moeder. Later was EK vir MY dissipels lief soos wat julle jul kinders, lewensmaats en vriende liefhet, en EK moes almal teleurstel. EK kon nie die verwagte koning wees wat die getiranniseerde volk Israel na die oorwinning en uit die hande van die Romeine sou lei nie. Dit was wat van MY verwag is. MY pad was egter 'n ander pad, 'n pad van vernedering en skande. Ten spyte van die genesings, ten spyte van die Liefde wat na die toenemende aantal van MY dissipels uitgestroom het, het EK geweet dat aan die einde van MY pad, die taak sou wees om 'n skandelike dood te oorkom.

10) MY geliefde kudde, mag julle MY pad hierdeur leer, want julle ken nie die pad wat julle naaste belowe het om te loop nie! Julle weet nie wat sy siel vir haarself beplan het, voordat sy die menslike liggaam binnegegaan het nie, en dit is waarom MY versoek aan julle is: Probeer om in die hede te leef en nie om die lot van julle naaste in die toekoms te bepeins nie; want deur dit te doen, sal julle help om die weg van julle naaste, op grond van julle skeppingskrag, te vorm; en luister nou versigtig: Deur hierdie gieting en vormgewing van hul toekoms, sal julle ook 'n deel van julle naaste se verantwoordelikheid op julleself neem. Luister na die erns in MY stem!

11) Leef julle in die oomblik en laat julle jul Liefde uit die oomblik uitvloei? Probeer julle dadelik terugkeer na die oomblik wanneer julle julself kry dat julle in die toekoms beweeg? Plaas julle die lot van die een waaraan julle dink in MY hande? As julle dit doen, sal MY Liefde, wat uitgegee word deur die VADER se Barmhartigheid en Genade, julle vergoed vir julle kreatiewe gedagtes [oor julle naaste]. Dit word uitgewis en julle gebed van die oomblik, vir Krag en seëninge vir julle naaste, sal 'n helder ligstraal wees op die pad van die een aan wie julle gedink het. Dit sal 'n ligstraal wees wat gebaseer is op Liefde, wat julle naaste kan volg.

12) Herken dat alles waarlik in julle hande geplaas is! Jy is nie toevallig baie lief vir jou kinders nie. Nie toevallig loop julle aan die sy van julle gades nie, en julle is nie toevallig in sekere gemeenskappe nie. Julle behoort van alles te leer en die les en leerprosesse van alle geleenthede te verstaan, terwyl julle dit op julleself toepas.

13) EK verstaan julle motiewe, aangesien EK ook deur die dieptes van die mens geloop het. EK het hierdie dieptes in pieke omskep en ook julle sal julle persoonlike dieptes na liggevulde pieke transformeer. Dit is nie 'n belofte van MY kant af nie, maar dit is iets wat EK weet, want EK sien hoe julle in die lig van die ewigheid deurkruis. Die skaduwees verdwyn.

14) EK lei julle ook vanaand. Die verskillende probleme waarvan julle gepraat het, wys dat dit julle telkens sal aanraak, selfs wanneer jy eendag jou weg met MY alleen sal gaan, sonder om op enige gemeenskap te kan steun. Want hierdie onderwerpe kan almal vinnig tot hierdie een punt afgebring word: [Vra julleself af:] Wanneer tree EK soos 'n mens op en wanneer is EK GEES van die VADERGEES?

15) Wie die nederige Liefde in hom ontwikkel het, sal homself hierdie vrae afvra, hier in tyd en ruimte tot aan die einde van sy lewe en sal besef dat hierdie soort menslike denke van tyd tot tyd die oorhand sal kry, as gevolg van die vlak van vibrasie in materie. Met hierdie erkenning glimlag julle oor die rotse wat op julle pad lê, en julle sal met goeie moed kan voortwandel.

16) MY geliefde kudde, 'n instrument van Liefde volg MY voetspore, en deur hierdie volging sal hy homself in sy innerlike wese losmaak van alle boeie van hierdie wêreld. 'n Instrument van Liefde weet dat elke broer of suster, hoe vêr of naby hulle ook al op aards-menslike vlak vir julle mag wees, is op die ou end op pad huistoe na die VADER SE HUIS aan MY hand. En die ernstige instrument sal hierdie kennis omskep in dade, deur op MY te vertrou, deur MY lief te hê.

17) Jy glo dat jy telkens verwyder is van die Liefde vir MY. Jy glo dat wanneer jou gedagtes, gewaarwordinge en dade nie binne die wet van Liefde beweeg nie, dat EK myle vêr van jou af is. Tog is dit veral dan waar EK die naaste aan jou is. Hoekom? Omdat jy hierdie skynbare afstande van MY af as toetse vir jouself gee. Laat EK julle herinner aan die begin van MY openbaring van vandag: Julle kinders is nie toevallig julle kinders nie, ens. Daarom het julle jul eie lewensopsies gekies, julle skep julle eie omgewing, selfs nou, en julle werk die toekoms in en veroorsaak sy gebeure, indien julle nie voortdurend in die hede probeer leef nie.

18) Wees daarom bewus daarvan wanneer jy gekonfronteer word met jou selftoegeëiende toetse. Buig voor jou naaste, wat jou op die oomblik probeer help om jou volgende stap van herkenning te maak, want EK is in hom! In hom weerspieël EK jou ego [na jou], weerspieël jy jou menslike wese. En jy sal 'n asemteug van verligting uitblaas wanneer jy jou volgende leerstap moet uitvoer. Selfs wanneer dit lyk asof jy misluk het, moet jy nie in skuldgevoelens verswelg nie; want hierdeur versterk jy slegs die negatiewe energieveld rondom jou. Gevolglik, wanneer so 'n selftoegeëiende toets weer opdaag, sal jy van die begin af opgee en sê: "O, dit is nutteloos," wat die woorde was wat vandag

gespreek is. Besef dat die lewe in die oomblik altyd 'n bevestigende [positiewe] ervaring is, en dat julle slegs MY instrumente van nederige Liefde kan wees wanneer julle vanuit die oomblik optree.

19) Verlede keer het EK twee vrae gevra. Vandag wil EK die oefening uitbrei met een bykomende **vraag**: "**Leef EK oorwegend in die oomblik**?" Bedink dit, ondersoek jouself ernstig en laat die ontwikkelde [genesende] strome van redding vloei na almal wat in julle gedagtes opkom! Herken die leiding van hierdie woorde. Julle is almal met mekaar verbind, en wanneer 'n broer of suster in julle gedagtes opkom, is hierdie broer of suster in die moeilikheid, hetsy geestelik of menslik en sy of haar oproep om hulp het jou aangeraak. Laat die genesende kragte vloei! Dit is EK wat deur jou wil stroom! Jy het egter 'n vrye wil, dink daaraan!

20) Die aand het redelik ver gevorder. Julle is moeg, en EK sien nog steeds hoe julle gedagtes rondom julle gesprekke van vanaand draai. Kom na MY toe in alles wat julle raak. EK sal jou die weg uit die doolhof van hierdie aarde toon. Nie meer hoef julle julself bloedig teen die mure te slaan en in pyn te bly nie. Neem MY hand en wandel saam met MY! Selfs wanneer die weg vir julle nog onseker lyk, sal julle aan MY hand veilig wandel deur al die verwarring en verstrengeling in ruimte en tyd. Aan MY hand is julle op pad na die VADER, via die kortste roete. En saam met julle - laat EK dit vir julle sê as liefdevolle vertroosting en terselfdertyd as 'n baie ernstige waarskuwing - sal al julle geliefdes ook op hulle weë wees, almal vir wie julle opregte gevoelens op menslike vlak het, of hulle met wie julle probleme het.

21) Voorwaar, EK is die lig in julle, en julle is 'n migrerende gemeenskap - almal met mekaar verbind en in ’n aktiewe uitruiling van geestelike vibrasies. Hoe kan dit dan anders wees, want julle is almal kinders van een VADER? Bring dit telkens weer tot julle bewussyn en kom, MY skape. MY Krag versterk julle om selfs op moeilike weë te wandel!

22) MY seën vloei voortdurend na julle toe. MY Liefde omvou julle almal, julle hier en almal wat MY woorde lees. My Woorde leef in julle almal, want MY GEES is die lewe in julle almal!

**Amein.**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 48. Oefening

**Oor die innerlike woord - waarom daar instrumente is wie se leringe verskil - moet nie oordeel nie, moet nie veroordeel nie - hoe ons die verskillende uitstralings moet hanteer - waarom niemand op aarde volmaak is nie - waarom ons maskers dra – Aswoensdag, ’n goeie tyd om dit weg te werp - gebed in die gemeenskap is belangrik**

1) Julle vibreer in die asem van die ewigheid, gedompel in die lig van MY wese. EK JAHSHUA DIE GESALFDE, klop aan jou hart se deur, en jou hartklop is in harmonie met die VADER se oproep vir sy kind.

2) Slegs in hierdie stilte, die toestand waarin julle tans is, borrel MY bron op en praat met julle. EK wil die Lewende Water in elkeen van julle wees, wat eindeloos voortvloei, en haarself gee in die stilte, maar ook in julle spraak en in julle handelinge.

3) Moenie bang wees dat MY bron sal losbreek nie! Moenie aan MY woorde in julle twyfel nie! MY lig is lewend in elkeen van julle en in almal van julle neem hierdie lig haar weg deur julle te gryp in die EK IS.

4) Julle het vrese: “MEESTER, is dit U? Kan dit regtig U wees wat alreeds met MY praat, ek, 'n mensekind met nog soveel foute en swakhede? Hoe kan U, o MY geliefde, al met MY praat, om nie te praat van die VADER nie! Dit kan eenvoudig nie wees nie!” is hoe julle nog steeds dink. Julle gedagtes is egter verkeerd. EK gebruik die woord "verkeerd" baie selde, of gladnie.

5) Antwoord 'n aardse vader nie sy kind as die na hom toe kom, hom dinge vra en ’n verduideliking verwag nie? Alhoewel die kind die verduideliking van die volwassene miskien nie heeltemal sal verstaan nie, maar wat hy nog nie kan verstaan nie, kan wag tot wanneer die oomblik aanbreek wanneer hy sy vader se woorde sal verstaan.

6) Daarom, as die stroom van Liefde by aardse ouers dus by wyse van die woord vloei, waarom sou die stroom van die hemelse VADER nie ook deur die Woord na sy kind vloei nie? As die kind na die VADER kom met al sy behoeftes en bekommernisse, vol vertroue, moet die VADER dan toelaat dat hierdie kind op die verkeerde pad gelei word? O nee, die VADER neem sy kind saggies aan die hand en praat met hom in ooreen-stemming met sy bewussyn. As julle na Hom kom met julle daaglikse **onbenullighede** - kan julle die humor in MY stem hoor - dan **antwoord die VADER sy suigeling**. As **julle** n**a die VADER kom met eenvoudige dinge, wat julle nog nie verstaan nie**, gebeure vanuit julle lewe, **dan antwoord die VADER sy kind**.

7) Afhangend van julle ontwikkeling, sal julle vrae ook verander, en die VADER se **seun of dogter sukkel om dinge te herken en wil wysheid verkry, dan antwoord die VADER sy seun of dogter**. Daarbenewens stem hierdie antwoord ooreen met die bewussyn wat die seun en dogter binne-in hulle ontwikkel het. Die VADER gee altyd net soveel as wat julle kan verstaan. Dit geld ook vir MY WIE SY Liefde is. Desondanks word die vrye wil by almal in ag geneem.

8) 'n Voorbeeld: Wanneer julle na my toe kom en sê: “MEESTER, ek is hier by 'n kruispad. Ek weet nie of ek regs of links moet gaan nie. Vertel my, wat is die regte weg?” Glo julle dat EK julle vraag sal beantwoord deur te sê: "Gaan nou na regs, dit is die beter weg." As EK so sou antwoord, sou EK met julle vrye wil ingemeng het. In plaas daarvan sou EK antwoord met 'n vraag: "Wat dink jy is die beste weg?" Dan sal die kind homself ondersoek, die voor- en nadele opweeg en tot sy eie herkenning kom watter weg hy behoort te neem. Maak nie saak watter weg hy neem nie, EK sal hom vergesel, maak nie saak of hy regs of links uitdraai nie. Elke besluit is dus 'n saak van julle vrye wil.

9) So dan, hoe sal dit gaan as jy sal sê: “MEESTER, ek kan nie besluit nie. Ek sal by hierdie punt stilstaan totdat U vir my besluit het.” Daarom plaas jy jou vrye wil bewustelik in Myne. Nogtans sal EK jou nie aan die hand neem en jou regs of links lei nie; want selfs wanneer jy stilstaan, moet jy jou eie besluit maak, anders sal die weg van herkenning vir jou versper wees.

10) Erken die vryheid in hierdie "laat jou gaan"; want dit is julle geskenk! Laat dit altyd julle maatstaf wees wanneer julle die woord toets! Want julle ken ook die gesegde in die Skrifte: "Ondersoek en behou wat goed is!"

11) Nou verskyn daar nog 'n vraag: “MEESTER, as U in eenheid is met die VADER Wie in MY binneste praat, waarom is daar dan die beperking: ‘Ondersoek die woord en behou wat goed is’!?” Hierdie beperking het weereens met julle te doen. MY uiteensetting daarvan is as volg:

12) Hier op hierdie planeet Aarde bevind julle jul in die sfeer van die laagste frekwensies. Julle word oorskadu deur foute en swakhede, dit wil sê, julle almal sonder uitsondering, selfs elke instrument. Toe EK hierdie aarde bewandel het, was EK ook oorskadu. EK herhaal, hierdie skaduwees moet daar wees, want as dit nie vir hulle was nie, sou julle gedematerialiseer het; want die volgende hoër vibrasie, die vibrasie van die Goddelike Wil, is nie meer identies met die vibrasie van materie nie. Alles wat in 'n hoër frekwensie as materie is, is nie meer vir julle oë sigbaar nie. Die geestelike oog is 'n ander saak. Nadat julle die geestelike sig ontwikkel het, sal julle ook meer hoër vibrerende frekwensies kan sien.

13) Daarom deurstraal MY lig hierdie skaduwees. Wanneer hierdie lig die vrye wil tref, en sou julle onbewustelik iets wil bewerkstellig of afdwing, dan sal julle wil ook deur die suiwer put sypel [saam met MY wil]. Dit is so omdat die suiwer lig die skaduwee bestraal, julle wil bestraal, julle behoeftes. Indien julle nie nederig gebuig het nie, indien daar slegs een jota hoogmoed in julle was, sal hierdie skaduwee inwerk op die lig, sal haarself in suiwerheid weerkaats en na buite geprojekteer word in die woord.

14) Dit kan daarom gebeur dat daar baie instrumente op hierdie aarde is met verskillende persepsies, met verskillende menings; want hulle persepsie of mening reflekteer in MY suiwer lig. MY

getroues, EK leer julle telkens die volgende; en dit is dat julle jul broers en susters, wat ook MY instrumente is, in julle innerlike moet aanvaar; dat julle hulle nie sal oordeel of veroordeel nie, maar dat julle die goeie moet behou en die res sonder oordeel ter syde sal stel. Dit kan wees, MY geliefde, dat julle op 'n latere tydstip en deur julle uitgebreide bewussyn, julle broer of suster sal verstaan, en [dit kan ook wees dat] die einste ding wat julle voorheen opsy gesit het, nou vir julle verstaanbaar is.

15) As MY fontein in jou binneste begin vloei, gee jouself dan oor aan hierdie stroom! 'n Goeie praktyk is om skriftelik te kommunikeer. Jy vra die vraag en EK sal jou antwoord. Aan die begin van jou opleiding sal EK jou bewustelik lei deur jou foute, deur jou wil en wense [jou eie wil]. Byvoorbeeld, jy sal agterkom dat die stroom skielik gestop het. Jou brein is leeg, sonder gedagtes. Dit is EK wat jou vrymaak van alle gedagtes, Wie hierdie verstopping veroorsaak, en jy sal agterkom dat die laaste antwoord, wat jy te goeder trou ontvang het van MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, tog nie van MY af kon gewees het nie. Jy sal weet, want hierdie antwoord kon byvoorbeeld gewees het: "Jy, o MY geliefde kind, wat volkome in MY rus en wie **volmaak is** .....

16) Jy merk op dat MY Liefde op daardie oomblik jou gedagtes moes wegvee, want wie van julle is al volmaak? Wie van julle kan elke atoom van sy of haar liggaam oplos deur dit in die hoogste vibrasie te transformeer ten einde saam met die VADER in die troonkamer te staan?

17) Wie kan op water loop? En hierdie oefening is baie maklik. Jy sal dit kan doen, en nie eers binne 'n verre tyd nie, maar stap vir stap. EK sal jou op so 'n manier lei dat jy sal leer om jou vibrasies te verhoog en die skepping so lief te hê, dat jy op so 'n hoë vibrasie sal wees dat die water onder jou voor jou sal buig, sodat jy daaroor sal kan loop soos wat EK dit gedoen het.

18) EK was een by en met elke enkele druppel water onder MY voete. Elke druppel in MY liggaam het gekommunikeer met die oneindige druppels in die meer Gennesaret. EK was een met al die waters van die Aarde, met die element Water.

19) Slegs so 'n vlak van eenheid kan julle vibrasie verhoog - deur Liefde - in die mate wat dit vir julle moontlik sal wees om die dinge te doen wat EK gedoen het. Vir nou sal dit julle slegs as teken dien: Dat byna geen mens op aarde die bewussynsvlak bereik het waarin hy of sy een is met die elemente Aarde, Water, Vuur en Lug nie.

20) Wie, vra EK julle, het die ses sub-vlakke van GOD-DELIKE Orde heeltemal gerealiseer of voltooi? Julle weet dat binne die GODDELIKE vlak van orde, die volgende vlakke van Barmhartigheid, Liefde, Geduld, Geregtigheid, Wysheid en Wil ook ontwikkel moet word. Eers dan sal jou wese in GODDELIKE Orde vibreer, in die Orde van die hele kosmiese wese. EK steek MY hand uit na hom wat hierdie groot stap gegee het, en saam wandel ons weer oor die waters van hierdie aarde – luister na die humor in MY woorde.

21) Aangesien dit die dag is voordat julle nederig as op julle koppe gaan strooi [Aswoensdag], dink MY geliefde, het julle die as regtig nodig? Erken dat HY wat die subvlakke van Barmhartigheid, Liefde, Geduld, Geregtigheid, Wysheid en Wil op die vlak van Orde vervul het, dit makliker sal vind om die hoër vlakke te bemeester wat buite die materiële wese is.

22) Hoe moeilik is dit soms vir jou om die orde te behou in jou gevoelens, gedagtes en die woorde en dade wat daarop volg? Is hulle altyd almal gebaseer op die wil van die ALLERHOOGSTE, die VADER? Put jy uit SY Wysheid en verwerklik jy jou kennis in die daad, deur dit uit te leef wat jy ken, gedurende hierdie ernstige tye? Is jy werklik deur en deur gevul met Liefde? Het jy ELOHIM bo alles lief, en jou naaste soos jouself? Byvoorbeeld, bedank jy jou liggaam dat hy jou gedien het soos wat hy dit doen?

23) Julle verstaan om 'n mede-man of –vrou lief te hê. Julle weet dit uit die lering deur die gevoelens wat uit julle innerlike wese stroom, hoe die suiwer Liefde vir julle naaste behoort te wees, al is hierdie naaste julle nie goedgesind nie. Julle vergeet egter dikwels om julleself lief te hê. Julle aanvaar julleself tans nie soos wat julle is nie. Julle hou nie van die houer wat julle siel vrywillig dra nie. Julle voed haar nie op die regte manier nie en beseer haar. Gevolglik, as sy nie meer goed funksioneer nie, oes sy selfs julle negatiewe gevoelens en gedagtes. Hoe moet julle liggaam op hierdie manier genees? Is julle in die bewussyn waar die liggaam die siel waarlik bedien met elke atoom, dat

hierdie liggaam eintlik 'n heilige houer is, want hy dra die GODDELIKE vonk van die OERWESE, van die VADER, insluitende die verlossende Krag van SY Liefde Wie EK is ? Is hierdie houer heilig vir julle?

24) Dink ook hieroor. Hierdie houer dra MY "EK IS die Lig, EK IS die Fontein, EK IS, sonder begin of einde." Hierdie EK IS stroom soveel suiwerder en kragtiger, hoe suiwerder julle houer is. Laat niks egter gebeur uit fanatisme nie. Want fanatisme, MY geliefde, is 'n masker waaraan julle desperaat vasklou. Daaragter lyk dinge waaragtig heeltemal anders.

25) Wat is die dieper rede om aan 'n masker vas te klou, vir Om-So-Te-Wees? Dit is die gebrek aan Liefde vir julleself. Julle kan julleself nie aanvaar soos wat julle is met al julle huidige swakhede en foute nie. Julle wil meer wees; julle wil reg voor die hemelpoort staan, indien moontlik. Is dit nie so nie? Ondersoek julleself telkens as dit kom by julle wense, julle begeertes en wil.

26) EK is hier digby aan jou sy, of jy nou 'n klein lammetjie, 'n skaap of 'n wolf is. Soos wat EK al voorheen gesê het, is dit EK wat die wolf in die lam verander. Die wolf moet homself egter eers as sodanig herken, en hy moet nie glo dat hy 'n skaap of ’n lam is nie; want EK moet hom in sy geloof laat, totdat hy besef dat hy die masker van die lam dra. Daarom bestraal MY EK IS ook julle maskers, julle wat nie-julleself-wil-aanvaar soos wat julle is nie.

27) Erken dat die VADER in SY Liefde, goedhartigheid en barmhartigheid vir MY gebruik om **die kind op die weg te loof, om sy geloof en vertroue te versterk en om hom of haar moed te gee**. Hoe meer selfversorgend die kind egter word, hoe meer vermanings kom op die pad, maar nooit vermanings wat inbreuk sal maak op die vrye wil nie. Hieruit kan julle ook die weerspieëling van julle ego herken. As julle glo dat EK heeltemal tevrede is met julle, kan julle verseker wees dat EK net julle skaduwees met MY lig bestraal en dat die skaduwees "volmaak" in die woord weerspieël.

28) Dit alles word aan julle geopenbaar vir julle opleiding, en daardeur verstaan julle stap vir stap of woord vir woord wat julle skaduwees is en wat die lig binne-in julle is. Hoe meer julle julself aan die lig sal oorgee; hoe groter sal julle nederigheid word; hoe dieper julle voor al julle broers en susters gaan buig, voor die hele skepping; hoe suiwerder sal MY fontein ook in julle vloei wanneer julle sal sê: MEESTER, ek is nie werd om selfs een van my medemens se skoenrieme los te maak nie. Ek is nie waardig nie, want as 'n mens, met al my menslike swakhede en menslike mislukkings, kan ek nie voor die lig van ELOHIM in my naaste staan nie, al is hierdie naaste - en luister nou mooi - in die tronk weens verduistering.

29) Hoe vinnig fel die mens oordele. Met sy oordeel vloei die skaduwees weereens oor MY suiwer lig asof hulle die fontein is. Deur hom wat egter telkens nederig buig, vloei MY lig helder en suiwer in volgens sy ontwikkelde bewussyn. Hy wie MY WOORD toets volgens hierdie kriteria en met sy of haar eie hartsgevoelens, met sy of haar innerlike wese, ongeag waar die WOORD op hierdie aardse sfeer verkondig word, sal die suiwer vibrerende Liefde herken en sal die suiwer vibrerende Liefde ook in homself herken.

30) Indien julle bereid is, laat Ons Onsself in die komende tyd met groter mate toewy aan hierdie taak.

31) Mag die fontein in julle vrygemaak word van die rotse genaamd “Dit kan eenvoudig nie wees nie”, ongeloof, hoogmoed, vooroordeel en oordeel. Druk al hierdie rotse sywaarts en laat MY binne-in julle vloei! Probeer om met MY te gesels! Gee julleself heeltemal aan MY oor. Moenie iets wens nie en moet ook nie iets begeer nie, en die water sal begin vloei. MY Liefde sal dan in jou invloei via jou gedagtes, jou breinselle sal gesuiwer word van al jou begeertes en sal jou liefdevol lei op die beskrewe manier, asook deur jou vrye wil.

32) Ook in die gemeenskapsgebed sal MY Krag as seën vir almal vloei. Gebed is die voorvlak van MY heilige “EK IS WAT EK IS”. Mag dit deur julle geheilig word deur julle nederigheid. Ontwaak tot MY EK IS! Laat dit ook in die gemeenskap invloei! Want die woord vloei deur julle op dieselfde manier as wat die genesende kragte [deur julle] vloei. En as EK later julle broers of susters na julle toe lei, wie MY hulp nodig het met betrekking tot MY WOORD en wie nog hierdie WOORD, MY EK IS, begrawe het in hulleself, dan sal MY EK IS deur julle vloei via woorde, indien julle in die diepste nederigheid gebuig het voor MY binne-in julle broer of suster.

33) Dan sal julle die korrekte impulse hê, en dan sal julle wyse raad gee, wat nooit die vrye wil van julle naaste sal beperk of vashou nie; want die vryheid van 'n kind van ELOHIM is die heel belangrikste. Wanneer julle uit Wysheid put, sal julle besef dat julle net julle naaste kan help; hy sal die stapwerk self moet doen. Julle kan nie die treë vir hom maak nie. EK wil hom deur julle help, maar hy sal sy eie treë moet gee volgens sy vrye wil.

34) EK lei julle steeds, julle en al julle naastes, almal wat EK as MY kinders aangeneem het. In hul vryheid is EK die lig wat rigting gee, wat die doel op **alle paaie** verlig. Die doel is huis, die eenheid in ELOHIM, die VADER.

35) MY seëninge is aktief in jou. Jy voel MY polsende Krag in alle sentrums van jou liggaamsbewussyn. EK seën en bestraal die houer wat MY dra. Slegs jou vrye wil opponeer steeds van tyd tot tyd hierdie bestraling, en dit sal ook lei tot herkenning. Aanvaar jouself soos wat jy is! Wees lief vir jouself soos wat jy is! Laat Ons boonop vanuit hierdie oogpunt huiswaarts-gerig saamgevoeg word in die gees van "**EK IS een met jou, MY kind!"**

**Amein.**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 49. Oefening

**Gees is beweging - ons is die pioneers van die nuwe tydvak - daar is geen hiërargieë in die hemelse koninkryke nie - daar is slegs kinders van die een VADER met verskillende, maar gelyke take - dit is hoe dit ook op aarde moet wees: Daar is slegs instrumente van die gees - die siel word omhul met 7x7 = 49 sluiers van die individuele vlakke van skepping – materie word getransformeer - ons is individuele kinders van ELOHIM, almal is verskillend van die ander - oor dualiteit - die verlede is die vuur van suiwering - nederigheid gee hemelse beskerming**

1) MY Liefde vibreer onder julle. MY Krag het julle gevul, en MY SKEPPERGEES is effektief in julle. Steek julle hande geestelik uit na mekaar, sodat julle selfonderhoudende instrumente kan word saam met MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, instrumente in en van MY Liefde! Julle kan dit selfs nou wees, in die mate waarin julle Liefde verwerklik en laat uitstraal.

2) Elke oomblik van julle wese is julle MY ligdraers, indien julle in eenheid is met ELOHIM en daarmee met die suiwer geestelike wêreld. Wanneer julle egter in die wêreld beweeg en wanneer julle gedagtes hoofsaaklik daarmee aansluit - gesien vanuit die menslike oogpunt - verwyder julle julleself vanuit die lig van MY Liefde. Die siel treur dan en reflekteer hierdie toestand van rou binne-in julle menslike wese, en die mens word byvoorbeeld siek. Hierdie siekte sal hom dan help om terug te keer na die weg van die lig.

3) MY getroue kudde, vandag het julle opgelet watter magtige, hemelse, geheiligde Krag deur julle vloei wanneer julle julleself daarvoor oopstel. Dit was maar net die begin. Soos 'n orkaan wil EK julle aangryp met MY GEES, sodat julle waarlik helder en vêr-skynende ligte kan wees om die aarde se atmosfeer te verlig met julle lig. Op grond van MY invloeiende Liefde, is julle, in die tydvak van aktiewe transformasie van hierdie huidige saak, effektief in meer hoogvibrerende deels materiële sfere.

4) Julle is GEES van die VADER se GEES, en julle erfenis sal geleidelik weer in julle hande geplaas word; want julle het die skepping binnegegaan as vrye Seuns en Dogters van die VADER. Julle is SY gedagtes en ELOHIM, die EWIGE, weerspieël Homself in julle. En dit sal gebeur dat Hy weereens in julle, in al sy seuns en dogters, verheug sal wees, want die seun of dogter herken dat hy of sy nie net ’n menslike kleed is nie. Die kind besef dat hierdie tydelike toestand slegs bedoel is om 'n aantal verskillende insigte en herkenning te kry, om uiteindelik weer deel te hê aan die Krag van die

geheiligde erfenis. Dit beteken om in alle ewigheid te skep. Hierdie Krag is Liefde. Daarom is EK hierdie Krag, EK JAHSHUA DIE GESALFDE.

5) Waarlik, julle sal die ewige heilige waarheid nooit met julle menslike verstand kan verstaan nie. Daarom leer EK julle telkens weer om mekaar te aanvaar; dat julle moet behou wat goed is en dit wat julle nie verstaan nie, opsy te sit. Julle kan nie eers die volgende vlak begryp nie, waarin tyd en ruimte nie meer sal bestaan nie, 'n vlak waarin die aarde eendag sal vibreer. Hoe kan julle die wysheid van die hemele verstaan?

6) Moet dus geen gedagtes mors nie. EK sal aan julle verduidelik wat julle kan verstaan volgens julle bewussynsvlak. Daarom het EK die daaglikse joernaal aan julle voorgestel. Ook hier word met dieselfde gees as die hele skoolopleiding gesê: Mag elkeen doen soos wat sy hart hom voorskryf.

7) Deur die vraag-en-antwoord metode lei EK julle na 'n meer diepgaande bewustheid, en daardie dinge wat julle vandag nog nie verstaan nie, sal môre vir julle eenvoudig wees.

8) Sien dit net so aan as wat die ontwikkeling van die afgelope honderd jaar op hierdie aarde plaasgevind het. Enigiemand wat sy honderdste verjaardag hier op hierdie aardse sfeer vier, weet nog hoe hierdie eeu begin het en hoe vinnig sy met haar tegnologie verander het, laat dit vir die oomblik onbeslis of tegnologie 'n seën vir die mensdom, al dan nie. Gesien vanuit die geestelike vlak is alles 'n seën; want die mensdom brei ook sy menslike bewussyn uit en deur die vermoë van sy intellek word hy tot by die grense van wetenskap gebring en herken hy, wanneer hy dink dat hy alles weet, dat hy niks weet nie. Julle ken hierdie gesegde. Dit het tot stand gekom omdat julle wetenskap sy limiete bereik het en erken dat leerstellings wat in die verlede waar was, nie meer geldig is nie, behalwe vir die uiterlike voorkoms, dus blykbaar.

9) GEES is vloeiende energie, GEES is beweging, en GEES is nooit vas of stagnant nie. Daarom beweeg selfs die menslike brein in die rigting van bewussynsuitbreiding. Julle kinders en nog meer, julle kleinkinders, sal julle verstom met nuwe tegnologieë en julle terselfdertyd met hul vrae verwar. Want dit sal hulle taak wees om hierdie aarde tot hoër vibrasies op te hef. Julle is diegene wat hulle voorgaan, maar die werklike verheffing van die aarde [tot 'n hoër vibrasievlak] sal nie ten volle plaasvind nie, tot vier of vyf geslagte van nou af. Die dag of uur weet egter slegs die VADER alleen. Die een of die ander onder julle sal weer op hierdie aarde inkarneer, ten spyte van hy of sy se besluit om dit nie te doen toe hy of sy nog in die menslike liggaam was nie. Nietemin sal hy aktief betrokke wees om die “Laat daar 'n nuwe aarde wees” tot stand te bring.

10) Julle is die pioniers. EK wy julle in tot bewussynsvlakke wat slegs oop is vir enkele van julle broers en susters op aarde. Hulle groei egter in getalle, en julle sal verbaas wees wanneer julle besef dat niks in die eenheid van die skepping onmoontlik is nie. Wat julle nou ook al voorberei, sal deur julle voltooi word, hetsy hier of in die geestelike realms, deur julle geïnkarneerde broers en susters te help; net soos sommige van diegene wat dieselfde weë voor julle gewandel het, julle nou beskerm terwyl julle hul werk voltooi.

11) In die GEESTELIKE REALM is alles ’n eenheid. Elkeen moet dit nakom wat hy of sy besluit het. Dit is werklik onbeduidend, hoe groot of hoe klein julle opdrag was. Want herken in die vergelyking van 'n skeppingshorlosie, dat die grootste rat nie sou draai indien die kleinste nie sou draai nie! In die VADER se skeppingsplan het elkeen sy of haar pligte. In die ewigheid word niemand hoër geplaas as die ander nie. Daar is nie so iets in die geestelike koninkryk nie, en dit is hoe dit ook onder julle moet wees. Julle is vrye kinders, en gelyke geskenke word in die kind se hande geplaas, hetsy hy of sy een van die eerstelinge is, wat julle by die naam ken, of dié uit die verloop van eons, die biljoenste onder die kinders van ELOHIM. Hy of sy is nie minder waardig nie, want die VADER is 'n regverdige VADER, en elke kind is gelyk voor Hom, die ALLES-EEN.

12) Die mens verwar take met hiërargieë. Dit is nie hoe dit in die suiwer geestelike sfere werk nie. Dit is hoe die mens dink en julle, MY getroues, moet sulke gedagtes vanuit julle wese verban! Daar is slegs instrumente. Herken die onderskeid, selfs in die woord “instrument”! Natuurlik kan die VADER, in die eenheid met MY, die hele sferiese musiek op die instrument "speel", maar nie as en solank die instrument nog in die menslike kleed is nie. Want daar kan hy nie so 'n hoë bewussyn bereik nie. As hy

of sy die bewussyn in hul ontwikkel het om een met ELOHIM die VADER te wees, sou hy gesê het: "Dit is volbring!" Hy sou sy hoof gebuig het en die aardse kleed weggooi.

13) Herken dat julle telkens op die weg van nederigheid gelei word. Hierdie nederigheid is so moeilik om uit te leef. Hoogmoed skuil oral in hierdie aardse sfeer; want dit het sy oorsprong in die val, van om meer as 'n ander te wil wees, om soos ELOHIM te wil wees. Om van jouself - hier in die aardse kleed - te eis om in eenheid met HOM te wees, wat veroorsaak dat die eiser op die punt raak om te val; want die mens weet dat hy of sy niks is nie; dat hy of sy beperk is, omdat hy driedimensioneel is, en dat hy nie weet watter soorte leerervarings sy broers gemaak het nie; tog probeer hy voortdurend om hulle te oordeel. Die mens is nie bewus van hoeveel keer hy gedurende die dag val nie.

14) Dus, wat beteken dit wanneer EK julle leer om in eenheid met ELOHIM, die VADER te wees, en dus met MY, sy Liefde wat Mens geword het? Dit beteken dat julle deur julle dae moet gaan **deur in die oomblik te leef!** Dit beteken nie dat julle outomaties Goddelike bewussyn sal bekom deur in die oomblik te leef nie. Die mens kom eerder nader aan sy of haar eie siel deur in die oomblik te leef, ook te weier om in die verlede rond te grawe, veral om verskonings te soek vir wat hy of sy vandag is en nie anders kan wees nie; en ook om nie vooruit te dink aan die toekoms nie. In stede daarvan moet hy of sy in die hier en nou lewe, in die "Ek is in U hede, o VADER." **Want op daardie oomblik is die mens een met sy of haar siel, en die gewaarwordinge van die siel sal deur die 'mens' vloei en deur die bewussyn wat die siel ontwikkel het**.

15) Hierdie bewussyn is egter steeds beperk. Herken dit! As die siel goddelike bewussyn sou bereik het, sou sy haarself van alle skaduwees bevry het, dit wat sy gekies het om op haarself te plaas met die doel om in 'n dienende hoedanigheid na die aarde te kom. En nie net dit nie: Die verlange van die siel [na ELOHIM] sou so groot gewees het, dat sy nie meer haar aardse kleed sou kon dra nie. Dit is waarom 'n geestelike kind stap vir stap afgaan na die diepte, en met elkeen van die 49 vlakke plaas die VADER in sy genade en goedheid nog 'n sluier oor die kind. Die siel, die voormalige suiwer geestelike kind, die Seun of Dogter van die VADER, het sy of haar 'ja' gegee vir die wandeling na die dieptes en daardeur ook die 'ja' vir die ontvangs van die individuele bedekking van elke sfeer.

16) Nietemin, MY getroue kudde, daar het nou 'n tydperk aangebreek dat hierdie planeet en die hele sonnestelsel - en julle kan nie peil wat dit beteken nie - tot die volgende hoër vibrasie opgehef gaan word. Julle is aan die begin van daardie tydperk. Die keerpunt het reeds begin. Selfs al sal die volkome huiswaartse taak na die suiwer geestelike vlak nog steeds eons duur – gemeet aan die menslike maat – voorwaar, sê EK vir julle dat die tyd soos wat julle dit ken, nie meer sal bestaan sodra die vlak van GODDELIKE WIL bereik is nie. Alhoewel daar nog 'n gevoel van tyd sal wees, sal dit uit 'n ander eienskap bestaan as op aarde; want julle liggame sal nie meer die nagrus nodig hê nie, omdat hulle reeds van geestelike aard sal wees.

17) Stap vir stap sal Ons materie saam ophef, totdat dit weer sy suiwer oertoestand bereik het. Alles wat uit materiële substans bestaan, sal oplos en deel word van OERGODDELIKE ENERGIE, alles behalwe hierdie planeet. Sy sal bly en stap vir stap omvorm word na hoër vibrasies, ten einde haar plek langs die VADER se Soewereine Oersentrale Son te herwin. Alle ander materie sal tot niet gaan. Alles wat nie suiwer geestelik is nie, sal weereens, deur julle, omskep word tot suiwer skeppingsenergie. Terselfdertyd is dit die inaseming van die VADER, en met SY uitaseming gee Hy aan SY kinders hierdie skeppingsenergie opnuut terug, sodat hulle, in die suiwer hemele, tot in alle ewigheid kan bly skep en formeer, want ELOHIM DIE EWIGE is onbeperk, sowel as SY kinders.

18) Alles is in HOM, en niks is buite HOM nie. Alles wat hulself oënskynlik van HOM geskei het, is nog steeds in HOM, want alles is Sy GEES. Hier dink die mens in terme van persone en is geneig om te verdeel, maar tog is alles een. Aangesien daar niks buite ELOHIM is nie, is alles ELOHIM. Binne hierdie GODDELIKE GEES is sy kinders aktief, bou hulle ruimte en tyd en ontbind dit weer.

19) MY getroues, EK wil elkeen van julle in hierdie dieper wysheid inlei, want elkeen van julle is 'n individuele kind van die VADER, 'n bepaalde seun, 'n bepaalde dogter. Net soos wat geen bloeisel identies is aan die volgende een nie, is nie een van die VADER se kinders identies met mekaar nie. Al

vul 'n paar mekaar aan en word hulle 'n dualiteit [tweeledigheid], maar selfs hier dink die mens in menslike terme; want hierdie paar is in werklikheid een. Hier kan julle sien dat alhoewel die dualiteit kan skei in die vroulike seraf en die manlike gerub, tog is hulle een. Waarom sou ELOHIM HOMSELF NIE OPENBAAR aan SY kinders in Liefde, in SY Seun nie? Ook hier maak die mens 'n onderskeid, en tog is HULLE een en dieselfde.

20) Wanneer julle deur julle innerlike sfere aan MY hand wandel, sal julle jul denkpatrone herken, afkomstig van voormalige inkarnasies, waardeur dit belangrik is om nie in hierdie patrone te vertoef nie, maar om daarna te streef om die verlede in een oomblik, soos 'n brandende vuur die hemele in te gaan, om die verlede op te gee, om dit toe te laat om homself te verteer, sodat dit nie meer sal bestaan nie.

21) Wat ook al in die verlede kon gewees het, is slegs bedoel om 'n lig van herkenning en ’n vuur van suiwering te wees in die hier en nou.

22) Indien julle te lank in die verlede sal bly, sal julle jul hede opnuut vorm in julle gevoelens en gedagtes. Daarby, indien julle te lank in die toekoms indink, sal julle natuurlik julle môre vorm. Want al julle gedagtes is kreatiewe kragte, kreatiewe energieë wat julle beweeg om dit te verwerklik.

23) Bedink MY woorde versigtig! Hoeveel van julle gedagtes is nog steeds besig om deur julle [te wentel], wat julle besighou, wagtend om verwerklik te word? Terselfdertyd kry julle die Krag en die genade om hierdie gedagte-energieë op te los, om hulle te transformeer na liggevulde energieë, wat aktief is in die hier en nou, in ELOHIM se hede. En vanaf hierdie hede help julle nou al aktief om alles wat nog gebind is, los te maak, beginnende by julleself.

24) Herken al die vele klein boeie wat julle nog op julleself plaas! Oor hulle wil EK ook met julle spreek, met elkeen van julle afsonderlik, EK wil jou wenke gee deur sagkens vrae aan jou te stel. Ontwaak tot MY “EK IS die fontein in jou”, en vertrou MY. Jou verstand mag jou nog steeds van tyd tot tyd flous, maar het EK jou nie tot dusvêr hierheen gelei nie? En so sal EK jou lei via jou verstand en sal jou wys wanneer dit nog inmeng; want solank as wat jy in MY opleidingsprogram is, sal EK MY hand beskermend oor jou hou en jou lei via jou foute, jou swakhede, jou opinies en opvattings; en [EK sal dit alles doen] solank as wat jy in diepe nederigheid voor ELOHIM sal buig, sowel as voor al jou naastes, ja, voor die hele skepping. Gegewe dit alles, is jy onder MY beskerming, en EK sal jou help wanneer jou opvattings en opinies in [jou gesprekke] sal weerspieël, sodat jy dit nog kan regstel.

25) Aan die begin van die woord [wat EK aan jou sal gee], is dit slegs vir jou alleen bedoel, en jy sal MY intensiewe leiding sien wanneer jy jouself daaraan oorgee. Later, wanneer julle as MY volledig bewuste instrumente aangestel word, mag MY waarskuwings van vandag telkens in julle weerklink**.** **Solank julle nederig is voor ELOHIM, julle VADER, voor elkeen van julle naastes en voor die hele skepping, is EK by julle om julle te help en te beskerm**. Want dan is julle ook binne die wil van die VADER.

26) Maar, indien julle egter julle hand sal ophef teen die skepping, teen julle naaste, selfs teen ELOHIM, tree julle op uit opset, en EK sal MY beskerming van julle moet onttrek, omdat die kind, die seun, die dogter opgetree het uit sy of haar eie wil, wat die Gees nie mag omvêrgooi nie, hiermee bedoel EK die suiwer GEES.

27) Sommige inmenging kan egter kom vanaf die lae vlakke, van diegene wat nie die suiwer wet van ELOHIM respekteer nie, en die een of ander [onrein] ding kan baie maklik in die gedagtes van 'n hoogmoedige persoon gebring word [wat probeer om die woord van ELOHIM te ontvang], want in daardie geval was daar nie gehoor gegee aan die wet van die VADER, wat die vrye wil van die persoon respekteer nie.

28) Bly daarom nederig met julle hele hart, en wandel saam met MY met blye harte op die weg wat ons begin het, wat julle as instrumente van die GEES sal heilig.

29) MY seën sy met elkeen van julle. Wanneer julle die gemeenskap vandag verlaat, verenig met julleself in julle innerlike wese, asook met MY, as die Bron binne-in julle; EK IS in elke enkele een van julle die lewende Liefde, die Water van die Lewe! **Amein**.

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 50. Oefening

**Vrees is onvoldoende liefde - die toetse vir die student op sy lewenspad, - indien hy hulle geslaag het, behaal hy meesterskap oor homself - toetse moet deur volharding geslaag word - moed - geregtigheid - nederigheid - liefde - barmhartigheid - die oorwinning van vrees vir die dood – om te laat gaan beteken om vryheid te gee**

1) MY vriende, MY lig van Wysheid straal in julle harte in. Julle is vrye kinders, vrye seuns en dogters van die een VADER, wat nie aan enige groep of gemeenskap behoort nie, behalwe aan MY, indien julle wil, Wie die Liefde van die VADER is, die Skepperkrag in julle, julle broer, julle vriend en in die eenheid ook julle VADER.

2) 'n Gemeenskap, en EK beklemtoon dit, kan julle slegs vir 'n rukkie vergesel; maar elkeen moet egter self die stappe vir hom of haar neem. Waar hulle ook al mag gaan, hierdie stappe moet in absolute vryheid geneem word, selfs as julle glo dat julle deur vrees gedryf word. Waar kom vrees vandaan? Hierdie kompleksiteit moet deur julleself ontrafel word; want elkeen van julle het verskillende vrese, en niemand is absoluut sonder vrees nie. Wanneer julle na dieper vlakke binne-in julleself sal gaan, sal julle jul persoonlike vrese herken. Want as hulle julle net effens bedruk het, is hulle nietemin teenwoordig. Hierdie vrese moet ondersoek word en julle moet hulle konfronteer. Is hulle regtig vrese van die hede, of het hulle opgebou en kom hulle vanuit die verlede?

3) Indien julle in die hede saam met MY lewe, sal julle nie bevrees wees nie; maar as julle in die verlede of in die toekoms leef, sal angsgevoelens julle beweeg. Vrees is altyd 'n gebrek aan vertroue, 'n gebrek aan Liefde vir ELOHIM, ongeag watter soort vrees dit mag wees. Julle sal gekonfronteer word met julle vrese totdat julle dit moedig in die gesig staar, totdat julle die oervrees van die mensdom herken en totdat die GEES die leisels van die mens opneem. Want op daardie oomblik wanneer die GEES jou kragtig bestraal - jou erfenis, die Kind van ELOHIM - sal alle vrees verdwyn, indien jy in die oomblik en in die ewigheid leef. Jy het nog altyd bestaan en sal vir altyd bestaan. Niks kan jou van die ewigheid skei in eenheid met die ALLES-GEES, die VADER-MOEDER-ELOHIM nie. Julle is ’n eenheid.

4) EK herhaal: vrees is ’n gebrek aan Liefde, is ’n gebrek aan vertroue!

5) Elkeen van julle gaan na sy lotsbestemming op sy of haar eie persoonlike weg, wat hy of sy vrylik gekies het: Vanaf die hoogste hoogtes deur die dieptes en terug, want in die hier en nou is ewigheid, en die weg na die diepte en terug is 'n gegewe in hierdie ewigheid. In die ewigheid het julle julself nog nooit in julle harte van die VADER verwyder nie; julle het bloot die straal uitgestuur wat min of meer in die duisternis verlore geraak het.

6) Indien julle MY volg, die suiwer GEES, stel julle goddelike erfenis in julle 'n paar toetse vir jul menslike wese. Daarom toets nie die VADER, in die eenheid met MY, julle nie, maar julle toets julleself, ten einde die straal wat julle uitgestuur het, uit die duisternis terug te bring.

7) Voordat EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, die aarde bewandel het, was daar spesifieke inisiasie-seremonies wat die student moes slaag. EK onderrig egter daarenteen dat dit **die lewenspad van die student is wat hom meester laat word,** indien hy sy take moedig sou aandurf. Daar is nou 'n verskeidenheid toetse waarmee julle kan groei, en deur hierdie groei brei julle jul bewussyn uit. Hierdeur bemeester julle die mens en ontwaak julle tot julle sielsbewussyn, wat dan saam met die geestelike, die Liefde-eenheid groei, en in volmaaktheid een word. Mens, siel en gees is dan weereens 'n bewuste eenheid vir die 'mens'.

8) Aan die begin van die pad word uithouvermoë benodig. Telkens moet julle julleself ondersoek om te sien of julle hierdie weg gewilliglik volg; of die GEES in beheer is van die liefdeskrag en of die mens sy weg self deur die donkerte van tyd en ruimte wil maak! Tydens hierdie toetse word rotse dikwels in julle pad geplaas, selfs deur julle medemens. 'n Voorbeeld kan julle dien in vandag se gelag oor die swakhede van julle broers en susters. Was die persoon in sy innerlike seergemaak daardeur,

deurdat hy intellektuele oorwegings van ander hom laat verwar, of het hy sy ego oorkom om doelgerig op die weg te gaan, wat ook Myne was?

**9)** **Volharding** is ook deel van dissipline, is deel van Orde. Ondersoek julleself ook telkens hierin. En verstaan MY korrek: Dit is die GEES in jou, die onkreukbare suiwer vonk vanuit die VADER se GEES, Wie hierdie toetse gee.

10) Julle **dapperheid** word ook getoets, wat nou verband hou met julle vrese. Konfronteer julle jul vrese moedig en oorwin julle dit in die lig van die ewigheid, in MY lig van Liefde? Kan ander maar dink wat hulle wil, kan hulle met julle spot en twis, gaan julle dan nog moedig voort op julle gekose pad, onbevange en onder die gesag van MY stromende Krag van Liefde? Is julle moedig wanneer gedagtegolwe julle affekteer, en beveg julle hulle met julle liggevulde gedagtes om hulle te ontbind? Of is julle nog steeds swak, nie bereid om die goeie stryd aan te gaan om self jul swak punte te erken en dit dan te beveg en te bemeester nie, sodat julle die oorwinning oor julleself kan behaal?

11) Elkeen onder julle het 'n swak punt; almal sukkel en word uitgedaag om moedig te wees. Ook daar sal die uitdagings wat ontstaan toeneem. Aan die begin is dit die stryd met jouself. Met verloop van tyd is dit negatiewe denkkragte wat van ander af kom, wat julle kan beïnvloed, omdat julle steeds soortgelyke vibrasies in julleself dra, wat julle dan sal moet opwek tot liggevulde gedagtes.

12) Wanneer julle sienende wesens word met julle geestelike oë, sal julle ook die duisternis rondom kan aanskou, en julle sal die gedagtegolwe sien wat rampspoedig na julle toe stroom. Sal julle hierdie kragte in volle bewussyn kan weerstaan? Worstel julle met hulle en los julle hulle op in die lig van Liefde?

13) Die volgende punt om te noem, is **Geregtigheid**: Staan julle op vir diegene wat in die minderheid is, wie die swakkeres is? Is julle altyd aan die kant van die swakkes en armes, of soek julle vriende wat ryk is en invloed het? So, soek julle dus nog steeds julle geluk in die 'wêreld'? Geregtigheid veroordeel of oordeel nie. Hy wat reg doen aan homself, doen ook reg aan sy naaste. Hy wat reg doen aan homself, herken al sy swakhede en daarom sal hy sy naaste nie oordeel of veroordeel nie.

14) Dit is op hierdie stadium waar die toets moeiliker word. Die grotes van hierdie wêreld sal jou nader wanneer jy jou weë saam met MY stap met die volmag vanuit die hemel. Is jou hart dan nog met die wat honger en dors het? Is sy met diegene wat ly of treur? Is sy met die sondaars, wat jy, soos wat jy jouself herken, nog steeds ook is? Of sal jy jouself dan vinnig aan die kant van die magtiges [van hierdie wêreld] skaar?

15) Hierdie toets word gevolg deur die toets van **Nederigheid (Deemoed)**. EK het nederigheid oor en oor aan julle bepleit. Tot aan die heel einde van hierdie aardse bestaan in julle swaar materiële kleed, sal nederigheid telkens weer in julle pad geplaas word in die vorm van 'n toets, deur julle eie suiwer geestelike wese, wie julle in julle innerlike wese is; want **hoogmoed was die val** en deur **nederigheid sal die val opgelos word.** Wie nederig is met sy hele hart, het lief en sy Liefde word deur Barmhartigheid gedra. **Liefde en Barmhartigheid word waarlik geleef deur hom wie nederig is.**

16) Hy wat al hierdie toetse in die laaste ontleding slaag, het die **Dood** bemeester en beskou laasgenoemde as 'n vriend, beskou dood as 'n weggooi van die swaar materiële kleed en die transformasie na die volgende hoër vibrasievlak. Dood is oorgang. Hy wat saam met MY wandel, leef vir ewig en het die dood oorwin. Die dooies is bloot die slapers wat nog nie vir die GEES ontwaak het nie. Daar is geen dood nie. Waarom dan hierdie vrees vir die dood? Waarom nie vreugde nie? Vreugde oor die feit dat julle naaste, of dit nou julle vader of moeder is, die geleentheid gekry het vir verandering? Hy wat MY volg, sal sy innerlike hemel open en sal in die sfere van saligheid kan inkyk, waarheen julle broers en susters voor julle gegaan het, want almal is julle broers en susters.

17) Ware Liefde maak vry. Ware Liefde het verander van slawerny na liefdesverbinding. Moenie julle aardse liefdesverhoudinge verwar met GODDELIKE Liefde nie! Die Liefde van die suiwer GEES sien slegs die verskillende weë raak, wat laastens alle [wesens] tot volmaaktheid sal lei; of dit nou die loslating is van geliefde huisdiere, van kinders, ouers en grootouers van mense wie jy liefhet en wie jy ken.

18) Loslating beteken om iemand se vryheid terug te gee.

19) Wat is menslike rou? Menslike rou is die beseerde ego. My geliefde het my alleen gelos; die dier het my alleen gelaat met my pyn. En nie die feit dat 'almal wat voor my gegaan het, die weg vir my lei nie', maar hierdie erkenning sal vroeër vir sommige en later vir ander kom: Dit is ook 'n duidelike teken vir almal dat hierdie wêreld van korte duur is.

20) Hoe kort is die lewe van 'n plant, van 'n dier, of selfs van 'n mens! Ja, hoe kort is selfs die lewe van die planeet, gemeet aan die ewigheid! Miljarde jare gaan verby binne 'n kort oomblik van die ewigheid. Alles wat julle sterwend noem, behoort slegs 'n teken vir julle te wees van julle laer ego wat die nodige veranderinge moet aanbring, om hom of haar te omvorm tot geestelike Seun of Dogter. Die onderste of basiese ego transformeer haarself tot die hoër siel-Self en dan, na die wegwerping van die sielekleed, na die suiwer Kind van die ALLERHOOGSTE.

21) Laat MY nogmaals herhaal: In die diepste dieptes van jou innerlike wese is en was jy altyd hierdie suiwer Kind, alles anders is niks anders as bekleding en skaduwees wat jy rondom jouself geplaas het. Voorwaar, EK IS die stralende blink wit kleed van Liefde, wat jy moet aantrek, sodat jy jou weë saam met MY in hierdie reinheid en van MY GEES kan voortsit. En dit terwyl jy met vreugde die toetse van jou Hoër Self in die gesig staar, dit in die oomblik herken en met 'n glimlag aanvaar.

22) Hou julleself in die spieël dop, hoe gereeld is julle gelaatstrekke nog verdraaid! Kyk af en toe in die spieël en beskou jou aangesig, en glimlag dan vir jouself, en let op hoe verlig jy Self voel wanneer jy glimlag! In hierdie bewussyn van glimlag vir jou basiese 'menswese', sal jy met elke toets meer en meer daarin groei; en niks sal jou skok of grootliks beïnvloed wat kan veroorsaak dat jou gelaatstrekke verdraai word nie, sodat kwaai of soortgelyke emosies jou nie vanuit jou spieëlbeeld kan aanstaar nie.

23) Sodoende loop julle na volmaaktheid deur middel van die toetse, gaan haal julle die ligstraal wat deur julle uitgestuur is, maar sal altyd bewus wees van die feit dat volmaaktheid nie bereik kan word alvorens julle bewussyn nie weer suiwer GEES geword het nie. Volmaaktheid kan nie bereik word totdat julle in staat sal wees om julle bewussyn van julle 'mens' te bevry en in staat was om die 'mens' in die siel in te dompel, om haar tot in die dieptes van jou wese in te lei om sodoende een te word met die Oervonk, die Seun of Dogter van ELOHIM. Dan en dan eers is julle pad van die 'uitgestuurde straal' beëindig, en het julle tuisgekom.

24) Hier in tyd en ruimte stap julle die pad by wyse van die uitgestuurde straal in absolute vryheid. Die straal self is lig, met die uitsondering dat daar polariteit rondom is, duisternis. Jy is lig, net om jou is die skaduwees. Wanneer julle jul bewussyn verander, sal die skaduwees verdwyn! In die komende openbarings sal ons die bewussyn van die 'mens' stap vir stap vrystel, en dit tot die sielsvlak verhoog. Soos altyd, word julle vrye wil egter te alle tye geëer.

25) Om die aand af te sluit, sê EK vir julle wat EK aan die begin gesê het: Niemand kan julle innerlike vryheid van julle af wegneem nie. Innerlike vryheid is julle erfenis en sal altyd so wees. Julle wandel saam met MY. Julle wandel met julle hoër Self, wie een is met MY. Daar is geen skeiding van ELOHIM nie, van die VADER-MOEDER-GEES nie, daar is slegs Eenheid!

26) Alles wat hier in tyd en ruimte gebeur, moet vergelyk word met 'n droomagtige gebeurtenis. Dit is nie die werklikheid nie.

27) Die werklikheid is julle plek in die hart van die VADER.

28) Die werklikheid is lig, is ewigheid. Julle wandel in hierdie ewigheid en ontwikkel dit stap vir stap vir julleself, al die pad tot julle herkenning van die waarheid van MY voornoemde sin.

29) Julle lig, wat een is met MY en die VADER se lig, skyn vir julle. Die Krag van die VADER se Krag, wat ook joune is, versterk jou in jou menslike kleed. Die VADER se Liefde Wie EK IS en ook julle s'n, sy met julle deur die skynbare duisternis. Wees moedig en neem verantwoordelikheid vir julle 'mens'!

**Amein.**

# 51. Oefening

**'n Oproep om hulp wat telepaties uitgestuur word, sal deur die gemeenskap ontvang word, ons help mekaar - om te luister lei jou gevoelens op - ware liefde - seksualiteit is 'n skeppende krag en is 'n gawe van ELOHIM - hel en vagevuur is toestande – in jou oordeel vibreer jy met jou eie resonansie - sodra ons die resonansie in onsself oplos, sal dit ook in ons naaste oplos - meditasie: Siel/mens - plaas jou bewussyn in jou siel**

1) Voorwaar, MY GEES waai deur julle, want julle het die verantwoordelikheid herken wat elkeen van julle dra om mekaar in die gemeenskap te help, sowel as om mekaar vanuit die verskillende oogpunte te ondersteun. Slegs op hierdie wyse kan EK JAHSHUA DIE GESALFDE elkeen van julle ten volle met MY Liefde aangryp en sodoende - deur julle - aan julle gesprekke deelneem.

2) Herken dat wat in so 'n gemeenskap groei, 'n gees van innerlike verbintenis is. Selfs wanneer julle eendag alleen sal stap, buite die gemeenskap, maar saam met MY, sal julle steeds in julle innerlike wese verbonde wees en sal steeds ondersteuning en hulp vir mekaar beteken. Julle beoefen julle gevoelens sowel as julle vermoë om julle naaste telepaties waar te neem. Slegs een uitgestuurde gedagte om hulp van julle naaste na die kring, en julle sal op daardie oomblik verbind, en julle sal daar wees vir mekaar.

3) Julle ook, MY geliefde dissipels, wat nie in hierdie kring is nie, maar wat hierdie weg in ander gemeenskappe bewandel, of wat alreeds alleen hierdie weg gaan, dink daaraan dat ook julle jul gevoelens oefen deur van vêr af deel te neem, soos wat julle toewyding aan julle naaste hierdeur vervolmaak word. Sit dus net agteroor en luister! Kyk in die hart van jou naaste en jy sal hom of haar verstaan. Vanuit sulke begrip groei liefde, 'n liefde wat nie met julle menslike liefde vergelyk kan word nie; want hierdie liefde word deur MY GEES bestraal. EK JAHSHUA DIE GESALFDE verstaan alle mense en siele, en julle sal ook tot hierdie soort begrip kom.

4) Weereens sal EK die voorbeeld uit die skrif gebruik wat handel oor 'die owerspeelster.' Hoe vinnig was almal nie gereed om die eerste klip op te tel nie. Maar toe EK hulle toespreek met: 'Sal die een onder julle wat sonder sonde is, die eerste klip gooi', het diegene wat alreeds hulle klippe in hul hand gehad het, stil weggestap, en EK was alleen met die vrou en het gesê: 'Probeer hard!' - "Verander jou lewe en verlaat jou lewe van sonde!" Sy het haar hoof neergebuig. MY liefde het haar bestraal en haar opgehef na die ligsfeer van geestelike liefde. Op daardie oomblik het sy verstaan wat die gebeurtenis haar wou wys, naamlik ware liefde, nie julle menslike liefde nie, wat deur middel van ongebreidelde seksualiteit tot uitdrukking kom. Hierop wil EK ook kortliks 'n paar woorde sê.

5) Herken dat die seksdrang ook 'n gawe van ELOHIM is aan Sy aardse kinders en dat hierdie krag, wat julle in jul innerlike dra, homself stap vir stap sal transformeer van die oernatuur, wat julle nog steeds op dieselfde vlak as die dierewêreld plaas, na 'n hoër seksualiteit. Want dit sluit aan by die GEES van Liefde, met MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, en dit sluit dus die gade in hierdie hoër liefdesvibrasie in, ongeag op watter geestelike vlak julle julleself mag bevind.

6) Dan sal julle standpunt ook verander, sowel as julle veroordeling van vroue, soos in die voorbeeld van die 'owerspeelster'. Julle sal verander en nie meer oordeel nie. In stede daarvan sal julle in daardie vroue herken dat hulle julle op 'n fisiese vlak bedien deur hulself aan julle oor gee. EK ken julle beswaar: "Ja, vir geld." EK sê vir julle: "Kyk agter die masker van geld verdienste. Kyk na elke vrou, kyk in haar hart in en jy sal in hulle ook die soeke na ware liefde herken."

7) Moenie verdoem en veroordeel nie, sodat julle ook nie in julle oer-seksualiteit geoordeel word nie, deur julleself geoordeel, want julle verdoem en veroordeel julleself met dieselfde maat waarmee julle ander meet.

8) En nou sal EK verwys na 'n vroeëre gesprek in hierdie sirkel: Hel is 'n toestand, vagevuur is 'n toestand. Net soos wat julle jul medemens meet, sal julle op dieselfde manier gemeet word in die uur van waarheid, in die uur van herkenning, wanneer julle die oorgang na die volgende sfeer sal maak. Indien julle nog altyd probeer het om julle broers en susters te verstaan, ongeag hoe hulle op aardse vlak geval het, volgens hoe julle hulle beskou het - en EK beklemtoon beskou het -, sal julle strewe vrug dra. En in die loop van julle verhoogde bewussyn in die hier en nou saam met MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, die Liefde, sal julle selde verdoem en veroordeel, want julle herken julleself en sal julle weet dat met elke oordeel jul eie vibrasie julle klankbord was.

9) Eers wanneer julle die pad loop wat julle reeds begin het - vol vreugde en sonder vrees - en wanneer julle in MY voetspore volg wat EK stap vir stap vir julle voorberei het, kan julle seker wees van die oorwinning. Dit is die oorwinning oor julle basiese self, oor julle ego. Hierdie oorwinning kan slegs behaal word deur erkenning, want sonder erkenning weet julle nie waar julle die byl in julleself moet begin neerlê nie. Julle verkry hierdie erkenning deur die voorgenoemde resonansie.

10) Alles wat in julle resoneer, alles wat nog emosies in julle kan oproep, is baie verbonde met julle deur vibrasie. Hierdie vibrasies van julle eie wese moet vrygestel word. Deur hulle in julleself vry te laat, is julle - en dit is die wonderbaarlike genade van Liefde – terselfdertyd besig om die vibrasies in julle naaste vry te stel, met wie julle in ooreenstemming vibreer. Julle naaste is op julle pad geplaas deur die Wysheid, Liefde en Genade sowel as deur die VADER se heilige wette. Julle sal slegs daardie medemens teëkom met wie julle nog steeds verbind is, deur vibrasie, of dit nou in die positiewe, liggevulde sfeer is, of selfs in die negatiewe en donker gebiede.

11) Die denke in terme van goed en kwaad sal op hierdie planeet voortduur, solank as wat julle die vibrasie van beide in julle binneste dra. As julle egter julle weg teruggevind het na die goue middel, na julle lig - wat julle in werklikheid is - dan sal die begrippe van goed en sleg, julle gepolariseerde denke, ophou en oplos. Wanneer julle in die lig sal staan, sal julle besef dat daar niks anders as lig is nie. Dan rus julle in die hart van die VADER. Julle ware plek is daar, julle standpunt, terwyl al die ander slegs opvattings is. Los hulle op en julle sal die gebeurtenisse van die val aktief omvorm na Lig en Liefde, na Vryheid, wat van die begin af aan julle gegee is.

12) MY geliefde dissipels, mag julle begin en probeer hard om julle bewussyn deur en deur te verander, sodat julle julself nie meer sal identifiseer met die straal wat julle uitgestuur het nie, maar eerder met julle ware oerwese. Slegs met die siel sal jy jouself herken as Seun, as Dogter van die EWIGE HEILIGE VADER.

13) Wanneer julle jul standpunt verander, sal julle alle gebeure op hierdie planeet vanuit 'n verhoogde bewussyn aanskou. Dit is egter ook stappe van ontwikkeling, stappe wat deur tyd en ruimte lei. EK het dit voor julle uitgeloop, en EK vra julle om dit te volg, want elkeen van julle moet sy of haar innerlike vryheid erken.

14) Julle is waarlik vrye seuns en dogters van die ALLERHOOGSTE, julle is nie gebonde aan materie nie, en ook nie gebonde aan enige sfere nie. Julle sal weereens vryelik in die suiwer wese beweeg. EK sal julle na hierdie nuwe bewussyn lei. Wandel saam met MY - volgens julle vrye wil.

15) Besef dat die siel haarself stewig verbind het met die 'mens' tydens julle geboorte. Alhoewel julle siel naby die ontwikkelende liggaam was, wat haar inkarnasie op hierdie vlak moes dien, maar eers met die eerste asemteug en met die eerste uitroep van die kind, het die siel die liggaam volledig binnegegaan. In die eerste jare van aardse lewe kon die siel steeds die liggaam verlaat, selfs gedurende die dag. Die kind het nog nie die woorde 'EK wil' gesê nie –[julle het die hoofstuk ontvang waar dit verduidelik word.] Met die eerste 'EK wil' was die siel egter gevange geneem [in die liggaam]. Al bestraal hierdie siel haar lewenskrag in die liggaam in, trek die ‘mens’ sy bewussyn terug van die siel en wend haarself meer en meer tot die fisiese liggaam.

16) Vervolgens herken die mens in sy of haar ego sy fisiese wese, identifiseer homself meer en meer met hierdie liggaam en verloor hy terselfdertyd die band met die siel. Baie van julle het slegs bewus geraak van julle siel deur siektes of noodlot te ervaar, waardeur julle siel julle wil wys dat daar meer as die menslike liggaam moet wees en dat daar in hierdie liggaam 'n ander krag bestaan wat

hierdie liggaam lewe gee. Wanneer hierdie krag onttrek, word die menslike kleed siek. Daarbenewens aanvaar die siel ook vryelik en bewustelik die houe van die noodlot, sodat die menslike kleed, wat nou slegs met die brein identifiseer, dan besef dat daar iets anders moet wees as die liggaam met sy selle. Slegs deur hierdie denkfase word die verband met die siel hernu en van daar af pols die siel binne-in die 'mens' en herinner hom [die liggaam] aan alles waarvoor die siel aarde toe gekom het. Die siel herinner die mens - by wyse van gewaarwordings - dat die mens die siel moet dien en nie andersom nie.

17) Mag julle dus - weereens in ooreenstemming met julle vrye wil - julle bewussyn van die menslike liggaam losmaak en aan die siel teruggee. Gaan saam met MY in meditasie:

18) Jy moet regop sit, jou hande lossies in jou skoot geplaas en albei voete moet op die vloer wees. Die sitplek van jou siel is aan die agterkant bo-op jou kop. EK JAHSHUA DIE GESALFDE plaas MY hand saggies daaroor en MY krag pols daarin. Jy sal nou die bestraling van die siel aan die agterkop voel...

19) MY broer, MY suster van die lig, EK groet julle. Julle het vêr gereis en steeds is julle so baie naby aan MY. Kom, laat ons julle aardse kleed saam bestraal, sodat die 'mens' die krag kan voel wat van julle af kom, die krag wat met MY verenig het, sodat alle selle van julle aardse liggaam deur hierdie krag aangeraak kan word, sodat julle selle in belyning kan kom met MY, en met ELOHIM, die EWIGE HEILIGE VADER, met Wie EK een is.

20) MY bestralingskrag verbind met joune, o siel, raak nou die middelpunt van Barmhartigheid, terwyl strale van die goddelike Barmhartigheid goud om die middelpunt aan die kroon van jou kop speel. Liefde vanuit die ewige hemele pols ook daar: Een GEES, een KRAG. Die hele kop area is gevul met hierdie krag van Liefde. Elke sel drink vanuit die oseaan van Liefde.

21) Die VADER bestraal die sentrum van geduld met Geduld. Ook jy, o siel, raak geduldig met jou menslike kleed. Geregtigheid, naby die hart, begin te pols. Met elke polsslag van jou menslike hart, voel jy, o siel, hoe hierdie menslike kledingstuk gereed raak om jou te dien. Selfs al het die mens die erns nie ten volle begryp nie, kyk geduldig na hierdie menslike kleed, o siel, en met dieselfde welwillendheid wat jy nou voel, want dit kom van die goedheid van die VADER.

22) Die Wysheid binne-in julle is onuitputlik. Die mens kan haar nie peil nie; tog is daar in die diepte van julle wese die bewussyn van die sewe maal sewe vlakke en die suiwer geestelike hemele. Alles is binne-in julle. Al voel julle siel gevange deur die intellektuele denke van die mens, sien, hierdie menslike kledingstuk is gereed om te put uit die goddelike Wysheid.

23) MY stroom vloei verder deur jou, o siel. Dit is MY lewe, MY liefde, MY Skepperkrag, en sy stroom na die bewussynsentrum van die goddelike Wil. Kyk, o siel, hoe die mens binne die wil van die ALLER-VADER probeer optree, hoeveel die mens gewillig in MY voetspore volg. Weereens bestraal MY geduld jou. Jy herken hoe die mens ook sukkel met die vlak van Orde .... Nou, o siel, voel jy dat hierdie kleed voor jou buig, dat die mens gereed is om jou te dien. En jy, o mens, voel nou die vreugde in jou binneste, hoe kragtig stroom die lewe, die liefde, deur jou! As jy, o mens, een met die siel is, sal jy waarlik met ligvoetigheid deur die materie reis en oor al jou probleme kom wat jy hier en daar het.

24) O mensekind, kyk hoe die lewe diep in die sole van jou voet pols, en hoe kragtig stroom die Liefde na die aarde! Daar is slegs een eenheid en dit is die MOEDERLIKE eienskap wat verenig is met die VADERLIKE eienskap! Aarde is jou moeder; sy is een met die GEES van die VADER. Jy, o mens, is van die aarde, word deur haar gevoed, en jy ontvang alle bestraling van haar af en weet nie van al die dinge wat die aarde aan jou gee nie. Kyk, al die uitstraling wat deur jou moeder uitgegee word, is vol lig, tensy hierdie liggevulde uitstraling die duister straling tref wat nog in jou is, o mensekind, veroorsaak deur gebrekkige denke. Indien slegs liefde van julle af na MOEDER AARDE vloei, o mens, sal sy julle met alle mag dien.

25) Wees nou bewus, o mens, dat die siel op hierdie oomblik haar krag stap vir stap terugneem, sodat jy kan besef dat jy nie lewe nie, want jy is maar aarde van hierdie aarde. Jy is materie, en die lewe in jou is GEES. Sodat jy, o mens, kan leer om jou bewussyn in die siel te plaas, sal laasgenoemde nou sy kragte onttrek. Net soveel lewenskragte sal in jou oorbly, o mens, sodat jy jouself kan onderhou.

26) Die siel trek die lewe, die krag van julle voete, van julle skene en van die knieë en dye. Hierdie liggaamsdele is swaar en roerloos. Die siel onttrek van die sentrum van Orde, van die sentrum van die Wil, van die sentrum van Wysheid, van Geregtigheid, Geduld, Liefde en Genade. Die menslike liggaam raak heeltemal ontspanne en vorm 'n eenheid met die aarde.

27) Nou, o siel, jy wat in jou innerlike 'n broer is, 'n suster van die lig, kom steek jou hand uit na MY! Verlaat hierdie menslike kleed, vertrou jouself aan MY toe. Kom! ... Kyk om jou! Dowwerig sien jy MY in die lig. EK het self die hemelse prag verdof. Moenie bang wees vir die toestand van vryheid wat julle wese ervaar nie!

28) Sien, EK wil met julle saamstap buite tyd en ruimte. EK JAHSHUA DIE GESALFDE lei julle na die lig, waarvandaan julle gekom het. EK lei julle na aktiwiteite wat nie gebonde is aan die wette van hierdie aarde nie. EK lei julle na vryheid. Steek julle hand na MY uit! Julle beweeg vrylik rond. Daar is geen mure nie. Julle sien die dowwe lig Wie EK is, vir jou verdof, en jy sien in die wydtes in. Julle styg bo die Aarde uit, vry en ongebonde; jy loop na die werklikheid.

29) Daar is duisternis op hierdie helfte van die aarde. Staan op en jy sal die sonlig sien! Kom, met hierdie eerste oefening moet julle julself heeltemal oorgee aan die vryheid om die aardse sfeer te beskou. Moenie na die donker skaduwees kyk nie, maar sien hier en daar die lig en versterk dit. Laat MY Liefde, Wie ook aan julle behoort, deur julle vloei na al die lande wat uitgesprei is aan julle voete, na al julle broers en susters wat, net soos julle, hierdie planeet in die aardse kleed bewandel.

30) Omring hulle met die band van liefde vanuit die hemele! Vanuit julle oogpunt herken julle hoe hulle netso sukkel soos julle, soos alle siele, julle broers en susters. Julle sien hoe hulle hul met hul liggame identifiseer, wat niks anders is as materie nie, net soos wat julle met hulle identifiseer.

31) Begryplike liefde stroom deur julle. Hierdie liefde versprei deur seën - in MY Naam - na die mineraal-, plant- en diereryk en deur alle natuurwesens te seën. Julle sien hulle nou. Kyk mooi, dit is nie skaduwees nie. Kyk na die vreugde in hierdie verskillende uitdrukkings van die GEES! Weereens seën julle al julle broers en susters van hierdie aardse sfeer in MY Naam.

32) Kom nou terug, o siel, maar behou die bewussyn van jou ware wese, selfs wanneer jy weereens met jou aardse kleed verenig is! Hierdie bewussyn word oorgedra aan jou 'mens' wanneer jy, o siel, daaraan geboei voel.

33) Aanvaar hierdie kledingstuk en herken dit, en wees verheug dat jy in staat is om op hierdie aarde daarin te wandel! Jy sien nou die skaduwees, wat jy in jouself dra, maar jy sien ook die wonderlike taak, om MY, JAHSHUA DIE GESALFDE te help, sodat daar vrede op Aarde kan wees en sodat EK alle dinge nuut kan maak. EK is in jou, o geliefde siel, in eenheid met die VADER, soos jy weet. Deur jou bewandel EK hierdie aarde. Daarom kan daar nie van vryheid afgewyk word nie. Jy is altyd vry, o siel!

34) Julle krag, die lewe, die volheid stroom weereens in julle menslike kleed in. Deur middel van die middelpunt van Barmhartigheid, stroom die lewe voort, na die middelpunt van Liefde, Geduld, Geregtigheid, na Wysheid, Wil en uiteindelik goddelike Orde. Daar vertoef jy in die wete dat jy weer heeltemal verenig is met die mens. Die lewe pulseer weereens die hele pad tot by die voetsole en tot by julle vingerpunte.

35) Alhoewel julle steeds op hierdie vlak van Orde beweeg terwyl julle jul in die aardse kleed bevind, sien julle nietemin die lig, daardie EK-IS-DIE-LIG, wat ook binne-in julle is, sowel as in julle almal in die hele wye wêreld van die Aarde, die lig wat deur hierdie Aarde deur julle wil gaan. MY liewe dissipels, kry julle bewussyn in lyn met julle siel!

36) Mag julle self hierdie **meditasie** daagliks in soortgelyke vorm beoefen, indien julle wil. Julle hoef nie by die presiese woorde te hou nie. Julle is vry om julle eie woorde te kies, en net so vrylik as wat julle bewussyn deur julle siel in julle binneste ontvou.

37) Moenie toelaat dat hierdie meditasie meganies word nie, want deur dit te doen, sal julle weer inbreuk maak op julle innerlike vryheid! Hierdie meditasie word slegs as voorbeeld gegee. Volgens julle sielsgevoelens kan dit heel moontlik 'n ander weg gaan en dit behoort. Want hierdeur identifiseer

julle julleself as MY ware dissipels; omdat julle nie meer op iemand of iets steun nie; omdat julle self 'n rots geword het. Julle is die rots waarop EK MY innerlike kerk, MY innerlike gemeenskap kan bou.

38) MY seën is ook in julle. MY krag vloei deur julle. Gaan voort op die pad van eenheid met MY, in 'n nuwe bewussyn, verhef tot 'n hoër vlak.

**Amein.**

### *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

## 52. Oefening

**Om die kalm pool in ons sentrum te vind - toekomsgerigte denke belemmer - gedagtes is kreatiewe energieë - herken gedagte-skeppings en ontbind die negatiewes - oor seremonies - omvorm eers jouself - voorbeeld van die krag van gebed – die mens het tyd nodig om geduld te ontwikkel – die siel plaas die lig in die persoon - bly in die EK IS WAT EK IS**

1) MY vriende, EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, groet julle. Binne elkeen van julle is EK die lewende krag van lewe, redding vir die mens, sowel as vir die siel. EK kom na julle toe en spreek julle aan - nie net in hierdie kring nie - maar altyd en op al julle weë.

2) Nooit is jy alleen nie, behalwe dat MY WOORD soms vervaag in die gewoel van tyd en ruimte. Dit is die mens wat nie hoor nie. Dit is die mens wat MY nie in homself wil hoor nie. Nie een versoek bly onvervuld nie, maar weet dat die vervulling daarvan dikwels anders is as wat die mens dit vir hom voorgestel het.

3) Alreeds voordat julle jul versoekskrif deurdink het, is geestelike kragte reeds aan die gang gesit om julle te help, soos wat dit die beste is vir julle siel en haar bestyging na die lig, buite alle polarisasie.

4) Kyk terug na die vorige pad! Hier en daar kom ’n vonk erkenning by julle op: “Dit moes gebeur het soos destyds, en vandag sien ek alles met ander oë, want ek weet dat hierdie ervaring meegewerk het om my op my huidige weg te bring.” Toe julle egter deur hierdie vroeëre donker periode gegaan het, was julle moedeloos. Toe het julle ook om hulp geroep en nou, wanneer julle terugkyk, besef julle dat julle hulp ontvang het, alhoewel in 'n ander vorm as wat julle verwag het.

5) Julle taak in hierdie tydperk van genade is om julle middelpunt te vind, julle rus van die heen en weer van uiterstes. Maar wanneer julle ook al met die verstand van julle mens dink: "Dit is hoe dit verstaan moet word!" gee julle aan julleself 'n sekere rigting deur daardie einste denkproses, en daardie rigting moet gevolg word – weereens, deur die mens - totdat julle gaan herken: ‘MY denke was verkeerd.”

6) Julle kan dan sê, maar wat is die rede dat ons dan ’n verstand het? Ons word altyd uitgedaag om besluite te neem, sonder om te weet of hulle reg of verkeerd is. MY antwoord aan julle is as volg: Dit maak nie saak of die besluite reg of verkeerd is nie. Gesien vanuit die GEES se beskouing is hulle altyd reg, want julle pad lei julle via hierdie aardse sfeer. Die enigste belangrike ding is julle innerlike houding.

7) Indien julle bereid is om met MY in lyn te kom, die Lewe, die Lig, die Liefde, telkens in julle gevoelens, gedagtes, woorde en dade, dan sal julle met vaste treë deur hierdie lewe stap. En julle sal dit met lig en liefde bewandel. Maak nie saak hoe julle besluit nie, moenie julle gedagtes gebruik om die hoekoms en waaroms te oordink nie, maar gebruik dit om helder besluite in MY GEES te neem, en maak seker dat hulle gebore word uit die hier en nou, uit die hede.

8) Besef dat gedagtes rakende julle toekoms julle hinder! Die mens is gewoond om alles vooruit te beplan. Hoe lui die gesegde weer: "Die gedagtes van die mens lei sy weg, en ELOHIM lei sy voetstappe!" As julle egter op hierdie 'ELOHIM lei sy voetstappe' sal konsentreer, sal julle in die hede

rus en sal julle gedagtes onmiddellik terugkeer van die toekoms, ten einde in die hier en nou deur julle verstand te werk.

9) Gedagtes is kragte van ontsaglike mag. Hier in die wêreld van materie kan julle hierdie kragte nie sien nie. EK sê egter vir julle, as julle eers die aardse kleed afgewerp het, sal julle sien hoe elke gedagte dadelik probeer realiseer. Gedagtes is 'energieë van produksie' waarmee julle werk, en hierdie produksie-energieë wil nou geestelik deur julle gebruik word, in hierdie liefdeswerke, deur die gebruik van julle gedagtes.

10) Tot nou toe het julle gedagtes - hetsy positief of negatief - vorms geskep, en dit het gedagtes van dieselfde gehalte gesoek, het hulself daarmee verbind ten einde met groter krag na julle terug te keer. En julle weer, wie hierdie gedagtepatrone ontvang, versterk hulle met meer sulke gedagtes van soortgelyke gehalte. Hierdie selfde vorms neem toe, word onafhanklik in hulle vorm en was dus geaktiveer deur die krag wat julle aan hierdie denkvorme gegee het.

11) MY geliefdes, die tyd het nou vir julle aangebreek om te leer om hierdie energieë behoorlik te gebruik; om te leer hoe om julle eie skeppings te herken en, indien nodig, hulle op te los deur hulle met liefdevolle gedagtes van krag te weerstaan. Wanneer julle dit sal doen, sal julle nie meer heen en weer gegooi word in hierdie voortdurende stryd om balans nie en kan julle dus die lig binnegaan en julle magtige produksie-energieë gebruik om materie na hoër vibrasie te transformeer en om materie te vergeestelik.

12) Uiteindelik het al die paaie wat julle tot dusvêr afgelê het, gelei tot die een doel: Julle erfdeel, die Seun- en Dogterskap met ELOHIM. EK lei julle individueel op julle pad, elkeen neem 'n ander pad. Julle is moontlik hier na hierdie gemeenskap gelei, alhoewel hierdie gemeenskap slegs vir julle bedoel was as ondersteuning. Elkeen van julle moet die pad alleen stap. Sodra hy of sy hul hand in Myne geplaas het, wandel hy of sy in die Lig, in Liefde, in die Lewe.

13) As hy nie sy hand in Myne plaas nie, loop hy steeds in die lig, in die liefde, in die lewe, behalwe dat hy nie daarvan bewus is nie. Verstaan hierdie subtiele verskil, aangesien julle hierdie bewussyn [bewustheid] betree het. Julle broers en susters, hier en daar, gaan ook op hul paaie huis toe, na die VADER, aan MY hand, hulle is net nie bewus daarvan nie.

14) Op grond van hierdie bewussyn word julle nou geroep om julle erfenis te ontvang en te werk met die magte van die heelal, met die kragte van produksie, die skeppende kragte. Soos julle weet, is hierdie skeppende kragte liefde.

15) Julle het oor seremonies gepraat. Aanskou die heelal, bekyk die kosmos! Beweeg alles nie binne 'n sekere orde nie? Gaan nou in die mikrokosmos in. Word beweging nie ook daar voorgeskryf nie, 'n sekere ordelike volgorde? Slegs hierdeur was julle voorspellings moontlik, naamlik dat 'n sekere stof so en so sou reageer. Net soos wat die Aarde om die son wentel, draai julle oënskynlik weg van die lig en dan terug na die lig. Maar julle ware wese het nog nooit hierdie lig verlaat nie.

16) Neem nou hierdie seremonie van samekoms in die gemeenskap om saam te bid en te sing waaroor gepraat was, na om 'n kers in die middel van die kamer aan te steek en vertaal dit na die herhaalde wentelbane om 'n denkbeeldige sentrum, ELOHIM, Wie alles is in julle en terselfdertyd buite julle, dan sal julle die simboliek verstaan.

17) Waarom is daar in die oorspronklike of oergodsdienste gedans? Besef dat daar ook foute gemaak is, dit wil sê om te dink dat 'n mens 'n sentrum nodig het - ek dink hiermee aan die goue kalf - in plaas daarvan om ELOHIM, die Lig, die Liefde, die Lewe, die Krag as die middelpunt te sien en te herken dat alle dinge wentel om en in HOM.

18) Die mens het beelde vir homself geskep, of dit nou die goue kalf is, of in die huidige tyd die mammon waarom hy wentel. Julle wat egter tot hierdie bewussyn ontwaak het, herken in alle dinge die beweging van lig en in hierdie lig, terselfdertyd, die ontbinding van al julle wette rakende aardse materie; want hulle is slegs bedoel vir die gebeure van hierdie tyd en ruimte. Op ander vlakke is hulle nie meer geldig nie.

19) Kragtens julle verstand, het julle nou die vermoë om die vibrasie van hoër getransformeerde vlakke te assimileer. Julle is in staat om aktief aan die transformasie deel te neem, en hierdie transformasie begin eerste by julle.

20) EK lei jou deur jou denkkragte. EK wys skeppings vir jou wat jy tot stand gebring het en nog steeds doen, waaraan jy gebind sal wees solank as wat jy nie hierdie bande losmaak nie, MY geliefde.

21) Nou keer EK terug na die begin: Om los te maak, beteken om die gedagtevorme op te los vir sovêr julle nie meer daaraan onderworpe is nie. Werk eerder op grond van julle erfenis met hierdie gedagtevorme asof hulle wesens is wat langs julle staan en julle wil help.

22) Laat EK julle 'n voorbeeld gee: Hierdie gedagte is gebore, 'hierdie vader is baie siek, hy het hulp nodig.' Hierdie gedagte dat hy hulp nodig het, is hier in julle midde gebring. Julle het almal hierdie gedagte aan hulp versterk - wat julle vervolgens uitgespreek het deur julle bereidwilligheid om te help.

23) In liefde het julle gedink aan die mens wat in die tussentydse sfere geworstel het, en julle het 'n wese van lig geskep wat die lydende gehelp het en wat op hom neergedaal het as seënende lig in stil kalmte, op 'n ontspanne manier en met 'n gevoel van vertroosting, net toe julle hierdie behulpsame gedagte gehad het. Dit was tot die daad gebring deur die woord van julle suster. Vervolgens is die sluier wat hierdie kant van die lewe van die ander kant skei, weggetrek op grond van julle gedagtes, en die lydende mens was in staat om in die land van die anderkant te sien. Hy het sy toekomstige huis gesien. Hy het gesien dat dood nie bestaan nie, maar dat bewussyn bloot vorentoe beweeg in die land in wat hy vir homself geskep het, toe die mens nog op Aarde geleef het.

24) Dit is die land van julle denkkragte. Dit is 'n sogenaamde tussen-koninkryk, 'n paradysagtige koninkryk wat bedoel is vir diegene wat liefde in gevoelens, gedagtes en woorde bewaarheid gemaak het. Dit is die land van liefde, van vertroosting, waar EK JAHSHUA DIE GESALFDE die nuwe aankomelinge met MY lig sal begroet.

25) Julle is almal bekend met hierdie land, want dit is waar julle skeppings is. Julle is tans nog net nie bewus daarvan nie. Ontwaak egter ook tot ’n bewussyn in hierdie gebied; EK sal jou lei! Herken in hierdie seremonie die inbeweeg in die vibrasie van krag, wat julle erfenis is, die daad om die vibrasie in ELOHIM te laat assimileer. Dit maak nie saak hoe die seremonie uitgevoer word nie, sien slegs die voorbeeld daarin, naamlik dat die deure eers oopgesluit en geopen moet word, voordat julle die kamer kan binnegaan. Daarom moet julle eers in ’n (liefdes) vibrasie ingaan, hetsy deur 'n lied of 'n gebed, om sodoende julle innerlike tempel te betree, in julle innerlike heiligdom.

26) Deur en deur sal julle leer om alle uiterlike sintuie af te sluit, om tot die innerlike sintuie te ontwaak, om sodoende in die wêreld van die GEES binne te gaan.

27) Laat EK julle dus weereens in meditasie inlei. Herken egter ook hierin 'n sekere seremonie, wat nie op die presiese manier vrygestel hoef te word, soos wat dit vandag deurgegee word nie. Elkeen gaan die pad egter individueel, so sal hy ook individueel mediteer. Die meditasies wat hier gegee word, is bedoel om 'n hulp in die begin te wees, vir julle om beter te verstaan en is slegs vir die mens bedoel. Almal bewandel die weg aan MY hand.

28) Jy raak stil in jou binneste. Hier en daar swerf gedagtes rond - stuur die wesens weg wat jy geskep het! Kalmte penetreer jou breinselle, want jou siel het 'n kragtige uitwerking op jou sentrum van Barmhartigheid, via haar posisie aan die agterkant van jou kop.

29) Siel, jy hoor MY, kom! JY sien ook MY lig, kom! Jy gryp MY aan in MY krag, kom! Onttrek uit jou menslike vorm! Op hierdie oomblik bestraal jy met jou lewe steeds die sentrums van Barmhartigheid, Liefde, Geduld, Geregtigheid, Wysheid, Wil en Orde, asook alle organe wat met hierdie sentrums verbind is. Ja, die lewe pols tot in die punte van jou tone.

30) Onttrek nou jou krag! Net soos wat jy die eerste keer jou krag in die menslike liggaam ingedompel het, toe dit die woning vir hierdie menswording sou word, kan jy hierdie kragte weer opnuut onttrek, nie net gedurende die nag nie, maar ook tydens jou mens se volle bewussyn: Vanaf

die voete, vanaf die kuite, die knieë, die dye, vanaf Orde, Wil, Wysheid, Geregtigheid, vanaf Geduld, Liefde en Barmhartigheid. Nou pols die lewe, die EK IS, aan die agterkant van jou kop.

31) Kom siel, verlaat die menslike kleed! Kom, steek jou hand uit na MY! Jy is vry. Jy is in staat om hierdie kledingstuk weg te werp, want dit is belangrik dat die mens leer hoe om sy bewussyn van hierdie menslike kleed te ontkoppel en dit binne-in jouself te plaas, jy wat die ware kind van die VADER is, die Seun die Dogter van binne.

32) Sien jy die lig? Kom, MY geliefde en maak jouself los. Sweef nou saam met MY opwaarts! Jy is vry! Kyk na die mens wat jou as kleed dien. Ja, jy voel dankbaar dat hy jou dien, dat die mens die lyding sal dra wat jy vir hom bepaal, sodat die mens kan leer om die duisternis binne te dring en die lig te vind. Nou word die bewussyn vrygestel en rus dit in jou. Jy sien die donkerte van die nag, maar tog is dit lig, want MY lig skyn; en jy sien in hierdie lig dat alle pyn in hierdie tydelike wese, slegs transformasie van duisternis na lig is.

33) Net soos wat die saad in die donker aarde lê, deur die lig van die lewe verwarm, en tyd nodig het om deur die aarde te breek om die lig te begroet, het die mens ook hierdie tyd nodig vir ontwikkeling.

34) Nou sien julle nie net hierdie aardse lewe nie, maar julle sien binne-in julleself die verskillende lewenswyses wat julle gevolg het, en julle herken hier en daar waarom julle die las van pyn op die mens geplaas het. Julle herken ook die veranderinge van tyd en kyk verby tyd in MY lig van die ewigheid in. - In hierdie lig styg julle vrylik en ongebonde bo die materie. Julle sien daarom die sterre van hierdie aarde soos wat hulle binne-in julle wentel. Julle brei julle wese uit vanaf die omhulling van julle siel, tot in 'n menslike kleed, na die wydte en breedte van die hele skepping, heelpad tot by die breedte van ELOHIM.

35) Terwyl julle steeds bewe van die krag van die oneindigheid, leer julle om in hierdie lig deur en deur te beweeg en ook hierdie lig in die mens te plaas, sodat hy julle kan dien - in hierdie lig - elke sekonde van sy wese.

36) Op die oomblik is jy buite materie in geestelike sfere. Jy aanskou die skepping van jou menswese. Jy sien duister gedagtegolwe wat na jou toe aankom. Maar jy sien ook die lig, die liefde as seënende krag in gedagtevorm. Beide magte opponeer mekaar. Jy is lig, o siel, en hierdie lig skyn in jou eie duisternis, waardeur jy wou gaan om dit te verken, en ook om hierdie kragte te help om hulself in ELOHIM vry te laat, Wie bo alles is wat goed en sleg is. HY is, en jy, o siel is, soos EK is!

37) Herken dat lig en duisternis hul oorsprong in die vrye wil het. Kom en wees! Bring hierdie bewussyn weer terug in die mens! Straal dit in jou menslike kleed in, sodat die mens kan verstaan dat hy ook in die hier en nou is, en in hierdie Is (bestaan in die hede) hy homself vrylaat, sodat alle negatiwiteit hulself sal vrystel. Dit is die waarheid.

38) Nou is jy weereens een met jou menslike kleed. Jy laat jou lewenskrag weereens invloei. Bloed vloei ritmies deur die are en verlewendig elke sel van die fisiese kleed, en die krag van die EK IS WAT EK IS stroom binne-in elke sel. Met elke asemteug is die mens bewus van hierdie krag, want nou beleef hy die oomblik, ja hy leef daardeur.

39) O mens, sien die lig aan die bokant van jou kop. Jy voel die polsende trilling in die middelpunt van barmhartigheid op jou kroon. Jy voel die krag van uitstraling in die middelpunt van liefde, wat alles in jou innerlike transformeer.

40) Wees egter geduldig, o mens, alles neem tyd om te groei! Bly standvastig op die goue middeweg. Bly in die oomblik, in die EK IS WAT EK IS! Nie die een, nog die ander nie: EK IS. ELOHIM se Wysheid open in jou binneste, o mens, in 'n volheid wat jy nie sal kan peil nie. Die goddelike krag van die skeppingsenergieë, julle krag, is weereens tot julle beskikking, en julle beweeg binne die seremonie van Orde, in die EK IS, geen beweging of ledigheid nie. Herken ELOHIM in hierdie paradoks!

41) In hierdie stilte is die ewigheid, is ELOHIM, is om te wees. Neem hierdie innerlike stilte en bring dit saam, waarheen julle paaie julle ook al mag neem, en bly in die EK IS WAT EK IS, en julle sal leef tot in ewigheid, in die oomblik en kragtig sal julle voetstappe deur tyd en ruimte wees. **Amein**.

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 53. Oefening

**Wat ons ook al jare gelede beweeg het, is nie meer belangrik nie, leer daaruit - alle beweging is sirkelvormig - die aarde bied verskeie moontlikhede om te leer - ons moet ook lyding aanvaar - vrees, hartseer is skeiding van ELOHIM - die aardse lewe is soos 'n toneelstuk in die teater - ontwikkel van die akteur na die gehoor - stuur lig aan alles, aan alles waaraan ons dink - bewussynsuitbreiding: alles is binne-in ons.**

1) {Opmerking: 'n Broer vertel die volgende verhaal: 'n Vader het sy seun alles geleer wat hy geweet het. Aan die einde van sy vakleerlingskap moes die jong man 'n toets aflê. Nadat hy die toets geslaag het, kon hy die tronk verlaat het, wat hierdie stad vir al sy inwoners was, want deur die toets te slaag, sou hy vlerke laat groei. Die taak van daardie dag was: Doen alles wat vir jou vreugde verskaf, behalwe dat jy nie die huis van jou geliefde mag binnegaan nie. Omdat die jong man se hart hom sterk aangespoor het om na haar toe te gaan, was hy aan sy hart gehoorsaam en daardeur het hy sy toets gedruip. Die betekenis: Let nie op die gebooie en verbode dinge van hierdie wêreld nie, maar laat jou hart spreek.}

2) MY geliefde kudde hier in hierdie sirkel, sowel as op die hele aardse sfeer, - net soos julle vanaand begin het, het die aand ook geëindig. Dit wil sê, aan die een kant [het dit geëindig] in harmonie met die bloeiende skepping, en aan die ander kant met die voorbeeld van daardie verhaal, waarin die seun sy vryheid eers sou kry as hy die stadsvaders ongehoorsaam sou wees. Weereens het ons die teenoorgesteldes van lig en skaduwee, mens en GEES, ruimtetyd en ewigheid. Energiek swaai julle soos 'n pendulum, van die een uiterste na die ander, en EK laat julle swaai sodat julle, elkeen onder mekaar, sy of haar eie sentrum sal vind in die hier en nou, in die tempel van ewigheid .

3) In hierdie tempel verdwyn die gister, alles wat julle gedink julle verkeerd gedoen het. Die lugagtige genote van julle gedagtes verdwyn ook, ja, hulle is besig om op te los, want in hierdie tempel van die middelpunt, van MY koninkryk, is jy in die absolute toestand van kalmte.

4) Wat kan met jou gebeur wat in ELOHIM rus? Wat kan nog steeds soos 'n skaduwee lyk vir jou wat in die lig staan? Wat is waarlik belangrik? “MY kind, kom na MY toe, Wie terselfdertyd jou Vriend en Broer is, en ons sal saam die pad na vryheid neem, weg van al die beperkings wat jy telkens op jouself plaas.”

5) As gevolg van die wet van vrye wil, moet EK jou soos die pendulum laat swaai indien dit is wat jy wil doen. As jy egter na MY toe kom, MY kind, sal EK jou uit hierdie heen-en-weer ekstreme uitbring, wat jy steeds sal ondergaan terwyl jy aan hierdie wêreld gehoorsaam is. EK sal jou uit jou gevangenis bring en jou lei tot ongehoorsaamheid, wat jou sal laat vlerke groei. Laasgenoemde sal jou in jou sielsbewussyn ophef en jou bo alle dinge stel, MY kind. En jy sal alles vanuit 'n hoër perspektief sien.

6) EK herhaal - kyk, al die dinge wat jou jare gelede beweeg het, is nie meer so belangrik nie. Net soos die dinge wat jou vandag beweeg, in sommige jare nie meer so belangrik sal wees nie. Met die terugskouing daarvan, sal jy die pad aan MY hand kan verstaan. Jy sal terugkyk en die optrede van jou menswese verstaan en die sin in al julle weë sien. En jy sal ophou om te oordeel, MY kind, of die spesifieke pad reg of verkeerd was al dan nie; want jy sal dan besef dat jy altyd deur MY gelei word, bewustelik, wanneer jy ook al jou hand in jou volle bewussyn in Myne plaas, of selfs onbewustelik, deur jou weg te gaan, ongeag waarheen dit kan lei. In die laaste ontleding sal die sirkel sluit [wat in die rondte gaan kom weer in die rondte terug]. Daar is slegs een sirkel in beweging. Elke beweging kom terug na die begin, ook jy, MY kind.

7) Eers wanneer julle die innerlike tempel van absolute vertroue gevind het, sal julle tot volle bewussyn ontwaak. Daarbenewens sal julle in alle dinge in staat wees om julle pad in die lig te herken, of dit nou hartseer van aard is, of hartseer onder familielede, stryd by julle werk of stryd met julleself.

8) Kom in MY lig en bly daarin! Kom en betree julle erfenis, genaamd vryheid!

9) Julle moet self veg vir hierdie vryheid, en julle kan dit bereik, maak nie saak waar julle in die lewe is nie, ongeag watter soorte toetse julle siel besluit het wat die mens moet verduur. Erken die eenheid tussen die siel en die mens. Die siel kan slegs aktief wees deur middel van die mens; en die wonderlike ding hier op hierdie aardse sfeer is dat daar veelvuldige maniere is om te leer. Dit is veel anders op die naas volgende vlak. Hier, in hierdie aardse sfeer, is alle vlakke van bewussyn saam aanwesig, sodat julle van mekaar kan leer. Daarom MY kind, luister na wat julle broer of suster vir julle te sê het, toets dit self en aanvaar alles wat julle self kan bevestig; en plaas dit opsy - deur julle eie vrye wil - wat julle tans as onvanpas ag!

10) Op hierdie weg oor die aardse sfeer is julle verbind met mense wat julle help, maar deur wie EK JAHSHUA DIE GESALFDE, die spieël telkens vir julle omhoog hou. Herken MY en jy sal ook jouself herken! ”

11) Die vryheid van die mens moet nie gelykgestel word aan die vryheid van die siel nie. Die mens moet hier en daar deur beperkings gaan, terwyl die siel jubel - soos wat julle gesê het. Dit is waarlik so. Wanneer 'n mens in die grootste nood is, juig die siel en saam met die siel, die hele hemele. Laat EK julle herinner aan die nag op die Olyfberg en Golgota. Slegs diegene van al MY kinders, wie die beginsel van lyding heeltemal aanvaar het en MY daarin gevolg het, was MY ware dissipels.

12) Dit is maklik om die prag van die bloeisels in die lente te sien. Dit is maklik om saam met die voëls te jubel. Dit is maklik om in die sonlig deur die natuur te wandel; dit is maklik om in die geselskap van liefdevolle mense te wees. Maar sodra die skoonheid van die blomme en die blare van die lente en somer in herfs en winter verander, glo baie mense dat dit moeilik is om een met die skepping te wees, en selfs een met die ys te wees. Die voëls is stil, niks juig nie en alles lyk dood.

13) Maar MY kind, as jy dan kan sê: “Vader, laat U wil geskied!” sal jy hierdie middelgrond bereik het. Jy sal in my lig ingegaan het en in jou is nou lente, is somer; dit blom in jou; die skepping jubel in jou binneste; die hemele juig in jou. Al loop die mense om jou nog steeds deur soveel duisternis, is jy in die lig en straal jy hierdie lig uit. En jy steek jou hand uit na almal deur te sê: "Kom saam met my, suster, broer, kom saam met my in die lig in!", en deur julle standpunt te verander, word die lig, wat ook in elkeen van julle nog skynbare donker broers en susters is, uitgestraal in elkeen van hulle, net soos wat dit in julle gedoen het; en jy sal opmerk dat dit heeltemal van jou en jou standpunt afgehang het, wat alles rondom jou grys en mistig laat lyk het, tot op daardie punt.

14) En so lei MY weg jou, MY kind, keer op keer vanaf lig na duisternis, van goed tot kwaad, van orde tot wanorde, totdat jy besluit om die pendulum-beweging te stop en in MY te rus. Wat wil jy hê met gister en met more? Jy is NOU en jy tree NOU op - en EK [tree op] deur jou.

15) Liewe broers en susters, MY GEES wil julle kragtig lei, maar besef tog dat dit slegs kan gebeur wanneer julle in die lig bly en ophou om in die pendulum-beweging te verval. Slegs dan kan die HEILIGE GEES jou aangryp, kragtig elkeen van jou bewussynsentrums vul, en kan jou fisiese selle in jou liggaam bestraal en sodoende verhoog tot hoër vlakke van bewussyn. Julle word dus verhoog tot 'n bewussyn wat oop is vir elkeen van julle, 'n bewussyn wat tot in die oneindigheid, tot in die ewigheid strek.

16) EK het die woorde uitgespreek: "EK en die VADER is een!" en so sal jy ook kan sê: "ek en die VADER is een!" Tans bevind jy jouself keer op keer geskei van ELOHIM. Vrees is skeiding, ongeag watter soort vrees dit ookal mag wees! Hartseer is skeiding!

17) Julle kyk voortdurend na die aspekte van die polarisasie-effekte van hierdie aardse bestaan, waaruit EK julle wil ophef en in die ware wese wil inbring. EK wil julle na MY koninkryk lei wat nie van hierdie wêreld is nie. EK wil julle geestelike wese, wie julle is, laat ontwaak tot die toestand van volle bewussyn, selfs terwyl julle in julle aardse kleed is, en daardeur wil EK weereens alle bronne van krag ontsluit, wat julle besittings is.

18) Laat hierdie kort stilte, MY Krag, in julle effektief wees! Voel die uitstraling vanaf die VADER se HART! Volg MY nou in **meditasie**:

19) Kyk, o mens, binne-in jou is die siel, binne-in jou is die vonk, jou erfenis in ELOHIM! Eendag sal jy hierdie verdigte kledingstuk weggooi, of jy sal in staat gestel word om dit na 'n hoër toestand van vibrasie te verhoog. O mens, besef dat hierdie grof vibrerende materie nie jou ware wese is nie!

20) Alles wat in die aardse bestaan gebeur het, is soos 'n toneelstuk in 'n teater. Jy trek 'n kostuum aan en vertolk 'n sekere rol. Van kleins af leer jy jou rol uit jou kop uit en speel jy dit volgens sy patroon. Dikwels is jy nie in staat om uit hierdie rol te ontsnap en 'n ander een aan te gryp nie. Jy het jou in hierdie drama ingedruk en wil dit voltooi soos wat jy geleer het.

21) Sien, o mens, jy kan enige tyd van rol verander! Jy kan van dienskneg na heerser oorskakel. Maar daar is weliswaar nog een moontlikheid: Jy kan jouself dophou en albei aspekte sien, die van die dienskneg en die van die heerser. En jy sal besef dat jy nie een van hulle is nie, maar jy weet dat jy in hierdie toneelstuk is. Jy speel toneel in hierdie toneelstuk en aan die einde, wanneer die gordyn val, sal jy jou kostuum weggooi en jou ware wese betree. Of jy nou jou rol goed gespeel het of nie, dit is weer jou eie oordeel. Stel jouself buite hierdie evaluering, kyk daarna en sê: Dit is nie dit of dat nie; en kyk dan weer na jouself.

22) O mens, besef dat jy veronderstel is om jouself te ontwikkel van die akteur na die toeskouer deur hierdie onderrig, onder MY leiding! Erken, o mens, dat in jou die krag van die heelal setel en dat hierdie krag jou wil dien - in die presiese mate wat jy dit wil dien! Erken egter terselfdertyd dat niks gebeur deur dit te wil nie. As jy, o mens, jou wil aktiveer, sal jy weer die akteur wees. As jy daarenteen in 'n toestand van nou is, sal die hele skepping voor jou buig en jy sal daarvoor buig.

23) Nou, o mens, laat jou siel vry, sodat jy ook kan leer dat die kledingstuk 'n kostuum is, dit is die omhulsel van die akteur! Sonder die krag van die akteur in jou, sal jy op die vloer val en weereens een word met die aarde wat jou dra. Die lewe binne-in jou is 'n deel van die totaliteit, en jy, o mens, sal, deur die siel los te laat, die vermoë bereik om die geheel waar te neem en te verstaan, kragtens die verstand wat aan jou gegee is. Hierdie verstand sal - nadat dit met die hartsgevoelens verbind het - jou tot jou ware wese lei wat die om-nie-enigiets-spesiaal-te-wees-is, wat eenheid is.

24) Trek nou al jou spiere saam, o mens, en voel hoe die lewenskrag deur jou pols! Tot by die punte van jou tone voel jy die krag, die lewe, jy voel die energie. Laat gaan nou! – Laat nou los! - laat gaan, maak jouself los, o siel! Neem jou krag terug, o MY bruid! Kom, kom in die vryheid in! Kom! - Maak jouself los van die middelpunt van die goddelike orde! Jy herken al die dinge wat nog nie in heilige orde vibreer met jou mens nie, en MY krag deurstraal jou, o siel. Dit deurstraal jou **wanorde**, sodat die pendulum-beweging ritmies raak. Hierdie ritmiese swaai kry 'n sagte ligrooi kleur, die kleur van die goddelike Orde. Hierdie swaai brei uit tot eenheid, word een met die Aarde se siel, die stralende vlam in haar innerlike. Hierdie ritmiese swaai word een met die vlam van die son, die vlam van alle sonne en is sonder begin, sonder einde. Dit is die ewigheid en is een met die GODDELIKE EK IS WAT EK IS.

25) Jy vibreer in die lig van die GODDELIKE Wil, en vanuit hierdie bewussynsentrum trek jy ook die krag uit, hef jy jouself op na Wysheid en neem ook die krag daarvandaan terug, en bring dit na GODDELIKE Geregtigheid. EK roep jou: "Kom!" EK roep jou van die vlak van Geduld, van Liefde en Barmhartigheid, EK roep jou. Jy voel die polsing aan die kroon van jou hoof. Vertroue! Bestendige oefening sal jou lei tot vryheid, jy MY sielsbruid, want jy moet in staat wees om, met volle bewussyn, in jou liggaam te bly of om dit te verlaat. Jy behoort die vermoë te hê om op enige plek in die heelal te wees, ja, oral, nie in ooreenstemming met jou wil nie, maar in ooreenstemming met jou wese, in die EK IS WAT EK IS, maar jy moet aktief raak in die wet van dienende, barmhartige Liefde.

26) Vir nou, en totdat julle 'n effense vordering gemaak het met julle oefening, vra EK vir julle krag van verbeelding. Julle verlaat hierdie liggaam, steek julle hande na mekaar uit en kyk af na julleself. Julle dra almal wit klere. Hier en daar is daar nog effens kolle, maar julle kan verseker wees dat hierdie kolle sal verdwyn, sodra jy in jou goue middel, in die tempel, in die lig kan bly. Selfs hierdie kolle is net in julle verbeelding daar, as gevolg van julle oordeel van lig en duisternis, wit en gevlek, goed en kwaad. Steek dus julle hande na mekaar uit en hou dit styf vas! Kyk na julleself! Julle is 'n gemeenskap

wat in hierdie wêreld uitgegaan het, om hulp en ondersteuning vir mekaar te wees in die oomblik, om hierdie sirkel te open en dit weereens te verlaat, al bly julle geestelik verbonde, ten einde al julle broers en susters in hierdie kring te bring, 'n kring sonder begin of einde: ELOHIM, al sy kinders - een met Hom.

27) Julle brei julle bewussyn nou verder uit as hierdie aarde. In julle midde sien julle die helder verligte blou planeet. Julle sien al julle broers en susters. Julle aanskou die individuele lande en vanaf die eenheid van die GEES en deur julle, stroom daar ligkrag na elke enkele een in hierdie aardse sfeer.

28) Aangesien elkeen van julle graag individuele en persoonlike lig-boodskappe wil ontvang, sal EK vir 'n oomblik stilbly. Wees bewus van die feit dat die wonderlike krag van die VADER se Liefde en Barmhartigheid nou deur julle vloei, om almal met lig te vul, almal aan wie of waaraan julle dink .... (Kort stilte)

29) Maak julle nou los van die planeet Aarde; want julle s'n is die kosmos, julle s'n is die hele skepping! Aanskou die son, die sterre, en brei julle wese uit. Die son wentel in jou binneste, om die son wentel die planete. Die planeetstelsel wentel om die volgende hoër Sentrale Son, alles binne-in jou. Binne-in julle is die vêrste Melkwegstelsels, binne-in julle is die omvang van die materiële skepping, binne-in julle is die omvang van die deels materiële- en die geestelike skepping. Hoekom binne-in julle? Want, omdat julle op hierdie oomblik een is met ELOHIM, is julle in SY Wese ...

30) Keer nou terug van die omvang van die GODDELIKE wese af, keer terug van die ewigheid af en kom weer nader aan julle moeder Aarde! Kyk nou na die gedagtevorme wat julle geskep het en kyk na die gedagtevorme wat ander geskep het. Julle sien hulle as donker, mistige wolke wat oor die aarde dryf. Sommige van hierdie kragte het vorm aangeneem, hulle hits oorloë en haat aan, saai onenigheid en baie ander dinge.

31) Kyk in hierdie donker golwe in en raak bewus van julle ware missie waarvoor julle uitgegaan het: Dit is die taak om julle eie gedagte-skeppings te transformeer – hulle te ontbind - en om die gedagte-skeppings van julle medebroers en -susters te transformeer; want julle het uitgegaan om bewustelik deur die donker skaduwees te loop. Julle het voortgegaan om die uitbuiting van die vrye wil te beëindig. Julle het voortgegaan om die beweging van die pendulum verder te laat gaan as goed en kwaad, verder as lig en duisternis, veroorsaak deur die gawe van die VADER aan SY kinders, veroorsaak deur vrye wil.

32) Alhoewel dit moeilik is om na te kom wat julle jul voorgeneem het om te doen, omdat die mens homself nog steeds gewilliglik belas,- gaan egter voort, onbevange op julle weg na volmaaktheid.

33) Julle is nou weer 'n keer in hierdie kamer en identifiseer julleself met julle fisiese kledingstuk. Aanvaar die rol wat julle tans speel en neem in ag dat julle van akteur na toeskouer wil verander. Laat die 'mens' speel! Laat hom en laat al die ander speel! Slegs een klein tree en jy sal buite die pendulum se beweging wees.

34) Versterk deur die GEES van Liefde, deur julle bevestiging van die vervulling, stroom die krag van die lewe in julle liggaam in by wyse van die siel, vul julle met die VADER se Barmhartigheid, vul julle met SY en MY Liefde, laat julle aanhou om julle weë Geduldig te loop, Ernstig, aangeraak deur Wysheid, die grootsheid van ELOHIM, en laat julle jul huidige rol aanvaar om julle sodoende toe te laat in die GODDELIKE Wil en in SY Orde, in die baan sonder begin, sonder einde.

35) Weereens moet julle konsentreer op die GODDELIKE Orde in julle, wat 'n kloksgewyse draai-vibrasie is. Hierdie kleur van sagte rooi bestraal elke sel in jou liggaam, maar bestraal ook elke deeltjie van jou siel en skyn op die rolle wat jy speel. - EK is Lewe, EK is liefde en so ook jy.

**Amein.**

# 54. Oefening

**Die hoër self en die toetse waardeur hy ons laat gaan - waarom ons na uiterlike skoonheid smag - ons skep ons lewensomstandighede - slegs hy wat nie geboei is nie, kan die Meester volg, HY roep ons van buite ruimte en tyd - alle menslike boeie word oorgedra aan die siel**

1) EK JAHSHUA DIE GESALFDE is die lig van die wêreld. EK is die lig binne elkeen van julle. Julle het na hierdie lig gedraai, en hierdie lig, hierdie Liefde, lei julle onwrikbaar voort. EK is die een wat elke enkele een van julle, sowel as die gemeenskap lei, deur middel van julle inherente swakhede, sodat julle dit sal herken en dat julle die stryd met julleself sal aanpak om die menslike ego te oorwin.

2) Herken, MY getroue kudde, dat hier in hierdie sirkel, asook oral, julle die stryd met die "ego" keer op keer sal teëkom, solank as wat julle hierdie aarde in julle swaar materiële kleed bewandel. Eers wanneer julle in staat sal wees om hierdie materiële kledingstuk op te los, wanneer julle hom na 'n hoër frekwensie kan omskakel, om julleself sodoende tot die volgende hoër vlak te verhef, sal julle die geveg gewen het. Want dan sal julle die vlak van Orde bevry, met al sy subvlakke, die Goddelike Wil, SY Wysheid, Geregtigheid, Geduld, Liefde en Barmhartigheid. Hierdeur verkry julle nie net die vermoë om in hierdie hoër lig-frekwensie in te beweeg nie, maar julle hele wese sal getransformeer wees. Die menslike bestaan op hierdie planeet Aarde is maar net julle opleiding, julle skoolopleiding! En omdat julle 'ja' gesê het vir hierdie skoolopleiding en julle hand gewilliglik in Myne geplaas het, lei EK julle ook via julle vrees, soos wat dit beskryf was. EK sal julle ook lei via die beperkings wat julle vir julself gestel het.

3) Die instrument wat MY dien, volg MY en leef soos wat EK geleef het. En dink nou aan MY verbygaande jare, toe EK van plek tot plek gewandel het, siekes genees en liefde geleer het. Wie van julle kan alles agterlaat en MY volg, van die een oomblik tot die ander? Wie van julle wil onmiddellik vry en ongebonde voel?

4) Julle weet dat die skrif enkele voorbeelde bevat waarmee julle julleself kan ondersoek. Daar is onder andere geskryf dat “elkeen wat man, kind of vrou meer liefhet as vir MY, MY nie waardig is nie.” Of, soos genoem in vandag se bespreking: "Gaan verkoop alles, gee julle geld aan die armes en volg MY." Hierdie twee voorbeelde word bedoel as simbole. {Opmerking: As simbole van die dinge waaraan die mens die meeste vasklou – verwys na Abraham en Isak}

5) Geen moeder sou dit verstaan as sy haar kleintjies sonder toesig in die huis moes agterlaat en MY oproep sou volg, ten einde te leer en te genees nie. Elke moeder sou sê: "Sal ek nie teen my kinders sondig as ek myself so sou gedra nie?" Niemand sal dit dus van 'n moeder vra nie. Maar deur die bogenoemde voorbeeld {ernstige ongeluk jare gelede} besef julle dat daar daardie geleenthede is waar die **siel** vrylik kan besluit om MY op 'n ander vlak te dien, sodat die vraag van die **mens** gevra word: “Mens, waar begeer jy om te wees? Wil jy teruggaan na die gesin? Kyk, jou kinders sal versorg word. Jy sal nooit weer pyn voel nie. Alle hartseer van hierdie wêreld word van jou afgeneem, van die een oomblik tot die volgende. Wil jy, o mens, voortgaan om deur hierdie lewe te loop, belas met pyn? Wil jy toets na toets deurgaan, of wil jy dit alles beëindig?” Die besluit lê by die mens **en** by die siel. As albei gereed is om te aanvaar wat die beste binne die wil van die VADER is, harmoniseer die siel en die mens. Die mens oorwin die dood - die siel ken geen dood nie – en die mens is van nou af gereed om na hoër dinge te streef.

6) Daar kan soortgelyke voorbeelde soos hierdie en ook ander wees. Elke een word individueel in sy lewe gelei. Die mens word deur sy siel getoets, maar ook word die siel deur die GEES getoets, deur die suiwer kind in die siel, deur die sogenaamde “Hoër self”, die Seun of Dogter van die VADER. Daarom, nooit toets ELOHIM of EK julle nie, eerder in die eenheid met ELOHIM en met MY, toets die

Seun of die Dogter die mens; 'n Drie-eenheid en tog een wese, want in die GEES is daar geen skeiding nie!

7) Materie is energie, dit vibreer net stadiger. Dit is julle taak om hierdie lae vibrerende materie na 'n hoër vlak te transformeer. Wat is die dinge van hierdie wêreld wat julle as skatte omring? Waarom het EK julle geleer om nie rykdom bymekaar te maak wat motte en roes sal vernietig nie? Wanneer julle hierdie lae vibrerende energie transformeer na 'n hoër getransformeerde lewenskrag, sal die wêreldse rykdom verdwyn.

8) Wat veroorsaak die verlange na uiterlike prag? Dit is die verlange van die siel om die uiterlike skoonheid na jou innerlike te bring. Want daar is hemel, daar is die oneindigheid van die skepping, en daar word julle gedagtes onmiddellik skeppings. Hoe hard moet julle nie werk vir julle aardse rykdom en skatte nie! Hoe hard sukkel jy nie vir jou daaglikse brood nie? Op die volgende hoër vlak bereik julle dit alles met julle denkkrag. Selfs nou skep jy jou wêreld deur jou gedagtes, behalwe dat hulle ietwat langer neem om hulself materieel te toon. Julle moet daarvoor werk. Julle het die paradys vrywillig verlaat om hierdie aarde te bewandel. Elke een van julle is hier op grond van sy of haar vrye wil en op grond van hierdie vrye wil, het julle ook die moontlikheid om al hierdie manifestasies van lae vibrerende materie te omskep in hoër vibrerende energie.

9) Elke voorwerp wat julle hier bedien, of dit nou 'n stoel, tafel of iets dergeliks is, is vibrerende energie, en julle is almal in staat om hierdie energieë op te lig om daardeur materie te transformeer, dit wat julle fisiese oë dink dit is. Wanneer julle uiteindelik hiervan bewus raak, sal julle hart miskien nie meer so baie aan hierdie eksterne dinge vasklou nie. Want wanneer julle MY volg, verdwyn hierdie uiterlike dinge asof op 'n magiese wyse; verstaan julle MY humor. Wat baat dit julle dan? Wie MY volg, dra slegs die klere op sy of haar rug, en selfs dit is bloot 'n spookbeeld van hierdie wêreld. Hy wat MY volg, staan naak voor MY. Verstaan julle die betekenis van MY woorde! Eers wanneer julle absoluut vry is in julle harte, kan EK julle vul met al die Krag van die hemele.

10) Wanneer EK jou, my broer of jy, my suster roep, en wanneer EK sê: "Kyk, EK het jou nodig om 'n siek persoon te help," en jy sê: "O Meester, wag, EK moet eers my dogter gaan trou. EK wil eers vir my my eie 'David' koop, {= 'n marmerbeeld van koning David in die Ou Testament, wat julle in julle kring bespreek het}, as 'n standbeeld vir my sitkamer." "EK moet", soos daar geskryf is, "my vader/moeder begrawe." Wat het EK toe gesê? "Laat die dooies die dooies begrawe." En sommige onder MY eie het gedink: "Meester, hoe kan U so wreed wees?" Julle verstaan nie die betekenis van MY WOORD nie, want dit beweeg hier, in die aardse sfeer, op growwe materie.

11) Wanneer EK julle ook al roep, doen EK dit buite tyd en ruimte! As julle gehoor gee aan MY oproep, sal julle op enige oomblik aktief vir MY wees. Daardie dinge wat aan julle gegee word as julle daaglikse take in tyd en ruimte, het 'n baie ander betekenis in die ewigheid. In materie is julle gebonde aan tyd en ruimte as gevolg van julle fisiese liggaam, en tog is julle bewoners van beide sfere, die aardse en die geestelike een en EK roep julle vanuit die geestelike sfeer.

12) Maar wanneer julle mens egter so vasklou aan aardse sake, aan aardse skatte, aan aardse vrese, dan is die siel nie vry nie; want dan is die siel aan die liggaam gebonde, want alle bande van die mens dra hulself oor aan die siel en dan sal MY oproep onverhoord bly, en jy sal nie op geestelike vlak aktief kan wees nie. Daarom, MY woorde: "Laat al julle bande los!" beteken nie dat julle nie julle verpligtinge nie moet nakom nie, inteendeel, kom hulle na, maar vanuit die geestelike oogpunt gesien.

13) Dan is julle hart by MY, en sal julle uit MY Krag put soos wat julle deur julle daaglikse take en verpligtinge gaan, terwyl jou siel terselfdertyd in ander sfere aktief is, omdat julle jul siel geensins gebind het nie. Want julle mensekinders het ingestem tot julle huidige aardse verpligtinge, en vanuit die geestelike wet van liefde moet julle inderdaad alles afhandel waartoe julle ingestem het. Maar doen dit met MY Krag en doen dit goed. Terwyl julle jul verpligtinge nakom, rus jul ware wese in MY en daarom in liefde, en hierdeur is julle siele vry.

14) MY woorde word telkens verkeerd verstaan, omdat die dieper betekenis daaragter nie ondersoek word nie. En agter elke woord is daar 'n dieper betekenis, net soos wat daar agter elke gebeurtenis 'n dieper betekenis is. Vandag het julle die voorbeeld gedeel van iemand se sole aan sy

skoene, wat óf opgelos (verweer) het óf van die skoen afgekom het. Weet julle waaroor dit gaan? Maak los, los op, laat gaan! Word vry! Hoe moet julle siel haarself verhoog tot hoër sfere om in die eenheid met MY en die engele te werk, terselfdertyd regoor die wêreld te werk, aangesien daar geen tyd in die geestelike sfeer is nie, as julle nie julle siele vry laat gaan nie, as julle haar aan julle liggame bind?

15) In meditasie het EK julle geleer hoe om te laat gaan. Keer op keer het EK die mens vermaan om sy siel te laat vry gaan. Maar erken; en dit is wat vandag in julle bespreking uitgekom het, dat die siel haarself net kan ontbind wanneer die mens grotendeels sy bande verbreek het. EK weet dat dit nie vir julle maklik is nie. Dink tog daaraan dat EK saam met julle gaan!

16) Glo MY, MY getroue kudde, dit was ook nie vir MY maklik om MYSELF te ontbind nie! Laat EK julle weereens herinner aan die voorbeeld in die Skrif rakende die dood van MY vriend Lasarus. Wat was MY eerste reaksie? EK het gehuil, EK het getreur. Eers daarna word EK toe bewus van MY Krag, Wie die VADER in MY is.

17) Daar is talle ander voorbeelde wat aan julle oorgedra is. EK weet wat dit beteken om te laat gaan - tot die heel laaste kledingstuk. EK het die weg vir julle vooruitgeloop. EK eis niks van julle nie. Dit is die VADER se Seun, die Dogter in julle wat vir julle vra: “Breek die bande! Word vry van binne, dit is nie die eksterne band nie! ”

18) Weereens herhaal EK: EK JAHSHUA DIE GESALFDE, lei julle - deur julle bande. EK gee julle die herkenning, maar julle moet die stryd self aanpak waaroor julle gepraat het. Dit is die stryd, die stryd van die Seun of die Dogter van ELOHIM met die laagste vibrerende materie, die mens, wie die stof van hierdie aarde is, wat glo dat hy alles is. Die mens is niks. Die mens sterf soos alles [materieel], tensy hy laat gaan en sodoende in staat raak om sy aardse liggaam te vergeestelik, om dit te transfigureer.

19) Sou julle nou die gedagte in die uithoeke van julle verstand bedink om dalk die fisiese dood te vermy, laat EK dan nou vir julle sê: Selfs al is julle in die proses van transfigurasie, sal julle nie die ervaring kan omseil om julle aardse omhulsel te verlaat nie, want dit is deel van julle weg. Hierdie aardse omhulsel, wat julle nou dra, is nie die transfigureerde, geestelike omhulsel nie. Want wanneer daardie tyd aanbreek, sal julle omhulsel dan in sy struktuur, in sy vibrasie, opgehef wees, oorstroom met lig en stralend.

20) MY getroues, gaan tog uit op die weg! En kom na MY toe met daardie dinge wat julle alreeds begin los het, waar daar hartseer in julle harte is, kom na MY toe, EK sal julle help. EK sal julle troos. EK sal julle ook wys hoe om huidige bande af te sny, hetsy materieel of karmies. Want EK is waarlik die Vriend en Broer aan julle sy! Kom na MY toe, selfs wanneer julle bang is om liggaamlik baie siek te word!

21) Die basiese vrees van die mens, dat hy eendag moet ophou lewe, moet deur elkeen van julle oorkom word. Wat is dit tog? Dit is die taak van die menslike ego, ja, selfs die Seun, die Dogter se individualiteit wat hier geëis geword. Wanneer julle selfs bereid is om dit prys te gee, is julle die Seun of die Dogter van die VADER in 'n **GODDELIKE INDIVIDUALITEIT**.

22) Hier in hierdie aardse sfeer sukkel elkeen van julle met die skaduwees van julle eie-ek. Kom na die rustige plek, kom in die lig in! EK is die Lig! En die pendulum, wat soms te veel na links swaai, dan weer te veel na regs, kom uiteindelik tot kalmte, swaai al hoe minder hard, totdat dit uiteindelik in MY, in die Lig, rus in die toestand van om-nie-te-wil hê-nie, in die ewigheid, in die Liefde. Hierdie liefde is gereed om alles oor te gee – selfs al is dit die lewe self – ten einde die broer, die suster, te help.

(Kort pouse)

23) Hierdie minuut in stilte het julle in staat gestel om MY woord in julle te laat weerklink. Neem dit saam met julle en peins oor die betekenis van die woorde! Selfs die van julle wat MY boodskap lees, herken die betekenis agter die woorde! Verstaan dat die menslike woord beperk is in die verklaring daarvan! Die gevoel kan homself nie maklik in 'n woord uitdruk nie. Indien julle egter MY WOORD wil verstaan en as julle met MY WOORD vloei, raak die hele spektrum van vibrasie van hierdie WOORD beskikbaar vir julle vanuit julle sielsgevoel, en julle sal die betekenis verstaan.

24) O, verstaan ook die betekenis van die simbole, wat in die voorbeelde van die sogenaamde toevallighede tydens julle lewens gegee is! EK sal julle gedagtes verskerp en indien julle bereid is, sal EK julle gedagtes voortdurend verbind met julle hartsgevoelens, en deur hierdie verbinding sal julle ook die lig vind, die EK IS, DIE LEWE in julle; nie vrees nie, nie die dood nie, maar DIE LEWE; nie pyn nie, nie hartseer nie, maar LEWE, LIEFDE! Met hierdie WOORDE sal EK afsluit. MY seën sy met julle.

**Amein.**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 55. Oefening

**Die take van die Hoër Self - leun op die Meester wanneer ons ook al te midde van ons karma is, dan is hy die naaste aan ons - die Hoër Self is die Oervonk van ELOHIM, die Seun, die Dogter - die siel is die belaste Hoër Self - gees, siel en mens vorm 'n eenheid - die siel kommunikeer met die Hoër Self - die verskil tussen siel-skaduwees en gebondenheid - meditasie: Die mens is veilig in die Liefde van ELOHIM, wat hom omring soos 'n oseaan - die Hoër Self staan voor die OERVADER, die reis na die diepte, geboorte in die menslike kleed - alles vorm 'n eenheid en het 'n uitwerking op mekaar - die liggaam is 'n kleed van eer.**

1) EK JAHSHUA DIE GESALFDE is in julle midde, en EK is in MY alomteenwoordigheid saam met almal wat nou deur die toetse van hul Hoër Self gaan.

2) EK wil MY laaste woorde aan julle verdiep, sodat julle sal verstaan wat die Hoër Self vir die siel en die mens beteken, en sodat julle kan besef dat die sogenaamde toevallighede lankal voorberei is. Hulle was dus uitdruklik voorberei sodat die mens en sy siel deur sy swakhede kan leef, en sodat die siel, wat hierdie swakhede gedra het - selfs in vroeëre inkarnasies - vry kan word terwyl sy al haar swakhede op die mens uitwerp.

3) Julle weet dat niks sonder oorsaak gebeur nie. Wat ookal sy gang in die hier en nou neem, neem sy vibrasie vanuit die verlede en moet opgelos word in die hier en nou, sodat julle effektief kan word in die krag van julle erfenis, oorgedra vanaf die VADER na sy Seun, SY Dogter.

4) Hier is 'n voorbeeld: Jy het gepraat oor versekering, wat, o geliefde broer, na jou suster toe gaan kom. Wat is sy immers op geestelike vlak? Op aarde was sy jou vrou. Julle het in verdeeldheid geskei. Geestelik gesien is sy egter jou suster. Dit was nie die eerste keer wat jy hierdie aarde saam met haar bewandel het nie, maar jy het dit verskeie kere gedoen. Die Hoër Self, die Seun van die VADER in jou, het nou die spore gelê sodat die karmiese bande verbreek kan word, en sodat jy, o MY broer, MY kan dien in die vryheid van die hemelse VADER se Seun, om die Aarde te bewandel en om jou "Ja" te vervul wat jy MY 'n tyd gelede gegee het.

5) Vir die derde keer het die sole van jou skoene afgekom. Die opdrag om jouself van die materiële dinge los te maak, is onmiskenbaar. Die taak wat die Hoër Self aan jou, die persoon, gee, sal jou siel bevry wanneer jy die skuld vereffen. Weereens MY woorde ter bevestiging!

6) Nou, EK verstaan baie goed dat jou onderdrukte woede, jou bedruk maak as hierdie dinge gebeur - en nou kom EK terug na die sirkel en na almal met MY WOORD: Op die oomblik van 'n karmiese gebeurtenis is jy in 'n waas, jy is in 'n wolk en strompel blind rond. Veral dan is EK die vriend aan jou sy, jou broer, en EK reik albei hande na jou uit.

7) Op grond van die onderrig wat EK julle gee, tydens daardie oomblikke van duisternis, van stryd, moet julle gedagtes tot MY gerig word: "Meester, help my in hierdie waas, in hierdie donderstorm, in hierdie muur van wolke, om die lig van liefde te herken en om dit ook uit te leef! Vir nou kan EK dit nie self doen nie, terwyl my mens worstel met die siel in my. Maar met U krag en hulp herken EK die

swakheid van my menslike wese en is EK ook bereid om enige bande te ontbind wat nog vanuit die verlede bestaan."

8) Wanneer jy jou na MY wend, sal EK MY hand uitsteek en die muur van wolke sal terugtrek. Die waas sal oplig, die gees sal effektief raak en al die dinge wat jy moet laat gaan, byvoorbeeld al jou lewensvrees, sal in die lig oplos.

9) Het EK nie op soortgelyke wyse gesê: Kyk na die lelies van die veld, hoe hulle groei nie: Hulle arbei nie, en selfs Salomo met al sy rykdom was nie so mooi geklee soos hulle nie?" As julle op ELOHIM vertrou, as julle HOM liefhet, dan is julle vry soos die voëls in die lug, wat nie saai of maai nie, en ook nie voedsel in skure versamel nie, maar steeds word hulle deur HOM gevoed.

10) Tog kan EK julle hierdie versekering gee: Alles wat julle vrylik laat gaan, en julleself heeltemal oorgee aan die wil van die hemelse VADER, kom in een of ander vorm na julle toe terug as 'n genadegawe.

11) Julle is die volheid! Julle bid: 'Laat ons koninkryk kom!' Dit kom! Dit **is** julle s'n, want die VADER wil die volheid van die skepping met julle deel. Tog beperk die mens homself nog steeds en veg hy vir sy aardse besittings en rykdom. Hy veg vir sy gesondheid, veg met homself en die absurditeite in homself, heeltemal alleen. Hoekom? Omdat julle nie MY hand wil neem nie. Maar, die oomblik wat julle egter MY hand neem, wat altyd na julle uitgestrek is, kan alle mag van die hemele na julle toe vloei, en dan sal julle die toetse van julle Hoër Self slaag en sal daardie selfde oomblik herken hoe slim die bande geplaas was, sodat jy nou deur hulle kan sny.

12) Wanneer jy te midde van 'n probleem is, is dit moeilik vir jou om oor jou eie skaduwee te spring. Dit is eers later dat jy vir jouself glimlag, want jy is immers een eenheid: mens, siel en gees, hier op die aardse sfeer. Die mens kan tekere gaan soveel as wat hy wil, hy kan maar so ontstoke wees soos 'n perdeby, daar is 'n wese binne-in jou wat suiwer liefde is. Daar is 'n Seun of 'n Dogter van die VADER wat alles verstaan, wat nie perke vir liefde sal stel nie, en vreugdevol dit vervul wat hy of sy op aarde moes kom doen.

13) Erken dat hierdie liggevulde wese, die stralende KIND VAN ELOHIM, lewe binne in jou! Sonder hierdie oervonk, wat van ELOHIM is, sou die mens nie kon bestaan nie. Hierdie oervonk is die lewe, is die lig, want die oervonk is een met MY, die Liefde en daardeur ook met ELOHIM die VADER. Hierdie oervonk is julle Hoër Self. En deur julle Hoër Self stroom die genesende krag voort, in eenheid met ELOHIM, sowel as die WOORD – die EK IS — sowel as alle geestelike gawes. Hierdie Hoër Self het die klere of lae waaruit julle siel bestaan, om homself geplaas.

14) Die siel is die belaste Hoër Self. Let op die woord 'belas'. Die Hoër Self is in die hoogste vibrasie. Hy moet belas word, sodat hy homself afwaarts kan omvorm. Daarom het EK Myself ook afwaarts omvorm. EK het MY self belas om gebore te word in die aardse sfeer. Julle het ook eens 'n las op julle geneem, hetsy deur die sondeval of vrywillig - hoe dit ookal sy. Maar hierdie een ding wil EK vir julle sê: Aangesien julle almal hier is, is julle boodskappers van lig en het julle ingestem om te help met die transformasie van alles wat geval het.

15) Die skaduwees, die kleding oor jou Hoër Self is dus jou siel. Afhangend van hoe die siel haarself bevry het, werk die Hoër Self kragtig deur die siel. 'n Deel van die las moet egter bly; anders sou die siel nie hierdie aardse vlak in die menslike gewaad kon bewandel nie. Haar verlange sou veels te groot gewees het. Op hierdie manier behou sy 'n deel van die las.

16) Die mens straal die laste uit. Hulle toon die ongelykhede in die mens wat nie tersyde gestel kan word nie; anders sou die mens nie op aarde kon vertoef nie. 'n Volmaakte kind van die VADER is in die hoogste vibrasie, terwyl materie die laagste vibrasie is. 'n Volmaakte kind sou nie op aarde sigbaar gewees het nie. Die las laat die GEES in die mens egter toe om op die aardse vlak te leef.

17) Al drie, GEES, siel en mens is 'n eenheid. Die Hoër Self weet alles aangaande die weg van die siel en die mens. Hy ken die skaduwees wat die siel oor haarself geplaas het. Hy weet watter daarvan weggegooi kan word en wat moet bly, sodat die plan vir hierdie aarde vervul kan word. Die siel is in konstante kommunikasie met die Hoër Self en probeer die leringe rakende die skaduwees aan die

mens oordra, sodat die mens kan herken, hier en daar is my swakpunte, en hier en daar is my bande wat nog opgelos moet word, sodat my siel vry kan optree.

18) EK het verlede keer oor hierdie bande gepraat. Moenie bande met die siel se skaduwees of sielekleed verwar nie.

19) Skaduwees, wat die sielekleed veroorsaak, is aanvaarde eienskappe. Hulle is byvoorbeeld 'n slegte humeur, hoogmoed, suinigheid en soortgelyke dinge. Solank as wat julle die aarde bewandel, sal julle sulke eienskappe as skaduwees dra. Die belangrikste vir die mens is dat hy of sy hierdie skaduwees sal herken en afbreek, in soverre die siel nie verhinder mag word in haar werk vir die lig nie. Die oomblik wat die mens sy of haar negatiewe eienskappe, dit wil sê die skaduwees van sy siel, herken, kan hy 'n gedeelte van hierdie skaduwees oplos met MY krag, met MY hulp en daardeur ook deur sy Hoër Self.

20) Bande daarenteen is 'n ander ding. Bande het ontstaan in 'n vorige, sowel as in die huidige lewe. Hierdie bande moet verbreek word. Die Hoër Self het 'n oorsig oor alle [materiële] lewens. Hy weet presies watter bande daar is en bring dit slim saam.

21) Julle ontmoet nie julle broers en susters per toeval in hierdie aardse sfeer ("plane") nie, of moet dit plan wees - herken in die woord "plan" - dat julle Hoër Self die weë voorgeskryf het. Tog het julle die vrye wil om die plan na te kom, byvoorbeeld, om die bande te verbreek of om hulle gebonde te laat.

22) Een ding is beslis, wanneer 'n siel daarna streef om huis toe te kom, moet alle bande losgemaak word. Die Hoër Self en die siel weet dit. Die mens herken dit dikwels nie, want die mens dink aards, en deur [sekere materiële dinge] te wil hê en te wil besit, is hy nou verbonde aan sy intellek, sy verstand en plaas hy nie sy verstand genoegsaam in sy hartsgevoelens nie. As gevolg hiervan het die siel en die Hoër Self nie die moontlikheid om die mens behoorlik te lei nie. Indien die mens egter met MY belyn, JAHSHUA DIE GESALFDE, die LIEFDE, sal die weg na die siel en na die Hoër Self glad en gelyk word, en dit kan wees dat julle hierdie Hoër Self langs julle sal sien staan en glimlag wanneer die mens deur sy probleme gaan en woedend bewe. Die Hoër Self glimlag, en die siel is hartseer, omdat sy nie vry is nie. Die mens begrawe homself in woede en toorn, of in sy vrese.

23) En hier is waar MY leer van liefde sal intree. EK het julle eenkeer die eenvoudige liefde geleer vir elke klip aan jou voete, vir die planteryk, vir die diereryk en die liefde vir die natuurwesens, sowel as die liefde vir julleself en vir julle medebroers en -susters. Almal is julle broers en susters! Vader en moeder is broer en suster. Die kinders is julle broers en susters. Julle is diegene wat julleself aan hulle bind, in stede daarvan om met hulle verbonde te wees. Al julle emosies is 'n teken van gebondenheid! Emosies is menslike of karmiese bande.

24) Die mens is in die hede van die gebeurtenis. Die sielesubstansie is vanuit die verlede en lei tot die hede, want alles wat in die hede gebeur, het sy wortel in die verlede.

25) EK het julle geleer om die verlede in die lig van liefde te laat oprys - en dit het julle simbolies gedoen. Deur julle gedagtes en deur julle besprekings herken EK egter dat julle nog nie julle verlede oorgedra het in die suiwerende vlamme van MY en ook julle liefde - want julle is geskep deur liefde.

26) Emosies vanuit die verlede reik weer en weer na die hede en bepaal dan julle dade, dus dade wat nie vanuit liefde verwek is nie. Ondersoek julleself en herken julleself as wys! Laat julle emosies weer na vore kom, ja, leef hulle uit, maar beleef dit saam met MY. Neem MY hand en MY liefde sal in jou vloei. Maak skoon die weg vir die VADER se Seun, vir SY Dogter en die Kosmiese Liefde, waaruit julle almal in siel en mens gebore is en dit sal vanuit die Hoër Self vloei. Laasgenoemde sal die bande binne-in die siel losmaak, en binne-in die mens sal die Hoër Self die woede van die mens, ja, sy toorn laat afneem, dit omdraai na begrip en gee ten einde homself vry te maak.

27) Wat is materie? Dit is liefdes-energie wat omvorm is na 'n laer vlak. Liefde is nie kortstondig nie. Alles wat julle in liefde weggee, kom na julle toe terug as liefde: Nie net tweevoudig nie, nie drievoudig nie, maar duisendvoudig; en nie onmiddellik nie, soms verg dit 'n bietjie geduld, aangesien julle Hoër Self julle houding ondersoek, maar bietjie vir bietjie verander die mens, sny die bande en

die siel bevry haarself ten einde op ’n kosmiese vlak te bedien om gevul te word en om daardeur ook in die volheid van die Gees te kom, ten einde julle "ja" te vervul.

28) Dit is in daardie toestand wat die mens dan die siel dien; want dan sal daar min emosies in hom opkom, omdat die verlede opgeruim is. Slegs nou en dan sal die skaduwees van negatiewe eienskappe sigbaar word, sodat die mens sal besef dat hy die aarde in nederigheid moet bewandel, dat hy as mens in werklikheid nie GOD-GELYK is nie, maar dat sy Hoër Self die een is wat GOD-GELYK is, omdat laasgenoemde uit HOM gebore is. Die mens word dan een met die siel in homself, dit wil sê wanneer die siel vry en opreg streef na vervulling; dan word die mens ook vry. Hy ken geen meer vrese of bekommernisse nie, het geen probleme nie, want geloof, vertroue en die grootste van alles: LIEFDE is sy fondament. Hierdie fondament is saam met MY gebou, word opgehou deur MY krag, deur die krag genaamd Liefde wat gekroon is deur Barmhartigheid.

29) Hierdie ontwikkeling wat EK nou net aan julle beskryf het, verg geduld met julleself, met die menslike wese. Verstaan egter nie geduld as: "Wel, EK sal uiteindelik daar aankom nie!" maar besef dat julle hard moet probeer, en dat julle hier na MY hand moet uitreik. Buiten dit, vra EK julle weer om julle menslike wese te aanvaar soos wat hy of sy op hierdie oomblik is, selfs met al die dinge vanuit die verlede wat nog tot in die hede strek, en om hierdie verlede deur en deur op te los, geduldig en liefdevol.

30) As EK julle keer op keer vra om in die hede te lewe, in die hier-en-nou, om sodoende in julle goue middel te rus, is hierdie pleidooi bedoel as 'n doelwit waarop julle jul oë onwrikbaar moet hou. Dit is 'n bietjie buitensporige verwagting van 'n onderwyser aan sy student, sodat laasgenoemde nie op sy pad stagneer nie. Die vervulling van hierdie pleidooi berus uitsluitlik op julle vrye wil wat julle van die VADER ontvang het. MY pleidooi weerklink in die kosmos. Dit is die oproep aan julle, die oproep op die geestelike vlak, nie op die materiële een nie. Hierdie oproep het 'n vermanende uitwerking op die materiële vlak. Dit is egter bedoel vir die Seun, die Dogter van die VADER, en vir die Hoër Self.

31) Met 'n **meditasie** sal EK julle nou lei vanaf die menslike bewussyn in die sielsbewussyn in en daarna na die bewussyn van 'n Seun, 'n Dogter van die VADER. Volg MY met julle gevoelens:

32) Plaas alle lastige dinge in 'n goue houer, of dit nou siektes, bekommernisse, probleme, bande is, alles waaroor ons gepraat het. Plaas al hierdie dinge in die goue houer wat ons voorstel in die middel van die kamer is. Dit was EK wat hierdie houer aan julle gegee het as 'n simbool en verklaar het dat julle na MY toe kan kom met alles wat julle beweeg.

33) Werp al jou bande weg, alle beperkings wat jy vir jouself opgelê het. Plaas jou menslike wese in die houer as ’n geheel! -

34) Die mens is nou stil in homself, want hy lê in 'n oseaan van oneindigheid. Soos seeperdjies in die see, rus julle in liefde, in die oneindigheid van MY oseaan; want liefde is nie meer meetbaar nie, sy is oneindig, onbeperk. Julle menslike liggaam word omhul deur die golwe van hierdie oseaan, en liefde vloei deur alle selle van die liggaam. Alles wat jou siek maak, lê by hierdie mens in die golwe van die see. Jy voel gedra, veilig.

35) Nou, o siel, sien jy die stilte, die kalmte van die menslike kleed? Jy het al die verstrengelinge vanuit die verlede op die mens gewerp, want in jou was daar 'n verlange na vryheid. Jy is in hierdie liggaam geklee in wit. Net hier en daar is die kolle van jou vrywillige laste, al die ander is reeds aan die mens oorgegee.

36) Kom nou, o siel! Kyk, die mens is veilig in die oseaan van oneindigheid! Onttrek jou krag! Neem dieselfde pad as wat jy eens gevolg het toe jy jou liggaam binnegegaan het; volg nou hierdie weg terug totdat jy weer vry is van die aardse liggaam wat jou hier op hierdie vlak dien as jou aardse kleed. Trek jou krag vanuit jou voete, uit jou kuite, die dye, uit die bekken, die bewussynsentrum van die Orde, die bewussynsentrum van die Wil, van Wysheid en Geregtigheid.

37) Kalm klop die menslike hart in die asem van ELOHIM, die lewendige krag van Liefde. Jy onttrek jou van Geduld, Liefde En Genade. Deur middel van die agterkant van jou hoof, jou kroon, het jy in hierdie aardse kleed ingegaan. Kom, steek jou hand uit na MY, ontvou jou wese! Kom, jy MY suster, jy

MY broer! Kom! Kyk, EK lei jou na vryheid; want in jou sielekleed wil jy MY help om alle sfere te transformeer, wat nog nie in 'n suiwer geestelike toestand vibreer nie. Jy sien die skaduwees op jou wit kleed. Kyk nie na hulle nie, maar kyk deur hulle!

38) Lig skitter en straal binne-in jou. Hierdie lig breek deur vanuit hierdie wit kleed. Dit oorskyn verreweg die grootsheid van jou siel. Dit is die Seun, die Dogter van die VADER. Helder, liggevulde, suiwer liefde, goedheid, kragtig. Die kind wat eens voor die VADER se troon gestaan en gesê het: "VADER, so is dit. EK sal die siel, die menslike kleed aantrek om te help en sodat die gebeurtenis in tyd en ruimte haarself kan vervolmaak. EK wil help sodat alles in die kring van U Liefde weereens heel kan word. Die vrye wil het alles wat getoets en beproef moes word, getoets en deurgemaak, sodat dit alles na U kan terugkeer as die verlore seun. EK belowe om hierdie verlore seun te help op pad terug na U toe, o VADER!" - Wees bewus daarvan!

39) Jy staan nou in die heiligdom. Tyd en ruimte is nietig. Voor jou, plaas die OERVADER SY hand plegtig op die kop van die kind wat nou gereed is, terwyl HY hom of haar seën, maar waarsku teen die gevare. Die kind antwoord egter stralend en vol innerlike krag: "VADER, EK sal." In hierdie vryheid seën die VADER SY Seun, SY Dogter. Die kind verlaat die huis en salige lewe en gaan dan die diepte in, deur die koninkryke van skaduwees na die koninkryk van smart, nood, onderdrukking, probleme, pyn en selfs dood.

40) Stap vir stap trek die kind die sielekleed aan, terwyl hy of sy deur die individuele vlakke wandel. Hy of sy is nog steeds in die sielekleed en kyk oor die aardse vlak. Weereens kyk hy terug. O siel, jy voel nou weemoedig. Dit voel asof jy so oneindig vêr van suiwer lig is, en tog is die lig binne-in jou. Dit is slegs die skaduwees van die kleed wat om jou toegedraai is, wat jou laat dink dat jy vêr weggetrek het van Liefde, van Barmhartigheid en Welwillendheid, sodat jy gedink het dat jy vêr van die suiwer, geestelike koninkryk weggetrek het, en dat jy nou die laaste tree neem.

41) Hier is 'n moeder, en sy is in sametrekkings. Vir 'n geruime tyd weet die siel dat sy hierdie klein liggaam sal binnegaan. Sy weet van haar lot, weet van haar opdrag. Weereens bevestig die siel dit en gee liefde, die lewe, aan die kind. Op die oomblik van geboorte omvou die siel haar liggaam en gee haar bewussyn oor in die hande van die VADER soos wat sy die menslike liggaam binnedring. Die siel gee totaal oor. Die klein wesentjie huil en skree nou, en gee daardeur die gevoelens van die siel weer, wat hierdie weemoedigheid is. Nou bedaar hy, hy glimlag, en die gevoelens van die siel word weerspieël wat sê: "EK het my 'ja' gegee en is bereid om hierdie weg te gaan!"

42) Dit was jou eerste inkarnasie. Jy het daardie roete vele kere geneem. Maar nou, o siel, het jy volwasse geword, sodat jy die opdrag waarvoor jy 'Ja' gesê het, in al sy volheid kan uitvoer. Wat beteken 'volheid'? Dit beteken tot op die laaste punt: Nou is jy volkome binne-in jou opdrag, in die eenheid met almal wat ook hulle 'Ja,' gegee het.

43) Kyk nou terug en talm kortliks by die verlede van hierdie huidige bestaan, en beskou alles waarmee jou mens jou probeer belas! Jy bestraal die mens, jy staan voor hom. Van nou af is hy in die oseaan van veiligheid, dink hy nie en gee hy homself nie oor nie. Sodra hy egter uit die meditasie ontwaak het, sal hy weereens op sy eie weg gaan. O siel, die wil pulseer kragtig om te hou by die 'Ja,' wat jy gegee het en dra hierdie krag nou oor aan die mens!

44) Jy betree weereens die aardse kleed, die mens, wat jou dienaar sal wees. Vanaf die vlak van Barmhartigheid bestraal die ewige heilige Barmhartigheid van ELOHIM jou, die Seun, die Dogter, en verbind met die bewussynsentrum wat binne die mens pulseer. Die mens voel nou die vibrasie aan, soos wat laasgenoemde kloksgewys roteer. Hy kyk rond en herken waar Barmhartigheid toegepas moet word, - mag die barmhartige Samaritaan 'n voorbeeld vir jou wees, - o mens, terwyl hy sy jas opskeur om die wonde van sy beseerde mede-broer te verbind en hom met liefdevolle goedhartigheid versorg.

45) Die VADER se Krag van Liefde vloei na die bewussynsentrum van Liefde deur middel van die suiwer kind in jou, o siel, en die mens kyk rond in gees. Hy sien waar ontbreek die liefde, waar hy nog nie in staat is om Liefde in sy suiwerheid te wees nie. Liefde pols, Liefde wil deur die mens uitgeleef

word. En dit is Liefde wat nou uitstraal na alle medebroers en –susters, hopend op liefde van jou, o mens, deur middel van die mens en op grond van die Hoër Self, wie een is met ELOHIM.

46) Geduld pols nou en vul jou met verdraagsaamheid en kalmte. Nederig buig jy, o mens, jou hoof met die besef dat die Goddelike Krag in jou rus, die VADER se Seun, die Dogter in die aardse kleed. Alle ongeduld het padgegee. Nederig buig die mens! Hy erken ook Erns [vlak van Geregtigheid] en voel by sy naam geroep.

47) O mens, erken dat elkeen die toetse van sy Hoër Self moet deurgaan tydens die erns van hierdie huidige tyd, sodat die siel vervulling kan betree buite die gebied van tyd en ruimte. Maak al jou bande ernstig los, o mens!

48) Trek vanuit jou innerlike wysheid, want alles is binne-in jou; want die vonk van ELOHIM, die erfenis van die VADER aan SY kind kan nie van die totaliteit geskei word nie. Alles is een! Die kind is een met die VADER. Die vonk is een met die VADER se lig, is een met MY, DIE LIEFDE. Daar is geen skeiding op geestelike vlak nie. Daarom is die diepte van Wysheid in julle innerlike, wagtend op ontwikkeling. O mens, jy het 'n verstand, verbind hierdie verstand met jou hartsgevoelens, en jy sal die Wysheid van jou SKEPPER en VADER betree.

49) Julle herken die Wil van julle Hoër Self, wie een is met die Wil van die VADER, want ook hier is geen skeiding nie, en julle glimlag oor julleself, oor julle probleme. Julle besef dat julle nog steeds 'n aantal probleme op die vlak van Orde moet oorkom. Julle besef veral dat dit tyd is om alle bande te verbreek.

50) Mens, o kyk, in jou siel is jy in eenheid met die GEES! As jy skei glo jy dat jy alles is. Maar sonder die siel en die vonk van ELOHIM in jou, die erfenis van HOM, sou jy egter geen enkele asemteug kon maak nie. Mens, kyk om jou!

51) As jy nou die krag in jou voel pulseer, wat lewenskragte is, kyk dan rond en betrag die skepping en herken dat alles op alles staatmaak!

52) Alles vorm 'n eenheid en alles beïnvloed alles! Elke asemteug wat jy neem, o mens, beïnvloed jou omgewing. Jy is lig te midde van duisternis, dus word duisternis lig. Wanneer jy liefde is te midde van al hierdie haat en woede, sal haat en woede stap vir stap liefde word. As jy bang is vir jou gesondheid, wandel in MY voetspore. Aanvaar alles en steek jou hand in vertroue uit na MY toe, en jou vrese sal verdwyn, o mens, want jy voel veilig in MY, en jou geloof en vertroue sal kragtig groei. As jy vrese het oor jou lewensonderhoud, weet jy dat jy jou pligte moet nakom, maar in die woord vervulling lê ook die woord volheid. Vanuit die volheid, o mens, sal EK jou gee indien jy jou pligte nakom en wanneer jy jou 'ja' gee tot vervulling.

53) Let op julle liggame! Wees lief vir hulle soos wat hulle in die spieël voor jou verskyn. MY geliefde broers en susters in die aardse kleed, ook EK het hierdie kleed gedra - beskou dit as 'n ere-kleed. Bedink MY woorde. Kragtig pulseer MY Liefde. Dit is dieselfde Liefde wat ook joune in jou innerlike wese is.

54) MY seën sy met julle. Weereens herinner EK julle: Steek julle hande uit na MY in julle daaglikse stryd, sodat EK hulle kan aangryp.

**Amein.**

# 56. Oefening

**Ons leer voortdurend op grond van ervarings - liefde oorwin vrees - gemeenskap versterk ons - van liefde tot by die vier elemente en deur liefde word ons een met hulle - "vrede sy met jou" beteken ook dat ons vrede na die Aarde bring - konfronteer jouself met jou oervrese.**

1) ‘n Stille vreugde sprei in jou uit. - Kry die gewaarwording van die weg na jou innerlike wese en jy sal hierdie vibrasie in jouself tap. EK JAHSHUA DIE GESALFDE is in jou midde, EK is die klein stukrag in al jou gesprekke, jou eerlikheid teenoor ander en vir mekaar en lei al julle dieper om MY liefdesleer, wat julle van MY ontvang het, te verstaan.

2) Julle spreek telkens die innerlike vryheid aan, die vryheid om julle eie persoonlike weg te gaan, aangesien julle dit tans as reg beskou. Dit is die vryheid van die KIND VAN ELOHIM.

3) Daar is geen ompaaie nie, geen gemeenskap neem ompaaie in hierdie aardse sfeer nie; want hulle is almal bloot ervarings waaruit die mens, MY kind, tap en leer, ten einde met soveel meer vreugde die pad huis toe te gaan na die VADER.

4) Julle leer voortdurend van julle eie en ander se ervarings; nie net nou nie, maar ook later, wanneer julle almal uiteindelik julle eie weë sal gaan. Dit sal julle eie weë wees wat julle self bepaal het. Op daardie stadium sal julle slegs op hartsvlak aan julle gemeenskap gekoppel wees, maar uiteindelik sal dit die weë wees wat die belofte, wat julle vroeër gegee het, sal vervul. Selfs dan sal julle deel wees van 'n leerproses, en elke ervaring sal vreugde in julle laat ontspring; want die somtotaal van die ervarings is die pad huiswaarts na die VADERHUIS. Die somtotaal van alle ervarings is die onveranderlikheid van die ewig-teenwoordige bewussyn van die voltooiing van die val-gebeurtenis in tyd en ruimte. Hierdie ervarings kan dan telkens herroep word in die kosmiese-bewussyn [hemel] en sal oombliklik beskikbaar wees vir alle kinders van die VADER.

5) Sodra hierdie ruimte-tyd-gebeurtenis voltooi is, en die Seun en die Dogter herken dat hierdie droom van duisternis gee toe aan die lig van die ewigheid, sal hierdie droom altyd teenwoordig wees in die kennispoel van al die kinders van ELOHIM.

6) MY geliefde, wanneer julle in hierdie gebeurtenis van tyd en ruimte julle paadjies bewandel, wanneer julle aandag gee aan julle gedagtes, wanneer hulle hulself telkens verloor in julle daaglikse gebeure, wanneer julle die koerante lees, luister na die media en keer op keer rekening hou van die somtotaal van die kragte, wie se energieë vooruitgestuur is, sal julle herken waar julle op die pad huiswaarts is. Kom die vibrasie van liefde algemeen in julle voor, met medelye teenoor julle naaste? As dit die geval is, kan julle vrese oor die een of ander probleem hoe groot wees; die vrees sal opgelos word, want liefde sal ook oorwinnaar wees oor vrees.

7) Daarom het EK julle die pad van die allesomvattende Liefde geleer en leer dit nog steeds. Die liefde vir die elemente het julle weggelei van julle bande deur middel van die elemente. Deur meditasie kan julle jul aardse aantrekking loslaat. Julle verhef julleself tot liggevulde hoogtes en staar julle vrese in die gesig; en hierdeur oorwin julle die negatiewe krag van die elemente wat nog in julle fisiese liggaam teenwoordig is, want julle liggaam bestaan uit die vier elemente. Die siel sal eers vrykom wanneer sy hierdie vier elemente oorwin, egter nie met geweld nie, maar met Liefde.

8) Daarom kan vrees nie met geweld vrygestel word nie, maar slegs deur liefde. Die voorbeeld wat in die gemeenskap gedeel was om 'n berg te oorwin, het dit vir julle aangetoon. Die individue sou nie die berg met sy baie steil helling alleen kon verower nie. In gemeenskap (gemeenskaplikheid) was die groep egter sterk toe die een onbewustelik moed aan die ander gestuur het. Hierdie gedeelde geleentheid was 'n eksterne gebeurtenis. Nietemin kan so 'n gebeurtenis ook op psigies-geestelike vlak beskou word: Op grond van die liefdeskrag wat aan iemand gestuur word deurdat hy hom moed

gee, sal die individu sy doel bereik, omdat die gemeenskap hom ondersteun het en sodoende was die gemeenskap in staat gewees om hul eie steeds verborge vrese terselfdertyd te oorwin.

9) Daarom, wanneer julle jul hande na mekaar uitsteek tydens oomblikke van gevaar, sal julle vrese in moed verander. As dit aan jouself oorgelaat was, sou die vrees geneig gewees het om jou te oorwin, maar deur die hulp wat jy aan jou naaste gee, ontgroei jy jou basiese self en skakel jy met jou Hoër Self, die Seun, die Dogter van die VADER.

10) Waarom het EK gesê: "Waar ookal daar twee of drie in MY Naam is, daar is EK in hulle midde?" [EK het dit gesê] omdat gemeenskap krag opbou. Iemand wat alleen sukkel, het 'n baie moeiliker weg om te neem, alhoewel hy ook sy doel sal bereik, indien dit sy weg is. In gemeenskap help julle mekaar. Of julle nou egter in gemeenskap wil gaan, of die pad afsonderlik wil loop, - dit is egter weer julle eie keuse, dit is julle vryheid.

11) Dit is die wonderlike geskenk van die VADER aan julle almal. Dit is hierdie absolute vryheid waarvan EK al vantevore uitgebreid gespreek het.

12) As julle die golwe van water liefdevol seën, sal dit julle selfs in 'n stormsee dra. Die golwe mag dalk oor julle koppe stort, maar hulle sal julle na die waterkant, na julle doel dra. Dit is dieselfde met 'n brandende vuur of in die flitse van weerlig. Dit kan julle nie brand wanneer julle een is met hierdie vuur nie, wanneer julle liefde voel, omdat julle die suiwerende element van vergeesteliking daarin sien.

13) Die GEES VAN ELOHIM in ou prentjies word uitgebeeld as tonge van vuur oor die hoofde van die gelowiges, uitgestuur soos wat EK belowe het. Julle is ook onderworpe aan hierdie toets met vuur. Om een te wees met die aardse vuur beteken terselfdertyd om julle innerlike self oop te maak vir die geestelike vuur, wat julle heeltemal wil aangryp, indien julle wil.

14) Julle is kinders van die Aarde, vasgevang in 'n swaar liggaam, en terselfdertyd is julle bewoners van die geestelike sfeer, die element van lug. Solank as wat julle nie een is met hierdie element van lug nie, solank as wat julle nie die eenheid in die asem van die Skepper-liefde binne-in julle bewerkstellig nie, sal julle soos 'n wurm op die Aarde kruip en sal nie die verskillende vlakke kan oorkom nie. Sodra julle egter een raak met hierdie element, die asem, met die krag van die GEES wat alles lewend maak, insluitend julle, sal julle julself nie meer vereenselwig met die swaarheid van die aardse materie en alle dinge wat daarmee verband hou nie, maar julle sal vry wees en sal julle gees ophef.

15) Uit hierdie veredelde toestand van bestaan groei julle inspirasie om voordeel te trek uit die talente wat binne julle lê, selfs om hulle vir julle aardse gewin te gebruik, wat julle dan weer kan gebruik vir doeleindes wat julle goedvind, doeleindes wat julle belangrik en reg ag, alles binne die vryheid van julle gemoedstoestand as die vrye kind van ELOHIM.

16) Solank as wat julle egter 'gewoond is om dinge te laat gebeur', sal julle nie in hierdie vryheid wees nie. Die GEES VAN EENHEID kan dan nie in julle werk nie, hierdie GEES wat uit die volheid kom. Wanneer julle in eenheid is, put julle uit die volheid. In eenheid met alle skepsele, is die hele skepping joune, dit is die materiële en nie-materiële wêrelde, ook alle hemele. Julle sal put uit die volheid en terselfdertyd herken, terwyl julle in hierdie volheid van, byvoorbeeld aardse gewin, staan, dat alle skatte van hierdie Aarde uiteindelik sal lei tot die innerlike skat, die ontbinding en transformasie van materie tot die hoogste skeppingsenergie.

17) Neem MY gesproke woorde in ag en maak die nodige gevolgtrekking daaruit: Maak nie saak wat julle op die oomblik beplan en wil bereik nie, dit sal telkens weer dieselfde doel bereik en dit is om die innerlike opdrag te vervul, wat julle aanvaar het om te doen.

18) Kyk na hierdie wêreld, kyk na die lydende wesens. Kyk na die gesigte van verhongerde mense, ja die dooies wat langs die pad lê, en neem julle verantwoordelikheid wat op julle skouers rus in ag! Alles is in oorgang en transformasie, waarvan jy laasgenoemde tot stand sal bring. Wat beteken dit om deur alchemie metaal na Goud te omvorm? Goud is materie. In die GEES is dit lig.

19) Op grond van die liefde wat in julle ontwikkel, is julle die meesters van julle eie self en daarom is julle meesters van transformasie. Alle mag word aan julle gegee om vrede te bring vir alles wat julle aanraak. EK het gesê: "Vrede sy met julle!", en so spreek EK ook vandag met MY dissipels.

20) Bevat in hierdie woord "Vrede sy met julle!" is die oproep om ook vrede in die diereryk en die menseryk te bring. Hierdeur neem julle aktief deel aan die transformasie!

21) Is dit slegs 'n droom? Nee, MY getroues, dit is nou die tyd waarin julle uitgedaag word! Let op die tekens van die tyd!

22) Julle het oor die planeet Jupiter gepraat, oor die beskermende skild vir julle Aarde. Is ELOHIM die VADER in al sy Goedhartigheid en Barmhartigheid, nie ook vol Wysheid nie? As daardie planeet nie voor die Aarde was as beskerming nie, sou die Aarde nooit die onderrigplaneet geword het nie. Sy sou in duisende stukke afgebreek gewees het, net soos die Aarde aan die begin van die tyd van 'n groter planeet afgeskeur het. Die feit dat hierdie beskermende skild nou aangeval word, soos wat dit deur julle ruimtekenners sigbaar gemaak is, het inderdaad 'n rede. Lig en duisternis is in oorlog gewikkel.

23) Die Aarde was voorheen aangeval, maar julle het dit nie opgemerk nie, want julle ruimtekenners kon destyds nie deur instrumente na hierdie gebeure kyk nie. Nou het julle egter hierdie gebeure ervaar, en julle weet ook van die impakte wat die Aarde gedurende vroeëre tye moes deurmaak. Die stryd toon homself in die hemele, die stryd wat geestelik voor die beslissing ten gunste van die lig kom. Daar sal egter meer tyd verbygaan, alvorens hierdie besluit in die gebeure van tyd en ruimte sal wys, en dit is te danke aan die VADER se wet van Barmhartigheid.

24) Hierdie ekstra tyd word aan julle gegee sodat julle standvastig word in julle toetse en sodat julle alle elemente in liefde sal tegemoetgaan, om hulle sodoende te laat verenig met julle. Hierdeur sal julle bemeestering verkry, en deur hierdie bemeestering sal julle in hierdie gegewe tyd vreesloos en in die vreugde van die hemele deurstap, soos wat EK aan die begin van hierdie aand gesê het. En die vreugde wat in julle bewe, openbaar haarself deur julle en help julle broers en susters om hul vrese te oorwin, deur hul in die gesig te staar en met die krag van liefde op te los.

25) Alles wat op hierdie planeet gebeur, is gebaseer op 'n verskeidenheid van vrese, die 'oervrese', soos wat dit in sielkunde genoem word. Almal moet hierdie oervrese in die gesig staar en dit die hoof bied. Eers dan kan hy of sy hom- of haarself bevry van die kokon-stadium van sy of haar lewe en na die son vlieg met die gemak van 'n vlinder.

26) MY vriende, EK sal julle nou in 'n kort **meditasie** inlei:

27) Die aand vorder, maar nog steeds moet julle vir 'n paar oomblikke hierdie vryheid van die gees aanvoel, op grond van MY omvattende liefde!

28) Julle is reeds rustig in julleself, en julle harte is geopen. Julle staan met albei voete op die Aarde en is een met haar. Julle is ook een met die vuur. Dit stroom warm deur julle voetsole en verbind julle met die vuur van die Aarde. Ja, die Aarde is 'n vurige planeet wat haarself vergeestelik deur die krag van liefde wie julle is.

29) Hierdie krag styg warm op, julle voel dit in die middel van die goddelike Orde, en die wurm wat op die grond lê, staan op en verbreek die boeie: "VADER, U wil het geskied! ek put uit U Wysheid en ek volg U in Erns. Geduldig gaan ek die weg wat ek beplan het, dit wil sê om liefde in die daad te omskep, vanuit die kenmerke van Geduld, Liefde en Barmhartigheid en ek herken die vryheid van MY siel. Liefde, gekroon deur Barmhartigheid, bevry MY, maar dit het nog steeds Geduld nodig, want alles benodig tyd om te groei. "

30) Op hierdie oomblik egter, gee EK julle, MY vriende, die genade van 'n visioen in hierdie bevryding. Julle siel is nie meer gebonde nie, sy is vry, 'n kind van die ALLERHOOGSTE. Kom, kyk in die sterrehemel in! Jy is MY broer, jy is MY suster, alles is julle s'n, alles in die ewige kringloop van ELOHIM se inaseming en uitaseming in die ritme van om te wees in die nie-wees, van een vibrasie, wat 'n vibrasie is en terselfdertyd geen, soos die lig.

31) Jy, o suster, jy o broer is lig. Julle is elke ster aan die uitspansel, julle is die son. Maak nou julle geestelike oë oop en aanskou die wêrelde van die nie-materiële bestaan! Alles is ook julle, want niks

skei julle van enigiets nie. Julle is soos die siele wat nog steeds hul ervarings versamel, en in hierdie gelykheid van vibrasie hoef julle nie die ervarings te maak nie.

32) Weereens kyk julle na die GEESTELIKE SON Wie EK IS, die LIEFDE, wat uitstraal oor alle sfere van die anderkant en ook oor julle, o broer, o suster, Wie deur julle aktief wil wees in die materiële sfere. Julle is hierdie son, want julle is een met MY. Moet nie langer dit wat in eenheid is, skei nie! Voel julle weg na hierdie lig. Julle is EK, en EK is julle: Liefde.

33) Handhaaf hierdie vibrasie, selfs wanneer julle nou na julle liggaamlike wese terugkeer, wetend dat julle beide is, materie en antimaterie of nie een van beide nie! Julle is alles of niks, afsonderlik, 'n Seun, 'n Dogter, in een-eenheid met ELOHIM ineengesmelt.

34) ‘n Voortdurende gebed stroom deur julle, o broer, o suster, 'n gebed van dankbaarheid en nederigheid. Laat hierdie gebed voortdurend deur julle innerlike wese stroom en neem dit saam na julle werkplek, waar julle nou ookal is! EK is een met julle.

**Amein.**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 57. Oefening

**Die elemente bedien ons in liefde - as ons geweld gebruik, sal hulle ons steeds dien, maar vroeër of later sal hulle teen ons draai - om die elemente te leer ken - vrees vir die elemente dui op 'n oortreding daarteen - nederigheid vra die elemente, hoogmoed maak ’n eis - meditasie: Ons konfronteer onsself met die elemente, vra vir vergifnis en word weereens een met hulle - in liefde steek ons ons hand uit na alle gebonde siele**

1) Die mantel van MY liefde word beskermend oor julle gesprei, en goedheid en barmhartigheid is effektief in jou lewe. Julle word saggies deur MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, gelei, en tog is julle vry volgens die oer-ewige heilige wet van die kind van ELOHIM, vry om MY leierskap te aanvaar, of om julle weë deur hierdie vryheid van aardse bestaan in ruimte en tyd te loop te midde van die gebeure van die val.

2) MY leierskap is een met julle Hoër Self, is een met ELOHIM. Vanuit hierdie eenheid het julle jul gedagtes uitgestuur; want julle wandeling deur tyd en ruimte is niks anders as dit nie. Julle plek is in die hart van die VADER. Slegs in julle gedagtes, wat kreatiewe kragte is, loop julle deur die dieptes van hierdie bestaan; want die gedagtes van die VADER se Seun of Dogter is kragtig en magtig. Die gedagte, gebore vanuit die intelligensie van ELOHIM, is die VADERLIKE krag wat aan elkeen van julle gegee is as julle erfenis.

3) Met julle gedagtes, put julle vanuit die intelligensie van ELOHIM en daardeur is julle mede-skeppers saam met HOM. Die gedagte ontwaak tot lewe deur die MOEDERLIKE krag, en vervolmaak in die daad van LIEFDE WIE EK IS. Alles wat sigbaar en onsigbaar is, is die daad, is skepping, is LIEFDE, IS EK DIE SEUN. En jy het ook deel aan hierdie vertakking [Seunskap of Dogterskap].

4) Weereens: Kragtig en magtig is julle gedagtes as Seun, as Dogter van ELOHIM. Maar wat en waar is die krag in die mens? Wat is die krag as erfenis in julle? Weereens is dit julle gedagtes wat deur julle brein bedink word, wat die hoogste energie afwaarts tot in die materiële sfeer transformeer. Die Seun of Dogter dink, en die mens voltooi sy wentelbane van sy siklusse van reïnkarnasies, totdat die gedagte van die Seun of die Dogter na die bron terugkeer en in sy ware GODDELIKE wese binnegaan.

5) Daarom is die mens se krag skeppende krag wat vloei by wyse van sy gedagtes, met die uitsondering dat dit na 'n laer vlak getransformeer word. Wanneer julle nader aan julle ware Seunskap, Dogterskap kom, deur liefde in julle daaglikse lewe te verwerklik, word die skeppingsenergie in julle meer en meer kragtiger, en julle keer dan terug na die BRON, vanwaar hierdie krag sal put en skep tot in alle ewigheid.

6) Selfs nou in die menslike vorm skep julle en put julle onmeetbare hoeveelhede uit die put. Julle is nog nie bewus van hierdie kragte nie. Deur en deur sal julle egter met julle kreatiewe kragte gekonfronteer word: Dit is julle eie skeppings wat julle daagliks teëkom as skynbare toetse op julle weg. Vrese is skeppings van negatiewe aard. Vreugde en liefde is skeppings van positiewe aard. Dit wat vol lig is, oorskyn die duisternis. Julle moet egter ook bewus raak van wat duister is. Daarom is hierdie stryd met die duister magte nodig. Dit is die stryd in julleself. Eers wanneer julle die duisternis binne julleself oorwin het, sal julle vrees oorwin het. Op hierdie stadium sal julle dan die ware boodskappers van die lig geword het.

7) Geïnspireer deur MY, het julle gepraat oor die vlakke van inwyding tot die vier elemente, waarmee julle deur liefde een sal moet word om die vryheid te verkry deur Seunskap, of Dogterskap van die VADER. Want Geduld, Liefde en Barmhartigheid is kinder-kenmerke wat julle sal moet ontwikkel om die vier elemente te bemeester. Anders sou julle hierdie taak nie in Liefde, Geduld, bekroon deur Barmhartigheid, kan bemeester nie.

8) EK het vir julle gesê dat julle hierdie vier elemente ook met geweld aan julle kan onderwerp. Dit is egter slegs moontlik vir 'n gegewe tyd en slegs in ruimte en tyd. In so 'n geval sal hulle terugkom om by julle te spook, want julle het die elemente slegs met geweld aan julle gebind en hulle sal julle dus terugtrek na die materiële sfeer. Slegs deur liefde te gebruik, sal julle werklik een word met Aarde, Water, Lug en Vuur. Die volgorde is onbelangrik, maar die toets met vuur is dikwels die moeilikste. Julle moet die vrees oorkom vir die Aarde, vir die fisiese dood, vele kere oor in vorige inkarnasies, sodat dit julle op hierdie weg nie meer kan bangmaak nie. Maar vuur, water, lug en die geestelike sfere is kragte waarvoor die mens homself klein en oorwinbaar ag.

9) Julle het die dood oorwin, nie net een keer nie, maar talle kere. Die Aarde het julle liggaam geneem, en die siel het haarself opgehef na die lig. Die water bevat egter ook dele van die element van lug. Die geeste van die water val brullend op jou af, materieel vergestalt in die vorm van golwe: Is jy vreesloos voor hulle? Weerlig of vuur, wat sterk brand of met harde klapgeluid vanuit die lug slaan, is vurige geeste wat julle in die hande wil kry en wat julle wil bind aan hierdie materiële bestaan.

10) Is daar nie nog begeertes van vorige inkarnasies aanwesig nie, soos om in beheer te wees van vuur, of om die geeste van water aan julle te onderwerp en die geeste van die lug te onderwerp om julle te dien? Herken, MY getroue kudde hier en oral, dat hierdie drie toetse nou verwant aan mekaar is en dat daar na hulle gekyk moet word en nie net vanuit die materiële aspek daarvan nie! Elke ding het ook sy punt op die psigiese en geestelike vlak.

11) EK het gepraat oor bande wat die siel moet verbreek. Vrees vir die elemente hou altyd verband met 'n oortreding daarteen. Nie, soos julle glo, dat julle in 'n vorige lewe verdrink het, of doodgebrand het en dat dit julle oervrese, julle paniek, of 'n onbeheerste vrees in julle veroorsaak nie. Dit is eerder die geestelike kragte wat te doen het met hierdie elemente.

12) ‘n Kind van ELOHIM, die Seun of dogter, het Skepperkragte in hom of haar, soos wat EK reeds gesê het. Wanneer hierdie Seun, hierdie Dogter na die diepte afdaal, op grond van uitgestuurde denkkrag, skakel die kind van ELOHIM met die elemente wat heers oor hierdie wêreld van voorgee. Hierdie band moet daar wees; anders sou die kind nie in staat gewees het om op materie te loop nie. Slegs wanneer die kind die vier elemente aanvaar, kan 'n liggaam ontwikkel vir die siel se inkarnasie. Die siel skep haar eie liggaam.

13) Wanneer 'n kind van ELOHIM vir die eerste keer inkarneer, is sy of haar liefde nog steeds lewend en loop hy of sy hierdie wêreld van voorgee in eenheid met die elemente. Hierdie eenheid gee tegelykertyd krag aan die kind, en hy of sy merk vol verwondering in sy menslike vorm op dat die natuurkragte hom, die mens, gehoorsaam. Nou gebeur die volgende: Die kind van ELOHIM word skaduagtig of vertroebel in die menslike kleed, omdat die mens geweld gebruik in die sfere van die gebeurtenis van die val. Hy het die pad van **nederigheid** verlaat en het vergeet om die geeste van die elemente van vuur, water, Aarde en lug om **toestemming** te vra. In plaas daarvan beveel hy hulle en daardeur bind hy hom aan hierdie magte.

14) Hierdie bande met die vier elemente, vuur, water, lug en Aarde, word met verloop van verskeie inkarnasies vir sommige versterk, terwyl dit met ander verbreek word. Julle sal aan julle vrese weet of julle dit moet verbreek al dan nie. Hou julleself dop en julle sal weet waaraan julle sal moet werk!

15) Die krag binne-in die mens het kreatiewe mag. Gebruik dit slegs in nederige liefde, wat dan hierdie mag dien! Weereens herken julle die paradoks (weerspreking in terme) in MY woorde, maar julle verstaan die betekenis. Hy wat voor die kragte buig en die skeppende kragte nederig gebruik, dien die eenheid met hulle, nie net in die wêreld van skyn nie, maar ook in die werklike bestaan, in die OER ruimtelose en tydlose ewigheid.

16) Verstaan MY, julle is nie vêr van ELOHIM die VADER af nie. Julle rus in Sy hart, slegs met julle gedagtes wandel julle deur ruimte en tyd. Julle is tegelykertyd op alle vlakke van julle aardse wandeling. Julle erkenning is terselfdertyd effektief en julle bewussynsvlak word verhoog deur al julle leerprosesse, sonder dat julle jul plek in die hart van ELOHIM hoef te verlaat.

17) Sodat julle MY woorde sal kan verstaan, sal EK julle nou in **meditasie** inlei:

18) Ontspanne gee die mens homself oor aan die Gees Wie EK in jouself is. Die selle van jou liggaam vibreer in die "EK is die liefde, die lewe" in elke sel. Alle selle van julle liggaam adem die Krag van hierdie Lewe in. Alle benoudheid ontspan in hierdie Liefde, wat gelyk is aan die Lewe, want nou is daar niks waaraan die mens op hierdie oomblik vasklou nie. Vry en ontspanne wend hy hom tot die vibrasie van die woord wat sy oor bereik. Dit is 'n melodie vanuit 'n ander wêreld waarna hy nou luister, 'n melodie wat hom opwek tot in die lewe, tot liefde en eenheid.

19) In hierdie lig word die menslike liggaam lig, gewigloos. Voel nou jou weg in jou liggaam in, in elke sel in! ... Voel die trilling van die krag van liefde! ... Daar is ’n vloeiing via [die bewussynsentrum van] Orde, .... na Wil, na Wysheid, na Geregtigheid, Geduld, Liefde en Barmhartigheid, deur die sentrums waardeur die goddelike krag vloei en waardeur jy gekoppel is aan jou eie Oer-erfenis. Dit is hierdie erfenis wat die melodie in jou binneste veroorsaak en wat opwaarts gaan en een word met die gemak van lug.

20) Voel hoe die swaarmoedigheid julle voete verlaat, hoe hulle lig en vry raak, hoe die swaarmoedigheid julle kuite en dye verlaat! Niks bind jou nie. Swaarmoedigheid verlaat julle hande, julle arms, die onder- en bolyf. Lig en vry is ook julle gedagtes, julle kop.

21) Terwyl julle in hierdie gevoel van ligtheid is, gaan julle geestelik na die rand van die water, die rand van die see, wat oneindigheid bereik ... buite alle sfere. Water rol oor die sand na julle voete toe ... en raak aan julle tone. Julle buig nederig en sê: “O geeste van die waters, EK groet julle en seën julle in die Naam van die ALLER-VADER en ALLER-GEES [of: KOSMIESE GEES]. As EK jou ooit tot MY dienste gedwing het, plaas EK nou die krag in jou golwe. EK is een met jou, een met elke druppel en met die hele oseaan; een met die geeste van alle sfere wat water simboliseer, die goddelike Wil, wat ook geskep is deur die goddelike Wil om oor alle waters te heers.”

22) Nou stap jy die water in, in die golwe in met gemaklike treë. ‘n Hoë golf rol na jou toe aan. Hy is bergagtig groot voor jou, en 'n vraag klink in jou oor met die gedreun van hierdie golf: “Is jy gereed om die Liefde te dien, selfs al verslind ek jou? Is jy bereid om jou aan my te onderwerp?” Weereens buig jy en antwoord: "Mag ELOHIM se WIL aan my gedoen word." Die golf gooi jou opwaarts, en jy voel 'n ligtheid van jou wese in hierdie stormloop; en jy is nie onder hierdie golf nie, maar bo-op; en jy is een daarmee, en jy jubel saam met elke druppel: "VADER, o ALLERGEES, U wil geskied en is volbring!"

23) Die golf plaas jou saggies op die strand. Weereens buig en seën jy dit in die Naam van die KOSMIESE-GEES. Gelukkig stap jy verder. Jy het egter skaars van die strand af weggekom toe vurige tonge oor die graslande verskyn wat voor jou uitsprei. “Wil jy van ons af wegvlug?” roep die geeste van vuur uit aan jou. Agter jou is die reddende water. “Kyk, jou klein mensie, ons kom om ons reg op te eis. Ons het jou gedien, dien ons nou!” ‘n Winderige vlaag voed die vlamme. Hulle vlam helder op. Jy kyk terug. Agter jou is die stil see. Moet jy van die toets terugtrek, 'n toets wat nie een is nie, omdat jy dit self deur jou kreatiewe kragte veroorsaak het?

24) Moedeloos trek die mens homself terug en stap 'n paar treë op die sand in die rigting van die water; en die geeste van vuur lag smalend en sê: “O, jou arme klein mensie! Kyk hoe jy terugtrek van

ons mag." Maar dan weerklink 'n wonderlike melodie te midde van die vlammende vuur. Lig straal daaruit. Nie die lig van die lae vlammesee wat deur basiese geeste veroorsaak word nie, maar uit die hoër vuur, veroorsaak deur die OERLIG. En weereens loop jy, o mens, jou geïnkarneerde kind van ELOHIM, na hierdie vlamme toe en buig jy nederig jou hoof.

25) Verder weg, saam met die wonderlike melodie, kan 'n gedreun van donderweer in ruimte en tyd gehoor word. Geskeur tussen lig en duisternis, worstel die mens vir die lig in homself, oorwin die vrees, - wat hy self geskep het, - en stap in die verbrande gras in.

26) En kyk, onder sy voetstappe gaan die vuur dood; want terwyl hy loop, buig hy sy hoof, gereed om homself oor te gee aan die geeste van die vuur, gereed om te brand om die hoër lig in gesuiwerde toestand te betree. Kreatiewe gedagtes stroom nou deur die mens, en liefdevol seën hy die geeste van vuur. Donder maak hom nie meer bang nie, en die lig waarin hy ingaan, ontvang hom sag en vol goedhartigheid. Dit is die lig van die huis, wat die voortskreidende mens nou omhul. Dit is die nederigheid waarin die Seun, die Dogter in ruimte en tyd leef.

27) Die vuur gaan dood. Die ligstraal gaan in die hart van die mens in, in die vorm van liefde, en sy bewussyn brei uit, as gevolg van die ervaring van liefde vir die vuur en die geeste wat dit beheer.

28) Maar nou kom die aardgebonde wese nader. Die mens het al baie keer die weg na die Aarde geloop. Jy, MY kind, en julle, almal van julle, wat is die aardgebonde wese? Dit is die broers en susters wat, net soos julle, deur die kilheid van hierdie duisternis geloop het via hul denkkrag. En aangesien julle ook in hierdie duisternis leef en julle hand hier en daar geestelik uitgestrek het, eis hulle nou dieselfde van julle. Julle het die mag om die duisternis te beveel om hulle te verlaat, maar hierdie toets sal nie slaag deur geweld te gebruik nie.

29) Solank as wat krag nie in liefde omvorm nie, is die duisternis nie oorwin nie. Het julle, o Seun, o Dogter, nie uitgegaan om te help verlos, ten einde lig te wees te midde van die duisternis nie? Maar waar is dit waarna julle nog steeds julle hand uitsteek na duisternis - na **krag**? Waaraan het jy jouself vasgemaak deurdat die duister kragte mag oor jou het? Slegs wanneer jy innerlik vry is van alle gebondenheid aan materiële dinge, sal jou liefde in jou gegroei het, sodat jy daardie wesens in liefde kan benader en aan hulle kan toon dat hul plek ook die hart van die VADER is, en dat dit slegs hulle gedagtes is wat van ELOHIM vervreemd is, waarmee hulle identifiseer.

30) Die oomblik wanneer julle jul bande in die bak plaas, wat EK aan die begin van hierdie meditasie aan julle gegee het, is julle vry, vry vir julle taak.

31) Julle benader daardie wesens en julle eie wese is lig, en hierdie lig straal uit te midde van die duisternis. En oral waar hierdie lig tref - en dit is julle lig - is die duisternis nie meer nie, die duisternis word ligter en verander in lig.

32) O mens, kyk, dit is dan wanneer jy ook deur die poort van die bewustelike dood gaan, dat die dood jou nie meer bevrees maak nie. Selfs al omhul Moeder Aarde jou liggaam, verlaat jy die aardse kleed as die volle bewuste Kind van die ALLERHOOGSTE, en te midde van die jubelende engelwesens wat jou vergesel; stap jy deur die poort van saligheid.

33) In die gemeenskap van die geseëndes, kan die engel van jou lot jou steeds benader - vanweë die belofte wat jy gegee het - met die vraag of jy die aardse sfeer weer wil deurloop, ten spyte van die gevare wat dit inhou en jy weereens kan val in die aardse omstandighede. O mens, luister hierna: As jy die vraag weer beantwoord met: "Mag aan MY gedoen word in ooreenstemming met die wil van ELOHIM en daarom in ooreenstemming met die belofte wat EK eens gemaak het!," in jou salige toestand en met die volle bewussyn van al die lyding wat op jou kan wag met nog 'n aardse wandeling, dan het jy die dood waarlik oorwin, en jy sal die vermoë verkry om jou liggaamselle op te hef tot 'n hoër vibrasie in die volgende inkarnasie, asook om jou fisiese liggaam te vergeestelik.

34) O mens, luister! Terwyl julle in julle sielsbewussyn was, het EK julle deur die stasies gelei, wat soos Stasies van die Kruis is. Julle is gereed om MY te volg. Daarom moet julle al julle vrese moedig tegemoet gaan en erken dat julle slegs bang was in daardie gebiede waar julle nederigheid gekort het! Julle sal meer tyd nodig hê om MY woorde waarlik tot in hulle volle diepte te verstaan. Maar met

goeie wil sal julle die wysheid van die gesproke woord binnedring en die diepte daarvan meer en meer herken.

35) Jy is vry, MY kind wie EK aangeneem het, hier in die aardse bestaan. Jy is vry om MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, die LIEFDE te volg. Jy is as kind van die ALLERHOOGSTE vry om die skeppende krag wat aan jou gegee is, te gebruik.

36) Keer nou terug na die aardse wese! Weereens voel jy die swaarmoedigheid van die Aarde. Die ligtheid verlaat jou kop, die nek, die boonste en onderste bolyf, jou arms, bene en voete. Jou liggaam rus swaar, want dit is steeds een met die Aarde wat dit dra. Weet tog dan dat jy jouself te enige tyd kan losmaak, o siel, terwyl jy in hierdie liggaam woon. Jy het hierdie vryheid verkry.

37) Luister na MY oproep en kom in die sfeer van lig om ook daar aktief te wees, aktief met MY en aan MY sy, selfs in die bewussyn met verloop van julle dag! Die mantel van MY liefde omvou jou, o MY suster, MY broer, MY aangenome kind in hierdie aardse bestaan. Laat hierdie liefde onophoudelik in en deur julle werk!

**Amein.**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 58. Oefening

**Die rede waarom die siel 'n obsessie aanneem wat die mens moet dra - voel nooit dat jy beter of waardiger is as ander nie - die vooruitsig op die hulp wat ons in moeilike tye kan gee - liefde veroorsaak eerstens aggressie - buite ruimte en tyd wentel ons binne 'n paar oomblikke om die aardbol en span oor alle sfere - waarom die dinge wat ons uitstuur in 'n groter mate na ons toe terugkom - meditasie: Liefdestrale dring die Aarde binne, raak aan al die watermassas en die magma van die Aarde en vul albei met liefde - ons aanbid ELOHIM.**

1) Julle gedagtes is stil. In hierdie stilte spreek EK JAHSHUA DIE GESALFDE MY WOORD van liefde, verlossing en onderrig. EK is alomteenwoordig in die lewe en deur die lewe in alle bestaan, daarom is EK ook in elkeen van julle broers en susters. As julle MY binne-in julle broers of susters kan sien, in alle volmaaktheid en eenheid met die VADER, sal julle deur al die eksterne dele van julle broers of susters sien, en julle sal die effektiewe krag herken wat altyd aanwesig is en wat julle daardeur help om julle bekommernisse die hoof te bied.

2) EK verstaan die bekommernis wat 'n ma vir haar kind het. Het MY aardse moeder nie bitterlik gehuil nie - daar op Golgota? Het EK nie vir Johannes gegee om haar te troos nie? Soms kyk julle, geliefde broers en susters, na die weë van julle geliefdes en julle kan nie verstaan waarom die noodlot op so 'n wyse speel in die wêreldse toneel nie, soos wat dit gedeel was [in 'n vorige gesprek van die groep]. Julle identifiseer steeds hopeloos te veel met die gebeure binne tyd en ruimte, en daardeur herken julle nie die dieper betekenis van die individuele weë van julle broers en susters nie.

3) Net soos wat MY moeder nog nie die verlossingswerk verstaan het terwyl sy onder die kruis gestaan het nie, is dit dieselfde met julle. Nogtans vra EK julle, MY geliefdes, wanneer julle na die lotgevalle van julle medebroers en -susters kyk, probeer om net dit wat vol lig is, te herken.

4) EK het julle in die verlede baie voorbeelde gegee:

5) Oor die ewige heilige VADER se kind wat besluit het om in haar volmaakte toestand van bestaan die aardse sfeer te betree om te help met die verlossingswerk en wie, sodra sy die sfeer van die val binnegetree het, haarself hoogmoedig verhef het oor almal wat hulself heeltemal ondergeskik gestel het aan die val. Sy het begin oordeel en verdoem, soos julle weet. En toe hierdie lewenspad geëindig het, het sy haar verkeerde optrede erken en het verslawing en siektes vrywillig aangegryp, ten einde 'n pad van nederigheid op hierdie Aarde te vervul.

6) Slegs deur hierdie tipe nederigheid, om deur al die ander broers en susters geskop te word en onder die skoppe te buig, het die siel in haarself die vermoë geopen om alle mense in hierdie aardse sfeer lief te hê. Want om te gaan deur die swakhede, deur foutiewe gedrag in die begrip, van diegene wat dieselfde negatiewe eienskappe het, het sy gegroei.

7) Hoe vinnig verhoog die mens homself nie oor sy naaste en word dan soos die Fariseërs wat sê: "O, ELOHIM, hoe dank EK U dat EK nie soos die een is nie." Ondersoek julle gedagtes, of daar nie ook enige sulke hoogmoed by julle ingesluip het nie.

8) Julle wat julleself voorberei op die geestelike weg om die hoogste inwyding - eenheid met MY - te bereik, loop veral die gevaar om die ergste te val, ja, selfs om daardeur te ly.

9) Erken dat julle as boodskappers van die lig veral moet strewe om nederig te wees en julle nie oor enige medemens te verhef nie! EK moet MY woorde telkens herhaal, want die mens mis te maklik wat gesê was, of wat hy in die geskrewe WOORD gelees het en slegs deur gereelde herhaling word hierdie waarskuwing diep in die mens en sy siel ingebrand: MY kind, erken dat julle in die gebied van die val woon waar hoogmoed heers en versoeking julle elke tree volg!

10) EK leer julle om saam te werk in liefde, sowel as met die magte van hierdie Aarde. Waarom lei EK julle in meditasie in, waartydens julle herken dat julle een moet word met vuur, water, lug en Aarde, die elemente waaruit julle liggame gemaak is? Slegs deur hierdie eenheid en verbonde aan die hoogste geestelike liefde, sal julle in die komende tye baie kan red, selfs in die materiële sfeer; want water sal jou dra, en jy sal die drenkelinge red. Vure sal jou nie verbrand nie, en jy sal diegene red wat brand. Die Aarde sal van julle af terugtrek en diegene vrylaat wat begrawe is. En die kragte van die natuur sal julle nie skade berokken nie, soos wat hulle oral rondom julle woed en bome en huise laat ineenstort; want jy stap deur alles met die outoriteit van 'n Seun, 'n Dogter van die VADER ten einde te help waar dit ookal moontlik is.

11) Julle hulp sal op materiële en sielsvlak wees. Ook op sielsvlak sal julle jul hand uitsteek na 'n drenkeling wat lyk asof hy begrawe is sonder hoop. En julle sal hulle hoop en geloof aan hulle teruggee. Julle sal dit gee en ’n vertroosting wees vir die verdruktes, wat alles verloor het wat deur die kragte van die natuur geneem is. Vra egter nie wanneer dit alles gaan gebeur nie; óf in hierdie lewe óf in die volgende, want slegs die VADER weet; en slegs deur SY Barmhartigheid sal Hy die tyd van die groot transformasie van alle fisiese bestaan na die volgende hoër vlak bepaal.

12) Tog is julle nou al aktief besig met die transformasie, soos wat EK julle al verskeie kere voorheen gesê het. Hierdie transformasie strek verder as julle persoonlike self en gaan help om julle medebroers en -susters, wie julle ouers, julle kinders, familielede, vriende en kennisse is, te transformeer.

13) Weet egter dit: Liefde wat in volle mate uitgestuur word, betree die siel se volheid en kan dan in kontak kom met aggressies wat nie net voortspruit vanuit hierdie inkarnasie nie, maar ook vanuit alle vorige inkarnasies, wat veroorsaak dat die aggressies vanaf die diepste vlakke van die siel na bo gewerp word. Ook hier is die wet aktief wat sê dat liefde transformeer! Dit kan egter wees dat daar eers plofbare geskille sal wees. Jou mens sal wanhoop, want, ondanks die liefde wat jy uitgestuur het, negatiwiteit veroorsaak het. EK sê egter vir julle sê dat na hierdie tyd van gewelddadige uitbarstings daar 'n reiniging sal wees, want in hierdie uitbarstings bevry die siel haarself.

14) Waarom, dink julle dit staan daar in die Skrifte geskryf: "Dan kom daar 'n tyd wanneer die kinders teen die ouers sal opstaan, die ouers teen die kinders, broer teen broer, suster teen suster?" Nou, MY geliefde, julle werk aan julle seun- en dogterskap, ten einde effektief te wees as 'n ware Seun, 'n ware Dogter van die ewige heilige VADER op hierdie Aarde en in hierdie tye, sonder om te vra hoe hierdie gevolge hulleself sal vertoon op die eksterne vlak. Laat dit die VADER se bekommernis bly! Wees liefde! Wees vrede! Wees sterk! Wees 'n seën vir hierdie wêreld! Plaas alles in die hande van die goddelike Wil, en laat die VADER regeer, in eenheid met MY!

15) Nou is julle nog in die tyd van gewelddadige uitbarstings. Veral hierdie tye verg geloof in ELOHIM. Deur hierdie geloof, dat alles goed is soos wat dit is, al lyk die lewe vir julle mens verwarrend, word die Seun, die Dogter van die hemelse VADER hier op Aarde verhef binne-in die stralende lig van sy of haar godgegewe outoriteit, ten einde van hier af effektief te wees, binne en buite daardie gesag.

16) Julle het vandag 'n wens in hierdie kring uitgespreek, dit wil sê hoe wonderlik dit moet wees, o Meester, om altyd in U alomteenwoordigheid te leef! Laat dit nie meer net 'n wens bly nie, maar gaan hierdie lewe in!

17) Mag hy of sy wat nie meer die oefening aan die begin van die skoolopleiding onthou nie, onthou toe EK julle gevra het om MY simbolies as julle gas by julle huis te ontvang. Julle was veronderstel om julleself in MY alomteenwoordigheid voor te stel. EK vra julle weereens om dit te onthou! Julle het menige dinge vergeet. Die mens is geneig om te vinnig oor die gesproke woord te gaan en selfs die woord wat julle lees verdof, soos wat EK gesê het.

18) Dit het egter nou tyd geword dat julle MY teenwoordigheid in elkeen van julle medebroers en – susters sal onthou, maar ook in alles wat leef, aangesien EK die Lewe, die Liefde is. Onthou dat julle bewustelik deur julle dae gaan; dat julle nie meer die lewe van die mens op hierdie Aarde lewe nie; maar betree meer en meer die bewussyn van julle siel; sodat julle nie meer met die mens identifiseer nie, maar met die Hoër Self in julle, wat effektief is via julle siel! Die Hoër Self, dit is wat EK julle geleer het, is een met ELOHIM, is een met MY, want in die GEES is daar geen skeiding nie.

19) Die oomblik wanneer julle jul fokus verander, van die van 'n mens na die van julle werklike wese van Seun of Dogter, sal julle die lig van Wysheid en leiding in julle duisternis herken. Geen kind van die VADER gaan sy pad allesverlate nie. Wat het EK gesê? Elkeen rus in die hart van die VADER, en dit is slegs die bewussyn wat haarself van die VADER verwyder. Hierdie bewussyn het die mag om haarself selfs tot harde materie te konsolideer. Sy is boonop op alle ander vlakke teenwoordig - buite tyd en ruimte.

20) Selfs al verstaan julle dit nie nou nie, sal julle in die komende tyd aan hierdie gedagte gewoond raak, as gevolg van julle wetenskaplike ondersoeke. Voorwaar, julle staan aan die begin van 'n nuwe era, wat vergelyk kan word met die afgelope honderd jaar, naamlik die era van die industrie. Maar die vordering wat nou voor julle lê, is baie groter en heerliker.

21) Verheug julle en moenie dat die boodskap dat hierdie Aarde moet verander, julle bevrees maak nie! Moenie op menslike vlak daaraan dink nie! Elke mensekind wat tydens die transformasie seergemaak word, gaan deur lyding, terwyl lyding die siel reinig. Julle tree op as mede-verlossers wat sal help om hulle te red, eerder as om tot ledigheid verdoem te word. Is dit nie wonderlik om aktief betrokke te wees in 'n helpende hoedanigheid, sodat daar 'n nuwe hemel en 'n nuwe Aarde kan wees nie? Daarbenewens is julle in staat om geestelik in te gryp in die lyding van julle broers en susters, deur hulle te sien in die lig van volmaaktheid, wat hulle in hul innerlike is.

22) Daarom vra EK julle om toenemend aan julleself te werk en julle meditasies te verdiep!

23) Julle het gepraat oor die probleme om stil te raak in julle gedagtes. Gedagte-stilte kan slegs deur oefening verkry word. Indien julle nog steeds in julle dagbewussyn is, kan alle gedagtes, julle s'n en die van julle bure, op julle inwerk. Voordat julle dus in stilte ingaan, verhef julle gedagtes na MY toe, vra MY beskerming en die seën vir hierdie meditasie af en EK sal MY beskerming soos 'n mantel oor julle uitsprei en julle vergesel na dieper vlakke van julle wese.

24) Die opening van hierdie dieper vlakke moet plaasvind en duur nogal relatief lank. Hoe meer julle egter oefen, hoe minder tyd sal julle neem vir julle bewussyn om dieper en sodoende in geestelike vlakke in te gaan - reguit vanaf die dag-bewussyn en van die een oomblik na die volgende - om sodoende bewustelik buite ruimte en tyd te werk.

25) Julle kan binne enkele sekondes 'n gebeurtenis ervaar asof dit 'n visioen is waarin julle iemand aktief iewers help op hierdie Aarde, of selfs op die volgende hoër sfere van bestaan. Op die fisieke vlak het daar slegs 'n paar oomblikke verbygegaan waartydens julle afwesig was, en vreugde sal julle vul omdat julle in staat is om kragtig te werk, enige plek en oral.

26) EK sal tog die vraag beantwoord oor julle wat nie alomteenwoordig is nie. EK sal die natuurwetenskaplikes vir die oomblik verontagsaam en sal dit aan julle verduidelik in woorde wat maklik in hierdie sirkel en oral verstaan kan word. EK het gepraat oor die feit dat gedagtes geweldige kragte is.

27) Hier op die aardse vlak kan julle nog nie hierdie gedagte-krag sien nie - maar dit is effektief. EK het julle ook vertel dat dit kreatiewe krag is. Op grond van hierdie krag kan julle byvoorbeeld die hele Aarde in een oomblik oorspan. Waar julle ookal 'n hulpgeroep hoor, kan julle iemand te hulp kom buite tyd en ruimte. Want buite tyd en ruimte is hulp binne daardie oomblik moontlik op 'n miljoen plekke. Een straal liefde kan verdeel en kan, soos wat EK julle geleer het, die vorm aanneem van 'n lewende wese, ten einde vertroosting te bring aan iemand wat swaarkry.

28) EK herinner julle aan die openbaring wat julle ontvang het toe julle vir 'n broer gebid het wie die vader was van een van die broers of susters. EK het julle verduidelik dat daar op die oomblik van hierdie gebed 'n ligwese geskep is, wie na die bed van die lydende persoon toe geloop het. Hierdie ligwese het hom toe vertroos terwyl hy hom gehelp het om sy sig op die geestelike sfere te vestig. Toe julle gebed-gedagtes afgehandel was, het hierdie gedagte-energie, wat in 'n wese gerealiseer het, weereens opgelos en na julle teruggekeer.

29) Julle is nie bewus van die magtige kragte wat aan 'n Seun of Dogter van die VADER gegee word, as sy of haar erfenis nie.

30) EK wil julle dus weereens herinner aan hierdie gedagte-kragte, want hulle skep waarlik kragte, genaamd “elementêre”, wat onafhanklik optree, maar tog in ooreenstemming met hul skeppers. Hoe dieper jy in jou verwantskap [die Seunskap of Dogterskap] ingaan, hoe sterker word jou gedagte-skeppings. Daarom is dit nodig om gedagte-beheer te beoefen.

31) Probeer om soveel as moontlik liggevulde gedagtes te hê, soos wat EK julle in die verlede vertel het. Hulle neem hul gang, skakel met gedagtes van soortgelyke aard en keer dan na julle terug. ‘n Magtige gedagtevorm van ligseëninge deur die VADER gestuur - sal dan in julle invloei en vir julle vreugde en verhoogde energie bring vir julle geestelike werk.

32) Dieselfde gebeur met 'n negatiewe gedagte, wat moedeloosheid en twyfel voortbring. Ook hierdie gedagtevorm, of elementêr, soos wat Ons dit noem, sal sy loop neem en met soortgelyke gedagtes aansluit voordat hulle na julle sal terugkeer. Alles keer terug na sy oorsprong, en aangesien julle mede-skeppers is, sal julle skeppings na julle terugkeer en sal dit - in hierdie geval - julle eie negatiwiteit versterk.

33) Nou vra julle: "Waarom kom hulle versterk terug?" Ook dit moet verstaan word as deel van die wetsgehoorsame volheid van die ewige heilige VADER. ELOHIM is die volheid en op grond van hierdie volheid en kreatiewe krag, gee HY HOMSELF aan julle. Die skeppende krag sluit aan by alle energieë van gelyke gehalte, as gevolg van die wet van volheid, waaraan ELOHIM sy kinders laat deelneem. Aangesien die VADER julle 'n vrye wil gegee het, is julle ook by hierdie volheid ingesluit. Julle skeppings vermeerder nie net nie, maar word ook potensieel sterker, sodat julle aan die volheid kan deelneem.

34) Wanneer julle liggevulde skeppings uitstuur in die wil en die Gees van die VADER, word die volheid wat na julle terugkeer, lig, vreugde en verhoogde krag om te skep en te put uit die glorie en lof van die heilige GODHEID. Indien julle skeppings van negatiewe aard is, is hulle gebaseer op julle eie vrye wil, maar dit is steeds van die volheid, wat die teenoorgestelde veroorsaak: Meer skaduwees in die koninkryk van skaduwees, maar dien terselfdertyd vir julle eie herkenning.

35) Herken die erns in MY woorde en die erns van MY pleidooi aan julle om nou toenemend na liggevulde dinge te strewe, om uiteindelik in die ligstraal van die OERLIG in te gaan. Betree die straal van die son van die VADER en bly in hierdie straal.

36) Moenie met die eindpunt van die straal identifiseer nie. Draai eerder om en kyk in die lig in, in die son in, in die volheid in en raak bewus daarvan dat julle kinders van die ALLERHOOGSTE is!

37) Dan sal die meditasie nie meer vir julle moeilik lyk nie, want julle sal gedagte-stilte bereik het. Lig wat julle uitgestuur het, sal na julle terugkeer. Sodra julle onttrek, - miskien wil julle 'n kers aansteek om julle te help konsentreer, - sal die golwe van die uitgestuurde lig na julle toe kom en sal julle omhul. En julle sal hierdie lig saam na die dieper vlakke van julle wesens neem, om julle sodoende telkemale vrywillig te laat oopgaan vir meditasie. Sodoende sal julle leer hoe om op te staan vanaf julle voormalige kruipspoed op hierdie aardse vlak en om met vlugtige treë oor alle

heelalle te loop. Die volgende is die dieper betekenis van meditasie waardeur EK julle sal lei: Om wakker te word tot julle spiritualiteit, tot eenheid met MY, met ELOHIM in julle.

38) EK wil julle nou in 'n kort **meditasie** inlei, aangesien die aand reeds gevorder het. Weereens, moenie by die woorde vassteek nie, maar gee julleself heeltemal aan MY oor, en wanneer julle alleen is, sal julle eie woorde van meditasie van binne af uit julle vloei en julle in die diepte inlei. Dit is EK wat julle lei, nie iemand buite julleself nie. Dit is die begin van die INNERLIKE WOORD, Wie Haar put (fontein) in elkeen van julle het en Wie 'n brullende rivier wil word.

39) Die meditasie hier is slegs 'n voorbeeld en is bedoel om die gemeenskap in die breë te leer.

40) Raak stil in julleself en voel ingeskakel met liefde, vrede, seëning en lig. [Dit is] woorde wat julle al talle keer uitgestuur het, wat nou as seën na julle toe terugkom. Julle is oop vir hierdie liggolwe en ontvang hulle in julleself. Hulle stroom deur jou menslike wese via die agterkant van jou kop, via jou kroon, wat die middelpunt van Barmhartigheid is, na die Liefde, die middelpunt tussen die oë, na Geduld [omgewing van keel], na die hartsentrum, die goddelike Geregtigheid, na Wysheid, dan na die middelpunt van goddelike Wil en na goddelike Orde.

41) Lig oorstroom jou menslike wese ... lig in elke sel van jou liggaam ... lig in alle organe, in alle weë ... lig, lewe, redding, krag ... en aangesien jy uit liefde gebore is, as Seun of Dogter van die ewige heilige VADER, hou jy nie hierdie volheid van liefdeskrag vir jouself nie, maar dit vloei deur jou hande. Jy voel die warmte in jou handpalms en geestelik seën jy [ander] opnuut met hierdie lig, met hierdie krag.

42) Liefde vloei voort soos 'n warm stroom oor jou bene, en jy voel 'n sterk pulsing in jou voetsole. Nou doen EK 'n beroep op die krag van die verbeelding: Net soos met die wortels van 'n magtige groot boom, penetreer ligstrale diep binne Moeder Aarde in vanaf julle voete. Hulle penetreer die boonste vlakke van die aardkors, al die pad tot by die waters in die mees innerlike Aarde: Liefde, krag, lig en seëning stroom in elke druppel ondergrondse water in. Jy is een met die stroom grondwater. Jy is een met die stroom onderaardse water, een met die goddelike Wil, versimboliseer in hierdie waters, en êrens kom hierdie waters na die aardoppervlak en oral vloei die geseënde druppels oor die hele Aarde; daarop en daarin vloei seëning en lig ...

43) Die strale van liefde gaan nog dieper. Hulle dring deur harde rotsformasies, en hitte verbind met die vuur vanuit die hemele, met die hitte van warm aardse strome, met magma. Vuur pulseer in die middel van die Aarde. Vuur is ook kragtig binne-in jou, en hierdie vuur brand as warmte van jou lewe in elke sel van jou liggaam. Adem die suiwerende vuur van goddelike Orde in, terwyl julle Moeder Aarde op hierdie vlak van Orde vibreer!

44) Jou voetsole is warm. Hitte kom deur jou voet en jy voel sy warmte selfs by jou voetbrug ... Hierdie warmte styg bo jou enkels, tot by jou knieë, na jou bekken. Weereens voel jy die warmte van die kosmiese liefdesvuur in jou hande, en die middelpunt van die goddelike Orde draai kloksgewys in 'n helder en vurige, kragtige gloed.

45) EK vra julle om in die komende tyd 'n rukkie in hierdie sentrum te vertoef, sodat julle bewus kan word van die vuur van liefde en lewe!

46) Laat hierdie vurige krag nou teen jou ruggraat op vloei via die sentrum van die goddelike Wil! Jy voel die sagte rotasie - via die sentrum van Wysheid - en ook hier voel jy die aanraking van die goddelike vuur. --- Hemel en Aarde is verenig in die sentrum van Geregtigheid. - Geduldig wy jy jouself aan die oefeninge tot volwassenheid, om die Seun, die Dogter van die ewige heilige VADER te word, terwyl jy hier in die aardse kleed is. - Liefde gee jou vlerke in jou strewe - en die VADER se Barmhartigheid gee jou die krag om telkens met jouself te stry. Jy voel alreeds hoe die jubeling in jou binneste oprys: "VADER, ewige heilige VADER, my blik is huiswaarts gerig en nie meer op die diepte van die duisternis nie, maar op U lig. Ek is van U. Dankie, o VADER! Ek, U kind, buig voor U in diepe nederigheid. O, ewig heilige WESE dit is ook my wese, ek aanbid U."

47) Met hierdie gebedsgedagtes raak jou fisiese wese (liggaam) weereens van jou bewus. Jy beëindig jou meditasie bewustelik, deurdat jy lewenskragte opmerk in jou hande en in jou voete terwyl jy hulle beweeg. EK JAHSHUA DIE GESALFDE is hierdie innerlike krag in jou. Wees altyd oop

daarvoor, want die mens het sy vrye wil om homself oop te stel vir hierdie krag of om dit te blokkeer! Die tyd het aangebreek om jou bewussyn op te hef buite die menslikheid en om haar te verhoog tot jou sielsbewussyn, sodat sy haarself kan verenig met die Hoër Self, met die Seun, die Dogter van die VADER. MY beskerming, MY seën sy met julle almal.

**Amein.**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

## 59. Oefening

**Ons kan dit wat absoluut is, in alle ewigheid nie begryp nie, daarom is ons soortgelyk aan ELOHIM, maar nie gelyk aan Hom nie - gevoel lei tot denke, dan tot dade - bevrugting is dieselfde as eiewil, verbeelding in verband met absolute liefde wat in goddelike harmonie is en dus binne die wil van ELOHIM - die ewige wet van Liefde: Die een dien die ander - meditasie: Goddelike Oerkrag is die krag wat orde skep deur liefde - geestelik gaan ons oral waar hulp benodig word.**

1) MY vriende, EK JAHSHUA DIE GESALFDE is nie net julle gas nie, EK is ook die vriend van julle siele. As hierdie vriend wandel EK oor hierdie aardse sfeer in eenheid met julle, en mettertyd sal julle jul babaskoene ontgroei om in die outonome lewe van die ewig heilige VADER as 'n Seun of Dogter te kan ingaan.

2) Hierdie is 'n ontwikkelingsproses. Net soos wat julle die voorskootstringe van julle aardse huis gesny het, net so sny julle nou ook die bande van 'n instrument, want julle is almal instrumente julleself. Julle verbreek ook julle bande met 'n groep ten einde 'n innerlike verbintenis te maak. Julle kan natuurlik vriende met mekaar bly vir julle hele aardse lewe; en julle kan mekaar van tyd tot tyd ontmoet. Tog is julle nie meer aan mekaar gebonde nie. In stede daarvan is elkeen van julle 'n vrye kind van die ALLERHOOGSTE, effektief deur sy of haar erfenis, behorende aan die kind van ELOHIM.

3) As hierdie Seun, hierdie Dogter, gaan jy deur jou aardse take deur op te hou om te veroordeel en te verdoem, want in die eenheid met ELOHIM die VADER skyn jou eie godheid deur jou; en deur elke aktiwiteit wat jy tans uitvoer, hetsy in jou beroep as onderwyser, musikant, huisvrou, kantoorklerk, ongeag wat dit ook al mag wees in die eenheid met ELOHIM, is ELOHIM aktief deur jou! Jy is in werklikheid nie geskei van die ALLER-EEN en ENIGSTE, die GEES, Wie alles omsluit en omvou nie; want alles is tog in HOM, deurdring en binnegedring deur en van HOM.

4) Die meditasies wat EK julle leer, sal julle lei na julle eie goddelikheid. Waarby EK beklemtoon dat julle nie aan ELOHIM gelyk is nie, maar in SY gelykenis. Om gelyk te wees aan ELOHIM, sou wees om die absoluutheid te begryp. Julle sal dit egter nooit kan doen nie, soos wat julle deur hierdie instrument gesê het. Die Absolute loop tot in alle ewigheid voor jou uit, en vir die kinders van ELOHIM beteken dit vreugde om die absoluutheid in alle ewigheid te verken en om die dieptes van die goddelike WESE in steeds nuwe aktiwiteite te herken.

5) Deur die meditasies uit te voer, betree julle die dieptes van julle goddelike wese, julle BRON. Julle sal nie die diepste vlakke van onderdompeling oornag bereik nie. So ’n onderdompeling sou beteken dat die Aarde en alle materiële dinge rondom julle in die vergetelheid moet verval en dat julle die sewe maal sewe vlakke sou verower in eenheid met en in die bewustelike mistieke eenheid van die GEES. Dit verg egter voortdurende oefening en word bewerkstellig met deurlopende progressiewe stappe.

6) Julle, MY vriende is nog steeds in 'n pendulum-agtige beweging, en julle oordeel steeds volgens lig en duisternis, goed en kwaad. Julle beweeg nog steeds te midde van die polariteite van die aardse bestaan.

7) En nou sal EK 'n vorige openbaring herhaal: Stap weg van die pendulum-beweging en betree die ligstraal, wie julle is. Wend julle nie na die onderste punt van die straal, waar julle in ruimte en tyd verlore is nie, maar draai om en kyk in die lig van die ewigheid in!

8) Hierdie 180 grade draai sal veroorsaak dat julle ook julle broers en susters in die lig van die ewigheid sal sien, ongeag hoe hulle optree. Dan kyk julle nie na 'n refleksie nie, maar julle kyk agter die refleksie. Die eindpunte van die uitgestuurde strale is onvolmaak. Hulle verloor hulself in die duisternis, soos wat EK reeds verduidelik het. Die begin van die straal is egter die BRON, is ELOHIM, die VADER, is julle as die Seuns en Dogters, en nie net julle nie, maar ook al julle broers en susters.

9) Die manier waarop julle broers en susters hier en daar optree, is vir julle. Indien julle gaan aanstoot neem daaroor, is dit eintlik 'n aanduiding dat julle nog nie julle ego in julleself oorwin het nie. Julle identifiseer meestal met die [menslike] eindpunt van julle ligstraal, in plaas van op die Seun, die Dogter van die VADER. Julle het julleself dus nie lief soos wat julle is nie, en julle jaag doelwitte na wat nooit bereik kan word deur dit na te jaag nie, maar slegs in die toestand van bestaan: EK IS WAT EK IS, tot in alle ewigheid, is altyd dieselfde, en so is ook jy MY broer, MY suster, in alle ewigheid dieselfde. Alle ander dinge is maar skaduwees, wat opgelos moet word in die lig van die OERSON, en dit is 'n deel van julle take om die skaduwees op te los. Hoe wil julle die skaduwees oplos as julle dit nie eers kan herken nie? Daarom struikel julle oor hierdie skaduwees, oor julleself, sodat julle kan groei tot die herkenning daarvan en tot die ontbinding van die wêreld van skaduwees.

10) Daar is verskeie redes waarom EK julle deur meditasie lei. Eerstens moet julle bewussyn herontwaak tot die feit dat julle mede-skeppers is, altyd was en altyd sal wees, selfs hier op materiële vlak. Julle is die skeppers van julle omgewing! Ja, julle is die skeppers van julle toekoms, en julle het ook julle eie verlede geskep. En nou het die tyd aangebreek om op te hou om hierdie kreatiewe kragte onbewustelik te gebruik, maar om bewustelik te groei in hierdie heilige krag en mag.

11) Elke gewaarwording wat in julle opkom, is reeds die begin van 'n skepping. ‘n Gevoel word gevorm tot 'n daad deur die gedagte. Die woord kan die skepping versnel, maar selfs gedagtes is genoeg om iets van materiële aard na vore te bring, met ander woorde: Om te skep.

12) Julle het vandag 'n voorbeeld gegee: Julle as musikante is bang om voor 'n groot gehoor te staan en julle vermoëns te toon. Hierdie vrees wat julle het, selfs voor julle optrede, het gedagtegolwe gevorm en sal al julle toekomstige gehore omvou. Die negatiwiteit, die vrees wat julle uitgestuur het, bereik die ontvanger. Julle kom in die saal, julle kyk na die gesigte van julle luisteraars, en julle herken net julleself: Julle lees alles wat julle uitgestuur het, in die gesigte van julle gehoor. En dit is nou julle taak om bewustelik met die kreatiewe kragte saam te werk.

13) Net om by die vorige voorbeeld te bly: Julle ontvang 'n opdrag om vir 'n groot gehoor te speel. “VADER, ek is U kind en is uitgestuur om vreugde aan mense te gee. My persoon kan niks doen nie, o VADER, dit weet ek. Tog kan my geestelike erfenis wat U aan my gegee het, alles doen wanneer dit in eenheid met U gedoen word. En so sal ek saam met U uitgaan om vreugde te verskaf.” Wanneer julle die saal in hierdie vibrasie binnegaan, wat outomaties soortgelyke ontvangers sal opsoek, sal 'n heel ander gehoor julle ontmoet. Dit is dieselfde met die beroep van ’n onderwyser en met alle beroepe waar baie mense terselfdertyd teëgekom word.

14) Onderskei asseblief altyd outoritêr van gesag. In die eenheid met ELOHIM, julle VADER, is julle 'n gesag oorstroom met lig. Wat julle ookal mag sê, sal invloed hê, want dit is gebaseer op die GEES en gevul deur GEES. Dit is omdat nie julle die spreker is nie, maar julle Hoër Self, die Seun, die Dogter in eenheid met die geestelike krag.

15) Hierdie krag stroom deur die Seun, die Dogter en gryp alle luisteraars aan. ‘n Mens kan ook nooit net na gesag strewe nie. ’n Mens is 'n outoriteit wanneer jy in die Wesenlike Bestaan leef. ‘n Mens is nie 'n outoriteit omdat jy dit wil wees en omdat jy in die menslike ego beweeg nie. In so 'n geval kan 'n mens ten beste outoritêr wees, wat die mens dan vir baie mense onbetroubaar maak.

16) Toe EK hierdie Aarde bewandel het, het EK dikwels die volgende woorde gesê: "EK spreek nie uit Myself nie, maar dit is die VADER wat deur MY spreek." Mag dit julle voorbeeld wees, want ook julle sal groei tot die bewussyn van die siel en die Hoër Self deur sulke oefeninge van eenheid met alle

Wesenlike Bestaan. Wanneer julle dit bereik, sal julle nie meer uit julle menslike self praat nie, maar uit die eenheid van die Seun, die Dogter met die VADER.

17) Al julle probleme wat nog soms voorkom, sal afneem die oomblik wanneer julle na die lig draai en julleself in die ligstraal plaas. Let op hoe gereeld julle nog oordeel en veroordeel en aan hoeveel opvattings julle nog steeds vashou. Maar moenie opvattings misgis met die verbeeldingskrag nie, waardeur opvattings hulself ook kan realiseer, net soos julle verbeeldingskrag, wat beide vormingskragte is.

18) Wanneer julle dink dat iets moet gebeur en hierdie gedagtes telkens weer voed, sal julle kreatiewe kragte in werking kom, en julle opvatting sal vroeër of later plaasvind, net soos wat julle dit ontwerp het om julleself te wys dat julle medeskeppers is .

19) ‘n Opvatting staan altyd los van die goddelike Wil, want dit is julle eie wil, terwyl die verbeeldingskrag in eenheid sal wees met die wet van liefde en is altyd verbind met die liefdesuitstraling, gekoppel aan nederigheid. Laasgenoemde eienskap is tipies van 'n Dogter, 'n Seun van die ALLERHOOGSTE.

20) Uit hierdie nederigheid kan die Kind, wat homself aan hierdie verbeeldingskragte aan MY hand oorgegee het, dus in staat wees om sy omgewing te transformeer na liggevulde bestaan. Hierdie transformasie vind altyd plaas in eenheid met die GEES en in die bewussyn dat die Kind alles sal ontvang vanuit die krag van die ALLER-EEN - in 'n onbeperkte volheid. Tog weet die Kind dat hy uit homself niks kan doen nie.

21) Weereens, vir julle beter begrip: Die ego glo dat hy sy opvattings kan realiseer vanuit sy of haar eie krag, waardeur die opvatting om ryk te word, homself selfs wesenlik kan vertoon. Ja, die skatte van hierdie wêreld mag aan julle voete gelê word. Aangesien julle egter sekere magte opsetlik en onbewustelik dwing om volgens julle opvattings op te tree, sal dieselfde kragte, ja magte, weer na julle toe kom en julle sal geen ander keuse hê as om vergoeding te gee deur hulle te dien nie. Hierdie is bande wat uiteindelik slegs deur die liefde beëindig kan word. Nou het die tyd egter aangebreek om nie nuutgevormde bande aan te gaan nie, maar om ou bande te transformeer na die genoemde liefdesverbindings, van bande na verbindings wat vanuit die GEES is.

22) Erken dat hierdie skoolopleiding soos wat EK dit vandag gee, deels gegee word in afwagting op latere ontwikkelinge, ja, dit moet verwag word, want die tyd staan nie stil nie; want elkeen van julle het take wat op hom of haar wag, wat julle vrywillig aangepak en beloof het om uit te voer. Mag die mens in verwondering staan voor die volheid. Glo MY, julle sal stap vir stap in hierdie volheid ingroei, aangesien julle aan MY hand wandel. Wat vandag ondenkbaar is, sal more vir julle 'n saaklikheid wees.

23) Die krag van verbeelding is 'n krag van die wil wat uitgevoer word in vereniging met die helpende geestelike kragte, die kragte van Liefde. Wanneer julle tye tegemoet gaan waartydens hierdie kragte aangeroep moet word - soos wat EK dit aan julle beskryf het: Balke van ineengestorte huise mag julle dalk verhinder om broers of suster in nood te bereik - dan sal julle, MY getroues, die krag ontwikkel het om sulke materie te beweeg deur die krag van Liefde en met SY seën. In eenheid met die skepping sal julle dan hierdie balk vra: “Lig op” en materie sal die hoogste krag in die heelal gehoorsaam, wat Liefde is.

24) En selfs al kan julle dit nie nou vir julleself voorstel nie, dink daaraan dat die rede slegs die feit is dat julle julself nog steeds vereenselwig met die eindpunt van die uitgestuurde straal. GEES is sonder perke, en julle is ook sonder perke. Die GEES werk kragtig.

25) Aanskou die heelalle, kyk na die sterre en herken die wysheid van die GEES! Vanuit die makrokosmos dompel julle bewussyn haarself in die mikrokosmos in en julle herken in die kleinste dinge dieselfde heilige verrigtinge, 'n orde wat in ooreenstemming is met die wet van liefde: Die een dien die ander.

26) Sodra julle in hierdie wet ingegaan het, sodra julle jul standpunt 180 grade verander het, dan, MY vriende, is wat EK vandag aan julle geopenbaar het, nie meer 'n sprokie nie, maar die vreugdevolle werklikheid van julle eintlike wese.

27) Wanneer julle, op grond van julle gedagtes, selfs nou julle skeppings op die materiële vlak herken - en elkeen van julle weet uit sy of haar eie ervaring dat dinge wat julle lewendig voorgestel het, waar geword het, in die negatiewe sowel as in die positiewe gebiede - hoeveel te meer sal jy nie ook effektief kan wees binne die volle bewussyn van jou goddelikheid, van jou Seun- of Dogterskap nie!

28) Meditasie sal julle help om julle konsentrasie aan te pas by hierdie hoër bewussyn, maar dis nie al nie, dit sal help om dit te verdiep. Julle het egter nog tyd nodig om 'n hoër vlak van bewussyn te bereik. Nou het julle nog steeds 'n sekere daad (ritueel) nodig om op die regte manier in lyn te kom. Maar, met verloop van die oefeninge, wanneer julle jul babaskoene uitgetrek het, sal julle egter nie meer al hierdie voorbereidings nodig hê nie. Die oorskakeling van een bewussynsvlak na 'n ander sal dan net sekondes neem, en julle sal waarlik terselfdertyd bewoners van die hemelse en die aardse sfeer wees.

29) Op die oomblik glo julle dat julle julleself slegs as inwoners van hierdie Aarde herken. Maar, nou vra EK julle egter vir die derde keer: Verander julle standpunt! Al hierdie oefeninge wat EK vir julle leer, sal julle hiermee help.

30) Wanneer EK julle nou in 'n **meditasie** inlei, is dit slegs 'n verdere bousteen, nog 'n stap in die rigting van julle Hoër Self, die Seun of Dogter, wat julle in julle mees innerlike wese is. Dit is nog 'n stap in die rigting van julle sieletoestand, weg van enige pendulumbeweging.

31) Rig jou aandag na die kroon van jou kop! Net daaronder, onder die kopvel aan die agterkant van die kop, is die setel van die siel. Van daar versprei sy soos die fyn wortels van 'n struik, versprei sy in die hele liggaam en gee aan elke sel lewe. Wanneer die siel hierdie lewe onttrek, word die liggaam swaar totdat jy dit nie meer kan voel nie; nou is dit lig soos 'n veer. Jou wil sal op daardie stadium afgeskakel wees, en die siel lig haarself vry bo jou kop uit en kyk stralend in die lig van die ewigheid in, na haar werklike bestaan.

32) Jy voel nog steeds die vertakking van die sielskragte in jou liggaam, die stroom van lewe binne elke sel. Warmte pols deur jou liggaam. Die voetsole pols. Die siel straal verder uit as die liggaamselle en vorm die aura wat die mens omhul. Sodoende straal jou siel ook verby jou voete en verbind met die Aarde, waaruit jou liggaam geskape is - en skakel sodoende met die Aarde wat jou voed en dra.

33) Nou voel jy die pulserende lewenskrag in jou voetsole. Lewenskrag is dieselfde as liefde. Lewenskrag is onbeperk. En so voel jy die stroom van liefde aan, soos wat sy verbind met alle lewe aan jou voete, met die mikrobes in die aardkors, met die wurms, met die wortels van die plante. Is jy nie ook gewortel in die Aarde nie? Maar nie as 'n boom wat nie van posisie kan verander nie... Herken die simboliek: Jy kan hierdie posisie verander!

34) Voel liefde vir die diere, vir al die klein kewertjies wat haastig rondkruip. Alles in die skepping het haar doel en vervul haar taak. Daar sou chaotiese toestande afgegee het indien een lewensvorm die ander nie sou dien nie. Die enigste een wat nie 'n ander in hierdie skepping dien nie, is die mens. Hy is vryheid gegee, maar hierdie vryheid moet die volgende erkenning tot gevolg hê: “Slegs deur te dien is ek werklik vry, terwyl ek uit die volheid put terwyl ek dien, want met dieselfde mate waarin ek dien, dien die ganse skepping my.”

35) Voel nou hoe die warmte van jou bene opwaarts beweeg tot by die knieë. Weereens, hierdie warmte, hierdie lewe straal uit, en sy, hierdie liefde, stroom na die kleinste diertjies, na die plante, na die struike, na alle lewe wat tot by jou knieë kom, reg om die Aarde. Jy is een in hierdie liefde, in hierdie lewe, jy is voortdurend in ’n wederkerige aksie met enige en alle lewe. Laat vaar die skeiding van alle bestaan rondom jou en sluit ’n verbinding met alle geskape bestaan!

36) Weereens stroom die warmte selfs verder op na jou dye en bekken. Die liefde, die lewe pols selfs in jou handpalms. Liefde, EK herhaal, is onbeperk en wil skakel met liefde. Jy is liefde in die hoogste volmaaktheid, 'n Seun, 'n Dogter van die VADER. Hierdie liefde stroom deur jou na al jou naastes, na almal vir wie jy jou liefde-gevulde hande uitsteek.

37) In julle pols die goddelike Orde, wat julle in die makro- en mikrokosmos kan herken, wat alle chaos tot goddelike Orde sal bring. Die chaos in julle sal ook oplos en vibreer in GODDELIKE OERKRAG, die krag wat Orde in liefde skep.

38) In die GEES buig julle jul hoofde en wend julle daardeur tot die Wil van ELOHIM! Julle voel die draai van die sentrum van die goddelike wil, en net soos 'n druppel gee julle julleself oor aan die oseaan van die goddelike Wil: "VADER, nie ek nie, maar U deur my in alles wat ek doen. Laat U wil geskied. Ek gee myself oor aan die stroom van hierdie Wil. Die water dien MY as simbool. Dit vra nie waarheen sal ek vloei nie, **dit vloei net**." En so vloei die lewe, die liefde binne jou, en dis nie jou gewilligheid wat die toekoms skep nie, maar jou sentiment van: "VADER, soos U wil. Alles is goed soos wat dit is."

39) In hierdie rivier van goddelike Wil dompel julle julleself in die volheid van Wysheid in en julle begin vanuit Haar te put. Geregtigheid vul julle hart en MY oproep in julleself raak julle diep in die diepte van julle Seun- en Dogterskap.

40) Vanuit die erns van diening, het julle die liggevulde wese verlaat ten einde hierdie wêreld van skaduwees te betree, met die doel om hierdie skaduwees op te los op grond van liefde. Dit verg 'n bietjie meer van julle Geduld. Indien julle ongeduldig is, dan sal julle gewilligheid en verlangens weer oorgedoen moet word.

41) Maar wanneer julle in die toestand is van, "EK IS WAT EK IS", 'n Seun, 'n Dogter van die ALLERHOOGSTE, sal julle nie meer vra: "Wanneer Meester, en waar nie?", maar julle sal geduldig die een voet voor die ander sit en nederigheid en toegewydheid beoefen. Dit sal julle vul met liefde, met lewe, gekroon deur Barmhartigheid, en julle sal nie meer daar staan met neergeboë hoofde nie, maar regop, kykend in die ligstraal in, tot in die OERDIEPTE van julle wesenlike bestaan.

42) Wanneer julle in hierdie volheid staan, sal julle die woorde spreek: "Laat dit so wees, VADER, laat U wil geskied!" Verstandelik sal julle jul arms oopmaak en agterkom dat dit julle siel is wat buite julle liggaam beweeg. Terwyl sy haarself ophef, sprei julle siel haar arms uit om die sigbare en onsigbare skepping van die GEES VAN EENHEID te omvou.

43) Beoefen hierdie tipe konsentrasie teenoor die Lig, Wie EK is en wie jy is! Jou uitgestrekte arms sak weereens. EK steek MY hand na jou toe uit en plaas joune in Myne. Laat jou verbeeldingskrag nou hier werk: Die siel is nie swaar nie, sy is lig, sy ken geen beperking nie. Selfs wanneer EK sê: "Sy steek haar hand uit na MY," is EK nog steeds binne-in, en die buitenste helderheid van MY wese verbind met die helderheid in die siel. - EK plaas MY vrye arm om die skouers van MY vriend, en ons kyk albei in die lig in.

44) O, sien julle BRON in hierdie lig van die ewigheid! O, MY broer, o, MY Suster, sien ook die krag van die erfenis, wat weereens na julle toe wil vloei! Maar, net soveel as wat julle gereed is om te ontvang, sal egter in julle invloei.

45) Besef dat toe julle jul BRON, die OERSON, ELOHIM, in die vorm van 'n straal verlaat het, het julle self die lig agtergelaat waarvan julle die BRON is en dat julle dit altyd sal wees, en in julle verbeelding het julle julself meer en meer verwyder, totdat julle hierdie eindpunt hier in die aardse bestaan bereik het.

46) Nou kyk jy in die volheid in, waarvandaan jy gekom het, en jy kan nie begryp dat die volheid aan jou behoort nie. Groei uit jou babaskoene en loop weereens in die volheid van hierdie lig in!

47) Lig, lewe, liefde, baie terme vir een en dieselfde ding. Geestelik kan julle nou saam met MY wandel waar julle ookal wil. Of dit nou in die verre Afrika of hier in julle nabye omgewing is, om iemand te help wat siek is, maak nie saak nie. EK sal nou nog 'n rukkie stilbly, - gee julself oor aan julle intuïsie en laat julle verbeeldingskrag werk, sodat julle die opdrag wat julle van julle innerlike wese gehoor het, kan vervul, en dit sal gebeur in en van die goddelike GEES. EK sal stilbly ...

48) Kom nou en vul julle aardse liggame weereens met lewe, met liefde en elke sel van hierdie aardse liggaam sal gereed wees om julle te dien, wanneer ookal julle die volheid van liefde in julle menslike liggaam indompel. Is dit nie 'n wonderwerk nie? Lief daarvoor! Wees dankbaar vir haar diens

aan julle, en die liggaam sal sy plig hier in die aardse bestaan nakom, dit wil sê, om die siel te dien met elke sel, en om die siel toe te laat om voorspoedig te wees in haar saligheid as Seun, as Dogter van die ALLERHOOGSTE. Vul hierdie aardse liggaam met hemelse krag.

49) Voel nou die stroom van die lewe in al julle bene en gewrigte. Beweeg rond! Laat EK julle gewillig lei, nie deur julle gewilligheid nie, maar in die toestand van julle wesenlike bestaan. Julle het die vryheid, altyd.

50) EK seën julle, EK staan in julle kring en MY seën stroom na julle toe uit, selfs vir julle wat hierdie woorde lees. In die GEES is daar geen skeiding nie, in liefde is alles een.

**Amein.**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 60. Oefening

**Ontwikkel tot by volmaakte liefde – moet nie godsdienste en hul leerstellings oordeel nie - waarheid is wat iemand ookal met sy of haar huidige bewussyn ontwikkel het - alle godsdienste of godsdienstige gemeenskappe leer die terugkeer na die Vader op hul eie manier - 'n meesterstudent het nog nie die innerlike vryheid bereik as hy 'n godsdienstige gemeenskap verdoem of veroordeel nie- oor die wet: Jy moet die Meester jou ELOHIM bo alles liefhê en jou naaste soos jouself - onderwerp jou aan leiding, want as 'n mens 'n krisis wil baasraak, verwerp hy die goddelike hulp - taak: Eerste week: Let op jou gedagtes wat nog wil oordeel en veroordeel - gaan na binne, na die middelpunt van goddelike orde: Tweede week: Sif die gedagte-kompleks uit, waar jy nog steeds oordeel of veroordeel en verander dit - onderdompel jouself in die sentrum van die goddelike wil**

1) Die aand vorder, dit is die rede waarom EK JAHSHUA DIE GESALFDE onmiddellik by julle is met MY WOORD van Liefde, alhoewel julle nog nie mediteer nie, en ook nie in julle innerlike is nie. In stede daarvan is julle steeds geestelik besig met julle vorige gesprek.

2) Hierdie aand het julle weereens getoon dat julle almal deel is van die weg. Deur julle aktiewe deelname, kon julle mekaar help. Julle sal eers later, in die komende dae, sien hoeveel julle gesprekke met mekaar, wat deur MY gelei is, vir julle nuttig was.

3) In hierdie skoolopleiding, wat julle tans vrymaak, is dit belangrik dat alles wat nog diep in die lae van julle siele lê, na die oppervlak kan kom, sodat julle openlik en vrylik daaroor kan praat. Op hierdie manier kan julle jul verskillende probleme uitwerk. Keer op keer het EK die aspekte aangespreek waaroor julle vanaand gepraat het, daarom sal EK dit kortliks aanraak. Hulle het te make met die vryheid wat aan die VADER se Seun, of Dogter, gegee word. Die volmaaktheid van liefde was ook aangespreek.

4) Voorwaar, op hierdie Aarde was EK 'n mens, netsoos julle. EK moes ook deur MY ontwikkeling gaan. Weens die feit dat MY lewe kort moes wees, het EK die stem van die VADER alreeds in MY vroeë kinderjare gehoor. As kind het EK dikwels die eensaamheid opgesoek om in MY mees innerlike wese met ELOHIM, MY VADER, in stilte te skakel.

5) Julle is ook op verskillende ouderdomsvlakke betreffende ontwikkeling. Selfs as die WOORD vir die eerste keer deurbreek in julle, is julle nog steeds kind. Julle lewensduur is nie net dertig jaar soos met MY nie. Julle sal julle kindwees heeltemal ontgroei. Julle sal die kinderjare weggooi en omvorm na volmaakte liefde, waardeur absolute volmaaktheid slegs voorwaardelik moontlik is terwyl julle in die aardse kleed is; voorwaardelik omdat die mens met sy ego nie uitgeskakel kan word nie. Maar julle innerlike strewe moet egter altyd in lyn wees met hierdie volmaaktheid, met hierdie kanaal: Om net eenvoudig te wees, sonder om iets te wil hê, sonder oordeel, sonder veroordeling!

6) Volmaakte liefde raak alles en almal. Met elkeen van julle treë sal liefde die Aarde bestraal. Elke sel van julle liggaam straal lig uit en seën die omgewing en julle medemens, ongeag of julle hom ken of nie.

7) MY getroue kudde, besef dat julle, om volmaakte liefde te bereik, altyd na die goue middel toe moet beweeg, waardeur hierdie "moet" nie letterlik opgeneem moet word nie. Julle het steeds die vrye wil. EK kan net met julle praat in woorde op julle begripsvlak, net soos wat EK altyd in ooreenstemming met hulle begrip gepraat het, telkens wanneer EK met vorige instrumente gepraat het; dus net soos wat EK altyd die spesifieke sirkel wat deur die instrument aangeraak sou word, aangespreek het; met ander woorde, EK het die verskillende sirkels altyd met die woorde van hulle begrip aangespreek.

8) M**oet daarom nooit ander gelowe, godsdienste en opinies verdoem/veroordeel nie!** Los hulle uit! Wat jou broer of jou suster ookal herken as waarheid, is sy of haar waarheid. Dit hoef nie jou waarheid te wees nie. **Jou eie waarheid is die waarheid wat jy deur jou huidige bewussyn ontwikkel het**. Hierdie bewussyn verander en brei uit en daardeur brei jou innerlike waarheid uit, en hierdeur verkry jy Wysheid. Vanuit hierdie Wysheid sal jy besef dat alle waarhede saam hul legitimiteit het, omdat hulle 'n spesifieke groep mense gedien het, ten einde hul bewussyn te verhoog.

9) Daarom het julle Moslem-broers en -susters hul streng godsdiens nodig, omdat hulle die orde van hierdie godsdiens verlang en nodig gehad het. In werklikheid het hulle hierdie orde nodig op hul weg van herkenning tot die uitbreiding van hul bewussyn. Dit is dieselfde met alle ander godsdienste. Julle sal na al hierdie gemeenskappe kyk en sal vanuit die Wysheid van julle goddelike wese herken dat elke godsdiens, op sy eie manier, 'n verbinding kan wees terug na die VADER vir 'n spesifieke groep mense.

10) Aangesien julle in julle verskillende inkarnasies ervarings in byna elke godsdienstige gemeenskap gehad het, sal julle begrip vir die vele vlakke van bewussyn groei, sodra julle die weg na julle innerlike sielesfere oopgemaak en volledig ontwikkel het. Teen daardie tyd sal julle nie meer oordeel en verdoem nie.

11) ‘n Meester, wat naby volmaaktheid is, kan vra vir 'n ander inkarnasie, wat hom - volgens menslike opinie - vêr agtertoe sal gooi. Laat ons aanvaar, ter wille van die argument, dat hy homself aan 'n kerk gaan bind en haar streng asketiese weg van 'n monnik gaan volg. Aan die einde van sy lewe is hy weer vry en kan hy toesig hou oor sy bemeestering buite die beperkings van tyd en ruimte. Wanneer hy terugkyk oor sy lewe, besef hy dat; deur die weg van gebondenheid aan 'n godsdiens te geneem het, was hy in staat om nederigheid te leer en sy broers en susters te verstaan nou-nou nog steeds kies om hul paaie via uiterlike godsdienste en kerk instellings te volg.

12) ‘n Meesterstudent het nog nie innerlike vryheid bereik nie, solank as wat hy nog in die oordeel sit of selfs so 'n gemeenskap veroordeel/verdoem. Indien sulke gedagtes nog steeds deel uitmaak van die meesterstudent, sal hy vrywillig hierdie gedagtes in werking stel en dieselfde pad bewandel as wat hy verdoem het. Dieselfde is waar vir alle soortgelyke voorbeelde, hetsy iemand geen medelye of begrip het vir diegene wat ly, of vir dwelmverslaafdes, vir dobbelaars of soortgelyke verslaafdes nie.

13) Wanneer julle ookal agterkom dat julle nie 'n medemens in liefde aanvaar nie, net soos wat hulle is en verstaan word, of om ten minste te probeer om hulle te verstaan, oordeel en veroordeel julle nog steeds en is hierdeur nie vry nie; want deur hierdie veroordeling en verdoeming bind julle julleself aan daardie persoon en veroorsaak nuwe karma. Deur te oordeel oor die swakheid van 'n mede-wandelaar, verhef julle julleself in hoogmoed bo hom, wat karmiese bande veroorsaak met die einste swakheid wat julle veroordeel, asook met hierdie mens.

14) MY geliefde kudde, jy het alreeds 'n lang pad gestap op pad na die lig, na die goddelike middelpunt, na die BRON. Neem dit ook nie as 'n oordeel aan nie, want niemand is beter as sy naaste nie. Julle kan nooit weet watter ervarings julle naaste langs julle in die wêreld of op sy pad gemaak het nie, wat julle ook dien ter herkenning op die onderbewuste vlak.

15) Op die pad terug na die BRON, versamel julle op hierdie oomblik die ervaring dat liefde julle na vryheid sal lei.

16) As mense van julle samelewing probeer julle telkens oordele uitspreek. Hierdie is programmering wat julle in julle vroeë kinderjare geleer het, wat julle in hierdie samelewing lewenslank sal vergesel. Daarom is dit so moeilik om hierdie programmering uit julle denkprosesse te verwyder. Julle sal slegs daarin slaag as julle op die oomblik inbeweeg, in MY alomteenwoordigheid, en wanneer julle aanhou probeer om begryplike liefde te wees deur verder te kyk as die menslike gedrag.

17) EK het jou een wet gegee. Hierdie wet is een van absolute liefde. Wanneer EK julle leer: **"Julle moet JAHWEH julle ELOHIM bo alles liefhê en julle naaste soos julleself!"** word hierdie gebod van absolute liefde op drie maniere aangespreek.

18) Wie is ELOHIM? Julle kan ELOHIM nie sien nie, maar julle is in ELOHIM en ELOHIM is in julle. Julle is deel van ELOHIM: Lig van SY Lig, lewe van SY Lewe, krag van SY Krag. As EK sê: "Julle sal liefhê!" het julle ELOHIM lief in alles wat rondom julle is. Julle is lief vir ELOHIM, die vader/moeder GEES, want HY word weerspieël in die ganse skepping. Hy word weerspieël in elke broer, in elke suster.

19) Die lering wat EK julle gegee het, bevat drie wette, en tog is dit net een wet: Die wet van liefde. Wees vir ELOHIM bo alles lief! Hierdie gebod lei tot liefde via die liefde vir jou naaste en die liefde vir die skepping en vir jouself.

20) As EK vir jou sê dat jy jouself moet liefhê, bedoel EK nie eieliefde nie. In plaas daarvan bedoel EK dat jy die goddelike in jouself moet liefhê. Hierdeur is jy weer lief vir ELOHIM, want in ELOHIM is daar geen skeiding nie. Nog minder is jy van HOM geskei, en ook is julle naaste nie van HOM geskei nie: Alles is een, en so is die wet van die liefde een.

21) Sodra julle weer volmaakte liefde geword het, sodra julle teruggekeer het as die suiwer Seun, die suiwer Dogter, sal julle ook weer die wet geword het, net soos wat die VADER die wet is, net soos wat EK die wet is. **Die wet is liefde, en liefde dien!**

22) Toe die mensdom in die ontwikkeling van sy "kinderjare" was, het ELOHIM hulle die Tien Gebooie deur Moses gegee. Hierdie gebooie was so gespesifiseer dat hulle die mens sou leer om mekaar in liefde te behandel. Toe EK op Aarde gewandel het, het die mensdom ietwat in hul ontwikkeling gevorder. Dit is waarom MY leer **liefde was**, wat EK tydens die bergrede deur vele gelykenisse verduidelik het. Deur MY voorbeeld het EK bewys gelewer dat so 'n lewe geleef kan word.

23) Verstaan dat dit volgens die wet nie bedoel word dat julle so 'n gebod moet nakom soos: "MY kind, jy moet dit of dat doen om gered te word!" Verstaan eerder dat vryheid aan julle gegee word, die vryheid om MY in liefde te volg, of nie!

24) Keer op keer het EK julle vryheid verduidelik van die verskillende standpunte af. Vandag het EK nog 'n ander standpunt belig. Hierdie vryheid in liefde help julle ook om al julle krisisse te oorkom. Julle het korrek opgemerk dat 'n krisis altyd plaasvind net voor 'n herkenning, dit lei tot herkenning. Wanneer herkenning bereik is, is die volgende stap na die lig bereik.

25) Wees dus nie bang om in 'n mistigheid te staan nie. Wees nie bevrees dat julle sig van julle afgeneem is nie! Volg MY blindelings en laat julleself val! Wat hier gevra word, is julle volkome vertroue, geloof en liefde.

26) Wanneer julle alles wat julle belas, alles wat julle gedurende julle krisis bemoeilik, laat vaar, sal EK julle waarlik kan lei, omdat julle jul eiewil by MY voete geplaas het. Maar, indien julle egter probeer om die krisis deur julle menslike wil te bemeester, verwerp julle die goddelike hulp.

27) Julle het ook gepraat oor die krag van gebed. EK het julle geleer: "Vra, en julle sal ontvang; klop, en die deur sal vir julle geopen word!" Julle het reg opgemerk dat 'n gebed uit vele verskillende vlakke van bewussyn kan kom. Ook hier gaan dit oor die ontwikkeling van die suigeling, wie nog steeds die heel basiese dinge van die lewe nodig het, en daarvoor smeek. En die kind moet verder beweeg, hy wat reeds sy eerste bewussynsherkenning het, verder na die [status van] Seun of Dogter van die VADER.

28) Die Seun, die Dogter weet dat alles aan hom of haar gegee word vanuit die Volheid. Ook sal die Seun, die Dogter nie meer pleit vir dinge vir hom of haarself nie, maar hy of sy vra namens sy of haar

naaste. Deur julle gebed, deur julle pleidooi ten behoewe van julle naaste, wat nog nie in staat is om homself te open vir die volheid van ELOHIM die VADER nie, staan julle hom by en help hom, sodat meer lig, meer krag en meer liefde hom sal aangryp. Julle gebed gaan baie verder as die smal beperking van julle familielede en kennisse. Dit sal dan nie meer perke ken nie, want 'n Seun of Dogter vra universeel.

29) ‘n Volmaakte gebed is om jouself in jou eie goddelikheid te laat inval. Julle Hoër Self neem dan julle wese oor en bestraal die goddelike krag, die geheiligde erfenis wat die VADER aan julle gegee het. Dit is dan dat julle ook deur heldersiendheid en gevoel sal ervaar waarheen julle lig gaan. Dit wentel om die aardse sfeer en verpoos hier en daar om ontvanklike broers en susters, wat julle in staat is om te help volgens julle bewussynsvlak, te bestraal.

30) Herken dat jy verbind is met alle dinge en met almal! Jy is nie geskei van iemand of iets nie, nie van die Aarde aan jou voete nie, en ook nie van die klippe waarop jy trap nie, en ook nie van gras, die bome rondom jou, van diere, menslike wesens, geestelike wesens of selfs sterre en planete nie. Jy is gekoppel aan alles.

31) Alles is afhanklik van mekaar en reageer op alle aksies wat vloei deur die morfogenetiese veld*. Daarom is daar geen aksie sonder reaksie nie! Dit is waarom EK julle steeds vra om **gedagte-beheer** te beoefen. Mag dit julle spesiale taak wees vir die komende tyd, waardeur EK altyd julle vrye wil as vanselfsprekend aanvaar om die oefeninge wat EK julle gee te doen, of nie. Julle is vry om dit te doen of te los! *(*'n morfogenetiese veld is 'n groep selle wat reageer op diskrete, gelokaliseerde biochemiese seine wat lei tot die ontwikkeling van spesifieke morfologiese strukture of organe.)*

32) Let in die eerste week goed op julle gedagtes, en wees eerlik met julleself; let op in watter situasie of wanneer dit is, dat julle gedagtes nog steeds oordeel en veroordeel! In die tweede week, stel die gedagte-kompleks waarmee julle die meeste beoordeel en veroordeel, apart. Probeer dan om hierdie gedagte-kompleks te transformeer deur die oordele te vra wat hulle probeer bereik, deur julle eie swakheid daarin te ontdek en hierdeur karmiese verbintenisse en knope te ontdek. Julle het nodig om hierdie karmiese bande te verbreek, en julle behoort begrip en simpatie te hê, sowel as medelye in hierdie situasies! Op hierdie manier kan julle negatiewe gedagtes verander na positiewe gedagtes. En deur dit te doen, sal julle ook alle negatiewe gedagte-skeppings oplos wat julle uitgestuur het.

33) Laat EK weereens beklemtoon: Julle is mede-skeppers! Julle skeppings keer terug na julle, en hulle beïnvloed julle huidige lewe! Dink aan hierdie sin: **"Elke gedagte beïnvloed julle wese!"** Weereens herhaal EK: Julle het aansienlike vordering gemaak op die pad na die lig. Julle denkkrag is baie sterker as aan die begin van hierdie opleidingspad, en daarom is julle verantwoordelikheid ook veel groter.

34) Daarom vra EK julle om gedagte-beheer te beoefen en probeer toenemend om julle negatiewe gedagte-skeppings, ook genoem elementêre, op te los.

35) Depressiewe- en slegte humeur buie is julle eie gedagte-skeppings. Nadat julle hulle eerste uitgestuur het, het hulle met soortgelykes gekoppel en na julle teruggekeer in toenemende mate. Asseblief, EK vra julle, herken dit! EK sal julle help deur MY krag om hierdie skeppings op te los. Terselfdertyd gee EK julle die krag en moed om die volgende stap uit te voer deur die een of die ander van julle. Dit is 'n stap in die rigting van 'n nuwe identiteit, in die rigting van die ten volle bewuste Seun of Dogter van die hemelse VADER.

36) Mag julle aanhou mediteer soos wat julle intuïsie julle inspireer. Vir die **eerste week** vra EK julle egter om nadruklik die sentrum van die **goddelike Orde** aan te spreek en om 'n tydjie in hierdie sentrum te vertoef. Dompel julleself heeltemal in hierdie sentrum in, sodat alles binne-in jou in goddelike Orde kan kom. Wanneer alles binne goddelike orde gekom het, sal daar ook orde rondom julle wees.

37) Mag julle in die **tweede week** konsentreer op die sentrum van **goddelike Wil** en daar bly. In daardie week sal julle terselfdertyd werk aan die ontbinding van julle negatiewe elementêre, en sal julleself heeltemal oorgee aan die wil van die ewige heilige VADER en SY krag van barmhartige

genade. Genade sal jou pogings beloon en sal met baie treë en met ope arms na jou toe aankom wanneer jy die eerste stap geneem het om jou eie negatiewe skeppings op te los.

38) Moenie dat dit julle steur wanneer daar beelde in julle meditasies verskyn nie. Wees verbind met MY, JAHSHUA DIE GESALFDE! As julle die meditasie met MY begin, staan julle onder MY beskerming. Julle kan beelde kry, maar dit hoef nie te gebeur nie. Indien julle bedreig voel deur enige droomgesigte, gee hulle ook oor aan MY. Moenie enigsins meer daaraan dink nie, want wanneer julle die kragte aanspreek wat julle self in die wêreld geplaas het, kan hulle hulself opmerklik maak. Dit hoef nie te gebeur nie, maar kan wel gebeur. Julle is seuns en dogters van die ALLERHOOGSTE, toegerus met SY Krag en Mag! Deur SY Liefde, JAHSHUA DIE GESALFDE, Wie EK is, is julle ook in staat om negatiwiteit te transformeer na positiewe dinge.

39) Later bestaan die moontlikheid dat ander gedagtegolwe na julle toe kan aanrol, wat nie van julle af kom nie, want dit kan skeppings deur julle medebroer of -suster wees. Nou kan EK julle gedagtes sien: “Waarom moet EK oplos wat ander geskep het? Laat hulle dit maar self doen.”

40) O sien, as ELOHIM, die VADER ook so sou moes dink, dat elkeen van sy kinders self sy karma moet dra, sal nie een van SY kinders ooit die weg terug huiswaarts vind nie. ELOHIM is nie net sy eienskappe: Orde, Wil, Wysheid en Geregtigheid nie, maar is ook ELOHIM in SY Moederlike eienskappe: Geduld, Liefde en Barmhartigheid, die ondersteunende elemente. Dit is die rede waarom, terwyl hulle in hul toestand van reinheid is, SY kinders ook Geduld, Liefde en Barmhartigheid in hulleself dra. Julle gebruik geduld, liefde en barmhartigheid wanneer julle jul hande uitsteek na julle broers en susters en wanneer julle hulle help, deels om hul negatiewe skeppings op te los.

41) Dit is die kenteken van ware bemeestering, naamlik dat julle jul hand na julle broers en susters sal uitsteek en hulle sal help, terwyl julle MY volg. Maar, julle moet julleself egter nooit in hoogmoed bo hulle stel nie, maar nederig erken dat julle ook hulp gehad het, en dat julle ook ’n helpende hand van iemand ontvang het!

42) MY woorde klink ernstig, maar julle weet dat hulle in liefde gespreek word, want EK is Liefde. EK ken al julle gedagtes. EK ken julle vertwyfelinge. EK ken ook julle pyne, elke ervaring, alle herkenning waardeur julle nou gaan. EK wil die goeie Vriend aan julle sy wees, Wie by julle staan in alles wat julle pla, maar EK kan dit slegs doen indien julle MY toelaat om julle te help - in ooreenstemming met julle vrye wil.

43) Hoe gereeld gaan julle nie deur julle dag in pynlike en harde weë van herkenning nie en julle tot MY roep: “Meester, waar is U? Hoekom hoor ek U nie? Waarom help U my nie?” EK is so naby aan julle, maar julle menslike self het 'n groot muur teen MY opgebou, en EK kan nie deurkom na MY skape nie, EK die Goeie Herder.

44) As julle julself tog net op hierdie oomblik sou laat val, val in MY Liefde in en sê byvoorbeeld: “Meester, ek weet nie waarom hierdie of die ander iets met my gebeur het nie, waarom ek hierdie lot moet deurgaan, waarom ek hierdie bekommernisse het, waarom ek hierdie pyn moet ly, maar U weet dit, en U weet ook wat ek nou moet leer. Ek het geen vêrsiendheid nie, en ek het geen visie nie. Ek weet dat U naby my is, veral nou. Meester, deur U krag sal ek blindelings bly voortwandel!”- Met hierdie of soortgelyke woorde, MY geliefde, sal julle die bestraling van MY versterkende liefde voel. Maar die mens is egter meestal tydens sulke oomblikke so besig met homself dat hy vergeet Wie so naby aan hom is.

45) Laat MY woorde van liefde dus in julle weerklink, en nie net MY ernstige woorde van vanaand nie! Verkry geloof en kom weg van die koninkryk van skaduwees, kom na die lig! MY seën sy met julle en met al daardie in die menslike- en die sielekleed.

**Amein.**

*Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 61. oefening

**Herken innerlike godsaligheid - vind julle weg van verstandsdenke tot hartsgevoel - staak julle polariteitsdenke - elke ervaring dien herkenning - oor vryheid, wat ELOHIM aan SY kinders gee - bewussyn verdeel in honderd of uiteindelik duisende enkele strale in die ruimte- en tyd-gebeurtenisse, wat sê dat daar verskillende inkarnasies is - Meditasie: Ons versprei 'n ligkruis oor die hele aarde**

1) As storm het EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, die dieptes van julle siele omgedolwe en het alles wat julle verborge gehou het, opwaarts gegooi, en EK sal aanhou om as ’n storm in julle binneste op te tree, totdat julle mees innerlike wese rein en skoon gevee is en totdat julle die lig van 'n nuwe geboorte in julle kan aansteek.

2) Julle herdenk die siele wat julle voorgegaan het na die ewigheid, soos wat die mens dit sou stel. En reeds in hierdie gedagte lê daar skeiding: Die skeiding van tyd van die ewigheid. EK versoek julle om alle skeiding te oorwin, ook om alle beperkinge en grense af te breek, sodat julle die weg kan vind na die vryheid van 'n Seun, 'n Dogter van die VADER!

3) Toe julle verbind het met die bewussynsentrum van die Orde en soos julle beskryf het, nie regtig kon binnegaan tot die regte manier van meditasie nie, was dit EK wat in julle aktief was met MY geestelike krag, om alles aan te spreek wat nog nie in goddelike Orde vibreer nie. EK het dit gedoen om MY lig in die duisternis van julle wese in te stuur om julle uit die slaap van aardse gebeure van tyd en ruimte te laat ontwaak.

4) Voorwaar, die heilige wil van ELOHIM wil in julle aktief raak, wil deur julle werk en daardeur ook julle omgewing beïnvloed. Verstaan hierdie omgewing nie net as ruimtelik nie. Aangesien julle verbind is aan alles wat julle omring, werk die verlossende Gees deur julle in alle materiële wesenlike bestaan, wanneer julle ookal julle ware wese, julle inwonende goddelikheid herken en wanneer julle daarvolgens leef.

5) Wanneer 'n kind uit sy slaap wakker word, maak hy terselfdertyd baie ander wakker wat in 'n sluimerende toestand was. Wanneer 'n kind opstaan, stimuleer hy ander om op te staan en so aktief soos hy te wees, en die ander sal hom volg. Wanneer 'n Seun, 'n Dogter van die VADER ontwaak tot Liefde en tot die bewussyn van die ewigheid, terwyl hy in die hier en nou is, word die weg ook vir baie ander Seuns en Dogters skoongemaak, sodat hulle ook die liefde van die ewigheid in die hier en nou kan aktiveer.

6) EK herhaal, erken die verantwoordelikheid wat elkeen van julle dra, hier in hierdie kring sowel as oral waar julle MY woord lees! Besef dat hierdie 'Tyd van oorgang' nou in rat is! Dit maak nie saak hoeveel die duisternis die lig kan weerstaan nie, die lig stimuleer die duisternis om haarself te transformeer na die liggevulde wese toe, want in hierdie geval van tyd en ruimte en teenstand, sal die elemente van teenstand oplos.

7) Waarom noem julle die wesens van die sondeval “teenstanders?” Hulle woon saam met julle in ruimte en tyd, in hierdie wêreld van polariteite en teenstand. En elke een van julle woon in hierdie wêreld en is met hierdie kontraposisie verbind. En julle vind dit buitengewoon moeilik om julle gedagtes van rebellie met julle menslike verstand los te laat. Daarom het EK julle in die verlede keer op keer gemaan het om oor te skakel van intellektuele denke na hartsgevoel. Wanneer julle hartsgevoelens die oorhand kry, sal julle ook julle gedagtes, julle intellek, kan transformeer tot 'n liggevulde geestelike denke. In hierdie geestelike denke bestaan daar geen lig of duisternis nie, geen goed en ook geen kwaad nie, want die suiwer geestelike wese, wie jy is, praat vanuit 'n hoër

perspektief met jou en vertel jou dat al hierdie ervarings van jou broers en susters om jou, dien tot jou eie selfherkenning. Om hierdie rede is jy dankbaar vir alle ervarings wat jy nie self hoef te doen nie.

8) Daarom sal julle jul broers en susters, ouers en grootouers nie meer veroordeel of oordeel wanneer julle nadink oor die ervarings van julle jeug wat julle vandag nog belas nie. In stede daarvan sal julle probeer om julle familielede te verstaan en dus begin vergewe.

9) As mens kan julle slegs die tydsperiode van die verlede in hierdie lewe beskou. Dit maak dit baie moeilik vir julle om te verstaan waarom julle as kind soveel lyding moes verduur. O kyk, aangesien daar niks in die aardse sfeer is wat nie onderworpe is aan die wet van Oorsaak en Gevolg nie, is alles wat gebeur het en nog steeds gebeur, goed vir julle en vir julle groei tot liefde, tot begrip en vergifnis!

10) Ja, die grootste stap is om “om vergifnis te vra”, al is dit jy wat seergekry het; en om te vra vanuit 'n innerlike kennis wat vanuit wysheid kom, dat niks met jou gebeur het wat jy nie self veroorsaak het nie. Dit is selfs waar dat julle oorsake baie erger was, want die VADER se genade en barmhartigheid help julle, sodat die las wat op jou skouers lê nie te groot sal wees om te dra nie. Het EK nie vir julle gesê dat julle net 'n splinter dra van die hele balk van die kruis wat EK gedra het nie?

11) EK weet hoe moeilik talle mensekinders vasgevang is met hul aardse liggaam. Julle het egter almal die krag gekry om die tronk, wat julle om julleself gebou het, te deurbreek. Julle het al die tralies rondom julle self opgerig. Julle het selfs die weerhaak draad om julleself geplaas, wat die pyn simbolies toon wat dit aan die liggaam kan veroorsaak. Wat is die liggaam? Dit is materie! Julle is nie net hierdie materie nie. Julle is gees, siel **en** hierdie liggaam!

12) Hier op aarde is dit julle taak om liggaam, siel en gees saam te bring in harmonie, sowel as en veral jou liggaam. Dien elke sel nie die liggaam met oorgawe nie, en dien julle liggaam nie die siel as houer vir haar verblyf in die materiële sfeer nie?

13) Wanneer julle met julle liggaam skakel vanuit die bewussyn van die gees, stroom 'n geweldige gevoel van dankbaarheid deur die liggaam, want laasgenoemde stel die gees in staat om aktief te wees hier in die materie, en om ervarings op te doen, om herkenning te kry en sodoende sy vryheid te bekom. Want indien die gees nie in die materie sou kon inkarneer nie, sou hy nie kon veg vir sy vryheid nie, die vryheid van 'n kind van die ewige SKEPPERGEES.

14) EK het julle geleer dat duisternis die teenwoordigheid van lig bepaal. Die een is ondenkbaar sonder die ander. Onthou toe die kreatiewe GEES die noodlottige woorde uitgespreek het: “Laat daar lig wees!”, het Hy aan SY kinders die vryheid gegee om in hierdie vryheid te werk en te skep, hetsy in ooreenstemming met die wil van die VADER, Wie in SY liefde SY kinders dien, of in ooreenstemming met die vrye wil van moedswilligheid. Vryheid is gegee aan elke seun, aan elke dogter, hetsy om op te tree in ooreenstemming met die wil van die VADER, of om op te tree vanuit sy eie eiewillige aksies.

15) Indien die GODDELIKE GEES slegs een van die twee toegestaan het, sou die skepping geen vryheid geken het nie. Daarom sou elkeen van julle nie vry gewees het nie. Daarom bepaal vryheid teenstand. Hierdeur was die vrye wil gegee in die hande van die Seuns en Dogters van die VADER. Met hul erfenis wat die ALLER-EEN aan hulle gegee het, kon hulle in ooreenstemming met die goddelike wette, of deur hul eie moedswilligheid skep. Aan die ander kant het ELOHIM, die ewige en welwillende VADER, Sy Seuns en Dogters aanskou en hulle absolute vryheid van aksie toegelaat. Selfs nou, sien HY julle in volmaaktheid, want vir HOM is daar slegs die volmaakte Seun, die volmaakte Dogter, dus goddelike individualiteit.

16) Alles wat hier gebeur, in die gebeure van ruimte en tyd, is bloot die pad van herkenning van die suiwer Kind, wat om hom of haar reinheid, die geskenk van vryheid drapeer, wat van die VADER af kom. Hierdie vryheid omvat moedswilligheid. Die suiwer Kind is in ELOHIM, is in volmaaktheid, in die hart van die VADER. Hy stuur sy vryheid uit, wat alles vanuit die lig van volmaaktheid bestraal. Mag die simbool van die son vir julle tot beter begrip dien: Die kern van die son is volmaaktheid, is ELOHIM, die sonstraal is die kind se vryheid.

17) Vryheid is die straal wat uitgestuur is, waarop julle bewussyn saamreis en al hoe meer oorskadu word totdat dit 'n grens, die grens van die ruimte en tyd gebeurtenis bereik. Hierdie grens tree op soos 'n lens wat die straal opbreek in honderde, ja duisende individuele strale. Die bewussyn verdeel

in baie inkarnasies in ruimte en tyd. In hierdie gebeurtenis ervaar julle alles lineêr, die een na die ander, omdat julle bewussyn homself so beperk het op sy pad om vryheid te verken, sodat hy sy onbeperkte wese van ewigheid verloor het.

18) Vasbeslote beweeg julle as kinders op aarde in ruimte en tyd, in 'n liggaam gemaak van aarde. Alles wat julle in werklikheid is, is bedek, terwyl julle in hierdie afgeskaalde bewussyn, omhul word deur die skaduwees, wat julle siel noem.

19) EK het julle gevra om julle nie meer met die eindpunt van die ligstraal te identifiseer nie, maar om om te draai en in die lig in te kyk ten einde die straal te volg. Neem met vreugde alle herkenning saam wat julle en julle broers en susters, tydens julle verkenning van die vrye wil, versamel het. En onthou die ervaring dat in die laaste ontleding vryheid van moedswilligheid – "wanneer julle omdraai" - sal lei tot die wil van die ewige heilige VADER, Wie se wil dan ook julle wil raak. Want dit beteken dat julle alle lyding, pyn, oorloë, alles wat alreeds met julle gebeur het tydens julle verblyf in tyd en ruimte, vir eeue, vir duisende jare, ja, millennia, sal oplos.

20) Deur uit hierdie ervarings te put en tot die erkenning te kom dat in die wil van die VADER liefde dien en nie tiranniseer nie, sal julle julself nie net verlos van die slawerny en gevangenskap nie, maar julle sal ook kan help om julle broers en susters te verlos. Julle sal ook die skeppings wat julle in bestaan gespreek het, kan verlos wat uitroep tot die GODDELIKHEID in hul lyding hier op aarde.

21) Die dienende liefde verlos enige wese. Stap vir stap sal julle wandel in hierdie liefde DAT EK IS, JAHSHUA DIE GESALFDE, terwyl julle jul weë oorgaan en alle negatiwiteit oplos en verlos, sodat die leeu rustig langs die lam kan gaan lê, soos wat EK reeds tweeduisend jaar gelede aan julle geopenbaar het. Alle godsdienste leer hierdie weg huiswaarts in verskillende vorme. Die liefde het net verskillende name. Dit mag hier en daar wegkruip, maar is altyd en ewig dieselfde. In liefde, sal die mensdom mekaar vind.

22) Julle sien die tekens van die tyd waarin MY GEES kragtig effektief is. Julle herken hulle enersyds aan die vredesverdrae wat gesluit word, maar aan die ander kant aan MY storm van Liefde, wat nie net alles binne jou omdolwe nie, maar ook binne die gesinne, die gemeenskappe, volke en rasse. Alles wat nie in die heilige Liefdesorde vibreer nie, word boontoe uitgegooi. En so is dit ook met al die lyding wat aan julle Moeder Aarde toegedien is, soos EK julle al vantevore geleer het, toegedien aan die MOEDERLIKE GODDELIKE KRAG, Wie julle dien in hierdie Moeder Aarde. Sy beef van alles wat gedoen word in teenstelling met die orde van alle lewe op aarde, die natuurryke, ensovoorts, en sy skud (aardbewings) in afgryse van die gebeure in ruimte en tyd.

23) Ook hier het EK julle herhaaldelik gevra om teen die magte van vernietiging te werk, in die bewussyn van 'n Seun, 'n Dogter van die VADER, deur hierdie aarde met seënende treë te bewandel. Wanneer julle dit ookal doen, word ander geïnspireer om hierdie liefdesdiens saam met julle te doen.

24) Julle ken die term "Sneeubaleffek." EK sê vir julle: Alle mag lê in julle hande! Gryp hierdie krag van dienende liefde aan en werk daarmee saam, sodat die lig die duisternis kan transformeer en die swartste nagte sal die nuwe dag van vrede en liefde in die opkomende son verkondig; 'n nuwe dag, MY geliefde, wat die verkenning van die vrye wil sal beëindig!

25) In julle goddelike bewussyn, sal die wandeling langs die uitgestuurde straal van vryheid altyd vir julle aanwesig wees. Met ander woorde, aangesien daar geen tyd in die GODDELIKE is nie, **is** alles aanwesig.

26) Laat EK julle 'n gelykenis gee sodat julle dit beter kan verstaan: Dit is asof julle uit 'n droom ontwaak het en nou in die teenwoordigheid van julle dagbewussyn is. Die droom is die verkenning van die vrye wil wat vêr binne tyd en ruimte gereik het. Al die kinders van die ewige heilige VADER-MOEDER-GEES het gelyktydig dieselfde droom gehad en ontwaak in die bewussyn van die alomteenwoordige jubeling van die ewigheid.

27) Mag julle dus die volgende veertien dae en in ooreenstemming met julle vrye wil, die oefening herhaal wat in die laaste openbaring gegee is. **Skep orde op grond van die storm**, **Wie EK in julle is, en kom in lyn met die goddelike Wil**, wat ook julle wil in die suiwer wese is! **Gee aandag aan julle drome! Let ook op na alles wat julle in die komende veertien dae sal teëkom: Onthou dat dit EK is**

**wat julle paaie kruis!** Mag julle die komende donker tyd van die winter omskep in 'n dag wat helder in julle skyn, deur hierdie tyd van nadenke te gebruik om julle ware Self, die GEES in julle, te vind. Deur dit te doen, sal julle eenheid met julle siel en liggaam skep.

28) MY seënende liefde sy met julle, met ieder en 'n elk. MY seën sy met julle almal, selfs julle wat ook nou hier in julle sielekleed aanwesig is. Betree die vibrasie van jubeling van die geestelik vervolmaaktes, wat nietemin saam met julle in gemeenskap wandel, ten einde julle te ondersteun en te help, sodat tyd en ruimte vinniger tot 'n einde sal kom. Amein.

29)

**Meditasie:**

30) Beweeg jou ledemate; span jou spiere sodat jy jou aardse liggaam kan voel en sodat jy die bewussyn kan hê dat jy verenig is in liggaam, siel en die inwonende GEES! Alle spiere word gespan. Ontspan hulle nou, laat gaan alle spanning - laat julleself toe om geheel in MY liefde te val!

31) Die liggaam is ontspanne, spier vir spier - jou asem is egalig en jou hart klop in die ritme van liefde. Blaas alles uit wat nog steeds jou menslike wese belas en soos wat jy kalmte en vrede inasem, raak jy verwyderd van aardse aangeleenthede.

32) Jy asem MY in en asem menswees uit. Jou arms en bene is swaar en bewegingloos, netsoos jou liggaam. Jy is nie in staat om te beweeg nie, want jou bewussyn pas nou aan by die vibrasie van die siel en verbind nou met die lig van jou ewige wese. Dit is die goddelike Vonk wat hierdie lig uitstraal; dit is EK in jou. Hierdie lig giet homself rondom jou aardse liggaam en vorm 'n aura van hemelse helder strale, wat verband hou met die verskillende geestelike sentrums.

33) Barmhartigheid bekroon jou met strale van goud bokant jou kop. Liefde omhul jou in 'n wit wat so stralend is, soos wat jy dit nie hier op aarde ken nie. Met 'n silwer gloed speel nederigheid en sagmoedigheid oor jou in die sentrum van Geduld. Erns [Geregtigheid], in die uitvoering van jou opdrag in ruimte en tyd, omvou jou soos 'n pers mantel. Saffierblou Wysheid bestraal jou en dra jou in sagte golwe na die smaraggroen goddelike Wil, wat jy probeer nakom om jou uiteindelik te laat vibreer in goddelike Orde wat jou begroet soos die pienk sonsopkoms van 'n nuwe glorieryke dag.

34) Jy is onder MY beskerming, daarom moet jy nie bang wees nie. Jy word omring deur baie engelbodes, wat julle geseënde gedagtes van die meditasie sal ontvang en hulle met hul krag versterk.

35) Erken, MY geliefde dat gedagtes, wat ontstaan in so 'n diepe meditasie, 'n veel groter krag sal hê as die gedagtes van julle dagbewussyn! Aangesien julle julself diep in julle innerlike wese gedompel het, is die suiwer geestelike wêreld so naby aan julle, ja, gedeeltelik kan dit saamsmelt en een met julle word. Julle gebed word versterk deur die hemelse krag van julle broers en susters, en ELOHIM voeg SY seëninge by julle liefdesdaad.

36) En so roep EK julle siele, soos wat 'n bruidegom sy bruid roep. Los hierdie aardse kleed en volg MY geestelik! Wandel saam met MY deur die geestelike wêrelde!

37) Julle is nie tot hierdie spasie beperk nie; voel nou die omvang van die kosmos. Aanskou die donkerblou naghemel, en laat julle gevoelens deur die sterrewêrelde swerf! Ons groet ons broers en susters van die ander sfere van wesenlike bestaan! Ervaar hoe hulle julle terug groet, terwyl die liefdesband lei vanuit die VADER na al SY kinders en terug na die VADER, deur die sirkel te sluit!

38) Nou, terwyl julle in hierdie bewussyn rus, aanskou julle die plek waar julle liggame is en julle sal besef dat bewussyn nie aan enige vorm gebonde is nie, maar dat dit kan uitbrei.

39) En skep so 'n sirkel en steek julle hande uit na mekaar! Liefde, vrede, seëninge en lig stroom uit julle uit na die middelpunt van julle kring, waar julle stad geleë is.

40) Voel hoe julle bewussyn voortgaan om uit te brei. Julle hou mekaar se hande vas, en met elke tree wat julle agtertoe neem, brei julle bewussyn nog meer uit. Met elke tree word die grond in die middel groter. Julle stad het 'n puntjie geword, en julle het ook alle omliggende dorpe ingesluit. Julle benader die grense van julle toestand. Kortliks bly julle daar. Al julle broers en susters van die lig, maak nie saak waar hulle in julle toestand is nie, sluit nou by julle aan, selfs al is julle menslike wese nie daarvan bewus nie, verbind julle met hulle om liefde, vrede, seëninge en lig uit te stuur.

41) Saam met hulle verlaat julle nou die grense van julle land en plaas julle nou die Europese kontinent in die middel van julle kring, insluitend die land waar daar nog baie lyding is, as gevolg van die steeds voortskreidende oorlog. Julle is egter nie magteloos nie. Julle is lig, en hierdie lig is nou in toenemende mate effektief deur alle boodskappers van die lig wat op die aarde woon, vir wie julle nou weereens die sirkel open.

42) Verstandelik plaas julle 'n stralende kruis oor hierdie land. Die vertikale balk stel liefde voor, die horisontale balk dui vrede aan. Die kruis skyn stralend in die duisternis, selfs vir diegene wat nie eers daarvan bewus is dat hulle nou in die sielekleed is nie. Inteendeel, hulle glo dat hulle in die hitte van die stryd is en roep uit na ELOHIM se geregtigheid in hul nood.

43) Nou sien hulle hierdie liggevulde kruis, wat dien as 'n brug na die sielesfere. EK JAHSHUA DIE GESALFDE seën saam met julle, almal wat ly, hetsy hulle in die siel is of in die aardse kleed, en hulle seën met MY Genade, wat uit MY hart op die heuwel van Golgota gevloei het. Hulle word daardeur versterk, terwyl julle gebed daartoe lei dat hulle die lig van verlossing in liefde en in wedersydse vergifnis herken.

44) Die ligkruis brei uit na alle aangrensende lande en skyn vir almal in wie se siele die vernietigende vuur van nasionalisme in onrus brand. Julle straal verenigende liefde uit, wat haarself in hul siele indompel. Julle aanskou alle vastelande - die barmhartige liefde vloei. Krag vloei na die wat swak van hart is, stralende genesende kragte vloei na die siekes, die lydendes, en die lig van rigting skyn vir diegene wat die pad byster geraak het. Almal en alles is ingesluit in hierdie ligkring.

45) Weereens brei julle jul bewussyn uit en verlaat julle die aarde. Julle is nou in die vrye ruimte. Bestraal deur liefde en genade word julle verbind met alle boodskappers van die lig. Die aarde lê aan julle voete en saam verhef julle die Blou Planeet, wat van binne uitstraal na die lig van die sterre, na die ewigheid. Dit lê swaar in julle hande, maar MY krag van liefde help julle, en 'n gebed haas julle deur ruimte en tyd:

46) O VADER, sien, ons almal dra hierdie planeet, U geskenk aan Satana. Ons bid almal en sal waaksaam bly sodat ruimte en tyd kan buig. Saam dra ons die kruis van die wêreld en verhoog ons dit in U barmhartige lig in, sodat die transformasie kan plaasvind.

47) Ons het ons vryheid ten volle gesmaak, geliefde OERVADER. Die diepste dieptes is ervaar, en nou het die tyd aangebreek dat die nag gaan daal, aangesien die oggend reeds begin opkom. O allerheiligste OERVADER, ons buig voor U met die diepste nederigheid en dank U vir die vryheid wat U ons gegee het. Vanuit hierdie vryheid en in hierdie vryheid keer ons terug na goddelike volmaaktheid, wat ons net soos 'n slegte droom agtergelaat het. Ons streef om weereens alles te verlos wat U aanroep in pyn en nood, met behulp van U genade in JAHSHUA DIE GESALFDE, U Liefde.“

48) Sagkens, plaas jy weereens die planeet neer en jy merk op hoe swaar sy is terwyl sy wegsink en wegsak. Gelyktydig herken jy dat die gebed wat in die lig van Barmhartigheid uitgestort is, haar val se snelheid breek. Julle sien hoe die geestelike deel van die aarde deurskyn en julle voel die verlange van julle Moeder Aarde, om deur haar swaar materiële dop te bars ten einde 'n liggevulde tuiste te word vir almal wat terugkeer, en haar verlange word jou verlange.

49) Julle sê julle uiterlike totsiens aan julle broers en susters van die lig, en die sirkel raak kleiner. Die bewussyn word steeds uitgebrei. Julle is weereens in die kring soos toe julle hier bymekaargekom het. Daar is 'n belofte in julle: Ons belowe dat ons kleed 'n kleed van eer sal word, een wat die siel sal dien. Ons sal hierdie kledingstuk eer en liefhê en getuig van ons dankbaarheid daarvoor deur met die GEES te skakel binne elke sel om elke sel sy liggevulde voeding te gee.

50) Julle gaan hierdie kledingstuk binne en voel ’n uitstralende lewenskrag, tot in die voetsole. Van daar af styg hierdie krag op, polsend en vloeiend deur die voete en bene. Julle voel die effense rotasie in die **sentrum van goddelike Orde**, soos die wysers van 'n horlosie. Daar vertoef jy in gebed: VADER, ek wil myself geheel en al onder U heerskappy van goddelike Orde stel, selfs as mens. Ek vra U, bestraal my met U goddelike Orde, sodat al my gevoelens, my gedagtes en my dade kan seëvier in die lig van volmaaktheid!“

51) **Mag julle in die tweede week by die sentrum van die Wil bly:** Ek sal myself in U goddelike wil plaas, VADER, ek wil wees soos 'n blaar wat waai in die wind van U liefde, of soos 'n druppel in die wye oseaan van U Barmhartigheid, wat niks vra en niks verwag nie, niks wil hê nie. In alles wat met my gebeur, herken ek U goddelike wil. Ek herken U hand in die suiwering van my siel."

52) Leer my U wysheid, o VADER. Leer my om U in al my broers en susters te sien om daardeur die veelheid van eenheid te verstaan! Wek in my die heilige Geregtigheid op van die dissipelskap van U Seun, in wie U Uself neergebuig het vanuit U liefde vir U kinders in die aardse kleed! Leer my geduld, kalmte, toewyding en nederigheid. Leer my U liefde, wat geen verskille maak nie en geen grense stel nie, Wie alles in Haar volmaaktheid sien, en leer my om Barmhartigheid te beoefen! Op hierdie wyse ontwaak U natuur en eienskappe, o hemelse VADER, weereens in my tot geestelike lewe, wat my huiswaarts na U toe sal dra, om alle ervarings van die inkarnasies te versamel en te verlos, alles wat in pyn lê in die ryk van tyd en ruimte.

53) Hierdie meditasie word slegs as voorbeeld aan julle gegee; laat EK jou lei in jou eie gevoelens in.
**Amein**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 62. oefening

**Winter, 'n tyd van rus, van voorbereiding, ook vir ons, voorbereiding vir die lewe in die lentetyd, Wie JAHSHUA DIE GESALFDE is, wat by ons wil intrek - mag take vir ons vreugde beteken - argetipiese simbole - meditasie: vernuwing van die verbond: een vir almal en almal vir een - vir DIE GESALFDE! - broers en susters vanuit die ewige huis en die sterre-broers steek hul hande uit na ons. - 'n verhewe sirkel tussen hemel en aarde sluit**

1) MY vriende, EK JAHSHUA DIE GESALFDE groet julle en bestraal julle harte met die gevoelens vanuit MY glimlag. Julle bewandel die loopplanke van hierdie aarde, strewend daarna om aan MY hand te bly. En steeds, hier en daar, dwaal julle uitmekaar soos skape wat deur die wolf bedreig word, in plaas daarvan om styf genestel te bly aan MY, die GOEIE HERDER, om hierdeur kalmte te leer.

2) Het EK julle nie die orkaan belowe nie? Dit moet so wees, want julle pad via hierdie aarde het vir julle 'n hoër doelwit as om bloot in die bekommernisse van julle daaglikse lewe te vertoef. Julle het vertrek ten einde die weg huiswaarts na die lig te vind. Julle het julleself voorgeneem om julle medemense op hierdie pad huiswaarts saam te neem, en om aktief te wees in die skepping, sodat sy weer in die lig ingedra kan word.

3) MY storm dolwe alles om wat donker is in julle, sodat julle lig kan word. En [laat EK dit sê] slegs vir julle herkenning: Laat die blare in MY wind vlieg, en moet hulle nie met julle verstand afweeg nie!

4) Laat EK julle diepste innerlike wese oopmaak, sodat julle innerlike tempel helder kan skyn in die lig van die ewigheid, terwyl julle in die hier en nou is. Want terwyl julle in die oomblik leef, leef julle nie meer in die verlede nie, ook dink julle nie aan die toekoms nie, soos wat EK julle dikwels geleer het. En sodat julle die weg na hierdie hede kan vind, moet julle bewus raak van hoe gereeld julle nog steeds van tyd tot tyd aan die verlede of die toekoms dink, en daarom hoe gereeld julle skynbaar van MY af weghardloop, net soos 'n bang lam.

5) Herken dat julle op grond van hierdie skoolopleiding so vêr gevorder het, dat MY GEES elke oomblik deur julle lewens wil werk! Maar, EK kan dit egter net doen as jy by MY sal staan in kalmte, in absolute geloof, vertroue en liefde vir MY.

6) Kyk, dit is herfs en die winter is naby. Winter bedek alles wat gedurende die herfs vasgevang is. En sodat die omgedolwe dinge slegs geheue word nadat hulle herken is, neem dit MY storm in jou en bowenal, jou liefde vir MY, Wie so naby aan jou is, sodat jy met blydskap jou weg kan voortsit, ongeag wat kan gebeur. Want EK het instrumente nodig wat stewig in hulleself rus, dit wil sê in MY in hulle

innerlike tempel. Daarom moet julle baie toetse ondergaan. Dan kan die winter kom en alles met haar wit skoonheid bedek.

7) Die winter is 'n tyd van traagheid, van voorbereiding; dit is 'n tyd van rus, - van rus in MY. Met die simbool van lentetyd breek nuwe lewe voort, die nuwe lewe Wie EK in julle is, met die grootste krag, en saam met al julle aardse aktiwiteite sal julle - indien julle in die daad lewe - die geestelike take nakom wat julle eens belowe het om te na te kom .

8) Julle kyk na julle lewens, julle besigheid of beroep en met besorgde stem vra julle MY: “MEESTER, hoe moet ons geestelike take nakom in hierdie tyd van nood? Dra ons nie al genoeg nie?” O sien, dit is julle huidige vlak van bewussyn! Maar wanneer julle egter in die vlak van vertroue sal ingroei, sal julle die kalmte verkry en in die volheid leef, alhoewel dit **blyk** dat julle die een of ander ding ontbreek, terwyl die hele skepping eintlik julle s’n is.

9) Waarom word woorde van vertroosting aan julle gegee, soos vanaand? (As julle dink: “Ek kan nie aangaan nie!”, kom daar 'n lig en die lewe gaan voort). Wanneer dit ookal in jou verstand opkom, herken daarin MY aanmoediging vir julle om die lig aan die einde van die tonnel te sien. Dit gaan selfs verder as dit. Julle moet nie net die lig sien nie, maar julleself ook op daardie oomblik daarin voel! Dit is bedoel vir ieder en ’n elk van julle.

10) Julle sal herhaaldelik probleme op hierdie aarde ervaar, want julle is te midde van 'n geveg. Selfs al woon die lig ook binne materie, is dit nie hier tuis nie. Dit word in so 'n mate afwaarts getransformeer dat 'n verlange in julle die basis is vir al julle negatiewe gevoelens.

11) Wat, MY getroue kudde, kan ooit met julle hier op aarde gebeur? Alles kan van julle afgeneem word, ook julle aardse lewe - dink aan MY - maar een ding kan die duisternis nie doen nie en dit is om julle te beroof van julle gees. Jou siel is vry. Die geestelike Kind, die Seun, die Dogter is vry.

12) Waarom is EK aan die kruis vasgespyker? Die duisternis het geglo in sy oorwinning rakende hierdie duister punt in die materiële sfeer. Maar in die donkerste oomblikke het MY GEES helder geskyn, en MY lig het Haar gedompel in al MY aardse kinders - in die mens sowel as daardie in die sielekleed. MY GEES het geskyn in die vorm van 'n ondersteunende GESALFDE-VONK sodat hulle [die gevalle geeste], te midde van die duisternis, sou herken dat die lig nie deur die duisternis oorwin sal word nie en dat daar slegs een weg is, en dit is terug na die lig.

13) Wat dit aanbetref, hoef geen spesiale spoorlyn opgestel te word nie. Die trein moet teruggaan in hierdie een rigting. Al is daar hoeveel ompaaie onderweg; die bewussyn wat in die duisternis verlore geraak het, sal sy weg terugvind tot in die lig, na die einste erkenning dat dit nooit eers die lig verlaat het nie.

14) Alles wat in die materiële sfeer gebeur, is bewussyn, maar nie net hier nie. As julle hierdie bewustheid egter verhoog, soos wat EK julle gedurig in die meditasies leer, sal julle ook die innerlike vryheid herwin van 'n Seun, 'n Dogter van die VADER, 'n vryheid wat julle tot in alle ewigheid en van alle ewigheid besit. Dit is julle erfdeel van die VADER; want in HOM is daar geen begin en geen einde nie. Aangesien jy **van** Hom is, is jy ook sonder begin of einde.

15) Dit is slegs die bewussyn wat na so 'n lae vlak getransformeer is, wat veroorsaak dat julle glo dat die asem van die lewe van julle af weggeneem is. Maar wanneer julle julleself in julle innerlike wese indompel, verhoog julle jul bewussyn en betree julle die kalmte van 'n Kind van die ALLERHOOGSTE.

16) Wat kan moontlik gebeur? Alles is goed soos dit is. Volke kom en gaan. Kyk in die uitspansel in: Sterre kom en gaan. Die lig wat julle met julle materiële oë sien, het dikwels al uitgedoof en die lig wat in die verre kosmos ontwikkel, sien julle nog nie.

17) Hoekom is dit? Dit het te doen met julle beperkte bewussyn. Tog stel julle jul eie grense. Weer sien EK julle gedagtes: "O MEESTER, sê vir ons, hoe kan ons ons daaglikse pligte uitvoer en steeds van ons grense af wegvlug?" EK antwoord julle so: “Selfs dit wat julle jul eie pligte noem, is julle eie grense. As julle pligte met vreugde gedoen was, sou dit nie meer pligte gewees het nie, dus nie meer beperkings of grense nie.

18) Julle het die vryheid om as skape te ontsnap om die oënskynlike gevaar van die rasende wolf te ontvlug. Julle het ook die vryheid om knus by die HERDER, Wie EK is, neer te vly. Die oomblik wanneer julle MY styf omhels, is dit 'n bewys van julle vertroue in MY. Julle verhoog dan julle bewussyn en herken in die wolf die optiese illusie, veroorsaak deur julle beperkte bewussyn.

19) Vandag het julle ook gepraat oor drome en hul betekenisse, waarop EK in die laaste openbaring gesinspeel het. Selfs in julle drome toon julle siele, of julle Hoër Self waarheen die skape hardloop. Terselfdertyd word julle oplossings gegee wat julle kan aanvaar of verwerp, omdat julle in algehele vryheid is. Of julle nou die oplossing vir julle probleem aanvaar of verwerp, die rigting van die hardlopende skaap is altyd in sirkels, wat teruglei na MY. So hoekom wil julle in die eerste plek hardloop?

20) Die argetipiese* simbole is voorbeelde vanuit ervarings en herkenning van julle broers en susters van alle voor-ouderdomme. Julle is op psigies-geestelike vlak met hulle verbind. Daar is geen skeiding nie! Elke ervaring wat julle deurgaan, is terselfdertyd die ervaring van julle naaste en andersom. *(*baie tipies van 'n sekere soort persoon of ding)*

21) By wyse van julle onderbewussyn vloei die riviere van ervarings en uiter hulle hulself aan julle. Hierdie riviere van ervarings word deur julle Hoër Self of deur julle beskermengele gebruik om julle te help in die huidige inkarnasie in ruimte en tyd. Aanvaar hulle en wees vol vreugde, selfs al ontwaak julle uit 'n angstige droom soos wat dit vroeër aan julle oorgedra was! Want selfs hierdie angs toon aan julle 'n vlak van bewussyn, soos om van MY geskei te wees. Dit word aan julle gegee, sodat julle julleself kan herken en sodat julle weereens MY nabyheid kan opsoek.

22) Alles wat EK nou so pas oorgedra het, sal jou geleidelik op die pad vorentoe lei om van jou 'n nuttige instrument in die aardse sfeer te maak. Daar is soveel behoefte op hierdie aarde, en almal wat MY woord hoor of lees, was gereed om lig te wees te midde van duisternis. Jy was gereed om simbolies albei hande uit te steek, ten einde die uitgestuurde strale terug te lei na die OERLIG. Vang die vele ligpunte rondom jou, soos met 'n brandende weerkaatser, en lei hulle terug na die VADER!

23) Elke suster, elke broer wat julle ontmoet, het julle liggevulde gedagtes nodig, moet opgevang word in hierdie brandende weerkaatser, wat jy veronderstel is om te wees. Alle menslike probleme wat jou beweeg, verdwyn in vergelyking met die geestelike behoefte wat op hierdie aarde heers, beginnende met die pyniging van die skepping, die diere, en strekkend na die lyding wat jou broers en susters wêreldwyd moet verduur.

24) Julle is die transformators! Julle het die krag in julleself ontwikkel. Hierdie krag wil homself deur julle verwerklik. Hierdie verwerkliking van julle daad kan slegs tot stand kom wanneer MY storm alles omgedolwe het wat op die verskillende vlakke van julle bewussyn gerus het. Dit kan slegs verwerklik word wanneer julle alles herken, sowel as julle beperkings, en wanneer julle dit saam met MY oplos in die teenwoordigheid van en deur MY GEES, sodat die kalmte van die winter in julle kan versprei en sodat die gevalle blare omvorm kan word in voedende grond/bemesting om in die lentetyd 'n oorvloed van bloeisels te gee.

25) MY son wil in julle opkom. MY son sal in julle opkom en die nuwe dag, die nuwe lewe, verkondig. Nie net vir julle nie, maar ook vir hierdie Aarde, vir hierdie planeet. Kom, moenie huiwer nie! Laat ons ons weg verder bewandel! Beoefen hierdie verhoging van julle bewussyn volgens julle vrye wil deur in meditasie te gaan! Wees MY lig!

26) Die aand het verloop. MY woorde raak julle aan. Neem GEREGTIGHEID saam gedurende die volgende dae! Moenie toelaat dat die mis, die duisternis, die hartseer van herfs julle onderdruk nie! Dit moet so wees - herken ook die simboliek hierin! Wandel saam met MY deur hierdie herfstyd, deur die stil dae waartydens die son selde skyn. Veral gedurende hierdie tye kan julle MY, die GOEIE HERDER, nog nader aan julle voel; soos julle self vertel het: "Wanneer die nood op sy grootste is, sal daar hulp aankom. As die duisternis op sy ergste is, is die lig op hande."

27) Herken ook in die laaste woorde wat EK so pas gespreek het, die simboliek vir julle bewussyn hier in ruimte en tyd! In die gees is daar geen skeiding nie; daar is EK een met julle, en daar is julle ook een met die VADER, en daar is julle een met alles wat bestaan.

28) MY Geregtigheid, maar ook die vreugde van die hemele, sy met julle! In julle wêreld van polariteite opponeer hulle mekaar, maar in die gees is vreugde en geregtigheid een.

29) MY liefde seën julle! Kom in hierdie vibrasie van liefde in! Herken dat die beweging van die pendulum in die laaste ontleding lei tot die toestand van rus in MY! En ten einde die pendulum te laat swaai, raak dit twee kante. Bevestig beide kante in julleself! Verminder die swaai en julle sal eenheid met MY bereik, met julle [OORSPRONKLIKE] OERTOESTAND, met ELOHIM!

**30) Meditasie**: beweeg al julle ledemate - ontspan julleself! Trek nou jou spiere styf en voel so jou menslike liggaam met al sy spiere, met al sy organe. En voel die lewe, die liefde, soos wat sy julle elke beweging bemagtig!

31) Word nou rustig en ontspan weer. Asem diep in en asem uit. Asem al jou menswees uit en trek die asem van goddelike liefde in! Asem alle spanning en alle bekommernisse, alle vrese uit! Jou asemhaling raak nou rustig en harmonieus ... Dit kom en gaan ... Jy laat dit toe ... Jy hoor die klop van jou hart in jouself, die pols van die lewe, die liefde. Jy voel MY.

32) EK is in jou - EK is in jou - EK is in jou - jy is een met die skepping - jy is een met MY - met MY - EK IS - EK IS ....

33) Nou is jou liggaam, jou menslike kleed baie ontspanne. Jou ledemate is swaar ... asof gewortel in die aarde, een met die aarde ... Jy is nie in staat om jou voete te lig nie, hulle is ineengesmelt met die aarde. Op hierdie einste oomblik kan jou menslike liggaam vergelyk word met 'n boom wat roerloos in die aardse skepping staan en wat glad nie beweeg kan word nie, selfs nie eers deur 'n vlagie wind nie.

34) Tog is die lewe in jou, die lewe in ELOHIM, sy is jou siel. - Maak jou siel nou vry, bewustelik, deur haar in jou bewussyn te plaas!

35) Kom nou, MY siel-skapie, kom weg van die aardse grense af!

36) Julle kyk af op julleself en sien 'n lang, vloeiende kleed van blou wat helder skyn. En in die middel van julle hart is daar 'n ligstraal wat ooreenstem met die lig van die ewigheid, met die Liefde van die VADER.

37) Julle sien hoe hierdie strale van julle skakel met die lewe in ELOHIM, en daardeur met die lewe wat om julle is en wat geseën word deur SY heilige asem. Toegewyd kyk jy om jou. Mure bestaan nie meer nie; want alles is nou gedompel in lig vir die siel. En lig ken geen grense meer nie. Selfs die donker nag op hierdie helfte van die aarde word verlig deur die lig van die ewigheid, deur die lig wat julle aangegryp het en wat julle nader aan julle doel wil bring, na die ewige LIEFDE.

38) Met julle geestelike oë kyk julle om julle heen en herken julle die hemelse leërskare wat in die lig staan en hulle hande na julle toe uitsteek, gereed om die verbond van die ewigheid te hernu, wat sê: Een vir almal - alles vir Een – DIE GESALFDE - ten einde vir liefde te veg. Julle word aangeraak deur 'n heilige rilling. Julle steek nou julle hande uit na al julle broers en susters van die ewige huis. ‘n Verhewe sirkel tussen hemel en aarde is besig om te sluit.

39) Julle bewussyn brei nou verder uit as julle aura en bereik die oneindigheid - een met die hemelse wêrelde - een met alle wesenlike bestaan. Julle sien die sterrewêrelde en julle herken dat selfs julle sterre-broers en -susters aangesluit het in hierdie verbond van vernuwing.

40) Te midde van die kring van die ewigheid skyn MY kruis helder en bedek - as verlossing - MY kinders se toets van vryheid. Die vertikale balk "liefde" vorm 'n goue stel trappe in die hart van die VADER in, en julle sien talle wesens wat na die BRON terugkeer. Die horisontale balk is die geheim van broederskap van al die VADER se kinders. Vrede, juig die engelekoor! Verblind, maar tog vol onuitspreeklike vreugde, kyk jy in die lig in.

41) Nou draai jy om! - Duisternis! - Donker rookwolke verswart die blou planeet aan julle voete. Julle sien al julle 'klein bekommernisse en probleme'. ‘n Sagte en tog ernstige en steeds liefdevolle Stem vermaan julle: “Kyk nou, MY kind, van MY heilige erfdeel dra julle krag en mag in julleself om alle duisternis te omskep in lig!”

42) ‘n Vrolike erns vervul julle: “Ja, VADER, hier is ek! Ontwaak uit 'n lang slaap, staan ek nou in vervulling in die gemeenskap van die lig.”

43) Een gedagte - een daad - een gemeenskap vir almal, in MY, JAHSHUA DIE GESALFDE.

44) Liefde - vrede - jubel die hemelse koor opnuut. Liefde - vrede bestraal die planeet Aarde deur julle, die duisternis begin ligter word.

45) En keer nou terug van julle kosmiese ekskursie deur eenheid in julle innerlike wese te handhaaf. En neem die erns na julle daaglikse bewussyn! Weereens aanskou julle die hemelse wêrelde met julle geestelike oë en begroet hulle met hartlike ywer. Julle kyk na die sterre en groet julle sterre-broers en -susters. In diepe nederigheid en met diepe dankbaarheid buig julle almal voor ELOHIM, die ewige heilige OERVADER, en julle neem weereens julle aardse kleed aan, die liggaam. - Alles is goed soos wat dit is.

46) Die siel bid: “Geliefde hemelse VADER, mag U **Barmhartigheid** deur my in hierdie wêreld uitstraal. U het my immers gewys hoeveel gebrek aan barmhartigheid daar op hierdie aarde is. U werk, o VADER, word gekroon deur Barmhartigheid, en so kan die goue lig van Barmhartigheid op hierdie aardse aardbol versprei deur my en al die boodskappers van lig binne U verbond.

47) Ek buig voor U **Liefde**, o VADER, wat alle pyn en hartseer dra, en ek vra om vergifnis vir al die liefdelose dinge wat die mensdom doen. VADER, ek buig voor U liefde en vra dat SY my mens sal bestraal, in so ’n mate dat ek nooit weer in staat sal wees om liefdeloos op te tree nie.

48) Ek bedank U vir U **Geduld** met my, allerheiligste VADERGEES. Geduld, magtiger as die magtigste bergreekse van hierdie aarde, geduld wat die son weer en weer laat opkom, vir die regverdiges sowel as vir die onregverdiges, wat skyn met dieselfde welwillendheid vir almal. VADER, leer my U geduld, sodat ek altyd geduldig kan wees met my broers en susters en met myself en laat die regte nederigheid in my heers!

49) Ek sal met graagte die splinter van die wêreld se kruis dra en sal nie meer kla of selfs hardkoppig wees nie. Leer my om die **Erns (Geregtigheid)** van hierdie era te herken en laat my U Geregtigheid meer en meer aanvoel, sodat ek nie meer in ruimte en tyd sal wankel soos 'n riet in die wind nie, maar dat ek sal vasstaan in JAHSHUA DIE GESALFDE, tot in alle ewigheid!

50) Stap vir stap wil ek U **Wysheid** ontwikkel, o VADER, sodat ek my onvolmaakthede kan herken op grond van U wysheid, sodat ek kan leer om in U wysheid te groei om U sodoende meer volledig in hoër erkenning te dien.

51) O, ewig heilige VADER, mag U **Wil** in en deur my geskied. Ek sal my eiewil op die altaar van my liefde vir U plaas. Mag al my menslike wil en hê oplos in hierdie liefde, in die vuur van suiwering, en mag U heilige wil my volkome bestraal!

52) U heilige **Orde** word dus in my volbring, o VADER, en sal my die krag gee om in en van U GEES te leef en op te tree, terwyl ek hier in hierdie sfeer van materie woon.”

53) Asem nou diep in en asem uit en voel hoe die stromende lewe deur jou liggaam vloei en pols! Luister weer na jou hartklop: Liefde - Vrede - Seën - Lig.

**Amein.**

# 63. oefening

**Weereens oor die vryheid van die kinders - onsekere toenemende verlangens is die verlangens van die verlore seun na sy vaderland - wat is dood? - sluier tussen die hiernamaals en hierdie kant van die lewe word opgelig - drome sê baie oor die toestand waarin ons sielelewe verkeer - profetiese drome word aan ons gegee - meditasie: Die uitbreiding van ons bewussyn tot die oneindige van ewige lewe - ons straal ons mees vibrerende liefde, vrede, seën en lig in hierdie Aarde in - bly in die sentrum van wysheid tydens meditasie, dit is die sentrum van erkenning**

1)Vrae: Waarom het ELOHIM die skepping gemaak? Waarom het ELOHIM ons nodig as sy refleksie? Watter 'speletjie' word daar met my gespeel?

2)Antwoord: Geagte Broer, EK JAHSHUA DIE GESALFDE beantwoord julle innerlike vrae en daardeur vir julle almal as volg: Kyk, in die suiwer geestelike sfere is die skepper nie van die skepsel geskei nie! Skepsel en Skepper is een, van een GEES.

3)Tydens die toestand voor die skepping was jy, as Seun, as Dogter, 'n gedagte van ELOHIM, en was jy in HOM sedert alle ewigheid. HY, die ALLER-EEN, het jou altyd binne Homself gesien as Sy Seun, Sy Dogter. Die liefde wat uit ELOHIM voortvloei na Sy gedagte, wie julle is, het julle in die toestand van individualiteit geplaas, uitgedruk in menslike woorde: Hy het julle in 'n geestelike skepping geplaas en Homself aan julle geopenbaar as VADER. Tog herhaal EK, in die suiwer geestelike wêrelde is skepping en Skepper nie van mekaar geskei nie.

4)In hierdie eenheid deel die skepsel 'n deel van ELOHIM en deel ook 'n deel in wat EK altyd uitdruk as erfenis, dit wil sê 'n aandeel in die daad om ELOHIM SE GEDAGTES uit te druk deur skeppings voort te roep.

5)Dit is julle BRON, wat julle moeilik kan verklaar in die woorde van ruimte en tyd. Met behulp van die woorde van ruimte en tyd skep julle al vir eons in die geestelike wêrelde, in vreugde, harmonie en eenheid. Maar sien, as die Skepper nie tegelykertyd aan die skepsel sy vryheid gegee het om saam te skep en saam te formeer nie, sou die skepsel bloot 'n marionet van die Skepper gebly het.

6)Hierdie gawe moes egter die vryheid insluit om ook moedswillig op te tree en te skep, volgens eie opvattings en nie in ooreenstemming met die wette nie, wat in die suiwer geestelike gebied liefde is. Daarom het hierdie vryheid, wat die Skepper aan Sy skepsels gegee het, reeds die moontlikheid van die val bevat. En nou het julle gevra na die naam van die 'speletjie' wat gespeel word. Die naam van hierdie speletjie is VRYHEID.

7)Die geskapene was bedoel om in absolute vryheid deur lig sowel as duisternis te wandel. Lig bepaal duisternis, so het EK dit aan julle verduidelik. Hoekom? Dit is ook deel van die wet van vryheid: As die geskapene net lig sou ken, sou hy of sy vir ewig marionette bly. Maar, as die geskapene egter ook die duisternis herken en daardeur gaan, bereik hy die ware vryheid van 'n geskapene.

8)Laat EK teruggaan na die verhaal [in oefening 53] van gehoorsaamheid versus ongehoorsaamheid. Slegs ongehoorsaamheid aan die gebod van die oudstes, om nie die geliefde te besoek nie, het die vryheid gebring om hierdie stad op arendsvlerke te verlaat.

9)Slegs ongehoorsaamheid aan die reëls van die ALLER-VADER, dit wil sê om in liefde op te tree, laat die skepsel die betekenis van vryheid raaksien. In hierdie vryheid het julle, as SY Seun of Dogter deur die dieptes geloop en tot by julle huidige vlak van bewussyn gekom. En in hierdie huidige toestand is julle in julle mees innerlike diepte - probeer dit aanvoel - ongelukkig. Daar is 'n sekere verlange in julle. Julle weet nie wat julle dit moet noem nie; julle voel ingeperk en glo dat julle die rede daarvoor in julle

huidige lewensituasie sal vind. Maar die oorsaak daarvan lê baie dieper. Laat EK dit hier vergelyk met die toestand van die verlore seun net voor sy terugkeer. Vanaf menslike kant gesien, is julle nou al 'n geruime tyd op pad huis toe en word gelei deur MY JAHSHUA DIE GESALFDE; maar hierdie aandringing van julle Hoër Self het nou magtig in julle geword, en julle vertaal hierdie aandringing as ontevredenheid met julle menslike bestaan.

10)Maar wanneer julle besef dat hierdie aandringing die stukrag is van die suiwer Seun, die suiwer Dogter, wat julle in julle innerlike wese is, en dat hierdie stukrag gefokus is op die goddelike erfenis in julle, sal julle julleself oopmaak vir die stromende volheid, en julle sal julle eie Damaskus-ervaring beleef. Julle het MY al twee keer gehoor roep.

11)EK het jou in alle onderskeid aangeraak, en jy sal MY weer eenmaal hoor. Met die derde keer sal MY Seun, MY Dogter, jy MY Vriend, julle innerlike wese uitbrei en julle sal erken dat die verstand soveel meer met die hart sal moet verbind, sodat Geduld, Liefde en Barmhartigheid julle kan vul en sodat julle kan put uit die volheid soos wat julle deur hierdie lewe gaan.

12)Dan sal julle die beperkings nie meer as sodanig ervaar nie, omdat dit deur uiterlike omstandighede aan julle opgedring was, inteendeel sal jy voel dat jy die Seun is, die Dogter wat hulle treë in vryheid oor die Aarde neem.

13)Moenie julleself beperk deur julle eie opvattings nie! Kyk, die wydte van die hele skepping lê aan julle voete! Weens julle eie verlange, wil julle soms deur die wapenrusting van julle huidige menslike lewens breek. Maar, gesien vanuit ’n ander oogpunt, is hierdie tronk, 'n seëning en 'n genadegawe wat aan julle gegee is.

14)MY liefde sy met julle.

15)Die aand het gevorder en EK vra julle om 'n bietjie geduld te beoefen om MY WOORD te ontvang en om julleself oor te gee aan die vibrasie daarvan.

16)Julle leef nou aan die begin van 'n nuwe era, waarvan julle vertel is dat MY diensknegte en diensmeisies sal profeteer, dat hulle visioene sou sien en drome sou droom. Wandel sonder vrees in hierdie, vir julle, ongewone gebeure in!

17)Tydens die vorige skool oefeninge het EK julle geleer dat vrese slegs bestaan indien liefde by julle ontbreek. Maar aangesien julle MY tot dusvêr gevolg het, het julle egter julle liefde bewys. Tog wil EK hê dat julle hierdie liefde in 'n magtige vuur sal verander en al julle vrese sal wegsmelt. Wat kan met julle gebeur wanneer julle deur ruimte en tyd gaan, verenig met MY? Alles is dan hede vir julle. Want dan sal julle die verlede en toekomstige gebeure vanuit 'n hoër perspektief beskou.

18)EK sal 'n pre-kognitiewe droom as voorbeeld gebruik, wat die oorgang van ’n suster na die hiernamaals verhaal het. Die mens [in die algemeen] verbind nog steeds die dood verstandelik met iets negatiefs.

19)Maar wat is die dood? Dood is vrylating, is verlossing, is ewigheid, lewe; want die waarlik dooies is die wat nie geestelik ontwaak het nie, soos wat EK julle geleer het. Diegene wat egter in MY opgewek word, leef vir ewig, en dood is 'n vriendelike broer wat sy hand uitsteek in die vorm van 'n engel, ten einde te help met die oorgang van hierdie aardse materiële vlak na 'n geestelike een.

20)Daar is niks spokerig aan so 'n prosedure nie, behalwe julle opvatting; want julle opinie vorm nog steeds julle gedagtes. Verander julle gedagtes en julle sal die Wysheid van MY WOORD herken! Julle sal ook die genade herken wat aan julle gegee word, dat julle nou in staat is om julle treë aan MY hand te neem in 'n ewige toestand wesenlike bestaan. Inderdaad, hierdie suster het saggies van julle afskeid geneem, deur die effense geluide by die venster en terselfdertyd bereik die boodskap jou, liewe broer, wat sê: “Alles is goed soos dit is! Daar is niks meer wat ons skei nie! “

21)Slegs julle menslike wese talm met ou denkpatrone. Kyk, aanvaar die boodskap met dankbaarheid en vergesel julle suster na die lig deur julle gebede; want haar oproep by die venster was terselfdertyd haar pleidooi aan julle om voort te gaan om haar siel met julle gebede te vergesel.

22)MY getroue kudde, hier en oral, besef dat sulke ervarings gedurende die komende tye sal toeneem, ja, hulle sal deel word van julle daaglikse lewe! Want die skeiding tussen hierdie kant van die lewe en die hiernamaals moet opgelos word. Slegs dan sal julle in staat wees om bewustelik hulp aan julle siele-liggame te verleen wanneer dit ookal op geestelike vlak benodig word.
23)Om julle standvastigheid te toets, word simbole in julle drome gebruik, wat julle nog steeds hier en daar kan laat skrik, maar dit is slegs om julle te help om julle steeds oorblywende vrese te herken, wat julle dan kan oplos deur julle liefde vir MY.
24)EK het vreeslose werkers van lig nodig! Tans is julle bewussyn op hierdie aardse sfeer nog steeds beperk. Julle is nog nie in staat om op verskeie vlakke gelyktydig bewustelik aktief te wees nie, maar EK JAHSHUA DIE GESALFDE wil julle lei tot hierdie soort kennis; en EK wil aan julle jul eie geestelike vermoë wys. [In waarheid], julle is onbeperk, net soos wat ELOHIM julle VADER onbeperk is. Buite ruimte en tyd werk julle aktief en gelyktydig op baie plekke, soos wat EK al voorheen aan julle verduidelik het; en julle huidige vlak van bewussyn stem ooreen met al julle vorige vlakke van bewussyn in die gebeure van ruimte en tyd en is ook effektief.
25)Al kan julle dit nie met julle menslike verstand begryp nie, vra EK julle om julleself in hierdie Wysheid te verdiep met julle hartsgevoelens; want buite die vlak van ruimte en tyd gebeur alles nou gelyktydig, ewiglik. Julle uitgebreide bewussyn is ook effektief binne die gebeure van ruimte en tyd, met die uitsondering dat julle hierdie uitbreiding stapsgewys ervaar. Gister het julle 'n sekere kwaliteit van gedagtes en dade gehad en môre sal julle gedagtes en dade verander het.
26)Julle is skynbare gevangenes van hierdie tydgebonde roete. Tog sê EK aan julle: Julle is vry, want julle siel ken beide toestande, die toestand van gevangenskap in ruimte en tyd, maar ook die toestand van vryheid, die toestand van ewigheid, byvoorbeeld, terwyl julle slaap. Soms word julle salig wakker, vroeg in die oggend, verfris en vol vreugde, versterk en vol krag. Gedurende die nag was die siel in die hoogste sfere en neem die vreugde wat sy in daardie sfere ervaar het, in haar aardse wese in. Die liggaam ontvang die uitstraling van die siel, wat haarself uitdruk as gevoelens.
27)‘n Ander keer ontwaak jy hartseer en depressief. Jou vrees het die siel in aardse sfere gehou, en jou liggaam wou sy siel nie loslaat terwyl jy slaap nie. Die siel het dus deur die Aarde gedwaal, vergesel van die vrees van die mens. Hierdie vrese het hulself gekoppel aan [die energie van] soortgelyke vrese tydens die siel se reis, en die siel het swaar belaai teruggekeer na die aardse liggaam en al hierdie laste afgelaai deur middel van en in die fisiese liggaam, in gevoelens van kwale, pyne en soortgelyke dinge. Beide toestande, die eerste sowel as die laaste, dien tot herkenning.
28)Slegs hy wat nie aan MY JAHSHUA DIE GESALFDE in vertroue vashou voordat hy aan die slaap raak en nie sy daaglikse werk in MY hande plaas ten einde MY seën te vra nie, ontwaak moeg en depressief. Want as julle MY seën vir die dag sou gevra het, sal alles wat nie so goed geloop het soos dit op daardie dag moes geloop het nie, sal deur die gebed opgeklaar word.
29)Wanneer jy aan die slaap raak binne hierdie uitstraling van geseënde gedagtes, sal jou siel haarself loslaat. Huppelend, vry en in eenheid met MY GEES sal die siel na hoër sfere streef, of sy sal omring word deur baie hulpengele. Saam met MY en hulle, sal ons deur die sfere van materie, of deur die gedeeltelik materiële wêrelde, wandel om in liefde te dien waar hierdie dienende liefde ookal nodig mag wees.
30)Hou aan om julle drome dop te hou, want hulle sê baie oor die bewussyn en toestand van julle sielelewe. Wend julle tot MY vir hulle interpretasie. Vra MY wanneer julle iets nie verstaan nie en EK sal julle die regte impulse gee. Ook hier is EK gereed om julle verdere inligting van die GEES te gee, ver buite die argaïese droomfoto's; want selfs in die droom-gebeure is daar drie vlakke om in ag te neem: die materiële, die psigiese [siel] en die geestelike vlak.
31)Die materiële vlak word nou al hoe meer en meer aangespreek weens toekomstige drome. Die sielsvlak word verklaar deur die argetipes van die sprokiesverhale, die mites en simbole. EK, JAHSHUA

DIE GESALFDE, sal die geestelike vlakke aan elkeen van julle afsonderlik verduidelik, want die betekenis daarvan is vir julle anders as die van julle broer of suster, want elkeen van julle het verskillende geestelike take aangeneem.
32)Julle dra almal die bron van MY EK-IS-WAT-EK-IS, die WOORD, die lewende water binne-in julleself. En EK vra vir julle vertroue met die impulse wat uit julle innerlike wese opstyg. Julle is onder MY beskerming, en wanneer julle ookal probeer om - altyd - die weg te vind vanuit julle eiewillige natuur na die Wil van ELOHIM, sal EK julle lei via julle swakhede op so 'n manier dat julle daaroor sal struikel - selfs materieel. Aangesien daar geen toevallighede bestaan nie, sal julle dalk dadelik wil vra wanneer so 'n gebeurtenis gaan plaasvind: "MEESTER, vertel my van die soort ego-rots waaroor ek nog sal struikel?" Op dieselfde oomblik, selfs voordat jy klaar gevra het, wys EK jou wat jy kort in 'n flits van herkenning, aangesien julle dan gereed is om hierdie erkenning te ontvang - want slegs dan [wanneer julle wil weet] is EK in staat om julle te help .
33)Wees daarom nie bang dat onwaarhede uit julle moedswilligheid kan kom wat julle kan mislei nie. EK herhaal, jy is onder MY beskerming! Hierdie beskerming lei julle daartoe om 'n outonome Seun of Dogter te word, wat uitsluitlik na sy of haar innerlike wese luister en beskou dit as sy of haar enigste geldige Bron. Alle ander waarhede word slegs as begeleiding gegee. Alles wat julle nie as innerlike waarheid herken nie, sal slegs gehoorde- of geleesde waarheid alleenlik wees. Slegs dit wat julle binne julleself uitgewerk het, is waarheid tydens julle huidige bewussyn.
34)EK gaan jou nou in 'n **meditasie** inlei: Beweeg weereens jou spiere kragtig! Span hulle almal! Voel die krag Wie EK in jou is! En nou, maak al Ons spiere los deur in jou die vloeiende GODDELIKE energie in jou voor te stel soos wat dit in jou instroom, pulserend deur jou, dit maak elke spier los wat nog gespanne is, sowel as elke breinsel, elke sel in jou liggaam, en hef hulle op tot in die hoogste vibrasie van geestelike wesenlike bestaan!
35)Ligte, heiligste lig van die VADER-MOEDER-GEES, raak jou aan, MY kind. Jy lig jou kop op en kyk na die lig. Moenie ondertoe kyk nie! Laat al jou gedagtes by jou verbyvloei sonder om jou daarmee te vereenselwig! En konsentreer nou op die lig!
36)Die lig vloei deur middel van die siel deur die agterkant van jou kop via die sentrum van Barmhartigheid. Sagkens vibreer Barmhartigheid van die VADER-MOEDER-GEES in jou. Liefde stroom in jou in en verbind met die liefde in jou. Julle het van Liefde af gekom en jy sal daarheen terugkeer, deur liefde te wees en niks anders as liefde nie. Jy word gevul deur die Geduld van ewigheid, deur sagkens een tree na die ander te gee, sodat die volheid van lig jou geleidelik opwaarts dra, sonder om jou te oorweldig.
37)Jy luister na jou hartklop: “EK is lief vir jou, MY kind! EK het jou lief; het jy MY ook lief?” Die hartklop word sterker: “Ja, VADER, ek is lief vir U! Geregtigheid pols deur my aardse wese met elke klop van my hart. Dit is die erns van U opdrag om U kind van die lig te wees en daarmee saam, die vreugde om so bevoorreg te wees.”
38)Jy kyk rond in die sirkel. ”MY kind, jou geestelike sig brei verder uit as jou hartsgevoelens; tot verby jou liggaam en sien die nabye en verre skeppings. Jy sien wêrelde wat by jou verby gly, wêrelde wat kom en gaan. ”
39)En jy kyk verder en sien geestelike planete wat om geestelike sonne wentel. Jou sig is nou in lyn met oneindigheid en jou gewaarwordinge in lyn met oneindigheid, genoem ewige wesenlike bestaan. Jy herken, MY kind, dat jou hartklop nou klop met die ritme van liefde, wat ’n effek het deur die gehele skepping. Jy is nie hierdie klein mensie in die aardse kleed nie. O kyk, hoe alle sonnestelsels binne jou wentel. Jou bewussyn is onbeperk. Oneindig ver, sluit dit aan by die bewussyn van jou OERBRON, in die hart van die VADER-MOEDER-GEES.
40)Die kring is voltooi; skeiding is op daardie oomblik opgehef. Kyk, MY kind, skeiding van die ewige wese is slegs denkbeeldig, bestaan nie in jou innerlike geestelike gevoelens nie. Betree dus Wysheid,

waaruit jy meer en meer put, aangesien jy jouself gewillig binne die GODDELIKE Wil geplaas en Orde jou eie gemaak het.

41)Alle selle adem die GEES van Oneindigheid in. Die aardse liggaam ontvang kragtige invloeiing. Nou keer jou sig terug, en hierdeur haal jy jou bewussyn in ten einde dit weereens na die Aarde te lei, na jou huidige verblyf in ruimte en tyd.

42)Jou geestelike sig aanskou die planeet Aarde vanuit die sentrum van Orde. Lusteloos vibreer die planeet onder jou voete en dans in die magneetveld. Liefde, hoogs pulserende liefde stroom deur jou na hierdie planeet, wat bestraal word deur die MOEDERLIKE GEDEELDE-ASPEKTE van Geduld, Liefde en Barmhartigheid en inderdaad het 'n deel daarvan haarself in die Aarde gedompel en versoek jou, smeek jou, om bevry te word.

43)Voorwaar, jy is nie hierdie klein mensie nie, maar 'n kind van lig, wat van die suiwer geestelike wêreld neergedaal het om verlossing te help bewerkstellig. Deur jou en na die Aarde aan jou voete stroom die gedagte aan liefde weereens, toegerus met magtige skeppingskrag.

44)'n Ander gedagte sluit aan by die eerste: Dit is vrede. En deur jou kreatiewe gedagtes raak die rustelose hart van MOEDER AARDE kalm. Die vurige, warm lawa, rooi en witwarm vloeiende massa klippe word gedemp. Jy het die krag, MY kind, groot en kreatiewe krag, gebruik dit!

45)Liefde, vrede en seën vloei oor en deur jou. Lig nou jou blik en kyk na die lyding onder jou broers en susters wat nog steeds hierdie planeet regeer! MY kinders, julle het uitgegaan om die lyding te verminder. Kom julle belofte na, stuur strale van vrede en liefde in die harte van julle mede-broers en susters in, veral nou in hierdie voor-Kerstyd, die tyd van voorbereiding van MY koms in julle! Kragtige skeppingsgedagtes kan oorloë beëindig.

46)Waarheen, MY kind, vlug julle gedagtes? Hoe gereeld vergeet julle om dit te konsentreer, want julle is nie bewus van julle innerlike opdrag nie? Kyk ook na die lyding van die dierewêreld! Deur jou, MY kind, sal die leeu eendag rustig langs die lam lê, want EK JAHSHUA DIE GESALFDE werk tesame met MY en jou liefde, ten einde paradys 'n realiteit te maak.

47)Kom, bly nie meer by die aardse vrese, bekommernisse en probleme nie, maar wees bewus van jou verhewe taak, en steek die kerse in jou innerlike hart aan om jou tempel te verlig om MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, te verwelkom! Want elke kreatiewe gedagte, selfs gevoelens, word voorgestel deur die kerse en die suurstof, - die kerse behoort helder te brand, want dit is jou daad.

48)Nou het jy geestelik na jouself teruggekeer. Jy voel die vibrasie van die GODDELIKE Orde, Wil en **Wysheid**. Tot volgende keer en indien jy bereid is, vertoef in hierdie **sentrum van herkenning**, vra EK jou! Ondersoek jouself in die lig van jou waarheid, met jou eerlikheid, waar jy nog geestelik tuis is. Haal die swerwers van jou gedagtes in! Dra hulle in die sentrum van GODDELIKE Wysheid in, Wie jou wil vul, sodat jy jou gedagtes sal omvorm tot magtige kreatiewe kragte, om hulle uit te stuur en sodoende aktief te word in die proses van verlossing! EK JAHSHUA DIE GESALFDE lei en rig jou en wil jou vergesel na nog dieper vlakke van bewussyn. Dit hang van jou eie vrye wil af of jy MY wil volg al dan nie.

49)Nadat jy die sentrum van Wysheid intensief aangespreek het, gaan ook na jou innerlike tempel, die vlak van bewussyn, genaamd **Geregtigheid** of **ERNS**, en kyk na die kerse wat jy daar aangesteek het! Ondersoek jouself om te sien of jy selfs meer daarvan kan aansteek, deur jou huidige wandeling, sagmoedig en nederig met jou hele hart, deur alles te vergewe wat vergifnis nodig het, deur vervul te word met Liefde gepaardgaande met Barmhartigheid.

50)MY seën sy met julle, met julle, met julle. EK julle BRUIDEGOM wag op julle met groot verlange.

**Amein.**

# 64. oefening

**Hoe priesterskap in die verskillende godsdienste ontstaan het - alle godsdienste het 'n gemeenskaplike doelwit: om god se kinders weer na vryheid te bring - Jesus Christus bevestig die gemeenskap, opponeer bande - alle lewe is wederkerige verhoudings - 'n blik op die toekoms - meditasie: Sentrum van Geregtigheid het die sterkste uitstraling - ware kersfees: Die sielsbruid in heilige vereniging as een met Jesus Christus**

1)Geliefde vriende, EK JAHSHUA DIE GESALFDE groet julle!

2)Julle gesprek vanaand het gegaan oor die institusionele Kerk en die gebondenheid wat julle sekere tye voel. EK sal julle terugneem na die begin van die mensdom, om julle in staat te stel om te verstaan waarom daar telkens weer institusies ontstaan het waarin hiërargieë opgebou is, wat dan die leiding oor die leierskap van die gelowiges geneem het.

3)Toe die eerste mense op Aarde geïnkarneer is, het hulle niks van die natuurwette geweet nie. Hulle kon nie die rede verklaar waarom 'n meteoor die Aarde tref nie. Hulle het nie geweet waarom daar dag en nag was nie. Hulle was vreesagtig wanneer die maan die son verduister het, en hulle het verskrik en beangs op die Aarde neergeval in vrees dat die sonlig vir ewig kan verdwyn.

4)Selfs toe het daar op Aarde geïnkarneerde wesens van lig bestaan wat afkomstig was van die MOEDERLIKE ASPEK VAN ELOHIM, genaamd Geduld, Liefde en Barmhartigheid. Hulle het die aardse kleed aangeneem, ten einde hul broers en susters op hierdie aardse sfeer te help en om hulp aan hulle te verleen ter bevordering van hul geestelike ontwikkeling. Terselfdertyd het hierdie boodskappers van die lig die sfere van die duisternis binnegedring en moes hulleself buig voor die wette van die duister wesens, wie se begeerte dit was om die donkerste nagte te verken.

5)Deur die goddelike wette wat die Seun of Dogter van die ewig heilige VADER-MOEDER-GEES regeer, kon die lig nie volledig in die menslike liggaam inkarneer nie en daarom moes die hoogste kennis en hoogste bewussyn in die menslike liggaam bedek bly. Die wesens van lig kon nie hul eie lig ten volle in die menslike liggaam inneem nie, omdat die liggaam nie die hoë vibrasies sou kon verduur nie. Daarom moes die lig merendeels in die sfere van tuis gebly het.

6)Dit kon dus gebeur het dat die boodskappers van die lig, geskadude [verduisterde] wesens geword het tydens die gevangenskap in die menslike liggaam. Hulle het meer as hul menslike broers en susters geweet en is daarom deur hulle eerbiedig. Hierdie eerbied het gelei tot die ontwikkeling van 'n priesterlike hiërargie tydens die opbou van die eerste godsdienste. Verstaan dat dit te make gehad het met die “val” van die individuele boodskapper van die lig. Die duisternis [val-broers en -susters] het met versoeking nadergekom, en die spesifieke boodskapper van lig was nie in staat tot weerstand nie. Hy het hulle toegelaat om hom te verhef, hom te eerbiedig, en helaas, het die priesterskap ontstaan.

7)Maak nie saak waar julle kyk nie, priesterskap bestaan in elke godsdiens, selfs in die natuurgodsdienste. Beskou die Sjamane en die mag wat hulle steeds oor hul stamme uitoefen. Al die leiers, in die loop van die geskiedenis van die mensdom, is voormalige boodskappers van die lig - en hiermee bedoel EK die godsdienstige leiers, nie dié van die huidige wêreldse regerings wat vandag bestaan nie.

8)Gedurende die oertye van die mensdom was die priesterskap terselfdertyd die regering. En afhangende van hoe diep die val van die boodskapper van die lig was, was sy heerskappy steeds geseën deur ELOHIM, die VADER. Want ten spyte van die manier waarop hy regeer het, was daar tog 'n mate van lig aan die mensdom gebring, tensy die heerser homself heeltemal aan die kant van die duisternis gestel het, met wreedheid begin regeer het en vrees opgewek het om sodoende sy medebroers en -susters met vrees te onderwerp.

9)Priesterskap het selfs gedurende MY tyd [op Aarde] bestaan. Aan julle is oorgelewer hoe EK hulle hanteer het. Laastens het hulle MY aan die kruis vasgespyker, want EK het die mag uit hul hande geneem. Nietemin bly die Gees van Liefde aktief. Veral gedurende hierdie tyd, het 'n groot aantal boodskappers van lig hier op Aarde geïnkarneer en dit oral gedoen, **binne** en **buite** alle godsdienste en institusies. **Almal het dieselfde gemeenskaplike opdrag** en dit is om ELOHIM se kinders na vryheid te lei.
10)Het EK nie gesê: "Waar twee of drie in MY Naam vergader, daar is EK in hulle midde nie?" Daarom ondersteun EK gemeenskaplikheid (gemeentes) en het dit nog altyd ondersteun, maar EK het uiterlike gebondenheid afgekeur. Wie is dit wat uiterlik gebonde is? Dit is hy wat glo dat hy nie na ELOHIM, die VADER-MOEDER-GEES, kan kom sonder om aan 'n institusie (kerk) verbonde te wees nie, ongeag watter naam dit ookal mag hê.
11)Diegene onder julle wat die institusies bestudeer, sal die ou gees van die teëstander herken, met sy magshonger en die wil wat gebore is uit moedswilligheid, om ELOHIM se kinders soos klei in sy hande te vorm, deur vrees te gebruik.
12)Terselfdertyd sal hy **ook** die boodskappers van die lig sien wat, in die bewussyn van die nuwe geestelike tydperk, ELOHIM se kinders na vryheid lei en hulle vergesel omdat hulle nog leiding nodig het. En hulle sal hierdie leiding nodig hê, totdat die seun of dogter geestelik volwasse word en hulle ten volle bewus word van wie hulle is, naamlik geestelike Seuns en Dogters van die ewige heilige VADER.
13)Programme wat in julle geheue gestoor is, strek dus vêr terug na die heel eerste [oer] begin van die mensdom; want in julle onderbewussyn is julle altyd gekoppel aan alles wat ooit in ruimte en tyd gebeur het. Daarom is julle baie vertroud met alle magstrukture, en dit is net natuurlik dat julle, sodra julle in vryheid ontwaak, heftig teen al hierdie magstrukture sal veg.
14)Na 'n sekere tydperk van ontwaking - hoor die humor in MY stem - sal julle jul vegtery staak. In stede daarvan sal julle jul wend na alles-begrypende liefde. Julle sal deels die desperate sukkelende boodskappers van lig in die institusies sien, en begrip, komende uit barmhartigheid, sal liefdevol na hulle toe vloei vanuit julle innerlike wese.
15)Herken dat al hierdie rituele op hierdie manier begin vorm aanneem het! EK het al met julle hieroor gepraat en sal dit nou kortliks bespreek. Wanneer julle alleen in meditasie gaan, vind elkeen van julle dit steeds moeilik, as gevolg van elkeen se eie individuele redes.
16)Aan die ander kant, wanneer julle in gemeenskap met mekaar verbind is en saam luister na die meditasie, is dit nie net jou krag wat opvlam nie, maar die vlamme van al jou broers en susters wat met mekaar verbind is en 'n brandende vuur word. Daarom is julle meditasie hier soveel kragtiger as wat julle dit alleen tuis doen.
17)Dit werk so omdat jy op hierdie oomblik nog steeds geskei voel van jou gemeenskap wanneer jy alleen by die huis is. Maar, wanneer jy egter hierdie gemeenskapsgevoel in jou innerlike wese te alle tye kan handhaaf, sal jy dieselfde krag voel asof julle almal saam was. EK verwys nie na spesifieke individue nie, maar na enigiemand wat deur vriende, kennisse of ander kringe by hierdie gemeenskap aansluit. Julle skei nog steeds. Julle verlaat hierdie groep, julle verlaat die spesifieke huis, en julle gaan terug na julle daaglikse roetines.
18)Die nuwe era is 'n era van innerlike verbintenis. Die nuwe era is die era van die Gees, van die MOEDERLIKE GEES, die Gees van Geduld, Liefde en Barmhartigheid, en binne hierdie drie eienskappe bestaan skeiding nie meer nie. Selfs al streef julle reeds na die innerlike gemeenskap, werk dit nog nie so volledig nie. EK wil julle troos: Julle is aan die begin van 'n nuwe era. In hierdie era sal nie net die skeiding tussen julle medemense afgeskaf word nie, maar ook elke ander skeiding.
19)Deur die herkenning van julle wetenskappe, deur julle leerstellings, sal al die broers en susters wat nog nie 'n geestelike weg bewandel nie, geleidelik oortuig word dat geen lewe bestaan, wat nie

ooreenstem met alle ander lewe nie. Of dit nou die plantelewe, die dierewêreld is, of dit nou die lewe in elke medemens is. En wat is lewe? Lewe is liefde. EK is liefde, analogies aan "Die hart van die VADER." Dan sal al die "As .... dan ...." - korrelasie ophou, want die mens sal hierdie allesverbindende eenheid deur en deur ervaar en sal leer om vanuit sy eie innerlike wysheid te put.

20)Selfs dan sal daar nog daardie magtiges wees wat hulself wil laat geld, ja, die stryd sal toeneem; want die magtiges sal hul mag sigbaar verloor en sal met alle mag veg om nie te verloor nie. Dit gebeur selfs nou, en hierdie stryd sal toeneem. Maar die lig, MY getroues, kan nie teruggehou word nie. EK lei julle in hierdie New Era in, waardeur julle dan nie meer aan die woord "lei" sal dink in dieselfde terme as wat julle nou daaraan dink nie.

21)Om gelei te word beteken vandag vir jou dat jy voor iemand buig en jou deur iemand laat lei wat homself bo jou verhef. In die toekoms sal hierdie woord 'n ander betekenis hê, naamlik dat dit sal beteken dat EK in 'n geestelike verbinding met die siel is, wie julle is. Die Bruidegom, Wie EK is, trou met die siel wie jy is. Beide is een, en uit hierdie innerlike eenheid lei julle julself; want dan sal daar geen skeiding meer van MY wees nie. En jy sal jou selfs in vlakke van bewussyn inlei van waaruit jy weer gaan put. En 'n magdom van ontelbare nuwe idees sal vir jou oopgaan, wat jou huidige lewe totaal gaan verander.

22)Prioriteite sal anders opgestel word. Vanuit hierdie geestelike eenheid kan die mens nie anders as om **vir** hierdie eenheid op te tree nie. Hy leef dan met die skepping. Daarbenewens leef hy saam met die geestelike wêrelde, wat tans nog van julle geskei is. Die sluier tussen hierdie kant van die lewe en die anderkant sal gelig word. Op grond van julle bewussyn sal julle deur alle sfere gaan en verbind word met alles wat daar is.

23)EK het saam met julle na die verlede gegaan en vandaar na die toekoms. Laat ons nou terugkeer na die hede, na die hier en nou. Tans lei EK julle nog steeds as die MEESTER, as JAHSHUA DIE GESALFDE, sodat julle alle hindernisse kan deurbreek wat julle vir julleself geskep het, en dat julle ook die versperring van leiding sal oplos, deur in eenheid te kom.

24)In die hier-en-nou wil EK julle 'n **meditasie** gee. Julle moet egter nie aan sy woorde vasklou nie. Dit is slegs as 'n voorbeeld bedoel, soos met al die ander voorbeelde, wat gebruik is om by te leer, om julle innerlike sfere verder oop te maak en om julle bewussyn te verhoog.

25)Kortliks, beweeg weereens jou ledemate en span jou spiere! Laat gaan nou! Laat alles gaan: Siektes, bekommernisse, emosies en die verlede! Asem alles uit en asem gees, lewe, lig en liefde in! (Pouse)

26)Lig is in jou binneste! Lig is ook buite jou! Lig, lewe is oral in die materiële en nie-materiële skepping! Alles adem dieselfde GEES in! Elke sel van jou aardse liggaam dra lewe, dra lig. As die lig binne die selle verduister, verminder lewenskrag en siekte sal jou besoek. Julle is kinders van die lig en as sodanig is julle in staat om die lig, die lewe in elke sel, tot volle ontwikkeling te bring, sodat hierdie aardse liggaam die siel kan dien met al sy krag.

27)Asem al die duisternis in jou selle weer diep uit! Lig vul nou jou selle. Asem hierdie lig in! Lewe, kragtige energie stroom deur jou liggaam. Jy voel hierdie kragtige bestraling tot by die punte van jou tone. Jou liggaam vibreer - moenie daaroor wonder nie! Hierdie vibrasie van lig sal nou geleidelik in jou toeneem; want die era van die gees bewandel hierdie Aarde en gees is lig, liefde, lewe.

28)Jou liggaam vibreer in ’n kloksgewyse rigting. Alle selle is in hierdie vibrasie, want die teenoorgestelde vibrasie is siekte, wat julle uitgeasem het.

29)Die sentrum van Barmhartigheid vibreer in kloksgewyse rigting. "O ewige SKEPPERGEES, U, Wie Barmhartigheid is in U moederlike eienskap, ek wek hierdie eienskap ook in my op."

30)Vanuit die eienskap van Barmhartigheid groei die begrip vir alles wat leef. Uit Barmhartigheid groei ook die liefde vir alle lewe. Albei sentrums is noukeurig verbind.

31)“Liefde stroom na al ons broers en susters, wie se gedrag ons miskien nog nie met ons huidige begrip verstaan nie. Ons het hulle selfs veroordeel. Ons stuur nou ons begrip en aller-barmhartige liefde aan almal wat sukkel – net soos ons - op pad huiswaarts na die VADER SE HUIS.
32)Van Geduld af kyk ons na die oneindige ruimtes van tyd, die eons van menslike ontwikkeling. Deur hierdie terugblik word die sentrum van Geduld versterk, dit is die sentrum van nederigheid en sagmoedigheid. Ons vertoef in GODDELIKE Geduld in die hier-en-nou en buig nederig voor al ons broers en susters. Ons is daarvan bewus dat almal worstel en dat almal immers op pad huistoe is, en ons besef dat hulle slegs hul bewussyn vanuit hul plek in die hart van ELOHIM na die donkerste nagte gestuur het, ten einde dit te verken.”
33)Nederig, raak jy bewus van die feit dat jy ook deur die donkerste van nagte gegaan het! Nederig besef jy dat niks jou van 'n ander skei nie, en dat elke pad op een of ander manier met joune verbind is. Nederig besef jy verder dat elke steeds oorblywende emosionele reaksie, afkomstig is van die dieper vlakke van jou siel, van inkarnasies waarin jy gedink en opgetree het soos wat jy nou doen en waarin jy bygedra het tot daardie dinge wat vir jou in die hier-en-nou verskyn . Die spieël sal eers stil word wanneer julle die weg na ware vryheid van die allesomvattende Liefde en Barmhartigheid gevind het.
34)MY WOORD aan jou is ernstig en in hierdie **Erns** vibreer die sentrum van jou hart. Dit klop nou met die ritme van ewige wese, in eenheid met die Asem van ELOHIM. Jou hart sal angstig of vinnig klop, of selfs soms jaag, solank daar nog woede en toorn in jou vanuit die verlede is.
35)Mag hierdie sentrum in hierdie komende dae veral “na aan julle hart wees”, alles in ooreenstemming met julle vrye wil. Herken deur hierdie gebruikswoorde hoe belangrik hierdie sentrum in julle lewe is. Hoeveel meer dinge lê julle nog na aan die hart dat dit dalk so angstig moet klop? Of vibreer dit dalk soos nou, in eenheid met alle lewe, in eenheid met MY? Hierdie sentrum is terselfdertyd julle innerlike tempel waarin EK JAHSHUA DIE GESALFDE na julle toe gaan kom as julle Bruidegom. **Dit is die sentrum van die mees intense uitstraling van lig**. As dit ontwaak is, is julle gedagtes gekoppel aan die hart en is julle gedagtes ingebed in Liefde, Barmhartigheid en Geduld.
36)Hierdie innerlike tempel is terselfdertyd die plek waar julle al julle bekommernisse oor die daaglikse stryd van julle bestaan kan bring. EK JAHSHUA DIE GESALFDE is daar teenwoordig om alle laste ookal van julle af te neem, om julle te versterk en te vertroos, nie net deur julle met krag te bestraal nie, maar ook in MY persoonlike woord. Hoe graag wil EK met MY Bruid praat, elke oomblik van haar bestaan. Voel nou die verlange wat vanuit hierdie innerlike sfeer na julle toe vloei, die verlange na die mistieke eenwording met julle.
37)Dit is dan die ware “Kersfeesviering”, EK en jy, MY sielsbruid, in heilige toewyding - een GEES.
38)Van nou af sal julle toenemend put uit die inwonende Wysheid en julle sal die verborge waarheid herken in alle godsdienste en gemeenskappe van hierdie Aarde. Vanuit daardie wysheid sal julle alles bevestig wat liggevul is en sal dit wat nog in die duisternis is, omskep tot liggevulde bestaan. Waarom sien julle julleself nog steeds as passief? Julle is al die akteurs in hierdie “spel”, soos wat julle dit noem.
39)[Die] Heilige Wil van die VADER-MOEDER-GEES gryp julle aan. En SY wil die moedswilligheid van hierdie wêreld, van hierdie aardse bestaan, deur julle transformeer, sodat die GODDELIKE wette van hemelse Orde ook effektief kan raak op hierdie Aarde, sodat hulle hierdie planeet na 'n hoër vlak kan transformeer.
40)Weereens: Julle is die akteurs. Julle is die mede-verlossers. Julle is die boodskappers van lig. Nie vanuit 'n moedswillige menslike vlak nie, nee, maar saam met MY JAHSHUA DIE GESALFDE, in die eenheid van een gees, een krag, een liefde, een lig. In hierdie bewussyn sal julle deur die beperkings van julle aardse liggaam breek en sal julle weereens begin vibreer in die omvang van julle Wese, die Bewussyn wat nooit van ELOHIM geskei was nie.

41)In hierdie bewussyn lê die hele planeet Aarde in julle hande en lig vloei deur julle na die Aarde toe; en julle sal effektief wees in die krisissentrums, te midde van die duisternis, in die kapasiteit van 'n alles-oplosbare lig. In hierdie bewussyn is julle in gemeenskap met die suiwer geestelike wêreld, met alle sfere, met julle sterre-broers en -susters; en in hierdie eenheid sal julle effektief wees in die ontbinding van ruimte en tyd.
42)Alle krag is in julle innerlike. Gebruik dit! MY seën vibreer na elkeen van julle, in eenheid met MY verlange na julle almal, hier in hierdie sirkel en oral. Laat MY nie langer hier staan en met julle in julle innerlike wese pleit nie!

**Amein.**

### *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

## 65. oefening

**Alles is vibrasie, selfs die planete het 'n ontvangende of gewende effek. Byvoorbeeld, ons gebruik Mars om te illustreer - maak nie saak waar ons in die wêreld is nie, ons is die transformators van liefde - meditasie: Ons spreek die sentrum van goddelike geduld, nederigheid, sagmoedigheid aan - ons word opgeroep om rondom ons op te let, hoe alles dors en kwyn na die water van die lewe; bevestig jou plig tot liefde - sneeu smelt aan ons voete in die son van liefde; blomme bot, die lente is die vreugde van die hartlike ja, die daad is die oes van die vrugte in die herfs, wat die somer rypgemaak het. Die Meester gee die kroon aan die bruid wat huistoe kom- daarbenewens het sy die versierende juwele nodig, wat deur liefde en barmhartigheid verkry word.**

1)MY vrede sy met julle. EK JAHSHUA DIE GESALFDE, julle vriend, julle broer, julle metgesel, is in julle midde.
2)MY getroue kudde hier in hierdie sirkel en oral, die komende tyd daag julle veral baie uit, julle wat MY boodskappers van Liefde is. Julle gevoelens word nie meer beskerm deur die wapenrusting van die menslike liggaam, wat oor die siel gedrapeer is nie. Inteendeel, alle vibrasies rondom julle het nou 'n direkte invloed op julle siel.
3)Genade, wat die Aarde in toenemende mate bestraal vanaf die VADER SE OERSENTRAALLIG, soos wat EK al aan julle geopenbaar het, begin om die swaar materiële aardse stowwe deur te dring en te vul met lig. Materie word na hoër vibrasies gebring, en hierdeur word julle menslike liggame ook ietwat verhoog. En as gevolg van hierdie verhoogde vibrasie, veral diegene van julle wat eens belowe het om instrumente op hierdie Aarde te word, sal nog meer geraak word deur hierdie genade en lig vanuit die suiwer geestelike hemele.
4)Hierdie lig bestraal julle siele en raak elke vibrasie sagkens aan om dit in lyn te bring met liefde. Wanneer hierdie liefde vibrasies vind wat hul weerklank in die negatiewe sfere het, word hulle aangeraak en plofbaar ingewerp in die bewussyn van die mens.
5)Herken, MY geliefde kudde, dat alles sy uitwerking op alles het. Alles is vibrasie: Die planete wat saam met die Aarde rondom die son wentel, affekteer mekaar, hulle ontvang stimulasie of bevrug. En julle hele sonnestelsel is weer in die ontvangs-modus en ontvang sy krag van 'n ander middelsonstelsel wat hoër op staan, wat nou die sfeer van die Melkwegstelsel ingekom het, die heelal wat julle kan herken.
6)Julle sterrekundiges sê dat die Aarde onder die invloed van 'n Mars-jaar is, en baie glo dat Mars 'n aggressiewe planeet is, wat konflik en uitdagings van oorlog veroorsaak. Maar, daar is egter altyd twee aspekte in julle polêre wêreld waarna gekyk moet word. Die planeet Mars bestraal die Aarde, wat be-

teken dat daar 'n sekere geestelike vibrasie daarvan uitgaan, waarmee Mars die Aarde vir 'n sekere periode omhul. Nou, volgens die GODDELIKE WET, soek hierdie vibrasie resonansie. As dit niks vind nie, word die karakteristieke wat aan Mars toegeken is, getransformeer na liefde.

7)‘n Voorbeeld vir julle beter begrip: As julle hier en daar in 'n twis met julle omgewing woon, word die resonansie van die planeet-uitstraling "gevegte/stryd" opgewek. Gevegte en meningsverskille kom na julle toe aan en julle word getoets in hoe verre julle hierdie meningsverskille met liefde kan teëwerk. As julle liefde geword het, as gevolg van julle ontwikkeling, kan die meningsverskil wat na julle kant toe gekom het, nie meer met julle resoneer nie. Niks daarvan vibreer in jou nie, en jy sal die vyandelikhede met geduld en liefde ontbind.

8)Net soos wat dit met klein dingetjies is, so is dit ook op groter skaal. Binne-in julle word resonansies aangewakker, en julle sal 'n stryd met julleself ervaar, solank as wat julle nie liefde vir julleself voel en julleself aanvaar soos wat julle is nie. Die stryd met julleself veroorsaak vibrasies wat julle omgewing onaangenaam beïnvloed. Dit lei weer tot die spieël wat julle forseer om jouself te konfronteer. Natuurlik is hierdie spieël binne-in julle, - julle wil net nie daarin kyk nie. En so sal die mense rondom jou, jou met vyandigheid benader en jou van dinge beskuldig, sal met jou begin twis en baklei. Hy wat homself steeds nie in hierdie situasie herken nie en wat ander blameer, in plaas van homself, kyk na die daaglikse gebeure in die wêreld. Daar wag 'n veel groter en magtiger spieël op hom: Vegtery, vyandigheid, oorloë, korrupsie en vernietiging, oral waar hy kyk. Op groot skaal bestorm hierdie indrukke hom. Weereens glo hy dat hy na hierdie strydende volke moet kyk vir die oorsake, en al sy gewaarwordings, wat sterk binne-in die siel stroom en vanaf die siel terugspring, vorm gedagtes, soos: “Hoe boos is hierdie wêreld nie! Oral is daar niks anders as dood en vernietiging nie.”

9)Hoe minder die mens homself herken in die spieël van sy omgewing, hoe moeiliker sal die toetse wees wat sy Hoër Self hom gaan gee. Hy sal gedagtes hê soos: “Die hele wêreld het teen my gedraai. Alles loop verkeerd.” As herkenning hier sou begin, kon dit die keerpunt gewees het. Toetse sal net na julle toe kom, solank as wat julle resonansies in julleself dra, veroorsaak deur vibrasies wat niks met liefde in gemeen het nie.

10)As julle die skuldige begin soek binne-in julle - en slegs binne-in julle - en as julle na MY toe kom, Wie altyd bereid is om SY hand na julle toe uit te steek, sal EK binne-in julle spreek en sal die probleme op baie verskillende maniere vir julle uitlê . En EK sal dit nie net deur die WOORD doen nie, maar ook deur alles rondom jou. Alles is energie; alles is vibrasie. Maak julleself gereed om alles wat nou na julle toe kom met vreugde te ontvang, wetende dat julle uitgegaan het om hierdie vibrasie van basiese kwaliteit na 'n hoër soort te transformeer!

11)MY geliefde, maak nie saak waar julle in die uiterlike wêreld is nie, maak nie saak wat julle beroep is nie, oral waar julle is, is julle transformators van liefde. Wanneer die liefde, Wie EK IS, julle heeltemal aangegryp het, wanneer dit deur elke sel van julle aardse liggame vloei, soos wat dit vandag beskryf was, sal julle die aardse bestaan as veranderde mense bewandel.

12)Julle sal steeds die meningsverskille rondom julle sien. Selfs vyandigheid sal steeds na julle toe aankom, maar omdat julle van binne af gebalanseerd is, omdat julle in liefde vibreer en julleself aanvaar soos wat julle is, aangesien julle julleself liefhet en daarom vir MY in julle, sal julle deur hul vyandighede sien. Ook hier sal julle herken wat hulle vir julle probeer vertel, maar julle sal hulle nie meer sien as stryd of aggressie komende van julle naaste nie. In jou is liefde, en dus gaan slegs liefde van jou uit na jou naaste, en jy sal aggressie transformeer in wedersydse begrip, waaruit liefde sal groei.

13)As julle dan voortgaan om te kyk na die vele oorloë op hierdie Aarde, of inkyk na die oorlog wat MOEDER Aarde teen die mense veg, sal julle weereens bewus raak van julle taak om lig te wees te midde van meningsverskille, en julle sal weet om lig te versprei, ten einde alles wat basies is, na hoër vibrasies te transformeer.

14)Te midde van die oorlogsgebeurtenisse sal julle 'n verslag sien wat deur die media uitgestuur is, byvoorbeeld van moeders wat onbevrees deur die oproer van die geveg gaan om hul seuns op die slagveld te vind. En wanneer hulle hul vind, omhels hulle hul met trane wat oor hul gesigte stroom. Julle sal weereens herken dat, te midde van 'n wêreld vol haat, die liefde met haar triomftog begin het.
15)Terwyl julle in die eerste plek slegs met negatiewe dinge gebombardeer was; maar in die huidige toestand van bewussyn-uitbreiding, word die effekte getoon van die lig wat oral werk. Hierdie lig sal julle tegelykertyd ondersteun om lig te versprei, en daardeur liefde op die hele Aarde, want vibrasies is onbeperk, hulle sprei uit.
16)In materie kan vibrasies vertraag word, maar die vibrasies van GEES is sonder tyd of ruimte. Hulle tree kortstondig op en met dieselfde intensiteit orals op hierdie planeet en orals in die kosmos, ja, in die gehele skepping.
17)En so is die aggressiewe planeet [Mars] terselfdertyd ondersteunend. Dit is die motiverende krag in julle om julle menslike wese te verower, sodat die positiewe en geestelike aspek in julle aktief kan raak. Aanvaar die uitdaging! Kyk daarna en vreugde sal deur julle hele wese vloei, want julle is nie meer marionette wat ander laat dans nie. Inteendeel, julle is die akteurs op hierdie wêreldverhoog, en julle is akteurs van lig. Eers dan het julle toegelaat dat die aard van die VADERLIKE eienskappe in julle lewendig word.
18)Julle is GODDELIKE Orde, wat harmonieus vibreer in die groot uitspansel. Julle is die GODDELIKE Wil wat tot uitdrukking gekom het in julle. Julle is Wysheid wat put uit die volheid. Julle is Geregtigheid, wat geestelik wandel in die daad en een is met MY. Elke oomblik is belangrik. Dit moet in die hier-en-nou uitgeleef word, een met MY; dan sal julle met diepe nederigheid na die verloop van die mensegeskiedenis kyk, soos wat dit aan julle bekend is. Julle sal in die sterre-wêrelde inkyk, buigend voor die eenheid met die groot uitspansel en julle sal die liefdevolle werke en die barmhartigheid van die kreatiewe GEES herken Wie aan julle jul vryheid gegee het.
19)Volg MY dus in 'n kort **meditasie**:
20)EK het die aard van die VADERLIKE aspekte in julle aangespreek en die karaktertrekke van die MOEDERLIKE eienskappe. Die geaardhede ORDE, WIL, WYSHEID en GEREGTIGHEID word deur MY aangeraak en in ’n hoër vibrasie gebring. Voel die uitstraling wat deur julle pols.
21)Eens in die verlede het julle siel die aardse liggaam binnegekom deur die poort van Barmhartigheid. Hierdie inkarnasie is 'n inkarnasie van vreugde, van lig vir julle. Julle vorder na volmaaktheid. MY liefde het julle aangegryp, en julle het ontwaak vanuit julle droom van materie. Geduldig herken julle jul swakhede in nederigheid, - swakhede wat hier en daar moet wees, sodat julle in die materiële sfeer kan bestaan.
22)Mag julle, tydens hierdie opleiding, veral aandag gee aan die sentrum van **GODDELIKE GEDULD**. Julle voel MY aanraking in die area van die larinks (strottehoof). Hoeveel oneindige tydperke het julle al deur hierdie Aarde gereis? Wat is die ewigheid?
23)Julle ken die verhaal van die rots wat elke 1000 jaar besoek word deur 'n voël, wat die rots gebruik om sy bek skerp te maak. Wanneer hierdie rots as gevolg van hierdie aksie heeltemal verdwyn het, het daar nog nie een sekonde van die ewigheid verbygegaan nie. Hierdie gelykenis word julle egter slegs gegee om beter te verstaan, want die mens is nie in staat om - met sy verstand en opvattings - die ewigheid te begryp nie. Tog moet die mens se nederigheid so groot wees soos die hoogste berge, so wyd soos die kosmos, selfs soos die ganse skepping; want nederigheid en sagmoedigheid is in eenheid met geduld!
24)Nederig buig die VADER-MOEDER-GEES voor SY skepsel, die kind van die skepping, aangesien alles gees is, alles energie is en alles lig is. Hoogmoed is duisternis, die vryheid wat aan die kind gegee is. Maar, in hierdie vryheid lê egter ook die krag van verlossing. EK JAHSHUA DIE GESALFDE het julle voor-

gegaan as voorbeeld op die weg na verlossing; - julle hoef slegs MY weg te volg. Die sleutel vir die poort na die geestelike wêreld lê alreeds in julle hand, behalwe dat julle julleself beperk met julle verstand en julle intellek, wat op hoogmoed gebaseer is.

25)Die mens wil alles intellektueel verklaar, maar tog bereik hy vinnig sy perke. En julle, elkeen van julle, het julle perke bereik, maar geweet dat daar meer moet wees as wat die menslike intellek kan peil. Die verstand het dieper vlakke bly soek en het die hart gevind. Tussen die verstand en die hart lê die sentrum van Geduld, wat nederigheid verteenwoordig. Hy wat die weg na die hartsgevoel vind en met die hart dink, verstaan altyd nederigheid, Geduld.

26)Kom nou geestelik weg van hierdie kamer af! Voel julleself as siele! Julle loop deur mure, want vir die siel bestaan dit nie, en julle staan in die donker nag te midde van sneeu wat val. Alles is heeltemal met wit bedek. In julle halfrond is alles duister, tog sien julle lig: EK is die lig, EK, Wie se GEES tussen julle is.

27) Sneeu bedek julle en gee julle 'n geestelike kledingstuk van suiwer kristalle, selfverhelderend, stralend mooi. Dit is die kledingstuk van voorbereiding wat MY bruid dra wanneer sy haarself gereed-maak vir die bruilof met MY JAHSHUA DIE GESALFDE. Die sneeu aan julle voete versimboliseer suiwer-heid, maar ook die koue in die mensdom se hart. Oral waar daar oorloë is, is daar ook simbolies ys en sneeu.

28)Kyk egter agter die ysige kristalle en sien die ander kant terwyl dit die lig weerkaats! Hoe sterker die liefde soos 'n son op die ys skyn, hoe vinniger verander die ys sy toestand en word lewebringende water.

29)MY geliefde, kyk om jou. Let op hoe alles dors en smag na hierdie water Wie EK is en dat EK deur jou wil laat vloei! Laat al die ys van menslike luiheid in julle versmelt, want dit is ook 'n teken van 'n tekort aan liefde, en sê 'ja', vreugdevol! Hierdie 'ja' omsirkel die aardse bol, word verhef en word verg-esel met die 'ja' van alle engele, wat julle wil help om julle plig te doen te midde van die duisternis. Hierdie 'ja' sluit met jubeling aan by die GODDELIKE troon. Dit is die 'ja' wat julle gegee het, voordat julle julself in tyd en ruimte verloor het. Nou het dit herontwaak en wag op vervulling.

30)Kyk nou na jou voete! Die ys het gesmelt onder die lig van julle siele, en bloeisels van vreugde streef na die lig, wie julle is. Sneeudruppels, JaHshua-rose ... [wit pioen blomme], 'n see van bloeisels aan julle voete. Wanneer julle opkyk, sien julle bome in volle blom, en daar waai 'n vreugdevolle briese deur die bloeisels. Die vreugde in julle harte is soos die lente self. Die daad is soos om die vrug-te in die herfs te oes, wat die somer rypgemaak het.

31)En so is daar ’n begin en einde binne-in julle. Binne-in julle is winter, lente, somer en herfs vanaf hierdie aardse skeppingsvlakke, en simbolies neem EK, JAHSHUA DIE GESALFDE, hierdie sirkel in MY hande. Hierdie sirkel vorm 'n kroon. Dit is die kroon van die terugkerende bruid. Sy is tans sonder ver-siering. Sy wag om deur jou versier te word, weer en weer, met die juwele van Liefde en Barmhar-tigheid.

32)Gaan dan deur hierdie jaar in hierdie kleed, wit soos sneeu, gekroon deur MY - en dus geseënd! Kom, o MY bruid, gaan terug na julle daaglikse lewens! Weereens gaan julle hierdie aardse liggaam binne, wat MY dien as ’n houer, wat vir julle en vir MY dien - dink altyd daaraan! Laat die bloeisels van die lente elkeen van julle liggame se selle bestraal deur julleself te bevestig, deur julle wesenlike bestaan met vreugde te aanvaar, net soos wat dit is, wetende dat alles goed is! En die vrugte word ryp in die somer vol son, vol liefde, vol Barmhartigheid, en julle bring die oes in.

33)MY seën versterk julle vir al julle treë.

**Amein.**

# 66. Oefening

**Wanneer julle na die oorsake soek, kyk na die reaksie - maak die aardse kinders groot om selfversorgend (onafhanklik) te word in hul optrede - alles oor liefde - ons loop deur die lewe as die ontwaaktes en sal gereed moet wees om die beskermemingsrol aan te neem - die boodskapper van lig bewandel die Aarde in die "ons" - meditasie: Sentrum van liefde word aangespreek - navolging van die GESALFDE beteken om die kelk van bitterheid te aanvaar, maar ook die soetheid van die eenwording van die sielsbruid met JAHSHUA DIE GESALFDE - wees 'n ligdraer, een wat help om die vrag te dra**

1) MY geliefde dissipels, hierdie skoolopleiding duur nou al drie jaar, sonder die vakansiebreke. Dit is 'n tyd soortgelyk aan die tyd toe EK hierdie Aarde bewandel het en EK MY dissipels geleer het. Hierdie tyd staan einde se kant toe.

2) Net soos destyds, is dit 'n hoofstuk wat tot 'n einde sal kom, met een verskil. Hierdie keer sal EK julle nie verlaat nie, nie 'n enkele een van julle in julle innerlike wese nie, en EK sal nie sê: "EK gaan huistoe na die VADER, maar EK sal MY GEES vir julle stuur." In plaas daarvan is MY GEES in julle, het Sy julle aangegryp, en MY vreugde is by julle wanneer julle dit uitdruk in julle gesprekke, soos wat julle die skoolopleiding verstaan en dit in julle daaglikse lewens beoefen.

3) Byvoorbeeld; julle het die simboliek herken van die droom wat julle vandag gedeel het, wat julle wys dat daar in julle die karaktereienskap van die selfversekerde, onafhanklik werkende verpleegster is, wat julle die weg uit die 'siekte' wys. Terselfdertyd sien julle in julleself kenmerke van die skugter ondergeskikte - wat in hierdie geval die mens in die dagbewussyn voorstel.

4) Julle het geleer dat julle klein ongelukke gedurende die dag, soos om 'n sambreel te verloor, ensovoorts ook betekenisvol is op geestelike vlak, en julle het daaraan gedink dat julle beskut is [soos deur 'n sambreel en wat dit aan julle wou oordra]. In hierdie twee voorbeelde, wat verteenwoordigend is van alle ander drome, toon julle jul groei en julle bereidwilligheid om voort te gaan op julle weg met MY, JAHSHUA DIE GESALFDE binne-in julle. Terselfdertyd wys julle dat julle meer en meer op julle eie innerlike vertrou en nie meer gelei word deur wat ander vir julle sê nie, nie meer in lyn is met die leiding van julle medemens nie.

5) Wie MY sy volle vertroue gee, terwyl hy in homself rus, sal bemeestering verkry. Niemand buite julle kan julle so goed adviseer as EK in julle nie.

6) Besef dat EK deur MY keuse van woorde geensins julle vrye wil beïnvloed nie. Eerder, deur gevoelens plaas EK in julle hart wat die regte weg ookal sou wees, waardeur die vrye besluit bly by die kind van die VADER.

7) EK kan net baie kortliks aandag gee aan 'n probleem wat hier in hierdie kring aangespreek was, aangesien MY liefde elke kind na vryheid lei, by wyse van sy of haar eie lewenspad.

8) MY getroue kudde, EK het julle geleer dat alles deur vibrasie verbind word. Hierdie wet verskyn in aksies en reaksies. En **wanneer julle oorsake ondersoek, kyk dan na die reaksies**, en julle sal die oorsaak herken wat eens uitgegaan het. Slegs op hierdie wyse kan julle julleself en julle naaste help.

9) Vryheid is die VADER se kind se grootste geskenk. Op hierdie grootste geskenk mag nooit inbreuk gemaak word nie, selfs nie eers deur ouers nie. Die kind moet in staat gestel word om in vryheid en sonder indringing sy gang te gaan. En hoewel ouers voor- en nadele van hul kinders se voornemende keuses kan bespreek, moet die kind uiteindelik toegelaat word om sy eie besluit te neem.

10) Net soos wat julle VADER in die hemel julle jul eie besluite laat neem, moet julle die besluite van julle kinders rakende hulle lewenspaaie so gou as moontlik in hul eie hande plaas, alhoewel julle

die gevolge van hul besluit in beide geval kan bespreek. Hierdeur maak julle jul kinders groot om outonoom te word en menslike wesens wat pligsgetrou optree.

11) Toe ELOHIM binne-in Homself oorweeg het om kinders te skep, was daar duisternis reg langs die lig, soos wat die een die ander bepaal, soos wat EK aan julle verduidelik het. Die MOEDERLIKE GEES het die gedagte op dieselfde manier gedra as wat 'n aardse moeder haar kind dra. Die gedagte is gebore deur MY, die Seun en is vervolmaak in liefde. Alles wat bestaan in die skepping is gebore vanuit liefde, Wie EK IS, JAHSHUA DIE GESALFDE.

12) Liefde het die suiwer geestelike sfere geskep, maar het ook ruimte gelaat vir die kreatiewe gedagtes van ELOHIM se kinders. Julle is almal mede-skeppers - in die ewigheid, sowel as hier in ruimte en tyd. Of dit nou julle diverse probleme, of die van julle omgewing is, alles wat uitwendig na julle reflekteer in julle lewens was deur julle saam geskep en geformeer. Soos wat EK julle geleer het, is alles in die mikrokosmos soos wat dit in die makrokosmos is.

13) Julle, MY vriende, weet dat as gevolg van die vryheid wat aan die kinders gegee is, die weg deur die donker koninkryke vir julle oopgemaak is. Hierdie donker sfere was ondersoek en nou is dit tyd om terug te draai. Hoekom? Aanskou die skepping: Julle herken die wonderlike orde wat haar in alle wesenlike bestaan toon. Deur middel van hierdie inherente skeppingsorde, was ELOHIM se kinders gelei in hul verkenning van die vrye keuse; deur selfherkenning is hulle weggelei van moedswilligheid, om die GODDELIKE Wil te vervul. GODDELIKE Wil is gekoppel aan Geduld, wat die lang tydperk van eons verklaar, waartydens die kinders weggedraai het van die lig, die tyd van die 'val'. Sedertdien het oneindige spanne van tyd verbygegaan. Die kinders het hierdie tyd in vryheid deurgegaan, maar deur hul herkenning draai hulle nou terug.

14) Keer op keer is daar aan ELOHIM se kinders herkenning gegee vanuit ELOHIM se Wysheid, deur boodskappers van die lig wat afgegaan het na die dieptes [na die Aarde]. Wysheid op geestelike vlak is egter altyd verbind aan Liefde. As Wysheid nie met Liefde verbind is nie, sal dit nie lei tot herkenning nie, maar tot hoogmoed in die geïnkarneerde wese. Dit wil sê dat hy of sy beweer dat hy meer weet as al die ander en dat hy in besit is van die enigste waarheid, wat weer op sy beurt lei tot fanatisme. Fanatisme eindig gewoonlik in die oordeel of selfs vervolging van diegene wat anders dink of glo. Liefde, daarenteen, verbind aan Wysheid en gee van Haarself.

15) Vandag wil EK met julle oor hierdie **Liefde** praat, en terselfdertyd wil EK aan die sentrum van Liefde raak, wat tussen julle wenkbroue geleë is.

16) MY vriende, in julle beelde was engel-boodskappers uitgebeeld met vlerke wat wyd uitgesprei is. Dit was op hierdie manier simbolies uitgebeeld, so word dit vertaal, vir die engele se spoed van beweging. Maar die simbool beteken ook iets heeltemal anders. Kyk na die wêreld van die diere, hoe beskermend hulle hul vlerke oor hul kuikens uitsprei, en hoe, selfs voordat hulle uit hul harde dop na die lewe uitbreek, gee die gevleuelde diere hul warmte aan die kroos.

17) Julle was ook almal in sulke harde doppe opgesluit. Julle het ook deur die harde dop van julle uiterlike menswees gebreek en ruimte gegee vir die ware lewe. ‘n Engel van liefde het oor jou wag gestaan met sy uitgestrekte vlerke. Hy het jou beskerm op jou paaie deur hoogtes en dieptes. Hy het jou bewaak. Die liefde van 'n voël vir haar kuikens wys ook wanneer die groeiende voëls uit hul neste gegooi word, sodat hulle kan leer vlieg en die lug ingaan om hul eie lewe in vryheid te regeer.

18) Dit is dieselfde met die engel wat oor jou waghou. Jy het nou grootgeword. Julle is seuns en dogters van die VADER, en die engel aan julle sy gee 'n tree terug, terwyl julle voortgaan om die lewe te bewandel as **ontwaakte wesens**.

19) MY vriende, toe EK MY dissipels verlaat het, was hulle nog steeds bevrees, EK het een keer voorheen kortliks daaraan geraak. Julle is nog steeds 'n bietjie onseker, maar julle is almal instrumente van lig. Julle het gekom as boodskappers van lig, en as boodskappers van die lig gaan julle voort op julle weg. Selfs terwyl julle op die aardse vlak is, sal julle nog steeds van tyd tot tyd 'n boodskapper van die lig teëkom wat julle vir 'n gedeelte van die weg sal vergesel, totdat julle jul innerlike sfere ontwikkel het en boodskappers van die lig word vir ander wat langs die pad staan.

20) Liefde is 'n baie ernstige ding, MY getroues. ‘n Boodskapper van lig wat ten volle agter sy “ja” staan, sal nie meer sy weg alleen gaan nie. In stede daarvan sal hy sy vlerke beskermend uitsprei oor hulle wat EK aan hom toevertrou het op hierdie aardse vlak, net soos wat die engel simbolies sy geestelike vlerke vir hom uitsprei. Hy bewandel dan nie meer hierdie Aarde volgens die ek-manier nie, maar sal voortaan sy gang gaan in die ons-manier.

21) Voordat julle die ja, **die volle ja** in julle harte herhaal, wil EK julle bewus maak van sommige van die probleme wat oor julle kan kom, sodat julle nie eendag voor MY kom staan en sê: “O Meester, dit is so moeilik om hierdie Aarde te bewandel met die verantwoordelikheid van 'n boodskapper van die lig. As ek dit geweet het, sou ek dit nie aangepak het nie.”

22) Net soos wat EK al MY gevalle broers en susters dra, so sal julle ook julle broers en susters in julle harte dra, almal wie EK aan julle toevertrou het. En hierdeur sal julle ook julle ja gee om vibrasies te balanseer, om julle naaste te dra, selfs al veroorsaak dit dat julle op julle knieë beland, omdat die las te swaar lyk. Liefde gee nooit op nie; Sy dra die buurman oor 'n deel van die pad.

23) Laat EK julle voorbeelde gee, sodat julle MY kan verstaan. ’n “Moeder Theresa” dra nie net al die armes van Calcutta in haar hart nie; nee, sy dra al die armes van die hele Aarde. Julle broer "Gandhi", wat gestaan het vir nie-geweld, dra almal in sy hart wie van hul regte ontneem was en wie nie teruggeveg het nie, maar hul lot geduldig gedra het. Met sy uitstralingskrag staan hy by diegene wat hom volg en deurgaans lewe volgens sy voorbeeld. Dit is dieselfde met julle broer in Amerika "Martin Luther King" wat tot sy dood nie-geweld gepredik het.

24) EK het drie name genoem. Hierdie name verteenwoordig drie godsdienste, en in die komende tye sal daar nog verskeie godsdienste bygevoeg word, want liefde word algemeen. Nie kragdadigheid nie, maar liefde! Liefde straal kragtig uit van die een wat vir liefde besluit het, sodat liefde effektief kan bly, selfs nadat die aardse liggaam verbygegaan het, en totdat die heel laaste kind van die VADER huiswaarts teruggekeer het.

25) EK het drie van julle broers en susters genoem. Daardie selfde krag is ook in julle binneste. Elkeen van julle het die krag om al sy broers en susters oor 'n gedeelte van die pad te dra, totdat hulle hul eie innerlike ontwikkel het. Die liefde binne-in julle is vir niks en niemand bang nie. Die liefde, Wie EK IS, JAHSHUA DIE GESALFDE, oorwin.

26) Wil julle dus julle vlerke, die vleuels van 'n geestelike boodskapper, uitsprei en MY volg? Mag die “ja” in julle hart geplaas word en goed oorweeg word, want die weg is doringagtig en vol rotse. Maar, soos EK julle aan die begin van hierdie skoolopleiding gesê het, sal julle rose kry wat tussen die dorings en rotse blom. Kyk na hulle wanneer klippe jou laat struikel en wanneer dorings jou ledemate wond.

27) Besef dat alle dorings en klippe op julle pad deur julle vereis word, want niemand is volmaak nie, en elkeen op hierdie aardse bol worstel met sy menslike wese tot by sy laaste asem! Weereens word die boodskapper van die lig uitgedaag om sy blik weg te neem van die dorings en klippe, na die rose. Die pad deur hierdie Aarde is nie maklik nie. Maar, die hemelse geur van die vol bloeiende rose sal hom egter omhul wat, hoewel hy nog steeds oor die rotse struikel en homself deur die dorings laat sny, sy opinie verander, sy standpunt. En die saligheid van die ewige huis, die VADERHUIS, gryp die mens sowel as sy siel aan.

28) En so word Wysheid in julle ontwikkel deur die Liefde, en julle sal vanuit julle innerlike sfere put en van julleself gee. Julle "ek" sal dan nie meer bestaan nie. Julle sal voel, dink en optree in die "Ons". Almal wie EK aan julle wil toevertrou, sal deur julle aangeraak word deur Wysheid en sal in Liefde ingelei word. In Liefde herken hulle MY, JAHSHUA DIE GESALFDE, ongeag watter godsdiens, want EK verteenwoordig Liefde.

29) MY getroue kudde hier en oral, dit is nou die tyd om terug te draai! Geregtigheid swerf oor hierdie Aarde, maar hierdie Geregtigheid word gekoppel aan Barmhartigheid. EK sal tydens ons volgende vergadering verder hierop uitbrei. Julle betree hierdie Geregtigheid, MY boodskappers van die lig, wanneer julle jul “ja” in julle innerlike wese herhaal, en julle jul bewussyn uitbrei na Messias-bewussyn.

30) EK wil julle nou in 'n meditasie inlei wat, soos al die ander, die weg na hoër sfere van bewussyn sal aantoon.

31) Span al julle spiere kortliks en ontspan dan. In hierdie ontspanning sal julle julleself eers in julle liggaamlike wese onderdompel. Julle voel die lewenskrag in julle voete. Dit styg opwaarts deur julle enkels. Warmte versprei. Hierdie warmte straal dwarsdeur julle voete en verder en raak Moeder Aarde aan. Ja, sy word binnegedring deur die lewenskrag in julle, wat gelyk is aan Liefde. Dit is energie vanaf die VADER se energie, GEES van SY GEES. Hierdie GEES verenig met die Gees van julle Moeder Aarde.

32) Hierdie lewensbelangrike energie styg tot by julle knieë. Julle voel die stroom wat nou kragtig deur julle bene vloei. Stap vir stap het julle gegaan en naby aan julle doelwit gekom.

33) Die sentrum van GODDELIKE Orde ontvlam nou soos 'n vuur in jou, verbrand jou nie, maar verwarm jou. Hierdie energie styg op na die GODDELIKE Wil deur middel van hierdie sentrum. Julle vibreer in die bewussyn van die WIL van die GODHEID; VADER, MOEDER en SEUN is een.

34) Warmte bly styg en raak julle sentrum van GODDELIKE Wysheid aan. Julle voel hoe hierdie sentrum uitsit asof dit 'n goue bak is om die VADER se Wysheid van oneindigheid, van ewigheid af te ontvang, ten einde hierdie Wysheid aan ander oor te dra. Die volheid van die GEES vloei in hierdie sentrum in, in ooreenstemming met julle vermoë om Haar te ontvang. Selfs al is hierdie bak gevorm soos 'n kelk - wat lyding simboliseer - bied EK dit nog steeds aan julle in verband met 'n vraag gevra aan julle innerlike wese: “Wil jy MY volg as 'n boodskapper van lig? Indien ja, aanvaar dan die kelk, MY geliefde siel, die kelk van Wysheid gevul met Liefde!”

35) Nou voel jy, o siel, MY wese binne-in jou. Heilige Erns omvou jou, want aan die een kant weet jy van die bitterheid wat dit behels om in MY voetspore te volg, maar ook van die soetheid, wat die vereniging van die sielsbruid met MY, die Bruidegom behels.

36) Nou voel jy MY langs jou, terwyl EK MY arm op 'n broederlike en terselfdertyd plegtige manier om jou skouers plaas. Maak nie saak hoe jy in die laaste ontleding besluit het nie, jou weg sal jou altyd weer teruglei na eenwording met MY. Tyd is betekenisloos. Slegs vervulling is belangrik - wanneer dit vir julle geleë is?

37) Op hierdie oomblik is EK met jou verbind, o siel, van een eenheid, een vibrasie, een GEES. Jy voel dit en buig jou hoof in nederigheid, en EK streel saggies oor jou voorhoof. Ontvang die straal van MY liefde, jy MY metgesel. Liefde brand deur jou. Liefde is jou wese, liefde vloei deur jou liggaam, deur hierdie menslike kleed. Liefde ontvang jou as siel en liefde is een met jou gees.

38) Laat hierdie liefde jou in die komende dae aanhoudend bestraal, MY geliefde; tog is jou vrye wil die beslissende faktor, nou en vir altyd! Voel die polsende krag wat jy nou op jou voorhoof voel. Dit is 'n krag wat die sluiers wat jou van die geestelike wêrelde geskei het, deur en deur skeur. Ook wys hierdie liefde jou ook hoe om jou arms wyd oop te maak om 'n ligdraer en mededraer te word, buite tyd en ruimte; want jy sal vervul wat jy belowe het. Barmhartigheid vibreer in hierdie liefdestroom.

39) Geliefde siel, alle vlakke van bewussyn word nou in jouself aangespreek, veral en meeste die sentrum van liefde. Kyk verby jou liggaamswoning, wat jou steeds beperk, en herken dat jy in werklikheid vry is! Selfs as jy hier onder aan jou liggaam gebonde is, dra jy die vryheid in jou, die vryheid om jou liggaam te eniger tyd te verlaat om op alle vlakke van wesenlike bestaan aktief te word.

40) Herken dat jy dit alreeds grotendeels doen, selfs as jy onbewustelik optree! Hierdie aardse bestaan is nie jou enigste nie. Buite ruimte en tyd roep Liefde na jou, en jy werk aktief en gelyktydig in alle inkarnasies vanuit die krag van liefde, Wie EK in jou is. Selfs as jy dit nog nie verstaan nie, omdat jou menslike verstand beperk is en omdat jy nog daarmee in lyn is, moet jy besef dat selfs jou menslike verstand homself uiteindelik sal onderwerp aan jou wêreld van gevoelens, en in jou gewaarwordinge sal jy dan die volheid van wysheid binne-in jou sien.

41) Plaas jou eie gewilligheid heeltemal binne die goddelike wil! Doen dit oor en oor, want dit lê in die natuur van die mens om moedswillig op te tree! So sal jy, MY geliefde, groei tot in die onbeperkte bewussyn van jou GODDELIKHEID. Jy is soortgelyk aan ELOHIM, GEES van SY GEES.

42) Laat ons dus ons wandeling voortsit - een in liefde! Amein.

### *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

## 67. Oefening

**Ons kom vanuit die lig, ons is in die lig en ons keer terug na die lig - meditasie is die verbinding van die gees met die mens - ons verdiep onsself in die sentrum van Barmhartigheid - Barmhartigheid bedek met 'n mantel van genade al die vorige inkarnasies - Barmhartigheid is genade - Barmhartigheid is die kroon van die skepping - meditasie: In ons gees staan ons in 'n gevegsveld - genadiglik, word ons daar aktief - Barmhartigheid is oop om enige lyding te verlig**

1) Glimlaggend, staan EK JAHSHUA DIE GESALFDE in julle kring. MY begrip vir julle menslike probleme vloei na julle toe, en geestelik neem EK elkeen van julle weer aan die hand en sê vir julle: “Kom, MY kind, oorwin die oorblywende dele van jou vrees en twyfel! Of kortliks gesê: Oorwin jou menslike wese en neem die stap saam met MY in die geestelik verligte wese in, doen dit op hierdie einste oomblik! Nou kyk jy in jou lig in. Nou het jy jou standpunt verander. Nou is jy bewus van jou GODDELIKE ERFENIS.”

2) En nou laat EK weer jou hand los, jy, MY vriend, MY sielsbruid. Gaan nou op jou eie. Neem die een tree na die ander bewustelik op pad na die VADERHUIS! Jy het uit die lig gekom, jy is in die lig en jy keer terug na die lig - begin en einde verbind in 'n sirkel.

3) MY geliefde bruid, jy is ewig. Wat soek jy in jou liggaam? Waarom lys jy jou probleme? Beperk jy jouself tot hierdie liggaamlike wese, in plaas daarvan dat jy jou herkenning laat posvat, dat jy 'n Seun is, 'n Dogter van die ALLERHOOGSTE, toegerus met alle kragte om onmiddellik enige toestand in die menslike wese te verander? Kyk na die simbool van die sirkel: Alpha en Omega inmekaargevleg. Jou begin is terselfdertyd ook die einde van die pad en weer die begin, want in die simbool van die sirkel bestaan hierdie twee begrippe nie. Jy is die lig!

4) Bekyk alles vanuit die lig, en jy sal nie meer 'n deur oopmaak wat lankal gesluit is, ten einde dinge te vind wat jy reeds weggewerp het nie. Vry en ongebonde, sal jy jou innerlike weg volg en uiterlike voorskrifte en beperkinge herken as iets wat bedoel is vir hierdie materiële vlak om sodoende deur daardie hindernisse te breek.

5) Besef, MY geliefde, wanneer jy die beperkinge herken en aanvaar, bevry jy jouself terselfdertyd van alle beperkings, wat hulleself aan jou voorhou as 'n spieël in die materiële sfeer. Jy oorwin alle hindernisse, want hindernisse rys net op wanneer 'n mens probeer om hulle plat te slaan, - wanneer 'n mens daarteen veg. Die oomblik wat jy die hindernisse insien, los hulle op en hou op om te bestaan.

6) Die hele wêreld van materie is 'n spieël vir jou. As jy geabsorbeer is met gedagtes, sal jy jouself oral stamp. Jy sal nie die boom voor jou sien nie en jou kop stamp. Julle sal die lanternpaal miskyk en daarin vasloop. Ja, jy sal nie jou medemens sien nie en sal oor hulle struikel. Met ander woorde, jy sal in disharmonie met hulle kom.

7) Die slaper het oral hindernisse. Die ontwaakte - en jy MY sielsbruid het ontwaak - haar oë is geopen en sy bewandel haar weg met 'n oop gemoed. Sy sien die struikelblok en skuif dit sagkens eenkant. Sy herken die boom en sy wortels wat kragtig versprei in materie. Aangesien haar oë nie op die grond gerig is nie, struikel sy nie oor die wortels nie, maar kyk sy op na die stam van die boom en sy sien vêrder as die boom die kroon en verbind dus op die geestelike vlak.

8) Jy, MY geliefde sielsbruid, sal dus nie teen 'n liggewende lamppaal hardloop en jouself stamp nie, maar jy sal die skaduwees in die lamplig herken sonder om jou daarmee te identifiseer. In stede daarvan is jy bewus van jou eienskap as ’n ligdraer en straal jy die hoër lig van liefde, wat in jou is, uit in die skaduwees in wat deur die lamplig veroorsaak word.

9) Julle probeer hard om op die regte manier te mediteer. O sien, meditasie is die verbintenis van die GEES met die mens. Weereens sluit 'n sirkel. Hierdie sirkel is sonder begin en einde. So moet dit ook wees met die meditasie van die gevorderde en verligte een. Jy, MY sielsbruid - hiermee bedoel EK elke een van julle, selfs julle wat hierdie woorde lees - julle is deur MY krag aangegryp en verlig. Nou het die tyd aangebreek dat julle lewe hier in die materiële wese/bestaan tot een enkele meditasie moet ontwikkel.

10) [Vir julle] is die bewussyn steeds verdeel tussen die gebeure gedurende die dag en die nag. Julle bring julle nagte onbewustelik deur, behalwe vir af en toe ontwrigtende drome, wat julle dan na julle dagbewussyn neem. Julle is egter boodskappers van die lig, en vir julle is dag en nag vol lig. EK JAHSHUA DIE GESALFDE lei elkeen in sy mees innerlike wese op die weg na die bemeestering van die ewige gebed, na die ewige meditasie, 'n bewussyn wat deur niks onderbreek kan word nie, selfs nie eers deur die aardse nag nie.

11) Nou, aan die begin van die mediatatiewe weg, het julle die nag nog nodig, wat barmhartiglik elke las bedek wat die dag vir julle gebring het. Maar, hoe verder julle egter op die pad van bemeestering vorder, hoe korter sal julle onbewuste aardse tydspanne word. Julle hoef dan nie meer deur die daaglikse gebeure te werk deur te slaap nie, want niks sal meer vibreer wat vir jou emosionele druk veroorsaak nie, wat julle dan gedurende die nag sou moes uitwerk. Julle luister nog steeds na MY woorde en dink by julleself: “O MEESTER, hoe kan EK so vêr kom, sodat alles wat U in die verlede en vandag gesê het, kan geskied en sodat elke woord wat U met ons gespreek het, getrans -formeer kan word in die lewende daad? ”

12) Ag sien, MY vriende, dit is 'n proses wat in elkeen van julle afsonderlik sal ontwikkel, onafhanklik van mekaar en op die regte tyd. ’n Mens leer in een area; die ander in 'n ander een. Nietemin stap julle die pad saam, al skei julle paaie totdat julle almal ontwaak het van julle onbewustelike toestand, wat julle snags en soms selfs bedags omhul. Dit sal so wees totdat julle besef dat julle almal saam wandel op die vlak van bewuste wesenlike bestaan, dat julle jul hande na mekaar en na alle ander toe sal uitsteek en hulle help vanuit 'n gevoel van gemeenskap.

13) In hierdie bewustelike toestand sien julle die fyn netwerk van liefde, waardeur julle almal verbind is met alle wesenlike bestaan, en waardeur strome van liefde na julle toe vloei. In hierdie toestand van volkome bewuste wese sal julle ook die wonderlike eenheid in die skepping herken. Aan die ander kant sal julle ook die gevolge van julle gevoelens, gedagtes en dade sien, wat nou steeds verborge is, as gevolg van Barmhartigheid. Julle sal sien hoe die kleinste gedagte kragtig versprei en effektief is, soos in die vergelyking dat die vlerke van 'n vlinder 'n tornado kan veroorsaak. Dan sal julle die magtige sterkte van julle gedagte-krag sien.

14) MY vriende, so sê EK vir julle vol humor, wees bly dat julle nog nie die gevolge van julle dade kan sien nie, en dit bring MY by die aspek van **Barmhartigheid**, wat EK reeds die vorige keer genoem het: As gevolg van barmhartigheid, is julle gevoelens, gedagtes en dade bedek, totdat julle gees ten volle in julle innerlike ontwaak het.

15) Die Liefde van die VADER het toegelaat vir die verkenning van die vrye wil. Die Liefde het SY kinders vryheid gegee. Maar, as hierdie liefde egter nie deur die VADER se genade gekroon was nie, sou die gebeurtenis van die val nooit tot 'n einde gekom het nie. Barmhartigheid is genade, dit is die uitgestrekte hand van die VADER vir Sy kind. Nadat hierdie kind deur die donkerste nag gegaan het, draai hy of sy skugter om en sien in die donkerte van die nag die oneindige lang pad terug huistoe. Tog, selfs in hierdie terugdraai, steek die VADER alreeds SY hand uit na SY kind, en genade op genade stroom na die kind in die vorm van krag, sodat hy moediglik sy weg kan terugneem.

16) Barmhartigheid is dit wat julle skei tussen julle individuele inkarnasies. Sy bedek die inkarnasies met die mantel van vergetelheid; want as die menswese in sy menslike kleed al sy vroeëre dade kon

sien, sou hy nie meer met hierdie bewussyn kon saamleef nie. Die VADER-MOEDER-GEES - vanuit die MOEDERLIKE beginsel - bedek dus elke inkarnasie met die mantel van vergetelheid. Selfs terwyl die siel voorberei om hierdie Aarde te verlaat, word die lig van Barmhartigheid, van Genade, in die siel ingestraal, en in hierdie lig van Genade sien die siel die verbygegane lewe verby hom rol. Broers en susters, diegene wat voor hom vanuit die aardse lewe oorgegaan het, of dit nou ouers of grootouers is, steek hul hande uit na die siel. Die VADERLIKE-MOEDERLIKE Barmhartigheid het hulle gestuur om die siel se eerste treë in die sielesfere te vergemaklik en om hom die ewigheid in te lei, vanwaar hy gekom het.

17) Hierdie kort hoofstuk in tyd en ruimte, wat julle 'n lewe noem, word deur Barmhartigheid aan julle gegee. Selfs verbygegane tye in materie was deur Barmhartigheid aan julle gegee, want die mantel van vergetelheid kan slegs met verloop van tyd geplaas word. Sodra julle weer die tydlose en volledig bewuste kind sal wees, die Seun, die Dogter van die VADER, sal al julle inkarnasies weer vir julle bewustelik wees, maar julle sal hulle sien in die lig van Genade en in die vervulling van julle terugkeer na julle ewige huis, sowel as in die vervulling van die “ja” wat julle eens gegee het.

18) MY geliefde kudde, dus is selfs die nag, wat julle dag beperk, 'n gawe van Barmhartigheid, want elke dag kan julle nuut begin, net soos wat julle elke lewe opnuut kan begin. Geniet Barmhartigheid egter nie net vir julleself nie, maar kyk nou na die wêreld van materiële verskynings. Die liefde, MY vriende, is elke kind se weg van herkenning, dit is die wet van oorsaak en gevolg. Orals op hierdie Aarde sal julle die vroeëre oorsake herken. Julle herken hulle aan die gevolge.

19) Julle lees 'n deel van die oorsake in die geskiedenis van ons geskiedenisboeke. Maar die mantel van vergetelheid is egter barmhartiglik oor die meeste oorsake geplaas. Liefde wys die oorsake wat voorheen in die gevolge gesien is. Maar, aangesien die Barmhartigheid van die VADERLIKE-MOEDERLIKE-GEES egter aktief is in die gevolge, sal laasgenoemde nie so opgemerk word nie en sal slegs 'n fraksie van die oorsake verteenwoordig. Die gevolge is verminder deur genade.

20) Indien die kinders van ELOHIM alle oorsake in hul geheel self sou moes gedra het, sou daar nie een menslike liggaam op hierdie Aarde gewees het wat nie gemerk sou gewees het deur die aakligste merke nie, aangesien geen siel in staat sou gewees het om 'n menslike liggaam in haar volmaaktheid te vorm nie.

21) Voordat die siel as 'n vleesgeworde kind na hierdie Aarde kom, het sy alreeds haar eie liggaam geformeer. EK sê egter met nadruk, haar sielskrag sou nie voldoende gewees het, as die Barmhartigheid van die VADER en die MOEDER nie in en van die Genade bygedra het nie.

22) Tog, hier en daar sien julle ’n fisiese merk, en EK kan julle vraag hieroor sien: “Het Genade en Barmhartigheid dan nie hier ingetree nie?” EK antwoord julle so: Barmhartigheid kan net vir die grootste deel intree. Gedeeltelik dien die las as herkenning en moet op hierdie manier dien, sodat die kind aan die hand daarvan kan herken watter las hy op homself gelê het. Moenie nou die fout maak om te sê: “Almal wat fisies aangetas is, het hulself op groot skaal belas nie, en hulle doen nou versoening vir hulle opgelegde laste.”

23) Met sulke gedagtes het julle reeds die pad van Liefde en Barmhartigheid verlaat. In die realm van die geestelike wette is daar tog nog ander moontlikhede - en dis direk vanuit die wet van Barmhartigheid en Genade - waarby iemand 'n fisiese las vir 'n suster-siel of broer-siel kan aanvaar om hulle sodoende die motivering te gee om ook terug te draai.

24) Om julle 'n voorbeeld te gee: Solank 'n mens slegs in lyn is met materiële dinge, het hy gebind met alle magte van die materie, en hy het miskien, soos julle sê, alle geluk van hierdie wêreld. Hy is ryk, het geen bekommernisse nie, maar terselfdertyd het hy geen begrip vir pyn of hartseer nie, en sal almal wat in pyn is, almal wat arm is, ens. oordeel en veroordeel.

25) Om aan 'n siel te toon dat materie deur aardse magte en gees deur hemelse magte beheer word, aanvaar die siel 'n gebrek en besoek hy (word gebore) as kind in 'n paartjie wat in aardse rykdom verswelg. Aangesien die ouers met die materie in lyn is, kan slegs 'n “noodlot”, soos julle dit noem, hul standpunt na die meer geestelike lewe verander. Die ouers sou alle skatte van hierdie Aarde weggee om hul kind van sy gebrek te verlos. Op daardie oomblik groei hul begrip vir alle ander wat

hierdie Aarde met 'n gebrek bewandel. ‘n Geestelike karakterverskuiwing soos deernis en empatie, wat tot nou toe heeltemal verborge was, sal in hierdie egpaar aangeraak word, sodat hulle ander se hartseer kan voel en sal dus nie meer diegene met ’n gebrek smalend behandel nie.

26) MY vriende, daar is, behalwe diegene met fisieke gebreke, ook ander broers en susters met sielkundige gebreke. Herken hulle, EK bedoel nie net mense met geestesiektes nie, maar EK bedoel ook julle broers en susters wat oor die aardse wette gestruikel het en wie julle agter tronkmure hou. Die verligte, die waarlik wyse persoon, onderskei nie meer tussen die liggaamlike en geestelike probleme nie. Hy weet dat hy 'n oop hart vir albei het, uit 'n gevoel van barmhartigheid. Hy weet dat enige oordeel van sy kant af slegs op homself gaan terugval, aangesien **die oordeel jou eie veroordeling bepaal**. Die waaragtige wyse besef dat elke oordeel wat deur hom uitgespreek word, 'n koord in homself raak, wat 'n oorsaak weerspieël wat hy lank gelede veroorsaak het.

27) En so het die ware wyse empatie vir elke daad, of dit nou in julle oë hoe veragtelik is. Hy herken in elke medebroer of -suster die suiwer geestelike OERMAG van die VADER se Seun of Dogter, wat homself slegs in tyd en ruimte belemmer het, as gevolg van voorafgaande gebeure. Die OERMAG is dik omhul deur menswees, sodat die GEES in Haar suiwerheid byna nie die duisternis van hierdie omhulsel kan binnedring nie. Maar, die wyse erken egter die OERMAG en gee al sy liefde daaraan. Hy bestraal en dring in hierdie laag in en help die een wat gestruikel het om weer op te staan.

28) MY geliefde, Barmhartigheid is die kroon van die skepping. Die “val” het plaasgevind op die sesde skeppingsdag, op die dag van Liefde, op die dag van vryheid vir ELOHIM se kinders, waardeur die term “dag” nie in die aardse sin van tyd en ruimte verstaan moet word nie. Dit is eerder op geestelike vlak 'n toestand, net soos die dag van Barmhartigheid, wat nou gaan volg, 'n toestand is. Dit is die toestand van tuiskoms, van ontwaking, 'n toestand van die herkenning dat nie een van die VADER se kinders in werklikheid ooit SY HART verlaat het nie. En tog, om deur die swartste nagte te gewandel het, sal vir ewig alomteenwoordig wees vir alle geestelike wesens.

29) Barmhartigheid is gekoppel aan Erns (Geregtigheid), het EK gesê en EK herhaal dit vandag. Die sentrum van Geregtigheid is die GESALFDE-BEWUSSYN, is die lewende daad in en van MY Gees, en hierdie verwerklikte daad moet deur Barmhartigheid gekroon word, selfs deur julle.

30) Ten einde die diepte van die bewussyn van Barmhartigheid te begryp, moet julle julleself daarin onderdompel. Dit sal 'n rukkie duur voordat julle die wydte, die geestelike omvang van Barmhartigheid, ten volle kan begryp. Want in Barmhartigheid word die verdere GODDELIKE-MOEDERLIKE eienskappe weerspieël, soos Liefde en Geduld, asook die wese [of aard] van die VADERLIKE GEES, wat Orde, Wil, Wysheid en Geregtigheid [ook genoem Erns] is. Oral in die geskape wesenlike bestaan, of dit nou die materiële sfeer, of die geestelike sfere is, waardeur julle nog moet gaan, sal julle Barmhartigheid teëkom.

31) EK sal julle nou in 'n **meditasie** inlei, terwyl EK julle sentrum van Barmhartigheid aanspreek en haar dieper begrip nader aan julle bring: Julle voel weer die lewensbelangrike krag al die pad tot by die punte van julle tone. Beweeg geestelik na die polsing van julle voete en sien die strale van liefde soos dit jou voete verlaat in 'n sprankelende sproei van vonke! Hierdie strale dring die Aarde binne en verbind met die siel van julle Moeder Aarde. Deur Barmhartigheid dien moeder Aarde julle ook. As hierdie planeet nie sou draai en om die son gewentel het nie, sou julle lewe vir 'n span van tyd nie moontlik gewees het nie.

32) En so was hierdie planeet uit Barmhartigheid aan julle gegee. Deur Barmhartigheid dien Moeder Aarde julle vir 'n tydspan, sodat julle herkenning kan verkry en na hierdie tydspan kan terugkeer na die geestelike wêreld om met die herkenning te werk. Want julle wil miskien na hierdie Aarde terugkeer met 'n ander poging om alles wat nog nie opgelos is nie, uit te werk. Dag en nag, een lewe na die ander, word deur Barmhartigheid aan julle gegee.

33) Kyk nou na die natuur, MY vriende en julle sal Barmhartigheid ook daar teëkom. In die winter bedek sneeu barmhartiglik alles wat vergaan het. Onder hierdie mantel van barmhartigheid, onder hierdie verwarmende bedekking, ontwaak nuwe lewe. As ’n simbool vir julle, spruit nuwe lewe uit verlepte groei, word blaar en blom, vanaf die saad tot die takkie, tot die boom.

34) Daarom, voordat nuwe lewe kan uitgroei, is Barmhartigheid aan die werk. En sien ook hier dat 'n boom nie dadelik groot is nie. Elke jaar ontwikkel dit nuwe lote en groei en groei. En so groei julle ook. Die VADERLIKE-MOEDERLIKE-GEES plaas die mantel van Barmhartigheid oor julle, sodat julle weer kan ontwaak en kan groei in die nuwe dag in, in die nuwe lewe in, vreugdevol, om nuwe grootsheid te bereik met nuwe lote, totdat die sirkel eendag weereens voltooi is. Dan het julle weer die begin gevind wat weereens lei tot julle BRON, julle OERMAG, om die Seun te wees, die Dogter van die ewige heilige VADER-MOEDER-GEES.

35) Verlaat nou hierdie aardse sfeer! Via die sentrum van Orde, betree die vibrasie van die goddelike Wil! Voel die kelk van goddelike Wysheid in julle, gereed om te ontvang! MY heilige Geregtigheid vloei deur julle, het julle almal vasgegryp. Nederigheid het julle getoets, en julle het Geduld geleer. Liefde en die verlange na julle bron het magtig geword in julle, sodat albei julle daaglikse gebeure meer en meer beheer.

36) Nou bekroon EK jou met Barmhartigheid. Voel die asem van die geestelike kroon op julle kop ... Deur die krag van Barmhartigheid het die ELOHIM-mens in julle ten volle ontwaak; die verbinding met julle Hoër Self is gemaak, die verbinding met die Seun, met die Dogter van die ewig heilige VADER-MOEDER-GEES. As hierdie Seun, hierdie Dogter, bewandel julle nou hierdie aardse bestaan en selfs deur die wêrelde van die hiernamaals, want julle geestelike wese is nou onbeperkte geestelike bestaan.

37) Laat ons dus saam 'n uitstappie maak. Die wêrelde aan die ander kant is nie êrens in die ruimte daarbuite nie, o nee, dit is toestande wat mekaar oorkruis, waardeur die hoër toestand die laer een oorskry. Vanaf die laer toestand van julle menslike bestaan is dit egter moeiliker om 'n hoër een te bereik. Dit is waarom julle nog nie in staat is om julleself te skei van julle geestelike liggaam, van die sielsbewussyn en van die fisiese liggaam nie.

38) Maar MY vriende, hierdie proses word egter nie bereik deur dit te wil nie; dit is ook 'n toestand van volle geestelike bewussyn. Wanneer julle hierdie toestand bereik het, sal julle in die materiële sfeer, sowel as in die volgende hoër vlak van bewussyn leef, wat julle dan sal ontwikkel. Dit verg slegs julle empatie en barmhartigheid, en julle beland te midde van die astrale sfere.

39) Verenig met MY, wandel julle deur die strate van hierdie wêreld onder MY beskerming, en terselfdertyd sien julle al die siele wat hulself nog aan materie verbind het. Julle sien hoe siele probeer om mag oor ander uit te oefen. Aangesien elke gedagte, selfs elke gewaarwording in die astrale sfere openlik sigbaar is, beteken die uitoefening van krag 'n stryd, want niemand wil die mag prysgee ter wille van ’n ander nie. Hierdie stryd dra homself ook oor aan lewende mense. Hier en daar probeer hele hordes siele hul honger na mag gulsig uitleef deur van 'n mens gebruik te maak. Die ontwaakte wandel vreesloos deur hierdie sfere rond en is nie net gevul met liefde vir al sy broers en susters nie, maar ook met barmhartigheid.

40) En so staan ons nou te midde van 'n oorlogsone. Julle kyk in die haatgevulde harte van lewende mense in. Hier en daar slaap hulle, uiterlik gesien. Maar selfs in hul slaap konfronteer hulle mekaar en veg hulle, siel teen siel, en rig hulle mekaar die wapens wat hulle geskep het op grond van hul denkkrag.

41) MY vriende, word aktief deur MY krag van Liefde en Barmhartigheid! Ons tree in die midde van sulke strydende siele in. ‘n Woedende kring sluit om ons; wapens word op ons gerig, want ons is van 'n ander soort, nie duister nie, maar lig. Volg nou MY woorde deur gevoel en om daardeur Barmhartigheid in Liefde te herken!

42) MY vriende, vrede sy met julle! As julle moet veg, slaan ons eerder. Gewere en kanonne kan ons nie seermaak nie. Steek julle hande op en probeer om van julle aggressies ontslae te raak deur dit te doen! Kyk, ons buig in nederigheid voor julle om julle te verwelkom, ten spyte van julle woede! As julle moet slaan, doen dit dan! Julle vuiste is opgelig. Julle kan nie slaan nie? Vra julleself hoekom. Wat verhinder julle om die hand wat julle opgesteek het, te gebruik? Kyk, dit is die lig, die lig wat ook in julle skyn!

43) Julle beveg mekaar met die wapens van hierdie wêreld en julle dra wapens wat soos stof in julle hande uitmekaarval. Dit is wapens wat, soos julle herken, nie julle siele-liggame tref nie. Die wonde wat julle dink julle volgens mekaar aanrig, bestaan nie in hierdie sfeer nie. Maar sodra julle uit julle slaap ontwaak en weereens in julle menslike bewussyn is, is die wapens weereens kragtig en dit vernietig liggaam na liggaam. Maar, net soos wat julle ons nie kon slaan nie, nog minder kan julle die liggaam binne-in julle broers en susters slaan nie.

44) MY vriende, ons het ons vrede aan julle gebied. Mag julle in julle menslike liggame ontwaak met gedagtes van vrede, beseffend dat julle 'n sinnelose stryd voer. En net so sinneloos as wat julle mekaar as siele slaan, en besef dat julle niemand kan beseer nie, is julle stryd in die materiële net so sinneloos; want julle ware wese is nie deur een hou geslaan nie.

45) Verleë kyk julle na die vloer. EK noem julle vriende, julle weet nie wie ons is nie. Ons is vriende en ons vergesel julle in ons gedagtes terwyl julle jul fisiese bewussyn betree. Ons het van Barmhartigheid gekom en dompel 'n straal van barmhartigheid binne-in die slapende persoon, sodat hy sy droom kan onthou en in die herontwaakte menslike bewussyn kan ingaan met die sig van sy droom waarin ons ook verskyn. Vrede sy met julle en met almal om julle!

46) Ons verlaat die slagveld. Barmhartigheid, MY geliefde kudde, is oop vir die genesing van enige lyding. In die komende veertien dae**, dompel julleself in die straal van Barmhartigheid** - met julle hele wese – ten einde dit heeltemal te begryp! Barmhartigheid buig voor almal wat ly en in nood is. Sy streel die wonde, vertroos die wenende, die siekes en lydendes.

47) Julle kan dit ook met julle sielsbewussyn uitleef, ook in julle wakker ure, want GEES ken geen perke nie, en werk oral tegelyk. GEES is verbind met alle dinge. Deur middel van die strome van Liefde, die netwerk van Liefde, is GEES barmhartiglik effektief.

48) Seuns en dogters van die lig, voel julle weg na Barmhartigheid, en beleef haar kronings-effek! Keer terug na julle liggame en gaan voort op die weë van vervulling, verenig met MY GEES van Liefde, gekroon deur Barmhartigheid!

**Amein.**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 68. Oefening

**Oor toewyding - die ewigheid in die gebeure van ruimte en tyd is altyd 'n nuwe wording en heengaan - terwyl ons diep slaap, werk ons terselfdertyd in die sielsbewussyn in die sfere van die hiernamaals met JAHSHUA DIE GESALFDE, in opdrag om te help met die tuisbring van die siele - meditasie: Alle bewussynsentrums skyn in die stralende lig van die goddelike bron**

1)MY vriende, die storm van MY liefde het julle so rondgeskommel dat die "ou Adam" met al sy fasette na vore gaan kom. EK JAHSHUA DIE GESALFDE het julle geleer om die weg, die weg van die ou kleed "mens", weg te gooi en die weg te vind na die Hoër Self, na die Seun, die Dogter van die VADER.

2)Jy beweeg steeds tussen beide bewussynsvlakke. Om aan die tronktralies te ruk, gaan jou niks bereik nie, totdat jy tot die besef gaan kom dat jy self die tronktralies opgesit het. Eers wanneer jy besef dat jou lot, en daardeur die tronktralies, deur jou opgesit is - en slegs jy - sal jy gereed wees om jou hande in gebed te vou en te sê: "VADER, hier is EK, help my asseblief hiermee! Ek probeer nie om uit my selfgeboude gevangenis te ontsnap nie, o geliefde VADER, maar gee myself oor en betree sodoende U lig van die oomblik, weg van die struktuur van tyd en ruimte." Slegs dan sal dit wys dat geen muur sterk genoeg is om nie tot niks op te los nie, deur die lig van jou toewyding.

3)Watter taak in julle hart behoort die belangrikste te wees? Dit is om julleself oor te gee aan die oomblik, aan die ewigheid, aan HOM, die ALLER-EEN.
4)Die hele weg wat EK aan julle geleer het, bestaan uit hierdie oorgawe. Elke keer wanneer EK julle die liefde vir die skepping getoon het, kon julle uit MY woorde gelees het dat alles wat ELOHIM die EWIGE geskep het, hulleself aan HOM oorgee, en HY wat in alle dinge is, gee Homself aan julle in alle dinge. Slegs die mens is die uitsondering in toewyding, want hy rebelleer daarteen. En rebellie teen oorgawe is 'n honger na mag, is heerssugtigheid en 'n gebrek aan nederigheid.
5)Beide, die begin en die einde van die geestelike weg word altyd bestraal deur die uitdrukking vanuit julle woordeskat, en dit is **liefdevolle toewyding**. Soos julle weet, het die val plaasgevind as gevolg van hoogmoed. Toewyding, oorgawe lei jou huiswaarts. Alle ander geaardhede en eienskappe, wat die volmaakte kind van die VADER in hulleself as hom of haar erfenis dra, is ook vervat in toewyding [oorgawe].
6)Kyk na die orde in alle dinge! Rebelleer selfs een ding in die skepping teen die Skepper? Wentel die son nie om die volgende oersentrale son nie? Wentel die Aarde dan nie om die son nie? Wentel die planete nie in hul spesifieke volgorde nie? Selfs daarin, wat volgens wat julle glo, chaos in die sterrehemel is, herken die waarnemer hier en daar die dwang na orde, na toewyding.
7)Vrye wil, gegee aan ELOHIM se kinders, beteken ook om te kies tussen twee uiterstes: Aan die een kant oorgee, en aan die ander kant, die honger na mag en beheer. Hy wat die weg neem van die goddelike Wil, sal onvermydelik die weg vind na toegewyde liefde, na die Wil van die VADER.
8)Wysheid gee Haarself met oorgawe aan almal wat daaruit wil put. EK herinner julle aan die kelk wat simbolies in julle is, gereed om alle Wysheid vanuit die hemele te ontvang, soos wat Wysheid Haarself aan julle gee.
9)Was MY plegtige weg op Aarde nie een enkel weg van oorgawe nie? Die daad van liefde verg oorgawe. Hy wie in ongeduld hierdie Aarde bewandel, het ’n gebrek aan oorgawe. Hy kort liefde en barmhartigheid.
10)Toewyding/oorgawe is 'n woord in julle taal waarvan EK die dieper betekenis vir julle belig het!
11)Wanneer julle na julle medemens luister, moet julle dit op ’n toegewyde wyse doen, nie om hom te oordeel nie. Hier word nie vir julle besliste uitspraak gevra nie; ook nie jou gewaarwordinge wat jou mede-mens omhul met negatiewe vibrasies, soos verwerping nie. Nee, dit is toewyding/oorgawe, wat dan nodig is. Deur oor te gee, herken die wyse in alle gesprekke met sy medemens die geleentheid om ook te leer; vir solank as wat die wyse nog leer, indien hy nederig en waarlik wys is.
12)As julle MY dien as boodskappers van die lig, is dit belangrik dat julle sonder oordeel na julle medemens sal luister. Voorwaar, ondersoek julleself oor en oor. Hoe gereeld oordeel julle en koester gedagtes oor veroordeling gedurende die kort tydperk van ongeveer 'n uur, wanneer julle luister na mense se gesprekke?
13)MY weg wat EK julle leer, lei julle weg van die "ou Adam" af. Maar MY vriende, voordat hierdie "Adam" nuut kan word, moes die ou een egter heengaan. Daarom, voordat die tronktralies en mure gaan oplos, moet die 'ou Adam' heengaan (doodgaan).
14)Kyk na die komende lentetyd, en neem dit as julle simbool! As die ou, verlepte materie nie die voeding vir die nuwe sou gee nie, sou daar nie een bloeisel ontwikkel wat aan julle vreugde verskaf nie. In die herfs val die blare na die grond en ontbind, wat die grond nuwe voeding en krag gee. In die lente word hierdie ou blare hongerig opgeneem deur die ontkiemende lenteblomme, en hulle verbly julle harte en gedagtes met hul pragtige oorvloed.
15)Alvorens 'n mosterdsaad nie in die Aarde geplaas word en sterf nie, kan geen nuwe loot voortkom nie. En so moet die 'ou Adam' ook sterf, en altyd 'n bietjie meer, totdat julle die Hoër Self teëkom en totdat julle herken: Dit is wie EK in werklikheid is.

16)MY vriende, julle bewandel 'n weg wat in vroeëre tydperke vele inkarnasies geneem het om te voltooi. Vandag, deur the genade van die VADER in hierdie gebeure van tyd en ruimte, is daar so 'n magtige uitstorting van krag wat hierdie Aarde oorstroom, wat dit vir julle moontlik maak om julle boeie oop te breek en die "ou Adam" te begrawe en om as ELOHIM-mens opgewek te word binne 'n kort tydsbestek.
17)Nou is julle geestelike oë nog steeds verdof. Waarom, MY vriende is dit so? Julle sal ware sieners word vir die geestelike wêreld en vir hierdie spin en weef van die GEES, wanneer julle die weg grotendeels gevind het na julle Hoër Self, en wanneer julle jul huidige lewe aanvaar met volle toewyding aan ELOHIM sonder emosie.
18)EK weet dat hierdie weg moeilik is, want EK het dit vir julle vooruitgeloop. Tog sê EK nadruklik en met alle erns: "MY vriende, dit is tyd! Dit gaan nie daaroor om julleself te aanvaar soos wat julle tans is nie, want dit is net 'n voorvereiste. Ook gaan dit nie oor die bereiking van 'n doel ongeag die koste daarvan nie, want dit sal verkeerd wees. Maar, alles gaan egter slegs oor toewyding/oorgawe en om in die oomblik te leef. Die oomblik is ewigheid en ewigheid gee nie om oor die vele probleme van die menslike bestaan nie."
19)Julle begryp nog nie ewigheid nie. Daarom wil EK julle vra om julleself te bemoei met die volgende, indien julle wil:
20)Julle onthou julle gunsteling boom. Kyk daarna soos dit nou voor julle staan, en verdiep julle dan in die konsep van "tydloosheid/ewigheid"! Gaan voort om na julle boom te kyk. Met die woord "Ewigheid" is die boom 'n saad. Dit groei tot 'n grootte wat hy julle nog moet bied, want EK sal julle op hierdie oefening vergesel. Terselfdertyd sal julle die val daarvan sien, sy ontbinding.
21)Die ewigheid in die gebeure van tyd en ruimte is altyd 'n nuwe wording en afsterwe.
22)MY vriende, mag hierdie "wording en afsterwe" in die komende tyd vir julle duidelik word. Wees nie net verheug oor die wording nie, maar dink ook dat alle wordende en groeiende dinge ook moet afsterwe totdat hulle ruimte- en tydloosheid betree en in die ewigheid ingaan.
23)Waarom het die mensdom hierdie tyd hier op Aarde gekry? EK het 'n vorige keer daaroor gepraat: Dit is te danke aan Barmhartigheid, en dat daar in hierdie tyd en deur hierdie "wording en afsterwe" altyd weer 'n nuwe kans gegee kan word.
24)MY vriende, julle beweeg weg van hierdie wiel van reïnkarnasie, nie omdat julle nie weer op hierdie Aarde wil trap met al sy probleme nie, maar omdat julle die swakhede van die "ou Adam" ontgroei het, dit weggegooi het en die weg gevind het na julle ware innerlike geestelike grootheid. So 'n verligte een strewe egter op geen manier om hierdie Aarde te verlaat ten einde die huis, die VADERHUIS vir homself alleen te bereik nie, maar die waarlik verligte een draai om en kyk na diegene wat hy agtergelaat het. Hy draai inderdaad terug en steek sy hand uit om sy "jonger" broers en susters te help om hulle weg huiswaarts te vind.
25)Luister nou mooi na MY woorde: Menige verligte het teruggekeer vir 'n ander inkarnasie, en dit gedoen in die hoedanigheid van 'n boodskapper van lig, met die volle bewussyn van sy geestelike krag. Maar deur die bewussyn van sy verligte status en op grond van sy kennis en mag, het die mens weer hoogmoedig geword en homself bo sy naaste verhef, vandaar dat die verligte een geval het.
26)Vele wat hul ELOHIM-mens in hul innerlike wese gevind het, het hulself op hierdie manier herhaaldelik in gevaar gestel. Na sulke ervarings het hulle besef dat dit beter sou wees om weereens die sluier van vergeetagtigheid oor hul verligte toestand te plaas. Dit gebeur egter slegs op spesifieke versoek van die verligte een.
27)Nou vra EK julle: Is julle seker dat julle nie nou al 'n geruime tyd waarlik verligtes is nie, julle wat weer hierdie weg deur die Aarde bewandel en julle wat alreeds hierdie rykdom van MY leerstellings in julleself dra, soos wat julle dit al voorheen ervaar het? Is dit wat EK julle leer nie in werklikheid net onthou nie? Het julle nie uitgegaan om julle broers en susters huistoe te bring nie? Is dit wat julle

uitdaag nie miskien die sluier wat julle bedek, omdat julle ELOHIM julle VADER versoek het om dit oor julle te plaas nie?
28)MY vriende, as julle die geestelike kragte wat in julle binneste werk kon sien, sou julle nie meer twyfel aan MY woorde nie. Alle vlakke van bewussyn in julle is deur die lig aangeraak en vibreer dus. Van julle af gaan verbindingstrale regoor die hele Aarde, selfs verby die Aarde, na alle sterrebroers en -susters. Dit is strale wat soos strate van lig is vir ontelbare broers en susters. MY vriende, ontwaak uit die denke van julle eie gevangenisstraf.
29)Wanneer julle snags in ’n diepe slaap versink, ontmoet Ons in die sfere van die anderkant en verenig met alle ligwerkers op verskillende vlakke. Elkeen ken sy taak. Ons adviseer mekaar en saam gaan Ons hier en daar, oral waar die lig van liefde in mense of siele ingedompel kan word: Of dit nou op die strydvelde van hierdie Aarde is, in die gebiede van omgewings-verwoesting of een of ander aardse katastrofe , hetsy in ander sfere, dié van die siele-koninkryke, ongeag waar dit mag wees, Ons is daar om te help.
30)Nou is dit tyd vir julle om julle wese te laat ontwaak vanaf bewusloosheid na bewustheid, soos wat EK julle geleer het toe ons mekaar die vorige keer ontmoet het. Julle moet ontwaak tot 'n bewuste wese waarin nag nie meer geskei is van dag nie en omgekeerd.
31)EK het julle deur verskeie meditasies gelei. Mag julle in die komende tye groei om julle eie meditasies te formuleer, wat ontspring vanuit julle innerlike wese, en mag dit meditasies wees wat toestande van verhoogde bewussyn sal wees en nie fantasie, soos wat julle dit mag beskou nie. Dit is eerder vlakke van ander sfere van bewussyn. EK JAHSHUA DIE GESALFDE kan die een wat die praktyk van meditasie met oorgawe betree, lei tot in hierdie vlak van bewussyn. In daardie geval sal daar geen twyfel meer bestaan dat elkeen van julle in hierdie kring en selfs vêrder verby, hierdie verbintenis het met die bron van die OERFONTEIN, met ELOHIM, van Wie stromende krag van lig ontspring, en dat julle hierdie mag ook besit. Breek die dop van die "Ou Adam" oop en staan op!
32)‘n Kort meditasie sal julle na vryheid sal lei.
33)Gee julleself oor aan die asemhaling ... Asem die goddelike krag stadig in - via alle sentrums - die goddelike krag wat julle almal is, en asem die "ou Adam" uit deur middel van alle sentrums ... Herhaal dit 'n paar keer bewustelik, en laat die asem dan kom en gaan terwyl julle in julleself gedompel bly ... Ek sal stilbly ... Oefen dit ...
34)Met hierdie bewustelike asemhaling voel jy jou pols in jou kopbeen klop. Enige eksterne beperkinge, soos mure en tronktralies, verdwyn. Gee jouself oor aan die meditasie. Jy wil niks hê nie, en alle spanning sal verlore raak in jou kalm asemhaling, waar jy jou verdiep in die goddelike ritme van bestaan en niebestaan, van alles en niks, van wording en afsterwe. En julle vind julle rustige innerlike as.
35)Goddelike asem pols kragtig deur julle wese. Alle sentrums van bewussyn straal helder uit in die lig van julle goddelike BRON. Sê: “Ek is 'n Seun, 'n Dogter, van die ewige heilige VADER. EK IS."
36)Hierdie "EK IS" los alle beperkings op. Julle bewussyn brei uit na hierdie “EK IS”, in ELOHIM in alle wesenlike bestaan.
37)Voor julle geestelike oë gaan tydperke verby. En jy bly oor en oor dink "EK IS."
38)Dit maak nie saak watter rolle EK in hierdie tydperke gespeel het nie, dit is nie die ware wese nie; want EK IS. EK IS die begin van die son en die einde daarvan. Hou aan dink dat EK IS die begin van 'n ster en sy heengaan is. EK IS die ontwikkelende aardse heelal en sy heengaan.
39)Brei nou julle bewussyn uit deur die ewigheid in te glip met die gedagte: “EK IS buite ruimte en tyd. Wording en afsterwe is geen waarheid meer vir my nie, want EK IS 'n Kind van die ALLERHOOGSTE, SY Seun, SY dogter. “Laat hierdie gedagtes in jou vibreer!”

40)Keer nou van hierdie bewussyn af terug na die aardse wese, wat julle al vele kere voorheen gedoen het. Nou word dit aan jou oorgelaat om met toewyding te put uit die vryheid van die "EK IS". Julle keer weer terug na ruimte en tyd.

41)Voel die band met julle sterrebroers. Voel die band met alle dinge wat in die materiële bestaan geskep is, want julle het van ewigheid af eenheid saamgebring binne-in die ruimte-tyd-gebeurtenis.

42)Wanneer julle nou weer julle aardse liggaam binnegaan, onthou wie julle werklik is wanneer julle nog worstel as mense.

43)MY vriende, EK herinner julle weereens aan MY versoek om julle besig te hou met "wording en afsterwe", indien julle gewillig is; want dit het waarlik tyd geword om die boeie van die materiële sintuie van julle materiële liggaam af te skeur en die weg na julle geestelike sintuie te vind. Deur met die boom te oefen, sal julle dit vir die eerste keer kan regkry.

44)EK gee MY krag aan julle, en die genade vanuit die VADER se HART word in volle mate aan julle gegee. Kom verwerklik al die kennis wat binne-in julle rus!

**Amein.**

### *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

## 69. Oefening

**Die siel beskou nie net die huidige gebeure in ruimte en tyd nie, maar alle inkarnasies - slegs wanneer die bewussyn vibreer in onbeperkte liefde, kan dit een word met JAHSHUA DIE GESALFDE - wat van die dissipel van DIE GESALFDE gevra word, is om dit wat die moeilikste vir hom is, te laat los - meditasie oor die tuisbring van die gevalle wesenlike bestaan**

1) Die dag is verby, MY geliefde vriende. Dit het reën, sneeu en sonskyn vir julle gebring, sowel as wolke en stormagtigheid. Slegs een dag van julle lewe, en julle kan herken dat hierdie simbole ook gedurende julle lewe verskyn. EK JAHSHUA DIE GESALFDE is die krag van lewe in julle. EK het julle gelei op die weg van liefde na die vibrerende lewe, nie net in hierdie inkarnasie nie, maar selfs ook in die vorige lewens. EK het julle gelei na 'n dinamiese lewe, na die opstanding van julle siel in die mens. Die tyd gaan verby net soos wat hierdie dag tot 'n einde kom, en julle gaan voort met julle wandeling saam met MY in julle innerlike.

2) Het julle MY tot die lewe in julle laat ontwaak? Is EK opgewek tot die "EK IS die lewe" in julle? Wording en afsterwe, dit is slegs 'n tydelike verskynsel. Wat wil dit vir die mens sê? Dit sê: "Sien, o mensekind, jy is nog steeds geboei in ruimte en tyd. Jy beweeg in jou bekommernisse en dink aan jou wêreldse sake. Jy gee jouself oor aan die hartseer wat vanuit die siel opkom. Dink aan hoe vinnig 'n lewe verbygaan en hoe onbeduidend baie dinge waarvoor jy nou so baie omgee ten einde geloop het!"

3) EK het julle die taak gegee om julle besig te hou met wording en afsterwe, sodat julle die weg na julle sielebewustheid kan vind. Tydens hierdie oefening het EK aangebied om julle in die sielsbewussyn in te lei. Die siel hou nie net toesig oor julle huidige wese in die aardse kleed nie, maar ook al die sfere van die mens se bestaan. Sy weet van die taak wat sy wil vervul en oorstroom die menslike kleed met haar gewaarwordinge.

4) Al die mens se gevoelens, of dit nou hartseer of vreugde is, vloei vanuit die sielsbewussyn. Slegs hy, wat sy eie skaduwees sal oorwin, wat hulself deur gevoelens uitdruk en wat kan leer om sy gewaarwordinge te ontmoet, sal leer om met sy siel te kommunikeer. Want, soos wat EK jou geleer het, is gevoelens die taal van die siel.

5) Laat EK terugkom na die voorbeeld van die boom, want julle sal die simboliek daarvan beter verstaan. Hoeveel geslagte het hierdie boom gesien kom en gaan? Dit het altyd dieselfde gebly. Vanaf

die tyd toe dit net 'n klein lootjie was tot by die kragtige groeiende plant, het die bewussyn daarvan “boom” gebly. Selfs wanneer die boom, miskien na honderde jare in sommige gevalle, voorberei om sy fisiese bestaan weer in die hande van die KOSMIESE GEES te plaas, met behulp van die natuurgees wat in die boom geleef het, bly die bewussyn “boom”. Wanneer dit op die fisiese vlak sterf en na die geestelike vlak terugkeer, sal dit in die bewussynsfeer van alle bome gebeur.

6) Kyk nou na julleself! Julle is kinders van ELOHIM. Deur middel van meditasies het julle geleer om julle bewussyn uit te brei buite die menslike kleed en in alle sfere van die skepping in, beginnende met die mineraal, deur die plant- en diereryke, selfs tot in die koninkryke van die natuurgeeste. Van daar af het julle julleself verdiep in die bewussyn van julle medebroer of -suster. Deur die weerspieëlings uit te werk, het julle die diepte van julle siel gereinig en het julle teruggekeer na die helder en suiwer bewussyn van 'n Seun, of 'n Dogter van ELOHIM. Is julle? Stel hierdie vraag aan julleself in julle mees innerlike wese en ondersoek julleself! MY geliefde vriende, slegs wanneer julle liefde sonder grense vibreer, wanneer sy nie meer onderskeid tref tussen vriend of vyand nie, kan julle bewussyn een word met Myne. Eers dan is EK binne-in julle opgewek. So gaan EK voort om hierdie Aarde deur julle te loop as geheiligde verloofde van julle siel, soos wat die mens die opdrag vervul wat hy 'n tyd gelede belowe het.

7) Weereens vra EK julle vir die hartlike, diepe liefdesverbintenis met MY JAHSHUA DIE GESALFDE. Nie net vir kort oomblikke in die loop van julle dag nie, maar vir die hele dag. Dan, MY vriende, sal dit nie buite sneeu of reën nie. Daar sal geen storm wees nie, maar die Son van Liefde Wie EK IS, sal skyn. Dan hoef julle siel nie meer groot versugtings te uiter of pynlik na die duisternis te kyk nie, want sy sal die lig sien wie Ons saam is.

8) En wat ookal die uiterlike ding is wat die mens gevra word om uit te voer, sal nie meer gevoelens van ego in hom of haar opwek nie, aangesien die ego in die Hoër Self opgelos het, en die gevoelens van die siel spreek in die mens. Die taal van die hemele het ook in die mens ontwaak.

9) Kyk gedurende hierdie tyd van voorbereiding vir nog 'n Pasga-feesviering na MY wandeling op Aarde en verbind hierdie wandeling met joune! EK het jou geleer: Jy sal ook via Golgota gaan. Jy sal ook die las van die kruis dra. Maar MY juk wat EK op jou geplaas het, is maklik; want hy wie saam met MY wandel, wandel in vreugde in die saligheid van die opgestane ELOHIM-mens. Seuns en dogters van die hemel loop deur ruimte en tyd, gaan ook deur die geestelike sfere, keer terug na materie en is en sal Seuns en Dogters van die ALLERHOOGSTE bly.

10) Bedink die gelykenisse wat aan julle oorgedra is; byvoorbeeld die een oor die ryk jongman, vir wie EK gesê het: “Gaan verkoop al jou rykdom en volg MY!” Waarom het EK dit van hom gevra en nie van al die ander nie? [Die rede was dat] sy besittings en materiële rykdom vir hom belangriker was as EK JAHSHUA DIE GESALFDE. Hy het sy Seunskap nie herken nie. Hy het 'n seun van hierdie Aarde geword. Die lewe in hom het gesterf. EK het sy siel aanskou en presies dit van hom geëis wat vir hom die dierbaarste was. Op hierdie manier kyk EK ook in julle siele in en eis alles van julle wat vir julle die dierbaarste is. Dit is die las wat julle op Golgota dra - julle toewyding aan ELOHIM, net soos wat EK MYSELF aan MY VADER oorgegee het.

11) MY vriende, waarom was hierdie vernederende dood vir MY voorberei deur die broers en susters wat die duisternis verken het? Gedurende die drie jaar van onderrig was EK geliefd en hoog aangeskryf deur die mense. Duisende het rondom MY vergader oral waar EK gestaan het. Hulle het MY WOORD gehoor en aan MY hulle liefde, geloof en vertroue gegee. Toe EK Jerusalem binnegekom het, het die skare van vreugde geskreeu en wou MY oprig en MY as hul koning kroon. EK leer julle: EK was 'n mens soos julle. Daarom moes EK opgee wat vir MY die moeilikste was.

12) Die aanbidding, die oproepe van "Hosanna" en "Lof aan ELOHIM in die hoogste" het verander in "Kruisig hom!" EK het MY pad geloop. Hartseer was in MY menslike hart, want slegs enkele van diegene wie aan MY toegewy was, het oorgebly om MY in die gees te vergesel op pad na Golgota. Al die ander het met teleurstelling en woede en in hul haat uitgeroep, omdat EK hulle nie van die Romeinse heersers verlos het nie, en hulle het geskreeu: “Kruisig hom!” Die Mens JAHSHUA wat net voor dit tot die troon verhef is, moes nou die diepste vernedering deurgaan, met die doringkroon op

SY hoof en te midde van stemme van bespotting en beskimping; HY moes die mees skandelikste dood aan die kruis sterf.

13) Hierdeur het EK al MY broers en susters, wat deur die donkerste nagte reis, getoon dat dit vir die mens moontlik is om sy swakheid met die GEES te oorwin. Mag dit ook 'n teken wees op julle toekomstige pad: Ook julle kan die krag van die GEES gebruik teen al julle swakhede. Maar helaas, die wil om dit te doen is slegs julle besluit.

14) MY oproep weerklink al hoe dringender in julle. Skeur die sluiers van julle tydelikheid, en herken julle ware wese, julle status van Seun of Dogter van die VADER! Want die krag van die GEES vloei na julle toe vanuit hierdie Ewige Wese, sowel as die impuls vir die wil van die mens om sy weë met hierdie krag voort te sit.

15) EK het aan julle geopenbaar dat die genade-tydperk, waartydens julle onder die beskerming en spesiale genade van ELOHIM, julle en MY VADER was, geëindig het. Nou word julle uitgedaag om julle ewige wese op julle eie te vind en te put vanuit julle eie inwonende krag.

16) MY vriende, EK begeer om deur alle sfere van bestaan te wandel deur julle, nie net gedurende die meditasies nie, maar ook gedurende die dag en die nag ten einde die transformasie, die tuiskoms te versnel. Dit is die rede waarom EK voortdurend met erns en gewigtigheid met julle praat, en EK roep julle aan: “EK is die fondament in die onbeperkte oseaan van oneindigheid, nie net vir julle nie, maar ook vir alle kinders van die VADER, selfs vir diegene wat weggedraai het van die lig! EK is die ondersteuning deur Wie die wederkoms gaan plaasvind, want EK is die LIEFDE. Slegs op grond van liefde sal die tuiskoms plaasvind. ”

17) Daar is soveel ellende in die skepping, in die harte van die mensekinders. Oneindige lyding vind ook plaas in die koninkryke van die siele, MY vriende. EK wil julle ook daardeur neem. EK wil julle uitstuur, julle, julle Hoër Self, sodat julle waarlik lig kan wees in die “eindtye van tuiskoms”, vir almal wat julle beloof het om die lig te bring.

18) Die aardse son skyn steeds vir julle hier op Aarde. Wanneer 'n sonstraal op julle skyn, kan dit die hart-seer van die siel verdring - ten minste vir 'n oomblik. Maar, in die siele-koninkryke, dit wil sê, oral waar julle en MY broers en susters hul rûe op die lig gedraai het, kan slegs die diepste duisternis gevind word. Nie een straal verlig die donkerheid van die nag nie, en uit die distels en doringbosse kan 'n treurige klaaglied gehoor word.

19) Net een ligstraal [van jou] kan die donkerste donkerte binnedring, kan die dorings opsy skuif, net soos in die sprokie van die Slapende Skoonheid. Herken die dieper simboliek in julle mitologie. ‘n Straal van julle liefde, MY vriende, verskeur die distels en raak julle broer, julle suster aan wie vanuit die ewige huis hulle weg in die duisternis verloor het.

20) Deur julle verlig hierdie ligstraal die weg vir julle broers en susters. ELOHIM die VADER verlang na almal wat nog in die nag dwaal, en Hy doen dit deur MY en deur jou. Nege-en-negentig skape het EK agtergelaat, dit was die regverdiges van die hemele, om vir die een te soek en die verlore seun huistoe te bring, wat kollektief bedoel word. MY vriende, ook julle is nou deur julle skoolopleiding voorberei om te vertrek en die verlore skaap huistoe te bring.

21) Luister nou na die **meditasie**, wat julle selfs nog dieper sal inlei in die geestelike gebeure van die tuisbring van alle wesens wat uit die hemel geval het.

22) Asem uit deur alle sentrums en asem die GEES in, die goddelike Asem via alle sentrums, via alle bewussynsvlakke in julle liggaam! Asem krag in, asem GEES in, en blaas jou ego uit, wat homself aanhoudend wys! Asem in: "Ek is 'n Seun, 'n Dogter van ELOHIM," en asem uit: "Ek is 'n mens." En asem nou weer julle Seun- of Dogterskap in, en asem die mens uit! Julle is in eenheid met ELOHIM.

23) Julle voel nou hierdie geestelike krag as 'n polsende krag in die menslike liggaam, wat die Seun, die Dogter, dien. Die siel brei uit oor die fisiese bewussyn en omvou dit. Die siel dra die skaduwees van die individuele wandelinge oor die Aarde, maar terselfdertyd besef sy dat hy of sy 'n Seun of Dogter van die VADER is.

24) Hierdie bewussyn brei nou uit na die Kosmiese Bewussyn. Dit is onbeperk, want die hart van die VADER waarin jy nou rus, is gelyktydig orals en nêrens. Waarom soek julle na ELOHIM as julle een met ELOHIM is? Alles rondom en binne-in jou is GEES, en GEES is ELOHIM, terselfdertyd VADER en MOEDER, sowel as die SEUN.

25) Julle gevoelens, wat die taal van die siel, sowel as die van die hemel is, stroom nou in julle vlakke van bewussyn in. Hulle stroom oor die hele aardbol en raak al die gevoelens aan van die siele wat tans hierdie Aarde in die menslike kleed bewandel. In die GEES is daar geen skeiding nie. Julle is die broer in die menslike kleed en terselfdertyd die suster langs julle in hierdie kring, of selfs in die verre Afrika. Julle is een met elke mensesiel. Hulle liggaam is ook jou liggaam, hulle vreugde is ook jou vreugde, en hulle pyn is ook jou pyn.

26) Voel nou alles wat ELOHIM die VADER-MOEDER-GEES aanvoel, in die eenheid met SY Seun en Dogter: Al die hartseer in hierdie materiële sfeer word deur liefde verander. Wees lief dat EK IS, wees lief dat JY IS, en wees lief vir die Skepperkrag. Hierdie liefde bestraal nou die menslike kleed van julle broers en susters via julle gevoelens en vloei in die eenheid van alle tans geïnkarneerde geaardhede.

27) Weereens brei julle bewussyn verder uit as hierdie aardse sfeer en deur gevoelens betree julle die sielekoninkryke, die donkerste nag. Moenie vrees nie! ‘n Seun, 'n Dogter in ELOHIM, verenig met die krag van die goddelike erfenis, ken geen vrees nie. In hierdie donker nag is julle broers en susters verminkte wesens, en tog is hulle julle broers. Die lelikheid is die duisternis. Hulle het ook vir julle die diepte ingegaan. Hulle ervarings is terselfdertyd julle ervarings, want in die GEES is daar geen skeiding nie.

28) Moenie vrees nie! Kyk na die verwronge, haatgevulde gesigte. Woede word na julle uitgegooi. EK is met julle en liefde, wat van julle deur MY vloei, stroom in hierdie sfere in. Liefde stroom van jou na jou broers en susters. Hierdie liefde is effektief. Selfs al neem dit nog steeds eons voordat die duisternis omvorm is tot die suiwerste lig, is die begin nou deur julle gemaak.

29) MY vriende, die sfere van absolute duisternis is oneindig groot, en dit verg baie lig om hulle te bestraal. Kyk geestelik na die sterrewêrelde en stel julle hierdie oneindige wydtes voor! Die sfere van die duisternis het dieselfde oneindige wydtes. EK doen 'n beroep op julle, wie die opdrag het om ook hierdie sfere te bestraal, om hulle na lig te omvorm.

30) Wanneer julle ook sieners word vir hierdie wêrelde, sal dit die moeilikste taak vir julle wees as deel van julle opdrag. EK JAHSHUA DIE GESALFDE sal egter een met julle wees en in en deur hierdie eenheid sal julle effektief wees vir die tuiskoms [van alle siele]. Die verdere vlakke is gegradeer van donker tot grys. Sfere van hartseer wag op julle om tot vreugde opgerig te word; want dit is ['n plek] waar al julle broers en susters nog steeds vasgemaak is aan aardse materie; dit is waar dit lyk asof hulle die materie nie kan laat gaan nie; waar hulle elke opdrag verwerp en tog innerlik om verlossing skreeu. EK wil ook saam met julle deur hierdie sfere loop om hulle tuis te bring [wat nog nie tuis is nie].

31) Nou klim ons op na meer liggevulde gebiede, na paradysagtige sfere. Ook daar, MY getroues, is broers en susters wat glo dat hulle die hemel bereik het en daarom verwerp hulle enige en alle leringe. Aangesien die vrye wil bepalend is op alle terreine van bestaan, kan net liefde hier help. Hierdie liefde skend nie die vrye wil nie, want sy vereis niks. Sy is eenvoudig daar ten einde die ware lig in hierdie skynbaar paradyslike sfeer te wys. Wanneer EK saam met julle deur hierdie sfere wandel, straal julle hemelse lig uit en 'n warm lig bestraal die broers en susters, wat verbaas sal vra: 'Wie is hulle? Waar kom hulle vandaan? Wie is ek, as daar liggevulde wesens soos hulle is? “ ‘n Ligstraal was deur julle in hulle bestraal, wat veroorsaak het dat hulle hierdie vrae vra. Engele van onderrig is dan byderhand om hulle vrae te beantwoord en julle broers en susters te help.

32) En nou sal ons ook hierdie bewussynsfere verlaat. MY vriende, die skepping is oneindig. Nou skakel julle met die gees van julle sterrebroers en -susters, almal wat net soos julle die opdrag het om alles in en van MY GEES van liefde huistoe te bring. In hierdie sfeer en in alle meer-vibrerende sfere wag vreugde op julle, MY dissipels! Julle voel weer julle menslike kleed en is tegelykertyd in die wydte van die kosmiese bewussyn. Julle voel julle is die Seun, die Dogter van die VADER, wat die Aarde

deurloop in die menslike kleed. Kyk kortliks na die probleme wat julle tans op menslike vlak ervaar en besef hoe onbelangrik dit is. Maar nogtans, vir die mens is EK julle wandelstaf om julle te ondersteun en te help. EK is julle vriend.

33) MY seën sy met julle hier in hierdie kring, sowel as buite. Mag voortdurende liefde, vrede, seën en lig van nou af voortvloei.

**Amein.**

## *Die Liefde vir ELOHIM - Die weg na mistieke eenheid*

# 70. Oefening

**Die OER-ELOHIM, die Vader seën en wy ons: Daarom stuur EK jou uit, MY Seun, MY Dogter, as MY Kind van die lig, geseën deur MY.**

1) MY vriende, EK JAHSHUA DIE GESALFDE seën julle in hierdie gemeenskap en [EK seën] almal wat in hierdie geheiligde uur aangespreek voel vir die toewyding tot julle opdrag.

2) ‘n Ruk gelede het EK julle op 'n heuwel gebring na 'n rusplek. Daar het EK julle wyn en brood simbolies aangebied. Laat ons ook vandag geestelik na hierdie heuwel stap, want dit het 'n diepgaande betekenis. Van bo af, baie naby aan julle doel, sien julle die diep vallei. Julle sien al julle broers en susters wat nog steeds sukkel om die steil hellings uit te klim wat na die paadjie lei.

3) Julle blik skandeer die land. Julle sien 'n verwoeste skepping, hoor binne-in julle hoe die diere klaag, en julle weet van julle taak, wat in julle innerlike wese rus. Alhoewel julle verlange groot is om die berg uit te klim en die kruin te verower, ten einde weer tuis te kom, is julle daarvan bewus dat huis, verkry deur julle eiewil en sonder omgee vir julle broers en susters, geen geluk sal bring nie. Die lyding wat deur die aardse gebeure veroorsaak word, sal nog te pynlik in julle weerklink.

4) Nou is julle rondom MY vergader. In julle hande dra julle die geestelike swaard van die GODDELIKE Wil wat EK aan julle gegee het. Dit is die swaard wat julle ELOHIM se vegters gemaak het, en dit is met MY waarskuwing aan julle gegee om dit altyd met nederige liefde te gebruik; want dan vibreer jy in harmonie met die GODDELIKE Wil, alhoewel jy ook sou kon kies om die swaard op te hef om mag te verkry, want alle mag, die erfenis van die VADER, lê binne-in julle. Dus, wanneer julle voortgaan op julle weg deur ruimte en tyd, sal MY waarskuwing in julle weerklink wanneer geestelike gawes in julle ontwaak en julle daardeur die krag sal verkry om daarmee te werk.

5) MY vriende, EK het julle wyn en brood aangebied. Beide, die drink vanuit die kelk, sowel as die breek van die brood, is simbole vir die toewyding aan MY menslike broers en susters.

6) As EK julle vra om dieselfde te doen, deur die drank in die kelk met MY te deel, asook deur die brood saam met MY te breek, vra EK julle ook die volgende: Kom, volg MY! Gee julleself oor en bedien julle broers en susters, dien die skepping - die mineraal-, plant- en diereryke asook die natuurwesens. Bedien die vier elemente - vuur, water, Aarde en lug - en julle sal groei in die vervulling van julle opdrag, naamlik om die wêreld wat julle nou omring, die wêreld van uiterlike glinster en voorgee, te transformeer tot geestelike werklikheid.

7) Tydens julle stilte, MY geliefde vriende, open die GEES vir julle in alle wesenlike bestaan. Alles spreek tot en met julle. Alles wat rondom julle is, wil julle bedien op dieselfde manier as wat julle bereid is om in nederigheid te dien en daarom bereid is om lief te hê.

8) Wanneer die kragte magtig in julle word, dink terug aan hierdie aand en MY pleidooi met julle om altyd ten volle bewus te wees van die feit dat 'n Seun, 'n Dogter van die VADER altyd nederig buig voor alle wesenlike bestaan; want GEES woon in alles wat daar is.

9) Binne daardie sfeer lê die alles-verenigende liefde, waarna julle streef. Skei nie meer in julle harte nie, maar laat EK die Aarde deurloop deur julle, en laat EK alles wat geskei is of so lyk, verenig.

10) Wend nou julle blik weg van onder af; draai om en kyk na julle doel! EK is met julle, met elkeen van julle. MY regterarm is op julle skouer, en met die linkerhand wys EK na die lig.

11) Laat staan alle swaarmoedigheid en verdiep julle in die lig van die ewigheid, om voortaan daarin te bly! Die lig is sterker as dié van julle aardse son. Dit bestraal julle, en 'n golf van liefde en barmhartigheid omvou julle. EK wys julle op die EEN WIE MY en julle VADER is. EK wys julle die weg aan tot in die VADER SE HUIS. EK wys julle die weg na die ewigheid, van waar julle gekom het en waarheen julle sal terugkeer. Los tyd agter julle en gaan die ewigheid binne, betree julle Seun- of Dogterskap!

12) EK, die **OERVADER** groet MY Seuns en Dogters in die aardse kleed. Luister na MY WOORD en ontvang dit in julle harte, waar EK is en waar die hele hemel is! Vrede omring julle; dit is die vrede van die huis, MY Seuns, MY Dogters. Deur julle sal daar vrede wees op die hele Aarde, op hierdie planeet. Vrede sal op hierdie planeet wees, wat soveel hartseer dra en deur wie se weë julle nou in die aardse kleed gaan ....; vrede in die mineraal-, plant- en diereryk, vrede onder MY kinders.

13) Heilig was die uur waarin julle almal bymekaargemaak is, en vreugde het julle harte gevul in die bereidheid om julle huis te verlaat en julle voete op hierdie wêreld sonder vrede te plaas. Vrede en liefde is wat julle belowe het om na die Aarde te bring ... vrede, vreugde en liefde.

14) Maar, eers eenmaal in hierdie aardse kleed, was julle dikwels sonder vreugde, en was julle naarstigtelik op soek na julle innerlike vrede. MY Seuns, MY Dogters, die vrede is in julle! Vreugde is in julle! Liefde is in julle! Julle huis is in julle; in julle is die hele hemel! Gaan dus in julle innerlike sfere in en herroep die skeiding, die onderskeid wat julle maak tussen Gees en materie.

15) Wanneer jy op hierdie planeet Aarde wandel as MY Seun, as MY Dogter, is jy in eenheid met alle geestelike bestaan rondom jou. Jy sien verby alle materie, wat vir jou fisiese oë sigbaar is. Jy aanskou MY GEES en herken terselfdertyd dat jy een is met hierdie GEES. Daar is geen skeiding in die GEES nie. Die Woord, wat MY Seun aan jou gegee het, het dan vir jou werklikheid geword. Jy rus in MY hart; jy het dit nog nooit verlaat nie.

16) EK, julle OERVADER, het MY hand op die hoof van elkeen van julle geplaas voordat julle die durf gehad het om die duisternis te betree, ten einde 'n lig daarin te wees. EK het julle MY seën gegee en julle MY genade belowe vanuit Barmhartigheid, sou julle die weg in die duisternis verloor.

17) MY Seuns, MY Dogters, julle het die duisternis oorwin. Julle sien die lig, julle sien MY. Weereens plaas EK MY hand op julle hoof. Hierdie keer is dit die hoof van die mensekind wat die Seun, die Dogter van MY GEES, in hulle dra.

18) EK seën jou, MY kind in die menslike kleed. Gooi alles weg wat jou aan die materiële vlak bind! Kyk, MY genade help jou om selfs hierdie laaste boeie te sny. MY Barmhartigheid bevry jou van aardse bande.

**19) Kom wees nou lig te midde van die duisternis,**

**20) Wat julle eens op ’n tyd beloof het om te wees!**

21) MY Seun, MY dogter, voel binne-in julle die geestelike toewyding wat julle ontvang het toe julle vir julle opdrag besluit het. Hierdie geheiligde toestand bestraal nou julle wese en is vernuwe vir die gebeure in aardse tyd.

22) Luister, MY kind, en hoor hoe die skepping reg om jou lyding verduur. Herken dat dit MY lyding is, want EK is die GEES in alle dinge! Maar dit is ook julle lyding, want julle is een met die GEES. Die mag en die krag van MY erfenis word egter in julle hande geplaas, sodat hierdie lyding nou kan ophou.

**23) En so stuur EK jou uit, MY Seun, MY Dogter,**

**24) as kind van die lig**

**25) Wie deur MY geseën word!**

**26) Wees aktief in volle besit van julle geestelike krag!**

27) EK, jou VADER, is alomteenwoordig in jou en loop verenig met jou MY Seun, MY Dogter, oor die velde van aardse gebeure. Vervul wat jy belowe het! Enorme liefde vloei deur jou aardse wese, deurdrenk met MY hunkering.

28) Kom huis toe, MY kind, en bring alles wat geval het terug na MY, terug na die lig! Transformeer die duisternis van jou vrye keuse tot lig en vernietig die polariteit wat jy nog steeds rondom jou sien!

29) MY Seun, MY Dogter,

30) Bewandel hierdie planeet Aarde in die eenheid met alle bestaan en

**31) Van en met MY krag wat ook julle krag is,**

**32) van en met MY mag wat ook julle mag is,**

**33) van en met MY liefde wat ook julle liefde is,**

**34) en moet julleself nie voortaan beperk nie!**

**Amein.**

35) MY vriende, EK JAHSHUA DIE GESALFDE, julle vriend in julle, maak julle outonoom, want EK leer julle alles direk in julle innerlike sfere. Slegs daar sal julle die waarheid soek.

36) Hierdie vryheid hou ook sekere gevare in, MY vriende, maar julle is daarvan vertel. Moet nie julle onderrig kursus wegsit nie. Want wanneer julle 'n impuls vanuit julle innerlike sfere ontvang om julle boek ter hande te neem, maak dit enige plek oop! Dit sal presies die plek wees waar julle die hulp sal kry wanneer julle twyfel sal hê hoe om van daar af verder te gaan.

37) Ingevolge die wet van die vrye wil kan EK julle nie beïnvloed nie. Alles rondom julle sal egter daar wees om julle te help, sou julle maar net bereid wees. Dit kan die skoolboek wees wat julle pas voltooi het, of enige boek wat geestelik deur MY geïnspireer is, sowel as die skepping rondom julle, soos wat EK julle geleer het. Alles is 'n simbool en is daar om aan julle die weë na volmaaktheid te openbaar.

**38) MY vriende, daar wag 'n wonderlike wêreld op julle,**

**39) dit is die wêreld van GEES.**

40) Weereens: Slegs in die stilte sal hierdie wêreld vir julle oopgaan, en sy verlang na die kind van die ewige heilige VADER en na SY liefde.

41) Gaan saam met MY in na die geestelike sfere, en put krag daaruit om jou opdrag te vervul, wat lig moet wees te midde van die duisternis! Elke lied van 'n voël wil die Vader se kind verbly. Die bome ritsel vir jou 'n vreugdelied. Die wind sing haar melodie, en in die fluisterende bron, juig jou huis, jou BRON, en moedig jou aan om deel te hê aan die volheid van die GEES. Alles wat julle op Aarde omring dra intrinsiek (kenmerkend) die GEES van ELOHIM.

42) Put vanuit hierdie eenheid, en julle bedieningspad sal nie moeilik of sonder vreugde wees nie! Julle alledaagse pligte sal julle nie meer depressief maak nie, omdat julle in die vervulling is van julle belofte wat lank gelede gegee is, terwyl julle put vanuit die volheid.

43) Mag die kelk in julle hand, wat een van die gebeure in tyd en ruimte aandui, nie swaar op julle siel weeg nie, MY geliefde vriende. Laat julle siel eerder deur julle vreugde vrolikheid verkry; want die bitterheid van die gebeure binne tyd en ruimte, waardeur EK ook moes gaan, sal deur julle getransformeer word, net soos wat EK eens water in wyn verander het.

44) Kom, MY geliefde kudde en betree die weg, hetsy met mekaar in die menslike kleed of afsonderlik, want hierdie kwessie behoort nie meer vir julle saak te maak nie. Want in die GEES is en bly jy altyd een met MY en in ELOHIM, julle en MY VADER, Wie terselfdertyd MOEDER is.

45) Laat ons dus die stappe neem na julle geestelike vryheid:

**46) Elkeen is 'n instrument, die waarheid lê in julle!**

**47) MY seëning vul julle!**

**48) Voortaan sal EK, in eenheid met die GEES van ELOHIM,**

**49) die aardbol deur julle bewandel.**

**Amein.**

**Gebed:**

50) ... Ons verenig ons in gebed en dank die VADER vir die krag van Sy **GEES**, en ons laat hierdie krag, die seëning en die liefde, voortvloei na al ons medebroers en -susters, ons vertroos hulle, het hulle lief en bring aan hulle vrede.

51) Terwyl ons ons hoofde buig, vra ons om vergifnis, altyd bewus van ons sondigheid, maar terselfdertyd deurtrek met die verlange na die VADER in ons **MEESTER** JAHSHUA DIE GESALFDE, die verlange wat ook in ons siele is. Hierdie verlange sluit aan by die huidige verlange in die skepping na die lig van ewigheid, na vrede, na vryheid in die geestelike wese sonder geweld, sonder om gedomineer te word of te wil domineer.

52) Sodoende straal hierdie GEES ook in die wêreld van die diere in en help hulle om hul lyding te verlig, die lyding wat hulle vir mekaar veroorsaak sonder om daarvan bewus te wees, en ook die lydende mensdom - ons broers en susters - oorsake. Die barmhartige goedheid van die MOEDERLIKE beginsel versag al hierdie lyding; want hier in hierdie aardse bestaan is ons die goewerneurs van U GEES, o VADER. Ons kan hierdie lyding oplos; ons kan dit transformeer. Ons doen dit nou vuriglik met ons innerlike wese, wat met U s'n verbind is, o VADER.

53) Liefde vibreer, liefde koppel! Dus is ons nou van een gees met alle broers en susters, wie soos ons is, en streef daarna om waaksaam te bly te midde van die naderende vuurstorm. Geliefde hemelse VADER, ons weet dat dit 'n geestelike vuur is, dit is U vuur. En elkeen wat by U aansluit, sal nie deur sy vlamme verteer word nie. Ons is boodskappers van U Barmhartigheid en ons is daarvan bewus. Die geestelike vuur bring [ons] huistoe, o VADER, en ons was lank gelede, buite tyd en ruimte, met al ons krag bereid om te help met die tuisbring. Ons was saam in die heiligdom met U VADER. Hierdie belofte is weereens in ons bewustelike denke, in hierdie huidige tyd en ruimte, en ons is ten volle bewus van ons krag om U Seun, U Dogter te wees, en van ons vermoë om vanuit hierdie krag op te tree.

54) VADER, ons wil dus nie meer U swak kinders wees nie, maar sterk en vasberade in ons oortuiging, in ons geloof, vertroue en in ons liefde vir U, o VADER, aangesien daar geen skeiding is van alles wat bestaan nie. Hierdie hernieude belofte vul ons en maak ons gereed, VADER, om U HEILIGE GEES te ontvang wanneer die tyd sal aanbreek.

55) Ons dank U vir hierdie aand, vir die skoolopleiding waardeur U Seun ons gelei het, en ons sal nie ophou om te bid en wakker te bly, ten einde aktief te help met die transformasie en die huistoe bring nie.

56) Vader, so sal dit wees, vir nou en vir altyd!

**Amein.**

## *Einde van Boek*

**(Gedig vanuit Hoofstuk 17)**

## *Die Spinnekop*

Eens was ek bang vir spinnekoppe
Wat hul nette weef.
Om alle liefde te wen,
Was en is my strewe.

Toe ek een oggend
Deur die tuin stap
'n Draad van blink silwer
Lig in die sonlig.

Bietjie beweeg deur die briesie,
Is hy tussen bome gespan?
So sag en fyn geweef
Asof dit van 'n geestelike hand was.

Nou het ek opgehou met die gewoel
Die klein arachnid agt
het in uniforme kringe
'n Ware wonderwerk gedoen.

Die net was skaars klaar
'n Muskiet is gevang
Haar lewe is beëindig
Ek het gevra na die betekenis.

O mensekind, sien,
Wat ek vir jou wil wys:
Ek dra die simbool van liefde
Op my rug nederig, stil.

Die gevalle engele het gesink
Aan hierdie materiële bestaan
En geskep deur bose gedagtes
Die insekplae groot en klein.

Ek sou nie uit liefde wees nie
Onmiddellik aan die mens gegee,
Daar sou niks van hulle oorbly nie,
Omdat hulle skepping teen hulle gerig is.

Want wat die mens uitstuur
Beweeg sy weg in die wet.
Kom sterker terug en draai weerom
na die goddelike wet .

In sy hoogmoedige waansin
As hy ondergang en dood stuur,
As ons nie in die liefdesplan gewerk het nie
As hy in ernstige nood verkeer.

O kind van God, weet
dat alles in jou lê:
Die hemel se groot liefde,
Maar ook oorwinning van duisternis.

In jou hande rus ook
Die lot van hierdie aarde
Met alle skeppingswese
In die goddelike sal dit

Lei tot liefde en vrede
Alles in aardse wese
Die mense en ons diere,
Tot alles weer in is.

Dan sal ek, die spinnekop, doen
Voer aan my die dou,
In goddelike ontwikkeling
gee ek jou 'n insig in jou wese.

Want elke skepping is in jou
Sedert alle tye
Daar is geen skeiding in die ONS nie

**Die Skepper-Liefde-Eenheid.**

## *INDEKS*

*Voorwoord*

**LIEFDE VIR DIE SKEPPING AS SELFHERKENNING**

1. *Oefening*
   Vergelyking van innerlike pad en bergwandeling aan die hand van die Meester - elke dag is 'n gawe van ELOHIM - Taak: Begin julle dag met my, JAHSHUA, DIE GESALFDE.

2. *Oefening*
   Die gees van JAHWEH deurloop die aarde, HY roep sy skape op om 'n kudde van Liefde te wees - om vreugde in ons hart te hê - oor nederigheid - Taak: Wy die eerste oomblikke van jou nuwe dag aan ELOHIM en probeer om met Hom verbonde te bly gedurende die eerste halfuur.

3. *Oefening*
   Wanneer ons verander, verander ons naaste om ons - Meditasie: 'n Wandeling na die innerlike fontein van liefde met al ons verwante - Taak: Wanneer jy geïrriteerd voel, raak stil en gaan na die innerlike fontein van liefde - In die aand, deurdink die dag; vra vir vergifnis - Laat jou laaste gedagte by ELOHIM wees.

4. *Oefening*
   ELOHIM is beide VADER en MOEDER - van alles wat ons omring, roep die SKEPPERGEES na ons - in elke atoom is HY die Liefde, die Beweging, die Krag, die Lewe – Die rots simboliseer goddelike GEDULD - Taak: Soek ’n klip, sy wil ons vriend wees.

5. *Oefening*
   Elke aardse wandeling is 'n pad via Golgotha -'n Oproep weerklink deur die Skepping: "Kind, kom huistoe!" - “Herken jouself, o mens...” - Taak: Elimineer die skeiding tussen jou en die rots - stuur liefde na die wêreld van minerale, en ons ontwikkel geduld met onsself en ons naastes.

6. *Oefening*
   Put genot in die klein dinge wat daagliks aan julle geskenk word - die Meester het nie die dood geleer nie, maar lewe, die liefde - aanvaar jou laste en dra hulle geduldig, dan sal die juk gemaklik op julle skouers rus - die Meester is ons Vriend! Taak: Stel jou voor dat die Gees van die Meester altyd langs jou is as jou goeie Vriend.

7. *Oefening*
   Ons “vyande” berei ons pad na die lig voor. Hulle wys ons waar ons liefde kort. Hulle is ons spieëls. - Openbaring vir die nabye Pasga-viering - 'n Versoek: Verhef die kruis, wat oor die aarde lê as verdriet! - leer om jou naaste met deemoedige liefde te begryp - aanduidings van die dubbele siel – wend julle na die plantekoninkryk - Taak: Vir die eerste week, fokus julle aandag en liefde op die potplant, in die tweede week, laat julle liefde oorvloei na alle plante.

8. *Oefening*
   ’n Kykie in die suiwer Geestelike Huis - ELOHIM se Wese, genaamd Orde, Wil, Wysheid, Geregtigheid, verbonde aan die mineraal-, plant-, dierekoninkryke - asook van die natuurwesens - die ontwikkeling van die kind van ELOHIM – verduideliking van die val van (eens suiwer) wesens - Liefde van die SKEPPERGEES regeer ook in die aardse skepping, alles dien alles - julle het hierdie krag ook binne-in julle, d.w.s. om energie regstreeks van die son af te absorbeer – verantwoordelikheid tydens die draai van die tyd - daar is geen toevallighede nie,

alles het 'n rede – wie sal op die nuwe aarde kan leef - Taak: Straal liefde toenemend uit in die plantwêreld in.

*9. Oefening*

Oefening in die woud - plante verwag seëninge van die mens - Liefde is 'n sirkel: Van ELOHIM na kind, na skepping, na kind, en terug na ELOHIM - plante wat in verskeidenheid in ons omgewing verskyn, probeer iets aan ons vertel – 'n plant help die mens op talle maniere - die wêreld van plante is 'n wêreld van gevoelens - Taak: Kies' n spesifieke boom en ontwikkel liefde daarvoor.

*10. Oefening*

O, jy boom, ek wil jou liefhê soos wat die Meester my leer om te doen – JAHSHUA DIE GESALFDE bemoedig ons - meditasie wat lei tot eenheid en liefde vir die boom van ons keuse – ten einde deur die vallei van trane te stap, ontvang ons alle krag vanuit die wortel, wat ELOHIM is - Taak: Dink na oor die wortelstelsel - waaraan hou ons nog vas - waar probeer ons ons krag vandaan kry.

*11. Oefening*

Boom as simbool van lewe: Wortel, stam, takke, takkies, blare - alles in die skepping roep uit: blare roep uit van verlange, lentetyd – reën spreek van Liefde - Vasstaan in die aarde weerspieël standpunt - : Taak! Gaan in die natuur in! Raak stil, neem waar, luister innerlik, wees een met die skepping!

*12. Oefening*

Verbind met My, JAHSHUA DIE GESALFDE wanneer jy ontwaak - oorspronklike skrif geheim gehou rakende bepaalde kennis betreffende lewe - ontwikkel die innerlike gevoelens – gee aandag aan jou impulse! - hierdie is die laaste dae – innerlike fontein - sprokies en natuurgeeste: Ontwikkel hierdie wysheid!

*13. oefening*

'n Siel se geheue is ewige geheue - in die oerskepping: Lig en duisternis – skoolplaneet aarde en wêreld rondom ons verander in liefde - kyk met jou geestelike oë - Liefde is oorwinning - DIE GEES VAN DIE MEESTER waai in alle gemeenskappe, elke gevoel, elke gedagte, elke daad, is 'n skeppingsdaad.

*14. Oefening*

Dit is goed dat julle niks weet oor julle vorige inkarnasies nie –Ons GESALFDE praat van die probleme wat Hy gehad het terwyl Hy die aarde bewandel het in JAHSHUA - om 'n rolmodel te wees - ons kan slegs dit oordra wat ons self verwesenlik het! – om jou eie vibrasie-frekwensie te verhoog! - Wat ons ookal pla van ander, is ook nog steeds binne-in ons - elke dag omskep ons 'n negatiewe frekwensie tot 'n positiewe! gevalle wesens het ELOHIM se wonderwerke (diereryk) verander - tuiskoms – om die weg te vind van die 'ek' na die 'jy' en 'ons' - Taak: Om n band te vorm met die wêreld van die diere.

*15. Oefening*

Alles is 'n geskenk vir herkenning - elke dier toon ons iets oor onsself - vegetarianisme maar sonder dwang - diere bestaan uit 'n kollektiewe siel - dra liefde in die dierewêreld in – Taak: Neem 'n dier as jou vriend – oggendgebed

*16. Oefening*

Dier-menslike verhouding: Alles is vibrasie, wat gevolg word deur resonansie - diere neem jou siel-vibrasie waar - vra vergifnis vir diere - herkenning van die meervoudigheid van die wêreld van diere – lering aangaande aansteeklike siektes: As julle nie in liefde vibreer nie, verswak julle immuun-weerstand en die mens word siek - metamorfose [in die kringloop van die menslike bestaan]

*17. Oefening*

Diere: Daar is geen fout [oneerlikheid] in hulle nie - die kollektiewe sonde van die mens rakende die diereryk - om alle diere ewelief te hê - om hulle te verhoog na die volgende hoër vibrasie - begin en eindig die dag deur jouself met ELOHIM te belyn – plaas jou wese in ELOHIM se hande - Gedig: Liefde vir die spinnekop

*18. Oefening*

Gevoelens is die taal van die siel, liefde is die mondstuk - ervaar eenheid met die skepping - die oorspronklike inheemse Amerikaners: Hul lewensstyl, hul lot - die wêreld van natuurwesens - Taak: Herken die simbool van die vuur as suiwering - 'n gedig: Geliefde Vader

*19. Oefening*

Herfs: Herinneringe aan verganklikheid. - uiterlik donker, introspektief en liggevul in ons innerlike – bemeestering van ons gedagtes - ontwaak tot bewustelike lewe - meditasie: In na die middelpunt van die aarde, in die oervuur - dank en hulp aan moeder aarde = ‘n nuwe taak

*20. Oefening*

Die siel se doel en die mens se voorwaardelike vrye wil - die geestelike kragte vloei, veral meer in die donkerder tyd van die jaar – voorbereiding vir MY fees - verdiep julleself in die wêreld van die natuurgeeste! - raak aktief in die goddelike uurwerk van dienende liefde, waar julle ook al op aarde geplaas is!

*21. Oefening*

Is ons marionette of soos stukke op die skaakbord? - hoofde word gespeel - die jagters word gejag - die magtiges word aangedryf deur hul vrese - Vraag: Deur wie word hulle gespeel? Antwoord: ELOHIM leer: “Vader, ek het geleer dat U krag beteken om ander in liefde te dien” - aktiwiteite van natuurwesens - wetenskaplikes ken nie die werk en weef, omvorming en transformeer deur die hande van die natuurgeeste nie - verklaring - betekenis van sprokies en mitiese verhale (feetjies, elwe, kabouters en devas) - die aarde is 'n planeet van suiwering - om weg te kom van die ‘ek’ na die ‘jy'.

*22. Oefening*

Karma - hoe ons hierdie sterk band (slawerny) met die aarde kan oorkom - dit is moeilik vir die magtiges om op die reguit en smal pad te bly - pad van die skeermeslem - tyd en ruimte is 'n manifestasie van die val gebeurtenis - 'n wonderwerk - om helpers in die wingerd te wees, die oes het begin - voorbereiding vir die heilige nag - binnegaan in jou innerlike tempel, versier haar met kerse van liefde - liefde vir die medemens - herken julleself – verken jou persoonlikheid

**LIEFDE VIR DIE MEDEMENS - ONTDEKKING VAN ONS EIE PERSOONLIKHEID**

*23. Oefening*

Is ons bereid om U dieptes te laat ondersoek? Is ons bereid om ons swakhede en foutiewe gedrag te herken en weg te werp? - is ons bereid om ook ons naaste te help, sodat ook hy sy doel kan bereik? - geen ontmoeting is toevallig nie, dit is leiding - die siel stem in met haar karma - siele wat nog nie die weg huiswaarts gevind het nie, kies magsposisies - die woorde van JAHSHUA as voorbeeld, probeer dit begryp – om mededraers van die wêreld se kruis te wees- pynlike beskouing van die duisternis - elke weg van ons naaste dien ook tot herkenning vir ons - na die terugkeer van Satana (as 'n suiwer kind van ELOHIM) sal daar nooit weer 'n val van 'n geesteswese wees nie - die betekenis daarvan om in retrospek te kyk na ons huidige inkarnasie - afhanklikheid: selfliefde - naasteliefde - toewyding aan ELOHIM - Taak: Kyk na 'n baba en toets jou gewaarwordinge - mediteer daaroor.

*24. Oefening*

Belangrikheid daarvan om jou kindertydperk in retrospek te beskou - gewaarwordinge wat ons gehad het toe ons hierdie aarde binnegekom het - die siel van die baba is dikwels nog in paradysagtige sfere - rede vir die emosie van hartseer - waar daar droefheid is, is daar suiwering, is daar 'n tuiskoms - die aarde is 'n uitstekende skolingsplaneet - elkeen wat liefde uitleef, is ‘n ware gelowige, hy volg MY JAHSHUA, ongeag wat sy godsdienstige geloof is - oop handpalms tydens gebed - laat genesingstrale vrylik vloei - sodat gevoelens (taal van die siel) lewendiger kan word - tydens slaap (kleindood) in die tussentydse sfere ten einde te help met die huistoe bring - belê in klein notaboekie

*25. Oefening*

Selfs ys en sneeu word as simbool vir ons getoon - verduideliking - baba is 'n gelykenis vir ons om ons oorgawe te toon - ons moet dit ook beoefen en onsself binne ELOHIM se wil plaas - ons veroorsaak ons eie probleme - om totale vertroue in ELOHIM se leiding te ontwikkel - Taak: Kyk na die kind tussen drie en ses jaar oud en ontleed jou gevoelens, mediteer daaroor

*26. Oefening*

Om stap vir stap te ontwikkel, eerder as haastig, anders sou ons baie misloop - die kind leef in eenheid tot op die ouderdom van drie, hy/sy is nie eers geskei van die skepping nie - die eerste "ek wil" bring skeiding voort - die "rooidraad" wat ons van vorige inkarnasies saamgebring het, toon homself - Taak: Kyk hoe 'n kind tussen een en ses, hê interaksie daarmee het en toets jou gevoelens, peins daaroor

*27. Oefening*

Om gedragspatrone en denkpatrone te herken en op te los - ons is die bouers van ons lot - om kalmte en selfbeheersing te leer – om alles vanuit 'n hoër standpunt beskou - die siel bevry haarself deur drome - Taak: Kyk na 'n kind tussen die ouderdom van ses en nege en mediteer daaroor.

*28. Oefening*

Oor die kerk instelling - ook daar is ligdraers aktief - verklaring van die simboliek in kerklike optrede (soos doop, ens.) – vergewing wanneer negatiewe ervarings ons belas, want oorsake was gefundeer in vroeëre inkarnasies - hartlike belydenis en berou, met die wil om nie die oortreding te herhaal nie, ervarings met ELOHIM - kyk na die goeie wat die kerke gedoen het: Liefdevolle oorgawe tot die dood toe, toewyding aan hul medemense, deel hul eie gawes met hul naaste - herken die fundamentele rede vir die Christendom - van nou af aan sal daar die

geestelike kerk van liefde wees, want in en deur liefde sal alle godsdienste mekaar vind (bymekaarkom) - Taak: Kyk na kind tussen nege en twaalf, mediteer daaroor

*29. Oefening*

Christelike geloof = die geloof van bevryding deur geloof – om Christen te wees beteken om liefde te leef vanuit die individuele geestelike persoonlikheid ... – om Christene wees beteken om nederig te buig en diegene te vergewe wat ons allegories kruisig ... - ELOHIM kyk nie na nie godsdienste, na gemeenskappe nie, maar sy liefde skyn eweveel op al sy kinders - Taak: Kyk na tieners van 12 tot 15 jaar, mediteer daaroor

*30. Oefening*

Die weg deur middel van selfherkenning is doringagtig - oefen om die wet van karma te leef deur allesvergewende liefde - onbaatsugtige liefde sonder verwagting - leef in die oomblik, want die verlede dien slegs vir selfherkenning, die toekoms lê in ELOHIM se hand

*31. Oefening*

Ons het ons kinderjare verlig - nadenke – om ons ouers te verstaan- kyk na ons (eie) jeug - Taak: Beskou die erns van tieners - maak die innerlike waterbron wakker - let op jou impulse

*32. Oefening*

Is vennootskappe moeilik? Het ons die verantwoordelikheid om hulle na die lig te verhef, want ook ons is nie volmaak nie? gebroke vennootskappe, moet ons alles met ons hele hart vergewe? Voorbeeld: Dit is die liefde wat geleef word - Taak: Dink hieroor na en werk in die volgende 3 jaar.

*33. Oefening*

Monogame wese van liefde - 'n hemelse dubbelpaar kan 'n wese vanuit die sfeer van ontwikkeling trek - die Vader seën die wese en verhoog hom tot sy kind - die motiverende krag is skeppende krag - vereniging met 'n gade - Taak: Dink verstandig aan my woorde ! Betreding van jou volwassenheid.

*34. Oefening*

Wat ons lees, wat ons deur instrumente vertel word, toets dit aan jou eie gewaarwordinge, put self uit die innerlike wysheid - niks is toevallig nie, alles is reaksie en gebeur vir jou herkenning - vooroordele ontwikkel uit oordele - Taak: Ons bepeins oor hoeveel ons nog steeds veroordeel

*35. Oefening*

Empatie vir ons medemens vanuit die oogpunt van vandag - hartsgevoelens, die dronk broer op die parkbankie - herkenning van karmiese ooreenkomste - die reis van nederigheid van die dronk man en die geestelike aspek daarvan - liefdevolle toewyding aan ELOHIM los negatiewe dinge op wat moontlik miljoene jare gelede gebeur het - Taak: Herhaal die oefeninge, tyd tot die 35ste jaar

*36. Oefening*

Elohim laat toe dat wonderwerke gebeur, sien vir Lazarus - ons kinders as ons uitgebreide self - opvattings en opinies rakende julle kennisse - beïnvloed ander se wil - maak aardgebonde siele gereed om die lig te sien, deur gebed - Taak: Oordink My woorde in julle harte, laat hulle nie verdwyn nie

*37. Oefening*

Buig simbolies om die klip keer op keer te kry, dit word gepoleer deur liefde en nederigheid - rusteloosheid, ontevredenheid is weerkaatsings van die siel - die steil en smal pad na die kruin - veg vir nederigheid - Taak: Kyk na jou lewe, maar moenie in die verlede bly nie!

*38. Oefening*

Wandeling - kort rus - terugkyk - julle eie swakhede en griewe - nederigheid verseël ons aura - kruisiging van die menslike ego - staan soos 'n rots in die branding - neem verantwoordelikheid - oor die louwarmes - gryp die tou aan, moet nie los nie - Taak: Dink wyslik na oor my woorde!

*39. Oefening*

Versterkende brood - stromende genesende kragte - 'n kers binne-in ons, ons sien die uitstraling van die vlam - die eerste klip, sy rande, groewe, die weerkaatsing - wanneer hartsgevoelens in harmonie is met die breinselle, word nuwe wette van skepping vir ons oopgemaak - Taak: Wees my instrument van liefde!

*40. Oefening*

Brood breek - handig julle verlede oor aan die Liefde van die MEESTER – wees sonder begeertes! - leef in die hede, dan sal julle die korrekte instrumente wees - voorbeeld: weersin - ruimte en tyd is lugspieëlings - die 'nou' is die ewigheid, is eenheid - Taak: Voel die hede aan in die uitstraling van 'n boom.

**DIE LIEFDE VIR ELOHIM - DIE WEG NA MISTIEKE EENHEID**

*41. Oefening*

Beslissende vrae vir ons: Is jy, MY bruid, lief vir MY met jou hele hart? Mag elkeen homself in sy innerlike wese beproef - die oestyd het aangebreek - alhoewel selfs die dwase bruide hul doelwit sal bereik, maar die weg van die wyses is 'n reis in saligheid – om ’n bruid te wees is ’n toestand

*42. Oefening*

Oorhandiging van die geestelike swaard, verduidelik hoe dit deur ons versier moet word - indien ons nederig is, sal die elemente ons dien - as ons hoogmoedig is, sal die elemente teen ons draai. (ek kan nie ontslae raak van die geeste wat ek geroep het nie) - leef in die oomblik

*43. Oefening*

Verduideliking van die vaderlike en moederlike eienskappe van ELOHIM - wie JAHSHUA DIE GESALFDE is - hoe het die val van die engele plaasgevind - waarom is die aarde spesiaal onder alle ander planete

*44. Oefening*

Polariteite moet opgelos word - gelykenis van die son, waarin ons in ELOHIM is en slegs ons strale uitstuur, wat hulself in die duisternis van die gevalle sfere verloor - oor genesing en hoe ons die genesende uitstraling kan oordra aan diegene wat genees wil word

*45. Oefening*

Toets alle woorde in die lig van liefde - beoefen stilte - herken die strik van hoogmoed - elimineer die polariteit van dag en nag geleidelik deur bewustelik die nag in te gaan en bewustelik die volgende oggend wakker te word, maar alles kort oefening – gee aandag aan julle drome, ons drome lei ons.

*46. Oefening*

Maak die klein sirkulasie van liefde toeganklik deur julle toewyding aan MY - hoe onderskei ons tussen die eie-wil en die wil van ELOHIM - wat word bedoel met: Ook julle sal berge kan versit - ons is beeld van ELOHIM, maar nie dieselfde as ELOHIM nie - wat gebeur wanneer ons een met die skepping raak: Die water sal ons dra ... - om julle sender in lyn te bring met die hoogste frekwensie, naamlik Liefde

*47. Oefening*

Oor liefde - oor vrees - die hoër self toets die mens - ons is almal verbind, onbewuste kommunikasie vloei deur middel van die verbindings - op hierdie manier word vibrasies van vrees, ens. Oorgedra

*48. Oefening*

Oor die innerlike woord - waarom daar instrumente is wie se leringe verskil - moet nie oordeel nie, moet nie veroordeel nie - hoe ons die verskillende uitstralings moet hanteer - waarom niemand op aarde volmaak is nie - waarom ons maskers dra – Aswoensdag, ’n goeie tyd om dit weg te werp - gebed in die gemeenskap is belangrik

*49. Oefening*

Gees is beweging - ons is die pioneers van die nuwe tydvak - daar is geen hiërargieë in die hemelse koninkryke nie - daar is slegs kinders van die een VADER met verskillende, maar gelyke take - dit is hoe dit ook op aarde moet wees: Daar is slegs instrumente van die gees - die siel word omhul met 7x7 = 49 sluiers van die individuele vlakke van skepping – materie word getransformeer - ons is individuele kinders van ELOHIM, almal is verskillend van die ander - oor dualiteit - die verlede is die vuur van suiwering - nederigheid gee hemelse beskerming

*50. Oefening*

Vrees is onvoldoende liefde - die toetse vir die student op sy lewenspad, - indien hy hulle geslaag het, behaal hy meesterskap oor homself - toetse moet deur volharding geslaag word - moed - geregtigheid - nederigheid - liefde - barmhartigheid - die oorwinning van vrees vir die dood – om te laat gaan beteken om vryheid te gee

*51. Oefening*

'n Oproep om hulp wat telepaties uitgestuur word, sal deur die gemeenskap ontvang word, ons help mekaar - om te luister lei jou gevoelens op - ware liefde - seksualiteit is ’n skeppende krag en is 'n gawe van ELOHIM - hel en vagevuur is toestande – in jou oordeel vibreer jy met jou eie resonansie - sodra ons die resonansie in onsself oplos, sal dit ook in ons naaste oplos - meditasie: Siel/mens - plaas jou bewussyn in jou siel

*52. Oefening*

Om die kalm pool in ons sentrum te vind - toekomsgerigte denke belemmer - gedagtes is kreatiewe energieë - herken gedagte-skeppings en ontbind die negatiewes - oor seremonies - omvorm eers jouself - voorbeeld van die krag van gebed – die mens het tyd nodig om geduld te ontwikkel – die siel plaas die lig in die persoon - bly in die EK IS WAT EK IS

*53. Oefening*

Wat ons ook al jare gelede beweeg het, is nie meer belangrik nie, leer daaruit - alle beweging is sirkelvormig - die aarde bied verskeie moontlikhede om te leer - ons moet ook lyding aanvaar - vrees, hartseer is skeiding van ELOHIM - die aardse lewe is soos 'n toneelstuk in die teater -

ontwikkel van die akteur na die gehoor - stuur lig aan alles, aan alles waaraan ons dink - bewussynsuitbreiding: alles is binne-in ons.

*54. Oefening*

Die hoër self en die toetse waardeur hy ons laat gaan - waarom ons na uiterlike skoonheid smag - ons skep ons lewensomstandighede - slegs hy wat nie geboei is nie, kan die Meester volg, HY roep ons van buite ruimte en tyd - alle menslike boeie word oorgedra aan die siel

*55. Oefening*

Die take van die Hoër Self - leun op die Meester wanneer ons ook al te midde van ons karma is, dan is hy die naaste aan ons - die Hoër Self is die Oervonk van ELOHIM, die Seun, die Dogter - die siel is die belaste Hoër Self - gees, siel en mens vorm 'n eenheid - die siel kommunikeer met die Hoër Self - die verskil tussen siel-skaduwees en gebondenheid - meditasie: Die mens is veilig in die Liefde van ELOHIM, wat hom omring soos 'n oseaan - die Hoër Self staan voor die OERVADER, die reis na die diepte, geboorte in die menslike kleed - alles vorm 'n eenheid en het 'n uitwerking op mekaar - die liggaam is 'n kleed van eer.

*56. Oefening*

Ons leer voortdurend op grond van ervarings - liefde oorwin vrees - gemeenskap versterk ons - van liefde tot by die vier elemente en deur liefde word ons een met hulle - "vrede sy met jou" beteken ook dat ons vrede na die Aarde bring - konfronteer jouself met jou oervrese.

*57. Oefening*

Die elemente bedien ons in liefde - as ons geweld gebruik, sal hulle ons steeds dien, maar vroeër of later sal hulle teen ons draai - om die elemente te leer ken - vrees vir die elemente dui op 'n oortreding daarteen - nederigheid vra die elemente, hoogmoed maak ’n eis - meditasie: Ons konfronteer onsself met die elemente, vra vir vergifnis en word weereens een met hulle - in liefde steek ons ons hand uit na alle gebonde siele

*58. Oefening*

Die rede waarom die siel 'n obsessie aanneem wat die mens moet dra - voel nooit dat jy beter of waardiger is as ander nie - die vooruitsig op die hulp wat ons in moeilike tye kan gee - liefde veroorsaak eerstens aggressie - buite ruimte en tyd wentel ons binne 'n paar oomblikke om die aardbol en span oor alle sfere - waarom die dinge wat ons uitstuur in 'n groter mate na ons toe terugkom - meditasie: Liefdestrale dring die Aarde binne, raak aan al die watermassas en die magma van die Aarde en vul albei met liefde - ons aanbid ELOHIM.

*59. Oefening*

Ons kan dit wat absoluut is, in alle ewigheid nie begryp nie, daarom is ons soortgelyk aan ELOHIM, maar nie gelyk aan Hom nie - gevoel lei tot denke, dan tot dade - bevrugting is dieselfde as eiewil, verbeelding in verband met absolute liefde wat in goddelike harmonie is en dus binne die wil van ELOHIM - die ewige wet van Liefde: Die een dien die ander - meditasie: Goddelike Oerkrag is die krag wat orde skep deur liefde - geestelik gaan ons oral waar hulp benodig word.

*60. Oefening*

Ontwikkel tot by volmaakte liefde – moet nie godsdienste en hul leerstellings oordeel nie - waarheid is wat iemand ookal met sy of haar huidige bewussyn ontwikkel het - alle godsdienste of godsdienstige gemeenskappe leer die terugkeer na die Vader op hul eie manier - 'n meesterstudent het nog nie die innerlike vryheid bereik as hy 'n godsdienstige gemeenskap verdoem of veroordeel nie- oor die wet: Jy moet die Meester jou ELOHIM bo alles liefhê en jou

naaste soos jouself - onderwerp jou aan leiding, want as 'n mens 'n krisis wil baasraak, verwerp hy die goddelike hulp - taak: Eerste week: Let op jou gedagtes wat nog wil oordeel en veroordeel - gaan na binne, na die middelpunt van goddelike orde: Tweede week: Sif die gedagte-kompleks uit, waar jy nog steeds oordeel of veroordeel en verander dit - onderdompel jouself in die sentrum van die goddelike wil

*61. oefening*

Herken innerlike godsaligheid - vind julle weg van verstandsdenke tot hartsgevoel - staak julle polariteitsdenke - elke ervaring dien herkenning - oor vryheid, wat ELOHIM aan SY kinders gee - bewussyn verdeel in honderd of uiteindelik duisende enkele strale in die ruimte- en tyd-gebeurtenisse, wat sê dat daar verskillende inkarnasies is - Meditasie: Ons versprei 'n ligkruis oor die hele aarde

*62. oefening*

Winter, 'n tyd van rus, van voorbereiding, ook vir ons, voorbereiding vir die lewe in die lentetyd, Wie JAHSHUA DIE GESALFDE is, wat by ons wil intrek - mag take vir ons vreugde beteken - argetipiese simbole - meditasie: vernuwing van die verbond: een vir almal en almal vir een - vir DIE GESALFDE! - broers en susters vanuit die ewige huis en die sterre-broers steek hul hande uit na ons. - 'n verhewe sirkel tussen hemel en aarde sluit

*63. oefening*

Weereens oor die vryheid van die kinders - onsekere toenemende verlangens is die verlangens van die verlore seun na sy vaderland - wat is dood? - sluier tussen die hiernamaals en hierdie kant van die lewe word opgelig - drome sê baie oor die toestand waarin ons sielelewe verkeer - profetiese drome word aan ons gegee - meditasie: Die uitbreiding van ons bewussyn tot die oneindige van ewige lewe - ons straal ons mees vibrerende liefde, vrede, seën en lig in hierdie Aarde in - bly in die sentrum van wysheid tydens meditasie, dit is die sentrum van erkenning

*64. oefening*

Hoe priesterskap in die verskillende godsdienste ontstaan het - alle godsdienste het 'n gemeenskaplike doelwit: om god se kinders weer na vryheid te bring - Jesus Christus bevestig die gemeenskap, opponeer bande - alle lewe is wederkerige verhoudings - 'n blik op die toekoms - meditasie: Sentrum van Geregtigheid het die sterkste uitstraling - ware kersfees: Die sielsbruid in heilige vereniging as een met Jesus Christus

*65. oefening*

Alles is vibrasie, selfs die planete het 'n ontvangende of gewende effek. Byvoorbeeld, ons gebruik Mars om te illustreer - maak nie saak waar ons in die wêreld is nie, ons is die transformators van liefde - meditasie: Ons spreek die sentrum van goddelike geduld, nederigheid, sagmoedigheid aan - ons word opgeroep om rondom ons op te let, hoe alles dors en kwyn na die water van die lewe; bevestig jou plig tot liefde - sneeu smelt aan ons voete in die son van liefde; blomme bot, die lente is die vreugde van die hartlike ja, die daad is die oes van die vrugte in die herfs, wat die somer rypgemaak het. Die Meester gee die kroon aan die bruid wat huistoe kom- daarbenewens het sy die versierende juwele nodig, wat deur liefde en barmhartigheid verkry word.

*66. Oefening*

Wanneer julle na die oorsake soek, kyk na die reaksie - maak die aardse kinders groot om selfversorgend (onafhanklik) te word in hul optrede - alles oor liefde - ons loop deur die lewe as die ontwaaktes en sal gereed moet wees om die beskermemingsrol aan te neem - die boodskapper van lig bewandel die Aarde in die “ons” - meditasie: Sentrum van liefde word

aangespreek - navolging van die GESALFDE beteken om die kelk van bitterheid te aanvaar, maar ook die soetheid van die eenwording van die sielsbruid met JAHSHUA DIE GESALFDE - wees 'n ligdraer, een wat help om die vrag te dra

*67. Oefening*

Ons kom vanuit die lig, ons is in die lig en ons keer terug na die lig - meditasie is die verbinding van die gees met die mens - ons verdiep onsself in die sentrum van Barmhartigheid - Barmhartigheid bedek met 'n mantel van genade al die vorige inkarnasies - Barmhartigheid is genade - Barmhartigheid is die kroon van die skepping - meditasie: In ons gees staan ons in 'n gevegsveld - genadiglik, word ons daar aktief - Barmhartigheid is oop om enige lyding te verlig

*68. Oefening*

Oor toewyding - die ewigheid in die gebeure van ruimte en tyd is altyd 'n nuwe wording en heengaan - terwyl ons diep slaap, werk ons terselfdertyd in die sielsbewussyn in die sfere van die hiernamaals met JAHSHUA DIE GESALFDE, in opdrag om te help met die tuisbring van die siele - meditasie: Alle bewussynsentrums skyn in die stralende lig van die goddelike bron

*69. Oefening*

Die siel beskou nie net die huidige gebeure in ruimte en tyd nie, maar alle inkarnasies - slegs wanneer die bewussyn vibreer in onbeperkte liefde, kan dit een word met JAHSHUA DIE GESALFDE - wat van die dissipel van DIE GESALFDE gevra word, is om dit wat die moeilikste vir hom is, te laat los - meditasie oor die tuisbring van die gevalle wesenlike bestaan

*70. Oefening*

Die OER-ELOHIM, die Vader seën en wy ons: Daarom stuur EK jou uit, MY Seun, MY Dogter, as MY Kind van die lig, geseën deur MY.